'n ONDERSOEK NA DIE ONTWIKKELINGSTADIUM VAN AFRIKAANS TEEN DIE TYD VAN DIE GROOT TREK, veral na aanleiding van Trichardt se Dagboek

deur

J.SMUTS.

Akademiese proefskrif
ter verkryging van die graad
PHILOSOPHIAE DOCTOR
aan die
Universiteit van Kaapstad.

1943.

University of Cape Town

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

I N H O U D

	INLEIDING	p. 1
HOOFSTUK :		
I	KLANKLEER	p. 19
II	VORMLEER Die Naamwoorde en Partikels	p. 83
III	DIE WERKWOORDELIKE VORMLEER	p. 187
IV	SINTAKSIS	p. 285
V	WOORDE EN UITDRUKKINGE	p. 386
VI	BESLUIT	p. 422
	AANHANGSEL A	p. 455
	AANHANGSEL B	p. 457
	LITERATUUR EN BRONNE	p. 465
	REGISTER	p. 470

INLEIDING

Aard en doel van die studie

Tot onlangs is feitlik geen taalkundige studie gemaak van geskrewe stukke uit die tydperk van die ontstaan van Afrikaans en die ontwikkeling tot sy huidige vorm nie. Die rede hiervoor is klaarblyklik die gebruik van Nederlands as algemene skryftaal tot laat in die 19de eeu sodat daar min stukke wat enige Afrikaanse eienaardighede vertoon, voor 1800 te vind is. Eers na 1825 kry ons stukke in bewuste Afrikaans en die getal is baie beperk voor 1860. Die talryke teorieë wat opgestel is as verklaring van die ontstaan van Afrikaans is dan ook hoofsaaklik gegrond op geskiedkundige feite, mededelinge omtrent die taal van die Kaapse bevolking wat in reisbeskrywinge en joernale uit die 17de, 18de en begin van die 19de eeu voorkom en taalkundige oorwegings na aanleiding van die huidige toestand van Afrikaans. Geskrewe stukke mag egter 'n waardevolle bron wees vir kennis van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans. Die stukke lyk dikwels op grond van die spelling en grammatikale vorme veel meer Nederlands as wat werklik die geval is. 'n Ondersoek van geskrewe stukke is 'n tydrowende werk wat egter waardevolle resultate mag oplewer.

Aan die Universiteit van Kaapstad is die laaste paar jaar onder leiding van prof. D.B. Bosman en dr. J. du P. Scholtz verskeie geskiedkundige dokumente ondersoek. Benewens 'n taalkundige ondersoek van argiefstukke uit die tydperk 1750 - 1800, waaraan mnr. L.C. van Gerdt, M.A., reeds 'n geruime tyd besig is met die oog op 'n datumsbepaling vir die ontstaan van Afrikaans, is taalkundige studies deur verskillende studente gemaak van die Afrikaansgekleurde Dagboeke

/van

van Hendrik Wikar (1779), Johanna Duminy (1797) en Louis Trichardt (1836-1838) by wyse van skripsies vir die M.A.-graad. 'n M.A. studie wat ek in 1940 oor die werkwoordelike vormleer van Louis Trichardt se taal geskryf het, het aanleiding gegee tot hierdie veel omvattender studie waarvan dit, enigsins gewysig en uitgebrei, 'n onderdeel uitmaak.

Die doel van hierdie studie is om deur 'n ondersoek van die taal van Louis Trichardt na aanleiding van sy Dagboek, en van die taal van 'n paar tydgenote van hom, na aanleiding van hul Afrikaansgekleurde geskrifte, die toestand van Afrikaans teen die tyd van die Groot Trek vas te stel. Op grond van die resultaat van my ondersoek en van 'n vergelyking met die toestand van Afrikaans op ander stadia van sy ontwikkeling soos dit blyk uit die studies van ander vorsers, hoop ek om tot enige oortuigende gevolgtrekkinge omtrent die ontwikkelingsgang van Afrikaans te kom.

Die metode wat ek volg, is die vasstelling op statistiese grondslag van die graad waarin die skryftaal van die verskillende persone met Nederlands ooreenstem, of daarvan afwyk en dus Afrikaans is, terwyl ek so ver as moontlik probeer aandui watter taalverskynsels op sewentiende-eeuse Hollands of op die Nederlandse dialekte teruggaan, en dus nie spesifiek Afrikaans is nie. Skryftaal is op sy beste egter 'n onbevredigende en ontoereikende voorstelling van die gesproke taal en daarbenewens het Trichardt en sy tydgenote waarskynlik nie hulle spreektaal probeer weergee nie. Hullo het Nederlands geleer, gelees en in die Nederlandse skryftradisie groot geword. Hoewel hul kennis van Nederlands klaarblyklik baie gebrekkig was, het hul waarskynlik Nederlands probeer skryf. Statistieke maak 'n juiste vergelyking van die taalgebruik van Trichardt met die van sy tydgenote moontlik en stel my in staat om met 'n redelike mate van sekerheid die toestand van hul spreektaal te bepaal.

/'n Ander

'n Ander faktor wat in aanmerking geneem moet word in die vaststelling van die gesproke taal van die tyd, is die gevoelswaarde wat aan bepaalde woorde, verbindinge en gebruikswyses in daardie tyd gekleef het. Dit staan in verband met die verskillende vorms van Afrikaans wat toe in gebruik was. In reisbeskrywinge vind ons dat reisigers sedert die begin van die 19de eeu aan die Kaap getref is deur die afwykende vorm van Nederlands, wat hulle Kaaps-Hollands noem. Ons vind egter ook vermelding van 'n tweede vorm van Afrikaans wat deur die kleurlinge gebruik is.[1] Hierdie taalvorm is deur die blankes as plat en onbeskaaf beskou en het hom waarskynlik van die konserwatiewer blanketaal onderskei deur 'n sterker graad van defleksie, analise en kreolisering, benewens 'n onbeskaafder toon.

Uit die tyd vind ons egter ook in reisbeskrywinge vermelding van 'n verskil in die taal van die blankes. Reeds by Hentzel en Barrow,[2] maar veral by Swaving (1830)[3] vind ons dat onderskei word tussen die taal van die platteelandse bevolking, en die van die beskaafde kringe in Kaapstad wat so na as moontlik aan Nederlands wou staan. Die platteelandse bevolking was verwyder van direkte Nederlandse invloede en hul taal sal dan ook veel meer van Nederlands afgewyk het met die gevolg dat dit vir die opgevoede Kapenaars as verkeerd en afkeurenswaardig voorgekom het, 'n minagting vir Afrikaans wat tot die einde van die eeu in daardie kringe sou voortleef. So bestempel Changuion in 1844 sekere verskynsels wat in die platteelandse spreektaal kenmerkend voorgekom het, as plat, en noem dit Hottentotpismos.[4]

Hy

1) Hiemaber, Oor die Afr. Taal, p. 10.
2) Hiemaber, Oor die Afr. Taal, p. 11.
3) J.L.M. Franken, Huisgenoot, 1 Julie 1927, pp. 41-2.
4) Changuion, De Nederduitsche Taal, pp. 100-106 §§ 222-231; p. 121.

Hy verklaar ook dat „Kaapsch Hollands in hare zuiverheid alleen door Hottentotten en ander gepeupel gesproken wordt."[1] Dus het daar ook in die taal van die blankes graduele verskille bestaan met ooreenkomstige verskille in gevoelswaarde.

Die taal van die plattelandse bevolkings wat betreklik vry van direkte Nederlandse invloede was, is vir die geskiedenis van die ontwikkeling van Afrikaans natuurlik verreweg die belangrikste omdat daaruit huidige Afrikaans ontwikkel het. Dit word algemeen aangeneem dat Afrikaans voor 1800 sy beslag gekry het. Dit moes egter nog 'n lang ontwikkelingsproses deurmaak voor dit 'n vaste vorm gekry het. Eers na 1870 kry ons in Afrikaanse stukke eenvormigheid van taalvorm. Die enkele stukke in bewuste Afrikaans uit die tyd wat bekend is, toon, soos ons dan ook verwag, dat Afrikaans teen die trekperiode in 'n baie vloeibare toestand verkeer het, en baie wisselvorme en oorgange van die Nederlandse na die Afrikaanse toestand vertoon het. Verskil in gevoelswaarde kan verantwoordelik gewees het vir die bestaan van wisselvorme terwyl dit ook oorgange kan verhinder of vertraag het.

Materiaal vir ondersoek gekies

Die vorm van Afrikaans uit dié tyd waarby ek hoofsaaklik belang het, is natuurlik die wat op die platteland gebruik is deur die Boere. Die vier persone wie se taal ek ondersoek het, is die voortrekkerleiers Louis Trichardt en Andries Pretorius, en die veldkornette Michiel Oberholster en Gideon Joubert, almal Boere afkomstig uit die grensdistrik Graaff-Reinet. Benewens Trichardt se Dagboek, bestaan die materiaal wat ek ondersoek het hoofsaaklik uit briewe.

/Uit

---

1) Changuion, De Nederduitsche Taal, p. v.

Uit die tyd van die Trek, en selfs daarvoor, is 'n aantal stukke bekend wat blykbaar in bewuste Afrikaans geskryf is en waarvan die taalvorm nader aan huidige Afrikaans staan as die van Trichardt se Dagboek. Die meeste bekende Afrikaanse stukke van voor 1860 is versamel in uitgawe nr. 6. van die Patriotvereniging. Hierdie stukke is meestal briewe en in baie gevalle weergawes van kleurlingtaal. Daar Afrikaans voor 1860 hoofsaaklik gebruik is met die doel om komiese effek te bereik, moet rekening gehou word met die moontlikheid van oordrywing van die Afrikaanse eienaardighede in hierdie stukke. Daarbenewens is die stukke van die hand van verskillende skrywers en vertoon hulle onderlinge verskille t.o.v. die taalvorm.

Uit 'n taalkundige oogpunt is Trichardt se Dagboek 'n waardevoller dokument as amptelike briewe waarvan die taal in die reël styf, formeel en tradisioneel is, aangesien eersgenoemde 'n persoonlike dokument is wat nie bepaald geskryf is om deur ander gelees te word nie en die taal daarvan gevolglik natuurliker is en in 'n veel groter mate die spreektaal weerspieël. Daarbenewens is dit 'n lang, aaneenlopende stuk wat ons 'n taamlik volledige beeld van sy taalgebruik gee. In my soek na verdere materiaal is ek veral gelei deur oorwegings van taalvorm, aard en omvang. Ek kon egter geen ander dagboek in sy oorspronklike vorm vind in 'n taalvorm wat met Trichardt s'n ooreenstem nie. Gevolglik het ek my toevlug geneem tot veldkornetbriewe uit die tyd. Ek het twee veldkornette gekies wie se taal interessant is en van wie daar genoeg briewe bestaan om 'n statistiese ondersoek van die taalvorm te regverdig. Andries Pretorius se taal is ook ondersoek omdat 'n hele aantal geskrifte van hom uitgegee is en dus maklik ondersoek kon word, en omdat die taalvorm daarvan heelwat van Nederlands afwyk.

/Louis

Louis Trichardt se Dagboek is deur Dr. Gustav Preller in opdrag van die Akademie in 1919 uitgegee en 'n tweede druk het reeds verskyn. Ek het die tweede uitgawe gebruik in die ondersoek en pagina-verwysings na die teks het betrekking op hierdie uitgawe. Ek het egter die manuskrip self ook ondersoek en dit met die Preller-uitgawe vergelyk, wat 'n beperkte aantal onjuisthede in die teks van die Dagboek in die gepubliseerde uitgawe openbaar het, sommige waarvan uit 'n taalkundige oogpunt egter ernstig van aard is. Waar ek aanhalings uit die teks van die Dagboek gee, is dus verskil van die Preller-teks in sommige gevalle op te merk. (Die manuskrip van Trichardt se Dagboek berus in die Staatsmuseum, Pretoria. Onlangs is 'n fotostat van die manuskrip vir die Kaapse Argief gemaak.) Benewens die Dagboek, het ek ook twee offisiële briewe van Trichardt wat in die Kaapse Argief berus, onder oë gekry. Hulle is van 'n vroeër datum as die Dagboek, nl. van 1823 en 1827 respektieflik, en is taalkundig belangrik omrede hul taalvorm wat ~~veel~~ nader aan Nederlands staan as die van die Dagboek, veral in die geval van die ouer brief. Dit is 'n moontlike aanduiding dat Trichardt meer Nederlands geken het as wat sy Dagboek te kenne gee, of dat hy in die loop van tyd veel van sy Nederlands verleer het. Afskrifte van die twee briewe verskyn agterin hierdie skripsie as Aanhangsel A.

Die geskrifte van die twee veldkornette, Michiel Oberholster en Gideon Joubert, berus in die Kaapse Argief en is onuitgegee. Die stukke van Oberholster wat ek ondersoek het, bestaan uit 120 briewe van amptelike aard en loop oor die periode 1819 tot 1836. Van Joubert het ek, benewens ongeveer 80 briewe, ook 'n Joernaal wat hy geskryf het as amptelike verslag van 'n sending na Natal, ondersoek. Waar ek aanhalings uit die briewe van die twee veldkornette gee, het ek die datum van

/die

Louis Trichardt se Dagboek is deur Dr. Gustav Preller in opdrag van die Akademie in 1917 uitgegee en 'n tweede druk het reeds verskyn. Ek het die tweede uitgawe gebruik in die ondersoek en pagina-verwysings na die teks het betrekking op hierdie uitgawe. Ek het egter die manuskrip self ook ondersoek en dit met die Preller-uitgawe vergelyk, wat 'n beperkte aantal onjuisthede in die teks van die Dagboek in die gepubliseerde uitgawe openbaar het, sommige waarvan uit 'n taalkundige oogpunt egter ernstig van aard is. Waar ek aanhalings uit die teks van die Dagboek gee, is dus verskil van die Preller-teks in sommige gevalle op te merk. (Die manuskrip van Trichardt se Dagboek berus in die Staatsmuseum, Pretoria. Onlangs is 'n fotostat van die manuskrip vir die Kaapse Argief gemaak.) Benewens die Dagboek, het ek ook twee offisiële briewe van Trichardt wat in die Kaapse Argief berus, onder oë gekry. Hulle is van 'n vroeër datum as die Dagboek, nl. van 1833 en 1837 respektieflik, en is taalkundig belangrik omrede hul taalvorm wat ~~veel~~ nader aan Nederlands staan as die van die Dagboek, veral in die geval van die ouer brief. Dit is 'n moontlike aanduiding dat Trichardt meer Nederlands geken het as wat sy Dagboek te kenne gee, of dat hy in die loop van tyd veel van sy Nederlands verloor het. Afskrifte van die twee briewe verskyn agterin hierdie skripsie as Aanhangsel A.

Die geskrifte van die twee veldkornette, Michiel Oberholster en Gideon Joubert, berus in die Kaapse Argief en is onuitgegee. Die stukke van Oberholster wat ek ondersoek het, bestaan uit 120 briewe van amptelike aard en loop oor die periode 1819 tot 1835. Van Joubert het ek, benewens ongeveer 80 briewe, ook 'n Joernaal wat hy geskryf het as amptelike verslag van 'n sending na Natal, ondersoek. Waar ek aanhalings uit die briewe van die twee veldkornette gee, het ek die datum van

/die

die brief waaruit dit gehaal is, daarna geplaas. Waar daar meer as een brief van dieselfde datum is, het ek nog 'n syfer na die datum geplaas om nader aan te dui in watter orde 'n bepaalde brief in die band voorkom met betrekking tot ander van dieselfde datum. Agterin die skripsie gee ek al die datums van die briewe aan onder die aanwysingsnommers van die bande waarin hul voorkom. Waar aanhalings uit Joubert se Joernaal gemaak word, word die datum aangegee waaronder dit in die Joernaal voorkom met die letter *J.* daarvoor.

Hierdie stukke is byna almal geskryf in die uitvoer van hul amptelike pligte as veldkornette, en het dus meestal 'n offisiële karakter. Die taal is dus formeel en dra eerder die stempel van tradisionele skryftaal as van spreektaal. Uit 'n taalkundige oogpunt is hul geskrifte minder interessant en van minder waarde as Trichardt se Dagboek.

Die geskrifte van Andries Pretorius wat ek bestudeer het, verskyn in die bundel Voortrekker-argiefstukke, 1829-1849, 'n uitgawe van belangrike historiese dokumente wat in die Pretoriase Argief berus. Die stukke van Pretorius, 30 in getal, bestaan uit briewe wat aan regeringsamptenare, nuusblaaie en private persone gerig is, kommando-orders, ens., en is almal formeel van aard. As gevolg van 'n skynbare beter kennis van Nederlands as sy tydgenote, is sy taal minder interessant as die van die twee veldkornette en vir my doel van minder betekenis.

Die skrywers

Om tot 'n juister insig in, en grondiger kennis van die verskillende persone se taal te kom, moet rekening gehou word met hul afkoms, die stand en opvoeding van hul ouers, die streek waar, en omstandighede waaronder hul groot geword het,

/die

die opvoeding wat hul ontvang het, die betrekkings wat hul beklee het en kring waarin hul later beweeg het. Ongelukkig ontbreek veel van die verlangde inligting omtrent die betrokke vier persone.

Louis Trichardt se grootvader het uit Swede na Suid-Afrika gekom en is in 1744 hier getroud met Susanna Bouwer, 'n dame van Duitse afkoms. Hulle het twee seuns gehad, Jacobus Gustavus en Carel Johannes, die vader van Louis. Die twee seuns is op Stellenbosch gebore en het daar grootgeword waar hul waarskynlik 'n goeie opvoeding vir dié tyd ontvang het. Carel se oudste seun is ook op Stellenbosch gedoop. Louis is op 10 Augustus 1783 gebore, maar die nognie vasgestel waar nie. Voor die vestiging van die dorpsamp op Graaff-Reinet en die stigting van die dorp in 1786, moet Carel en sy broer reeds in die omtrek gewoon het. Die Trichardts was van die mees vooraanstaande families van die distrik. Louis se oom was een van die eerste heemrade en sy pa burger-offisier.

Louis se jeug het in 'n gebeurtenisvolle periode op die oosgrens geval. Die burgers is gedurig versteur deur Kaffer- en Boesmaninvalle terwyl hul geen simpatieke behandeling van die Kaapse owerhede ontvang nie. In 1794-95 volg die opstand in Graaff-Reinet teen die Kompanjie se bewind, waarin Louis se pa 'n leidende rol gespeel het. Toe die verset in 1796 ineenstort, het verskeie kolniste uitgewyk na die woeste streke oos van die Visrivier. Onder hul was Louis se vader met sy familie. Toe hul nie gehoor wou gee aan 'n bevel om terug te keer binne die koloniale grense nie, is hul selfs vogelvry verklaar. Nietemin het Louis se vader daar gebly tot die herstel van die Kolonie aan Nederland in 1803, toe hy na Bruintjieshoogte teruggekeer het. Louis se skoolonderrig was waarskynlik van korte duur en telkens onderbreek deur vyande-

/like

like invalle. As seun van 'n welgestelde boer het hy waarskynlik so 'n goeie opleiding ontvang soos enige maar toe hul die kolonie verlaat het, was daar nog geen skool op Graaff-Reinet nie en dit is onwaarskynlik dat hy 'n „meester" gehad het na hul die kolonie verlaat het.

Reeds voor sy huwelik in 1810 het Louis Trichardt in die distrik Uitenhage gewoon maar later na Somerset-Oos verhuis. Uiteindelik het hy aan die Visrivier gewoon en is ook gekies as veldkornet vir sy wyk. In 1833 het Louis die Kolonie verlaat en by sy seun Carolus aangesluit wat reeds sedert 1829 in Kafferland gewoon het. By die uitbreek van die 3esde Kafferoorlog teen die einde van 1834 het hul die trek na die noorde begin. Op pad het hul in aanraking gekom met Hans van Rensburg en ander Trekkers, en in twee trekke is hul toe voort na Soutpansberg.[1)]

By die aanvang van die Eerste Dagboek bevind Trichardt se trek hom in Noord-Transvaal. Dr. Preller meen dat die optekening van 'n dagboek ontstaan het op Trichardt se verkenningstog agter van Rensburg aan met die doel om later volledige verslag aan genl. Potgieter te doen. In die Eerste Dagboek vind ons hoofsaaklik afstande aangegee en ook die getal vee in sy besit. Spoedig verval Trichardt egter in noukeurige optekening van selfs die kleinste voorvalle op die trek, wat ons dwarsdeur die Tweede Dagboek vind. Moontlik het daar 'n sluimerende talent om te skrywe by Trichardt ontwaak en het die byhou van die dagboek hom 'n bepaalde genot verskaf. Op 22 Nov. 1837 skryf hy: „Ik zij aan Carolus dat hij maar met Cornelis en Albag gaan moes, dat ik gaarne schrijven wouw." Trichardt toon ook 'n sin vir humor en dit is blykbaar een rede waarom hy die gebroke taal van die uitlander, Albach, getrou probeer weergee. Dit is van taalkundige belang.

/Izaak

1) Vgl. Inleiding van Preller-uitgawe, III, 10.

Isaak Albach was waarskynlik van die Frans-Duitse grens afkomstig en het hom as Franseman voorgedoen. Trichardt meld in sy Dagboek dat: „Hij was hoofsmid onder de regemind geweest in dienst van Bonaparte" (p. 72). Wanneer hy in Suid-Afrika geland het, kon ek nie vasstel nie. 'n Brief wat in die Kaapse Argief berus, verskaf egter heelwat inligting omtrent hom. In dié brief, gedateer 26 Maart 1819, skryf Andries Stockenstrom, toe landdros van Graaff-Reinet, aan Fiskaal D. Denyssen: „Den Adjunct Landrost van Beaufort aan my gemeld hebben dat er zig by hem had vervoegd zekeren Isaac Albach voorwendende dat hij hier van het gestrand schip L'Atalante agtergebleven zijnde, pas had bekomen om in die Colonie te verblijven, welke pas hij had verlooren...."[1] In elk geval was Albach dus teen die tyd van die Trek ongeveer twintig jaar in Suid-Afrika en dit verbaas ons dat hy toe nog so 'n gebroke Afrikaans gepraat het. Sy taal is veral interessant omdat dit wat werkwoordelike vorme en 'n aantal sintaktiese verbindinge betref, feitlik suiwer Afrikaans is, en van Trichardt se skryftaal verskil. Daar Albach op die Trek met 'n bastermeid getroud was, weerspieël sy taal moontlik kleurling-Afrikaans van die tyd: of moontlik het ons hier te doen met 'n voorbeeld van vreemdelinge-Nederlands. Gegewens omtrent Albach se taal, wat ek ook ondersoek het, word gevind in Aanhangsel B, waarna ek telkens verwys.

Die twee veldkornette, Michiel Oberholster en Gideon Joubert, was manne van aansien op die oosgrens van die Kolonie gedurende die tweede kwart van die 19de eeu, en van owerheidswee is hul as die bekwaamste veldkornette van hul tyd in die distrik Graaff-Reinet beskou. Geeneen van hul het aan die Groot Trek deelgeneem nie. Van hul jeug is ongelukkig nog feitlik niks bekend nie.

/Michiel

---

1) G.R. 16/8.

Michiel Adriaan Oberholster is op 14 April 1782 gedoop. Hy was lid van die vierde geslag van die afstammelinge van die stamvader, Jan Oberholster van Zurich. Waar hy gebore is en groot geword het, is ongelukkig nie bekend nie. In 1818 is hy aangestel as veldkornet van die nuwe afdeling Winterveld van die Graaff-Reinetse distrik, 'n betrekking wat hy gevul het tot hy in Februarie 1838 om gesondheidsredes bedank het. Kort daarna het hy blykbaar ook oor die Oranjerivier getrek want in Mei 1838 was hy reeds aan die Rietrivier in Trans-Oranje woonagtig.[1] Daar het hy die leier geword van 'n paar honderd Boere wat reeds voor die aanvang van die Groot Trek oor die Oranje getrek het, hoofsaaklik om weiveld vir hul vee te kry. Oberholster het die Koloniale Regering goedgesind gebly en het begeer dat die koloniale grense uitgebrei word om hom en sy volgelinge in te sluit. In 1843 het hy met 300 volgelinge dan ook versoek om insluiting by die skikking wat in Natal getref sou word.[2]

Gideon David Joubert is gedoop op 10 Februarie 1799. Hy was lid van die sesde geslag van afstammeling van die Hugenoot-vlugteling Pierre Joubert wat in 1688 na Suid-Afrika gekom het. Van sy jeug is ook niks bekend nie. In 1824 reeds is hy benoem as veldkornet van die nuwe wyk Nieuwe Hantam van die distrik Graaff-Reinet.[3] Hierdie pos het hy lank behou. Hy is drie maal deur die owerhede op sendings gestuur. In die eerste helfte van 1837 het Siviele Kommissaris Rawstorne hom na suidelike Trans-Oranje gestuur om ondersoek in te stel na beweerde aanvalle van Boere op 'n Koffierkraal en die vang van Boesman-kinders.[4] In 1838 het Joubert opdrag van goewerneur Napier gekry om die Trekkers

/in

1) C.R. 87, nr. 6.
2) Walker, History of S. Afr., p. 229.
3) C.O. 383, nr. 69.
4) C.O. 1355, nr. 242, inlae.

in Natal te besoek en ingeboekte oud-slawe wat deur die Trekkers saamgeneem is, terug te bring.[1] Hierdie reis het van Oktober tot Desember geduur en die Joernaal wat hy bygehou het, is die een wat ek ondersoek het. In 1848 is Joubert en veldkommandant H.J. v.d. Walt weer deur die regering oor die[1] Oranje gestuur om die houding van die Trekboere teenoor die Koloniale Regering vas te stel.[1] In 1846 was Joubert kommandant en het hy bevel gevoer oor die linkervleuel van die burgermag onder bevel van Andries Stockenstrom in die Kafferoorlog 1846-47.[2]

'n Interessante verwysing na Oberholster en Joubert kom in 'n brief van Stockenstrom, toe landdros van Graaff-Reinet, aan Plaskett voor. Die brief is gedateer 23 Nov. 1827 en het betrekking op die aanbeveling van persone vir vrederegters. Stockenstrom noem M.A. Oberholster, veldkornet in Wintervald, en veldkornet G.D. Joubert, naby Torenberg, „very respectable, intelligent farmers, anxious to be informed and open to liberal impressions, but they dont know English and are uneducated."[3] Daarmee het hy waarskynlik bedoel dat hulle min boekekennis gehad het.

Andries W.J. Pretorius is natuurlik die bekendste van die vier persone weens die groot rol wat hy gedurende die Groot Trek en daarna gespeel het. Van sy vroeër geskiedenis is nogtans min bekend. Hy was van die vyfde geslag van die afstammelinge van Johannes Pretorius van Goeree wat in die 17de eeu na Suid-Afrika gekom het. Hy is op 27 November 1798 op Graaff-Reinet gebore, het daar groot geword en sy skoolopleiding ontvang. Hy het later aan verskeie kommando's deelgeneem en moet vroeg reeds veldkornet geword het. Toe hy teen

/die

1) P.J. v.d. Merwe, Die Noordwaartse Beweging, pp. 354-55.
2) C.O. 1063, 15/4/47.
3) C.O. 512.

kostig, „geleen" is. Sommige van die „meesters" was egter private persone soos mislukte studente van oorsee, weggedroste matrose of ontslaande soldate.

Reisigers en waarnemers is dit eens oor die verstandelike en sedelike tekortkominge van die privaat-skoolmeesters. In 'n resolusie van die Politieke Raad word verklaar in verband met die onderrig wat die kinders van die buiteliede op die manier ontvang het : „Als kunnende de geenen van wien zij hunnen instructien in maniere voorsch. ontfangen moeten, veel al ter nauwernood behoorlijk leezen, weinige daarbij eenen passabelen hand schrijven en schier geene zoo veel reekenen, als die kinderen nodig hebben te weeten om zig, groot geworden zijnde, daarvan in de directie hunner eigene affaires en gedoentens te kunnen bedienen."[1]

Bewus van die gevare van verwildering onder die buiteliede weens die gebrek aan onderwysfasiliteite en die dikwels onheilsame invloed wat van die huisonderwysers uitgegaan het, het die Politieke Raad in 1786 die plan ontwerp om kosskole onder toesig van deeglike onderwysers in die mees bewoonde dele van die binneland op te rig om daardeur ook die onderwyser-knegte uit te skakel. In 1792 is die Skolarche vir die tweede maal opdrag gegee om die uitvoerbaarheid van hierdie plan te ondersoek. In altwee gevalle het die Skolarche verslag gedoen dat die skema nie prakties uitvoerbaar was nie omrede die groot afstande wat die koloniste van mekaar gewoon het en die gebrek aan 'n onderwysfonds om dit moontlik te maak. Hulle het aanbeveel dat die stelsel uitgebrei word om meer koloniste van onderwyser-knegte te voorsien. Die Politieke Raad was dus verplig om teen sy sin sy goedkeuring aan die stelsel van „lening" van onderwyser-knegte te heg en het vaste bepalings opgestel om misbruik van die stelsel teë te

/werk

---

1) Aangehaal in: Onderwys aan die Kaap, P.J. du Toit, pp. 265-6.

werk en om te verseker dat ongewenste persone nie as onderwysers in leen aan die koloniste afgestaan word nie.[1]

Aan die einde van die 18de eeu was daar in die buitedistrikte dus min onderwysfasiliteite. Egbertus Berg meld in sy Memorie over de Kaap de Goede Hoop, 28 Aug. 1801: „Aan gelegentheid tot een beschaafde opvoeding der jeugd ontbrak het geheel en al in de Colonie. Dat er ten plattenlande, op een kleinen afstand, geen publieke schoolen wierden gevonden, is reeds gezegt. Die welke men in de stad, nitsgaders op de dorpen en by de pastorijen aantrof, waren daarby van zoo geringe beduidenis dat zij bij gebreke van wat beters, alleen konden dienen om kleijne kinderen door een onbekwamen en dikwijls ook liederlijken meester slegt spellen, leesen, schrijven en cijferen te laten leeren, gepaard met de eerste beginselen van de gereformeerde godsdienst."[2] Hierdie memorie handel eintlik oor die Kompanjiestydperk maar die Eerste Engelse Besetting het geen verandering in onderwystoestande teweeggebring nie. Die onderwys wat Trichardt en Oberholster, wat waarskynlik ook in Graaff-Reinet groot geword het, ontvang het, was dus ongetwyfeld van 'n huisonderwyser en moet op sy beste gebrekkig van aard geween het. In 1798 is daar wel 'n skool, verbonde aan die kerk, op Graaff-Reinet opgerig, maar dis het Trichardt sekerlik nie en Oberholster waarskynlik ook nie besoek nie.[3]

Dit is twyfelagtig or die lede van 'n volgende geslag, Joubert en Pretorius, 'n beter opvoeding ontvang het. Gedurende die Batsafse Republiek is 'n nuwe Onderwysraad in die lewe geroep met die doel om publieke skole te stig wat vry onderwys sou verskaf, maar as gevolg van gebrek aan die nodige fondse en geskikte onderwysers is baie min buite Kaapstad tot stand gebring.[4]

/Die

---

1) P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap, p. 257.
2) Theal, Belangrijke Hist. Dokumenten, III, p. 214.
3) C.O. 100.
4) Malherbe, Education in S. Africa, hoofstuk III.

Die Tweede Engelse Besetting van die Kaap het nie enige onmiddellike veranderinge op onderwysgebied meegebring nie. Die Kommissie van die Hondgaande Hof verklaar in hul verslag vir 1811, gedateer 23 Febr. 1812, dat die haglike toestande met betrekking tot beskawing en onderwys waarin die jeug van die buitedistrikte verkeer, die kragtigste optrede van die Regering eis. Hulle meld dat in Graaff-Reinet uit 3400 kinders, op sy meeste 100 gelegenheid vir skoolbesoek het, en dat baie kinders, selfs die van welgestelde ouers, ongeletterd is. Hulle stel voor dat skole in die distrikte gestig word benewens die kerkskole aan die dreedye. Hulle verklaar egter dat hul verbaas was om so 'n mate van beskawing aan te tref in 'n gebied waar daar so min gelegenheid bestaan om dit te verkry.[1] In 1813 het die goewerneur besluit om by elke dreedy 'n regeringskool te stig; op Graaff-Reinet en onder plekke moes die koster, as hy daarvoor geskik was, as onderwyser aangestel word.[2]

Selfs die onderwys wat 'n beperkte aantal kinders aan hierdie skole ontvang het, was gebrekkig. In 'n brief van eerw. G. Thom aan lord Charles Somerset, gedateer 26 Jan. 1821, in antwoord op 'n brief van laasgenoemde waarin hy die noodsaaklikheid van die stigting van Engelse skole by die verskillende Dreedye en die moeilikheid om geskikte onderwysers te kry, meld, skryf hy dat „all the Dutch schoolmasters in the Colony are proverbially known for their want of knowledge of the Dutch grammar and in most cases otherwise unqualified..."[3] In 1822 het lord Charles Somerset staatskole op die belangrikste dorpe opgerig. Hulle het 'n vry Engelse opvoeding verskaf met Skotte as onderwysers.[4] Hierdeur is die onderwys in die Kolonie op 'n stewiger grondslag geplaas.

/In

---

1) Theal, Records of the Cape Col., VIII, pp. 288 vlgg.
2) G.R. 6/5, nr. 13, 6/11/12.
3) Theal, Records of the Cape Col., IX, pp. 386-9.
4) Malherbe, Education in S. Afr., pp. 63 vlgg.

In die buitedistrikte was die meerderheid van die kinders egter toe nog, en lank daarna, vir hulle onderwys van huisonderwysers afhanklik. Joubert en Pretorius het dus waarskynlik nie 'n veel deeglikker onderwys ontvang as die vorige geslag nie. Pretorius het moontlik die kerkskool op Graaff-Reinet besoek, en uit sy geskrifte lyk dit of hy wel meer geleerdheid besit het as die ander drie. In elk geval is dit verbasend watter mate van opvoeding hulle vertoon, met watter waardigheid hul kon skrywe, in weerwil van die beperkte onderwysgeleenthede wat tot hul beskikking was.

HOOFSTUK I

Klankleer

1. Vir 'n studie van die vorme van die verskillende skrywers se taal is dit eerstens noodsaaklik dat hul spelling vasgestel word. Dit kan ook waardevolle aanduidinge gee van die rol wat die skryftaaltradisie in hul taal speel, terwyl afwykinge van die tradisionele spelling in die rigting van 'n meer fonetiese weergawe van hul taal belangrike gegewens omtrent hul spreektaal mag oplewer.

2. Die ondersoek van die klankleer van iemand se taal moet noodwendig onvolmaak wees waar die enigste materiaal die geskrewe woord is, omdat die skryftaal 'n baie gebrekkige weergawe van die spraakklanke is. Dit geld veral die vokalisme aangesien die hoogte, en in 'n groot mate die lengte van vokale in die skryftaal nie aangedui word nie. Dit is 'n ernstige gebrek by die ondersoek van die mate van ooreenkoms van iemand se taal met Nederlands of Afrikaans, aangesien 'n belangrike verskil tussen die Nederlandse en Afrikaanse klankstelsels is dat die Afrikaanse buitevokale binne die lyne wat die kardinale vokale verbind, bly, en dus nader aan die neutrale gebied geartikuleer word as die Nederlandse. Daarbenewens vind ons dat lang vokale van Afrikaans dikwels korter is as die korresponderende Nederlandse vokale of tot tweeklanke ontwikkel, met [ə] as tweede element.[1] Hierdie en ander verskille kan nie in die skryftaal van die verskillende persone nagespoor word nie. Nogtans is daar 'n aansienlike aantal gevalle waar ons wel afwykinge van die Nederlandse klankleer in die spreektaal van die persone uit hul skryftaal kan vasstel.

/3. Ek

---

1) Le Roux & Pienaar, Afr. Fonetiek, p. 143 § 171.

3. Ek ondersoek die uitspraak van die verskille skrywers vanaf Afrikaanse standpunt omdat, na my mening, 'n duideliker beeld verkry word van die mate waarin hul uitspraak die Afrikaanse rigting opgegaan het of nog op Nederlandse grondslag staan. Ek volg hoofsaaklik „Afrikaanse Fonetiek" van prof. T.H. le Roux en dr. P. de V. Pienaar in my behandeling van die konsonante, vokale en diftonge.

Die Konsonante

Okklusiewe

4. [p]

Wat die stemlose bilabiaal betref, staan Trichardt nog grotendeels op algemeen Ndl. grondslag.

Die Afr. metatesis soos in pernent < presant[1] kom by hom nie voor nie; hy skryf konsekwent presint (pp. 189, 304), prubeer (pp. 104, 120).

Gevalle van die oorgang van p tot b in 'n onbetoonde lettergreep soos in Afr. blafon naas plafon en tot die stemhebbende labio-dentale frikatief w[v] in Afr. stawel naas en uit stapel kom ook nie voor nie.

5. [b]

Die algemeen-Afrikaanse afwisseling van [b] met [v] in 'n swakbeklemde lettergreep kom by Trichardt voor in troewel (pp. 144, 223, ens.). Eenmaal skryf hy troevel (p. 46), maar nooit troebel nie.

Die vorm rondawel (p. 107) tref ons ook by Trichardt aan. Dit is egter 'n twyfelagtige geval van afwisseling van [b] met [v] aangesien die oorsprong van hierdie vorm blykbaar nog onseker is.[2]

/Die

1) Le Roux & Pienaar, Afr. Fonetiek, p. 84 §§ 393-6.
2) Vgl. Le Roux, Beskr. Klankleer, p. 105 opm. 3; du Toit, T.W.K., V, 3, p. 127; Boshoff, Etim. Wdb., p. 99.

Die enigste gevalle van intervokaliese b by Trichardt is : dubbeltjes (p. 83), dubbelde (p. 123) en onpassabel (p. 236).

Die oorgang van b tot p vind ons by Trichardt in apsoluut (p. 63), apsint (pp. 239, 337, ens.).

6. [t]

Die onfonetiese slot-d van Ndl. en Afr. word af en toe deur Trichardt t geskryf, bv.: gesont (p. 74), sont (p. 90), wintmaker (p. 159), kwaat (p. 115). In baie meer gevalle gebruik hy egter 'n onfonetiese d waar Ndl. en Afr. t het : tind (p. 75), voed (p. 75), een stuk houijd (p. 79), spijd (p. 67), een gad (p. 98). By verbale persoonsvorme kom hierdie slot-d veral dikwels i.p.v. die t-uitgang voor, bv. staad (p. 99), komd (p. 216), kend (p. 217), neemd (p. 94).

Eiesoortig is die gebruik van t blykbaar i.p.v. d by die woord duin : „wy had gedurig swaare sant en tuinen door te ryden" (p. 302).

7. Ndl. slot-t na stemlose konsonante, wat in Afr. reëlmatig wegval, word by Trichardt by naamwoorde in 162 gevalle behou, teenoor 155 waar dit wegval: gezigt (p. 288), regt (p. 309), eerst (p. 69), dienst (p. 194), rijst (p. 114), vragt (p. 107), de jagt (pp. 103, 114), de vlugt (p. 114), ligt en donker (p. 103); produck (pp. 41, 81, 82), sterdag (p. 183), vrodekoms (p. 277), reg (p. 89), vas (p. 134), bas (p. 189), boes (p. 258), mis (p. 24), -drif (p. 205), nag (p. 23), rijs (p. 310), helf (pp. 49, 154), de jag (p. 202), tussehen lig en donker (p. 109), de vlug (p. 135).

Die feit dat feitlik al die naamwoorde wat Trichardt gebruik sowel met as sónder die t-uitgang voorkom, dui daarop dat hy weinig of geen gevoel vir die slot-alveolaar gehad het nie.

/Die

Die verlies van die slot-t na stemlose konsonante is 'n baie gewone fonetiese verskynsel in Nederlands reeds van die Middelnederlandse tydperk af, en dit is in onderskeie Hollandse dialekte waar te neem.[1]

Vir die wegval van die t-uitgang by Trichardt se verbale vorme, vergelyk §§238-42,249,268.

(1) By Trichardt se tydgenote het die wegval van die slot-t in hul skryftaal reeds verder gevorder as by hom. By Oberholster het die slot-t reeds heeltemal weggeval en kom by die naamwoorde 56 uitganglose vorms voor: landros (16/5/19), distrik (19/12/32), ag (29/11/31). Joubert skryf 5 naamwoorde met -t en 58 daarsonder: lust (4/3/39), klagt (17/8/33); nag (16/8/35), diens (9/8/28), pos (30/12/38), helf (2/1/35). By Pretorius kom 18 vorms met -t teenoor 65 sonder -t voor: kroost, nooddrift (6/6/39, p. 77), magt, twist (25/11/39, p. 98); kons (13/8/42, p. 175), berig (6/3/47, p. 122).

Vir die wegval van die slot-t by die verbale vorme in hierdie persone se taal, vergelyk §§238-43,249,268.

(2) Dit is opvallend dat Wikar die slot-t nog getrou bewaar by die naamwoorde.[2]

8. Die wegval van t voor s na 'n lang klinker vind ons in Afr. in die woorde plaas en laas naas Nederlands plaats en laatst. Trichardt gebruik nog 11 maal plaats maar 23 maal plaas; bv. de uitspanplaats (p. 153), ons plaats (p. 273), haar plaats (p. 275); in plaas van (p. 155), plaas (pp. 137, 273). Die vorm laatst kom by Trichardt nie voor nie, wel laatste, nl. 3 maal, bv. de laatste staal (pp. 59, 130). Hy gee die voorkeur aan die vorme met a i.p.v. aa en skryf 8 maal las en 15 maal laste, bv. op las (pp. 83, 94), laste

/pp.

1) Boeman, Oor die Ontstaan, p. 95.
2) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 10.

(pp. 112, 200). Daarnaas kom die vorm laaste 1 maal voor: baar laaste snik (p. 153).

In 'n ander geval verdwyn t ook voor s in Afr., nl. in koors, Ndl. koorts. Trichardt gebruik alleen die vorm koors, bv. koorsiekte (p. 298), de koors (pp. 311, 314). Daar kom selfs 'n vorm koorst (p. 45) voor, waar 'n onnettige t-uitgang aangeplak is. 'n Afr. ontwikkeling is die assimilasie van ts in koors blykbaar nie, daar ons dit reeds by Dredero aantref.[1]

(1) Oberholster skryf 18 maal plaas, bv. van plaas tot plaas (16/4/29), plaas (25/8/31, 10/10/24) en 3 maal plaatse (15/10/25, 4/12/31). Hy gebruik alleen die vorm laasste (15/6/25, 29/10/19).

Joubert skryf 9 maal plaats en 8 maal plaas bv. plaats (9/4/29, 9/5/29); plaas (9/2/28, 13/6/28(2)). Hy behou altyd die t by die woord laatst, bv. laats (14/3/29), laatsleden (25/8/28), laatste (12/9/31, 6/5/23). Die woord koors gebruik hy 1 maal: de koorsziekte (J 13/11/38).

Pretorius gebruik alleen die vorm plaats 21 maal, bv. plaats (37/9/39 p. 93, 13/8/42 p. 175). Koorts en koors kom elk 1 maal voor: koorts (4/3/49 p. 366), koors (8/4/49 p. 314).

(2) Wikar gebruik reeds laast naas laatst(e)[2] asook last.[3]

Dit is duidelik dat hul weinig gevoel vir die t in hierdie woorde gehad het en dat die assimilasie in hul spreektaal algemeen was, hoewel wisselvorme mag bestaan het.

/9. Na

---

1) Reuta, Taalk. Aantekeningen, p. 37.
2) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 9.
3) Hofmeyr, Toestand v. Afr in 1779, p. 4.

9. Na 'n kort vokaal of diftong is die behoud van t voor slot-s dwarsoor gewoon in Afr. Wegval van die t kom egter wel voor in sis en kwes, waarnaas die vorme kwets, kwetsbaar in Afr. ook voorkom, terwyl kwetsing en kwetsuur alleen met t gebruik word.

Trichardt bewaar die t getrou in hierdie woorde, bv. gekwets (p. 318), gekwetste (p. 35); voorsits (pp. 42, 118).

(1) Die t val egter weg by Oberholster, bv. gekwes (23/10/19, 20/5/26) en by Joubert, bv. gekwes (23/10/19, 20/5/26).

(2) Joh. Buning skryf reeds mis, sis naas mits, nits.[1]

Dit is dus waarskynlik dat Trichardt ook kwes en sis gesê het, hoewel hy dit nie skryf nie.

10. Trichardt skryf konsekwent die vorm niets (pp. 46, 203, ens.). Die enigste vorm wat Afr. ken, nl. niks, kom by hom nie voor nie. Niks is ook die gewone spreekvorm in moderne Nederlands en is sedert die 18de eeu bekend. Dit is van Duitsland af ingevoer.[2]

By die ander drie skrywers kom ook alleen niets voor. Dit dui op sterk invloed van die skryftaaltradisie of 'n gevoel van onbeskaafdheid wat aan niks moet gekleef het.

11. Die slot-t in die bywoord niet bewaar Trichardt feitlik getrou. Slegs enkele gevalle van nie kom voor, bv. „hy weete nie" (p. 171), „dog ni gekregen" (p. 14).

Die ander drie persone skryf ook konsekwent niet, wat die krag van die skryftaaltradisie bewys.

/12. In

---

1) A.J. de Villiers, J. Buning se Taal, p. 20.
2) Franck-v. Wijk, Etym. Wdb., p. 453.

12. In Afr. bestaan alleen die vorme nuut en opnuut vir Ndl. nieuw en op nieuw as pred. bnw. en byw. respektieflik. Die vorm nuut het waarskynlik na analogie van oud ontstaan en kom reeds in oud-Holl. voor. Brodero gebruik die vorme nieuwt, nuwt.[1]

Trichardt gebruik nie nieuw of nuut as pred. bnw. nie, maar as byw. skryf hy: op nuwe (p. 58), op nuw (p. 274).

13. In ouer Ndl. is t dikwels ingevoeg na n, veral voor -heid en -lijk, asook na l en s. Baie van hierdie vorme met t leef nog in Afr.

Trichardt bewaar die t nog in gelegentheid (pp. 114, 170, 171, 210) naas gelegenheid (pp. 44, 69); gesamentlyk (pp. 140, 213). Waar op -n geen agtervoegsel volg nie, kom t voor in stukkend (pp. 34, 75, 104, 129, ens.).

Na l kom [t] voor in dubbeld, bv. een dubbelde weg (p. 128), 'n vorm wat Brodero gebruik.[2]

Na s word in Afr. die t ingevoeg in die woord vaster. In Ned. is 'n vorm ijsder ook bekend.

Trichardt skryf konsekwent eijser (pp. 74, 122, ens.).

Berholster voeg dikwels die [t] in na n en voor -heid en -lijk, bv. gelegendheit (15/8/25, 6/12/31), naas gelegenheijt (10/7/26), nogendlijke (25/8/32). Hy laat die t egter weg in woonerlyke (26/2/28).

Joubert skryf konsekwent gelegendheit (24/3/33, 23/8/35), voornamentlijk (14/3/29). Hy skryf egter onmogelijk (J.2/12/30).

Dat die -t na n en voor -heid en -lik in Afr. bewaar is, is heel natuurlik aangesien dit in 17de-eeuse Ndl.

/baie

---

1) Hauta, Taalk. Aantekeninge, p. 28 § 48a.
2) Hauta, Taalk. Aantekeninge, p. 28 § 48a.

baie algemeen was. So vind ons by Vondel: gelegendheijt, volkomentlijck, gemeentlijck, eigentlijck, wesentlijck.[1] Dit is egter moontlik dat daar in Trichardt se tyd nog stryd was tussen die vorme met t en die skryftaalvorme sonder t, en dat daar gevolglik wisselvorme bestaan het.

14. In die Hollandse spreektaal val t weg in die verbinding kons. + t + kons. (n, m, l, r uitgesloto).[2]

Trichardt behou die t in hierdie verbinding in 'n aantal gevalle, bv. naatmaake (p. 319), vaathouden (p. 243), dienstboden (p. 305). Dit wys op skryftaalinvloed, veral omdat die slot-t by die naamwoorde al grotendeels verdwyn het uit sy taal.

Ook na 'n frikatief en voor 'n verkleiningsuitgang word t in die Holl. spreektaal nie gehoor nie.[3] Trichardt gebruik alleen een geval van hierdie tipe verbinding: kissie (p. 154).

Vir Ndl. kwestie kon Afr. alleen kwessie, ontstaan uit assimilasie van t aan s. Trichardt skryf alleen kwessie (p. 113).

15. [t]in Ndl. verteenwoordig deur onfonetiese d, val in Afr. soms weg tussen n en s. By Trichardt vind ons die verdwyning in die volgende gevalle. Hy skryf naamlik nonstons (pp. 155, 159) maar nonstonds (pp. 179, 239); ook „finn en weer" (p. 318).

Ook na f en f val [t] uit d weg in Afr. By Trichardt tref ons dit aan in : deug (p. 259), hoef (pp. 169, 176), hoofpyn (p. 169). Die vorme met [t] kom nie voor nie.

Na r en l kom die wegval van [t] ook sporadies in Afr. voor. Trichardt skryf die on-Afr. vorm verwoord (pp.

/74

1) v. Helten, Vondel's Taal, p. 31 § 31.
2) Lijkraan, Phonetiek v. h. Ndl., p. 129.
3) Lijkraan, Phonetiek v. h. Ndl., p. 129.

74, 92) naas vermooren (p. 257), ook aanvaard (p. 91); verbeelden (p. 143) naas verbeel (p. 229), verbelen (p. 61). Hy gebruik ook sowel die vorme bastaard (p. 295), basterd (p. 119) as baster (pp. 166, 243).

Oberholster skryf vermoord (3/9/26) naas vermoor (31/3/28), maar alleen bastaards (25/8/32).

By Joubert val [t] weg tussen n en s in : voorwensel (23/1/29), aanstons (2/1/35), en na r in basters (9/11/31) maar is behou in vermoort (13/6/28).

Ons kan aanneem dat [t] na g en f en tussen n en s nie meer uitgespreek is in daardie tyd nie. Trouens, in die onversorgde Hollandse spreektaal word ginds, blootshoofds ook sonder die [t] uitgespreek.[1] Die woord ginds is egter in Mnl. ook gins gespel hoewel dit mit 'n [t] uitgespreek is.[2] Dié spelling vind ons nog by Bredero.[3] Te oordeel na die verskillende skrywers se vorme van woorde wat in Ndl. d na r en l het, bestaan die moontlikheid dat daar wisselvorme van hierdie woorde in hul spreektaal nog voorgekom het.

16. 'n Skryfvorm wat moeilik is om te verklaar, is veldschoen, wat Trichardt konsekwent gebruik, bv. veldschoenen (pp. 53, 114, 145, 148). Dit is die enigste skryfvorm wat ons in geskrifte uit die tyd ken. Dit was dus blykbaar die gebruiklike spelling in daardie tyd. Die enigste verklaring is skynbaar dat dit die oorspronklike vorm van die woord was en dat die [t] langs fonetiese weg uit die uitspraak verdwyn het. Semantiese oorwegings kom ons ook nie te hulp om die oorspronklike vorm vas te stel nie. Rede vir die moontlike benaming veldskoen of velskoen is ewe moeilik om te vind.

/17. Te

1) Lijkman, Phonetiek v. h. Ndl., pp. 119-20.
2) Ndl. Wdb., IV, kol.2381.
3) Nauta, Taalk. Aantekeningen, p. 37.

17. Te oordeel na die gegewens wat die ondersoek opgelewer het, het die spreektaal van Trichardt en sy tydgenote ten opsigte van die wegval, in- en agtervoeging van die t al byna heeltemal op Afr. grondslag gestaan.

18. [d]

Die afwisseling van d met ander konsonante, nl. met t in verboë vorme soos gate na-s gade, met l in die voegwoord lat nase dat, en met r in vorme soos soldare naas soldate, tref ons nie in Trichardt se skryftaal aan nie, en ook nie by sy tydgenote nie.

19. Intervokaliese d verskyn in Afr. feitlik alleen in kultuurwoorde. In byna alle volkswoorde verdwyn dit of word deur 'n ander klank vervang.

Tussen die stamvokale e [e:] , ei [əi] , ui [œy]en ou [ou] met hoofklem, en 'n onbetoonde [ə] , word d in Afr. gewoonlik uitgestoot, bv. tye, koue, beduie.

By nwe. op [ə] in onverboë vorm kry ons in Afr. sinkopee van d, bv. wei, tree, bly, kouie).

Al vorme sonder d wat by Trichardt voorkom is stoo en nee; slaastoe (p. 301) is die enigste vorm van die woord wat voorkom. Nee kom 3 maal voor, bv. nee gereden (p. 70), teenoor 18 maal nede, bv. nene geteurd (p. 33). Die woorde trede en koude kom alleen met d voor, bv. drie of vier treeden (p. 129); hoe wij de nagt doorgebragt met veel kouijden (p. 147). In Afr. het al die volkswoorde van hierdie klas nie die d verloor nie, bv. vrede, rede, suide. Die geïnkopeerde vorme in Afr. kom byna almal in Ndl. voor.[1]

By die meervoudsvorme van nwe. val intervokaliese d alleen by Ndl. tijden en kruiden in sowel Afr. as die Ndl. spreektaal weg. Trichardt gebruik kruijen (p. 319) naas kruiden (p. 56), maar alleen tijden (p. 307).

/In

1) Bevinding van dr. J. du P. Scholtz.

In verboë vorme van bnwe. val d by Trichardt in die volgende gevalle weg : na [əi] in die bnw. wijd in 2 gevalle, bv. een weile god (p. 17.). Na ou [ou] in die bnwe. oud en koud. By die wegval van d ontwikkel daar 'n oorgangsklank w in sowel Ndl. as Afr., dog in Afr. word dit selde gehoor. Trichardt skryf in alle gevalle waar d weggeval het die w, selfs waar die lettergroep net [ə] weggeval het, bv. ouw Rama (p. 93). Die verboë vorm ouwe kom 130 maal voor en oude 10 maal, bv. „ouwe Botha" (p. 113), „ouwe meyd" (p. 204); „een oude kraal" (p. 290), „oude dingen" (p. 289). Die vorme koûwe en koûde kom elk vier maal voor, bv. „koûwe zuit ooste wind" (p. 87); „de koûde koors" (p. 322), „koûde weste wind" (p. 114).

By die werkwoorde val d dikwels weg by Trichardt, sowel in die intervokaallose posisie in infinitief- en voltooide deelwoordvorme as aan die end van persoonsvorme. In Afr. word konsekwent gesinkopeer na [əi] .[1] Trichardt gebruik die vorm rijen (pp. 70, 299), 3 maal teenoor 46 maal rijden (pp. 93, 99) as infinitiefvorm. In die volt. deelwoordvorm gebruik hy alleen die vorm gereden wat 78 maal voorkom. By die werkwoord snijden gebruik hy 3 maal snijen (p. 58) teenoor 8 maal snijden (pp. 53, 239) as infinitiefvorm. As volt. deelwoordvorm kom alleen gesneden voor. As infinitiefvorm gebruik hy verder 3 maal lijen (p. 321) na a 1 maal gelijden (p. 169); 3 maal brijen (pp. 74, 77) naas 2 maal berijden (p. 145), en die vorme strijen (p. 277), glijen (p. 235) elk een maal sonder wisselvorme met d. Daarenteen kom alleen die vorm berijden (p. 126) voor. Waar daar volt. deelwde. van hierdie ww. voorkom, is die d bewaar:so kom daar 'n aantal volt. deelwde., met [əi] as stamvokaal, voor met d waar Afr. dit nie ken nie, bv. „een

/hy

1) Bevinding van dr. J. du P. Scholtz.

hy de leste afgewijd sal hebben" (p. 126), „heef zy... een weg gelijd" (p. 310), „berijd heb" (p. 314), „was daar een gerugte versprijd" (p. 99). Die vorme verblijd (p. 314) en bevrijd (p. 322) is nie onbekend in Afr. nie maar tog nie gebruiklik nie.

Na ou [ou] en ui [œy] word d byna altyd by Trichardt bewaar. As infinitiefvorm kom houwen (p. 94) een maal voor teenoor 20 maal houden (p. 42). Alleen beduiden kom 3 maal voor, bv. „Ik laat mijn beduiden" (p. 99). As volt. deelw. kom gehouwen (p. 80) 1 maal voor en gehouden 2 maal.

By die persoonsvorme val d, soos te verwagte is, hoofsaaklik weg na [əɪ]. Die vorm rij (pp. 84, 99) kom 3 maal voor en strij (p. 210), wij (p. 241), lij (p. 152), schei (p. 84) elk eenmaal, naas 'n ver oorwegende aantal persoonsvorme met d. Houw (p. 171) kom 1 maal as persoonsvorm voor naas 9 maal houd (p. 79); beduij (pp. 100-101) en beduijt (p. 247) elk een maal as persoonsvorm.

Trichardt gebruik ook een persoonsvorm, met e as stamvoksaal, sonder d: uitsee (p. 122).

Hoewel d nie aan verandering onderhewig is as dit deur 'n kort vokaal voorafgegaan is nie, kom die ww. bied, die enigste volkswoord met ie, ook in die vorme bie en bieë in Afr. voor.[1] Waar die voorvoegsel ver- die ww. voorafgaan, word die d in Afr. egter in die reël behou. Trichardt laat die d egter weg in die enigste geval wat hy die ww. gebruik: als een bejaard mens hem in ordentlikheid iets verbie (p. 152).

Hier kan ook genoem woord die samestelling van werkwoordstam plus snw. = brijpaal (p. 69), waar d ook uit die stam verdwyn het.

/By

1) Bevinding van dr. J. du P. Scholtz.

hy de loste afgewijd sal hebben" (p. 126), „heef zy... een weg gelijd" (p. 310), „berijd heb" (p. 314), „was daar een gerugte versprijd" (p. 99). Die vorme verblijd (p. 314) en bevrijd (p. 322) is nie onbekend in Afr. nie maar tog nie gebruiklik nie.

Na ou [ou] en ui [oey] word d byna altyd by Trichardt bewaar. As infinitiefvorm kom houwen (p. 94) een maal voor teenoor 20 maal houden (p. 42). Alleen beduiden kom 3 maal voor, bv. „Ik laat mijn beduiden" (p. 99). As volt. deelw. kom gehouwen (p. 80) 1 maal voor en gehouden 2 maal.

By die persoonsvorme val d, soos te verwagte is, hoofsaaklik weg na [əɩ] . Die vorm rij (pp. 84, 99) kom 3 maal voor en strij (p. 210), wij (p. 241), lij (p. 152), schei (p. 84) elk eenmaal, naas 'n ver oorwegende aantal persoonsvorme met d. Houw (p. 171) kom 1 maal as persoonsvorm voor naas 9 maal houd (p. 79); beduij (pp. 100-101) en beduijt (p. 247) elk een maal as persoonsvorm.

Trichardt gebruik ook een persoonsvorm, met e as stamvokaal, sonder d: uitsmee (p. 122).

Hoewel d nie aan verandering onderhewig is as dit deur 'n kort vokaal voorafgegaan is nie, kom die ww. bied, die enigste volkswoord met ie, ook in die vorme bie en bieë in Afr. voor.[1] Waar die voorvoegsel ver- die ww. voorafgaan, word die d in Afr. egter in die reël behou. Trichardt laat die d egter weg in die enigste geval wat hy die ww. gebruik: als een bejaard mens hem in ordentlikheid iets verbie (p. 152).

Hier kan ook genoem woord die samestelling van werkwoordstam plus snw.: brijpaal (p. 69), waar d ook uit die stam verdwyn het.

/By

1) Bevinding van dr. J. du P. Scholtz.

By die ander skrywers kon slegs enkele woorde met oorspronklike d voor en die intervokaliese d val byna nooit weg nie. Oberholster skryf konsekwent oude, bv. „een oude afgeleef schepsel" (22/9/32). In die infinitiefvorm van die ww. houden gaan d in enkele gevalle oor tot w: houwe (29/6/33, 6/11/30).

Joubert skryf 1 maal 'n w i.p.v. d in 'n volt. deelwoordevorm: behouwen (6/9/31). In die infinitiefvorm behou hy altyd die d: rijden kom 15 maal voor (bv. 12/9/31), 5 maal houden (11/9/26), en afrehijden (14/3/29) en glijden (J 26/11/38) elk twee maal.

Pretorius behou die d altyd na hierdie stemvokale, bv. arbijden (4/3/49, p. 363), rijd (3/7/47, p. 377), verblijd (4/3/49, p. 364).

20. By woorde met 'n oorspronklike intervokaliese d en uitgangskonsonant l,m,n,r, vind ons baie gevalle van die sinkopee van d, bv. broer, boel, toer, weer. Verskole van die woorde met sinkopee het vorms daarnaas met d. Tussen die woordpare bestaan duidelike stylverskil, bv. boel, boedel; boom, boden. Hulle behoort tot verskillende taallae met die geïnkopeerde vorm altyd die mees volkstige. Oor die algemeen vind ons die sinkopee van d by onbetwyfelbare volkswoorde in Afr., hoewel d ook in sommige egte volkswoorde bewaar is, bv. hedel, nader, benoedel. Feitlik al die woorde met sinkopee in Afr. kom ook in beskaafde Ndl. voor, waarin sommige woorde egter nog met d gebruik kon word maar dit in Afr. nie meer moontlik is nie, bv. teeder, ader, neder.[1]

In Trichardt se taal val d weg in die woorde noor naas neder, leer naas leeder, lijer (loier) naas lijder (leider), verscheije, verschnije (verscheie) naas verschijde

/(verscheide)

---

1) Bevinding van dr. J. du P. Scholtz.

(verscheide), en in salen, Ndl. zadelen. Die vorm weer, bv. (pp. 23, 25), „kwam de weer uit die weste kant weer op (p. 249), kom 120 maal voor teenoor 4 gevalle van weeder (p. 25). Die vorm leeren (pp. 72, 222) kom 8 maal voor, maar die vorm met d nie een maal nie. Lijer (p. 127) kom 2 maal voor en lijder 6 maal, bv. de lijder (pp. 127, 235). By verscheiden val die d 4 maal weg maar word in 5 gevalle behou, bv. verscheije (p. 219), verschaije (p. 48); verschijde (pp. 277, 280). Die komparatiewe vorm wijer (p. 191) kom 4 maal voor en wijder glad nie. Woorde wat alleen met d voorkom, is: medelijden (p. 243), 1 maal, en ouder 8 maal, bv. de ouder (p. 229), de ouders (p. 243). Trichardt skryf ook: opsalen (p. 303) en afgezaald (p. 199) maar nooit zadel nie.

Oberholster skryf 7 maal weer (4/4/25) en 9 maal weder (12/2/25).

Joubert skryf 7 maal weer (24/1/35, 23/8/35) en 2 maal onweeder (24/12/34); 2 maal rijder, bv. agterrijders (J 20/12/38) en leier en leider elk 1 maal, bv. lijer (9/5/29(2)); lijders (J 20/12/38).

Pretorius gebruik 6 maal weer (2/7/47, p. 277) en 12 maal weder (4/3/49, p. 264); 6 maal ouder, bv. voorouders (23/7/38, p. 27), 3 maal lijders (6/6/39, p. 79) en 2 maal sadel (12/1/49, p. 353).

21. Tussen die vokale [a·], [o·] en [u] en 'n volgende onbetoonde [ə], gaan d oor tot i en word die stamvokaal tot diftong verbind.

By Trichardt vind ons die volgende gevalle van oorgang van d tot i in meervoudsvorme van snwe.: paaijen (p. 208), „een schoot agter haar blaaijen door" (p. 114). Geen gevalle met d kom voor nie.

/In

In verboë vorme van bnwe. kom die oorgang voor by bnwe. kwaad en rood. Kwaje kom 3 maal voor, bv. „de kwaje kouij" (p. 251), en kwade 4 maal, bv. „een kwade part" (p. 210). Die vorm roije kom 5 maal voor en roode 19 maal, bv. „de bleek rooije kouij" (p. 219), „roije kassemier" (p. 118); „de roode kouij" (p. 208), „de roode plek" (p. 160). Opvallend is die behoud van die slot [ə]-vokaal in die verboë vorme van hierdie twee bnwe. aangesien dit in Afr. alleen nog voorkom waar dié bnwe. met sterk klem or in figuurlike sin gebruik word. Opvallend is die 21 gevalle van die samestellinge rooij bokken (p. 183, ens.), de rooij kaffers (p. 29) wat voorkom. In Afr. bestaan alleen die vorm rooi, ook in predikatiewe gebruik. Trichardt gebruik rood nog predikatief: „Het had een vreemde koleur: swart gevlamt, en wit en rood" (p. 112).

In die verboë vorme van rood en dood, waar Afr. die [ə]-vokaal bewaar het, kom die oorgang by Trichardt nie voor nie. Hy skryf 36 maal roode (pp. 100, 234, ens.) en 1 maal doode: een doode wolf (p. 98).

By die infinitiefvorme kom 4 gevalle van die oorgang van d tot j voor: „die wij niet kon oplaaijen" (p. 45), „onder laaijen van mijn geweer" (p. 85), „om te braijen" (p. 51), „kon ik lig raijen (p. 367), en net een geval van die behoud van d: „Als hij mijn raden kon"(p. 263). By die volt. deelwoordevorme kom 2 gevalle van die oorgang voor: „Had Jan gelaaijd"(p. 141), „Hy had een lekker stuk pampoen gebraaid" (p. 136). Alleen die volt. deelw. gelaaden kom met d voor i.p.v. j.

Hier kan nog vermeld word die samestelling laaij-stok (pp. 87, 93) waar die oorgang in die eerste deel, 'n werkwoordstam, ook aangetref word, hoewel dit seker nie na die samestelling gevorm is, plausibel het nie.

/Al

Al woord waarin die d tot i in Ndl. en Afr. oorgegaan het wat by Oberholster voorkom, is die bnw. goed. Hy skryf altyd goede (Nov., 1923). Joubert gebruik alleen goede (23/8/35), rode (J 11/11/38) en kwade (23/8/34). By Pretorius kom alleen goede voor: een goede leeroor (6/3/47, p. 122).

22. Die verdwyning van die intervokaliese d of sy oorgang tot i is natuurlik nie 'n ontwikkeling wat in Afrikaans plaasgevind het nie, maar kom reeds in Middelnederlands voor, en was veral 'n kenmerk van die Amsterdamse dialek in die 16de eeu. Die i-vorme van vroeër baie meer verbreid maar is in sommige gevalle verdring deur die skryftaalvorme met d. Die behoud van die intervokaliese d in die skryftaal is toe te skryf aan die feit dat laasgenoemde hoofsaaklik Oos-Vlaams van oorsprong is, 'n dialek waarin die sinkopee van intervokaliese d nie voorgekom het nie.[1]

23. Tussen Afr. en beskaafde Hollands bestaan 'n groot mate van ooreenstemming ten opsigte van die totale sinkopee van intervokaliese d asook die oorgang daarvan tot i. Wat laasgenoemde ontwikkeling betref, bestaan daar egter ook 'n verskil tussen Afr. en huidige beskaafde Hollands. In beskaafde Hollands is sinkopee van d met verlies van volgende [ə] gewoon, bv. oln,vlo, ln, zoe, 'n verskynsel wat nie in Afr. in volkswoorde voorkom nie. Daarnaas kom vorme met die diftong ook in Hollands voor maar geld vandag as onbeskaaf.

/Die

1) Schönfeld, Hist. Gramm., pp. 36–43, §§ 32–35.

24. Die verskil tussen die taal van Trichardt en die van sy drie tydgenote ten opsigte van die behoud of sinkopee van intervokaliese d of die oorgang daarvan tot i, is opvallend. Trichardt staan reeds grotendeels op Afr. grondslag in sy skryftaal; sy tydgenote volg die Ndl. skryftaal feitlik getrou. Dit is moeilik om te verklaar waarom die Ndl. skryftaalvorme hier hul taal so sterk beïnvloed het, veral ten opsigte van die vorme waarin d oorgegaan het tot i, wat by hul altyd met d voorkom. By Joh. Duminy vind ons ook dat die intervok. d altyd behou is waar dit in Afr. en Holl. oorgegaan het tot i maar dikwels wegval in ander gevalle.[1] Trichardt se taalgebruik weerspieël waarskynlik grotendeels die toestand in sy spreektaal ten opsigte van hierdie verskynsel, hoewel Ndl. skryftaalvorme nog by hom voorkom.

25. In Afr. is d in woorde soos ander, kelder, hoender, geassimileer aan voorafgaande l, n, r, maar dit is moontlik dat hierdie sekondêre d nooit in Afr. bestaan het nie, vgl. Afrikaner naas Afrikaander.

By Trichardt vind ons een geval van hierdie assimilasie in sy skryftaal, nl. by die Ndl. ww. schelden, bv. scellen (pp. 79, 235), gescheld (p. 79); daarnaas kom vorme met d voor, nl. scheldwoorden (pp. 78, 79), Afrieaander (pp. 305, 306).

26. 'n Ander woord waarin d deur 'n ander klank vervang is, is die woord hamn, naas Ndl. hand. Hamp is die enigste Afr. vorm en is ook in die Holl. dialekte vry verbreid.[2] Trichardt skryf 3 maal hand (pp. 239, 301, 304) en een maal hamp (p. 301). Le Roux en Pienaar verklaar die vorm as die

/gevolg

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 25.
2) Ach Ltr, Courant se Afr., Huisgenoot, 22 Aug. 1941, p. 20.

gevolg van gedeeltelike assimilasie aan m.[1] Dit is egter belangrik dat ons by Bredero 'n vorm teenkom soos hemëd,[2] asook hem(p)t, hem(b)t.[3] Die aanneemlikste verklaring vir die vorm hemp lyk dus invoeging van p waarna die slotdentaal weggeval het.

27. In Afr. vind ons invoeging van d waar twee r's van twee op mekaar volgende lettergrepe deur [ə] geskei word, bv. swurder.[4] By Trichardt vind ons egter die ongewone verskynsel van die ingevoeging van d tussen l, n en r waar hul deur [ə] geskei is, bv. klijnder (pp. 53, 90), geelder (p. 197), snelder (p. 153), betaalders (p. 282). 'n Lienaardige vorm wat blykbaar onder invloed van komparatiewe soos eerder moet ontstaan het, kom ook voor: alweerder (p. 90).

28. [k]

Die oorgang van g [x] tot k vind ons in Afr. steeks, 'n vorm wat blykbaar deur volksetimologie uit Ndl. steegs ontstaan het. By Trichardt vind ons die vorm 1 maal: steeks geslagen (p. 216). 'n Ander geval van oorgang van g [x] tot k is in die vorm blaasbalk, Ndl. blaasbalg. Die vorm blaasbalk, die enigste in Afr. bekend, word van die 17de eeu af tot vandag meer as blaasbalg in die Ndl. dialekte gebruik.[5]

Trichardt gebruik konsekwent blaasbalk (pp. 107, 154). In twee ander woorde waar hierdie oorgang in Afr. plaasgevind het, behou Trichardt die Ndl. vorm: afjag (p. 153), nuschierig (p. 274).

---

1) Le Roux en Pienaar, Afr. Fonetiek, p. 97 § 430, opm. 3.
2) Te Winkel, Gramm. Figuren, p. 279.
3) Nauta, Taalk. Aantekeningen , p. 1 § 1.
4) Le Roux en Pienaar, Afr. Fonetiek, p. 98 § 456.
5) Roshoff, Volk en Taal, p. 44.

gevolg van gedeeltelike assimilasie aan n.[1] Dit is egter belangrik dat ons by Fredero 'n vorm teenkom soos hemd,[2] asook hem(p)t, hem(b)t.[3] Die eenvoudigste verklaring vir die vorm hemp lyk dus invoeging van p waarna die slotdentaal weggeval het.

27. In Afr. vind ons invoeging van d waar twee r's van twee op mekaar volgende lettergrepe deur [ə] geskei word, bv. aardor.[4] By Trichardt vind ons egter die ongewone verskynsel van die ingevoegde van d tussen l, n en r voor hul deur [ə] geskei is, bv. klijnder (pp. 53, 90), geeldor (p. 197), aneldor (p. 153), betaelders (p. 202). 'n Eienaardige vorm wat blykbaar onder invloed van komparatiewe soos eerder moet ontstaan het, kom ook voor: alweerdor (p. 98).

28. [k]

Die oorgang van g [x] tot k vind ons in Afr. steeks, 'n vorm wat blykbaar deur volksetimologie uit Ndl. steeds ontstaan het. By Trichardt vind ons die vorm l maal: steeks geslagen (p. 216). 'n Ander geval van oorgang van g [x] tot k is in die vorm blaasbalk, Ndl. blaasbalg. Die vorm blaasbalk, die enigste in Afr. bekend, word van die 17de eeu af tot vandag toe as blaasbalg in die Ndl. dialekte gebruik.[5]

Trichardt gebruik konsekwent blaasbalk (pp. 107, 154). In twee onder woorde waar hierdie oorgang in Afr. plaasgevind het, behou Trichardt die Ndl. vorm: afjag (p. 153), nuchtering (p. 214).

---

1) Le Roux en Bienaar, Afr. Fonetiek, p. 97 § 436, opm. 3.
2) Te Winkel, Gramm. Figuren, p. 879.
3) Feuta, Taalk. Aantekeningen , p. 1 § 1.
4) Le Roux en Bienaar, Afr. Fonetiek, p. 93 § 426.
5) Boshoff, Volk en Taal, p. 44.

29. [ɣ]

Die oorgang in Afr. van [x] tot g[ɣ]in woorde soos burger, berge, gevolge, kan nie in die skryftaal waargeneem word nie. In Afr. vind ons gewoonlik dat in vorme buite die flektie waar nie 'n r volg nie, die g[ɣ] gewoonlik aan r geassimileer word, bv. nôrs, bêrs.[1]

By Trichardt kom alleen ongeassimileerde vorme voor, bv. morgen (pp. 24, 53, 121, ens.); bergen (p. 237); ook wurgen (p. 281), waar g [x] in Afr. aan die end van die persoonsvorm nog bestaan.

Die Frikatiewe

30. [f]

In Afrikaans word die f-fonoem aan die begin van 'n lettergreep sowel deur f as deur v voorgestel. Die spelling is oorgeneem uit Nederlands waar die letter v die stemhebbende labiodentale frikatief [v] voorstel; 'n klank wat in Afrikaans nie meer bestaan nie. Dit is nie moontlik om uit die spelling enige gevolgtrekking te maak omtrent Trichardt se uitspraak van die klank wat hy met v voorstel nie. Opvallend is egter sy vervanging van die letter v deur f in 'n aantal gevalle, bv. floen (p. 84), falij (p. 303), helffe (p. 45), groffe (p. 139). Ook by die ander skrywers kom f i.p.v. v voor wat dui op stemloosheid van klanke deur v aangedui.

31. [f] wat teruggaan op Mdl. [v] gaan in Afrikaans tussen vokale of tussen l, m, n, r en 'n vokaal, in 'n lettergroep wat nie die hoofklem het nie, oor tot [v],[2] bv. duive, aktiewe.

/By

1) Le Roux en Pienaar, Afr. Fonetiek, pp. 108-9 §§ 510-11.
2) Le Roux en Pienaar, Afr. Fonetiek, p. 125 § 595.

By Trichardt kom 'n aantal gevalle van die oorgang voor, soos dit uit die spelling blyk: „de halve pad" (p. 260), „Pieta heef haar wagen gedrijven" (p. 141), een heuvel (p. 114), lewendig (p. 144), towerdery (p. 77). Vorme met v is egter baie meer talryk, bv. liever (p. 306), kloven (p. 209), begraven (p. 154), sterven (p. 251), volve (p. 226), kalvers (p. 22), halve (p. 197). Eienaardig is sy gebruik van die spelling ff in die volgende gevalle: een halffe stuk (p. 55), groffe goederen (p. 139). Interessant is in die tweede geval die herhaling van die konsonant wat aantoon dat die vokaal kort is, nl. [ɔ] soos in Afr., teenoor Ndl. lang vokaal [o·] .

By Oberholster word gewoonlik v geskryf, bv. hevig (Sep. 1823), seven (29/10/19), gouverneur (27/8/25). Hy skryf ook ff, bv. slaffe (23/8/21), brieffe (21/3/20), pligtshalffe (7/4/20), kalffers (16/8/19). 'n Vorm met w kom nie voor nie.

Joubert gebruik ook v: hevig (Sep. 1823), behalven (J 1/12/39), swerven (J 6/12/39), en in een geval f: brafo gehoorsame burgers (23/8/32).

32. In hul spreektaal was die oorgang tot w [v] egter waarskynlik baie meer verbreid as wat hul skryftaal te kenne gee. Prof. Franken verklaar dat die oorgang van intervokaliese v tot w reeds in 1635 by landdros Johannes Mulder voorkom en dat na 1750 talryke voorbeelde daarvan te vind is.[1]

33. Die intervokaliese [v] is in Afr. in 'n aantal woorde uitgestoot met daaropvolgende verlies van die slot-[ə] bv. gee nans vergewe. By Trichardt kom dit nie voor by die naamwoorde nie. Daar kom vyftien gevalle met intervokaliese v by hom voor, bv. avond (p. 230), overeen (p. 76), boven

/(p. 79)

1) Franken, Huisgenoot, 8 Nov. 1929, p. 67.

(p. 79). In verbale vorme kom intervokaliese v 60 maal voor in infinitiefvorme, bv. geven (p. 40), blijven (p. 189), en 37 maal in volt. deelwoordvorme, bv. gebleven (pp. 281, 278), en val nooit weg nie. By Trichardt kom wel 'n paar persoonsvorme voor waar f uit die stam verdwyn het, nl. blij (p. 46) vier maal en glo 1 maal : gloo (p. 103).

Oberholster behou altyd intervok. v: avonde (25/3/32), over (12/2/28). Ook by Joubert: oover (1/10/34), avont (16/2/36), bove (20/7/39), en Pretorius: over (23/7/38, p. 27), boven (8/4/40, p. 314) is intervok. v altyd behou.

34. Die uitstoting van intervokaliese v is dus blykbaar 'n latere ontwikkeling as die overgang tot w en was blykbaar in hulle taal nog minder gewoon as die overgang. Met betrekking tot altwee ontwikkelinge staan Trichardt so drie tydgenote blykbaar sterk onder invloed van die skryftaal.

35. Trichardt gebruik ook die Afr. vorm ayfer in dieselfde betekenis as Ndl. zijpelen, zijperen: „wij vond veel zijvering maar niet dat de vee suipen kon" (p. 309).

36. [s]

s neem in Afr. by woorde van vreemde oorsprong die plek in van g [ʒ] . By Trichardt tref ons dit aan in die woorde: loessoordon (p. 159) en klerasie (pp. 81, 156, 251), passasier (pp. 52-3). In een woord behou Trichardt egter die letter g: (b)pagagie gedeleren (p. 159).

37. In Afrikaans word alleen [si] gebruik vir die Franse uitgang -tie wat in huidige Nederlands as [tsi] of [si] na 'n vokaal of n, r uitgespreek word, as [ti] na s, en as [si] na ander konsonante.[1]

/Trichardt

1) Nijkmann, Phonetiek v. h. Ndl., p. 139.

Trichardt skryf -tie na vokale: natie (pp. 41, 271, 304), negotie (p. 314), condietie (p. 69), amonietie (p. 44); en na n : presentie (p. 161), distantie (pp. 177,212); na 'n vokaal skryf hy ook -tsi : amonietsie (p. 37).

Oberholster behou g in : plantages (Sep. 1823, Dec. 1824). Die uitgang -tie skryf hy op verskillende maniere : hy skryf -ti na 'n vokaal: nati (20/9/25), amoniti (16/4/29), invormaati (10/4/28, 19/12/32), en na n : ordinanti (28/2/28); si na 'n vokaal : nasi (29/6/23, 21/7/25), na n : assistensi (25/5/35) en na d : persendsi (16/4/29); -tsi na 'n vokaal : amonitsi (29/6/23), natsi (24/4/24), invormaatsi (1/5/29, 22/9/32, 26/7/35); okaatsi (22/9/32.

Joubert, soos Oberholster, skryf veral tsi, na vokale en n: naatsies (14/3/29, 11/9/28), propisietsi (14/3/29), amonietsi (10/4/29, 14/2/29), ordonantsi (12/9/31). Si kom ook voor na vokale: proposiesi (14/3/29), negosi (1/12/31).

Die skryftaaltradisie het hier klaarblyklik sy invloed sterk laat geld.

38. In Afr. kom s voor in meteens en liewers waar Ndl. dit nie het nie. Trichardt behou die Ndl. vorme: liever (pp. 138, 195), meteen (pp. 52, 183). Hy voeg -s egter wel agter woorde wat nie in Afr. 'n slot -s het nie. Hy gebruik 6 maal die vorm tegens (pp. 43, 47, 127) teenoor 12 maal tegen. Tegens is in ouer Ndl. gewoon. Hy gebruik ook 35 maal die vorm zelfs (pp. 239, 269, 309, ens.) as byvoeglike voornaamwoord teenoor 9 maal die vorm zelf.

/39. Trichardt

39. Trichardt skryf nog konsekwent sch- aan die begin van 'n lettergreep en nie sk- nie: schut (p. 161), schaden (p. 181), schrikte (p. 175), schade (p. 195), meschien (p. 90). Ook i.p.v. s in gansche (p. 222), mensch (p. 106), maar alleen s kom ook voor, bv. mens (pp. 152, 202). Trichardt se tydgenote behou ook nog byna altyd die spelling sch.

Eiennardig is Trichardt se spelling maar hy sch i.p.v. s skryf: schnijden (pp. 53, 120, 143), geschelschap (p. 130), schonneschyn (p. 31). Dit mag aan moontlike Duitse invloed toe te skrywe wees.

40. [z]

Die stemhebbende alveolare frikatief bestaan nie in Afrikaans nie. Trichardt skryf nog vir 90 persent van die gevalle z, hoewel s 65 maal voorkom i.p.v. Ndl. z, bv. sitten (p. 321), souw (p. 50), wesen (p. 92), onse (p. 60), sekerlijk (p. 261), sienen (p. 56), sieken (p. 317).

Pretorius gebruik ook nog oorwegend z i.p.v. s, maar Oberholster en Joubert skryf reeds in die reël s. Trichardt en Pretorius se gebruik van z is ongetwyfeld aan skryftaalinvloed toe te skrywe. Dis opvallend dat Joh. Duminy reeds gewoonlik s skryf.[1] In sommige Nederlandse dialekte vind ons ook dat z stemloos is, o.a. Fries, sodat hierdie eienskap van Afr. oorgeërf mag wees.

41. [X]

Aan die end van 'n lettergreep skryf Trichardt reeds byna konsekwent g i.p.v. Ndl. ch, bv. lug (p. 24), dog (p. 177), nagt, agt (p. 56), lig (p. 109), wagten (p. 151). Slegs in 'n paar gevalle kom ch nog voor: achten, achting (p. 65). Hy gebruik ook die ongewone spelling -gh:

/bragh

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 23.

bragh (p. 88), Albagh (pp. 160, 161). Die ander skrywers skryf ook gewoonlik g i.p.v. ch.

42. Aan die begin van 'n lettergreep kon Afrikaans alleen stemlose g [X] waar Nederlands die stemhebbende velare-frikatief [ɣ] het. Uit die spelling is dit nie moontlik om vas te stel wat die toestand in Trichardt se taal was nie. 'n Moontlike aanduiding is die gebruik van -te om die preteritum van swak werkwoorde, waarvan die stam in Ndl. op [ɣ] uitgaan, te vorm, bv. weegte (p. 319), deugte (p. 162), klaagte (p. 185), jaagte (p. 183), vraagte (p. 191), asook van die t-uitgang om die volt. deelw. van hierdie wwe. te vorm, bv. gejaagt (p. 181). Ek het egter reeds aangetoon hoe inkonsekwent Trichardt se gebruik van die letters t en d is (§ 6), sodat nie veel waarde aan hierdie verskynsel geheg kan word nie.

43. In Afr. vind ons dikwels sinkopee van g [X] wat sowel op Ndl. [ɣ] as [X] teruggaan, tussen 'n vokaal met hoofklem en 'n volgende onbeklemde vokaal. In Ndl. het [ɣ] ook sporadies verdwyn. Ons tref die vorm oomblick uit oogenblik by Fredero aan.[1] Maar dit is alleen losstaande gevalle en staan blykbaar nie in verband met die algemene verskynsel van die sinkopee van intervokaliese g in Afr. nie, wat dus klaarblyklik 'n spesifiek Afrikaanse klankverskynsel is. Dr. J. du P. Scholtz beskou die verdwyning van intervokaliese g as waarskynlik te wyte aan die slap artikulasie van Afrikaans, wat die assimilasie van g aan die omgewende klanke en die verdwyning van g in die uitspraak ten gevolg gehad het.

/In

1) Nauta, Taalk. Aantekeningen, p. 36 § 50.

In onsamegestelde, onafgeleide, onverboë vorme verdwyn g na 'n lang vokaal of diftong, selfs in kultuurwoorde soos weëns, behae, bydrae. Die neiging om g uit te stoot, is nog sterker in verboë vorme waar sinkopee ook na kort vokale plaasvind, in watter geval die kort vokaal gerek word, bv. brûe, vlieë, trôe.[1]

By die naamwoorde val die intervokaliese g by Trichardt nooit weg nie, bv. slagen (p. 141), vogelstruis (p. 104), lager (p. 265), regen (p. 265), wagen (p. 101), tijger (p. 261), wegeluisen (p. 138), leugenaer (p. 127), ogenblik (p. 106); verboë vorme: wege (p. 250), lege handen (p. 225), hooge (p. 113), droge (p. 172), lage (p. 207).

By die werkwoorde waarvan die stam in Ndl. op [g] uitgaan, vind ons in Afr. dat die ww. op [x] eindig of dat die g gesinkopeer kan wees met behoud of wegval van die volgende onbetoonde vokaal. Sommige wwe. het drie vorms, bv. draag, drae, dra; ander twee, bv. buig, buie, en sommige alleen een: deig, kry. Wwe. wat geen sinkopee vertoon nie is byna almal boekwoorde, bv. aantijg, beoog, neig, pleeg.[2]

By Trichardt vind sinkopee van g alleen plaas by die ww. krijgen, die enigste ww. waarvan die Akademie alleen die vorm sonder g erken. Krij kom 3 maal voor, bv. „krij hij de vrisse spoor" (p. 97). In alle ander gevalle is g behou, bv. krijgen (p. 30), dragen (p. 40), zeggen (p. 228), leggen (p. 322), opdragende (p. 232).

/Trichardt

1) Bevinding van dr. J. du P. Scholtz.
2) Bevinding van dr. J. du P. Scholtz.

(1) Trichardt se drie tydgenote behou intervok. g in alle gevalle. By Oberholster kom 35 naamwoorde voor met die intervok. g, bv. getuijge (25/5/35), genoege (5/7/33), dage (15/3/28, 6/12/31), tegen (12/2/28), waagens (2[illegible]/8/32), droge (11/4/31). By Joubert kom 53 nwde. met g voor, bv. regen (16/2/36), leeger (12/9/35), daagen (9/4/29), geleegentheijt (24/6/35), droge vlees (20/12/38), en by Pretorius 30, bv. vermogen (6/6/39, p. 77), zwaager (9/9/45, p. 191), koogelschoot (2/7/47, p. 276). By al drie kom aansienlik meer verbale vorme met g voor.

(2) By Joh. Duminy val intervokaliese g nooit weg nie.[1]

44. Daar kom min gevalle van die uitstoting van intervokaliese g in gepubliseerde bronne van voor 1850 voor. By Meurant kom die infinitiewe kla en krij en die volt. deelwe. gevra en gekrij taamlik dikwels voor maar vir die orige behou hy altyd die intervok. g.[2] Hierdie Afr. klankverskynsel is dus blykbaar betreklik jonk. Ek veronderstel dat dit wel in die spreektaal van Trichardt voorgekom het maar dat dit so min weerspieëling in die skryftaal vind, dui daarop dat hierdie ontwikkeling toe nognie baie ver gevorder het nie.

45. Teenoor Ndl. moede, moe, ken Afr. alleen die vorm moeg. Trichardt gebruik egter nog altyd moe (pp. 143, 245), klaarblyklik onder Ndl. invloed. Pretorius, daarenteen, gebruik moeg (6/3/47, p. 122).

46. 'n Ander vorm waarin daar in Ndl. 'n g voorkom maar nie in Afr. nie, is Ndl. oogst naas Afr. oes. Die Afr. vorm is egter nie 'n ontwikkeling uit die Nederlandse nie maar uit 'n ander woord. Ndl. oogst, Mndl. ôghest, oogst,

/oochst

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 25.
2) J. du P. Scholtz, Meurant se Afr., Huisgenoot, 22 Aug. 1941, p. 29.

oochst, spruit uit Latyn Augustus. Die dialektiese Mdl. vorm oost, Mnl. oest, oust, met dieselfde betekenis, gaan egter terug op Ofr. oeoust uit vulgêrlatyn Agustus.[1] Die Afr. vorm is dus waarskynlik die dialektiese vorm wat in Afr. bewaar is uit die 17de-eeuse Mdl., waarin ons dit o.a. by Vondel aantref.[2]

By Trichardt kom die woord alleen in 'n verbale vorm voor: „tot hij zijn koren afgeoest heb" (p. 38).

Joubert gebruik oogs (J 20/12/38) naas oes (9/1/36), maar Pretorius alleen oes (pp. 148, 315).

47. [l]

In die Afr. voegwoord as het die l van Mdl. als deur assimilasie verdwyn. Hierdie ontwikkeling moet reeds in 17de-eeuse Holl. plaasgevind het omdat die vorm as reeds daarin voorkom, o.a. by Bredero.[3]

Dis opvallend dat Trichardt altyd als skryf, hoewel hierdie woord baie dikwels by hom voorkom, bv. als (pp. 52, 6[illegible], 317, ens.). Ook Trichardt se tydgenote gebruik alleen die vorm als. Hoewel hul moontlik nog als gesê het, is die konsekwente gebruik daarvan waarskynlik aan die Mdl. skryftaaltradisie toe te skryf.

48. [r]

In die Afrikaans uitspraak van die Holand verdwyn r dikwels in swak vorme soos daar, maar, waar. Algemeen Afr. is die voorsetsel na teenoor die Mdl. skryftaalvorm naar. Die vorm na is egter nie die produk van 'n ontwikkeling wat op Afr. gebied plaasgevind het nie, maar is geërf uit 17de-eeuse Hollands waarin die vorme na en naar naas mekaar, sonder onderskeid, gebruik is.[4] Die Mdl.

/skryftaal

1) Franck-v. Wyk, Stijn. Wdb., p. 474.
2) v. Helten, Vondel's Taal, p. 11 § 14.
3) Nauta, Taalk. Aantekeningen, p. 35.
4) vgl. v. Helten, Vondel's Taal, p. 106 § 240;
v.d. Veen, Taaleigen van Bredero, p. 94 §§ 154-5.

skryftaal het later 'n willekeurige onderskeiding ingevoer wat in stryd is met die spreektaal. Vandag nog ken die Hollandse spreektaal alleen na in teenstelling met Oes-Vlaams wat alleen naar ken.[1]

Trichardt gebruik die vorm na 140 maal teenoor 2 maal naar, bv. „ging ik na Jan" (p. 172), „na de vort" (p. 211), „om na de bok ooy te soeken" (p. 117); „Is Pieta naar haar gegaan" (p. 230), „naar haar plaas" (p. 278).

Oberholster skryf 31 maal naar (6/12/31, 12/2/28), en 2 maal na, bv. „naa de Kaap" (21/9/25, 30/10/25). Joubert, daarenteen, skryf 3 maal naar (J 25/11/28, 13/6/28), en 30 maal na (28/8/34, 2/1/35). Pretorius gebruik 30 maal naar (9/9/45, p. 191, 8/4/48, p. 314), en 5 maal na (12/2/47, p. 257, 6/6/39, p. 77).

Oberholster en Pretorius staan klaarblyklik onder Ndl. invloed. Trichardt en Joubert se taalgebruik bewys dat na die gebruiklike vorm was.

49. Eienaardig is die vorme gespe (p. 93), raspe (p. 111) wat by Trichardt voorkom, aangesien in Afr. die Ndl. woorde gesp en rasp gewoonlik deur -er en nie slegs -e verleng word nie. Die verlenging is daaraan toe te skrywe dat Afr. nie -sp aan die end van 'n woord gedoog nie.

50. Die Ndl. vorm achteloos het in Afr. agterlosig geword. Die invoeging van die r moet waarskynlik as 'n geval van volksetimologie beskou word. By Trichardt kom die r nie voor nie: agteloosheid (p. 235).

51. In die Afr. vorm ferweel naas Ndl. fluweel het r uit l ontstaan, met metatesis. Die vorm ferweel kom reeds in 17de-eeuse Ndl. en vandag nog in die Ndl. dialekte voor.[2]

/Opprel

1) J.W. Muller, Spreektaal en schrijftaal in h. Ndl., (Taal en Lett. I, p. 218).
2) Boshoff, Volk en Taal, p. 146.

Opprel (§ 36a) vermeld dat in Oud-Beierlands [fərve·l] en [frəve·l] naas [fləve·l] voorkom.[1]

By Trichardt kom die woord voor met r maar sonder metatesis: swart vruweel (p. 301).

[n]

52. Die swakbetoonde slot-n in woorde soos Mdl. buiten, leven, negen, open, te vreden, het in Afr. heeltemal verdwyn en word in die Holl. spreektaal ook lank nie meer gehoor nie.

Trichardt laat die slot-n slegs in enkele gevalle weg, bv. te same (p. 50), gaare (p. 82), en skryf dit honderde male, bv. negen (p. 276), eeten (p. 276), buiten (pp. 314, 317, 319), leven (p. 323), te vreden (p. 186), boven, beneden (p. 313), ter degen (p. 93), linnen (p. 65). Dit is egter opvallend dat in samestellinge die slot-n in hierdie woorde baie meer wegval as waar die woorde alleen staan, bv. wagewiel (p. 244), wagehoud (p. 49), linnewerk (p. 82), de bove kand (p. 302). Die bywoord toen kom 'n enkele maal by Trichardt sonder -n voor: toe (p. 82). In die reël skryf hy toen (pp. 79, 94, 212). In die Holl. spreektaal word nog dikwels toe gehoor, in Zoons altyd.[2] Die slot-n het nie hier weggeval nie daar n 'n latere agtervoegsel is. In Mndl. was die gewone vorm doe naas doen, en in 17de-eeuse Holl. kom doe nog dikwels voor.[3] Trichardt skryf ook konsekwent neen (pp. 84, 91, 135).

Die swakbetoonde slot-n in onverboë woorde word by Trichardt se tydgenote ook gewoonlik behou, by Oberholster, bv. tegen (12/2/28), morgen (25/8/32), seven (29/10/19), naas binne (6/12/31); by Pretorius bv. open (8/4/48, p. 313), boven, het leven (27/4/49, p. 331).

/In

1) Le Roux, Beschr. Klankleer, p. 96 § 114, opm. 2.
2) Boekenoogen, Zaansche Volkstaal, kol. 1067.
3) Te Winkel, Gramm. Figuren, p. 92.

53. In Afr. val die n van die buigingsuitgang -en feitlik konsekwent weg, wat in die Ndl. spreektaal reeds 'n geruime tyd ook die geval is.

By Trichardt val die slot-n in meervoudsvorme van onve. selde weg (vgl. § 143) maar gewoonlik in verboë vorme van ander naamwoorde (vgl. § 148,208,ea). By die werkwoorde val slot-n byna konsekwent weg in meervoudige werkwoordelike persoonsvorme (vgl. § 236), maar word gewoonlik behou in die infinitief- en sterk volt. deelwoordsvorme (vgl. §§272, 270).

(1) As buigingsuitgang val -n by Oberholster in die reël in alle gevalle weg (vgl. §§143, 236, 270, 272). Joubert behou -n gewoonlik in verboë vorme van onve. (vgl. § 143), maar by ander naamwoorde in die reël nie (vgl. § 148,208,ea); by die vwe. kom -n nog dikwels voor in meervoudige persoonsvorme maar val nogtans in die meerderheid van gevalle weg (vgl. § 236); -n word egter in die reël behou in die infinitief (vgl. § 272) en sterk volt. deelwoordsvorme (vgl. § 270).

Pretorius vertoon die sterkste neiging tot behoud van buigings-n. By meervoudsvorme van onve. word -n gewoonlik behou (vgl. § 143), en dikwels in verboë vorme van ander naamwoorde (vgl. § 148,208,ea). By die vwo. val -n in meervoudige persoonsvorme gewoonlik weg (vgl. § 236), maar word byna konsekwent behou by die infinitief (vgl. § 272) en sterk volt. deelw. (vgl. § 270).

(2) In Afrikaans as taal val die -n in sowel onverboë woorde as in verboë onve., meervoudige persoonsvorme en infinitiefvorme van vwe. net so dikwels weg as dit voorkom.[1]

/Opm.

1) Hofmeyr, Toestand v. Afr., in 1779, p. 9.

Opm. : Dat die nasaal van die en-uitgang, behalwe voor 'n woord wat met 'n vokaal begin, in die spreektaal van die 17de eeu deurgaans nie meer gehoor is nie, blyk oortuigend uit Bredero se skryftaal. By hom val die -n by alle naamwoordelike sowel as by verbale vorme weg. Vorme met -n kom daarnaas egter ook voor.[1]

~~'n Vergelyking van die vier skrywers se gebruik van die n van die en-uitgang in verboë vorme toon dat in elke opsig die meerderheid se gebruik met Trichardt s'n oorsenstem, sodat ons die gevolgtrekking kan maak dat Trichardt se skryftaal in hierdie opsig 'n getroue weergawe is van die taalgebruik of die taalneiginge in die skryftaal van die tyd. Opvallend is die sterk neiging by almal om die -(e)n in die meervoudige persoonsvorme van die ww. weg te laat maar by die infinitief en sterk volt. deelwe. te behou.~~

54. In die Afr. ww. makeer naas Ndl. mankeeren het die -n verdwyn, waarskynlik deur assimilasie. Daarnaas het Afr. egter die n behou in die anw. mankement.

Trichardt behou die Ndl. vorm mankeer as ww., bv. „als daar iets aan mankerd" (p. 129), „en zien wat aan hem mankeerd" (p. 239).

55. [ŋ]

In Afr. word die nasaal van die (e)n-uitgang gevelariseer waar dit deur die alveolare konsonante l, r, s voorafgegaan word in woorde wat algemeen gebruiklik is, bv. koring, kussing.[2]

By Trichardt vind ons geen voorbeeld van velarisering van slot-n in hierdie woorde nie: koorn (p. 38), heorn (p. 75), doorn (p. 93), koren (p. 176), gaare (p. 82).

/By

1) Nauta, Taalk. Aantekeningen, pp. 29-33 § 48.
2) D.B. Bosman, 'n Ondersoek na die gevelariseerde -ing in Afr. (N. Taalg., XXXI, pp. 59-70).

By Trichardt kom onafgeleide snwe. met die -ing-(ang)-uitgang voor maar hierdie woorde is almal in Hollands in hierdie vorm bekend: honing (pp. 246, 302), vellingen (pp. 105, 151); rottang (p. 168), kettang (pp. 72, 259). In die laaste geval het die vokaal van die uitgang onder Maleise invloed verander (vgl. § 72).

In Afr. kom die velarisering van die -n ook voor bywoorde wat in Ndl. op -ens of -nje [ɲə] uitgaan. By Trichardt het ek alleen een woord van hierdie klas teengekom en die het nie velarisering van die n nie : de pluijen (p. 140), Ndl. plunje. Dit is opvallend dat metatesis van die -je reeds plaasgevind het en dat dit, behalwe vir die velarisering, ooreenstem met die Afr. vorm pluiings. In Afr. kom die woord egter uitsluitend met meervouds-s voor.

Trichardt gebruik twee snwe. wat deur middel van die ing-uitgang van wwe. afgelei is, wat nie algemeen gebruiklike Afr. is nie: zyvering (p. 309), de ruiling (p. 59). Die eerste kom egter wel voor in Afr. Opvallend is die aantal gevalle van snwe. op -en van wwe. afgelei waar sowel Ndl. as Afr. die vorm op -ing gebruik: „voor tijdkorten" (p. 133), „de bewerken van zijn koper tot ringen" (p. 87), schade ververgoeden (p. 193), naas schadevergoeding (pp. 191, 192).

By Trichardt se tydgenote kom ook geen gevalle van velarisering van die slot-n voor nie. Ook by hul tref ons 'n aantal ongewone afleidinge op -ing aan: by Oberholster: „U Ndl. schryving van den 19de deser" (29/3/28), vreesing (19/10/28); by Pretorius: rooving (4/4/49, p. 366). Veral by Oberholster tref ons ook 'n aantal verbale snwe. op -en i.p.v. van gewoonlik -ing aan, bv. „het bekendmaken" (18/8/25), goedkeuren (25/8/29), „met agten" (29/10/19), bloedvergite (20/5/26); by Joubert: „by verwagten van antwoord" (6/4/28).

/Die

Die gebruik van -en waar ons gewoonlik -ing gebruik, kan betekenisvol wees, daar dit die weergawe van die gevelariseerde nasaal deur -en mag aandui, ook by die onafgeleide snwe. Interessant is 'n soortgelyke verskynsel in Joh. Duminy se taal. Sy skryf gewoonlik -in waar sy blykbaar -ing bedoel, bv. rekenin, minagtin, heeunin, huishoudin, koorin, hoorins.[1] As ons die feit in die oog hou dat ons in Afr.vorms op -ens naas -ings kry, bv. hoofbrekens, -ings, weddenskap, weddingskap, vermoedens, -ings, lyk dit moontlik dat Trichardt die gevelariseerde slot-n by sommige onafgeleide snwe. deur -en weergegee het, onder invloed van die skryftaaltradisie.

56. Sommige woorde wat op die velare nasaal -ng uitgaan, wissel in Afr. af met vorme waarin die velare nasaal gevolg word deur k, wat deur verskerping van oorspronklike g ontstaan het,[2] bv. jong, jonk; lang, lank. Die g as sluitletter in -ng is deur Vondel wel nog uitgespreek. Dit blyk uit sy spelling: omgangk, jongk, ens., en uit ryme soos langk, rank, langk, klanck.[3] By Bredero kom ook voorbeelde voor van okklusiewe g wat nie aan die voorafgaande nasaal geassimileer is nie, maar verskerp is in die uitspraak, bv. dinck, inganck, koninck, lancksaam, oorspronck, vreemdelinck, bollinckschap.[4] Die aantal vorme in Afr. waarin k na die velare nasaal voorkom, is dus blykbaar oorblyfsels uit 17de-eeuse Nederlands.

In Afr. word die bnwe. jong en lang respektieflik jonk en lank in predikatiewe gebruik. By Trichardt kom die vorm jonk wel twee maal voor: „julluij is nog jonk" (p. 104),

/Ik

1) Franken, V.R.V. XV, p. 74; A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 27.
2) Le Roux, Beschr. Klankleer, p. 100 § 121.
3) v. Melten, Vondel's Taal, p. 18 § 26.
4) Nauta, Taalk. Aantekeningen, p. 18, § 31a.

„Ik zij aan Albach dat hij nog jonk ben" (p. 72). Hy gebruik egter alleen lang as predikatiewe bnw., bv. „zes voeten lang" (p. 270). In die samestelling lankwagen (p. 242) gebruik Trichardt die vorm lank egter twee maal attributief, in stryd met algemene Afrikaans.

As bywoord gebruik Afr. ook gewoonlik die vorm lank, naas lang. Trichardt gebruik lank 1 maal: „toen het omtrind lank genoeg gerekt was" (p. 88), en dikwels lang, bv. „dat hij zoo lang blijven zal" (p. 45), „hoe lang hij met haar getrouijd is geweest" (p. 68). Interessant is twee ander vorme waar k na die velare nasaal by hom voorkom: „van jonks af" (p. 123), „de linkte" (p. 207). In hierdie gevalle is die vorme met alleen die velare nasaal meer gewoon in Afrikaans. Trichardt skryf ook 'n k i.p.v. g in die vorm: gevankenis (p. 89). Hierdie vorm is in Afr. onbekend.

(1) By Oberh later tref ons k na die velare nasaal net in een geval aan: jonkslede (15/7/28). By Joubert kom die vorm lankwagen twee maal voor naas langwagen (J 20/12/30).

(2) By Zikar kom jonk en jonkgetroude (p. 95) en lank (pp. 114, 194) naas lang voor.[1]

Hoewel hierdie aantal gevalle te min is om 'n gevolgtrekking te regverdig, dui hul na my mening op 'n groter gebruik van vorme met k na die velare nasaal in Trichardt se taal as in huidige Afr.

/Die

1) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 8.

Die Vokale

57. Onder die veertien suiwer mondvokale wat die standaarduitspraak van Afrikaans erken, nl. [i], [y(·)], [e·], [ɸ·], [ɛ·], [ɛ], [a], [a·], [ɔ·], [ɔ], [o·], [u(·)], [œ(·)] en [ə] is daar geen suiwer kardinale vokale nie. Hulle val almal binne die kardinale lyne. Die afwesigheid van die kardinale vokale is hoofsaaklik die gevolg van ondergespannenheid in die uitspraak. Die tong daal en styg ook by die artikulasie in die rigting van die neutrale stand, sodat baie vokale in onbetoonde lettergrepe tot neutrale [ə] oorgaan.[1]

58. Die vokale wat naby die kardinale lyne val, is met uitsondering van [i] en [u] almal lank. Die groter spierspanning wat nodig is in die uitspraak van lang vokale het verhoed dat die lang Afrikaanse vokale heeltemal ontaard tot gemengde vokale.[2] Ons onderskei die volgende vokale in Afrikaans :

[i(·)] (Die Afr. hoë voorvokaal)

I. In betoonde lettergreep

59. Afrikaans het [i] teenoor Ndl. [e·] in die woord bietjie. Bietj(i)e kom ook in S. Ndl. voor. Trichardt gebruik die woord net eenmaal en dan met die [i] -vokaal: een bietje (p. 131).

60. In Afrikaans is die [i] -vokaal behou in 'n paar woorde waar dit in Ndl. tot [əi] gediftongeer is, bv. tier, atiehoeel. In Trichardt se taal kom 'n paar gevalle voor van die behoud van [i] : olive boom (p. 146), de tiegerjagt (p. 25), Tiegerbergh (p. 295), waarnaas gewoonlik egter die vorm tijger (pp. 247, 261, ens.) voorkom; rixd (p. 82). In die laaste geval word in die huidige Ndl. spreektaal egter ook nie die [əi]-vokaal gebruik nie.

/Die

1) Le Roux en Pienaar, Afr. Fonetiek, p. 46 § 185.
2) Le Roux en Pienaar, Afr. Fonetiek, p. 47 § 192.

Die ongediftongeerde vorme is vermoedelik deur die eerste Hollandse nedersetters aan die Kaap hierheen gebring omdat hulle uit die laer volksklasse gekom het en die diftongering toe nognie op die Holl. volkstaal ingewerk het nie. Die vorm olive by Trichardt dui daarop dat ander ongediftongeerde vorme later deur die beskaaide spreektaalvorme verdring mag gewees het. Dit is interessant dat die vorm olivenhout (pp. 40, 122) by Wikar voorkom, asook tigerwolf (p. 74).[1]

In Afr. wissel ie [i] soms af met ei [əi] in 'n aantal woorde, bv. ieder; eider; iemand, eimand (vgl. § 110).

II. In onbetoonde lettergreep

61. Afr. het [i] teenoor Ndl. neutrale [ə] aan die end van Franse leenwoorde. Die twee leenwoorde wat by Trichardt voorkom het die [i]-vokaal : klerasie (pp. 81, 156), (b)pagasie goederen (p. 156).

Prof. T.M. le Roux wys daarop dat hierdie woorde vroeër in Ndl. ook vorme op -ie gehad het, naas die op ə ? soos blyk uit die Ndl. Wdb, en Salverda de Grave: Fr. woorden in het Nederlands.[2]

62. Afr. het ook [i] vir Ndl. [ə] in die verkleiningsuitgang; soos die Hollandse alg. besk. spreektaal. Trichardt gebruik [ə] nog meer dikwels as [i] . Die uitgang -ie kom by hom 28 maal voor teenoor 13 maal -je, bv. koppies (p. 86), plekkie (p. 88), ashoesies (p. 103), graffie (p. 154), mijsie (p. 102), boompie (p. 319); stukjes (p. 251), briefje (p. 320), vlesje (p. 301), boompje /(p. 319)

1) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 5.
2) Le Roux, Beschr. Klankleer, p. 59 § 65, opm. 1.

(p. 319). By gebruik egter slegs 3 maal -tjie teenoor 27 maal -tje, bv. voetpaadjie (p. 180), dingetjies (p. 205); riviertje (p. 276), vulletje (p. 240), vaatje (p. 294), bietje (p. 121).

Opm. 1 : Verkleinwoorde op -ie kom meermale by Holl. skrywers uit die 17de eeu voor.[1]

Opm. 2 : Die vorm bietjie kom in Ndl. dialekte voor. Volgens Opsrel kom dit voor in Oud-Beierlands : Het Dialect van Oud-Beierlands, § 23,a.[2]

[e·] (Die Afr. middelhoë voorvokaal)

I. In betoonde lettergreep

63. [e·] wissel in Afr. af met [əi] in vlees, vleis; teken, teiken. In die alledaagse spreektaal word alleen vleis gebruik maar in deftige taal en in oordragtelike sin kom vlees nog voor. In Hollands word vleis natuurlik ook gebruik. In 17de-eeuse Ndl. was hierdie afwisseling gewoon. So vind ons die vorme vleijs, teijken, ens., naas vlees, teeken by Bredero.[3]

Trichardt gebruik sowel die vorm vlijs (pp. 52, 196) as vlees (pp. 99, 100); ook : aftijkenen (p. 50).

II. In onbetoonde lettergreep

64. By Trichardt vind ons [e·] i.p.v. [ɛ] in: uitweeg (p. 6[illegible]), wat blykbaar 'n analogiese vorm is.

[ɛ·] (Die Afr. middellae voorvokaal)

In betoonde lettergreep

65. In Afr. vind ons hierdie vokaal voor r in plaas van Ndl. [a], [a·], [e·] of [ɔ] soos in die Ndl. dialekte, bv.

/kers

1) J. W. Muller, Spreektaal en Schrijftaal in h. Ndl. (Taal en Lett. I, p. [illegible]).
2) Le Roux, Beschr. Klankleer, p. 59, § 65, opm. 2.
3) Nauta, Taalk. Aanteekeningen, p. 12 § 23a.

kers, perd, stert, werd.[1]

Al geval van 'n vorm met [ɛ·] by Trichardt is : vers (p. 85), Mdl. vaers, veers. Ons vind dat hy voorkeur gee aan die vorm met [e·] by 'n hele paar woorde. So gebruik hy alleen veers (pp. 85, 184, 295) en nooit vaars nie. Naas staard (p. 24) kom gewoonlik steerd (pp. 233, 238) voor. Hy gebruik 1 maal weerte (p. 221) naas waard (pp. 239, 244). Hy gebruik alleen peers, bv. peerse koleuren (p. 112), nooit paars nie. Die woorde paard (pp. 234, 241, ens.), kombaars (pp. 65, 122), en onregvaardige (p. 277) kom alleen met die [a·] -vokaal voor.

Opm. In Mnl. kom vorme met die vokaal [a·], [e·] of [ɛ·] by byna al hierdie woorde voor, bv. waert, weert, wert; paert, peert, pert; vaerse, ve(e)rse; ste(e)rt, sta(e)rt.[2]

Oberholster gebruik alleen die vorme met (a), bv. paart (15/7/28); ook Joubert, bv. regvaardig (4/3/29), de kaars (30/12/35), paarde (19/2/29). Pretorius gebruik ook gewoonlik vorme met (a), bv. paard (2/7/47, p. 276), kombaars (16/3/46, p. 222), maar in een geval (e) : den zweert (16/3/45, p. 22[illegible]).

Dit is eienaardig dat vorme met [ɛ·] by Trichardt en sy tydgenote feitlik nooit voorkom nie. Dit kan alleen aan sterk invloed van die Mdl. skryftaal toegeskrywe word omdat die vorme met [ɛ·] waarskynlik die enigste in gebruik was. In Joh. Duminy se skryftaal kom die vorme kers, lantern, perde, skêr, combers en rijsterte reeds dikwels voor naas vorme met [a·] .[3]

/Afr.

---

1) Le Roux, Beschr. Klankleer, p. 57 § 63 opm. 2.
2) Franck-Van Wijk, Etym. Ndb., p. 760, p. 434, 720; p. 655.
3) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 15; Franken, V.M.V., XIX, p. 75.

66. Afr. het alleen die [ɛ·] - vokaal teenoor Ndl. [e·] in wêreld, kêrel. By Trichardt kom [ɛ·] blykbaar voor in „de ouwe kerrel" (p. 104). Daarnaas skryf hy egter keerels (p. 128).

67. Afr. kan alleen die vorm lê vir Ndl. leggen en liggen. In die Holl. spreektaal word in verskeie dialekte, bv. Zaans,[1] geen verskil tussen leggen en liggen gemaak nie. Reeds in Mnl. word leggen intransitief gebruik, en in 17de-eeuse Ndl. is dit gewoon, bv. by Bredero.[2] Sedert die 18de eeu word leggen en liggen in Alg. Beskaaf. Ndl. streng uit mekaar gehou.

Trichardt gebruik byna konsekwent leggen wat 40 maal voorkom teenoor liggen 3 maal, bv. „leg de beenen ... op de wagen" (p. 100); „ik zouw rooten blyven liggen" (p. 301). Leggen word 31 maal in die betekenis van Ndl. liggen gebruik, bv. „ging ik weer leggen" (p. 322), „de mager beeste blijf leggen" (p. 126), „zag ik asseganijen leggen" (p. 103).

[a] (die Afr. middelvokaal)

I. In betoonde lettergreep

68. In Afrikaans kom soms [a] voor r voor waar Ndl. gewoonlik [ɛ·] het, bv. gars, vars. In Holl. kom hierdie wisseling egter ook voor.

Trichardt gebruik die volgende twee woorde met [a] varne (spoor) (pp. 152, 274), hartebeas (pp. 9, 95).

69. Die vorm half word as anw. soms in Afr. gebruik teenoor Ndl. helft. Trichardt behou nog die Ndl. vorm : helf (pp. 49, 154).

/Trichardt

---

1) Hockenoegen, Zaansche Volkstaal, kol. 566.
2) Kuiper, Taalk. Aantekeningen, p. 5 § 7.

70. Trichardt gebruik ook die huidige Ndl. vorm baviannen (p. 174), Afr. bobbejaan. Die vorm baviaan het in die 16de eeu naas babiaen in Ndl. opgekom. In Mnl. het ook die vorme baubijn, bobijn, bestaan.[1]

II. In onbetoonde lettergreep

71. [a] wissel gewestelik af met [ɛ] in Afr. So word in die Oostelike Kaap-Provinsie, Vrystaat en Transvaal ken vir kan gehoor.[2] In die Hollandse spreektaal word kennen en kunnen ook verwar.[3]

Trichardt skryf 10 maal kan (p. 146), maar 161 maal die vorm ken i.p.v. kan, bv. ken (pp. 169, 202, 235, 257).

Joubert skryf ook gewoonlik ken i.p.v. kan, bv. „ken schikken" (23/3/28), „ken stoppen" (9/4/29) naas „kan ik niet krijgen" (20/12/38).

72. Trichardt skryf altyd rottang (p. 168), kottang (pp. 72, 250), waar Ndl. gewoonlik ketting en rotting het. By rottang het Afr. die [a]- vokaal van die Maleise woord rotan behou en is die Ndl. -ing dus sekondêr.

73. [a] wissel by Trichardt af met [ɔ] in die vorm pampoene (p. 107) naas pompoen (p. 128).

74. Trichardt gebruik ook twee eienaardige vorme waar [a] vir [ə] vervang : klamaat (p. 197), plasier (p. 317). Plasier stam moontlik uit 'n ou vorm plaisier.

75. [a] val weg in Afr. met verlies van lettergreep in vly, wat naas vallei bestaan met verskil in betekenis.

/By

1) Franck-v. Wyk, Etym. Wdb., p. 36.
2) Le Roux, Beschr. Klankleer, p. 27 § 23.
3) J. . Muller, Spreektaal en Schryftaal v. h. Ndl. (Taal en Lett. I, p. 203).

By Trichardt kom vlij (p. 124), de vlijen (p. 174) voor naas vlij (p. 285).

[a·] (die Afrikaanse lae middervokaal)

I. In betoonde lettergroep

76. Ndl. vanden het in Afr. vanding geword. Trichardt gebruik die vorm met [a·], bv. vandeeg (p. 95), naas die met [a], bv. vanding (p. 116).

77. Naas die vorme leen, leente kom in Afr. die vorm leg, leete voor waarin [ɛ·] deur umlaut uit [a·] ontwikkel het. Trichardt gebruik 5 maal leetete, bv. „de leetete staal" (p. 59) en 2 maal leete, bv. „haar leete snik" (p. 152). By gebruik egter 8 maal leg en 15 maal leete, bv. op leg (pp. 89, 94), de leete (p. 200), „mijn leete pijp" (p. 113).

78. Trichardt gebruik die Ndl. vorm spaak naas speek, bv. spaak (p. 120), de spaken (p. 287); speek (p. 104), speeken (pp. 93, 261). Afr. ken alleen die vorm speek wat by Trichardt ook die gebruiklikste vorm is. Die Ndl. wisselvorme het ontstaan deurdat spaak die betekenis aangeneem het van die nie-verwante speek, in die meeste Ndl. dialekte nog die woord vir „radspaak".[1]

79. In Afr. bestaan die woord leer teenoor Ndl. leger. Die Afr. vorm is blykbaar aan Duitse invloed toe te skrywe. Trichardt gebruik alleen die vorm leger (p. 265).

Joubert gebruik sowel leegor (10/4/29, 12/9/35) as leeor (11/7/30, J 5/11/30).

/In

1) Franck-v. yk, Etym. db., p. 639.

II. In onbetoonde lettergreep

80. [a·] is in Afr. ook deur [a] verdring in die woorde almal, algar, Ndl. allemaal, allegaar. Trichardt behou altyd die Ndl. vorm by hierdie woorde, bv. allemaal (pp. 132, 150, ens.), allegaar (pp. 39, 45, ens.).

[ɔ·] (Die Afr. middellae agtervokaal)

In betoonde lettergreep

81. In Ndl. wissel [ɔ·] af met [oe] by wurm, wurgen, naas worm, worgen. Afr. ken alleen wurm, wurg. Die twee woorde kom by Trichardt elk 1 maal voor : de houijdwormen (p. 93), wurgen (p. 281).

By Joubert kom wormen (13/6/28) ook voor.

[o·] (Die Afr. middelhoë agtervokaal)

I. In betoonde lettergreep

82. Afwisseling van eu [ø·] met [o·] kom in Ndl. reeds in die 17de eeu voor, bv. seun, meul, deur, naas zoon, molen, door. In Afr. is in baie gevalle alleen die vorm met [ø·] bewaar.

Vir Trichardt se gebruik, vgl. § 105.

83. Na analogie van die meervoudsvorm schoten, het in Ndl. 'n enkelvoudsvorm schoot ontwikkel naas die reëlmatige vorm schot. In Afr. bestaan alleen die vorm skoot, vgl. § 98.

II. In onbetoonde lettergreep

84. By woorde van vreemde oorsprong gaan [o·] oor tot [u] in Afr., bv. profeet, moveer, vgl. § 87.

In die Ndl. voorsetsel voor gaan [o·] oor tot [ə], vgl. § 92.

[u ʊ] (Die Afrikaanse hoë agtervokaal)

I. In betoonde lettergreep

85. Vorme met die [u]- vokaal i.p.v. [o·] vind ons in Afr. by 'n paar woorde, bv. koeël, oes, Ndl. kogel, oogst. Trichardt gebruik in die reël die vorm koegel (pp. 103, 236, 239, ens.), maar ook kogel (pp. 103, 258). Oes kom net een maal voor : „tot hij zijn koren afgeoest heb" (p. 38). By koegel het Duits kugel waarskynlik 'n rol gespeel. Wat oes betref, gaan dit terug op Afr. aoust terwyl Ndl. oogst, Mnl. oghest, oogst van lat. Augustus afkomstig is.[1]

(1) Pretorius gebruik ook koegel (2/7/47, p. 276). By Joubert kom oes (9/1/26) voor naas oogs (J 20/12/38).

(2) Wikar gebruik dieselfde vorme as Trichardt, nl. koegel (pp. 36, 38), oogst (p. 176).[2]

86. [ɔ] het oorgegaan tot [u] in Afr. Boesman, Ndl. Bosjesman. Trichardt gebruik enkele male die Afr. vorm, bv. boesmans (pp. 15, 91), ook boesseman (p. 169). Naas bosman (pp. 103, 162) skryf hy egter gewoonlik bosseman (pp. 164, 167, 169, 262).

Oberholster skryf alleen bosjesmans (6/8/19); Joubert bossemans (13/6/28(2)) naas bosjesmans (23/1/29).

Blykbaar was die benaming Bos(se)man naas Boesman in gebruik.

Vir die wisseling van [u] met [ɔ] by trop, troep, vgl. § 97; en by gouverneur, gouvernement, vgl. § 100.

/In

1) Franck-v. Wijk, Etym. Wdb., p. 474.
2) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 2.

II. In onbetoonde lettergreep

97. Overgang van [o·] tot [u] in Afrikaans by woorde van vreemde oorsprong kom by Trichardt alleen voor in: loeneerden (p. 159).

Joubert skryf loeneerde (10/4/28, J 7/11/38) naas lonies (J 13/11/38).

Hierdie overgang vind ook plaas in oop lettergrepe by ander woorde waarvan alleen kommando by Trichardt voorkom. Hy skryf dit : kommando (p. 20), commando (p. 74).

Gemengde vokale en tussenvokale

[ɛ] (Die Afr. gemengde middelbare voorvokaal

I. In betoonde lettergreep

98. In Afr. wissel [ɛ] dikwels met [ə] af voor 'n naasnl. Hierdie verskynsel kom in Mnl. reeds voor en was in die 17de-eeuse Hollandse volkstaal baie gewoon soos nog in die huidige Holl. volkstaal, bv. bringen naas brengen.[1]

(1) Voor 'n velare naasnl. kom [ə] in Afr. in baie volkswoorde voor, maar in minder volkstümlige woorde kom dikwels [ɛ] voor. Vir Mdl. brengen en denken, is alleen die vorme bring en dink in alg. Afr. as vvo. gebruiklik. Trichardt gebruik die ww. brengen 8 maal met die vokaal (ɛ) en 69 maal met [ə] , bv. brengen (pp. 35, 45); bringen (pp. 16, 306). By denken kom vorme met [ɛ] 2 maal voor en met [ə] 10 maal, bv. denken (p. 191), dink (p. 89), dinken (p. 306). In 17de-eeuse Mdl. was dinken en bringen gewoon, by voorbeeld in die skryftaal van Vondel en Bredero.[2]

/Twee

1) Le Roux en Pienaar, Afr. Fonetiek, p. 54 § 253.
2) v. Helten, Vondel's Taal, p. 8 § 7; Kouta, Taalk. Aantekeningen, p. 5 § 7.

Twee ander vorme waarin [ə] vir [ɛ] voor 'n velare nasaal vervang in Trichardt se taal is : geschink (p. 189), linkte (p. 287). By hierdie woorde erken die offisiële spelling van Afrikaans alleen vorme met [ɛ].

(2) Voor 'n gedekte alveolare nasaal skryf Trichardt i [ə] i.p.v. e [ɛ] in die volgende gevalle waar algemeen beskaafde Afr. [ɛ] behou : grins (p. 300) 2 maal, wins (pp. 24, 131, 306) 6 maal as ww. persoonsvorm; omtrind (pp. 88, 303, ens.) 90 maal; presint (pp. 60, 189, 304); tint (pp. 75, 249, ens.) 12 maal; ind (pp. 141, 172), inprint (p. 61), regsmind (p. 72), vind (vent) (p. 49), Decimber (pp. 224, 18), Lourinse Marquis (p. 312), Rinsburg (pp. 37, 39, 68). Hierdie woorde kom alleen met die [ə]-vokaal voor. Naas apsent (p. 49) skryf Trichardt gewoonlik apsint (pp. 237, 263, 267), naas goevernement (p. 304) skryf hy 3 maal goevernemint (pp. 203, 305), en complement (p. 305) naas complemint (p. 305). Hierdie woorde kom feitlik almal met die [ə] vokaal in dialektiese Afrikaans voor maar word nie in die offisiële skryftaal erken nie.

(3) Voor 'n ongedekte alveolare nasaal kom [ə] by Trichardt in 'n hele aantal woorde voor : stim (p. 308), rimketang (p. 72), Novimber (pp. 4, 206), assestinsie (p. 296), toestimming (p. 312), slinters (p. 62), timpees (p. 310), flinnij (p. 76). Trichardt gebruik ook 10 maal in (p. 173) as voegwoord naas gewoonlik en. Trichardt skryf schinder (p. 231) maar ook schender (p. 133). Party van hierdie vorme kom in dialektiese Afr. voor. Alleen skinder van bogenoemde vorme word deur die offisiële Afr. spelling erken, naas skender.

/Oberholster

Oberholster gebruik nog gewoonlik die vorme brenge (22/9/32), denkken (28/6/29). Hy gebruik ook in (6/12/31) vir en.

Joubert gebruik dink(en) 9 maal en denk(en) 7 maal, bv. dinken (25/8/28, 14/11/31); denk (19/2/29, 14/11/31). Hy skryf 8 maal brengen (2/1/35) en 2 maal bringen (28/7/28); ook ingels (8/8/35), omtrint 16/1/34), Novi ber (13/6/28(2)), en in (19/2/39) vir en.

By Pretorius kom bringen (26/1/48, p. 297) naas brengen (2/7/47, p. 277) voor.

Die verdringing van e [ɛ] deur i [ə] voor alle nasale was in beskaafde Afrikaans van 'n honderd jaar gelede dus baie meer verbreid as in die huidige Afrikaanse spreektaal. Hoewel dit vandag nog 'n kenmerk van die Afrikaans van Oostelike Kaap-Provinsie is dat vorme met i [ə] voor nasale gewoner is as vorme met e [ɛ], is baie vorme met [ə] blykbaar deur skryftaalvorme met e [ɛ] uit Afrikaans verdring.

89. Die oorgang van [ə] tot [ɛ] kom in 'n aantal woorde in Afr. voor. Benewens ek, Ndl. ik, staan [ɛ] in alle vorme wat in die Afr. skryftaal erken word voor l. Trichardt en sy tydgenote gebruik almal alleen ik. Voor l kom die oorgang by Trichardt 'n paar maal voor in vorme wat ongebruiklik in Afrikaans is : wellem (pp. 113, 200, 204), weld (pp. 111, 168, 204), gewellig (p. 216), deswelboom (p. 112). Voor ander konsonante kom die oorgang voor in : gezegt (p. 114), gester (p. 120), kenders (p. 176), wat in dialektiese Afrikaans gebruiklik is. In ouer Ndl. en die Ndl. volkstaal kom hierdie oorgang voor.[1]

/In

1) Le Roux en Pienaar, Afr. Fonetiek, p. 54 § 255.

Vir Ndl. mest gebruik Afr. die vorm mis wat 'n ou byvorm daarvan is en nog in Ndl. dialekte gebruiklik is.[1] Trichardt gebruik alleen mis, bv. „Ouwe Botha laat mis oprapen" (p. 77), „bloed en mis" (p. 179).

Oorgang van [ɛ] tot [ə] kom by Trichardt ook voor in : schillem (pp. 59, 113).

II. In onbetoonde lettergreep

92. Wanneer die slap artikulasie van Afrikaanssprekendes is die [ə]- vokaal, wat met ongespanne organe uitgesproek word, baie algemener as enige ander vokaal in Afrikaans en gaan baie ander vokale in swakbeklemde posisies oor tot [ə] .[2]

Te oordeel na Trichardt se spelling kom die oorgang tot [ə] in die volgende woorde voor : avent (p. 26), revier (p. 81), verby (p. 114), smenietie (p. 41), pergasie (p. 57), korswillen (p. 99), swatswink (p. 166), basterd (p. 119). Daarnaas kom 'n hele aantal woorde voor waar uit die spelling die oorgang nie blyk nie, hoewel hierdie woorde in Afr. die oorgang het : avond (p. 230), voorby (p. 100), mediesyn (p. 301), bij tijds (pp. 176, 184), bijsonder (p. 95), rievier (p. 41), bastaard (p. 295). Trichardt gebruik ook altijd voor (pp. 93, 63, 100, ens.) as voors., nooit Afr. vir nie.

Opm. 1 : In die Holl. spreektaal kom die verswakking van vokale in onbetoonde lettergrepe en oorgang tot [ə] voor, maar Afr. gaan hierin veel verder.

Opm. 2 : By Bredero kom bale van die Afr. oorgange tot [ə] voor.[3]

/By

1) Scholtz, Lingua, dl. I, no. 2, p. 21.
2) Le Roux en Pienaar, Afr. Fonetiek, p. 55 § 259.
3) Nauta, Taalk. Aantekeningen, p. 15 § 26.

Vir Ndl. *mest* gebruik Afr. die vorm *mis* wat 'n ou byvorm daarvan is en nog in Ndl. dialekte gebruiklik is.[1] Trichardt gebruik alleen *mis*, bv. „Ouwe Botha laat *mis* oprapen" (p. 77), „bloed en *mis*" (p. 179).

Oorgang van [ɛ] tot [ə] kom by Trichardt ook voor in : *schillem* (pp. 59, 113).

II. In onbetoonde lettergreep

92. Geens die slap artikulasie van Afrikaanssprekendes is die [ə]- vokaal, wat met ongespanne organe uitgespreek word, baie algemener as enige ander vokaal in Afrikaans en gaan baie ander vokale in swakbeklemde posisies oor tot [ə] .[2]

Te oordeel na Trichardt se spelling kom die oorgang tot [ə] in die volgende woorde voor : *avent* (p. 26), *revier* (p. 81), *verby* (p. 114), *amenietie* (p. 41), *pergasie* (p. 57), *korswillen* (p. 99), *maatswink* (p. 166), *basterd* (p. 119). Daarnaas kom 'n hele aantal woorde voor waar uit die spelling die oorgang nie blyk nie, hoewel hierdie woorde in Afr. die oorgang het : *avond* (p. 230), *voorby* (p. 100), *medisyn* (p. 301), *bij* tijds (pp. 176, 184), *bijaender* (p. 95), *rievier* (p. 41), *bastaard* (p. 295). Trichardt gebruik ook altijd *voor* (pp. 93, 63, 100, ens.) as voors., nooit Afr. *vir* nie.

Opm. 1 : In die Holl. spreektaal kom die verswakking van vokale in onbetoonde lettergrepe en oorgang tot [ə] voor, maar Afr. gaan hierin veel verder.

Opm. 2 : By Bredero kom baie van die Afr. oorgange tot [ə] voor.[3]

/By

1) Scholtz, Lingua, dl. 1, no. 2, p. 21.
2) Le Roux en Pienaar, Afr. Fonetiek, p. 55 § 259.
3) Nauta, Taalk. Aantekeningen, p. 15 § 26.

By Oberholster kom die oorgang alleen voor by : ordenanti (28/2/28); by Joubert : propisietsi (4/3/29); by Pretorius : „den onpertijdigen blad" (12/1/49, p. 350). Almal gebruik alleen die vorm voor as voorsetsel, nooit vir nie.

93. Voor die uitgange -lik en -nis val toonlose [ə] in Afr. dikwels weg. Voor -nis word [ə] in Afr. gewoonlik behou, maar nooit na r nie, terwyl wisselvorme met en sonder [ə] na f voorkom.[1] Voor -lik kom [ə] in Afr. voor na b, d, w [v], en na ft, gt [xt], kt, pt en st.[2]

By Trichardt is [ə] altyd voor -nis behou : begrafenis (p. 314), groetenis (p. 32). Voor -lik is [ə] ook altyd behou, bv. onbetamelijk (p. 231), afgrijselike (p. 132), hartelike (p. 32), makkeliker (p. 202), gemakkelijk (p. 203), ordentelijkheid (p. 152).

By die ander skrywers kom 'n aantal woorde op -lik voor, altyd met [ə], bv. by Oberholster : schrikkelik (31/3/25), rijkelik (Junie 1824), tamelijk (31/12/23), uitdrukkelik (16/4/29); by Joubert : noodsaakelik (23/1/29).

Blykbaar was die wegval van [ə] voor -nis en -lik toe nog minder gewoon as vandag.

94. Onbetoonde [ə] val in Afr. in ander posisies ook weg met verlies van die lettergreep. By Trichardt kom die volgende voorbeelde hiervan voor : vrek(t) (pp. 11, 13, 17, 34, 109, ens.), brijen (pp. 74, 77), bloofde (p. 293), rotten (p. 193), gloo (p. 103). Daarenteen behou Trichardt die lettergreep met onbetoonde [ə] in 'n aantal gevalle waar

/dit

1) Woordelys, S.A. Akademie, 5de druk, p. XXII.
2) Woordelys, S.A. Akademie, 5de druk, p. XXI.

dit in Afr. weggeval het, bv. „Ouwe Strijdom heef gister stroppen opgehangen om het te berijden" (p. 146), gelooven (p. 259), goevernemint (pp. 203, 304, 305), verrot, verotten (p. 193).

By Oberholster val die lettergreep met [ə] weg in : wegvrek (Des. 1824), eenge stofve (15/11/31), govermend (28/6/29), „als soek te verderve" (29/5/32), maar is behou in : verrek (30/6/25). By Joubert val weg in : gouverment (22/8/31) maar is behou in gelooven (4/3/29).

95. Die [ə]-vokaal kom agtergevoeg voor by Trichardt in die volgende woorde waar Ndl. dit nie het nie : ruspe (p. 111), lyf gespe (p. 93), helfte (pp. 49, 52, 107), waarnaas Trichardt ook helf (pp. 49, 154) gebruik. Die agtervoeging van [ə] by hierdie woorde in Afr. is daaraan toe te skryf dat Afr. woorde op konsonant + okklusief anders as l, m, n, r, ng + okklusief nie duld nie.

Joubert gebruik ook die vorme helfte (9/4/29) naas helf (2/1/35) as snw.

Die [ə]- vokaal kom ook agtergevoeg voor in Trichardt se taal in 'n aantal woorde waar dit ongewoon is in sowel Afr. as Ndl. Soms kom die [ə] voor in die uitgang -en, bv. „als hy daar gaar geen belangen en stel" (p. 143), „dat de klijn noijen hem gealagen heb" (p. 107).

Meurant skryf ook noije, nooije in die enkelvoud;[1] sodat die [ə]- vokaal 'n oorblyfsel is van die slotvokaal van die oorspronklike Maleise vorm njonja. Trichardt voeg

/die

1) Scholtz, Meurant se Afr., Huisgenoot, 22 Aug. 1941, p. 29.

die [ə] ook agter anwe. in samestellinge; in hierdie gevalle mag dit aan Nederlandse invloed toe te skrywe wees of dit kan 'n oorgangsklank wees wat hier egter ongewoon in Afr. is, bv. „de doorn houte speeken" (p. 93), „twee koeie tanden" (p. 140), „de leuwe vel" (p. 222), „een schape bouijt" (p. 246).

96. In die volgende gevalle kom die svarabhakti vokaal blykbaar voor by Trichardt : schellem ... schellimstuk (p. 113), schelleme stukken (p. 59), koren (p. 176), schorrem (p. 245).

[ɔ] (Die Afr. gemengde middellae agtervokaal)

I. In betoonde lettergreep

97. In die Holl. dialekte wissel [u] af met [ɔ] by troep, bloem, naas trop, blom. Alleen die laaste twee is in Afr. bekend.

Trichardt gebruik alleen die vorm trop, bv. „een groot trop" (p. 204), de trop (p. 14), troppe (p. 207). Die vorm bloemen (pp. 49, 112) kom 2 maal voor naas 1 maal 'n vorm met [ɔ] : blommetjes (p. 93).

Opm. Bloem kom reeds voor in Mnl. (Franck, Mnl. Gram. § 44) en in Oud-Beierlands (Oporel, § 176) en Oost-Bommelerwaards (van de Water, § 30, 1).[1]

(1) Oberholster gebruik trop (29/10/19) naas troeb (3/9/26), Joubert alleen troep (20/12/38), troepen (8/7/34).

(2) Vikar gebruik alleen trop (pp. 30, 46, 102) en blomme (pp. 124, 190).[2]

/Daar

1) Le Roux, Beschr. Klankleer, p. 49, § 56, opm. 9.
2) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 2.

Daar bestaan dus geen twyfel dat trop en blom die gebruiklike spreektaalvorme was nie.

98. Teenoor Ndl. schot het Afr. die vorm skoot, wat in Ndl. egter ook bekend is. Trichardt skryf byna altyd schoot (pp. 85, 103, 147) en net 1 maal schot (p. 23).

(1) Pretorius gebruik ook alleen schoot, bv. koegel schoot (2/7/47, p. 276). Joubert gebruik egter 'n hiperkorrekte meervoudsvorm schotten (11/7/38), wat daarop dui dat skoot die gebruiklike spreektaalvorm was.

(2) By Wikar is schoot (pp. 38, 108) reeds die enigste vorm.[1]

99. In Afr. word die [ɔ]-vokaal behou in die verboë vorm van grof, waar Ndl. die [o·]-vokaal het. Hierdie verskynsel kom in die Holl. spreektaal egter ook voor.[2]

Trichardt skryf : groffe goederen (p. 139). Die Ndl. vorm kom nie by hom voor nie.

II. In onbetoonde lettergreep

100. Die [u]-vokaal gaan in Afr. oor tot [ɔ] by Ndl. gouverneur, gouvernement. Trichardt skryf dit altyd Goeverneur (pp. 306, 308, 309, 311), Goevernemint (pp. 203, 304, 305).

Oberholster skryf gouverneur (27/8/25) naas governemend (28/6/29). Joubert skryf ook govermend (28/6/29).

Hierdie oorgang het dus blykbaar toe reeds bestaan.

---

1) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 2.
2) Ndl. Wdb. V, kol. 884.

101. [a] gaan oor tot [ɔ] in Afr. opsent, Ndl. absent. Trichardt skryf reeds : „was twee paarden opsent" (p. 234), maar gewoonlik apsent of apsint, bv. apsent (p. 49), apsint (pp. 237, 239, 303, 269).

Joubert skryf ook apsint (25/8/28).

Hierdie oorgang het dus toe reeds bestaan.

Abnormale Vokale

[y(ɔ)] (Die Afr. abnormale hoë voorvokaal)

102. Om hierdie vokaal weer te gee, gebruik Trichardt verskeie ongewone spellingwyses naas uu, nl. eu, bv. „Cornelia had Sakanna gesteurd om melk te halen" (p. 222), „die 14 dagen gedeurd had" (p. 310), pmeteurs (p. 104); ui, bv. „vlouwe exschuisen" (p. 143). Dit is onwaarskynlik dat hierdie spellingwysigings enige klankwysigings aandui.

In betoonde lettergreep

103. In Afr. wissel [y] en [o u] ~~met~~ mekaar af soos in die Holl. spreektaal; bv. waarsku × waarskou.[1] By Trichardt tref ons die wisselvorme nu (p. 203) en nouw (p. 104) aan, waarvan alleen die laaste in Afr. gebruiklik is, behalve in die uitdrukking nu en dan.

104. Die vorm nieuw [n i u] bestaan nie in suiwer Afr. nie, alleen nuut [n y t] en nuwe [n y v ə]. Die vorm nuwe kom reeds in Mnl. en 17de-eeuse Ndl. voor (Te Winkel, Gesch. der Ndl. Taal, p. 65).[2]

By Trichardt kom die vorm nieuw nooit voor nie maar wel nuwe (p. 274, 283), op nuw (p. 274).

Oberholster gebruik nuwe (9/4/28); asook Joubert : „de nuwe hantsin" (9/5/29(2)).

---

1) J.W. Muller, Spreektaal en Schryftaal in h. Ndl. (Taal en Lett. , p. 203).
2) Le Roux, Beschr. Klankleer, p. 64 § 70, opm. 3.

[ø·] (Die Afr. abnormale middelhoë voorvokaal)

105. In Afr. tref ons 'n aantal woorde met [ø·] aan waar Ndl. [o·] het, bv. seun, meul, Ndl. zoon, molen. Hierdie vorme het Afr. uit 17de-eeuse Ndl. bewaar en hulle het meestal ontstaan deur i-umlaut.[1]

By Trichardt kom [ø·] voor by die voors. deur, bv. „heef Pieta de ossen stokken deur de neusen gestoken" (p. 20). Dit is egter 'n uitsondering en in die reël gebruik hy door (pp. 130, 204, ens.). Die vokaal vind ons ook in die woorde deurslag, deurslagtig : „twee beeste is in de deurslag blijve liggen" (p 40), „de veld was te deurslagtig om te trekken" (p. 30), wat nie Ndl. ekwiwalente het nie.

In alle ander gevalle waar Afr. die [ø·]- vokaal het, behou Trichardt die [o·] bv. zoon (pp. 239, 245, ens.), honing (pp. 93, 246), stooren (pp. 66, 195), ongestoord (p. 279).

(1) Oberholster gebruik 1 maal deur : „sover als sulle deurtrek" (29/5/23) en gewoonlik door (Sep. 1823); altyd soon (13/5/25). Joubert gebruik deur (23/1/29, 24/3/28(3)) 'n paar maal, maar gewoonlik ook door (14/3/29, 25/9/29(2)). By hom kom verstooren (24/3/28) voor. Pretorius gebruik alleen door (8/4/48, p. 314).

(2) By Wikar vind ons die eu-vorme : deur (pp. 38, 50, 93) en steurde (p. 190).[2]

Die oorwegende gebruik van die vorme met [o·] i.p.v. [ø·] kan alleen aan Ndl. skryftaalinvloed toegeskryme word, aangesien die eu-vorme oorgeërf is en toe in hul spreektaal moet bestaan het.

/'n Lienaardige

---

1) vgl. Schönfeld, Hist. Gramm., pp. 47-48 § 38(b).
2) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 4.

106. 'n Eiensaardige verskynsel by Trichardt is dat die woord door as snw. i.p.v. deur gebruik word : „de door van de kraal" (p. 77). Dit is blykbaar 'n hiperkorrekte vorm, geïnspireer deur 'n poging om die Ndl. vorme met [o·] te skryf waar Afr. eu [ø·] het, veral by voors. deur. Dieselfde verskynsel kom egter twee maal by Joubert voor : „de combuijs door ... en de door open stont" (30/12/35). Ook Joh. Duminy skryf : onse camerdoor.[1] Daarbenewens kom die vorm door naas deur as snw. by Bredero voor.[2] Die vorm door is dus blykbaar vroeër ook as snw. gebruik, maar dat dit aan die begin van die 19de eeu nog so in Afr. gebruik is, is, altans in die spreektaal, onwaarskynlik.

107. [ø·] wissel in sommige woorde in Afr. af met [e·], soos in verskillende Ndl. dialekte, bv. Zaans veul naas veel.[3]

By Trichardt kom een geval voor : speulsheid (p. 230).

[Oe(·)] (Die Afr. abnormale middellae voor-neutrale vokaal)

In beklemtoonde lettergroep

108. In Afr. het [ø·] oorgegaan tot [oe] in kruppel, vul, Ndl. kreupel, veulen.

Trichardt skryf altyd kreupel (pp. 44, 285, ens.) en vul, bv. paardevul (p. 18), vulletje (p. 241). Ook spulletje (p. 36), uit speuletje naas speletje kom voor.

109. Teenoor mod. Ndl. merg het Afr. die vorm murg. Die Afr. vorm is waarskynlik 'n ouer vorm daar in Mnd. die

/vorme

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 16.
2) Naita, Taalk. Aantekeningen, p. 8, § 17.
3) Hoekenoogen, Zaansche Volkstaal, kol. 1110.

vorme ma(e)rch, me(e)rch, morch, murch bestaan het.[1]

Trichardt skryf alleen die ou vorm : „de ronde murg been" (pp. 52, 103), murg beenen (p. 146).

Die diftonge

[əi]

In betoonde lettergreep

110. 'n Dialektiese eienaardigheid van Afrikaans is die wisseling van [i] en [əi] in party woorde, bv. teiken, gemeinte.[2]

By Trichardt kom hierdie wisseling in 'n paar woorde voor, nl. iemand, ieder, en iets. Hy gebruik 2 maal die vorm eimand (p. 144) en nooit iemand nie; 34 maal eider (pp. 100, 183), en 1 maal ieder (p. 46); 33 maal eits (pp. 92, 129) en 1 maal iets (p. 127).

Opm. : Reeds by Bredero vind ons die vorme ijmant, ijder, ijglijck voor.[3]

Oberholster gebruik ook die vorme : eijder (31/5/24), eijmand (21/4/27), eijts (31/5/24).

Hierdie vorme met die [əi]-diftong moet toe baie gewoon gewees het. Eits is in huidige Afr. onbekend maar was toe klaarblyklik gebruiklik. Ook by Meurant kom die vorm eijts voor.[4]

111. Dit is opvallend dat Trichardt in hierdie ei-vorme gewoonlik die spelling ei gebruik, aangesien hy in byna alle ander gevalle die spelling ij gebruik om die [əi]-diftong te verteenwoordig, ook waar Ndl. dit ei spel, bv. klijne, zij (zei), vlijs, wijnig.

Wisseling van [e] en [əi] by die woorde vlees, teken, kom ook in Afr. voor; vgl. § 63.

/In

1) Franck-v. Wyk, Etym. Wdb., p. 424.
2) Le Roux, Beschr. Klankleer, p. 22 § 12.
3) Nauta, Taalk. Aantekeningen, p. 12 § 22.
4) Scholtz, Meurant se Afr., Huisgenoot, 22/8/41, p. 20.

[ou]

112. In Ndl. word hierdie diftong in die spelling soms verteenwoordig deur auw, in ander gevalle deur ou, wat die enigste spelling in Afr. is.

Trichardt gebruik nog soms die spelling auw, bv. benauwdheid (p. 1[illegible]), maar gewoonlik ou i.p.v. auw, bv. „een nouwe bos" (p. 281), vlouwe asijn (p. 151), blouwe bafta (p. 75), gouw (p. 135).

Vir die wisseling van [y] en [ou] by nu, vgl. § 103.

[ui]

113. Om hierdie diftong te verteenwoordig, gebruik Trichardt die eienaardige spelling ouij, bv. kouij (pp. 125, 144, 233). Dat hy hier wel die analogiese enkelvoudsvorm koei bedoel, word bewys deur die feit dat die Ndl. vorm koe nog daarnaas voorkom in die samestelling sekoe (pp. 39, 144, 232).

Trichardt gebruik egter die spelling ouij ook om die diftonge [oi] en [ou] voor te stel, bv. „Ik lied ouwe Strijdom van elk kalbas in een bak gouijen (p. 163), „dat de kaffer van zijn moestergoed in zijn bier gestrouijd heb" (p. 77); [ou] : ouijd (p. 12), een schape bouijt (p. 246), „Albach houijd zijn woord staande" (p. 47), Souijt Pans Bergh (p. 81). Eienaardig genoeg kom die spelling ouij vir ooi [oi], dikwels ook vir ou, au, by Joh. Duminy ook voor.[1]

'n Ander eienaardige vorm by Trichardt is moete (pp. 142, 181, 185), wat gewoonlik voorkom naas mouijte, mooite (p. 104), mooijte (p. 182).

/Oorsig

1) Francken, V.R.V. XIX, p. 74.

Oorsig van spelling en uitspraak

114. Wat die spelling betref, vertoon die skryftaal van die vier skrywers nog heelwat Ndl. invloede. Al vier gebruik nog gewoonlik sch (Afr. sk) aan die begin van 'n lettergreep, en dikwels ook aan die end i.p.v. s. Trichardt en Pretorius skryf ook in die reël z hoewel s ook voorkom. Oberholster en Joubert gebruik egter konsekwent s. Die Ndl. spelling ch aan die end van 'n lettergreep word byna altyd vervang deur g. By Trichardt val ook op die ongewone, en dikwels onfonetiese, wisseling van d en t as slotkonsonant, sowel in onverboë as verboë vorme.

115. Wat die voorstelling van die vokale betref, is Trichardt se spelling in 'n aantal gevalle baie ongewoon. Die vokaal uu [y] spel hy gewoonlik eu en soms ui. Die diftong [ɔi] word byna konsekwent vorteenwoordig deur die spelling ij, terwyl die spelling ouij gebruik word vir sowel die diftonge ou en ooi, as vir ooi. Om die diftong [ou] voor te stel, gebruik ons skrywers in die reël ou i.p.v. Ndl. auw.

116. Kenmerke van die vier skrywers se uitspraak wat teruggaan op ouer Ndl., of Ndl. dialekte, is eerstens die verlies van slotkonsonante. Die verlies van slot-n kom reeds in 17de-eeuse Ndl. voor en is vandag algemeen in die Holl. spreektaal. By ons skrywers vind ons dat swakbetoonde -n in onverboë woorde soos buiten, leven, negen, gewoonlik nog bewaar is. In die meervoudsvorme van nwe. val -n in die reël by die meerderheid nie weg nie, maar wel in verboë vorme van bnw., telwoorde, en onbep. vnwe, waar die Ndl. skryftaal 'n slot-n verlang. Wat die nwe. betref, toon al vier 'n sterk neiging om -(e)n weg te laat in meerv. persoonsvorme maar om dit te behou in die infinitief- en sterk

/volt.

120. 'n Belangrike verskil tussen die Ndl. en Afr. klankstelsels is dat die Ndl. stemhebbende frikatiewe, nl. labio-dentale [v], alveolare [z] en velare [ɣ] in Afr. stemloos is. Hierdie ontwikkeling reeds in Ndl. plaasgevind het dat hierdie konsonante in sommige 17de-eeuse Holl. dialekte en die huidige Amsterdamse dialek ook stemloos is. Uit hul skryftaal is dit nie moontlik om die toestand by ons skrywers met sekerheid vas te stel nie. Dit lyk egter of z reeds verdwyn het omdat Trichardt en Pretorius dikwels en Oberholster en Joubert altyd s i.p.v. z skryf. By [v] en [ɣ] is dit veel moeiliker om uit die spelling enige gevolgtrekkings te maak. Slegs enkele gevalle van die gebruik van f i.p.v. tradisionele v in die spelling kom by enige van ons skrywers aan die begin van 'n lettergreep voor. Dit dui egter daarop dat v reeds stemloos was. Wat [ɣ] betref, is die gebruik van g i.p.v. gh in almal se spelling 'n moontlike aanduiding dat g aan die begin van 'n lettergreep ook stemloos was, maar dit is geen bewys daarvan nie.

121. As voorsetsel gebruik Trichardt enJoubert byna altyd na, Oberholster en Pretorius egter naar. Die laaste vorm is waarskynlik aan Ndl. skryftaalinvloed toe te skryf hoewel dit nog in gebruik nog gewoon het.

122. Ongeag waarin die klankkleur van hul taal egter suiwer Ndl. is, is die behoud van intervokaliese g en v wat in Afr. by volkswoorde gewoonlik wegval. Alleen by Trichardt kom die wegval van g en v respektieflik voor, elk by een werkwoord. Belangrik in hierdie verband is die volkome verdwyning van intervok. g en v uit Albrecht se taal.

/Die

123. Die assimilasie van g aan r in woorde soos morgen, bergen, burgen kom nie voor nie.

124. Velarisering van die slot-n wat in Afr. plaasvind, veral na 'n alveolare konsonant, kom by hul blykbaar nie voor nie.

125. Die woorde liever en nieteen kry nooit die slot-s soos in Afr. nie.

126. Die Franse uitgang -tie wat in Afr. alleen -sie uitgespreek word, word nog gewoonlik -tie of -tsie geskryf.

127. Al die skrywers gebruik alleen die vorm als en nie ns soos in 17de-eeuse Ndl. en Afrikaans nie, waarskynlik onder Ndl. skryftaalinvloed.

128. Tipies-Afrikaanse kenmerke in hul uitspraak op gebied van die konsonantisme is min in getal. By Trichardt gaan intervok. v in 'n aantal gevalle oor tot w. Trichardt behou egter intervok. v in die reël en sy drie tydgenote altyd.

129. Wegval van t voor slot-s deur assimilasie is taamlik algemeen in die woorde plaas, laas(te), koors. Daarenteen word t altyd behou in kwets, gits.

130. Afval weg tussen n en s by aanstonds en ginds, na f en s by hoofd en deugd, en na r en l in die vorme vermoor, baator, verbeel, waar naas die vorme vermoord, baatord, verbeeld ook voorkom.

131. s kom voor na self en teen waar Afr. en Ndl. dit nie gebruik nie.

132. Uitgebreider gebruik van k na 'n velare nasaal in Afr. kom by ons skrywers voor. Hierdie vorme mag oorgeërfde 17de-eeuse Ndl. vorme wees aangesien hierdie verskynsel daarin besonder uitgebreid was.

/Op

133. Op gebied van die vokalisme vertoon die vier skrywers se taal baie kenmerke van die Afr. klankleer wat op ouer Ndl., veral 17de-eeuse Ndl., of op Ndl. dialekte teruggaan.

In beklemtoonde lettergreep behou Trichardt nog die oorspronklik [i] -vokaal in die woorde Tiger, Olivenhout, rixdaler. In murg is ook 'n ou vokaal behou.

134. Wat 17de-eeuse Holl. wisselvorme betref, vind ons voor alle nasale by ons skrywers 'n besonder sterk neiging vir [ɛ] om oor te gaan tot neutrale vokaal [ə], ook by woorde waar die Afr. spelling alleen e[ɛ] erken, bv. geschink, linkte, stim, omtrind. Wisseling van [ɸ·] en [o·] kom egter by hul selde voor. Alleen die voors. deur kom by ons skrywers met [ɸ·] i.p.v. [o·] voor; alle ander gevalle behou Ndl. [o·] . Wisseling van [u] en [ɔ] kom voor by troep, bloem, naas gewoner trop, blom. Wisseling van [e·] en [əi] vind ons by vlees, teken, naas vlijs, tijken. Die vorme eimand, eider en eits kom byna altyd voor naas iemand, ieder, iets. Voor r kom alleen by Trichardt 'n geval voor van oorgang van [a], [a·], of [e·] tot [ɛ·] , nl. vers. In alle ander gevalle waar Afr. [ɛ·] het, gebruik ons skrywers [a·] of [e·] soos in paard, vaars, voors, staard, steerd, waard, kombaars. Die oorgang van [a·] tot [ɛ] in die vorm los(te) kom ook voor. Alleen die vorm nuwe word aangetref, nooit nieuwe nie. Leggen en liggen word ook verwar en het grotendeels reeds saamgeval in eersgenoemde vorm. Die vorm oest is ook bewaar.

135. Afrikaanse vorme wat ook in die Holl. spreektaal of dialekte voorkom, is : nou naas Ndl. nu; vars, hartebees, Ndl. vers, hertebeest; koei naas Ndl. koe; schoot naas Ndl. schot; vul, Ndl. veulen; bietje, Ndl. beetje.

/In

136. In onbeklemtoonde lettergrepe vind ons dat [ə] van die Franse uitgang -age altyd -ie geskryf word soos in Afr. en ouer Ndl. Die [ə] van die verkleiningsuitgang, word gewoonlik -ie geskryf na die stemlose konsonante maar in ander gevalle word gewoonlik -(e)tje gebruik. 'n Tipiese kenmerk van Afr., die oorgang van vokale in onbetoonde lettergrepe tot [ɔ], 'n baie gewone verskynsel in 17de-eeuse Holl., kom in 'n hele aantal gevalle voor. Verwarring van kennen en kunnen kom ook voor.

137. Opsigte waarin hul uitspraak van Afr. afwyk en met Nederlands ooreenkom, is betreklik min in getal. In betoonde lettergrepe vind ons dat die lang vokaal [a·] behou is in die vorme allemaal, allegaar, vandaag. Die nie-verwante vorm spaak kom ook voor naas speek. On-Afr. is ook die vorme kwansuis en baviannen. Daarbenewens kom Ndl. vorme ook voor nogs verskeie van die Afr. vorme wat op ouer Ndl. of dial. Ndl. teruggaan, bv. tijger, paard, vaars, waard, steerd, veers; liggen; nu; oogs; koe; schot.

138. In onbetoonde lettergrepe behou ons skrywers nog soms die vol vokale waar hul in Afr. tot [ə] verswak het, bv. bijtijds, voor, bastaard. In 'n paar woorde word [ə] nog behou waar dit in Afr. met verlies van lettergreep weggeval het, bv. goevernemint, geloof (ww.), berijden (Afr. brei). Voor -lijk en -nis word [ə] ook in alle gevalle behou, dus ook in gevalle waar dit in Afr. weggeval het, bv. onbetamelijk, gemakkelijk, groetenis.

139. Die getal tipies-Afr. klankwysiginge wat by hul voorkom, is beperk. In betoonde lettergrepe vind ons die verkorting van [a·] in vandag, die oorgang van [ɔ] tot [u] in Boesman, en die vorme lager en koegel, blykbaar die gevolg van Duitse invloed, naas Ndl. leeger en kogel. Die wwe. zitten en zitten het reeds grotendeels saamgeval in die eerste vorm. Die oorgang van [ɔ]

/tot

tot [ɛ] kom nie voor by Ndl. ik nie, maar wel in die dial.- Afr. vorme : geester, gezocht, kenders, weld, ens.

140. In onbetoonde lettergrepe vind ons die oorgang van [o·] tot [u] in woorde van vreemde oorsprong ~~voor~~ in loeseer, waarnaas losies ook voorkom; [u] tot [ɔ] in goevorneur, en [a] tot [ɔ] in opsont. Die vorme rottang en kettang het die Maleise voknal voor die velare nasaal, in die eerste geval behou uit Maleis roton. Na konsonant plus sterkose eksplosief kom [ə] agtergevoeg voor by Ndl. ranp, geap, holft. Onbetoonde [ə] val weg met verlies van silabe in vrek(t), brijan, bloofde, rotten, gloo. Die oorgang van [ə] tot [ɛ] kom voor in die erkende Afr. vorm optel en die dialektiese vorm wel (hww.) naas wil.

141. Wat die klankleer betref, vertoon die taal van ons skrywers min kenmerke wat bepaald Nederlands en on-Afrikaans is, hoewel die getal tipies-Afrikaanse verskynsels ook gering is. Met uitsondering van enkele ontwikkelinge wat nognie volvoer was nie, veral die wegval van intervok. g en v, was die toestand van laat taal wat die klankleer betref waarskynlik grotendeels dieselfde as in huidige Afrikaans.

HOOFSTUK II

VERGELYKING

Die naamwoorde en artikels

143. Die grammatikale kategorieë naamval, geslag en getal is in die Nederlandse skryftaal nog getrou bewaar en in minder mate ook in die spreektaal. In Afrikaans bestaan alleen nog die kategorie getal wat beperk is tot die selfstandige naamwoorde, persoonlike en besitlike voornaamwoorde en die telwoorde. Ek was van plan om die kategorie-indeling te gebruik by die behandeling van die naamwoorde maar aangesien Triebardt se taal ten opsigte van die grammatikale kategorieë reeds in groote mate met Afrikaans ooreenstem, en om herhaling te voorkom, is ek verplig om die naamwoorde elk afsonderlik te behandel.

Die selfstandige naamwoord

(a) Getal

143. Om die meervoudsvorm van enve. te vorm, maak sowel Ndl. as Afr. gebruik van uitgange en vokaalverandering. Van die Ndl. meervoudsuitgange **-e(n)**, **-s**, **-eren** en **-era**, gebruik Afr. alleen **-e**, **-s** en **-ere**.

Triebardt skryf 1053 meervoudsvorme in sy Dagboek nog met die **-en**-uitgang en 419 op **-e**, dws. 71.5 teenoor 28.5% van die totaal, bv. de kouijen (p. 245), 14 schapen en bokke en 8 beesten (p. 186), twee paarden (p. 139), eijeren (p. 104); de eere (p. 179), de beesten (p. 345), de reize (p. 356), verscheijde stukke goederen (p. 49). Een meervoudsvorm op **-e** is ongerym in Afr. : leune (p. 382). Triebardt gebruik ewe dikwels die vorme kinderen (pp. 106, 200) en kinders (pp. 107, 132). Eenmaal kom daar 'n kontaminasievorm voor: kinderen (p. 77).

/Opm.

Opm. In die Holl. spreektaal word die -n van -en-uitgang nooit gehoor nie en selfs in die 17de-eeuse Holl. is dit nie meer uitgespreek nie, soos blyk uit Bredero se taal.[1] Trichardt se gebruik van die -n is dus aan die skryftaaltradisie te wyt. Joh. Duminy skryf die -n nog in 70% van die gevalle,[2] maar Wikar laat -n reeds net so dikwels weg as wat hy dit skryf.[3]

Oberholster skryf net 9 meervoudsvorme op -n teenoor 112 op -e, bv. kinderen (24/4/24(a)), vrouwen (18/9/25); de grense (9/10/32). Joubert gebruik 338 vorme op -en en 65 op -e, bv. de voeten (13/6/28), de grensen (8/8/35); osse, getuige (13/6/28).

Pretorius gebruik byna uitsluitlik vorme op -en, nl. 186 op -en en 3 op -e, bv. vrouwen en kinderen (10/4/39, p. 63), beesten (9/9/45, p. 191), barbare (2/7/47, p. 278).

Die skryftaaltradisie was dus by Oberholster veel swakker as by sy drie tydgenote in hierdie opsig.

144. In Afr. kom 'n aantal meervoudsvorme op -s voor wat in Ndl. nie bestaan nie. Die uitbreiding van die s-meervoud is egter 'n Hollandse kenmerk. In die Middeleeuw het die gebruik van die s-uitgang toegeneem, ook in allerlei gevalle waar dit later weer verdring is.[4] In die 17de-eeuse Holl. was die gebruik van die s-meervoud ook baie uitgebreid,[5] veral in die seemanstaal van die tyd waarin die gebruik uitgebreider was as in huidige Afrikaans.[6] In

/huidige

1) Nauta, Taalk. Aantekeningen, p. 29 § 49.
2) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 49.
3) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 40.
4) Schönfeld, Hist. Gram., p. 114 § 86.
5) Nauta, Taalk. Aantekeningen, p. 45 § 62.
6) Bosman, Oor die Ontstaan, p. 135.

huidige Holl. dialekte is die s-meervoud uitgebreid omdat die gebruik van -e i.p.v. -en as meervoudsuitgang veroorsaak dat die meervoud van woorde op -e nie meer kenbaar is nie.[1]

In Trichardt se taal vind ons 'n aantal meervoudsvorme op -s waar Ndl. -e(n) verlang, altesaam 35 gevalle, bv. de Moerns (p. 77), geweers (pp. 51, 306, 308), arms (p. 73), vlaktes (p. 11), droogtes (p. 68), mans (pp. 304, 305), laagtes (p. 150).

(1) By Oberholster kom 20 gevalle van die uitbreiding van die s-meervoud voor, bv. de bossemans (15/5/19), siektes (Sep., 1823). Joubert skryf 15 maal -s i.p.v. -en, bv. geweers (12/9/31), mans (J 7/11/38), veldcornets (8/8/35), en Pretorius 6 maal : mans (7/12/39, p. 99, 8/4/48, p. 313), Bosmans (2/7/47, p. 277).

(2) By Wikar tref ons die volgende vorme op -s aan : olifants (p. 44), Hottentots (pp. 20, 22, 28), ribbes (pp. 74, 100).[2]

145. In Ndl. kom 'n aantal gevalle van die versmelting van die meervoudsuitgange -en en -s tot -ens voor.[3] In Afr. is 'n aantal meervoudsvorme met uitgang -ens gevestig.

By Trichardt kom die volgende vorme op -ens i.p.v. Ndl. -e(n) voor : vrouwens (p. 18) en ruggens (p. 295), wat in Afr. bestaan, en diensbodens (p. 41), siektens (p. 315), behoefdens (p. 190), wat ongebruiklik is.

Opm. In 17de-eeuse Holl. vind ons gevalle van vorme met hierdie dubbele meervoudsuitgang soos

/geraemtens

1) Overdiep, Stilistische Gramm., p. 249 § 93.
2) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 40.
3) Schönfeld, Hist. Gramm. p. 115 § 86.

gerechtens by Vondel,[1] en liens, booijens, rooijtens by Bredero.[2]

By Oberholster kom die ongewone vorm oiktens (31/12/33) ook voor. Pretorius gebruik die Afr. vorm frouens (6/4/40, p. 313), en die onafrikaanse behoeftens (5/4/43, p. 103), grievens (10/4/39, p. 63), gedeeltens (6/4/40, p. 313).

146. Interessant is 'n paar ou meervoudsvorme op -er wat by Trichardt sporadies voorkom; nl. kinder (pp. 102, 211, 312) en kelver (pp. 24, 221). Soortgelyk kon 'npaar woorde op -er sonder uitgang voor met meervoudige betekenis: „twee koffer" (p. 101), „de koffer allemaal" (p. 150), „twee kwade betaler" (p. 272). Dit wek die vermoede dat die laaste gevalle na analogie van die meervoudsvorme op -er ontstaan het maar dit kan alleen gebeur het as Trichardt nog 'n lewendige gevoel vir die meervoudsuitgang -er gehad het, wat onwaarskynlik is. Die voorkoms van'n meervoudsvorm met enkelvoudige betekenis : „en zij dat voors een koffers doot geschoten het, dat die koffer getoverd hob" (p. 77), wek 'n sterk vermoede dat die uitsonderlose vorme skryffoute is.

147. Soos in Ndl. kon die eienaardigheid in Afr. voor dat by verskeie name van mate die enkelvoud diens soos vir die meervoud. Trichardt gebruik in 'n paar gevalle die meervoudsvorme by hierdie name van mate, bv. „zes voeten lang" (p. 87), „tegen negen uuren" (p. 224), „een hoge ouderdom — na gissing een hoge zeventig jaaren" (p. 273). Dit is moontlik hiperkorrekte vorme.

/(b)

1) Kruyt, Taalk. Aantekeningen, p. 45 § 62.
2) v. Helten, Vondel's Taal, I, p. 67 § 72.

(b) Naamval

148. In Ndl. is daar van die rooka naamvalsvorme wat nog in Middelnederlands by die nnw. bestaan het min oor. In die Ndl. skryftaal bestaan die genitiefvorm nog by manl. en onz. nnw. in die enkelv.; maar in die spreektaal kom dit alleen nog by eiename en verwantskapsname voor, benewens 'n aantal ershafotiese genitief- en datiefvorme wat merendeels in Afr. ook nog bewaar is. In Afr. bestaan egter geen lewende naamvalsvorme nie. Reeds in 17de-eeuse Hollands val die genitiefuitgang oems weg by 'n nnw. na 'n voorafgaande lidwoord of voornaamwoord in die genitiefvorm, bv. des <u>gherichts</u>, uwe <u>persoon</u>.[1]

Vrichardt gebruik nog 35 genitiefvorme by nnw., hoofsaaklik en bewit of oorsprong uit te druk, en alleen by eiename en verwantskapsname, bv. „<u>Albags</u> dat" (p. 153), „met <u>Gods</u> hulp" (p. 314), „De <u>Santyns</u> zoon" (p. 173), „zijn <u>majestoits</u> orders" (p. 304), „zijn <u>vaders</u> plaas" (p. 278). Een genitiefvorm op <u>-en</u> is duidelik 'n formule : „de wille des <u>heeren</u>" (p. 323). 'n Paar gevalle van die partitiewe genitief kom voor : „een groot eind <u>weegs</u>" (p. 249), „een wijl <u>tyds</u>" (p. 133), asook 'n geval van die genitief as byw. bepaling : „Des <u>morgens</u>" (p. 87) en van die bystellingsgenitief : „de kinderen <u>Israels</u>" (p. 203).

Oberholster gebruik nog 3% genitiefvorme, hoofsaaklik met byw. ordelike funksie, bv. „des <u>nags</u>, des <u>daags</u>" (20/8/36(2)), „des <u>morgens</u>" (21/3/29(2)), ook as bystellingsgenitief : „12 daage <u>trokkens</u>" (14/10/34). By Joubert kom 12 genitiefvorme op <u>-s</u> voor, bv. „Dan <u>Koks</u> volk" (22/3/31), „des <u>nags</u>" (10/4/29), „des anderen <u>daags</u> avont" (26/5/32); en

/by

---

1) Hauta, Taalk. aantekeninge, pp. 41-3, §§ 56-7; v. Melton, Vondel's Taal, I, p. 56 § 64; II, p. 134 § 259, p. 139 § 264.

by Pretorius vier, bv. „Natalsgrond" (12/1/40, p. 304), „den almagtigen hand Godts" (12/1/40, p. 351), „de tijd uwer leevens" (p. 156).

Dit blyk dus dat ons skrywers beperkte gebruik maak van die genitiefsvorm by die snw. en dat die vorme dikwels formules in hul taal moet gewees het. Dit is dus twyfelagtig of naamvalsonderskeiding by die snw. in hul taal nog lewendig was.

(c) Geslag

149. Grammatikale geslag bestaan nie in Afr. nie maar nog wel in Ndl. In die huidige Ndl. skryftaal word nog manlike, vroulike en onsydige woorde in die enkelvoud onderskei; maar in die spreektaal alleen de- en het-woorde. In die meervoud word geen onderskeid gemaak nie en die lidwoord de word by alle meervoudige woorde gebruik.

Die lidwoord vir die onsydige geslag in Ndl., het, kom by Trichardt alleen 10 maal by snwe. voor teenoor de 2690 maal en die 339 maal in die enkelvoud. Dit is opvallend dat het egter alleen voor onsydige snwe. voorkom, bv. „in 't vuur" (p. 90), „voor het jaar" (p. 5), „in 't vervolg" (p. 61), „in 't huis" (p. 62), „in 't veld" (p. 167). Hierdie gevalle is waarskynlik formules in sy taal en bewys nie enige gevoel vir grammatikale geslagsonderskeiding nie aangesien hy by dieselfde woorde gewoonlik de of die gebruik, bv. „de vuur" (p. 90), „de werk" (p. 313), „die werk" (p. 313), „de kale veld" (p. 165), „in die veld" (p. 271), „de huis" (p. 316). By die ander snwe. van alle geslagte gebruik Trichardt alleen de en die, sodat in sy taal geen lewendige grammatikale geslagsonderskeiding bestaan nie. (Vgl. verdere bespreking by lidwoord §§ 196-199.)

/Opm.

Opm. In Nederland het daar in die Middeleeue en in die 16de en 17de eeu groot verwarring op die gebied van woordgeslag in die Ndl. dialekte geheers totdat die grammatici orde geskep het deur geslagreëls op te stel. Van Biebeeck se Dagverhaal gee 'n duidelike beeld van die verwarring.[1]

(1) Oberholster gebruik het nog 99 maal by ons. anwe. in die enkelv., teenoor 47 maal de en 4 maal die, bv., het kind (18/1[illegible]/23), het veld (1[illegible]/7/23), „op het eynde" (Maart, 1824); „de schoot" (25/8/32), „de begin" (Junie, 1824); die oord (22/9/32(2)).

Joubert gebruik het 98 maal teenoor de 73 maal by die ons. enkelv. anwe., bv., het veld (J 2/12/38), het kind (24/3/23); de vee (11/7/38(2)), de vel (1[illegible]/4/23).

By Pretorius kom het 4[illegible] maal voor by ons. anwe. in die enkelv. en de 33 maal, bv., „het ontsag" (p. 149), „het bestier", „het veld" (2/7/47, p. 277); „den enigste middel" (12/1/49, p. 350), „den geluk" (6/3/47, p. 121).

By die manl. en vroul. anwe. in die enkelv. gebruik Oberholster en Joubert de en die en Pretorius de.

(2) Joh. Duminy toen reeds een lewendige gevoel vir woordgeslag nie.[2]

(3) In Vikar se taal wis el de en het mekaar af by ons. enkelv. anwe.[3]

In teenstelling met Trichardt, het sy drie tydgenote dus nog 'n mate van gevoel vir woordgeslag gehad. Gesien die toestand in Trichardt se taal asook in Joh. Duminy s'n, is dit waarskynlik dat hul alleen meer boekekennis besit het en dat grammatikale geslagsonderskeiding nie meer lewendig was in hul spreektaal nie.

/Om

---

1) Boeren, Cor die Ontstaan, p. 164.
2) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 4 .
3) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 44.

150. Om die natuurlike vroulike geslag by snwe. aan te dui, maak Afr. van dieselfde agtervoegsels: -in, -es, -e, -ise en -ster, as Ndl. gebruik. By Trichardt val alleen op te merk 'n vorm met die agtervoegsel -ster i.p.v. -in : „een mijsie die schaapherster was" (p. 102).

Verkleinwoorde

151. Om verkleinwoorde te vorm maak Afr. gebruik van die agtervoegsels -ie, -jie, -tjie, -etjie, -pie en -kie vergeleke by Ndl. -je, -tje, -etje, -pje, -kje. Verkleinwoorde op -ie kom reeds by die 17de-eeuse Holl. skrywers voor en ook in die huidige Holl. spreektaal.[1]

152. By snwe. waarvan die stam op f, g, k, p en s uitgaan, kom by Trichardt 42 vorme op -ie voor en 5 op -je, bv. klooffie (p. 213), graffie (p. 154), slavies (p. 321), plekkie (p. 88), bakkie (p. 93), stukkie (p. 93), lykie (p. 154), koppie (p. 86), dosie (p. 75), klompie (p. 130), poosie (p. 311), asbossies (p. 103); mijsie (p. 102); briefje (p. 320), stukjes (p. 251), plaatsje (p. 213), vlesje (p. 301), klompje (p. 85).

'n Dienaardige vorm wat by Trichardt as verkleinwoord voorkom is osse, bv. „een jonge osse" (p. 32). Dit kom 3 maal voor teenoor 5 maal ossie (pp. 193, 295). It is waarskynlik 'n skryffout.

Selfstandige naamwoorde op -t of -d word selde verklein. Alleen een verkleinwoord op -jie kom voor : voetpaadjie (p. 180) teenoor 9 op -je : endje (p. 245), tantje (p. 266), vaatje (p. 294), matje (p. 295), praatjes (p.307), entje (p. 161), vluitjes (p. 182), de wolve paatje (p. 227).

/snwe.

---

1) J. . Muller, Spreektaal en schrijftaal v. h. Ndl. (Taal en Lett. I, p. 222.)

Snwe. op l, n, r, waar hierdie konsonante deur 'n lang vokaal, diftong, oe of ie, of 'n kort, swakbetoonde vokaal voorafgegaan word, neem -tje in Ndl. en -tjie in Afr. Van hierdie snwe. kom 18 verkleinwoorde by Trichardt voor, almal op -tje, bv. dubbeltjes (p. 88), bondeltjes (p. 175), duintje (p. 64), kamertje (p. 48), riviertje (p. 276), kuijertje (p. 319).

Snwe. op -m, voorafgegaan deur 'n lang vokaal of 'n diftong, oe of ie, 'n swakbetoonde klinker of deur l, r, neem -pje in Ndl. en -pie in Afr. By Trichardt kom alleen die woord boom van hierdie klas verklein voor. Boompie (p. 319) kom een maal voor naas boompje, boompjie (p. 319).

Ook snwe. wat op vokale of diftonge uitgaan, kry -tje in Ndl. en -tjie in Afr. By Trichardt kom 8 gevalle voor met -tje en geen met -tjie nie, bv. touwtjes (p. 64), paatje (p. 79).

Snwe. op l, m, n, r, waar hierdie konsonante deur 'n kort, betoonde vokaal (uitgesonderd oe, ie) voorafgegaan word, neem -etje in Ndl., -etjie in Afr. Die vier verkleinwoorde wat by Trichardt voorkom, het almal die uitgang -etje: bulletje (p. 184), blommetjes (p. 93), een vulletje (p. 24[illegible]), een spulletje (p. 36).

Snwe. op -ng, wat nie die klemtoon op die voorlaaste lettergreep het nie, neem ook die agtervoegsel -etje, Afr. -etjie. Trichardt skryf 2 maal dingetjies (p. 205) en 1 maal jongetjes (p. 82).

(1) By Oberholster kom 'n paar verkleinwoorde voor, alleen met die agtervoegsel -je of -tje, bv. briefje (30/8/25), mijsje (3/9/26), streekjes (31/12/35), venteijntjes (Des., 1824).

/By

(2) By Vikar kom die agtervoegsel -ie voor na f, g, k, p en s maar -tje i.p.v. -tjie.[1]

(3) Joh. Duminy skryf konsekwent -ie na f, g, k, p en s. In die ander gevalle is die agtervoegsels -thee en -te gebruik.[2]

(4) In Feurant se taal is vorme op -ie heel gewoon maar of -je skaars. Hy skryf ook gewoonlik -dje of -tje, alleen by uitondering -djie of -tjie.[3]

Die ooreenkoms tussen die vorm van die verkleinwoord by verskille skrywers uit verskillende tye, dui daarop dat -ie vir -je na die stemlose konsonante vervang het lank voor die ander Afr. agtervoegsels ontwikkel het. Dit is moontlik dat -dje, -tje en -etje in Trichardt se spreektaal voorgekom het, anders sou hy nie so 'n onderskeid maak tussen verkleinwoorde op -ie en die op die ander agtervoegsels nie.

Die Voornaamwoorde

(a) Die persoonlike voornaamwoorde

153. Alleen by die persoonlike vnwe. vertoon Afrikaans nog naamvalsverskil, hoewel meer deur middel van verskillende woorde as vormverandering. Party Ndl. vorme het in Afrikaans ook verlore gegaan sodat in die meervoud daar geen naamvals-onderskeiding in Afrikaans bestaan nie.

154. In die nominatief gebruik Trichardt by die 1ste pers. enkelv. alleen die Ndl. vorm ik en nooit Afr. ek nie, bv., „vraag ik" (p. 219), ik (pp. 84, 219, ens.).

By Oberholster, Joubert en Pretorius kom ook alleen die vorm ik voor. Selfs by Albach vind ons alleen die vorme ik, ikke. In geskrifte voor 1850 is die vorm ik baie skaars, nogtans is dit onverskynlik dat ik die algemeen gebruiklike vorm was.

/As

---

1) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1770, pp. 42-3.
2) S.J. du Villiers, J. Duminy se Taal, p. 48.
3) Scholtz, Feurant se Afr., (Huisgenoot, 22 Jun. 1941, p. 29).

(2) By Wikar kom die agtervoegsel -ie voor na f, g, k, p en s maar -tje i.p.v. -tjie.[1]

(3) Joh. Duminy skryf konsekwent -ie na f, g, k, p en s. In die ander gevalle is die agtervoegsels -thee en -te gebruik.[2]

(4) In Meurant se taal is vorme op -ie heel gewoon maar ook -je skaars. Hy skryf ook gewoonlik -dje of -tje, alleen by uitsondering -djie of -tjie.[3]

Die ooreenkoms tussen die vorm van die verkleinwoord by verskille skrywers uit verskillende tye, dui daarop dat -ie vir -je na die stemlose konsonante vervang het lank voor die ander Afr. agtervoegsels ontwikkel het. Dit is moontlik dat -dje, -tje en -etje in Trichardt se spreektaal voorgekom het, anders sou hy nie so 'n onderskeid maak tussen verkleinwoorde op -ie en die op die ander agtervoegsels nie.

Die Voornaamwoorde

(a) Die persoonlike voornaamwoorde

153. Alleen by die persoonlike vnwe. vertoon Afrikaans nog naamvalsverskil, hoewel meer deur middel van verskillende woorde as vormverandering. Party Ndl. vorme het in Afrikaans ook verlore gegaan sodat in die meervoud daar geen naamvalsonderskeiding in Afrikaans bestaan nie.

154. In die nominatief gebruik Trichardt by die 1ste pers. enkelv. alleen die Ndl. vorm ik en nooit Afr. ek nie, bv., „vraag ik" (p. 219), ik (pp. 84, 219, ens.).

By Oberholster, Joubert en Pretorius kom ook alleen die vorm ik voor. Selfs by Albach vind ons alleen die vorme ik, ikke. In geskrifte voor 1850 is die vorm ik baie skaars, nooit ns is dit onwaarskynlik dat ik die algemeen gebruiklike vorm was.

/As

---

1) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, pp. 42-3.
2) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 48.
3) Scholtz, Meurant se Afr., (Huisgenoot, 23 Aug. 1941, p. 29).

155. As akkusatief- en datiefsvorm van die 1ste pers. enkv. gebruik Trichardt 469 maal die vorm mijn en 15 maal mij, bv. „en nam mijn voor mij te wagten voor de een zoo wel als voor de ander" (p. 157), „brag hy mijn de boodschap" (p. 249), „dat ik voor mijn kon nemen wat voor stuk dat mijn aanstaat" (p. 49); „maar hy bijtte mij zoo hard" (p. 306), „de Captijn had mij wijnig honing gestourd" (p. 248), „Jan zou tot bij mij komen" (p. 149).

Opm. Die vorm mijn stam uit die 17de-eeuse Hollandse volkstaal. By Bredero kom dit dikwels voor naas mij.[1] By Vondel kom dit slegs enkele male voor, maar in die klugte en blyspele van die 17de eeu was dit feitlik reël. Van Helten meen dat die vorm ontstaan het onder invloed van die genitiefsvorm mijns waarby die -s alleen as die genitiefsuitgang beskou is, na analogie van genitiefsvorme soos hems, hens, diens, wiens.[2]

Oberholster gebruik die vorm mijn 45 maal teenoor 3 maal mij, bv. „ik vind mijn verplit" (28/2/28), „weet hij mijn te berigte"(5/7/33); „aan mij is toegesonde" (30/5/21).

Joubert gebruik die twee vorme byna ewe veel, nl. 54 maal mijn en 55 maal mij, bv. onderwerp ik mijn (24/3/28), „bij mijn" (16/2/35); „sij verstond mij wel" (J 7/11/38), „dat sij mij met ondank aansag" (J 13/11/38). Dis opvallend dat Joubert in sy briewe voor 1838 mijn 52 maal gebruik en mij 7 maal, maar in die Joernaal en briewe van 1838 mijn 2 maal en mij 48 maal.

Pretorius gebruik alleen die vorm mij, altesaam dertigmaal, bv. „en sij mij...besteelen" (Aug., 1845, p. 190); „aan mij is toegekend" (27/9/39, p. 93).

/Joh.

---

1) Nauta, Paalk. Aantekeningen, p. 56 § 84.
2) V. Helten, Vondel's Taal, I, p. 122 § 116.

Joh. Duminy skryf ook gewoonlik mijn.[1]

Dit lyk, te oordeel na hierdie gegewens, of mijn nog die gebruiklike vorm in hul spreektaal was en dat mij as die Ndl. vorm beskou is. Veral Pretorius se konsekwente gebruik van mij getuig hiervoor, aangesien die Ndl. skryftaal op sy tyd die meeste invloed uitoefen. In Afrikaans het mijn tot onlangs nog by ouer sprekers voorgekom.

156. By die 1ste pers. meerv. gebruik Afr. die Ndl. datief- en akkusatiefvorm ons vir alle naamvalle. In die nominatief gebruik Trichardt 677 maal die Ndl. vorm wij en 8 maal ons, bv. „is wij gereden" (p. 84), „Heef wij ingespannen" (p. 84); „wij sou dan na rijden overmits ons een nagt sonder water slapen moes" (p. 200), „Drie dagen zal ons lopen, dan is wij daar" (p. 101), „zij wij dat ons aan die pad werken zal" (p. 221), „dat ons dat niet doen moet" (p. 84), „die mielies die ons laate staan heb" (p. 84). Betekenisvol is die gebruik van ons en wij in die nominatief in dieselfde sin in drie gevalle. Dit dui daarop dat Trichardt altwee vorme sonder enige verskil in sy spreektaal gebruik het, en dat die gebruik van ons naas wij in die nominatief bevorder is deur 'n neiging tot differensiasie in gevalle soos hierdie waar anders twee wij's kort op mekaar sou volg. 'n Soortgelyke verskynsel het ons nog in Afr. hul naas hulle.

Die gebruik van ons in die nominatief is nie tipies-Afrikaans nie. In Leeus kom ons in die eerste naamval voor.[2] In Suid-Afrikaanse geskrifte stukke van 1706-1707 het mnr. L.C. van Oordt reeds ons in die nominatief gevind, hoofsaaklik in die taal van slawe en Hottentotte.[3] In die bekende

Lied

---

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 31.
2) Posman, Oor die Ontstaan, pp. 140-141.
3) L.C. v. Oordt, Grepe uit die gesproke taal van 1706 (Huisgenoot, 15 Mei 1936, p. 27).

„Lied ter eere van de Swellendamsche en diverse andere Helden by de bloedige actie aan Muizenberg in dato 7 Aug. 1795", wat waarskynlik om 1800 geskryf is, is ons in die nominatief algemeen.[1] Daar bestaan geen twyfel dat ons reeds in burger-Afrikaans in die 18de eeu gebruiklik was nie, maar dit is ook taamlik seker dat wij nog lank 'n kenmerk van beskaafde Kaapse spreektaal was. So vind ons dat Joh. Duminy nog konsekwent wij in die nominatief gebruik.[2]

Trichardt se tydgenote gebruik alleen wij, bv. by Oberholster : „wij heb..." (14/10/34); by Joubert : „waarover wij ons sal beklagen" (10/4/29), en by Pretorius : „dat wij niet den geluk gehad heef"(6/3/47, p. 121). Dit is egter waarskynlik dat ons die gewone vorm in hul spreektaal was. Meurant skryf reeds in die reël ons in die nominatief.[3] Maar wij het klaarblyklik nog in die Afrikaans van die tyd bestaan, ook in die buitedistrikte, veral as deftige en vername vorm. Tot in die twintigste eeu het wij nog in die taal van ou mense voortgeleef.

157. By die tweede pers. enkelv. gebruik Ndl. die beleefde vorm u en die spreektaalvorm jy (je) wat ook die Afr. vorme is. Dan bestaan daar nog die vorm gij in Ndl., wat in die hoëre styl en in boeketaal voorkom. Die vorm gij kom in Suid-Ndl. egter nog in die spreektaal naas je voor. Hoewel gij by Coster, Hooft en Bredero in die plat volkstaal van die klugte voorkom, beskou dr. J.W. Muller dit as onwaarskynlik dat gij in die 17de-eeuse Hollands nog bestaan het en sedertdien verdwyn het in weerwil van Vlaamse en skryftaalinvloed.[4]

/Trichardt

1) Hierdie lied is afgedruk in P.V. 6, p. 1; Posman, Drama en Toneel in S. Afr., I, p. 1
2) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 33.
3) Scholtz, Meurant se Afr., (Huisgenoot, 22 Aug. 1941, p. 29).
4) Muller, Spreektaal en schrijftaal v. h. Ndl. (Taal en Lett., I, p. 217.)

Trichardt gebruik gij 9 maal in die nominatief, bv. „dat gij hem gezegt heb dat gij vandaag niet komen zal, dat gij hem eer de mielies zal helpen afdragen (p. 72), „Ik zij: slaat maar kind, gij moet het maken ... Gij is onverstandiger as hij" (p. 104). Die vorm u kom 2 maal voor, bv. „dat u Adonis nodig had" (p. 32), „als u misschien gelegentheid krijg" (p. 32). Jij kom net 1 maal voor: „jij heb de schuld Albag, zeg Carolus" (p. 121).

In die akkusatief en datief kom die oorspronklike vorm Uwed. 4 maal voor, en 6 maal u : „neemt wij de vrijheid Uwed. te informeeren" (p. 81), „doet ik Uwed. door deze weeten" (p. 32), „heef ik u al leere kennen" (p. 162), en 1 maal jouw : „wij heb jouw al aan stukkend gekapt" (p. 77). Dit is beie waarskynlik datTrichardt hier sterk onder invloed van die Ndl. skryftaal staan. Die vorm gij is klaarblyklik aan die invloed van Bybeltaal toe te skryf en spruit nie uit sy spreektaal nie, hoewel hy dit een keer ook in die mond van Albach plaas. Ook u sou hy nie toenoor sy trekgenote en sy kinders gebruik het nie.

158. As meervoudsvorme van die tweede persoon gebruik Trichardt gij en julluij elk 1 maal : „julluij is nog jonk, gij zult nog leeren (p. 104). Julle is die Afr. vorm vir die tweede pers. meerv. naas beleefde u.

159. As akkusatief- en datiefvorm van die 3de pers. enkv. van die manl. geslag gebruik Trichardt die Ndl. vorm hem 'n groot aantal keer maar nooit Afr. hom nie, bv. „Ik riep hem" (p. 195), „dat ik hem vroeg" (p. 49), „jaloers op hem" (p.101).

Oberholster gebruik ook alleen hem, bv. „ik sal hem voor Uwel Ld. doen verschijne" (15/3/28), „heb ik hem gelas" (12/2/28(2)). By Joubert kom 59 gevalle van hem voor en geen van hom nie, bv. „ik hoop hen...te

/sien

sien" (1/10/34), en by Pretorius ook alleen hem, bv. „wanneer de soldaat hem geslagen heef" (9/9/45, p. 191).

Joh. Duminy gebruik alleen hem.[1]

Hierdie gegewens gee die indruk dat alleen hem toe in gebruik was. By Heurnt kom hom egter net so dikwels voor as hem,[2] terwyl hom gereeld voorkom in die Afrikaanse brief van 1851 van H. Bezuidenhout.[3] Hom was dus waarskynlik die algemene spreektaalvorm in daardie tyd maar, soos in die geval van ons en wij, het hem moontlik nog voorgekom as verneme vorm.

160. As onsydige derde persoonsvorm gebruik Trichardt altyd die Ndl. vorm het. Slegs een twyfelagtige geval van die gebruik van dit kom voor: „als ik dit doen zoude" (p. 111). So vind ons alleen het in onpersoonlike konstruksies, bv. „met dat het duister wierd" (p. 161), „Is het aan regenen gegaan" (p. 14), en met vooruitwysende funksie, bv. „Zij antwoorde dat het onwaar is dat sij dat gezegt heb" (p. 166), „zag wij dat het een leeuw was" (p. 280).

Trichardt gebruik het in ooreenstemming met die Ndl. gebruik en die Afrikaanse gebruik van dit as voorlopige onderwerp by persone en meervoudige begrippe, bv. „Wij zij dat het mischien Gabriël wesen zal" (p. 137), „dat het een oud afgeleeft man is" (p. 43), „was het omtrent zestig man" (p. 270).

In Ndl. word het gebruik om terug te wys na sake, na meervoudige begrippe en selfs na sinne, en in verband met die natuurlike geslag van 'n persoon wat deur 'n onsydige anw. aangedui word. In die spreektaal word naas het ook hij en zij gebruik om na persone terug te wys wat deur ons. anwe. aangedui word, asook na diere. In die laaste geval word in Ndl.

/byna

---

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 34.
2) Scholtz, Heurnt se Afr. (Huisgenoot, 22 Aug. 1941, p. 29.)
3) Scholtz, Afr. brief van 1851 (Huisgenoot, 13 Junie 1941, p. 61).

byna uitsluitlik hij gebruik, selfs by vroulike diere. Het of hij word ook gebruik om na voorwerpe terug te wys.[1]

In Afr., waarin woordgeslag geen rol speel nie, brei die gebruik van hy, hom steeds meer uit sodat hul net so goed as dit byna oral by konkrete begrippe gebruik word. Selfs by abstrakte begrippe dring die gebruik van hy deur by verpersoonlikinge in die ruimste sin of by voorstellinge waarby 'n werkende krag gedink kan word.[2]

Die belangrikste kenmerk van Trichardt se taal in hierdie verband is die veelvuldige gebruik van het. By lewelose voorwerpe tref ons het in die enkelv. 208 maal aan teenoor 3 maal hij en 11 maal hem; bv. „Zouw de band opgetrokken worden, was het aan stukkend" (p. 155), „Jan had de morgen zijn wagen gereed, zouw het af bringen" (p. 235); „de middelrug, waar hij dootloop" (p. 217), „Uw ketel, als gij het op teld en reg zit, is hij weer eerlijk" (p. 230); „Botha was de morgen aan de wiel gegaan, had hem de avond byna klaar" (p. 287), „Heb Carolus zijn traktouw gesneden en zouw hem ook draaijen" (p. 53). In een geval kom zij by 'n konkrete begrip voor : „De morgen ging ik en Carolus zien waar de spoor na toe ging, zag wij dat zij reg na een kaffers kraal gaat" (p. 177).

By meervoudige begrippe word dit in Afr. gebruik vir voorwerpe en abstrakte begrippe wat as versamelinge of hoeveelhede in die bewussyn optree. As daaraan as aparte eenhede gedink word, is die neiging sterk om hulle te gebruik.[3] In Ndl. word uitsluitlik ze gebruik om sake in die meerv. aan te dui.

/Trichardt

---

1) Gertenbach en van Slooten, Belangryke Verschynselen, p. 94 § 173.
2) Malherbe, Afr. Taalboek, p. 91 § 79, opm. 1.
3) Malherbe, Afr. Taalboek, p. 92 § 81.

Trichardt gebruik in hierdie geval altyd het, bv. „Hij zij als wij de wagens door heb, wij het weer in malkander steken ken" (p. 225), „Zij had drie van haar veldschoenen laat liggen...kwam een om het te halen" (p. 158), „waar zijn geweere is. Zij daar bij zijn vuur. Laat ik het komen en doelde het aan mijn volk uit" (p. 158). Dit is, soos ons kan verwag, alleen konkrete begrippe wat in sy taal voorkom. Hy toon dus 'n besonder sterk neiging om het by sake te gebruik, veel meer as die normale Ndl. taalgebruik.

Ook met betrekking tot diere gebruik Trichardt dikwels het, selfs by manl. en vroul. diernaam. In die enkelv. kom het 18 maal voor teenoor 23 maal hij, 60 maal hem, 12 maal zij en 26 maal haar, bv. het „Willem is weer gegaan na de hond te soeken, heb hij 't gevonden" (p. 97), „dat zij merrie ook weg is, hij moes ook komen om het op te soeken" (p. 142), „laat ik de os halen en schoot het doot" (p. 270); hy : „kwam de leuw na ons toe, op een distansie blijf hij leggen" (p. 141), „kwam sekoer zeggen dat de vontyn een olivants bul is, dat hij afgaat na de rivier" (p. 98); hem : „Ik vraag waarom hy de renoster niet geschoten heb terwyl hij zoo dig bij hem was" (p. 104), „De middag was een paard siek en de nagt was hij doot en de wolf had hem opgevreten" (p. 24); zij, haar : „als hij hem zoo wijnig aan zijn merrie stoor als zij apzint is, dat hij alsdan haar by hem oppassen ken." (p. 142), „schoot Jan een kouij van agter op de bouijt en haar vervolg hebbende. ...kwam haar de derde maal bij, schoot ik mis...was zij ons uit het gezig geraak" (p. 146).

In die meervoud gebruik Trichardt oorwegend het om na diere terug te wys. Teenoor 57 maal het kom 10 maal zij, 16 maal ze, 3 maal haar en 2 maal hen voor, bv. „Was zijn renosters alle bij weg, kon hy het niet krijgen" (p. 162),

/kon

„kon hij de bokken niet door de rivier krijgen, laat hij het daar staan" (p. 260), „Heb ik Rossetoe laate vraagen om na de twee beeste te zien om het hier te krijgen" (p. 30); ze : „was de beeste in het veld, heb wij ze late halen" (p. 303), „Heb ik elf speen kalver na Rossetoe gesteur om ze te speenen" (p. 24); zij : „Heb wij twee grote klompe koedoes gekregen maar zij nam de vlugt" (p. 147); haar : „de osse schrikte, vloog de anderen om...kryg ik haar tot stilstand" (p. 175); hen : „Is wij de elanden omgereden...heb wij hen nogeens bijgejaagt" (p. 114).

Trichardt se gebruik van het met terugwysende funksie met betrekking tot diere, stem in 'n groter mate met Afr. (dit) as met Ndl. ooreen in die enkelvoud. Sy oorwegende gebruik van het in die meervoud is in stryd met altwee en moet 'n persoonlike eienaardigheid of 'n eienaardigheid van die taal van die tyd wees.

(1) By Oberholster kom ook altyd het en nooit dit as pers. vnw. van die ons. geslag voor nie, bv. „wat sou het voor ons een vreugde wese" (24/10/29), „baer het over het algemeen vrees en schrik" (15/11/31). Het kom ook voor waar dit op 'n persoon terugwys wat deur 'n ons. anw. aangedui word : „sal ik in het werk stelle het kind weer magtig te worde ten eynde het aan u wel Ed. te besorge" (8/8/25).

Joubert gebruik alleen het, bv. „laat ik geen schepsel door wie het ook is" (8/11/31), „ik bemerkte dat het alle ooverlamse was" (10/4/28), en Pretorius ook, bv. „is het een grote segening" (27/4/49, p. 331).

/Joh.

(2) Joh. Duminy gebruik alleen het en nie dit nie.[1]

By al hierdie skrywers word dus alleen het gebruik en nie dit nie. Maar in die brief van Grietje Goldenaar van 21 Augustus 1826 uit „De Verzamelaar" (Patriotvereniging-Uitgawe No. 6, pp. 6-7) kom det konsekwent voor i.p.v. Ndl. het. Meurant gebruik dit ook reeds dikwels in sy Afrikaanse briewe in „Het Kaapsche Grensblad" maar vir die merendeel nog het.[2] Dit was dus blykbaar reeds baie gebruiklik in daardie tyd maar het is moontlik nog gebruik. Die uitsluitlike gebruik van het by Triebardt en ander moet blykbaar op rekening van die Ndl. skryftaaltradisie geplaas word.

101. By Triebardt kom dat een maal voor i.p.v. Ndl. het : „als dat is dat zy niet gevraa(g)t heb om u beeste onder de onder te jagen" (p. 44). Hierdie gebruik van dat is onnodl. en onafr. Hoogtens lyk dit of dit vroeër in Afrikaans wel voorgekom het. Dit kom in die Hottentot-Afrikaans in „De Temperatieten" van Donifacio voor. In die Meurant-briewe in „Het Kaapsche Grensblad" kom dat 'n enkele keer naas het en dit voor,[3] en in Nieuwidenhout se brief, 1851, word dat 10 maal gebruik teenoor 3 maal het en 1 maal dit.[4]

102. Triebardt gebruik ook nog er as onbjekswoord in enkele gevalle, bv. „Dens was er een Commando op hem gekomandeert" (p. 113).

Oberholster gebruik er nog dikwels as onbjekswoord, bv. „als er geen saak tegen hem is" (6/10/26), „sijn er 6 van gemelde komplot geconvelt" (18/7/25), „tot er gelegendheijt tot een wage naar de dorp gaat" (18/7/25).

/Triebardt

---

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 34.
2) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22 Aug. 1941, p. 29.)
3) Idem.
4) Scholtz, Afr. Brief van 1851 (Huisgenoot, 13 Junie 1941, p. 21).

163. Trichardt vervang Ndl. er, Afr. daar, soms deur het, bv. „was het weer mis op de bergen" (p. 231), „de avond was het regen" (p. 34), „maar als de hout brand, dan is het een rusie" (p. 121). Hierdie verskynsel gaan blykbaar terug op Middelnederlands. Daarin kom het voor, as grammatiese onderwerp en as aankondiger van die logiese onderwerp, ook meer Moderne Nederlands die bywoord er sou gebruik.[1)]

164. By die derde persoon meervoud bestaan in Afr. alleen die pers. vnw. hulle wat vir alle geslagte en naamvalle gebruik word. Ndl. daarenteen besit verskillende vorme vir verskillende naamvalle en vir die natuurlike vroul. geslag in die voorwerpsvorm. In die nominatief gebruik Ndl. zij, ze (zullie). Trichardt gebruik zij 357 maal en hulluij 3 maal in die nominatief, bv. zij : „Is zij na ons gekomen" (p. 265), „kwam zij byna alle uit de kraal" (p. 150); „Heb hulluij de menschen overweldig" (p. 39), „dat hulluij gesegt heb" (p. 82).

(1) Oberholster gebruik ook hoofsaaklik zij in die nominatief, bv. „dat zij zijn gekome" (9/10/22), „wijl see te swak zijn" (18/7/35). Daarnaas kom die vorm sulle, wat Trichardt nie gebruik nie, ook 3 maal voor en die vorm hul 1 maal, bv. „als sulle deurtrek" (29/6/23); „hul trek gedurig binnewaerds" (22/9/32).

Joubert skryf alleen zij in die nominatief, bv. „zij beloofde mijn" (J 11/12/38), „zij gingen alle mit mij" (J 1 13/38).

Pretorius gebruik zij 28 maal in die nom. van die 3de pers. meerv. naas 3 maal sulle, bv. zij : „en zij niet hun hunselven als door ons verlaten beschouwen" (6/6/39, p. 77); sulle : „het schijnd of sulle een brief ...opgevangen heef (12/3/47, p. 257).

/Joh.

---

1) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 21 § 35.

(2) Joh. Duminy gebruik gewoonlik sij in die nom. meerv. van die 3de pers., maar ook sulle en 1 maal hoorluij.[1]

Dit lyk dus of sij nog die gewone vorm in die nominatief meerv. van die derde persoon was naas hulle en sulle. Meurant skryf in sy briewe in „Het Kaapsche Grensblad" egter reeds altyd hulle in die nominatief, met uitsondering van een geval van sulle.[2] Sij het dus moontlik nog as deftige vorm bestaan naar hulle was die gewone spreektaalvorm.

165. As akkusatief- en datiefvorme word in Ndl. hun, hen en ze gebruik, asook haar, veral by vroulike selfstandige naamwoorde. Haar word in die spreektaal egter selde gebruik. Van die vorme hem, hen en hun wat in die Middeleeue as derde en vierde naamvalsvorme van die 3de pers. meerv. in Ndl. bestaan het, het hen in die 16de eeu verdwyn. Naas hen en hun het haar, die ou vorm van die genitief meervoud, sedert die 15de eeu in die datief en akkusatief begin indring. Ons vind ons by Vondel haer naas hen, hun in die dat. en akkus. meerv. van alle geslagte.[3]

Die renaissancistiese grammatici het haar beperk tot vroul. snwe. en hun en hen tot manl. en ons. snwe. Hun en hen is ook verder onderskei deur hen tot die akkusatief te beperk en hun tot die datief, 'n onderskeiding wat die konserwatiewe Ndl. skryftaal nog handhaaf. In die Ndl. spreektaal word hun en hen egter sonder onderskeid vir die derde en vierde naamval in die meervoud gebruik.[4]

Ons vind dat Brodero hoofsaaklik haer, heur as 3de en 4de naamvalsvorme in die meervoud gebruik waarnaas hen en hun soms ook voorkom.[5]

/In

---

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 31.
2) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22 Aug. 1941, p. 29.)
3) v. Helten, Vondel's Taal, I, p. 120 § 113.
4) Gerl.Royen, Pron. Problemen, p. 40.
5) Kuuta, Taalk. Aantekeningen, p. 56 § 87.

In die akkusatief en datief van die 3de pers. meerv. gebruik Trichardt 178 maal die vorm haar, 23 maal hen, 6 maal hun, 7 maal hulluij en 16 maal ze. Hy gebruik haar vir alle geslagte, bv. „-ag juffr. Schepers een party kaffers aan komen ... Ik ging ten eersten na haar toe en deet haar met wysen verstaan..." (p. 158), „zij de volk van Makoedelane..dat ik voor haar een sekouij schieten mog" (p. 293), „kwam daar drie kaffers, zij dat zij na ons toe kom, dat die captijn haar geetourd heb" (p. 177). In die volgende sin kom sowel haar as ze in die akkusatief voor : „Hy sous haar dan zoo en zoo slaan als hy ze kryg" (p. 95). Hen : „heb Pieta hen weer van elkander gemaak" (p. 102), „heef Boers voor hen patattas en mielies laate kooken" (p. 89); Hun : „Is ik en Carolus na hun gereden" (p. 35), „Toen ik hun bijde gehoord had" (p. 43), Hulluij : „Hy kon hulluij niet inkrijgen" (p. 21), „Is ik en Carolus na hun gereden om hulluij daar te laaten uitspannen" (p. 35); ze : „Ging Antonie en jaag ze alle uit" (p. 184), „Hy liet mijn een schaap vragen en Boers een die ik ze gaf" (p. 52).

(1) In die akkusatief en datief gebruik Oberholster in die reël hun, bv. „drie man staan hun te volge" (23/3/35). Haar en haarle kom ook 'n paar maal voor, bv. „hetwelk haar in haarle saak tot een voorlig sou kunne strekke (31/5/24), „hetgeen voor haarle sijn verrig (31/5/24).

Joubert gebruik 68 maal hun en 4 maal se in die akk. en dat., bv. „als U lle hun gaarne wil spreeken sal ik hun het melden" (14/3/29), „of ik hun soude kwaalik neeman" (25/9/29).

Pretorius gebruik hun 2[illegible] maal, hen 3 maal, sij en haar elk 1 maal, bv. „of den roovers hun oos wee

/suijd

zuijd of noord gedreven heef" (Aug. 1845, p. 190); „den zegen des Allerhoogsten hen uit hunne droevige toestand redden" (6/6/39, p. 77); „en send om myne ossen...dog vond zij niet (2/7/47, p. 276); „van den kinderen der naturellen of iets dat aan haar toebehooren" (p. 151).

(2) By Joh. Duminy kom ze 9 maal voor, haarluij 7 maal en hen en haar elk 1 maal.[1]

(3) Wikar gebruik gewoonlik haar in die akk. en dat. by die 3de pers. meerv., nooit ze en 1 maal hun.[2]

Daar bestaan dus groot verskil tussen die taalgebruik van die verskillende skrywers wat aangehaal is. Haar, die gebruiklike vorm by Trichardt en Wikar, kom by die ander byna nooit voor nie, terwyl hun wat Oberholster, Joubert en Pretorius in die reël gebruik, by Trichardt selde en by Joh. Duminy gladnie aangetref word nie. Terwyl hulle, die enigste Afr. vorm, alleen by Trichardt 'n paar maal voorkom, gebruik Meurant hulle in sy briewe in „Het Kaapsche Grensblad" en Bezuidenhout in sy brief van 1851 in dieselfde blad konsekwent in die akk. en dat. van die 3de pers. meerv. Die vorme hun, hen en ze is heelwaarskynlik Hdl. skryftaalvorme. Haar(le) en hulle, daarenteen, was waarskynlik die spreektaalvorme. Wat haar(le) betref, meen prof. Franken dat dit, om te oordeel na inkomende briewe uit die buitedistrikte, die gangbaarste vorm in die boere-hollands van dié tyd was en eers definitief verdring is deur hulle in die loop van die negentiende eeu, nes die pers. vnw. nijn deur mij.[3] Wikar en Trichardt se taalgebruik verleen sterk steun aan prof. Franken se mening maar Meurant en Bezuidenhout se gebruik toon blykbaar dat hulle reeds die oorhand gekry het. Dit is egter moontlik dat haar nog in gebruik was.

/As

---

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 33.
2) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 47.
3) Franken, V.&.T. XIX, p. 74.

166. As wederkerende vnw. vir die 3de pers. gebruik Trichardt die Ndl. vorm zich maar 3 keer : „Ik vraag of zij geweers van ouwe Ginsburg bij zig heb" (p. 92), „een Hottentots captijn in vroeger tijd, die...zig altoos wis in te wikkelen bij den regter" (p. 113), „en mijn vee voor zig nemen ken" (p. 257). Daartoenoor gebruik hy 46 maal hem en 7 maal haar in die enkelvoud, bv. „dat hij hem niet meschien vergissen mag" (p. 113), „als hij hem zoo wijnig aan zijn merrie stoor als zij apsint is" (p. 142), „Hij had zijn twee zoons bij hem (p. 117); „de kouij die haar doot geblouijd heb" (p. 74), „zij liet haar dog bewegen" (p. 317). In die meervoud kom haar 8 maal voor en hen 2 maal, bv. „Maar zij schel en vloekt de kinders uit, ken ik de kinders niet beletten haar te verdedigen" (p. 231); „Joeg ze op loop met de honden van Albag die zij bij hen hadde" (p. 165).

Opm. Die vorm zich het in Middelnederlands nie bestaan nie en die pers. vnwe. van die derde persoon is as wederkerende voornaamwoorde gebruik soos in die huidige volkstaal en in Afrikaans. In die 17de eeu begin zich in Ndl. opgang maak en ons vind by Vondel reeds in die reël zich, hoewel in sy ouer werke hem, haer, hen, ens. daarnaas nie ongebruiklik is nie.[1] Predero gebruik sich, sick, daarnaas ook hem, hum en sijn (in verbinding met selven, self, selfs) vir manl. en ons. en haer, heur vir vroul. geslag. Haer, heur kom ook voor as manl. en ons. meerv. en hem as vroul. enkelv.[2] In die Moderne Holl. spreektaal word zich, 'm, d'r, en hun gebruik as wederkerende vnwe. by die derde persoon.[3]

/Oberholster

1) v. Helten, Vondel's Taal, I, p. 123 § 117.
2) Hauta, Taalk. Aantekeningen, p. 57 § 89.
3) Talen, Hollewyn, H. Nettema: Ndl. Taal, p. 48 § 99.

(1) Oberholster gebruik 42 maal sig, bv. „terwijl hij sig niet gevange wou gove maar sig dadelijk in wopen stelde" (19/2/22); „dat het meisje sig had begeve" (3/9/26). Hom kom egter ook 19 maal voor, bv. „hij berib hom op seijn baas" (3/9/26).

Joubert gebruik 14 maal sig, bv. „dat hij sig toen bevind" (25/5/32), „dat 3 van hun sig bedag hat" (22/11/38), maar 16 maal hom, bv. „by wien hij hom sal vervoegen" (25/5/32), „dat hij gencotsaak wiert hom gereet to maaken om hom te verweeren" (23/5/32); 8 maal hun, bv. „hij gaf mij te kennen dat sij hun verlaurt heb" (J 24/11/38), „dat de ingesetene van nijn veldcornetschap hun lang sal bedinken" (11/7/33), en 2 maal haar, bv. „dese meijt is gekoomen ...hebbende bij haar een kint" (9/1/36).

Pretorius gebruik sig 6 maal, bv. „en hy vertoont sig heel anders" (6/3/47, p. 122), „zij hebben sig niet eens verwaerdig" (16/3/46, p. 322). Hom kom ook 3 maal voor, bv. „soo als hij hom uitdruk" (6/3/47, p. 122), en hun 8 maal, bv. "en zij niet hunzelven als door ons verlaten beschouwen" (6/6/39, p. 77).

(2) Joh. Duminy gebruik hom in die enkelv. en haarluij in die meerv. as wederkerende vnwe. van die 3de pers.[1]

Dit blyk dus dat zich selfs in die skryftaal van ons skrywers 'n onaansienlike rol speel. In die Maurant-briewe in „Het Kaapsche Grensblad" word hom in die enkelv. en hulle in die meerv. as wederk. vnw. gebruik en nooit zich nie.[2] Sig kom egter nog sporadies in Afrikaans voor, veral

/in

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, pp. 32, 39.
2) Scholtz, Maurant se Afr. (Huisgenoot, 22 Aug. 1941, p. 29.)

in verbinding met self. Dus kan ons aanneem dat in Trichardt se taal die toestand met betrekking tot die wederkerende voornaamwoord reeds ooreengestem het met die in Afrikaans.

167. By die wederk. vnw. gebruik Trichardt dikwels nadrukliko zelf. Gewoonlik gebruik hy die vorm zelfs, bv. „hij zij dat een elder voor hen zelfs sproken moet" (p. 309), „als zij van mijn enig ding steeld, zij haar zelfs doot maak" (p. 269). Drie maal skryf hy die verboë vorm zelven : „Ik dag bij mija zelven" (p. 233), „kwam zij een wijnig tot haar zelven" (p. 322), „hy is baas van zija zelven" (p. 340).

169. As wederkerige voornaamwoord gebruik Trichardt alleen die Ndl. vorme elkander en malkander wat elk 10 maal voorkom, bv. „was de schapen to na aan elkander, eer hij bij kon weesen van het ander malkander" (p. 106), „Carolus had die dag zijn osse door malkander geslagen" (p. 293), „heb Pieta hen voor ven elkander gemaak" (p. 102).

Trichardt se drie tydgenote gebruik alleen die vorm elkander : Oberholster, bv. „dat wij dig aan elkander blijve" (23/9/23); Joubert, bv. „onse paarden die aan elkander was gebonden" (10/4/23); Pretorius, bv. „hebt elkander lief" (/4/40, p. 314).

Die Afrikaanse vorm mekaar word ook in Ndl. gebruik, sodat hierdie vorme dus klaarblyklik Ndl. skryftaalvorme is.

/TABEL

TABEL VAN PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE

		Trichaidt	Oberholster	Joubert	Pretorius
1ste pers. enkelv.					
nom.	ik	100%	100%	100%	100%
dat. & akk.	mijn	469	45	54	0
	mij	15	3	55	30
2de pers. enkelv.					
nom.	gij	9			
	u	2			
	Jij	1			
dat. & akk.	u	6			
	Uwed	4			
	Jouw	1			
3de pers. enkelv.					
nom. ons.	het	100%	100%	100%	100%
	dit	1 ?	0	0	0
akk. & dat. manl.	hem	100%	100%	100%	100%
	hom	0	0	0	0
1ste pers. meerv.					
nom.	wij	677	100%	100%	100%
	ons	8	0	0	0
2de pers. meerv.					
nom.	gij	1			
	julluij	1			
3de pers. meerv.					
nom.	zij	357	95%	100%	25
	hullui	3	1		
	sullo		3		3
akk. & dat.	ze	16		4	1
	haar	178	3		1
	hen	6			3
	hun	23	90%	68	22
	hullui	7			
Wederkerende vnw. 3de pers.enkelv.	zich	3	42	14	8
	hem	46	10	16	3
	haar	7		2	
meerv.	hun			8	8
	haar	8			
	hen	1			
Wederkerige vnw.					
	elkander	18	100%	100%	100%
	malkander	18			

169. Die besitlike, aanwysende, betreklike en vraende voornaamwoorde kan meestal sowel selfstandig as byvoeglik gebruik word. Waar hul byvoeglike funksie het, is hul egter eintlik nie meer voornaamwoorde nie. Duidelikheidshalwe volg ek egter die tradisionele indeling en sluit ek hierdie woorde met byvoeglike funksie by die behandeling van die voornaamwoorde in.

(b) Die besitlike voornaamwoorde

170. In die moderne Ndl. spreektaal word naamval nie meer by die besitl. vnwo. onderskei nie maar nog wel in die skryftaal. Vormverandering is in die spreektaal beperk tot die vorm onze i.p.v. ons by onder ae ons. enkelv. onwo., en tot selfstandige gebruikte besitl. vnwo. In Afrikaans kom verbuiging alleen in die laaste geval nog voor.

I. Byvoeglike gebruik

171. By die eerste persoon enkelvoud skryf Trichardt 254 maal die Ndl. vorm mijn en 9 maal die Afr. vorm my, bv. „mijn kinderen" (p. 130), „mijn vee" (p. 141), „sprak tegen mijn vrou" (p. 230); my : „my vrou" (p. 131). Die verboë vorm mijne kom 8 maal voor, bv. „dat het nu mijne ooij is" (p. 82), „kwam mij na mijne kind" (p. 85), „voor alle mijne moeite" (p. 127).

(1) Oberholster gebruik 25 maal mijn en 15 maal die verboë vorm mijne, bv. „mijn plig" (24/4/25), „van mijn distrik" (8/8/29); „naar mijnne distrik" (Nov. 1923), „bij mijnne afwesendheid" (29/11/31). My kom nie voor nie.

Joubert skryf 55 maal mijn en 11 maal mijne, bv. „in mijn besit" (9/7/34), „terwyl ik het mijn plig ag" (21/1/35); „met mijne terugkoms" (J 11/12/33), „met alle mijne saaken" (23/8/35). Een genitiefsvorm kom ook voor : „een mijner geeellen" (J 15/11/33). My kom nie voor nie.

Pretorius gebruik mijn 5 maal en mijne 11 maal in die nominatief, bv. „mijn publieke regering" (p. 148), „ik en mijne familie" (Aug. 1845, p. 190); in die akkusatief kom mijn 3 maal voor en 63 maal mijne, bv. „von mijn huis" (9/9/45, p. 191); „op mijne waagen" (9/9/45, p. 191), „die door mijne vee loopt" (9/9/45, p. 192), nooit mij nie.

(2) Joh. Luniny skryf altyd mijn;[1] so ook Meurant in sy briewe in „Het Kaapsche Grensblad".[2]

Die feit dat die vorm mij alleen by Trichardt 'n paar maal voorkom, dui daarop dat mijn nog in gebruik was naas mij. Die verbôê vorme op -e wat selfs by enkelv. onve. in die nom. en by ons. onve. in sowel nom. as akk. gebruik word, is klaarblyklik skryftaalvorme.

172. By die lste pers. meerv. gebruik Trichardt die vorm ons 85 maal by ons. onve. in die enkelv. in ooreenstemming met Nederlands, maar 134 maal by ander woorde, bv. „ons vee" (p. 159, 217), „bij ons lager " (p. 270), „ons land" (p. 203), „ons geselschap" (p. 113); „ons wagen" (p. 156), „tot sij ons beste bring en ons moeyte betaal" (p. 182), „ons vrouven en kinderen" (p. 183).

Die vorm onze gebruik Trichardt 9 maal in stryd met Ndl. by ons. enkelv. onve. en 25 maal in ooreenstemming daarmee by ander woorde, bv. „onze dogtertje" (p. 6), „onse geweer" (p. 53), „onse kruijd" (p. 53); „met onze komste" (p. 191), „wouw wij de morgen onse rijs aan nemen" (p. 193), „zal op onze hoeken wesen" (p. 257). Trichardt toon dus 'n sterk neiging om oral ons te gebruik en gevoel vir die verskil tussen die twee vorme besit hy nie meer nie.

/Oberholster

---

1) A.J. de Villiers, J. Luniny se Taal, p. 35.
2) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 23 Aug. 1941, p. 29.)

(1) Oberholster gebruik ons 1 maal by ons. enkelv. anwe. meer 5 maal onse, bv. „ons distrik" (16/4/28); „onse droevig geval" (15/7/28), „onse ootmoedig versoek" (24/11/29). In alle ander gevalle kom alleen onse voor, bv. „onse toestand" (24/11/29), „onse versogte plaasse" (24/11/29). Hy gebruik ook die genitiefsvorm onser 1 maal : „tot welvaard onser afgelegge distrikten" (25/8/29).

Joubert gebruik ons en onse elk 3 maal by ons. enkelv. anwe., bv. „in ons leger" (12/9/25); „onse geoert gouverment" (22/8/31), „onse vee" (J 2/12/38). In alle ander gevalle gebruik hy alleen onse, nl. 14 maal, bv. „onse paarden" (10/4/28), „op onse grense" (10/4/29), „onse osse" (J 25/11/38).

Pretorius gebruik ons 6 maal by ons. enkelv. anwe. teenoor 3 maal onze, bv. „ons leven" (10/4/49, p. 62), „ons hoof" (p. 150); „onze land, onze goed" (4/5/49, p. 364). By ander woorde skryf hy 10 maal ons en 30 maal onze, bv. „ons grense" (p. 150), „ons hande" (20/1/48, p. 293); „onzen dappere mede broederen" (27/4/49, p. 363); „onse broeders" (p. 150). Die genitiefsvorm onzer word ook 4 maal by meervoudsvorme gebruik, bv. „veelle onzer ondernemingen" (4/5/49, p. 363).

(2) Joh. Dusiny gebruik in die reël onse, ook by ons. enkelv. anwe.[1]

Dit is duidelik dat woordgeslag by hierdie skrywers geen rol speel in hul gebruik van die vorme ons en onse nie. Onse is waarskynlik nog gebruik veral as vorme vorm. Selfs vandag is dit in Afr. nie onbekend nie.

/By

1) Franken, V.T.V. XII, p. 74.

173. By die tweede persoon enkelvoud gebruik Trichardt 4 maal die onverboë vorm u en 3 maal die verboë vorm uwe(n), bv. „u vader en moeder, u ooijen" (p. 82); „uwe ooij" (p. 82), „om aldaar met unon goedgunstigheid te handelen" (p. 81). Hy gebruik ook 2 genitiefvorme van u : „leemt de tugd u s vaders aan en veragt de liefde uwer moeder nie" (p. 5). Hierdie is egter klaarblyklik formules in sy taal of skryftaalvorme. Jou kom by Trichardt nie voor nie.

By Pretorius kom u en uwe elk 'n paar maal voor, bv. „U E. koms" (13/8/42, p. 175), „uwe liefe familie" (4/3/49, p. 363). Die genitiefvorm uwer kom 2 maal voor, 1 maal by 'n manl. onw.; „het ontfange uwer brief" (4/3/49, p. 363), „de tyd uwer leevens" (p. 150).

174. By die manlike 3de pers. enkelv. gebruik Trichardt die vorm zijn 607 maal en die Afr. vorm zij 26 maal, bv. „die met zijn twee handen wijste" (p. 179), „voor zijn vader" (p. 135), „na zijn vuur" (p. 171); „als hij zij gedagten gaan laat" (p. 241), „zij scherm" (p. 19). Hy gebruik ook 'n paar vorme met die e-uitgang, bv. „kwan zijne hoogheid by mijn (p. 321), „ik dankte hen voor zijne goedheid" (p. 309), „een wijze zoon verblijd zijne vader maar een dwaas is zijne moeders droefheid" (p. 4). Dit is duidelik dat hierdie vorme formules in sy taal is. By die vroul. 3de pers. enkelv. gebruik Trichardt ook enkele vorme op -e : „dat zij nog bij haare moer loop" (p. 80).

(1) Oberholster gebruik zijn 3 maal en zijnne 8 maal, bv. „badenhors to vergunne zijn gesaijde groot te maake" (9/4/28); „tot bevoijloge van...zijnne vrontiere" (5/7/33), „aan zijnne hoogheid voor te stelle" (25/8/29). Die genitiefvorm zijnner kom ook 3 maal voor, bv. „den dag zijnner herstelling" (24/8/29).

/By

By Joubert tref ons sijn 15 maal aan en sijne 7 maal, bv. „met sijn vee op sijn eijgen tijd te trekken" (J 17/11/33), „de huijs van sijn schoonvader" (30/12/35); „siende sijne noot" (14/8/29), „sijne kinderen ten huwelik te brengen" (2/1/35). Hy gebruik ook een genitiefsvorm : „een synner kinderen" (J 17/11/38).

Pretorius gebruik sijn 6 maal en sijne 8 maal in sowel nom. as akk., bv. „heef ook weer sijn oude pos" (6/3/47, p. 139); „dat het sijne lieve boemans waart" (2/7/47, p. 277); „die...sijne almagtigen hand heef getoond" (12/1/49, p. 351), ook een genitiefsvorm : „ter sijner eere" (23/7/38, p. 27). Pretorius skryf ook 3 maal die vroul. vorm met 'n -e, bv. „haare ouders" (9/9/45, p. 191).

(3) Joh. Duminy gebruik alleen sijn.[1]

Dit is opvallend dat alleen Trichardt enkele male die Afr. vorm sy gebruik. Dr. J. du P. Scholtz meld dat Meurant in sy briewe in „Het Kaapsche Grensblad" altyd sijn gebruik.[2] Met betrekking tot Bezuidenhout se konsekwente gebruik van sijn, meen dr. Scholtz dat hy hom deur sy sprektaal laat lei het, asook in sy gebruik van mijn by die lste pers. enkelv., daar mijn en zijn konsekwent gebruik word in alle Afrikaanse geskrifte uit die eerste helfte van die 19de eeu wat hy ken. Hy wys daarop dat mi en si reeds in die Middelnederl. as besitlike voornaamwoorde naas mijn en zijn voorgekom het en dat mij en zij vandag nog in dié funksie in Suid-Brabants bekend is. „In die Hollandse volkstaal van die 17de eeu en vandag het die vorms sonder slot-n sowel egter

/altyd

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 35.
2) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22 Aug. 1941, p. 29.)

altyd 'n gereduseerde vokaal, dus me, ze, nooit mij, zij nie."[1] Trichardt is dus blykbaar die enigste wat reeds zij skryf en sy skryftaal is in hierdie opsig dus blykbaar 'n troue weergawe van sy spreektaal.

175. Vir die derde persoon meerv. gebruik die Ndl. skryftaal hun as besitl. vnw. vir die manl. en ons. snwe. en haar vir vroul. snwe.; maar hun word dikwels ook vir vroulike snwe. gebruik. In die Ndl. spreektaal word hun vir alle geslagte gebruik en selde of nooit haar nie. Haar was oorspronklik die gen., dat. enkelv. by die vroul. pers. si en gen. meerv. by die indifferente pluraliese si, en hun dat. meerv. by die pers. si. Daar hul besit uitdruk en attributief gebruik kan word, is hul later as besitl. vnwe. opgevat. Geeneen het iets met geslagsonderskeiding te doen gehad nie. In die 16de en 17de eeu is hierdie byvoeglike hun en haar sonder enige verskil deurmekaar gebruik. Die renaissanciatiese grammatici het besitl. hun egter tot manl. en ons. woorde beperk en haar tot vroul. woorde.[2]

Vondel handhaaf in die reël hierdie onderskeiding.[3] Bredero gebruik egter hoofsaaklik haar as besitl. vnw. van die 3de pers. meerv. en enkele kere hun.[4]

In sommige Ndl. dialekte is haar as die enigste besitl. vnw. van die 3de pers. meerv. bewaar. In die Ndl. skryftaal kom haar ook soms voor by manl. en ons. enkelvoude en meervoude.[5]

/As

1) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 13 Junie, 1941, p. 61).
2) G. Royen, Pron. Problemen, pp. 38-40.
3) v. Helten, Vondel's Taal, I, p. 123 § 118.
4) v.d. Veen, Taaleigen v. Bredero, p. 42 § 77.
5) G. Royen, Pron. Problemen, pp. 41-54.

As besitl. vnw. van die 3de pers. meerv. gebruik Trichardt die vorm haar 72 maal, bv. "drie die bij ons kwam met haar geweers" (p. 177), "kwam de kaffers...zij zij dat zij na haar huisen gaan wil" (p. 253), "kwam Sakanna met vier knopneusen. ... Ik vraag haar hoof die by haar was wat ik haar voor beloning geven moet" (p. 251), "hoedanig sal de jongelingen niet wesen om haar karakter en haar naam van eer te behouden" (p. 230), "De vrouwen had haar hoenders uit de hokken gelaten" (p. 173). Trichardt gebruik haar dus by alle geslagte.

Die vorm hun kom by Trichardt 3 maal voor en hunne 8 maal, die laaste vorm hoofsaaklik in die akkusatief na 'n voorsetsel, bv. "dat hun osse byna alle siek was" (p. 33); voor hune wagens" (p. 49), "met hunne wage houd" (p. 50).

In Afr. word alleen die vorm hulle gebruik. Trichardt skryf 6 maal hulluij, bv. "om hulluij wagens te halen" (p. 33), "Is hulluij kruid opgeraakt" (p. 39).

(1) Oberholster gebruik die vorme hun en hunne elk 15 maal, die laaste hoofsaaklik na voorsetsels, bv. "hun plaatse te verlaate" (19/12/32), "met hun vee" (29/11/31); "met hune gemaakte buijt" (6/12/31), op hunne reijs" (27/8/25). Hy gebruik die vorm haarle ook 6 maal, bv. "uijt haarle mond" (15/7/28(2)), "van haarle eijgendomme beroof" (31/3/28). Die genitiefsvorm hunner kom 4 maal voor, bv. "het wegrove hunner vee" (14/2/29).

Joubert gebruik 26 maal hun en 9 maal hunne in sowel nominatief as akkusatief, bv. "was hun bijde antwoord" (25/9/29), "met hun vee" (1/8 33); "hunne plan was" (11/7/38), "de pooten van hunne paarden" (2/8/35).

/Pretorius

Pretorius skryf 17 maal hun en 12 maal hunne, bv. „hun beesten" (3/9/45, p. 191); „voor hunne veiligheid" (Aug. 1845, p. 192). Die vorm hoore kom ook een maal voor: „welke sy hunne bondgenooten noemen of hoore onderdanen" (2/7/47, p. 276).

(2) Viker gebruik deurgaans die vorm hoore by die 3de pers. meerv.,[1] en Joh. Duminy hoorluij, hoorlij.[2]

Dit is opvallend dat die vorme hoor(e), hoorluij wat Friebordt, Viker, en Joh. Duminy in die reël gebruik, by die onder drie skrywers oolde of gladnie voorkom nie. Die vorme hun en hunne is beide waarskynlik Ndl. skryftaalvorme. Dit is belangrik dat beide Friebordt en Viker by die 3de pers. meerv. hoor(e) oorwegend gebruik as persoonlike en as besitlike voornaamwoord, veral met betrekking tot prof. Franken se mening oor die behoud van hoorluij tot in die 19de eeu (vgl. § 165). Dit lyk dus of hoor(e) die gebruiklike sprektaalvorm van die tyd was. Meurant gebruik egter reeds altyd hulle in die 3de pers. meerv. in sy briewe in „Het Kaapsche Grensblad",[3] en so ook Bezuidenhout in sy brief van 1851, met een uitsondering, nl. hunne, wat verkeerd gebruik word.[4] Dit lyk dus waarskynlik dat hulle reeds die gebruiklike vorm in die sprektaal van die tyd was maar dat hoor nog daarin voorgekom het, moontlik as deftige of voorname vorm.

176. Die besitlike voornaamwoorde dien sowel in Ndl. as in Afr. om 'n genitiefbetrekking uit te druk. Reeds in Mnl. kon 'n besitl. vnw. wat na 'n nomen in die genitief, die datief of die casus rectus staan, dien om 'n genitief te omskrywe.[5] In Noorne Ndl. kan z'n en d'r na orkelv. woorde

/wat

---

1) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 40.
2) Franken, V.&.V. XIX, p. 74.
3) Schelte, Meurant en Afr. (Huisgenoot, 23 Aug. 1941, p. 29.)
4) Idem, Afr. brief v. 1851 (Idem, 13 Junie 1941, p. 61.)
5) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 45 § 79.

wat lewende wesens aandui, staan, en hun, (d)'r na meerv. woorde, om die genitiefbetrekking uit te druk.

In Afr. word die bindw : rd se algemeen gebruik na woorde wat lewende wesens en lewelose dinge, tyd of plek aandui, en na substantiwiese samestellinge met byvoeglike funksie. Se kan o k as bindwoord dien na alle soorte substantiwiese voornaamwoorde, behalwe die persoonlike.[1] 'n Belangrike verskil van Ndl. is dat die enkelv. besitl. vnw. se na beide enkelv. en meervoudige woorde gebruik word.

Eriehardt gebruik die vnw. zijn(e) 70 maal in die genitiefverbinding na enkelvoudige woorde wat manlike wesens aandui, bv. „Victa zijn wagen" (p. 209); „Jon zijn vee" (p. 121), „de os zijn been" (p. 53); en 26 maal die vnw. haar na woorde wat vroulike wesens aandui, bv. „Cosetoee moeder haar kaffers" (p. 21), „zijn vrouw haar volstond" (p. 131), „heb Jon zijn en Jeffrouw Schepers haar en zijn wagens afgebrag" (p. 141), „dat het de schele kouij haar kalf is" (p. 15). In een geval kan haar voor na 'n woord wat nie 'n vroulike wese aandui nie meer in Ndl. vroulike woordgeslag het : „een kombaers van die natie haar eige maaksel" (p. 65).

Na meervoudige woorde kom zijn 8 maal voor : „Twee van de stadsmenschen zijn volk" (p. 136), „dat zij de : oesens zijn volk: is" (p. 15). Eriehardt gebruik haar 3 maal by meerv. woorde wat vroulike of manlike wesens aandui, bv. „de vrouw haar pad" (p. 226), „wijgerde Carolus en stryden haar geweers" (p. 225). Dit is in ooreenstemming met sy oorwegende gebruik van haar as besitl. vnw. in die 3de pers. meerv. Hulle kom by Eriehardt in die genitiefverbinding nie voor nie.

/ In

1) J.J. Le Roux, Afr. Sintaksis, pp. 29-30.

Zijn kom by Trichardt ook 'n paar maal voor na onbepaalde vnwe. : „dat Albach niet gedwongen kon worde om al de ander zijn beeste op te passen" (p. 44), „dat ik altyd een ander zijn ding sleg maak (p. 299), „dat de een zijn ja zoo goed is als de ander zijn nee" (p. 106).

Die Afr. vorm se kom by Trichardt nie voor nie. Hy gebruik 5 maal die vorm zij in hierdie verbinding, bv. „Sakanna zij volk" (p. 40), „Ouwe Hannis zij kinders" (p. 45). Dit dui op 'n ontwikkeling in die rigting van se in sy taal.

Trichardt se gebruik van zijn om die genitiefbetrekking uit te druk toon dus min uitbreiding op Ndl. gebruik en in hierdie opsig staan hy nog op Ndl. grondslag. Die gebruik van haar na woorde wat vroulike wesens aandui is te verwag daar haar tot onlangs nog in Afr. in hierdie geval gebruik is en sporadies nog voorkom.

(1) Die genitiefkonstruksie met zijn en haar tree by Wikar reeds veelvuldig op. Zijn maar veral haare word ook na meerv. woorde gebruik, bv. „oude tijden zijn mens", „de beeste wagters haare spoor". 1)

(2) Oberholster gebruik die besitl. vnwe. slegs 3 maal in die genitiefskonstruksie : „Oosthuysen zijn osse weg te rove" (10/11/24), „bij het wegrove van P. Erasmus zijn schape" (18/7/35), „op de mensche haarle plaatse" (31/12/25).

Joubert gebruik 'n besitl. vnw. net een maal in hierdie konstruksie : „Potgieter zijn veldcornet G. Kruger" (J 30/10/38), en Pretorius nooit nie.

/Dit

1) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 49; Franken, V.H.V. XV, p. 245.

Dit is eienaardig dat die gebruik van die besitl. vnwo. in die genitiefkonstruksie by hierdie drie skrywers feitlik nie gebruik word nie. Dit dui blykbaar daarop dat die konstruksie nog nie sy volledige Afr. uitbreiding gekry het nie. By Meurant en Bezuidenhout in hul briewe in „Het Kaapsche Grensblad" word hulle gewoonlik in die genitiefkonstruksie na mnerv. woorde gebruik naas enkele gevalle van die gebruik van zijn in hierdie posisie.[1] Meurant gebruik zijn ook na 'n paar substantiwiese pronomina. Hulle gebruik stem dus hoofsaaklik ooreen met Trichardt s'n. Die spreektaal van daardie tyd het dus blykbaar maar geringe uitbreiding van die gebruik van zijn in die genitiefkonstruksie vertoon en die algemeenlike uitbreiding in die gebruik van se in hierdie konstruksie in Afr. is dus 'n ontwikkeling wat eers laat in die 19de eeu volvoor is.

177. In Afr. kan 'n selfstandige besitl. vnw. op 'n substantief volg en die twee 'n samestelling vorm soos by voorbeeld : Dit is Piet s'n. S'n kan self op ander besitl. vnwe. volg. Hierdie gebruik is in algemene Nederlands onbekend.

Trichardt gebruik zijn 17 maal in hierdie verbinding, bv. „dat was den Leeuw zijn" (p. 240), „de tweede was Carolus zijn" (p. 210), „de schaap blyf Isaak zijn (p. 84), „zag ik dat het Gert Bosman zijn is" (p. 103). Zijn kom een maal in verbinding met die vnw. hulle voor : „dat hullulij gezegt heb dat die witte ooij hullulij zijn is" (p. 82).

Die vorm haare kom ook een maal voor in hierdie verbinding : „Heb wij nijn sleeptak en Botha zijn wagen afgebrag en Juffrouw Schepers haare een endweegs tegen de berg laate staan" (p. 237). Dit is opvallend dat Trichardt hier ook in die enkelv. haare by vroul. woorde gebruik en nie zijn nie.

/By

---

1) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22 Aug. 1941, p. 29) Afr. brief van 1851 (Idem, 13 Junie 1941, p. 61).

By Trichardt se drie tydgenote kom hierdie verbinding nie voor nie en in ander geskrifte uit die eerste helfte van die 19de eeu is, sover ek weet, geen gevalle van hierdie konstruksie bekend nie. Hierdie verbinding is dus moontlik ook 'n jonger ontwikkeling in Afr. maar in Trichardt se spreektaal was dit blykbaar reeds gewoon.

II. Selfstandige gebruik

178. Waar die besitl. vnwe. selfstandig gebruik word en nie in verbinding met 'n substantief of pronomen staan nie, word dit in sowel Ndl. as Afr. verbuig, maar terwyl die bepaalde lidwoord in Ndl. die selfstandige besitl. vnw. moet voorafgaan, bly dit in Afr. uit.

Trichardt skryf 10 maal de mijne en 6 maal alleen mijne, bv. de mijne : „Ik schoot de mijne te laag door" (p. 163); mijne : „Ook zij hij dat ik altyd een ander zijn ding slag maak en mijne is altyd beter" (p. 299). De zijne kom 12 maal voor en zijne 14 maal, bv. „dat hy de zijne niet weg neemt" (p. 169), „Ik zij dat hij voor Niederik de mijne krijgen kan maar dat hij Albagh om de zijne vragen moed" (p. 24[illegible]); „Heb Pieta de zorgen aan zijn of/ons huis gegaan en Carolus aan zijne (p. 48), „om te zien of het niet alle zijne is" (p. 40).

Trichardt gebruik die vorm hare 3 maal, altyd sonder lidwoord, bv. „Antje Schepers zeg dat het hare is"(p. 123).

Opm. In Ndl. het selfstandige gebruikte besitl. vnwe. as predikaat gewoonlik sonder die lidw. voorgekom.[1] In 17de-eeuse Ndl. vind ons dat die lidw. voor die selfstandige besitl. vnw. by Brodero en Vondel dikwels wegval hoewel dit gewoonlik nog wel voorkom.[2]

/Pretorius

1) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 44 § 77.
2) v.d. Veen, Taaleigen v. Brodero, p. 2[illegible] § 38; v. Helten, Vondel's Taal, II, p. 68 § 204.

Pretorius gebruik 3 maal de mijne en 1 maal alleen mijne, bv. „ik en de mijne" (13/3/47, p. 259); „met den mijne" (9/9/45, p. 192); „hun beesten en mijne" (9/9/45, p. 191). Hy gebruik ook de onzen en onze elk 1 maal : „een bestier...zoo als den onzen" (p. 149), „door onze nu kwynde" (4/3/49, p. 366).

Moontlik het die lidw. nog in hul taal voor selfstandige besitl. vnwe. voorgekom maar die vorme sonder lidw. was vermoedelik die gebruiklike.

TABEL VAN BESITLIKE VNWE.

	Trichardt	Oberholster	Joubert	Pretorius
1ste pers. enkelv.				
nom., dat. en akk. (mijn	254	25	55	8
dat. en akk. (mij	9			
akk. (mijne	5	15	11	73
gen. mijner			1	
2de pers. enkelv.				
nom., dat. en akk. (u	4			12
dat. en akk. (uwe(n)	3			19
gen. uws	1			
uwer	1			2
3de pers. enkelv.				
nom., dat. en akk. (zijn	607	3	15	6
dat. en akk. (zij	26			
akk. (zijne	7	8	7	8
gen. zijnner		3	1	1
1ste pers. meerv.				
ons by ons.enkelv.vde.	85	1	3	6
ons by ander voorde	124			18
onze by ons.enkelv.vde.	9	5	3	3
onze by ander vde.	25	14	19	30
gen. onser		1		
3de pers. meerv.				
nom., dat. en akk. (hun	3	15	26	17
dat. en akk. (hunne	8	15	9	12
akk. (haar	72	6		
(hulluij	6			
gen. hunner		4		3
Selfst.besitl.vnwe.				
De mijne	10			3
mijne	6			1
De zijne	13			
zijne	14			
haro	3			
De onzen				1
onze				1

(c) Die Aanwysende Voornaamwoorde

I. Byvoeglike gebruik

179. Die aanwysende voornaamwoord wat by Trichardt byna konsekwent in byvoeglike gebruik voorkom, is die, wat in Afr. ook baie gebruik word. Die kom in Ndl. verreweg die meeste voor vir de-geslag in die enkelv., en in die meerv. van al die aanw. vnwe.

Die kom by Trichardt ongeveer 237 maal attributief voor. Dit is egter nie moontlik om definitief in alle gevalle te sê of dit 'n aanw. vnw. of 'n bepaalde lidwoord is nie aangesien Trichardt die ook dikwels as lidwoord gebruik. By woorde met de-geslag kom die ongeveer 200 maal voor, bv. „Is wij die dag overgebleven" (p. 279), „Ik vraagte aan die kaffer hoe zij die rivier noemd" (p. 286), „Zij zakanna... dat hij die nagt moet wagt houden, dat de kommando die nagt komen zal" (p. 39), „kwam wij overeen die weg in te slaan" (p. 149). Alleen een verboë vorm kom voor, maar by 'n vroul. anw. : „op dien aardo" (p. 193). By onsydige anwe. kom die 17 maal voor, bv. „Albach zij dat hij die volk van Caledon mee gebragt heb" (p. 166), "Toen zag wij dat het de verkeerde spoor was en dat die spoor na de linker hand moet wesen" (p. 183).

In die meervoud kom die 14 maal voor, bv. „zij ik .. dat hij sleden met sulke dreigementen niet komen moet want dat die schebsels dat by ons niet verdient heb" (p. 186), „Eersten wouw hy mijn blameeren by die menschen in myn afwesentheid" (p. 127).

Die gebruiklike Ndl. aanw. vnw. vir die onsydige geslag, nl. dat, kom by Trichardt net 3 maal attributief voor, bv. „zag wij dat spoor reg na een bosrand gaat" (p. 183).

/In

In Ndl. word deze en dit in die enkelv. en deze in die meerv. nagenoeg alleen gebruik in teenstelling tot die, dat, en die. By Trichardt kom deze 7 maal voor, in alle gevalle by woorde met de-geslag, bv. „op deze aanwijsing" (p. 76), „aan deze kant" (p. 53, 208). In Afr. is deze nog bewaar in 'n paar samestellings soos deuskant, deesdae. Die gevalle waar Trichardt deze gebruik is waarskynlik formules in sy taal. Daar kom ook twee gevalle van die genitiefsvorm dezer voor : „in dezer voegen" (p. 28), „op den 10de dezer" (p. 53). Ook hulle is formules. Die laaste bestaan nog in Afr.

Die ander aanw. vnw. van die ons. geslag, dit, kom by Trichardt een maal voor : „Ik nam afscheid van haar voor dit leven" (p. 323). In Afr. word dit nie meer as aanw. vnw. gebruik nie en die geval by Trichardt is ook blykbaar 'n formule.

Twee ander aanw. vnw. met attributiewe funksie wat in Afr. nog bestaan, kom by Trichardt voor, nl. zulke en dezelfde, bv. „met zulke dreigementen" (p. 186), „als hij zulke regten gebruik" (p. 192), „ons tegen zulke aanslagen te verdedigen" (p. 41); „kwam dertien van dezelfde kaffers captijn" (p. 268), „zij dat Maletie diezelfde dag komen zal" (p. 157). By gebruik ook die vorm hetzelfde, bv. „gedoop in hetzelfde jaar" (p. 6).

Trichardt se gebruik van aanw. vnwe. in attributiewe funksie is dus grotendeels in ooreenstemming met Afr.: deze, dat en dit is nie meer lewendig in sy taal nie en die word byna konsekwent gebruik. Dit is egter opvallend dat die Afr. aanw. vnwe. hierdie en daardie nie in sy taal voorkom nie.

/Oberholster

(1) Oberholster gebruik hoofsaaklik die vorm dese. In onverboë vorm kom dit 27 maal voor by woorde met de-geslag, bv. „in dese gelegendhijt" (25/8/29). Die genitiefsvorm deser kom 29 maal voor, bv. „op den 18de deser meand" (19/8/24). Dese kom ook 13 maal voor by ons. snwe., bv. „dese rapord" (18/7/28), „dese complot" (29/11/31). By meerv. snwe. staan dese 2 maal, bv. „dese woorde" (30/8/25).

Die kom 8 maal voor by wde. met de-geslag, bv. „die saak soo duydelik te maak" (29/3/28), „in die teijt" (9/4/28). In die akkusatief kom die verboë vorm 2 maal voor, bv. „op din uijthoek" (31/3/28). Ook by ons. snwe. kom 3 verboë vorme van die voor : „ten din eijnde" (27/8/25). By meerv. snwe. kom die 3 maal verbuig voor : „tot din eijndens" (16/4/29), „tot din stape te begeve" (14/10/34), „tot het vervoere dier schebsels" (15/8/25).

Die vnw. dit kom 37 maal voor by ons. snwe., bv. „bij dit geval" (29/10/19), „op dit oogenblik" (4/3/29), „dit jaar" (Maart, 1824).

Joubert gebruik ook oorwegend dese by snwe. met de-geslag, bv. „met dese geleegendheijt" (23/1/29), dese brief (13/6/28), „in dese streek" (11/7/38). Dese kom ook 5 maal by ons. snwe. voor, bv. „dese bericht" (21/6/34), „dese gesegde" (23/5/32), „by dese geval" (24/3/28(a)). By meerv. snwe. gebruik hy dese 13 maal, bv. „dese 2 persoonen" (23/5/32), „deze raporten" (25/8/28).

Die kom 8 maal voor by snwe.met de-geslag, bv. „op die pos" (13/6/28(2)). Die verboë vorm dien kom 11 maal voor by manl. snwe., bv. „vond sij hem dien avont

/niet

niet" (23/5/33), „van dien aart" (9/7/34). Die staan ook 2 maal by ons. anwe., bv. „die schepsel" (11/7/34). By meerv. anwe. gebruik hy die 9 maal, bv., „in die strecken daar de pokken is" (1/12/31), „van die saaken (9/2/29).

Die vnwe. dit en dat kom 11 en 16 maal respektieflik by ons. anwe. voor, bv. dit : „voor dit maal" (4/3/29), „op dit oogenblik" (29/11/31), „met dit oogmerk" (4/3/29); dat : „de dood van dat schepsel" (23/6/28), „in dat bosmansland" (4/3/29), „dat lager" (J 5/11/38). Dit kom egter ook 2 maal voor by woorde met de-geslag, bv. „dit saak" (24/3/28(3)), en dat 12 maal, bv. „dat brief, dat instelling" (6/5/28), „dat boodschap" (J 6/12/38). Dat kom ook 2 maal voor by meerv. anwe., bv. „in dat lagers" (J 23/11/38).

Pretorius toon geen voorkeur vir 'n besondere aanw. vnw. nie. Hy gebruik deze 2 maal en dezen 6 maal by woorde met de-geslag, in sowel nominatief as akkusatief, bv. „aan deze zyde" (4/3/49, p. 366), „waaraan dezen offisier voldeet" (9/9/45, p. 192), „dezen mijne korte schets van rampen" (3/7/47, p. 276). Dezen kom sowel by manl. as vroul. anwe. voor. Pretorius gebruik deze ook 1 maal by ons. anw. : „deze groote belang" (23/7/38, p. 27). By meerv. anwe. kom deze 2 maal voor, bv. „deze mijne ongerijmde dog waare dankbaare letteren" (23/7/38, p. 27).

Pretorius gebruik alleen die verbôe vorm dien in die enkelv. by woorde met de-geslag, bv. „op dien dag" (10/4/39, p. 63), „hij heef selfs dien genade" (p. 150), „door dien weg" (Aug. 1845, p. 190).

/By

By meerv. snwe. gebruik hy 2 maal die en 3 maal dien, bv. „als wij ons aan dien euwels herhindere" (4/3/49, p. 365).

By ons. snwe. gebruik hy 6 maal dit en 2 maal dat, bv. „dit maal" (p. 148), „dit alles" (p. 148); „in dat bloedigen geveg" (18/1/49, p. 351).

(2) Joh. Duminy gebruik 68 maal die, 3 maal deze en 1 maal elk dit en dat.[1]

100. Wat die gebruik van die aanwysende voornaamwoorde met attributiewe funksie betref, verskil die taal van Trichardt se drie tydgenote dus aanmerklik van syne en staan hul nog grotendeels op Ndl. standpunt. Die vnwe. deze, dit en dat wat by Trichardt al feitlik uitgesterf het, word nog dikwels deur hul gebruik en hul toon nog 'n sterk gevoel vir die Ndl. gebruik van hierdie vorme. 'n Aantal gevalle waar hierdie vnwe. verkeerd gebruik is, toon dat hierdie vnwe. aan hul eie taal reeds vreemd was en alleen onder Ndl. invloed gebruik is. In hul spreektaal sal dieselfde toestand geheers het wat ons by Trichardt aangetref het daar reeds in die skryftaal van Joh. Duminy die byna uitsluitend gebruik word. Dit is belangrik dat die Afr. vorme hierdie, daardie by geeneen van genoemde skrywers voorkom nie.

/TABEL

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, pp. 37-38.

TABEL VAN AANW. VNWE. MET ATTRIBUTIEWE FUNKSIE

		Trichardt	Oberholster	Joubert	Pretorius
De-geslag	deze	7	33	37	2
	dezen				5
gen.	dezer	2	29		
	die	197	8	8	
	dien	1	2	11	10
	dit			2	
	dat			12	
Het-geslag	dit	1	27	11	6
	dat	3		16	2
	deze		13	5	1
	die	17		2	
Meerv.enwe.	die	14	2	9	2
	dien		2		3
gen.	dier		1		
	deze			13	2
	dat			2	

II. Selfstandige gebruik

181. Waar Ndl. die, dat algemeen gebruik met vooruitwysende en terugwysende funksie, gebruik Afr. die en dit.

Trichardt gebruik die 47 maal in hierdie funksie, bv. „en nam een ongemaakte sambok -- eers over de honden, toen die weg was, over haar" (p. 158), „en die teef heef by Calas een rietbok gevangen; die heef Calas en de veld laate liggen" (p. 113), „Ik zij dat ik een ingespanne span osse heb, dat wij die voor setten ken" (p. 256), „wij ging dan eers na de pad die Jan Pretorius gezien had maar vonddat die geheel onmogelijk was te meken" (p. 224), „Ging wij na die de beste oppas, was die al weg" (p. 161), „die drie ooijen die Lou Albach onder u schapen uitgekend heb voor die die ik van Albach geruild heb" (p. 80).

Uit hierdie voorbeelde blyk 'n sterk voorliefde by Trichardt vir die gebruik van die selfs by lewelose dinge waar Afr. gewoonlik dit gebruik. In Afr. word die egter meer as in Ndl. met terugwysende funksie gebruik om verwarring met die onpers. vnw. dit (Ndl. het) te voorkom.

/Dit

Dit kom 3 maal by Trichardt voor met terugwysende funksie, bv. „zij dat twee klyngoed van haar by de tuin geweest is en de vlees gebragt heb... Ik zy dat zy de klyne voor den dag moet bringen. Zij zij dat dit gevlugt is" (p. 256). Hierdie geval is in stryd met Afr. waarin dit nooit op 'n persoon terugwys nie. 'n Ander geval is twyfelagtig daar dit moontlik as onpers. vnw. bedoel is en nie as aanw. vnw. nie : „Ik zy voor myn zou ik nijn schamen als ik dit doen zoude" (p. 111).

Dat word in Ndl. baie gebruik. Dit dien as vae aanduiding van 'n voorafgenoemde selfstandigheid, selfs van lewende wesens, in enkelv. en meerv. by die ww. wesen. Weens sy onsydige betekenis word dat in Ndl. soos dit in Afr. ook gebruik om die inhoud van 'n voorafgaande sin te hervat.[1)]

Dat kom by Trichardt baie dikwels voor in selfstandige gebruik, altesaam 43 maal, bv. „Hebbe zij dat weer in de vuur gezit" (p. 90), „Ik vraag Carolus waarom hij dat gedaan heb" (p. 245), „of die kaffers die hier zoo ver vandaan leg, dat dan betalen moet" (p. 192); by meerv. snwe., bv. „Schapen en bokken ken ik niet geven want dat heb zij niet" (p. 274), „dat ik niet twijfel of dat was ongedierte die onder de schapen was" (p. 291). Dat kom ook by 'n persoon voor : „Catrijn, dat was de mijd, zij..." (p. 62). Die volgende geval is feitlik die enigste waarin dat in Afr. nog voorkom : „Was Carolus zeer ontevrede dat hy van die ouwe dit en dat niets krygen ken" (p. 49).

Joubert gebruik die 5 maal selfstandig, bv. „seggende dat bij hem aprentisen zijn soo ik wens die te spreeken" (J 6/12/38), „ik sal dien aan de heer

/berange

---

1) Overdiep, Stilistische-Grammatica, p. 54 § 346.

berrange schrijven" (14/11/31), en dit 4 maal, bv. „een order te geeven dat dit voortaan niet mogen geschieden" (25/9/29), „als dit het geval is" (25/9/29).

Pretorius gebruik 'n verskeidenheid van vorme selfstandig, nl. 6 maal deze en 13 maal dezen, 2 maal die, 3 maal dat en 1 maal dit, bv. deze : „dat zij deze hun vee vee onbeschadig weeder geven" (15/3/40, p. 105); dezen : „dezen is om U E. te beregten" (30/1/39, p. 48); die : „beter dagen als die van heeden" (26/1/48), „het is niet noodig veel meer over dit te seggen" (p. 149), „sult U.E. over dat veel kunde seggen" (6/3/47, p. 121).

Trichardt se taal verskil in hierdie opsig heelwat van Afr. deur sy veelvuldige gebruik van dat. Nogtans is dit moontlik dat hy sy spreektaal hier getrou weergee. In Bezuidenhout se brief van 1851 in „Het Kaapsche Grensblad" kom dat konsekwent voor as selfstandige gebruikte aanw. vnw. en in die Afrikaans van Boniface is dit nog heel gewoon, terwyl dit in onder ou Afr. stukke ook sporadies voorkom.[1]

182. In geskrewe Afr. gaan 'n voorsetsel in die reël nie 'n aanw. vnw. vooraf nie, en word die voornaamwoordelike bywoord aanmekaar geskrywe, bv. daarop, daarmee. In die spreektaal word hierdie reël egter dikwels verontagsaam.[2] In Ndl. word ook meestal hier, daar, er, verbind met of geskei van 'n volgende bywoordelike voorsetsel gebruik en nie voorsetsel plus voornaamwoord nie.[3]

By Trichardt kom een geval van 'n aanw. vnw. voorafgegaan deur 'n voorsetsel voor : „en wij zonder dat niet doortrekken ken" (p. 363). Sonder dit is nie vreemd aan die Afr. spreektaal nie.

/Trichardt

---

1) Scholtz, Afr. Brief van 1851 (Huisgenoot, 13 Junie 1941, p. 61).
2) Malherbe, Afr. Taalboek, p. 92 § 80.
3) Kollewyn, Talen, B. Hettema, Ndl. Taal, p. 57 § 128.

berrange schrijven" (14/11/[illegible]), en [illegible] in order te geeven dat dit vo[illegible] [illegible] toe (25/9/29), „als dit het ge[illegible]

Pretorius gebruik[illegible] [illegible] selfstandig, nl. 6 maal deze[illegible] die, 5 maal dat [illegible] maal dit, [illegible] hun vee vee onbeschadig [illegible] dezen : „dezen [illegible] U [illegible] die : „beter dagen als die [illegible] is niet noodig veel meer over [illegible] „sult U.E. over dat veel k[illegible]

Trichardt [illegible] [illegible] van Afr. deur sy veelvuldige [illegible] moontlik dat hy sy spreek[illegible] hout se brief van 1851 [illegible] sekwent voor as selfstandige [illegible] Afrikaans van Boniface [illegible] dit nog [illegible] ander ou Afr. stukke ook sporadies [illegible]

182. In geskrewe Afr. gaan 'n voorsetsel 'n aanw. vnw. vooraf nie, en word die voornaamwoord aanmekaar geskrywe, bv. daarop, daarnaa. [illegible] taal word hierdie reël agter dikwels verongeloof, [illegible] word ook meestal hier, daar, [illegible] verbind met of [illegible] volgende bywoordelike voorsetsel gebruik en nie [illegible] plus voornaamwoord nie.[3]

By Trichardt kom een geval van 'n aanw. [illegible] gegaan deur 'n voorsetsel voor : „en wij [illegible] trekken ken" (p. 263). Sonder dit is nie [illegible] spreektaal nie.

---

1) Scholtz, Afr. Brie[illegible] van 1851 ([illegible] p. 61).
2) Malherbe, Afr. Ta[illegible]boek, p. [illegible]
3) Kollewyn, Talen, [illegible] Hettema, [illegible]

Trichardt skrywe die voornaamwoordelike bywoorde in 23 gevalle aanmekaar en in 18 geskei, bv. „nog voegte Rossetoe daarby" (p. 84), „en dan zien wat daarmee te doen staad" (p. 192), „nog voegde zij erby" (p. 19); „het was er so donker in" (p. 43), „had gij mijn daar eits van kunne zeggen" (p. 203), „en gaf hem daar een houw vier of vyf mede" (p. 168), „De juffrouw gaf aanstons de Zok daar kennis van" (p. 317).

Oberholster skryf die vnw. bywoorde soms aanmekaar, bv. „en sijn er mede naar de plaas" (3/9/26), maar gewoonlik geskei, bv. „dat ik er niet mee over weg ken" (29/3/26), „indien u hier niet aan voldoet" (21/4/27), „ik wil hier niet een twaijvel" (29/11/31).

Joubert gebruik gewoonlik die samestelling, bv. „hoe ik mijn daarin sal gedragen" (25/9/29), „als hij terug komt daaraan te voldoen" (26/12/36), maar soms is die twee dele geskei, bv. „in de passen is er niets van vermelt" (11/9/28).

Opvallend is die aantal gevalle by Oberholster en Joubert waar niet(s) as skeidingsmiddel dien.

By Pretorius kom 'n voorsetsel 4 maal voor 'n aanw. vnw. voor, bv. „het is niet nodig veel meer over dit te seggen" (p. 149), „den heer Poortman sult U.E. over dat veel kunde seggen" (6/3/47, p. 121). Pretorius gebruik in die reël die samestelling er, daar plus voors., bv. „en wilt daartoe bijdragen" (6/6/39, p. 77), „dewijl zij zich hierover zal beklagen" (7/12/39, p. 99), „en heef selfs een groote deel myner gesondhyd er aan opgeofferd" (27/9/39, p. 93). Daar kom ook gevalle van skeiding voor, bv. „dog ik heef er groote redden voor" (6/3/47, p. 121), „dog den soldaat bleef er eijgenaar van" (9/9/45, p. 191).

/Hieruit

Hieruit blyk dat 'n voorsetsel selde voor 'n aanw. vnw. voorkom en dat die aanmekaarskrywe of skeiding van die voornaamwoordelike bywoord by hul heel willekeurig is.

183. By Trichardt kom 'n aantal gevalle voor waar alleen die bywoordelike voorsetsel van die vnw. bywoord voorkom. In al die gevalle sou die vnw. terugwysende funksie hê. In Afr. kom hierdie verskynsel voor en sommige van Trichardt se gevalle is gewoon in Afr., bv. „de hut was te laag gebouijt om <u>in</u> te staan" (p. 348), „dat het schaars was om <u>aan</u> te komen" (p. 120), „was het te ver om die dag <u>na toe</u> te rijden" (p. 99), „dat de Poort te nouw was om <u>door</u> te komen" (p. 176), „was daar een vanggad die ik niet eer zag als met dat mijn paard de poot optelde om <u>in</u> te treppen" (p. 180). Die laaste geval is miskien minder gewoon as die ander. In elk geval is dit alleen voor 'n infinitief en veral waar die infinitief in verbinding staan met 'n byvoeglike naamwoord wat hierdie verskynsel voorkom. Die waarskynlike verklaring is dat die bywoordelike voorsetsel gevoel word as behorende by die infinitief as deel van 'n samegestelde werkwoord.

By Trichardt kom hierdie verskynsel egter ook in ander gevalle voor, bv. „krijg ik een klomp kwaggas, heb ik een jongo <u>van</u> geschoten" (p. 136), „verder krijg zij een klomp leuwen dog niet <u>na</u> geschoten" (p. 112), „brag hij mijn vrouw een halffe stuk geruijt, heb ik hem een bok <u>voor</u> gegeven" (p. 55). Hier is Trichardt se taalgebruik on-Afrikaans. In Ndl. word in alle gevalle die voornaamwoordelike bywoord gebruik.

184. Ook <u>self</u> (Ndl. <u>zelf</u>) kan as 'n aanw. vnw. beskou word. In algemene Afr. en in die Holl. spreektaal bly <u>self</u> onverbuig. In dialektiese Afrikaans kom ook die vorm <u>selwers</u>

/voor

voor. Wat egter veral Trichardt se taal kenmerk, is dat hy gewoonlik die vorm zelfs gebruik. Dit kom naamlik 35 maal voor teenoor 8 maal zelf, bv. „Ik zy dat ik maar zelfs gaan zal" (p. 239), „zal hij zelfs na mijn komen" (p. 269); „zij Pieta...dat hy die oese zelf ooklaar gealagen heb" (p. 283), „Ik zij dat ouwe Botha zelf twijfeld" (p. 208). Trichardt gebruik ook 3 maal die vorm zelven, bv. „Ik dag by mijn zelven"(p. 238).

By Wiker tref ons ook verwarring van die byw. zelfs en die vnw. zelf aan.[1]

Die vorm zelven by Trichardt is waarskynlik onder Ndl. invloed geskryf maar zelfs het hy moontlik wel by voornaamwoorde gebruik. Dit was in 17de-eeuse Ndl. heel gewoon. Bezuidenhout in sy brief van 1851 in „Het Kaapsche Grensblad" skryf ook meermale die nadruklike uitsluitende zelfs by vnwe.,[2] sodat hierdie vorm waarskynlik in gebruik was as vnw.

185. Trichardt gebruik ook die vorme zulks en zulke selfstendig, bv. „dat Louw hem niet aanspreek als hy zulks doen wil" (p. 167), „dat zulks aldan niet te vergeten was" (p. 152), „Ik zij dat ik zulks nooit geloven zal" (p. 93); zulke : „dat wij verpligt wesen zal na de wet met zulke te handelen" (p. 232); de zulke : „Heb de grootste Captijn de reg om de zulke op nuwe te beoorlogen" (p. 55).

Oberholster gebruik sulks 'n paar maal en sulke 1 maal, bv. „dog moet ik sulks aan den ongeduldigheijt toeschrijven" (28/8/24), „ag ik het dan mijn plig sulks aan U Wel. Ed. te rapportero" (31/3/28); „hoop ik de sulke eer lange te onddeke" (28/8/24).

Joubert gebruik die vorm sulk selfstendig : „hoef se sulk niet bekent" (9/2/28).

/Die

1) Hofmeyr, Toestand van Afr. in 1779, p. 49.
2) Scholtz, Brief van 1851 (Huisgenoot, 13 Junie 1941, p. 61).

Die vorm sulke bestaan nie meer in Afr. nie, sulke wel, maar dit word alleen byvoeglik gebruik.

Trichardt se taal staan dus reeds baie nader aan Afrikaans ten opsigte van die byvoeglike gebruikte aanwysende voornaamwoorde as die selfstandige gebruikte.

TABEL VAN SELFSTANDIGE GEBRUIK VAN AANW. VNWE.

	Trichardt	Oberholster	Joubert	Pretorius
die	47		5	2
dat	43			5
dit	3		4	1
deze				6
dezen				13
zelf	8			
zelfs	35			
zelven	3			

(d) Die Betreklike Voornaamwoorde

186. Trichardt gebruik die Ndl. betreklike vnw. vir de-geslag, die, byna konsekwent by alle woorde. Die kom 478 maal voor, 397 maal by woorde met de-geslag in die enkelvoud, bv. „De avond blyf de span osse uit die ouwe Botha ingehad heef" (p. 73), „Een hoge berg die nabij zijn woning was" (p. 113), „kwam Diederijck met een schaap-ooij die ouwe Botha mijn steur" (p. 82), „een ander Captyn die beloofde het te laaten opsoeken" (p. 179). By ons. enkelv. anwe. kom die ook 33 maal voor, bv. „wij ging eers na de pad die Jan Pretorius gezien had" (p. 224), „van mijn was een geweer weg die Carolus bij hem had" (p. 239), „ik vraag hem hoe oud zijn oudste kind is die hy bij die vrouw heb" (p. 68). 'n Ander geval van die gebruik van die i.p.v. wat is na al :„dat het al is die hy geven ken" (p. 287). By meerv. anwe. is die 48 maal gebruik, bv. „het was mijn kinders die school gaat" (p. 130), „zijn jonge ossen die hy ingespannen had" (p. 123).

/Die

Die kom by Trichardt altyd onverbuig voor in alle naamvalle. In die Ndl. spreektaal word die nie meer verbuig nie en reeds in die 17de eeu was verboë vorme van die seldsaam.[1]

(1) Oberholster gebruik die 41 maal, 8 maal by ons, enkelv. onwe., bv. „een geval...die mijn...sijn berig geworde" (18/11/36); by woorde met de-geslag : „de hottentot die hun gelijde heef" (25/2/24); by meerv. onwe., bv. „4 burgers..di sig ook agterhaald heef" (15/5/19). Die verboë vorm dien kom 1 maal voor maar by 'n vroul. onw. :„mijnne vrontere din ik te bewaake heb" (22/9/32(2)).

Joubert gebruik die 146 maal by alle geslagte en in alle naamvalle. By wde. met de-geslag in enkelv. kom die 73 maal voor, bv. „de rus die wij tans mit hun hebben" (26/2/29), „mijn brief die ik laats heb gesonden" (14/3/29). By ons. enkelv. onwe. kom die 5 maal voor, bv. „een grote vat brandewijn die hy aldaar van gez. gibbon heef gekommandeert" (19/5/34). By meerv. onwe. gebruik hy die 63 maal, bv. „de honderde vreemde naatsies die reets onder ons is" (1/9/28),„die menschen die met mijn van onder is gekomen" (1/9/35).

Pretorius gebruik die 76 maal by alle geslagte en in alle naamvalle. By wde. met de-geslag kom die 27 maal voor, bv. „een plaats die hier ver af lig" (13/2/46, p. 220), „U oprogte vrien die alle vrijheid gevoel" (p. 151). Die kom 9 maal voor by ons. enkelv. onwe., bv. „een bestier...die door omstandigheden" (p. 149). By meerv. onwe. staan die 40 maal, bv. „kaffers die door mijn vee loopt" (9/9/45, p. 192), „den verliesen die sij geleeden heef" (30/1/39, p. 48). Die

/verboë

1) Overdiep, 17de-eeuwsche Syntaxis, II, p. 189 § 151.

verboë vorm dien kom 3 maal voor by manl. enwe., bv. „den arme Draaijer dien hem vrywillig overgegeven heb" (4/3/49, p. 365), 2 maal by ons. enwe., bv. „ons onnosele kroos dien wij in desen woestijn heef gebreg" (p. 150), en 2 maal by meerv. enwe., bv. „en soond on mijne osse dien ik juis nodig hat" (2/7/47, p. 276).

(2) Joh. Duminy gebruik die 32 maal na de-woorde en 1 maal na het-woorde.[1]

187. Die gebruiklike Ndl. betrekl. vnw. vir die onsydige geslag, dat, kom by Trichardt net 15 maal voor. Ses maal staan dit by ons. enkelv. wde., bv. „een klijne riviertje dat staan water had" (p. 276), „als zy eeten genoeg krijg dat ordentelijk is" (p. 238), „een klijne rivierje dat sleg water had voor ons vee" (p. 282), „dat ik voor mijn kon nemen wat voor stuk dat mijn aan staat" (p. 49). Dat kom ook 3 maal voor in ooreenstemming met Ndl. na die onbep. vnw. iets, bv. „als de kinders aan haar eits zag of doet dat niet betaamd" (p. 229), „Hy beloofde alles sonder eits tegen te hebben dat hij gedaan had or doen zouw" (p. 279). In die orige ses gevalle is dat in stryd met Ndl. gebruik, bv. „De wagter dat een bossemon is, laat het lopen" (p. 259), „Albag zeg dat hulle zijn mijd dat een bossman is, ook afnemen zal" (p. 106), „Is Carolus gereden om zijn mielies af te plukken dat rijp is" (p. 70), „voor de tyd dat wij meende daar te blijven" (p. 213).

Opm. Vondel gebruik dat nog soms soos Dietse skrywers by 'n antesedent van 'n ander geslag en getal as in huidige Ndl.[2]

/By

---

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 35.
2) v. Helten, Vondel's Taal, II, p. 82 § 217.

By Oberholster kom dat 1 maal voor: "al dat verder op de waagens waard" (25/6/32), by Joubert 3 maal, bv. „ik heb in mijn besit drank dat persoonen ken beedigen uit het vat kwam" (9/7/34), en by Pretorius 2 maal, bv. „het land dat oogen en harten streelde" (4/3/49, p. 363).

Dat word dus selde gebruik en soms in stryd met Nederlands.

183. Die betrekl. vnw. wat is die enigste wat in Afr. gebruik word buite verbinding met 'n voorsetsel. By Trichardt kom wat 18 maal voor, hoofsaaklik in gevalle waar wat in Ndl. ook gebruik word, nl. 2 maal na 'n ons. enkelv. anw., bv. „die volk die voor ons koorn wat zij ter ruil heb, bringen" (p. 272), en 11 maal na al, alle, alles of iets, bv. „maar al wat hy deet was vergeefs gearbijt" (p. 24), „dat het reg is al wat hy doet" (p. 193), „zij brag van alles wat zij had" (p. 150), „wij vond alles wat zij genomen had" (p. 243), „is wij alle bijgegaan wat daar was" (p. 91), „dat (zij) nooit iets zeggen moet wat zij niet bewijsen ken" (p. 107). Dat kom egter 5 maal voor in stryd met Ndl., nl. by woorde met de-gaslag en by meerv. anwe., bv. „dat het de satan is wat haar alles inprint" (p. 61), „Ik zij dat het wind is wat hij maak" (p. 104), „of het de waarheid is wat zij mijn vertold heb" (p. 151), „en zal voor mijn goederen bringen waar ik en schrijf en wat de stad nanschen hem geef" (p. 76).

Wat kom ook voor waar dit terugwys op 'n sin, bv. „Botha heb vier rooibokken geschoten dog geen gekregen wat my wonder doet dat hy van de lever op de plek gevonden heb in geen bok blijf leggen" (p. 194).

Dis opvallend dat Trichardt veral wat gebruik na al, alles soos in die Ndl. spreektaal. In 17de-eeuse Ndl.

/was

was wat ook die gewone vorm na al, alles, hoewel Huygens se gebruik toon dat al dat meer bepaald was as al wat.[1]

(1) By Joubert kom wat 1 maal voor : „al het andere wat ik mit hun doet" (1/8/33). By Pretorius en Oberholster kom wat nooit voor nie.

(2) By Joh. Duminy kom wat alleen 1 maal voor teenoor 6 maal dat.[2]

(3) By Nikar tref ons wat meermale aan.[3]

Dit is opvallend dat wat so selde by die verskillende skrywers voorkom. Ook Bezuidenhout in sy brief van 1851 in „Het Kaapsche Cronsblad" gebruik nooit wat nie maar 16 maal die en 1 maal dat.[4] Meurant in sy briewe in dieselfde blad skryf ewe dikwels die as wat en slegs by hoë uitsondering dat.[5] By almal oorweeg die vorm die en, hoewel die Ndl. skryftaal die gebruik van die waarskynlik beïnvloed het, lyk dit tog of die nog gebruik is. Dat is egter vermoedelik veel meer gebruik as in die skryftaal van hierdie persone daar dit heel gewoon is in Afr. stukke van om 1830.

189. 'n Bewys van Ndl. invloed op Trichardt se skryftaal is sy gebruik van die Ndl. skryftaalvorme welke en hetwelk, een en nege maal respektieflik, bv. „een brief aan ons te vragen hetwelk tot een bewys dienen moet de welke de knopneus zoude aangenomen hebben aan Uwed. te bringen" (p. 58), „Ik steur de vyf kaffers om het to halen hetwelk zij haastig verrigte"(p. 90). Hetwelk word veral soos in die tweede voorbeeld met betrekking op 'n vorige sin gebruik.

/In

1) Overdiep, 17de-eeuwsche Syntaxis, II, p. 109 § 149.
2) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 30.
3) Hofmeyr, Toestand van Afr. in 1779, p. 50.
4) Scholtz, Afr. brief van 1851 (Huisgenoot, 13 Junie 1941, p. 61).
5) Idem, Meurant se Afr. (Idem, 22 Aug. 1941, p. 29.)

(1) In 17de-eeuse Ndl. kom welk hoofsaaklik in amptelike stukke voor. By verstarring van die vnw. welk, het hetwelk nog lank bly voortbestaan. Bredero gebruik byvoorbeeld alleen hetwelk.[1]

(2) Oberholster gebruik welk 6 maal en hetwelk 7 maal selfstandig by woorde met de-geslag, in die enkelv., bv. „een vreemde natie welk sig tans in dit distrik bevind" (24/4/25(2)), „die grote moeijte hetwelk U Wel Ed. word aangedaan" (29/3/23). By ons. enkelv. onwe. gebruik hy welk 3 maal en hetwelk 2 maal, bv. „een bosjesmanskind welk door mijn naar U Ed. soude gesonde wese" (9/9/35), en by meerv. onwe. 14 maal welk en 3 maal hetwelk, bv. „enige burgers welk te vore onder mijn gebid stond" (31/3/28); „de bosjesmans hetwelk vervolg sijn geword" (29/10/19).

Pretorius gebruik welk en hetwelk ook by alle woorde selfstandig. By wdo. met de-geslag kom welk 10 maal voor en hetwelk 1 maal, bv. „den algemene beweging welk over den wereld bestaan" (13/8/42, p. 175); „een vreemde leer hetwelk soo als een sware wolk over ons hoof hangen" (p. 150). By ons. enkelv. onwe. gebruik hy 10 maal welk en 2 maal hetwelk, bv. „het kwaad welk sij gedaan hoef" (9/9/45, p. 193), „het ontsag toonen hetwelk betaam" (p. 149), en by meerv. onwe. welk 13 maal, bv. „den kraalon welk mij nu soo veele schade en nadeel veroorsaak hoef" (9/9/45, p. 192).

Al drie skrywers gebruik welk(e) ook attributief. By Oberholster kom welk 10 maal voor by alle geslagte, bv. „met welk aanval" (29/10/19), „welk berig" (29/11/31), „welk spoore" (18/10/36). Joubert gebruik

/welke

---

1) Overdiep, 17de-eeuwsche Syntaxis, II, p. 201 § 169.

welke 14 maal by alle geslagte, bv. „op welke wagen ik een groot vat sag staan" (9/4/29), „welke lijk scheen ruijm een maand te hebben geleegen" (13/6/28); „welke heeren nijn seer welkom...was" (28/8/34). Pretorius gebruik welk 8 maal attributief, bv. „welk bloet" (10/4/39, p. 63).

Die vorme welk(e) en hetwelk is ongetwyfeld Ndl. skryftaalvorme en het nie in hul spreektaal voorgekom nie daar dit selfs in die Ndl. spreektaal nie gebruik word nie.

In hul gebruik van betrekl. vnwe. wat wel in die Ndl. spreektaal gebruik word, toon die verskillende skrywers min of geen gevoel vir die Ndl. gebruik nie en speel woordgeslag geen rol nie. In Ndl. word die betrekl. vnwe. egter ook nie altyd in ooreenstemming met die taalreëls gebruik nie. Reeds in Mnl., soos in huidige Ndl., volg die betrekl. vnw. soms die natuurlike en nie die grammatikale geslag nie.[1]

190. Om die genitiefbetrekking uit te druk, maak Trichardt alleen van die voornaamwoordelike bywoorde gebruik. Die Ndl. spreektaalvorme die z'n, die 'r, die hun, van wie de, Afr. wie se en die Ndl. skryftaalvorme wiens, wier word nooit gebruik nie. Dit is egter moontlik te wyte aan die geringe aantal gevalle waar Trichardt die genitiefbetrekking by 'n betrekl. vnw. uitdruk. Drie maal gebruik Trichardt die verbinding daar...van, bv. „de kouij daar de kalf van weg is" (p. 97). Twee maal druk alleen die vorm die blykbaar 'n genitiefbetrekking uit : „De twoede was een jongo die de hoorn omtrind een span lang gelykte" (p. 160), „een of twee assegaijen die de steelen door gebroken was" (p. 176).

/die

1) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 30 § 52.

Die enigste geval waar Oberholster die genitiefbetrekking by 'n betrekl. vnw. uitdruk,is die volgende : „de persoone welk hunę handtekening op de lys niet staad" (21/3/28).

Joubert gebruik die vorm wiens 5 maal, sowel by enkelv. as meerv. onwe., bv. „met een licens op een andere naam wiens certivikaat vermelt van 6 geweeren" (8/8/35), „Hendrik Potgieter wiens laagers verspryt lagen" (J 30/11/38), „2 klyne eva en saul wiens moeder in de colonie hun verlaten had" (J 14/11/38).

Pretorius gebruik alleen wiens, 2 maal by enkelv. onwe., bv. „den hoop van vryheid wiens see over den gansche wereld bruischen" (27/4/49, p. 301), en 2 maal by meerv. onwe., bv. „den heijdens in wiens midden sy verkeer" (p. 150).

191. Na 'n voorsetsel gebruik sowel Afr. as Ndl. wie met betrekking tot persone. Daarnaas kom die voornw. byvo., wat in alle gevalle by sake gebruik word, ook voor, bv. waarmee, waaraan, ens.

By Trichardt kom wie nooit na 'n voors. voor nie. Een maal kom wat + voors. voor : „Zij ik...dat het een oud afgeleeft man is wat hij daar aan sloot" (p. 43). Vir die orige gebruik hy by lewende wesens en sake alleen die voornw. byvo. waar + voors. en daar + voors.

Waar + voors. kom 37 maal voor, bv. „kwam een hond aan de hotkand waarvoor de oose schrikte" (p. 175), „had zij een grote party beeste genomen tot buit waarvan de goovernour een deel toekwam" (p. 315), „vermoorde van mijn 12 schapen in een sloot daar een wortel voor was waar zij tegen aan geloopen (zyn)" (p. 201).

/Daar

Daar + voors. kom 24 maal voor, bv. „de Ceptijn daar Colippe bij is" (p. 58), „de witte ooij daar de ander bij loop" (p. 82), „krijg zij een eland daar zijn honden mee beklijd" (p. 102); „dan blijf nog drie wagens staan daar de vrouwen en kinderen mee komen ken" (p. 214). In 'n paar gevalle kan daar ook lokale betekenis hê, bv. „de kranspoord daar geen bees of schaap door kon" (p. 209), „een nek daar wij sonder de wagens te remmen over kan komen" (p. 191), „ik vraagte hem wat de naam van de rivier is daar wij voor leg" (p. 273).

Oberholster gebruik ook alleen die voornw. bywo. Daar + voors. kom 20 maal voor, bv. „een middel ...waardoor bloedvergite sou kunne worde vermeijd" (20/3/26), „het kleinvee waarvan een menigte sterf" (30/9/26), en 11 maal daar + voors., bv. „geen os of paard daar men een reyediens van sou kunne vorderen" (15/7/28), „eenige kwessies tusschen hun is ondstaan daar hij aanlijding toe had gegeve" (9/4/28).

By Joubert kom die verboë vorm wien 10 maal na 'n voors. voor, bv. „Piennar bij wien G. Niemant woon" (1/10/34), „de vrou van Charl Cilliers by wien ik logeerde" (J 8/11/38). By hom is die voornw. bywo. ook meer gebruiklik. Daar + voors. kom 24 maal voor en daar + voors. 10 maal, bv. „dat het hottentots van de Colonie was waaronder 4 van mijn wijk was" (6/9/31), „de andere naatsien waarvan de 49ste ordonantsi melt" (14/3/29), „wij in korte jaaren een voorsiene potentaat op onse grense sal hebben waarover wij ons sal beklagen" (15/4/29); „de naamen van de menschen daar Kolbe van schrijf" (14/11/31), „dat in mijn wijk iets aangerig word daar ik geen mag oover heef" (24/3/28(2)). In

/een

een geval kom die + voors. voor wat heeltemal ongewoon is : „seijn klagte die hij de rus op de grense noe soek te verstooren" (24/3/28(3)).

Pretorius gebruik alleen die voornw. byw. waar + voors. wat 32 maal voorkom, bv. „die Boemans waarmee het bestier vrede onderhandelinge heef gemaak" (3/7/47, p. 277), „den omstandighede waarin wij gedompelt waar" (Aug. 1845, p. 190).

Die opvallende kenmerke van die verskillende skrywers se taal in hierdie verband is dat wie so selde op 'n voors. volg omrede die voorliefde vir die voornw. bywe. by persone, en die veelvuldige gebruik van daar + voors. wat in Afrikaans onbekend is. In moderne Nederlands is waar + voors. ook die gewone vorm maar daar + voors. kom in die spreektaal wel voor, veral in ongekunstelde taal.[1] In Mnl. was daer + voors. reël,[2] en in 17de-eeuse Ndl. was daer nog baie gebruiklik naas waar in die voornw. bywe.[3] Brodero gebruik dikwels die voornw. bywe. daar + voors. onverskillig of die antecedent 'n persoon of saak is.[4] Die mate waarin Trichardt en twee van sy tydgenote die voornw. bywe. daar + voors. gebruik, en die feit dat dit in die taal van Pretorius, wat die meeste beinvloeding deur Ndl. vertoon, nie voorkom nie, is vir my gevoel 'n aanduiding dat daar + voors. in die taal van daardie tyd nog gebruik is.

/TABEL

1) Muller, Spreektaal en schrijftaal (Taal en Letteren, I, p. 300).
2) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 29 § 50.
3) Overdiep, 17de-eeuwsche Syntaxis, II, pp. 154-5
4) v.d. Veen, Taaleigen van Brodero, p. 120 § 198.

TABEL VAN SELFSTANDIGE GEBRUIK VAN BETREKL. VNWE.

In die nom.,dat. en akk. Trichardt Oberholster Joubert Pretorius

By de-woorde en in meerv.	die	445	33	141	67
	dat	6		1	
	wat	5			
	welk		20		23
	welke	1			
	hetwelk	2	10		1
By het-woorde in enkelv. en na al, alles, iets, ens. en 'n sin	die	35	8	5	9
	dat	9	1	2	2
	wat	13		1	
	welk		5		10
	hetwelk	7	2		2
In die genitief: enkelv.	wiens			3	2
	daar+van	3			
meerv.	welk+hune		1		
	wiens			2	2
In verbinding met 'n voorsetsel	voors.+wien			10	
	waar+voors.	37	20	24	32
	daar+voors.	24	11	10	

(e) Die Vraende Voornaamwoorde

192. As selfstandige vraende vnwe. gebruik Trichardt natuurlik wie en wat, bv. „Ik vraag aan hem wie hier Captijn in die contrij is" (p. 278); „Ik vraag Adonis wat hy van Gekioti dink" (p. 171).

Soms word wie egter gevolg deur dat, bv. „ik vraag aan wie dat hy zulks gezeg heb" (p. 185). In sowel Afr. as Moderne Ndl. is dit ongebruiklik maar in 17de-eeuse Ndl. was

/dit

dit gewoon.[1] Op wat volg ook gewoonlik of by Trichardt, bv. „om te horen wat of hij zeg" (p. 308), „Ik laat hem vragen wat of hy doen will" (p. 158). Dit is waarskynlik aan kontaminasie te wyte.

193. Die gebruiklike byvoeglike vraende vnw. in Ndl. is welk (ons. enkelv.) en welke, in Afr. wattor of wat vir 'n. Trichardt skryf soms wat voor, bv. „om to zien wat voor mooie goederen hij heb" (p. 48), „vraag ik Carolus wat ouwe Botha hem voor gereedschap heb laato vraagen" (p. 111), „Jon vraag: by wat voor schapen" (p. 167). Trichardt gebruik ook wat 'n helo aantal keer in attributiewe funksie, bv. „vraag hy mijn wat jaar dat wij de droogten gehad heef" (p. 68), „of hij weet in wat jaar die kind geboeren is" (p. 69), „dat wij nu sien moet wat weg wij nu sullen inslaan" (p. 253), „dat wij vergeten heb to vragen waar wij de nek bij komen moet of een wat kand" (p. 209), „Ik vraag wat jaar en wat maan dat zij geboren is" (p. 68). In Ndl. word wat nog byvoeglik gebruik maar wat voor en wat voor 'n is as suiwer attributiewe vraende vnwe. gebruikliker.[2] In Afr. is wat as byv. vraende vnw. ongebruiklik maar gevalle sooos „wat jaar" in die eerste voorbeeld van Trichardt kom nog soms voor. Jaar word nie deur wat bepaal nie maar is in hierdie geval 'n oorblyfsel van 'n ou genitief meervoud en hang af van wat, oorspronklik gelyk aan wat van jare.[3] [e]lk[e] kom by Trichardt egter nooit as vraende vnw. voor nie.

Joubert gebruik wie, vorm + wien en wat selfstandig, bv. „wie weet als hy Ule brief ontfang, wat hy miesnien doen sal" (8/7/34), „en Ule om antwoord te verzoeken...bij wien hij hen sal vervoegen" (25/5/32). As byvoeglike vraende vnw. gebruik hy al-

/leen

1) Overdiep, 17de-eeuwsche syntaxis, I, p. 112 § 74.
2) Talen, Hollewijn, B. Lietterna: Ndl. Taal, p. 61 § 139.
3) T.H. Le Roux, Afr. Taalstudies, p. 65, no. 17.

leen wat, bv. „sonder om te kunnen seggen wat reede of reg sij hiertoeeijgen" (4/3/29), „sij verstond mij wel om wat rede en op wat las en wat boodschap ik gekoomen ben" (J 7/11/38), „want ik mijn niet ken herhinderen op wat outoriteijt lucas oover de grense woon" (24/3/38).

By Oberholster en Pretorius val niks op te merk by die vraende voornaamwoorde nie.

Die belangrikste feite wat die ondersoek van die gebruik van die vraende vnw. opgelewer het, is dat welk(e) by geenoen voorkom nie en dat wat as byvoeglike vraende vnw. gebruiklik was.

(f) Die onbepaalde Voornaamwoorde

194. Wat onbepaalde voornaamwoorde betref, is Trichardt se taal suiwer Ndl. Die Ndl. onbep. vnw. men kom 'n aantal keer voor, bv. „Men geloof als men op Sondag werk, dat mon de week niet hoef te werken" (p. 120), „men dog ten eersten" (p. 101), „men ken met de bas van die stuk doorn houd nog vellen looij" (p. 70). Die Afr. onbep. vnw. mens kom nooit voor nie. Trichardt gebruik ook altyd ieder, bv. „en brag voor mijn en Carolus ieder een os" (p. 46), „Een eider had een partij piesang" (p. 51), „Wij nam dan eider een tuig" (p. 100), „maar een eider had een goede kierie""(p. 103), en nooit iedereen of elkeen nie.

Trichardt gebruik ook nooit partij as 'n onbep. vnw. soos in Afr. nie. In elke geval le skryf hy 'n lidwoord daarvoor, bv. „een partij lammers (p. 15), „een grote partij beeste" (p. 315).

(1) By die onder drie skrywers tref ons ook nie mens, iedereen of elkeen, en partij as onbep. vnw. aan nie.

/By

(2) By Joh. Duminy kom men en ieder voor maar nie die Afr. vorme nie.[1]

(3) v. Riebeeck gebruik partij reeds sonder lidwoord in sy Dagverhaal.[2]

DIE BEPAALDE LIDWOORD

195. In Ndl. bestaan twee lidwoorde, de en het. De word gebruik vir enwe. met manlike of vroulike grammatikale geslag in die enkelvoud en by alle enwe. in die meervoud, terwyl het by onsydige enwe. in die enkelvoud staan. Die onderskeid tussen die grammatikale manlike en vroulike geslag wat in die laaste eeu deur die taalkundiges in die Ndl. skryftaal herstel is, is uit die Ndl. spreektaal reeds baie lank nagenoeg verdwyn. Alles wat nie deur die lidw. het aangedui word nie, word in die spreektaal in alle naamvalle deur die eenvormige de voorafgegaan en is vir die Ndl. taalgevoel manlik, sowel lewelose voorwerpe as lewende wesens.[3] Terwyl in die Ndl. skryftaal dus onderskei word tussen manl. en vroul. enwe. in die verbuiging van de, en in die meerv. ook naamvalsonderskeiding bestaan, kom in die spreektaal geen verboë vorme van de voor met uitsondering van sogenaamde formules nie.

In Afr. bestaan alleen een lewendige lidwoord, nl. die, wat nooit verbuig word nie. Die is nie 'n Afr. ontwikkeling nie maar waarskynlik 'n erfstuk uit Ndl. Die was die gebruiklike lidwoord in Middelnederlands. Later het die swakbetoonde vorm de daarnaas in gebruik gekom. In 17de-eeuse Ndl. kom die nog dikwels voor naas de, byvoorbeeld by Brodero. Die kom in reisverhale van die 16de eeu af tot in die tweede helfte

/van

---

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 34.
2) P.J. du Toit, Afr. Studies, p. 101.
3) J.W. Muller, Spreektaal en Schryftaal (Taal en Letteren, I, p. 302).

van die 17de eeu deurlopend voor.[1] Die kom in die Hollandse volkstaal nog voor as lidw.[2] Die behoud van die in Afr. is moontlik gedeeltelik aan Duitse invloed te wyte.[3]

190. Trichardt gebruik die lidwoorde de, die en het naas mekaar. De kom altesaam 3373 maal voor, die ongeveer 481 maal, en het 20 maal. Ek het reeds by die behandeling van die aanw. vnwe. gewys op die moeilikheid om in alle gevalle te onderskei tussen die gebruik van die as lidw. en as aanw. vnw.

Hoewel Trichardt het slegs 20 maal gebruik, is sy gebruik daarvan altyd in ooreenstemming met die Ndl. taalreëls. Het kom 10 maal voor by anwe., en in die ander 10 gevalle by infinitiewe, teenw. doelwe. en bywoorde in die oortreffende trap.

By ons. enwe. in die enkelvoud gebruik Trichardt naas 10 maal het, 1025 maal de en die 135 maal, bv. „het jaar" (p. 5), „in het vervolg" (p. 65), „'t vuur" (p. 90), „het veld" (p. 109), „'t huis" (p. 62); „de houd voor de huis" (p. 316), „de beste getal" (p. 87), „Toen die vee na de veld was" (p. 103), „die geval" (p. 310). Dis opvallend dat Trichardt by verkleinwoorde altyd de gebruik, bv. „de lijkie" (p. 154), „de matje" (p. 295), „de boompie" (p. 319). De en die kom in hierdie verband nooit verbuig voor nie.

Oberholster gebruik het by ons. enkelv. anwe. in die nominatief 17 maal naas 12 maal de en 2 maal die, bv. „het kind" (18/10/23), „het veld" (15/7/28); „vil de schoot" (25/8/32); „die geheele dustrik" (19/12/32). In die datief en akkusatief kom het 82 maal voor, dem 8 maal, de 35 maal en die 4 maal, bv. „het eijnde" (31/3/24),

/in

1) Bosman, Afr. en Ndl.-Portugees, p. 97.
2) Bosman, Oor die ontstaan, p. 110.
3) Idem, p. 93.

in het werk (4/12/31), onder het vee (Sep. 1823); tot den eijnde (Junie, 1824); „door de geheele dustrik" (31/12/23), „aan die oord van Groot rivier" (22/9/32(2)). Hy gebruik beide die genitiefsvorme der en des by hierdie snwo., bv. „in perijkel des levens" (24/4/24), „het ontvangs der rapord" (15/3/28).

Joubert gebruik het by ons. enkelv. snwe. in die nominatief 33 maal, de 28 maal en die 3 maal, bv. het veld (J 2/12/38), het vat (9/4/29), het kind (24/3/28); de vee (11/7/33(2)); die ent (23/8/35). In die dat. en akk. kom het 64 maal voor, en de 45 maal, bv. „in het begin" (11/9/28), „van het geval" (13/8/28(2)), „aan het verstand" (14/3/29); „van de kint" (24/3/28), „aan de vat" (9/4/29).

Pretorius gebruik in die nominatief by hierdie snwe. 13 maal het, 7 maal den en 3 maal de, bv. het ontsag (p. 149), het bestier (2/7/47, p. 277); den enigste middel (12/1/49, p. 350); de gouvernement (4/3/49, p. 364). In die dat. en akk. kom het 27 maal voor, 26 maal den en 4 maal de, bv. „het geel rijpe kooren op het veld gelaaten heef" (2/7/47, p. 277), „van het gouvernement" (p. 109); „vergeet niet den juk" (p. 150), „in den veld" (9/9/45, p. 191). Hy gebruik ook 2 maal die genitiefsvorm der: „door den swakhijd der kalf" (Aug. 1840, p. 190), „het vernielen der houtbos" (Aug. 1847, p. 280).

Terwyl Trichardt reeds byna konsekwent de en die by ons. enkelv. snwe. gebruik, skryf sy drie tydgenote nog in die meerderheid van gevalle het. Dit is toe te skrywe aan 'n groter kennis van Ndl. as Trichardt, omdat die groot getal gevalle waar de of die by ons. enkelv. snwe. voorkom, bewys dat hul uitere onseker was oor die Ndl. gebruik van het, wat in hul spreektaal dus nie meer lewendig kan geween het nie.

/By

197. By manl. en vroul. enwe. in die enkelv. gebruik Trichardt 1665 maal de en 205 maal die, bv. de morgen (p. 229), de oude koffer (p. 107), de kouij (p. 187), in de rivier (p. 99); die bruin bonte ooij (p. 82), die Captijn (p. 42).

By die manl. enwe. kom die verboë vorm den 296 maal in die dat. en akk. voor teenoor 1230 maal de en 67 maal die. Die verboë vorm kom byna uitsluitlik voor in 'n akkusatief wat as bywoordelike bepaling dien, bv. „Vrijdag den 29ste" (p. 242), „Den morgen vraag ik" (p. 219), „Den avond kwam Jan" (p. 173), „Dinsdag den 19de" (p. 175). Na 'n voorsetsel kom den 9 maal voor, bv. „bij den regter" (p. 113), „in den ouderdom" (p. 314), „tot die beeste voor den dag kwam" (p. 296). Die woordgroep voor den dag kom 5 maal voor en is klaarblyklik 'n formule. Den kom eenmaal by 'n indir. voorwerp. voor.:„Riep hij den overste toe" (p. 113). Die gevalle waar den voorkom, is waarskynlik formules of spruit uit sy Ndl. kennis. Ook by 'n vroul. enw. kom den 1 maal voor : „op den plaats" (p. 9). In die groot meerderheid van gevalle word die en de dus ook in die dat. en akk. by manl. en vroul. enwe. gebruik, bv. „ik gef hem die tand" (p. 139), „nem ik de koere" (p. 179), „heb ik de brief afgevardig" (p. 57), „schoot ik de vere" (p. 85), „van de regen" (p. 89), „na de wagen" (p. 99), „op de plaats (p. 6).

Trichardt gebruik 5 maal die genitiefsvorm des : „De wille des Heeren" (p. 323), „de huis des hemelschen vaders" (p. 323), „des morgens" (p. 87), „Woensdag 10de des morgen" (p. 76). In die vyfde geval is des inkorrek by 'n vroul. enw. gebruik :„de schellemagtigste wesen des werelds" (p. 193). Dit wys dat dit skryfvorms of, in die eerste vier

/gevalle

gevalle, formules in Trichardt se taal was. In die huidige Holl. spreektaal word alle genitiewe met des en der, met uitsondering van formules soos : steen des aanstoots, ens., omskrywe deur van den of van de, of deur zijn of haar.[1] In die meerderheid van gevalle waar die bepaalde lidwoord 'n selfst. nnw. in die genitief bepaal, laat Trichardt dit onverbuig, bv. de Captyn's zoon" (p. 178). Reeds in 17de-eeuse Ndl. tref ons dit aan, byvoorbeeld by Bredero wat soms die lidwoord onverbuig laat waar dit 'n selfst. nnw. in die genitief voorafgaan.[2]

Oberholster gebruik den 20 maal in die nominatief by manl. xxxxxxxx selfst. nnwe. in die enkelv. naas 11 maal de, 3 maal die en 2 maal het, bv. „dat...den Grikwa Jan Kruger by hem kwam" (18/10/36), „den burger... sijn uit dit distrik vertrokke" (3/5/26); „de hedendaagse toestand" (19/12/32); „die bepaalde dag" (Nov. 1828); „was het regen...seer swak" (31/3/24).

In die dat. en akk. gebruik hy 220 maal den, 43 maal de en 2 maal het, bv. „heb ik den hottentot... aangemerk" (9/10/32), „van den burger" (10/11/24); „de brif aan nijn te beorge" (3/9/26), „op de 23ste" (15/5/19); „ned het uitgang van Sept." (30/9/26). By die manl. selfst. nnwe. kom den 19 maal voor, bv. „des morgens" (9/8/25), „des daags, des nags" (20/5/26(2)).

By die vroul. selfst. nnwe. gebruik Oberholster in die nominatief 126 maal de en 5 maal die, bv. „de menigte" (4/12/33), „de vryheid" (Junie, 1829); „di gerone paarde sterfte" (31/3/33), „die patrolje" (30/8/26). In die dat. en akk. kom de 108 maal, die 29 maal en het 10 maal voor, bv. „de vrontere aan te valle" (29/11/31), „van de

/maand

1) J.W. Muller, Spreektaal en Schrijftaal (Taal en Letteren, I, p. 201).
2) v.d. Veen, Taaleigen van Bredero, p. 50 § 90.

maand" (3/9/26); „in die maand" (15/7/28), „op het ontvenge" (15/3/28). Die genitiefsvorm der kom 25 maal voor, bv. „de begin der maand" (Junie, 1924), „het invulle der lijs" (4/3/29).

Joubert gebruik de 26 maal en die 4 maal by die manl., xxxxxx snwe. enkelv. in die nominatief, bv. „de hottentot...seg" (13/6/28(2)), „de weer en wind heeld nog aan" (J 2/12/38); „die heer...heef" (1/6/35(2)). In die akk. en dat. gebruik hy den 50 maal en de 79 maal, bv. „in den nag" (30/12/35), „aan den heer" (28/8/38); „de loop nam" (10/4/28), „op de grond" (25/11/38), „uijt de mond" (24/3/28). Ook het kom 2 maal voor, bv. „omtrent het brief" (4/3/29). Die genitiefsvorm des is 5 maal gebruik, bv. „des nags (10/4/28), „des anderen daagsavont" (25/5/32).

By die vroul. snwe. skryf Joubert de 25 maal in die nom., bv. de comando (J 25/11/38). In die dat. en akk. gebruik hy 115 maal de, 3 maal die en 5 maal het, bv. „de waarheid te spreken" (11/7/38), „heb ik de saak ondersoek" (9/2/28), „bij de hand" (2/5/33), „op de weg" (10/4/28); „op die pos" (13/6/28(2)), „van die nansie" (25/9/29); „schynt het hoogte mag te hebben" (11/7/38), „in het wyk" (31/3/28).

Pretorius gebruik den 54 maal en de 2 maal by manl. snwe. in die nominatief; bv. „den heer...sult U E kunde seggen" (6/3/47, p. 121), „of den brief...is aangelaud" (8/6/33, p. 26); „de gouverneur" (4/3/49, p. 364). In die dat. en akk. kom den 99 maal voor, de 3 maal en het 1 maal, bv. „verbied...den zegen" (25/11/39, p. 98), „den avond, den morgen" (9/9/45, p. 191), „in den publieken-weg" (9/8/45, p. 191); „met de

/heer

heer" (23/7/38, p. 27); „van het berg" (30/1/39, p. 48). Die genitiefsvorm des kom 4 maal voor, bv. „zegen des allerhoogsten" (6/6/39, p. 77).

By die vroul. snwe. gebruik hy den 15 maal, de 5 maal en het 7 maal in die nominatief, bv. „den oorsaak" (15/3/40, p. 105); „de beweging dien" (4/3/49, p. 363); „het droevig tyding" (6/6/39, p. 77), „het vrede" (30/1/39, p. 48). In die akk. en dat. kom den 71 maal voor, de 11 maal, die 2 maal en het 4 maal, bv. „zoo neem ik...den vrijheid" (6/3/47, p. 122), „door den swakhijd" (Aug. 1845, p. 190); „de overkoms te betalen" (6/3/47, p. 122); „van die fraaije plaats" (4/3/49, p. 364); „in het eerste plaats" (4/3/49, p. 364), „aan het vernieling" (p. 148). Die genitiefsvorm der kom ook 6 maal voor, bv. „deze zijde der Oranje Revier" (4/3/49, p. 366), „door middel der weduwe" (6/3/47, p. 122).

Ons vind dus dat Trichardt nog 'n aantal keer die verboë vorm den korrek by manl. snwe. gebruik maar dat de oorwegend in alle naamvalle voorkom en dikwels ook die. By sy drie tydgenote kom baie verboë vorme voor wat dikwels verkeerd gebruik is. Hulle gebruik den by manl. sowel as vroul. snwe. en in sowel die nominatief as die akkusatief en datief naas de en die, en toon dus groot onsekerheid oor die gebruik van hierdie vorm. 'n Soortgelyke toestand het in die begin van die 17de eeu in Ndl. bestaan. In Mnl. het daar nog verskil bestaan tussen die buigingsuitgange van manl. en vroul. woorde, maar verskeie woorde het nie meer die geslag gehad wat hul in Oudgermaans gehad het nie, daar hul sowel manlik as vroulik gebruik is. Die gevolg was dat sulke woorde vergesel kon wees van byvoeglike woorde met of sonder -n, en

/onvastheid

onvastheid in die verbuiging van die byvoeglike woorde tot gevolg gehad het. In die begin van die 17de eeu was die deurmekaar gebruik van de- en den-, des- en der-vorme respektieflik, algemeen.[1] So gebruik Vondel somo die akkusatiefvorm in die nominatief en vokatief, en die nominatiefvorm in die akkusatief of datief.[2] In die tweede helfte van die 17de eeu het die digters en taalkundiges deur middel van spraakkunste orde geskep in die gebruik van die skryftaalvorme in Nederlands. Die oorsaak van die verwarring van vorme in die taal van Trichardt se drie tydgenote is egter klaarblyklik toe te skryf aan die verdwyning van woordgeslag en naamvalsonderskeiding uit hul spreektaal.

198. In die meervoud gebruik Trichardt 665 maal de en 141 maal die in alle naamvalle, bv. „de kalvere" (p. 95), „de schapen" (p. 117), „om de wagebonden op te trekken" (p. 77); „die sekels" (p. 53), „die twee soldaten" (p. 139), „dat...hij die wielen zal laate leggen" (p. 77). Die verboë vorm den kom net een maal voor : „Gelieve het aan den bringers af te geven" (p. 82). Aangesien dit in 'n brief voorkom, is dit klaarblyklik 'n kunsmatige vorm. Trichardt gebruik ook 3 maal die genitiefsvorm vir die meervoud, der : „op de zeggen der wijnen" (p. 272), „getal der gehuude personen, getal der zielen" (p. 313). Hulle is waarskynlik ook formules.

Oberholster gebruik de 45 maal in die nominatief meervoud, die 12 maal en den en het elk 1 maal, bv. „de bosjesmans" (22/9/32(2)); „de schepsels" (4/12/31); „die kuijle" (30/6/25), „verscheen by mijn den hottentots" (2/10/22). In die datief en akkusatief gebruik

/hy

1) Gertenbach en van Slooten, Belangrijke Verschijnselen, pp. 95-6 §§ 175-6.
2) v. Helten, Vondel's Taal, II, p. 152 § 272.

by den 15 maal, de 60 maal en 1 maal het, bv. „doen den ingezete...schade" (31/3/25), „voor den afgelope maande" (31/12/23); „de patroljes heb ik...gaande gehoude" (22/9/38(2)), „met de...burgers" (14/10/32); „voor het afgelope maande" (31/3/24). Die genitiefvorm der kom 28 maal voor, bv. „de lighaame der gedoode" (15/3/28), „een groot gedeelte der bergenaars" (16/4/29).

Joubert gebruik de 80 maal in die nom. meerv., bv. „de arme...menschen" (11/7/38), en 103 maal in die datief en akkusatief naas 11 maal die, bv. „dat het van de vaagebonden is" (21/6/34), „van de brikwas" (6/9/31); „van die ingeseftene" (23/1/29), „van di sendelingen" (31/6/34). Die genitiefvorm der kom 5 maal voor, bv. „een der moordenaars" (1/10/34), „de lager der emigranten" (11/7/38).

Pretorius gebruik den 18 maal naas 3 maal de in die nom. meerv., bv. „den roovers" (Aug. 1845), „den heijdens" (p. 150), „de ontvangers" (30/1/39, p. 48). In die akk. en dat. kom den 61 maal voor, de 6 maal en het 5 maal, bv. „wij den eelden...gevoel (p. 15-), „van den kinderen" (p. 151); „heb de plaatsen...gegeven" (4/3/49, p. 364), „aan de heeren" (12/2/47, p. 256); „waaraan hij het geschenken gaf" (2/7/47, p. 277), „aan het kaffers" (16/5/46, p. 222). Hy gebruik die genitiefvorm der 12 maal, bv. „een der soldaten" (9/9/45, p. 191), „van kinderen der naturellen" (p. 151).

199. Dit is duidelik dat gevoel vir woordgeslag en meervalsonderskeiding in die taal van Trichardt en sy tydgenote nie meer lewendig was nie. By Trichardt sien ons dit in die

/oorwegende

oorwegende gebruik van die onverbo.8 vorme de en die by alle woorde in alle naamvalle. Trichardt se drie tydgenote toon 'n mate van kennis van die Ndl. taalgebruik maar hul is baie onseker oor die Ndl. taalwette met die gevolg dat die lidwoorde de, die en het by alle woorde voorkom en onverboë naas verboë vorme in alle naamvalle gebruik word. Dat hulle nog so dikwels het gebruik, wat by Trichardt al feitlik uitgesterf het, moet klaarblyklik op rekening van die Ndl. skryftaaltradisie geplaas word. Ons vind dat reeds voor 1800 het al feitlik verdwyn het uit die taal van Joh. Duminy. By skryf net 4 maal het en 76 maal de i.p.v. het.[1] In Bezuidenhout se brief van 1851 kom het gladnie voor nie.[2]

'n Opsig waarin die taal van die verskillende skrywers grootliks ooreenkom is die oorwegende gebruik van de. By Trichardt se drie tydgenote kom die baie minder voor in verhouding tot de as by hom. Joh. Duminy gebruik de 456 maal en die maar 20 maal,[3] terwyl Bezuidenhout in sy brief van 1851 de 76 maal teenoor 10 maal die gebruik.[4] Alleen Meurant in sy briewe in „Het Kaapsche Grensblad" skryf die meer dikwels as de as lidwoord van bepaaldheid.[5] Dit is natuurlik waarskynlik dat die Ndl. skryftaaltradisie die gebruik van de i.p.v. die bevorder het, en dat die reeds die gebruiklike lidw. van bepaaldheid was. Die sterk oorwig van de oor die in die skryftaal van 'n aantal skrywers is vir my 'n aanduiding dat de egter nog in gebruik was naas die.

200. Die lidw. het kon by Trichardt twee maal voor by 'n teenw. deelw. in die volgende woordgroep: „in het toekomende" (p. 162).

/By

---

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se taal, p. 40.
2) Scholtz, Afr. brief van 1851 (Huisgenoot, 13 Junie 1941, p. 61).
3) A.J. de Villiers, J. Duminy se taal, p. 43.
4) Scholtz, Afr. brief van 1851 (Huisgenoot, 13 Junie 1941, p. 61).
5) Idem, Meurant se Afr. (Idem, 22 Aug, 1941, p. 29.)

201. By selfstandige gebruikte infinitiewe kom het 5 maal voor en de 6 maal, bv. „Toen zij aan 't rijden was" (p. 98), „aan 't oppakken" (p. 36), „aan 't kommen" (p. 92), „in 't rijden" (p. 152); „Is Carolus aan de draijen gegaan" (p. 15), „aan de speekgaate booren" (p. 154), „dat wij met de oppakken geen tijd heb" (p. 150). Dit is betekenisvol dat de hier ook meer voorkom as het aangesien 't in Afr. alleen in hierdie geval nog gebruik word, na die voorsetsel aan.

In hierdie geval gebruik Oberholster 27 maal het en 4 maal de, bv. „met het entte (15/11/31), „met het uitvaardige" (14/2/29); de uijtwerken" (12/8/35).

Joubert gebruik het 18 maal by die substantiwiese infinitief, en nooit de nie, bv. „aan het intrekken" (13/10/34), „het volbringen van" (14/3/29), „met het stolen" (14/3/29).

Pretorius gebruik het 11 maal en den 1 maal in hierdie konstruksie, bv. „aan het werken" (10/4/39, p. 63), „in het uijdoevenen hunner pligten" (p. 150), „het neemen van den kinderen" (p. 151); „den verbranden mijner onmisbaere gras" (12/2/46, p. 221).

202. By superlatiewe word het ook nog gebruik. By Trichardt kom het 2 maal voor by byvoeglike nwe. in die oortreffende trap, bv. „dat het beste voor ons is na de drif to trekken" (p. 275). De kom ook 2 maal voor, bv. „om de weg te wijsen die de beste is na de Mort" (p. 274), „dat het voor hem de meer beterste is" (p. 185).

Oberholster gebruik ook het naas de, bv. „di veldcornets di hun het naaste woord" (15/7/28), „dat hij het minste mo u te segg en hebbe" (9/4/28); de beste is naar U Wel Ed. beoordeling...te handelle" (29/11/31),

/de

„de laatste van veleeden maant" (12/2/38).

By Joubert kom het 1 maal voor naas de, bv. „ik dink dat het best is om te" (19/2/39); „alwaar het op de diepste is" (16/2/36), „de ernste is de meeste in gebreeken" (2/8/35).

203. By die oortreffende trap van bywoorde gebruik Ndl. alleen die lidw. het. By Trichardt kom het 3 maal by superlatiewe van byw. voor teenoor 7 maal de, bv. „Ik vraag wat ons nu het beste te doen staad" (p. 254); „dat ik het de beste berijken kan" (p. 218), „die kraal daar zij de eerste uit kwam" (p. 21), „als zij de minste slegter word" (p. 314), „dat Willem de eerste sloeg" (p. 101).

Oberholster gebruik nog in die reël het, bv. „ik wil in het minste niet hoope" (15/7/28), „dat zijn wel Ed. in het minste nit moes kome" (9/4/28).

204. Ons tref ook gevalle aan van die weglating van die bepaalde lidwoord voor 'n superlatief. Trichardt skryf : „op lee" (pp. 93, 94), waar Ndl. die lid. verlang en : „dat wij eerst na de houd boo kloof moes gaan" (p. 220), wat in Ndl. wel moontlik is. Oberholster skryf : „op volk wijse so ben weeder oon anval sal kunne doene" (19/12/32).

Ons. Die weglating van die bep. lidw. by predikatiewe bnw. in die oortreffende trap en voor 'n byw. in die superlatief was reeds in Middelnederlands moontlik, bv. „Hem die best waren geleert.[1] In die 17de-eeuse Holl. tref ons dit ook aan, byvoorbeeld by Vondel : „dat weg zij veiligst acht",[2] en Frederc : "Is dat niet best?"[3]

/In

---

1) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 57 § 92.
2) v. Helten, Vondel's Taal, II, p. 113 § 240.
3) v.d. Veen, Taaleigen v. Frederc, p. 20 §§ 34-5.

In die volgende tabel is by Trichardt nie getelle vir die gebruik van die lidwoorde by die verskillende naamvalle aangegee nie behalwe in die geval van manlike ensv. in die enkelvoud wat die enigste woorde is waarby Trichardt verboë vorme in die enkelvoud gebruik terwyl in die meerv. hy ook feitlik geen verboë vorme gebruik nie.

TABEL VAN DIE BEPAALDE LIDWOORDE

In die enkelvoud		Trichardt	Oberholster	Joubert	Pretorius
By ons. vde.					
nominatief	het		17	33	13
	de		12	28	3
	den				7
	die		2	3	
dat. en	het	10	82	64	27
akk.	de	1025	35	45	4
	den		8		26
	die	135	4		
genitief	des		5		
	der		1		
By manl. vde.					
nominatief	de	140	11	26	2
	den		20		54
	die	37	2	4	
	het		2		
dat. en	de	1230	43	79	3
akk.	den	296	220	50	99
	die	69			
	het		2	2	1
gen.	des	4	19	5	4
By vroul. vde.					
nominatief	de		126	25	5
	den				15
	die		8		
	het				7
dat. en	de	295	108	115	11
akk.	den	1			71
	die	34	29	3	2
	het		10	3	4
genitief	des	1			
	der		25		6
In die meervoud					
nominatief	de		45	80	3
	den		1		18
	die		12		
	het		1		
dat. en	de	655	60	103	6
akk.	den	1	15		61
	die	141		11	
	het		1		5
genitief	der	3	28	5	12

Die Byvoeglike Naamwoord

Verbuiging by voorplasing

205. In sowel Nederlands as Afrikaans staan die agtergeplaaste en predikatief gebruikte bnwe. altyd in die onverboë vorm, hoewel vroeër sowel die verboë as die onverboë vorm moontlik was in hierdie gevalle. Ten opsigte van die verbuiging van die voorgeplaaste bnwe. bestaan daar egter 'n belangrike verskil tussen die Ndl. en Afr. gebruik. In Nederlands hang die vorm van die bnw. af van die begeleidende woorde in die sin aangesien die adjektiwiese vorm diem óf en die kongruensie met die onw. uit te druk óf om die naamvalsvorme van die onw.-self te vorm of te help vorm, terwyl die bnw. in Afrikaans sy eie vorm het wat geensins deur sy betrekking tot die omringende woorde beïnvloed word nie.

206. In Nederlands het by die bnwe. in 'n vroeër taalperiode sterk en swak verbuiging bestaan, afhanklik van die voorafgaan van bepalende woorde of woorde met onbepaalde betekenis. Waar 'n bepalende woord die bnw. voorafgegaan het, was die verbuiging swak, in ander gevalle sterk. By die swak verbuiging het manl. en ons. onwo. in die 1ste en 4de naamval enkelv. 'n uitgang -e gekry (4de naamval manl. op -en), en in die genitief -en. By sterk verbuiging het manl. en ons. onwo. in die 1ste en 4de naamval enkelv. onverbuig gebly terwyl die genitief op -s uitgegaan het. By vroulike woorde, en in die meervoud is daar geen verskil in verbuiging gemaak na gelang van die begeleidende woorde nie.[1]

Hierdie toestand is in huidige Nederlands gedeeltelik bewaar, maar onder faktore as die voorafgaande woorde het hul laat geld sodat in baie gevalle die vorme met en sonder -e

/naas

---

1) Rijpma en Schuringa, Ndl. Spraakkunst, pp. 151-2 § 229.

naas mekaar gebruik word. By die woorde met onsydige geslag is die ou toestand in hoofsaak nog bewaar. Daar het die bnw. in die enkelv. nog die onverboë vorm (sterk verbuiging) wanneer geen bepalende woord of 'n woord met onbepaalde betekenis voorafgaan. By die manl. snwe. word in die enkelv. na 'n bepalende woord gewoonlik nog die verboë vorm van die bnw. gebruik maar onverboë vorme kom ook voor waar die ritme of betekenis dit vereis. Voor vroulike snwe. in die enkelv., en in die meerv. word in die reël verboë vorme/gebruik, onverskillig of 'n bepalende woord voorafgaan of nie. In die offisiële Ndl. skryftaal word agter die -e nog 'n -n gevoeg in die akkusatief manl. enkelv. en datief meervoud, maar in die Algemeen Beskaafde spreektaal word alleen -e gebruik waar die skryftaal -en het.[1]

Reeds in die sewentiende-eeuse Hollands is die -n nog in die nom., nog in die akk. in die spreektaal gebruik. Wat die gebruik van die -e betref, het 17de-eeuse Hollands egter heelwat onreëlmatigheid vertoon en is fleksielose vorme in baie gevalle gebruik waar dit in moderne Nederlands ongeoorloof is. In Hollands het die geflekteerde vorme dus toegeneem sedert die 17de eeu. In hierdie opsig toon Afrikaans veel meer ooreenkoms met 17de-eeuse Hollands as Moderne Nederlands, hoewel Afrikaans in party gevalle 'n verboë vorm gebruik waar Nederlands dit nie het nie, bv. 'n goeie boetaan, 'n vrugbare jaar.[2]

207. Dit het reeds uit die ondersoek geblyk dat Trichardt geen gevoel vir grammatikale geslag meer gehad het nie. Hoogtens lyk dit my nie heeltemal nutteloos om sy verbuiging van die bnwe. te ondersoek na aanleiding van die Ndl. taalreëls nie.

/By

---

1) Rijpma en Schuringa, Ndl. Spraakkunst, pp. 152-3 §§ 300-301.
2) J.J. Le Roux, Afr. Sintaksis, pp. 51-5 70.

By woorde wat in Ndl. onsydige geslag het, voorafgegaan deur 'n bepalende woord, skryf Triebardt 18 maal 'n verboë en 3 maal 'n onverboë bnw., bv. verboë vorme : in die nom. kom 'n vorm op -en voor : „onse ootmoedigen versoek" (p. 81); die ander vorme het -e : „de vrisse spoor" (p. 97), „de mooie weer" (p. 89), „zijn goede karakter" (p. 279), „de gudere water" (p. 285).

Waar geen bepalende woord voorafgaan nie, kom 56 verboë en 23 onverboë bnwe. by ons. anwe. in die enkelv. voor, bv. „een goeden stuk"(p. 217), „een zuure gezigt" (p. 97), „een koele bos" (p. 146), „mooie weer" (p. 48), „een klijne riviertje" (p. 276), „een losse plekkie" (p. 88); „mooi weer" (p. 251), „bosachtig veld" (p. 292), „een klijn kamertje" (p. 43), „onderhalf uur" (p. 205), „goed geselschap" (p. 13[illegible]).

Na 'n bepalende woord gebruik Oberholster 18 verboë bnwe. by ons. anwe. in die enkelv. en 4 onverboë bnwe., bv. „de gehoele dustrik" (Dep. 1825), „het hoog gouverment" (15/7/28), „onse ootmoedig versoek" (24/11/29). Waar geen bepalende woord voorafgaan nie, gebruik hy 4 maal 'n verboë en 11 maal 'n onverboë vorm, bv. „een droge stuk grond" (11/4/31), „een oude afgeleef schepsel" (22/9/32); „een omslagtig rapord" (25/8/32), „op nander berig" (14/2/29).

Joubert verbuig die bnw. by ons. anwe. na bep. wde. 6 maal wel en 9 maal nie, bv. „dit onnuttig volk" (1/8/33). Waar geen bepalende woord voorafgaan nie, kom 19 verboë en 20 onverboë vorme voor, bv. „een klijne eijser potje" (13/6/28(2)), „een losse gerugt" (28/7/28), „een klijne gedeelte" (21/6/35); „een goed bestaan" (25/9/28(2)), „een half uur" (12/9/31), „een verstandig gouvernment" (8/5/28).

/Pretorius

Pretorius verbuig die bnw. by ons. anwe. na 'n bep. wd. 8 maal wel en 1 maal nie, bv. „het geel rijpe koren" (2/7/47, p. 277); „ons vry carekter" (10/4/39, p. 63). Waar geen bepalende woord voorafgaan nie, kom 16 verboë en 9 onverboë vorme voor, bv. „een grote aantal" (7/12/39, p. 99); „een vrij volk" (10/4/39, p. 63), „een sleg bestier" (4/3/49, p. 363).

Hierdie gegewens bewys dat grammatikale geslag in hul taal weinig of geen rol gespeel het ten opsigte van die verbuiging van die byvoeglike naamwoord nie, en in hul spreektaal ongetwyfeld nie lewendig was nie.

208. By manl. anwe. in die enkelvoud, voorafgegaan deur 'n bepalende woord, gebruik Trichardt 90 verboë en 23 onverboë vorme. Daar kom 20 vorme op -en voor, bv. „om 10 uur den anderen dagh" (p. 10), „Jan zij dat hij goeden moet hob" (p. 209), „Den anderen dag kwam ouwe Strijdom" (p. 68). Dit is hoofsaaklik die bnw. ander wat -en kry. Verboë vorme op -e, bv. „de andere morgen" (p. 173), „de oude wagen" (p. 237), „de geheele dag" (p. 236); „de groot man" (p. 202), „de ander wagen" (p. 287).

Waar geen bepalende woord die bnw. voorafgaan nie, kom 153 verboë en 30 onverboë vorme voor, bv. „een verkeerde slagh" (p. 109), „een zeer slegte weg" (p. 198), „een wyze zoon" (p. 4); „een goed man" (p. 300), „mooi weer" (p. 251). Dit is dus duidelik dat die voorafgaan of nie van 'n bepalende woord geen rol speel in Trichardt se verbuiging van die byvoeglike naamwoord by manl. anwe. nie.

By vroulike anwe. gebruik Trichardt 87 verboë en 13 onverboë bnwe., bv. „de bleek roije kouij" (p. 219), „de ouwe vrouw" (p. 289), „een groote rivier" (p. 286), „tegen volle maan" (p. 285); „een klein rivier" (p. 284), „een menslievend juffer" (p. 308), „een ander rivier" (p. 157).

/By

By snwe. in die meervoud toon Trichardt 'n nog sterker neiging tot verbuiging van die bnw. Daar kom naamlik 150 verboë vorme voor en 9 onverboë vorme. Drie van die verboë vorme kom in die akkusatief op -en voor : „Vraag hij nijn om een paar makken ossen" (p. 73), „anderen goederen weerom te late geven" (p. 13), „in presint van onpartijdigen menschen" (p. 127), en die ander op -e, bv. „groote kale plekken" (p. 232), „vuile plekken" (p. 49), „de swarte koppien" (p. 86), „twee kleine stukkies geruijt (p. 118), „de magere kalvers" (p. 201), „rijpe mielies" (p. 72). Onverbuig : „de groot valijen" (p. 299), „veelschoten" (p. 298).

By manl. en vroul. snwe. in die enkelv. gebruik Oberholster 90 verboë en 46 onverboë bnwe., bv. „een groto mag" (30/6/26), „goede vrind" (Nov. 1828), „seijn helffe trop beeste" (29/10/19); een vorm op -en kom voor : „binne korten teijt" (19/9/24); „u getrouw onderdaan" (6/12/31), „een rustig toestand" (12/8/35). In die meervoud gebruik hy 31 verboë en 9 onverboë bnwe., bv. „swete regens" (Junie 1824), „U Ed. dienswillige dienaars" (24/4/24); „goet vrugte" (Sep. 1823).

Joubert verbuig die bnw. 54 maal wel en 41 maal nie by manl. en vroul. snwe. in die enkelv., bv. „een oude meijt" (13/6/28), „uit goede mening" (9/2/28), „een ruijme teijt" (1/12/31), en 1 vorm op -en : „in een slegten toestand" (J 5/11/38); onverbuig : „seker hottentot" (16/4/28), in een mistig weer" (J 25/11/38). In die meerv. kom 53 verboë vorme en 8 onverboë vorme voor, bv. „van opmerkelijke dingen" (31/3/28), „veele jonge in onervaaren menschen" (27/8/35), „12 dappere burgers" (23/5/32); „wijnig menschen" (27/7/34).

/Pretorius

Pretorius gebruik 97 verboë en 10 onverboë vorme by die manl. en vroul. anwe. in die enkelv., bv. „een goede leeraar" (23/7/38, p. 27), „een vreemde leer" (p. 150); drie vorme op -en kom voor, bv. „voor een korten tijd" (12/1/49, p. 253), „in denpublieken weg" (9/9/45, p. 191); onverbuig, bv. „het droevig tijding" (6/6/39, p. 77). In die meervoud kom 85 verboë en 5 onverboë vorme by hom voor, bv. „onzen dappere mede broederen" (27/4/49, p. 382), „de ongelukkige lijders" (6/6/39, p. 77); „wijnig Bosmans" (2/7/47, p. 277).

209. Dit is duidelik dat die begeleidende woorde veronagsaam is in die verbuiging van die bnwe. in die spreektaal van Trichardt se geslag. Reeds in Wikar se taal vind ons 'n veronagsaming van die Ndl. taalreëls,[1] terwyl in Joh. Duminy se taal die faktore wat die verbuiging van die bnw. in Ndl. bepaal, geen rol speel nie.[2] Die paar vorme op -en wat in die skryftaal van Trichardt en sy tydgenote voorkom, is ongetwyfeld formules of skryftaalvorme. Opvallend is die sterk neiging tot verbuiging van die bnwe. in sowel enkelvoud as meervoud in meer of minder mate by al vier die skrywers uit die Trek-periode.

210. In Afrikaans kan die voorgeplaaste bnw. -e neem en daar bestaan 'n paar algemene reëls vir die verbuiging van die bnwe. maar hul dek nie alle gevalle nie. Ek sal vaastel of die taalgebruik van Trichardt en sy tydgenote hierdie reëls gehoorsaam.

/Eenlettergropige

---

1) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 46.

2) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, pp. 45-6.

A. Eenlettergrepige byvoeglike naamwoorde

Die wat op d, f, g, s, uitgaan, kry -e as f, g, s teruggaan op die otemhebbende frikatiewe [v], [ɣ] en [z] in Nederlands.[1] Hierdie bnwe. verbuig Trichardt in 208 gevalle wel en 10 maal nie, bv. „koude veste lug" (p. 71), „de hoge gras" (p. 281), „kwade betaalders" (p. 282), „de halve dag" (p. 244), „een wijze zoon" (p. 4), „de groffe goederen" (p. 139), „Ouwe Botha" (p. 113) (vgl. §§ 21, 43 vir behoud en verlies van intervokaliese d, g in verboë vorme); onverboë vorme, bv. „Ouw Botha" (p. 213), „goed geschalschap" (p. 130), „een stukkie grof wit linne" (p. 251). Trichardt skryf 136 maal ouwe waar Afr. alleen ou gebruik.

Waar alot -g en -s in Afr. vir oorspronklike -gt (cht) en -st staan, neem die bnw. -te en word dit ook gewoonlik verbuig. By Trichardt kom in hierdie geval 20 verboë en 2 onverboë vorme voor, bv. „een vaste gebruik" (p. 55), „de slegte paarde" (p. 98), „opregte vrede" (p. 55), „een digte heijning" (p. 130); „sleg water" (p. 282).

Eenlettergrepige bnwe. op 'n oorspronklike -g neem nie -e nie behalwe waar n op p, t, k volg of die bnw. van 'n eienaam of 'n snw. afgelei is, bv. Joodse feeë, doodse stilte.[2] Trichardt verbuig egter die bnwe. wat op 'n oorspronklike -s uitgaan konsekwent in alle gevalle, bv. „een vriese dogter" (p. 24), „de vriese spoor van buffels" (p. 97), „een losse plekkie" (p. 88), „een varse plek" (p. 274), „varse spoor" (p. 153), „spitse koppies" (p. 146).

Eenlettergrepige bnwe. wat op 'n klinker of tweeklank eindig, of op die konsonante k, p, t, l, m, n, ng

/neem

---

1) Botha en Burger, Afr. Gramm., p. 71.
2) Botha en Burger, Afr. Gramm., p. 72.

neem in die reël nie -e in attributiewe gebruik in Afr. nie.[1)]

Hierdie bnwe. verbuig Trichardt in 146 gevalle terwyl hy in 19 gevalle dit onverbuig laat, bv. „klijne klippies" (p. 64), „een sterke rivier" (p. 213), „witte menschen" (p. 300), „een koele bos" (p. 146), „zware sant" (p. 302), „een sere hand" (p. 89), „grote olivantstanden" (p. 139), „volle maan" (p. 142); onverbuig : „groot gevaar" (p. 226), „een klijn kamertje" (p. 49), Die bnwe. op -ng kom alleen in verboë vorm voor, altesaam 37 maal, bv. „een jonge os" (p. 293), „de jonge lammers" (p. 14), „zoo lange tijd" (p. 299), „een lange rand" (p. 274). Bnwe. wat op 'n klinker of tweeklank uitgaan, verbuig Trichardt byna altyd, bv. „de mooie weer" (p. 89), „in een nouwe bos" (p. 281), „vlouwe asijn" (p. 151); „mooi weer" (p. 34). Trichardt maak dus geen merkbare verskil tussen die twee klasse eenlettergrepige bnwe. in sy verbuiging van hulle nie.

Oberholster verbuig eenlettergrep. bnwe. op d, f, g, s 55 maal wel en 7 maal nie, bv. „alle goede onderrichtig" (31/5/24), „alja helffe trop beeste" (29/10/19), „een droge stuk grond" (11/4/31), „een oude afgeleef schepsel" (22/9/32); „goet vrugte" (Sep. 1823), „het hoog gouvernent" (15/7/23). Die ander eenlettergrepige bnwe. kom by hom 24 maal verbuig voor en 18 maal onverbuig, bv. „een groote mag" (30/6/26), „langge haaggeren" (29/6/23), „binne korten teijt" (19/8/24); „de heer Abo heb groot begeerte" (18/10/23).

Joubert verbuig die eenlettergrepige bnwe. op d, f, g, s 18 maal wel en 3 maal nie, bv. „een oude meijt" (13/6/28), „goede meening" (9/2/28), „de rodevliegende springhaanen" (J 11/11/38), „droge vleen" (20/12/38(2)), „losse gerugt" (28/7/28); „een goet

/bestaan

1) Botha en Burger, Afr. Gramm., p. 72.

bestaan" (25/9/29(2)), „een <u>half</u> vlees" (20/12/38), „na <u>out</u> gewoonte" (8/7/34). Die onder eenlettergrepige bnwe. kom by hom 34 maal verbuig en 24 maal onverbuig voor, bv. „een <u>klijne</u> eiser potje" (13/6/28(2)), „een <u>swaare</u> weer" (14/3/29), „een <u>witte</u> vlag" (8/11/38), „een <u>vette</u>, <u>groote</u> schaap" (10/3/36), „een <u>jonge</u> Engelsman" (9/4/29), „een <u>nooije</u> bui regen" (16/2/36), „in <u>louwe</u> pekelwater" (8/11/38); „een <u>groot</u> aantal" (11/7/38).

Pretorius verbuig die eenlettergrepige bnwe. op <u>d</u>, <u>f</u>, <u>g</u>, <u>s</u> 36 maal wel en 2 maal nie, bv. „een <u>goede</u> leeraar" (23/7/38, p. 27), „sijn <u>oude</u> pos" (6/3/47, p. 122), „sijne <u>braafde</u> karakter" (13/1/49, p. 354), „uwe <u>liefe</u> familie" (4/3/49, p. 363), „een <u>valse</u> en <u>vreemde</u> leer" (p. 150); „een <u>half</u> uur" (9/9/45, p. 192). Die ander eenlettergrep. bnwe. word 81 maal verbuig en 12 maal onverbuig gelaat, bv. „dese <u>groote</u> belang" (23/7/38, p. 27), „een <u>diepe</u> sloot" (9/9/45, p. 192), „de <u>fraaije</u> plaats" (4/3/49, p. 364), „met <u>lange</u> en geleerde woorden" (13/9/49, p. 390); „ons <u>vrij</u> karakter" (10/4/39, p. 63), „een <u>vrij</u> volk" (10/4/39, p. 63), „het <u>geel rijpe</u> koorn" (2/7/47, p. 277).

Uit hierdie gegewens blyk dat daar by Trichardt en sy drie tydgenote 'n sterk neiging aanwesig was om alle eenlettergrepige bnwe. te verbuig en dat hulle taalgebruik die Afrikaanse reël vir die <u>e</u>-verbuiging by eenlettergrepige bnwe. dus gladnie gehoorsaam nie. Die eenlettergrep. bnwe. van die tweede klas kry in Afr. wel <u>-e</u> waar hul in figuurlike sin óf in verhewe styl, of met sterk klem gebruik word. In die taal van Trichardt en sy tydgenote word die bnwe. egter feitlik nooit in sulke omstandighede gebruik nie.

/B.

B. Meerlettergrepige byvoeglike naamwoorde

211. Hulle noem altyd -e in Afrikaans, behalwe wanneer hul op -er eindig en in sommige gevalle op -el. Die gebruik van bnwe. op -el en -er (onder as komparatiewe) is egter onvas in Afrikaans.[1]

Trichardt verbuig die meerlettergrep. bnwe. (onder as die op -er) 50 maal wel en 13 maal nie, bv. „negen veerbare schuts" (p. 41), „een aanzienlijke olivantstand" (p. 169), „gruwelijke scheldwoorden" (p. 231), „onwillige honden" (p. 177), „een verkeerde slagh" (p. 169); „bosagtig veld" (p. 293), „'n afgrijselijk nouste" (p. 213), „een bejaard man" (p. 188), „een gerus gemoed" (p. 255), „een menslievend juffer" (p. 308). Bnwe. op -el kom 9 maal verbuig en 7 maal onverbuig voor, bv. „de kroupele veers" (p. 295), „een simpele kierie" (p. 273); „troewel weer" (p. 223).

Die meerlettergrep. bnwe. op -er (komparatiewe uitgesluit) kom by Trichardt 110 maal verbuig voor en 56 maal onverbuig, bv. „den anderen dagh" (p. 10), „een andere rivier" (p. 171), „een mayere siekke kouij" (p. 9), „de mayere kalvers" (p. 201); „mager vee" (p. 125), „helder weer" (p. 221), „de onder dag morgen" (p. 184). Dit is hoofsaaklik die bnw. onder wat in verboë vorm voorkom. Dit is eienaardig dat Trichardt die bnwe. op -er so dikwels verbuig terwyl hy 'n aantal onder meerlettergrepige bnwe. wat in Afr. altyd verbuig word, onverbuig gebruik.

Oberholster gebruik die meerlettergrepige bnwe. wat nie op -er uitgaan nie 63 maal in verboë en 32 maal in onverboë vorm, bv. „afgrijselijkke klagte" (3/9/26), „de agbare coemisi" (23/8/21), „een schrikkelijke naarhijd" (14/10/34); „onse ontroedig verzoek" (24/11/29),

/u

1) Botha en Burger, Afr. Gram., p. 73.

„u getrouw en gehoorsaam dienaar" (15/7/28), „u versigtig handelwijs" (16/4/29). Bnwe. op -er verbuig hy 1 maal wel en 13 maal nie, bv. „op nader berig" (14/2/29), „verder schikking" (25/8/32).

By Joubert kom die meerlettergr. bnwe. wat nie op -er eindig nie 35 maal verbuig en 25 maal onverbuig voor, bv. „opmerkelijke dingen" (31/3/28), „een enkelde wonderlijke stortbuij reegen" (21/6/35); „dit onnuttig volk" (1/8/33). Bnwe. op -er verbuig hy 15 maal wel en 25 maal nie, bv. „bij andere geval" (6/5/28), „voor nekere waerheijt" (6/3/29), „12 dappere burgers" (23/5/32); „slegte magger vlees" (12/9.35), „seeker heer Tomson" (J 23/11/39).

By Pretorius kom 75 verboë en 8 onverboë vorme van meerlettergrep. bnwe. wat nie op -er uitgaan nie voor, bv. „den verschrikkelijken lagerbrand" (6/6 39, p. 77), „een onregveerdige saak" (p. 151), „in den publieken weg" (9/9/45, p. 191); „een aanzienlijk soms kontante geld" (12/2/46, p. 229), „het droevig tijding" (6/6/39, p. 77). Die bnwe. op -er kom by hom 14 maal verbuig en 3 maal onverbuig voor, bv. „onzen dappere mede broederen" (27/4/49, p. 382), „van den verdere overlaa" (12/2/46, p. 221); „ons verder rus en vrede" (10/4/39, p. 63), „aan den ander sij" (15/3/40, p. 105).

Wat die verbuiging van die meerlettergrepige bnwe. betref, verskil die taal van Trichardt en sy tydgenote heelwat van Afrikaanse gebruik. Hulle, veral Oberholster en Joubert, laat 'n hele aantal meerlettergrepige bnwe. wat nie op -er eindig nie, in stryd met Afrikaans onverbuig, terwyl hul bnwe. op -er dikwels verbuig. Trichardt en Pretorius verbuig die bnwe. op -er selfs in die meerderheid van gevalle.

/Die

212. Die verbuiging van die byvoeglike naamwoord in die taal van Trichardt en sy tydgenote is dus in ooreenstemming nog met die Nederlandse, nog met die Afrikaanse taalreëls.

'n Opvallende kenmerk wat die taal van twee van die skrywers met Trichardt s'n gemeen het, is die groot persentasie verboë vorme wat in stryd met Afrikaans is. Van Trichardt se 654 verboë vorme is 65% in stryd met Afrikaans en 14% in stryd met Nederlands. By Pretorius is 44% van 231 verboë vorme in stryd met Afrikaans en 5% in stryd met Nederlands, by Joubert 30% van 200 verboë vorme in stryd met Afrikaans en 9% in stryd met Nederlands. Oberholster verskil enigermate van sy tydgenote deur hy in slegs 5% van 213 gevalle die bnw. in stryd met Afrikaans en in 2% van die gevalle in stryd met Nederlands verbuig. Die onverboë vorme wat in elke skrywer se taal veel minder is as die getal verboë vorme, verskil egter in elk geval veel meer van Nederlands as van Afrikaans. Van die 106 onverboë vorme wat Trichardt gebruik, is 23 in stryd met Afrikaans maar 65 in stryd met Nederlands; by Oberholster is 39 uit 70 onverboë vorme in stryd met Afr. en 56 in stryd met Ndl.; by Joubert is 30 uit 77 onverboë vorme in stryd met Afr. en 56 in stryd met Ndl.; by Pretorius is 14 uit 25 onverboë vorme in stryd met Afr. en 19 in stryd met Ndl. Dat verbuiging van die bnwe. vertoon dus 'n sekere mate van ontwikkeling in die Afrikaanse rigting maar in die taal van Trichardt, Joubert en Pretorius is die getal adjektiewiese vorme wat met Nederlands in ooreenstemming is veel meer as die wat met Afrikaans ooreenstem.

Dr. Scholtz het 'n soortgelyke toestand aangetref in Meurant se taal, na aanleiding van sy briewe in „Het Kaapsche Grensblad", 1844-1850. Meurant gebruik 41 verboë bnwe.

in

Verbuiging by agterplasing

214. Afrikaans gebruik verskillende vorme in attributiewe en predikatiewe gebruik by 'n paar bnwe., nl. attributief : jong, lang, nuwe, ou; predikatief : jonk, lonk, nuut, oud. Die vorme jonk en lonk het Afr. blykbaar uit 17de-eeuse Holl. geërwe, maar hul word nie in Ndl. gebruik nie. Nuut is blykbaar 'n analogiese skepping in Afr.

Trichardt skryf twee maal jonk (pp. 72, 104) en nooit jong nie. Lonk kom by Trichardt as attributiewe bnw. voor in die samestelling lonkwagen (p. 242), waar Afr. algemeen langwa gebruik, maar nooit in predikatiewe gebruik nie waar hy altyd lang gebruik, bv. „was 14 voet lang" (p. 129), „een dosie van omtrind een duim lang" (p. 75). Die bnwe. nuwe (Ndl. nieuw) gebruik Trichardt nooit predikatief nie.

TABEL VAN VERBUIGING VAN VOORGEPLAASTE BNWE.

	Trichardt	Oberholster	Joubert	Pretorius
Volgens Ndl. taalreëls				
In enkelvoud				
By ons.bnwe.: na bep. wd.: verbuig	18	18	6	8
onverbuig	3	4	8	1
By ons.bnwe.: sonder bep.wd.: verbuig	56	4	19	16
onverbuig	22	11	20	9
By manl. en vroul.bnwe. verbuig	330	90	54	97
onverbuig	66	46	41	10
In meervoud verbuig	150	31	53	86
onverbuig	9	9	8	5
Volgens Afr. taalreëls				
eenlettergrep.bnwe. op d,f,g,s : verbuig	243	55	19	36
onverbuig	12	7	3	2
eenlettergrep.bnwe. op vokaal, diftong, k, p,t,l,m,n,r,ng: verbuig	146	24	64	81
onverbuig	19	18	24	12
meerlettergrep.bnwe. nie op -er nie: verbuig	80	63	35	75
onverbuig	13	38	25	8
meerlettergrep.bnwe. op -er : verbuig	110	1	15	14
onverbuig	56	13	25	5

voorwerpsvorme op -e(n) en enkele genitiefvorme voor. In suiwer selfstandige gebruik kry hul in Ndl. in die meerv. met betrekking tot mense die uitgang -en. Trichardt skryf nog soms die vorm allen, bv. „Is wij allen gegaan" (p. 91), „stond zij allen te kijken" (p. 270), maar gewoonlik alle, ook in suiwer selfstandige gebruik, bv. „dat hij verstoten word van alle" (p. 44), „met alle die met mijn was" (p. 304), „geen van alle het laten zal" (p. 157).

Die voorbeelde in die vorige paragraaf toon dat Trichardt nog alle selfstandig en selfs versterkend gebruik, waar Afr. alleen almal gebruik. Trichardt gebruik alle 6 maal selfstandig en 7 maal allemaal, wat in Ndl. alleen as „versterking" by 'n meerv. vnw. of snw. kan voorkom,[1] bv. „dat allemaal haar eige baas wesen wil" (p. 306), „dat allemaal daarbij was" (p. 47), „dat de Kloot kaffers hem met allemaal vermoord heb" (p. 39). Met versterkende funksie gebruik Trichardt egter alle 26 maal teenoor slegs 11 maal allemaal, bv. „dat de beeste alle bij malkander was" (p. 208), „en dat zij dat alle gehoord had" (p. 47), „zij dat zijn Boesmans en Jan zij Boesmans alle weg is" (p. 91), „dat het allemaal laugens is" (p. 60), „zouw het allemaal weesen" (p. 150), „dat Jan en Albach zij volk allemaal weg is" (p. 91). Trichardt se oorwegende gebruik van allemaal in selfstandige gebruik dui daarop dat dit die gebruiklike vorm by hom was. Die oorwegende gebruik van alle in versterkende funksie is blykbaar aan Ndl. skryftaalinvloed te wyte. Eenmaal gebruik Trichardt ook allegaar versterkend: „En mijn gevoelen is dat zij alle gaar omtrind even veel daarnaan gedaan heb" (p. 43). Allegaar word in Afr. ook selfstandig gebruik, maar nie by Trichardt nie.

/Die

1) Talen, Kollewyn, & B. Bottema, Ndl. Taal, p. 84 § 188.

217. Die rangtelwoorde bly in die Ndl. spreektaal onverbuig in byvoeglike gebruik maar in selfstandige gebruik eindig dit in die meervoud dikwels op -n, bv. „vele eersten sullen de laatsten zijn". In die skryftaal word die rangtelwoord egter verbuig soos die bnwe. By Trichardt kom alleen onverboë vorme voor, bv. „de tweede drif" (p. 252), „de derde paard" (p. 9).

Die Bywoorde

218. Die superlatief van die bywoord word in Ndl. nie verbuig as die bep. lidw. het ('t) nie voorafgaan nie, maar na 't kom dit sowel verbuig as onverbuig voor. In Afrikaans gaan die superlatief van die bywoord altyd op -e uit maar dit op die lidw. volg en gewoonlik ook waar geen lidw. voorafgaan nie. Die superlatief kom in Afr. veral onverbuig voor waar dit 'n bnw. bepaal om 'n omskrewe superlatief van die bnw. te vorm, bv. „die meen gesiene inwoner".

Trichardt skryf die superlatiewe met -e na die lidw., bv. „wat ons nu het beste te doen stond" (p. 254), „de kraal daar sij de eerste uit kwam" (p. 21), „als zij de minste elegter word" (p. 314), met uitsondering van die volgende geval : „zij ging met mijn pak wagen de eers op" (p. 215). Maar daar geen lidwoord voorafgaan nie, kom die onverboë superlatief eers(t) 'n paar maal by Trichardt voor, bv. „zij zou dan de eene wagen van Jan eers uit bringen" (p. 215), „zij ik dat wij eerst na de houd bos kloof moet gaan" (p. 226). Trichardt gebruik die vorm eer blykbaar ook as superlatief in die volgende sinne : „dat wij hem doet maken zal als hij bij ons komd, dat hij eer moet komen om te hooren" (p. 137), „dat gij vandaag niet komen zal, dat gij hem eer de mielies zal helpen afdragen" (p. 72), „om eer te zien waar de geleegeste plek weezen zal om te leggen" (p. 35).

/As

219. As komparatief gebruik Trichardt alleen die vorm eer en nooit die dubbele komperatief eerder wat in Afr. feitlik altyd gebruik word, bv. „Had ik eer geweeten dat u Adonis nodig had, kon ik hem eer gesteurd hebben, maar komt het niet eer te horen als gister" (p. 32), „kwam wij niet eer als Sondag" (p. 173).

220. Trichardt gebruik eenmaal die vorm lenk wat in Afr. die gebruiklike bywoordelike vorm is en in ouer Ndl. ook voorkom : „toen het omtrind lenk genoeg gerekt was" (p. 88). In die reël kom lang by hom voor, bv. „dat hy zoo lang blijven zal" (p. 45), „vraagt ik hem hoe lang dat hij met die vrouw getrouijd is geweest" (p. 68).

221. Trichardt verwar die byw. en vnw. zelfs en zelf (vgl. § 184). Hy gebruik albei vorme as bywoord, bv. „dat u wagen zelfs sonder lijer was en de pakwagen ook" (p. 127); „Ik zij dat zij haar eige vader tot een leugenaar maak, zelf zeg dat Albag na haar vrij" (p. 231). Hierdie verwarring word in ander ou geskrifte aangetref, byvoorbeeld in Nikar se Joernaal.[1]

222. Trichardt gebruik nog die Ndl. bywoord er, bv. „was er wijnig wolken in de lug" (p. 29), „kwam daar een gerugte dat er omtrind Albagh zijn wagen een leuw in een sloot was" (p. 153).

223. Die bywoorde braaf en mijnentwegen kom by Trichardt voor, bv. „Nadat zij 't 6 of 7 maal in de vuur voor de blaasbalk gehad heef en braaf gebrand en verbrand had, was 't op loo dan goed" (p. 88), dat de leuw braaf flouw (is)" (p. 141), „maar het was braaf droog" (p. 282); „ik zij dat als Louw zoo spreek van mijnentwegen, hij niet verwondert behoef to weesen als ik hem vijf en twintig riem

/slagen

---

1) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 49.

slagen voor zijn maars laat geven" (p. 99). Afrikaans ken alleen die vorm bra as bywoord van graad.

Trichardt se tydgenote gebruik ook braaf : Oberholster, bv. „sodat het braaf aan droge ben" (Maart 1824), en Joubert : „boojesmans of mantateesen die loopen braaf rond maar stoelen wijnig of niet" (23/1/29).

224. Ongewone bywoordelike vorme wat by Trichardt voorkom, is te regten, ten gelukte, ten eersten, onderdat : Hy skryf te regten i.p.v. Ndl. te recht, Afr. reg, bv. „Botha wouw Pretorius ook te regten helpen" (p. 306), „dat hij alsdan alles zal te regten maken" (p. 306), „want Doorn zal alloen niet te regte komen met de ossen" (p. 140). Ten gelukke kom in Ndl. voor,[1] maar gewoonlik gebruik Ndl. tot mij geluk of bijgeluk : „en krijg het ten alle gelukte" (p. 161). Ten eersten gebruik hy i.p.v. eerst, bv. „men dag ten eersten dat de hoele bool en volle brand was" (p. 101). Die vorm ondordat is waarskynlik 'n kontaminasievorm van die byw. onderwyl en die voegwoord dat : „onderdat wij sprak, kwam Jan zijn klijn Jan" (p. 219).

225. Trichardt gebruik die Afr. sintaktiese-„gekondenseerde" vorm overkant as byw., bv. „de negt hoorde wij schieten overkand bij de schapen" (p. 269), „dat ik Sekwati gevraag heb of wij de poort boven om en overkand voorbij ken" (p. 149).

/Die

---

1) Ndl. Wdb. IV, 1298.

Die Voorsetsels

226. Trichardt gebruik die sintaktiese-„gekondenseerde" vorm anderkant 'n paar maal as voorsetsel : „dat de kaffers de osse anderkand de kraal in de hoek gekregen heb" (p. 87), „dat de voorste menschen anderkand Sekwati is" (p. 30), „dat zes dagen anderkant Dunkaan Engelse woon" (p. 148).

By Trichardt kom ook 'n aantal voorbeelde van die middestadium van die ontwikkeling van anderkant, overkant en onderkant tot voorsetsel voor, bv. „dat Hendrik Potgieter zijn menschen anderkand van Sekwati is" (p. 29), „dat ik ander kand van de Rooij kaffers keijken moet" (p. 142); „Ik vrijg of de wagens aan deze of overkand van de Grote Revier stand" (p. 37); „een weg die onderkand van de poort van Baloela door gaat" (p. 190), naas die ongekondenseerde vorme, bv. „aan de ander kand van de bergh" (p. 208).

By Wikar kom reeds in die geval van onderkant die eindstadium, en in die geval van onderkant en anderkant die middestadium van die ontwikkeling tot voorsetsel voor.[1]

227. Opvallend is die besondere voorliefde by Trichardt en sy tydgenote vir die gebruik van over in 'n plekbepaling, bv. by Trichardt :„tot op de vlakte over de rivier" (p. 93), „Heef de lammers en de beeste over de rivier gebleven" (p. 18), „dat over de rivier daar wij afgekomen ben, zoo veel menschen aan komen is" (p. 100).

By Oberholster kom ook baie voorbeelde hiervan voor, bv. „den burgers die sig door nood gedreve over de grense bevind" (16/4/29), „de schoboels over de grense" (4/12/31), asook by Joubert, bv. „de meeste van hun vee is oover de rivier" (14/3/29),„en versamel kraalen kort oover de grense" (25/9/29(2)).

/In

---

1) Franken, V.R.V. XV, p. 247.

In Ndl. en Afr. is hierdie gebruik van over (oor) natuurlik nie ongewoon nie maar minder gebruiklik as in die taal van Trichardt en sy tydgenote.

228. Trichardt skryf sowel Ndl. in brand (steken) as Afr. aan brand (steek), bv. „Men dag ten eeresten dat de heele boel en volle brand was" (p. 101); „Wij had de berg aan brant gestoken" (p. 215), „wij had geen veur aan brand" (p. 220). Aan brand (steken) is egter nie tipies-Afrikaans nie maar kom ook in 17de-eeuse Ndl. voor.[1]

Joubert skryf konsekwent in brand, bv. „toen de dak in brand geraak" (30/12/35), „dat de deur in brant was" (30/12/35).

'n Ander geval waar Trichardt 'n Ndl. voorsetsel-verbinding gebruik wat ongewoon is in Afrikaans, is : „wil hij over doot slaan" (p. 59).

229. Trichardt se gebruik van voorsetsels is soms ongewoon. Hy skryf byna altyd dig(t) aan i.p.v. dichtbij, bv. „digt aan de rivier" (p. 173), „was de leuw dig aan ons kraalen" (p. 134), „een grote leuwspoor stond de morgen dig aan mijn schapen" (p. 200). Enkele male kom dig(t) bij voor, bv. „toen hij dig bij de Comati was" (p. 293).

Die vorm dig aan kom ook voor by Oberholster, bv. „dat wij dig aan elkander blijve" (23/9/28), en by Joubert, bv. „dig aan de groot rivier" (9/4/29), „tot dig aan de baaij" (J 11/11/38).

Hierdie vorm het blykbaar ontstaan deur kontaminasie van dichtbij en aan, en moet toe gebruiklik gewees het.

'n Ander ongewone gebruik van 'n voorsetsel by Trichardt is : „Ik gaf orders wat Pieta doen moes bij alle gevallen" (p. 249).

/By

1) v.d. Veen, Taaleigen v. Bredero, p. 86 § 144.

By Oberholster kom die volgende gevalle van ongewone gebruik van voorsetsels voor: „haar het onder het algemeen vrees en skrik" (15/1/31), „soo de voorsinigheijd in kort geen uijtkoms schenk" (4/12/33), en ook 2 daage moes men trekke buijten een druppel water voor het vee" (15/7/28).

Oorsig van die naamwoorde en partikels

230. Die vorm leer van die taal van Trichardt en sy tydgenote ten opsigte van die naamwoorde en partikels is soms in ooreenstemming met Nederlands en onafrikaans, en soms in ooreenstemming met Afr. en onnederlands. Die volgende Ndl. kenmerke kom voor :

Met uitsondering van Oberholster volg hul byna getrou die Ndl. skryftaal met betrekking tot getalsuitdrukking by die onwe. en skryf byna altyd die meervoudsvorme met -en.

By die vier skrywers kom alleen 'n klein aantal genitiefsvorme by die onwe. voor. Trichardt gebruik geen naamvalsvorme by die voornaamwoorde nie, die pers. vnwe. uitgeslote, en by sy drie tydgenote kom alleen 'n beperkte getal naamvalsvorme by die vnwe. voor en die is dikwels verkeerd gebruik. By die lidwoord de gebruik Trichardt nog dikwels die voorwerpsvorm den, hoofsaaklik korrek, maar dit is klaarblyklik 'n formule in sy taal. In die reël bly die lidw. onverbuig waar die Ndl. skryftaal 'n verboë vorm verlang. Die ander drie skrywers gebruik die verboë vorme van de nog baie dikwels maar hulle gebruik is in 'n groot mate in stryd met die Ndl. taalreëls. Hulle is dus baie onseker oor die verbuiging van die lidwoord. Trichardt en sy tydgenote het dus geen lewendige gevoel vir naamvalsonderskeiding gehad nie, wat in die Moderne Ndl. spreektaal ook nie meer bestaan nie.

/Die

Die skrywers gebruik hoofsaaklik die Ndl. vorme van die persoonlike voornaamwoorde. By die eerste persoon enkelv. gebruik hul in die enkelvoud alleen die vorm ik wat moontlik as deftige vorm gebruik is. By die derde pers. enkelv. word in die voorwerpsvorm van die manl. geslag alleen die vorm hem (Afr. hom) gebruik, terwyl as pers. vnw. van die onsydige geslag alleen het (Afr. dit) gebruik is. Het kom ook in uitgebreider gebruik as in Ndl. of as dit in Afr. as terugwysende vnw. by Trichardt voor. Dit is egter onwaarskynlik dat in hul spreektaal die vorme ek, hom en dit nie naas ik, hem en het voorgekom het nie.

As onderwerpsvorm van die eerste pers. meerv. gebruik al vier skrywers wij. Alleen Trichardt gebruik die Afr. vorm ons 'n paar maal. Zij is waarskynlik as vername vorm selfs in die spreektaal toe nog gebruik. As onderwerpsvorm van die derde pers. meerv. kom zij by almal in die reël voor naas enkele gevalle van hulluij en sulle. As voorwerpsvorm word, met uitsondering van Trichardt se taal, gewoonlik hun gebruik naas 'n aantal gevalle van ze, hen en hulluij. Die Ndl. skryftaalinvloed het egter waarskynlik hierdie gebruik van die pers. vnwe. sterk beïnvloed. Dit geld ook vir die veelvuldige gebruik van zich naas hem, haar en hun as wederkerende vnw. by Trichardt se tydgenote.

As besitlike vnwe. van die eerste en derde persoon enkelv. gebruik hul almal mijn en zijn respektieflik. Alleen Trichardt skryf in 'n aantal gevalle mij en zij wat vermoedelik die gebruiklike vorme was naas mijn en zijn as vername vorme. Daarnaas kom die vorme mijne, zijne, en hare enkele kere in attributiewe gebruik voor.

/As

As aanwysende voornaamwoord in attributiewe gebruik kom by Trichardt die vorm deze nog 'n paar maal voor by de-woorde en dit, dat by het-woorde in die enkelvoud, naas die reël die by alle geslagte in enkelvoud en meervoud. Trichardt se tydgenote gebruik egter nog gewoonlik deze by de-woorde naas die, en dit, dat by het-woorde naas in enkele gevalle deze, die. Joubert en Pretorius gebruik deze ook in die meervoud. Hul onsekerheid in die gebruik van die vorme deze, dit en dat toon dat hierdie vorme in hul spreektaal nie meer lewendig was nie maar onder Ndl. skryftaalinvloed gebruik is. In selfstandige gebruik kom dat nog dikwels by Trichardt voor en dit was toe nog in gebruik.

As betreklike vnw. gebruik al vier skrywers in die reël die by alle geslagte. Trichardt is feitlik die enigste wat die vorme wat en dat gebruik hoofsaaklik in ooreenstemming met Ndl. gebruik. Oberholster en Pretorius gebruik welk(e) en hetwelk ook 'n aantal keer, hoewel dikwels verkeerd. Hierdie vorme is klaarblyklik skryftaalvorme. Om die genitiefbetrekking uit te druk gebruik alleen Joubert en Pretorius die vorme wiens en van wien. Trichardt en Oberholster gebruik alleen die voornaamwoordelike bywoord.

As vraende voornaamwoord in attributiewe gebruik kom wat voor of meer dikwels alleen wat by Trichardt en Joubert voor. Die gebruiklike Ndl. vorm welke en Afr. watter kom nie by enige van hulle voor nie.

As bepaalde lidwoord word de nog in die reël by almal gebruik. Trichardt gebruik dikwels ook die maar by sy tydgenote kom dit selde voor, by Pretorius selfs glad nie. Het kom slegs enkele male by Trichardt voor. Sy tydgenote gebruik het nog in die meerderheid van gevalle by het-woorde maar ook by de-woorde. Het is klaarblyklik 'n skryftaalvorm

/in

in hul taal. Die was waarskynlik die gebruiklike lidwoord naas de wat veral in deftige taal en die skryftaal sal gebruik geword het.

In die verbuiging van die byvoeglike naamwoord speel grammatikale geslag in die taal van Trichardt en sy tydgenote geen rol nie en hul verbuiging van die bnwe. gehoorsaam dus nie die Ndl. taalreëls nie. Nogtans is hul verbuiging van die bnwe. meer in ooreenstemming met Ndl. as met Afr. aangesien hul alle bnwe. gewoonlik verbuig, in stryd met Afrikaans.

231. 'n Aantal kenmerke van Trichardt se taal en some ook sy tydgenote s'n is afwykend van Moderne Ndl. maar gaan terug op ouer Ndl.

By die vier skrywers kom 'n hele aantal meervoudsvorme op -s voor soos in Afr., maar in stryd met Moderne Ndl. asook 'n aantal meervoudsvorme op -ens.

As voorwerpsvorm van die pers. vnw., eerste persoon enkelvoud, gebruik hul in die reël mijn na s in enkele gevalle mij. Altwee vorme was toe in gebruik.

In die voorwerpsvorm van die pers. vnw., derde persoon meerv., gebruik Trichardt in die reël haar, en in enkele gevalle hulluij, hen, hun en se waar sy tydgenote in die reël hun skryf. Haar was blykbaar nog in gebruik, moontlik as deftige vorm, naas hulle. Ook as besitl. vnw. van die derde persoon meervoud gebruik Trichardt byna altyd haar en in 'n paar gevalle hulluij en hun(ne), waar sy tydgenote die vorme hun en hunne gewoonlik gebruik naas haar. By die besitl. vnw. het blykbaar 'n soortgelyke toestand bestaan met betrekking tot haar as by die pers. vnw.

/As

As wederkerende voornaamwoord gebruik Trichardt hem, haar in die enkelvoud en haar in die meervoud soos in 17de-eeuse Ndl. naas 3 maal zig. Trichardt se tydgenote gebruik hierdie vorme ook maar gedikwels zich in alle gevalle, en staan klaarblyklik onder Ndl. invloed.

As versterkende vnw. en byw. gebruik Trichardt sowel zelfs as self.

As lidwoord word die dikwels deur Trichardt gebruik.

As betreklike voornaamwoordelike bywoord skryf Trichardt, Oberholster en Joubert dikwels daar + voors. naas waar + voors.

Trichardt en Pretorius gebruik die besitl. vnwe. soms selfstandig sonder voorafgaande lidwoord.

232. Die taal van Trichardt en sy tydgenote ten opsigte van naamwoorde en partikels word ook gekenmerk deur 'n paar tipies-Afrikaanse kenmerke. Die belangrikste is die verdwyning van grammatikale geslagsonderskeiding uit hul taal. Trichardt gebruik die lidwdc. de en die en die aanw. vnw. die byna konsekwent by alle enwe. Sy tydgenote gebruik die lidw. het en aanw. vnwe. dit, dat by onsydige enwe. nog meer as die ander vorme maar gebruik die lidw. en aanw. vnwe. van die onsydige geslag ook by enwe. met manl. en vroul. geslag asook in die meervoud. Hierdie verwarring toon dat hulle geen lewende gevoel vir grammatikale geslagsonderskeiding gehad het nie wat bevestig word deur die feit dat grammatikale geslag geen rol in hul taal speel ten opsigte van die gebruik van betreklike en besitlike vnwe. en die verbuiging van die bnwe. nie, wat in Trichardt se taal ook die geval is.

/By

~~Trichardt gebruik 'n paar maal die vorm ons in die nominatief meervoud van die eerste persoon naas wij wat vir 99% van die gevalle gebruik is. In die nominatief meervoud van die derde persoon gebruik hy ook in enkele gevalle hulluij naas in die reël zij.~~

As besitl. vnw. van die eerste en derde persoon enkelvoud gebruik Trichardt 'n geringe aantal keer mij en zij respektieflik naas mijn en zijn wat gewoonlik voorkom. By die eerste pers. meerv. gebruik Trichardt in die meerderheid van gevalle ons naas onze by alle woorde. Sy tydgenote gebruik onze meer dikwels as ons sowel by de- as by het-woorde. Die vorm onse het nog in hul spreektaal voorgekom as die deftige vorm.

As onbepaalde hoofstelwoord gebruik Trichardt allemaal selfstandig naas alle.

In Trichardt se taal kom die sintaktiese-„gekondenseerde" vorme overkant en onderkant as bywoord en voorsetsel respektieflik voor.

233. Die vormleer van Trichardt se taal vertoon dus ten opsigte van die naamwoorde en partikels 'n groot mate van ooreenkoms met Afrikaans, veral deurdat geslag- en naamvalsonderskeiding nagenoeg uit sy taal verdwyn het. 'n Aantal Nederlandse voornaamwoorde en lidwoord de word egter nog in die reël gebruik i.p.v. of naas die Afrikaanse. Sommige van hierdie Ndl. vorme het waarskynlik nog in sy spreektaal voorgekom. Die skryftaal van sy tydgenote vertoon op hierdie gebied meer ooreenkoms met Ndl. as syne wat aan die invloed van die Ndl. skryftaal toegeskryf moet word.

HOOFSTUK III

Die Werkwoordelike Vormleer

234. By die werkwoord bestaan die belangrikste verskille tussen Nederlands en Afrikaans ten opsigte van die vormleer. In Afrikaans het al die buigingsuitgange verlore gegaan, en, nog belangriker, die klinkerwisseling in die stam van sterk werkwoorde, en as gevolg daarvan het Afrikaans minder tydvorme as Nederlands. Persoonsvorme van die onreëlmatige werkwoorde hebben en zijn het ook verlore gegaan, en party persoonsvorme en tydvorme het 'n uitgebreider gebruik gekry in Afrikaans.

Die Kategorieë persoon en getal

235. Die ooreenkoms tussen onderwerp en gesegde in persoon en getal wat Nederlands nog handhaaf, bestaan in Afrikaans nie meer nie en hierdie kategorieë het dus by die werkwoord in Afrikaans verdwyn.

236. (A) Getal

In Trichardt se hele Dagverhaal kom net 20 werkw. meervoudsvorme voor. So staan daar byvoorbeeld in die gedeelte van bladsy 81 tot bladsy 106 twee korrekte meervoudsvorme teenoor 131 werkw. enkelvoudsvorme by meervoudige onderwerpe, en in bladsye 251 tot 270 1 korrekte meervoudsvorm teenoor 222 enkelvoudsvorme by meervoudige onderwerpe.

Alleen 20 van die meervoudsvorme in Trichardt se taal is korrek gebruik en hul maak minder as 1 persent van die totale aantal persoonsvorme by meervoudige onderwerpe uit. Van hierdie korrekte meervoudsvorme gaan 16 op -(e)n uit en 4 op -e. Ag van hul kom by selfstandige werkwoorde

/voor

voor : „dat wij de rivier hier verlaten" (p. 271), „zooals zij die Natie noemden" (p. 310), „gunden wij ons de tijd niet" (p. 232), „Toen maakten wij die gedagten" (p. 144), „loeseerden wij de nagt aldaar" (p. 159), „zij gaan die vijhand en gemoed" (p. 81). „Hiermede blijve wij"(p. 32), kom as afsluiting van 'n brief voor en is ongetwyfeld 'n formule. Van die hulpwerkwoorde kom hebben 5 maal, hebbe 2 maal, hadden, hadde en waren elk 1 maal korrek gebruik voor : „Hebben zij dat weer alles verholp" (p. 126), „hebben zij die weer gewold" (p. 126), „Hebben zij dat alweerder in 't vuur gezit" (p. 90), „hebben zij een eijsere kierie gesmeed" (p. 88), „Hebben wij de spoor op gezogt" (p. 91), „Hebbe zij dat weer in de vuur gezit" (p. 90), „De avond hebbe zij de band van Albach weer gekort" (p. 90); „die koffer die zij bij haar hadden" (p. 51), „met de honden die zij bij hen hadde" (p. 165), „Zij waren afgemat van werken" (p. 122). Zullen kom 2 maal voor, en kunnen en willen elk 1 maal : „wat weg wij nu zullen inslaan" (p. 253), „dat wij alsdan die weg zullen inslaan" (p. 170), „Zij door regterlijke wetten kunnen gestraf worden" (p. 193), „dieven willen zij niet wezen" (p. 51).

Nege maal gebruik Trichardt 'n werkw. meervoudsvorm by 'n enkelv. onderwerp., bv. „terwijl hy met hen spreken" (p. 139), „opdat hij het bij gevolg aan alle andere kunnen tonen" (p. 297), „Ik zij dat ik daar niet na toe trekken" (p. 80), „dat de een de ander wel voor de oorsaaken strafbaar verklaaren" (p. 43), „zij Jan dat Pieta misschien niet goed opgelet hebben" (p. 209), „dat hij zoo ver mis had en niet willen weeten" (p. 21[illegible]). In twee gevalle is die onderwerp 'n versamelnaam wat Trichardt as meervoudig mag gevoel

/het

het : „was wij verstomd...dat die vee zoolang hier kunnen gewees hebben" (p. 290), „zijn volk zijn dezelfde dag alle vertrokken" (p. 14). Dit is die enigste geval van die gebruik van zijn as persoonsvorm wat in die Dagboek voorkom.

Dit is duidelik dat Trichardt baie onseker was oor die gebruik van die meervoudsvorme en geen gevoel daarvoor gehad het nie. Die paar meervoudsvorme in sy taal is of formules of onder Ndl. invloed geskryf.

By Oberholster kom 76 meervoudsvorme teenoor 175 enkelvoudsvorme by meervoudige onderwerpe voor. As meervoudsvorme kom zijn 73 maal, hebben 1 maal en 2 vorme op -e van selfst. wwe. voor, bv. „dat de bossemans door 4 burgers agtervolg seijn geworde" (15/5/19), 2 bosjesmans...sijn aangecome" (22/9/32); „hebben wij..." (15/7/28(2)); „en rijde ook geen mensche naa de Kaap" (30/10/25). Hy besit ook geen gevoel vir meervoudsvorme meer nie.

By Joubert kom 111 korrekte meervoudsvorme voor teenoor 334 enkelvoudsvorme by meerv. onderwerpe. 96 vorme gaan uit op -(e)n, bv. „de menschen trekken" (21/6/38), „bosjesmans of mantateesen die loopen braaf rond maar steelen wijnig of niet" (23/1/29), „sij waren..." (21/6/35), „sij sien..." (14/3/29). 'n Paar kry alleen -e, bv. „wij hadde..." (J 2/12/38). Ook : onreëlmatige vorme : „dat sij reeds vrij sijn" (J 7/12/38). Joubert gebruik egter ook 13 meervoudsvorme by enkelvoudige onderwerpe, teenoor 437 enkelvoudsvorme, bv. „soo als ik...hooren" (25/9/29), „dat hy in de wijk ...woonen" (28/7/29), „dat ik volstrek geen kans sien" (27/8/35), „een negosiant staan" (9/11/31).

/By

By meerv. onderwerpe gebruik Pretorius 18 werkw. meervoudsvorme, maar ook 72 enkelvoudsvorme, bv. kunnen wij ons onderwerpen" (4/3/49, p. 365), „sij...loopen" (9/9/45, p. 192), „sij...waren" (12/1/49, p. 352); „dat sij aan ons seg" (6/3/47, p. 122), „voor een bees ruijld sulle..." (24/2/39, p. 51). By hom kom ook 5[illegible] meervoudsvorme voor by enkelvoudige onderwerpe naas 384 enkelvoudsvorme, bv. „soodat ik mijne kosbaare wooningen...moeten verlaaten" (Aug. 1847, p. 280), „waaruijt ik selfs...U Ed. meening saagen" (12/2/47, p. 256), „toen ik nog 50 a 60 uuren te paard van mijne familie waaren" (26/1/48, p. 297). Pretorius toon dus 'n sterk neiging om vorme op -en te gebruik maar is baie onseker omtrent hul gebruik sodat hy dikwels hiperkorrekte vorme skryf.

Opm. In die huidige Alg. Besk. Hollandse spreektaal en, trouens, reeds in die 17de eeu gaan die werkw. meervoudsvorme uit op -e.[1] In die 17de-eeuse Hollandse volkstaal het 'n werkwoord soms die enkelvoudsvorm hoewel die onderwerp meervoudig is, en soms kom 'n meervoudsvorm by 'n enkelv. onderwerp voor.[2] Reeds in Mnl. kom 'n werkwoord in die enkelvoudsvorm by 'n meervoudige en veelvoudige onderwerp voor.[3] Daar het dus baie vroeg in Ndl. reeds verswakking van gevoel vir die ooreenstemming in getal tussen onderwerp en gesegde ontstaan. Dit het aanleiding gegee tot onsekerheid oor die gebruik van die meervoudsvorm en het in Afrikaans die verdringing van die meervoudsvorm deur die korter enkelvoudsvorm tot gevolg gehad.

/TABEL

1) vgl. Nauta, Taalk. Aantekeningen, p. 30.
2) v.d. Veen, Taaleigen v. Bredero, pp. 13-15 §§ 22-5; v. Helten, Vondel's Taal, p. 47 § 56.
3) toet., Mnl. Syntaxis, p. 1[illegible]6 § 253.

TABEL OM GETALSONDERSKEIDING BY DIE WW. AAN TE DUI

	Trichardt	Oberholster	Joubert	Pretorius
By enkelv. onderwerpe:				
enkelvoudsvorme	± 5000	476	437	284
meervoudsvorme	9	0	13	50
By meerv. onderwerpe :				
meervoudsvorme	20	76	111	118
enkelvoudsvorme	± 2000	175	334	72

237. Behalve by Pretorius oorweeg die enkelvoudsvorme by meerv. onderwerpe dus by almal, en Pretorius se onsekerheid oor die gebruik van die meervoudsvorm toen dat hy dit onder Ndl. invloed gebruik het en geen lewende gevoel daarvoor gehad het nie. In die spreektaal van Trichardt en sy tydgenote het daar ongetwyfeld geen getalsonderskeiding by die ww. bestaan nie. Trouens, getalsverskil moet reeds vroeg in Afrikaans verdwyn het. Wikar gebruik reeds dikwels 'n enkelvoudige werkwoord by 'n meervoudige onderwerp, terwyl in die „Lied ter Eere van die Swellendamsche...Helden..." van 1795 die werkwoord konsekwent (20 keer) in die enkelvoud staan by 'n meervoudige onderwerp.[1] In Meurant se briewe in „Het Kaapsche Grensblad", 1844-1850, staan die ww. feitlik konsekwent in die enkelvoud.[2] Die meervoudsvorme in die skryftaal van Trichardt en sy tydgenote moet dus op rekening van die Ndl. skryftaaltradisie geplaas word.

(B) Persoon

238. Om vas te stel of Trichardt nog enige gevoel vir persoonsverskil gehad het, het ek sy enkelvoudsvorme in die teenw. tyd ondersoek. By hierdie beskouing word die hulpwerkwoorde kunnen, mogen, willen, zullen, wat geen vormverskil in die enkelvoud vertoon nie, buite rekening gelaat,

/asook

1) Scholtz, Afr. Brief van 1851 (Huisgenoot, 20 Junie 1841, p. 29).
2) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22 Aug. 1841, p. 61.

aecook die werkwoorde waarvan die stam op 'n dentale okklusief uitgaan, soos laten, worden, waarby daar in die uitspraak ook geen verskil tussen enkelvoudsvorme is nie. Die werkwoorde hebben en zijn word, weens hul afwykende vorme, voorlopig buite beskouing gelaat.

Van die oorblywende wwo. kom daar by Trichardt by enkelv. onderwerp 418 enkelvoudsvorme met die dentale uitgang voor en 715 uitgangloose vorme. By meerv. onderwerp kom 149 enkelvoudsvorme met dentale uitgang voor en 206 vorme sonder uitgang.

By die 1ste pers. enkelv. skryf Trichardt uit 272 vorme 44 met die dentale uitgang en 228 uitgangloose vorme, d.w.s. 85% van die vorme is korrekte eerste persoonsvorme, bv. „Ik vraag hem" (p. 157), „Ik zag" (p. 125), „als ik het hoor en ziet" (p. 244), „Toen ik weer van huis komt" (p. 94), „dat ik Albog zoo min vertrouwd" (p. 205).

By die tweede persoon enkelv. kom 8 vorme met dentale uitgang voor en 8 daarsonder, bv. „wat u doet" (p. 100), „Gij behoef mijn niet te helpen" (p. 203), „dat Uwed. het gunstiglijk oordeel" (p. 81).

By die 3de pers. enkelv. kom 845 vorme voor, 366 met -t en 479 daarsonder, bv. „Blijft de beste getal" (p. 30), „waar oom Jan zij vee heen staard" (p. 126); „dat hij niet omgoef dat Boesetoe hem doot slaat" (p. 45), „als de meer een wijnig op klaar" (p. 29), „als hij...verlang" (p. 195).

By die 1ste pers. meerv. is 105 vorme opgeteken, 23 met -t en 82 daarsonder, bv. „Toen wij bij ons wagens komt" (p. 207), „Toen wij weg gaat" (p. 139), „als wij de buik en leeren af gooijt" (p. 222); „als wij die dag blijf" (p. 166), „de zorgen laag wij de beeste" (p. 294), „dat wij de eentijns veng" (p. 263).

/By

By die 3de pers. meerv. kom 126 enkelvoudsvorme met die dentale uitgang en 124 daarsonder voor, bv. „dat zij sulks van hem ziet" (p. 193), „komd vier bij" (p. 36), „omkeerd vier aan de heer" (p. 235); „blijf ons paarde uit" (p. 41), „als de kinders aan haar eits zeg of doet" (p. 239), „als zij de betaling voor de arme bring" (p. 264).

Hierdie gegewens toon dat Trichardt die eerste persoons- of stamvorm en die derde persoonsvorm by alle persone, in enkelvoud en meervoud gebruik, sonder enige onderskeid. By het dus geen lewendige gevoel vir persoonsverskil by die werkwoord gehad nie.

By Obe holster kom 39 enkelvoudsvorme met -t en 94 daarsonder by enkelv. onderwerp voor, en 10 met -t en 24 sonder uitgang by meerv. onderwerp. By die 1ste pers. enkelv. skryf hy 3 vorme met -t en 54 uitganglose vorme, bv. „siet ik" (9/4/28); „sag ik het" (16/4/29), „teken ik mijn" (29/11/31), „ik meen" (10/11/24). By die 2de pers. enkelv. kom 1 vorm met -t voor en 8 daarsonder, bv. „u...voldoet" (21/4/27); „ontvang u" (25/4/27). By die 3de pers. enkelv. is 68 vorme opgeteken, 36 met -t en 32 daarsonder, bv. „de veld staat seer vraaij" (31/5/28), „dese mijne schrijving dint" (19/12/32); „hij geef voor" (6/11/20), „de sank...duijster toonschijn" (29/3/29).

By die 1ste pers. meerv. kom 1 vorm met -t en 8 sonder -t voor, bv. „als wij hierin nit voorsit" (19/12/32); „vertrouw wij" (15/7/29). By die 3de pers. meerv. skryf hy 9 vorme met -t en 16 daarsonder, bv. „nu koord de menschen...terug" (12/8/35), „3 man staad hun te volge" (23/8/35); „daar de burgers...vertrouwend blijf" (31/5/24), „die kuijle geef nu al op" (30/6/25).

/Joubert

Joubert gebruik 99 vorme met en 205 sonder dentale uitgang in die enkelvoud, en 12 met en 29 sonder dentale uitgang by meerv. onderwerp. In die enkelvoud skryf hy by die eerste persoon 36 vorme met -t en 128 sonder uitgang, bv. „verstaat ik" (11/9/28), „soo ik daar komt" (1/8/33); „ik sie.." (16/1/34), „ik hoor dat.." (4/3/29). By die 2de pers. kom 1 vorm met -t en 8 daarsonder voor, bv. „ontfang U Wed." (1/12/31), „terwijl ule dink" (17/8/33). By die 3de pers. kom 63 vorme met -t voor en 69 daarsonder, bv. „de eene komt naa binnen en de ander trek weer uijt" (9/4/29), „dese negosiant komt van Vaalrivier alwaar de pokken seer sterk regeer" (9/11/31), „als het geeert gouvernement hem nu hiermede niet bemoeij" (2[illegible]/3/32).

In die meervoud kom by die 1ste pers. alleen 2 uitganglose vorme voor, bv. „die wij hier ontvang" (12/9/35). By die 3de pers. kom 12 vorme met -t en 27 sonder -t voor, bv. „of ik veel menschen zal vinden die toestemt" (4/3/29), „de ooverlamse die...weggaat" (23/7/29); „de boomen...schijn geheel doot" (21/6/35).

Pretorius gebruik 46 vorme met dentale uitgang en 57 sonder uitgang by enkelv. onderwerp, en 9 met dentale uitgang en 24 daarsonder by meerv. onderwerp. In die enkelvoud gebruik hy by die 1ste pers. 10 vorme met -t en 26 sonder -t, bv. „wenscht ik..." (27/9/39, p. 94), „als ik...teld" (Aug. 1845, p. 190), „ik...siet" (22/4/48, p. 316); „hoe bewijs ik" (2/7/47, p. 277), „ik ontvang" (12/2/47, p. 256), „ik sie..." (p. 150). By die 2de pers. kom 6 vorme op -t en 5 sonder -t voor, bv. „dat U Ed. tog nog belang steld" (23/7/38, p. 27), „dat gij doet" (15/3/40, p. 105); „so U L. mij geen beter assistensie verleen"

/Aug.

(Aug. 1845, p. 190), „gij seg" (10/4/39, p. 63). By die 3de pers. enkelv. kom 30 vorme met -t en 26 sonder -t voor, bv. „de riviertje...loopt" (27/9/39, p. 94), „het komt mij voor" (12/2/47, p. 257); „het schijn" (16/3/46, p. 222), „soo er een bees uijdblijf of een koe kalf" (Aug. 1845, p. 190).

In die meervoud gebruik Pretorius by die 1ste pers. 2 vorme op -t en 13 sonder uitgang, bv. „behoort wij te sijn" (4/3/49, p. 51), „dat wij niet altoos ons dankbaar genoeg betoond" (4/3/49, p. 51); „soo wij om hulp...vraag" (8/4/48, p. 313), „dog wij vertrouw" (24/2/39, p. 50). By die 3de pers. meerv. kom 7 vorme met -t en 11 sonder -t voor, bv. „aller harten en monden kleeft u...aan" (4/3/49, p. 367), „voor een bees ruijld sulle..." (24/2/39, p. 50); „dat sij toeneem" (Aug. 1845, p. 190), „indien sij uwe orders so min ag" (16/3/46, p. 222).

TABEL VAN WEREW. ENKELV. PERSOONSVORME

	Trichardt		Oberholster		Joubert		Pretorius	
Enkelvoud	met -t	sonder -t	met -t	sonder -t	met -t	sonder -t	met -t	sonder -t
1ste pers.	44	338	2	54	36	128	10	26
2de pers.	8	8	1	8	1	8	6	5
3de pers.	366	479	36	32	63	69	30	26
TOTAAL	418	715	39	94	100	205	46	57
Meervoud								
1ste pers.	23	82	1	8		2	2	13
3de pers.	126	124	9	16	12	27	7	11
TOTAAL	149	206	10	24	12	29	9	24

239. Dit blyk dus dat al vier skrywers in die reël die uitgangloze vorm gebruik ook by die tweede en derde persoon, en dat die vorm met dentale uitgang dikwels inkorrek gebruik word. Hulle was dus baie onseker oor die gebruik van die enkelvoudsvorme en het seker geen lewendige gevoel vir persoonsverskil gehad nie.

/Die

Die gebruik van die vorme met en sonder die dentale uitgang is egter nie so willekeurig as wat dit op die oog lyk nie. In 'n groot mate hang dit af van die klank waarop die stam van die werkwoord uitgaan. Hiervolgens kan die werkwoorde wat by die ondersoek in aanmerking geneem is, in drie klasse verdeel word, nl. die wwe. wat uitgaan op die stemlose konsonante f, s, k, p, s; die wwe. wat op die stemhebbende konsonante l, m, n, r, ng of op 'n diftong uitgaan; die wwe. doen, gaan, slaan, staan, zien.

Die werkwoorde van die eerste klas kom by Trichardt alleen in die stamvorm voor met uitsondering van 10 wwe. waarby vorme met en sonder t afwissel, in die volgende verhouding : vraagt (7), vraag (231); blijft (3), blijf (94), bli (6); krijgt (1), krijg (85), krij (3); maakt (2), maak (42); zegt (21), zeg (64); wijst (2), wijs (11); merkt (3), merk (3); verkiest (9), verkies (4). Die werkwoorde van hierdie klas staan by Trichardt in die teenwoordige tyd vir 96% in die stamvorm.

Die wwe. van die tweede klas kry by Trichardt gewoonlik die dentale uitgang wanneer hul op l, m, n, r uitgaan, maar nie wanneer hul op ng of 'n diftong uitgaan nie. By ses werkwoorde op l, m, n, r kom vorme sowel met as sonder die dentale uitgang voor: komt (149), kom (4); neemt (10), neem (2); steurd (16), steur (4); herindert (2), herinder (1); noemt (2), noem (2); hoord (1), hoor (8). Die volgende wwe. kom alleen in die stamvorm voor : blameer (2), gebeur (3), luister (1), schaam (1). Die ander wwe. op l, m, n, r kom altyd met die t- uitgang voor. Die wwe. op l, m, n, r het by Trichardt in die teenw. tyd in 78% van die gevalle die dentale uitgang. Die wwe. op -ng staan by Trichardt altyd

/in

in die stamvorm : bring (16), verleng (5), vang (5), ontfang (4), dwing (1). Wwe.op 'n diftong het in 4 uit 11 gevalle die uitgange-t : bakelijd (2), bakelij (1); gooijt (1); vertrouwd (1), vertrouw (1), draaij (2), kraaij (1), vrij (1).

Die wwe. doen, goen, aleen, staan, zien kom by Trichardt, met uitsondering van die twee meervoudsvorme op -n (§ 236), altyd met die t-uitgang voor. In Afrikaans word nie die stamvorm van hierdie werkwoorde gebruik nie maar die meervoudsvorm op -n, asook die vorm op -t. Aangesien die vorm op -n in Afr. ook 'n enkelvoudsvorm is, sal ek dit in die verdere behandeling by die enkelvoudsvorme insluit.

By Oberholster het die -t by die wwe. op f, g, k, p, s in die teenw. tyd in alle gevalle weggeval. By die wwe. van die tweede klas kom 22 vorme met -t en 38 sonder -t voor. Die wwe. met -t gaan uit op m, n, r. Die wwe. van die derde klas het in alle gevalle die t-uitgang.

By Joubert het die enkelvoudsvorme van die wwe. van die eerste klas alleen die stamvorm. By die wwe. van die tweede klas kom 52 vorme met -t en 87 sonder uitgang voor, bv. alleen met die uitgang : komt (19), dient (5), behoort (1), groeijt (1); met en sonder uitgang : beginт (1), begin (3), schijnt (9), schijn (12), stemt (1), stem (1), verwondert (1), verwonder (1); alleen sonder uitgang : hoor (11), twijfel (1), neem (1), ontvang (5), bring (3), woon (5), verklaar (4), verseker (4), vertrouw (8). Die wwe. van die derde klas kom 1 maal sonder uitgang voor, 60 maal met -t en 13 maal met -n.

/In

In Pretorius se taal kom enkelvoudsvorme van die wwe. van klas I 11 maal met -t voor en 57 maal sonder uitgang, bv. wenscht (1), wens (2), hoopt (6), hoop (4), maak (4), blijf (5), zeg (3), vraag (2). Van die wwe. van die tweede klas kom 24 enkelvoudsvorme met -t en 22 sonder -t voor, bv. komt (5), kom (1); vertoont (3); woont (2); gnalt (4); behoort (3); bring (3), hang (2), gevoel (3), vertrouw (1), ens. Van die wwe. van die derde klas kom 2 uitgange vorme voor, 23 vorme met -t en 23 met -n, nl. doet (9), doen (2); gaat (3), slaat (1); staat (3), staan (8); sie (2), siet (4), zien (13).

TABEL VAN ENKELVOUDSVORME BY DIE DRIE KLASSE VAN WWW.

		Trichardt	Oberholster	Joubert	Pretorius
Klas I : wwe. op f,ch,k,p,s :	t	61	0	0	11
	-uitgang	804	80	146	57
Klas II : wwe. op l,m,n,r,ng, en diftong :	t	224	22	52	84
	-uitgang	117	33	87	22
Klasse III : doen, gaan, slaan, staan, zien :	t	232	27	60	22
	n	2		13	23
	-uitgang			1	2

Dit blyk dus dat al vier skrywers die enkelvoudsvorme van wwe. op f, ch, k, p, s in die teenw. tyd in die reël in alle gevalle in die stamvorm skryf. Dit geld ook hoofsaaklik vir wwe. wat op -ng of 'n diftong uitgaan. Al vier skrywers toon ook 'n neiging om wwe. waarvan die stam op l, m, n, r uitgaan, met die t-uitgang te skryf in die enkelvoudsvorm, hoewel die neiging by Trichardt veel sterker is as by sy tydgenote. Die werkwoorde van die derde klas gaan in die reël op -t uit. Alleen Pretorius gebruik byna ewe dikwels vorme op -t en -n, die laatste egter gewoonlik by meerv. onderwerp.

/Die

240. Die getal vorme in die stamvorm of met die dentale uitgang wat in die skrywers se taal voorkom, hang dus grotendeels af van die werkwoorde wat gebruik is. In Trichardt se taal speel hierdie fonologiese wette die grootste rol, en die volgende ontleding toon in watter mate dit die vorm van die werkwoord wat by die verskillende persone gebruik is, bepaal.

Trichardt skryf 272 vorme by die 1ste pers. enkelv., waarvan 220 tot klas I behoort, 20 tot klas II en 24 tot klas III.

Klas I : 211 sonder -t, 9 met -t.

Klas II : 17 sonder -t, 11 met -t.

Klas III : 24 met -t.

By die 2de pers. enkelv. kom 16 vorme voor, 9 van klas I, 5 van klas II en 2 van klas III.

Klas I : 5 sonder -t, 4 met -t.

Klas II : 3 sonder -t, 2 met -t.

Klas III : 2 met -t.

By die 3de pers. enkelv. kom 845 vorme voor, 456 van klas I, 207 van klas II en 182 van klas III.

Klas I : 418 sonder -t, 38 met -t.

Klas II : 146 met -t, 61 sonder -t.

Klas III : 182 met -t.

Hier blyk duidelik in watter mate die fonologiese wette die vorm van die ww. bepaal.

By die 1ste pers. meerv. kom 106 vorme voor, waarvan 70 tot klas I behoort, 16 tot klas II en 14 tot klas III.

Klas I : 75 sonder -t, 1 met -t.

Klas II : 9 met -t, 7 sonder -t.

Klas III : 13 met -t, 1 met -n.

By die 3de pers. meerv. kom 251 ww. in die enkelvoud voor, 104 van klas I, 85 van klas II en 62 van klas III.

Klas I : 95 sonder -t, 9 met -t.

Klas II : 56 met -t, 29 sonder -t.

Klas III : 61 met -t, 1 met -n.

Die rede waarom Trichardt die derde persoon enkelvoudsvorme by die 3de pers. meerv. meer gebruik as stamvorme is dus net omdat die getal ww. wat tot klasse II en III behoort toevallig die getal ww. van klas I wat hy gebruik, oortref.

Die vorme van die ander drie skrywers gehoorsaam die fonologiese wette in 'n minder mate, veral wat die agtervoeging van die dentale uitgang na l, m, n, r betref. Nogtans toon hul 'n neiging om die dentale uitgang veel meer na l, m, n, r, te skryf as na die stemlose konsonante f, g, k, p, s waar dit byna konsekwent uitbly.

241. Dit lyk dus of na f, g, k, p, s die dentale uitgang in hul taal nie meer voorgekom het by die ww. persoonsvorme in die teenw. tyd nie maar wel na die ander konsonante en die diftong, veral na l, m, n, r, hoewel dit daar ook reeds aan die verdwyn was. Dit is wat ons van Afrikaanse standpunt sou verwag aangesien die dentale uitgang in huidige Afrikaans nog in 'n paar persoonsvorme voorkom, nl. beginnt, behoort, reent, en die klankproses wat die verdwyning van die dentale uitgang na l, m, n, r, ng en 'n diftong by die voltooide deelwoorde van oorspronklike swak werkwoorde was as predikatief gebruikte byvoeglike naamwoorde diens doen, veroorsaak, nog aan die gang is.[1] Van genoemde persoonsvorme met -t in Afr. kom by Trichardt alleen regent voor: „dat de berg te veel regent" (p. 251), „als het regent" (p. 193). Joubert en Pretorius gebruik alleen die vorm behoort, maar Joubert skryf 3 maal begin teenoor 1 maal beginnt.

Dit blyk dat Joh. Duminy wat blykbaar geen gevoel vir persoonsverskil meer gehad het nie, ook t eerder na l, m, n, r geskryf het as na die stemlose konsonante maar die getal praesensvorme is te klein om 'n gevolgtrekking te

/regverdig

---

1) Afr. Woordelys Spelreël 22(b) (5de druk).

regwerdig.[1] Wat later skrywers betref, het dr. J. du P. Scholtz gevind dat Meurant in sy briewe 1844-1850, gewoonlik die stamvorm in die teenw. tyd gebruik en in die ongeveer 10% van alle gevalle waar die t-uitgang voorkom by alle persone, in enkelv. en meerv., hy geen onderskeid tussen wwe. van klasse I en II maak nie;[2] Bezuidenhout in sy brief van 1851 gebruik konsekwent die stamvorm in die teenw. tyd by klasse I en II.[3] Meurant en Bezuidenhout se gebruik laat die vraag ontstaan of hierdie neiging om t na l, m, n, r by enkelvoudige persoonsvorme in die teenw. tyd te gebruik in Trichardt se spreektaal nog aanwesig was of alleen in sy skryftaal. Dit lyk vir my egter waarskynlik dat hierdie neiging in Trichardt se skryftaal uit sy spreektaal spruit en dat persoonsvorme met -t na l, m, n, r nog sporadies in die taal van Trichardt se geslag voorgekom het, hoewel Changuion in 1844 verklaar dat in die plat spreektaal alle uitgange van die teenwoordige tyd verswyg word.[4]

242. By die werkwoorde doen, gaan, slaan, staan, zien gebruik Afrikaans in die reël die vorme op -n as algemene persoonsvorme, maar ook die op -t. Ons sou dus nie verwag dat Trichardt en sy tydgenote hierdie wwe. byna konsekwent met -t sou skryf by alle persone, enkelvoud en meervoud nie, veral aangesien reeds in die 17de-eeuse Nederlands ik doen, gaan, staan, in die taal van beskaafdes gebruiklik was,[5] en Afrikaans dus moontlik hierdie kenmerk geërf het. Dr. J. du P. Scholtz het gevind dat Meurant van hierdie wwe. met 5 persoonsvorme op -n gebruik teenoor 33 op -t, nl. 8 by

/die

---

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 55.
2) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22/8/41, p. 61).
3) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 20/6/41, p. 29).
4) Changuion, De Nederduitsche Taal, p. 106 § 231.
5) vgl. Reuter, Taalk. Aantekeningen, p. 72 § 119; Te Winkel, Gramm. Figuren, pp. 94-5.

die 1ste pers. enkelv., 16 by die 3de pers. enkelv., en 9 by die 3de pers. meerv.[1] Dit lyk dus baie waarskynlik dat die vorme op -t by hierdie vyf werkwoorde die gebruiklike persoonsvorme by alle persone in die spreektaal van die tyd was, hoewel die vorme op -n ook gebruik is. Dit vind bevestiging in Changuion se waarskuwing teen die gebruik van ziet, doet, ens., in die 1ste pers. enkelv., wat hy as 'n kenmerk van die Kaapse taaleie van die tyd bestempel.[2] In 1864 meld Mansvelt in sy „Idioticon" dat gaan en gaat destyds naas mekaar sonder onderskeid vir alle persone, enkelv. en meerv. gebruik is.[3] Hiermee verklaar hy nie definitief dat hulle eweveel gebruik is nie, maar hy mag dit ook bedoel het. Dit lyk dus of die vorme op -n in Afrikaans eers die gebruiklike persoonsvorme geword het na die verdwyning van die derde persoonsvorm by ander ww.

Vir dr. E. Kruisinga is die bestaan van sowel die vorme op -t as -n 'n bewys dat die verdwyning van die derde persoon enkelvoudsvorm aan 'n fonetiese proses toegeskryf moet word.[4] Hierdie mening vind steun in die toestand in die taal van Trichardt en ander ten opsigte van die rol wat fonetiese wette speel in die gebruik van enkelv. persoonsvorme.

243. Werkwoorde waarvan die stam in Ndl. op d, v, g uitgaan, verloor in Afr. dikwels die slotkonsonant. By Trichardt kom 13 persoonsvorme voor waar d weggeval het teenoor 29 vorme waarin d in stryd met Afr. bobou is : rij (pp. 84, 99) 3 maal, rijd (p. 102 ens.) 12 maal; beduij

/(p. 100)

---

1) Scholtz, Meuwent se Afr. (Huisgenoot, 22/8/41, p. 61.)
2) Changuion, De Nederd ltsche Taal, p. 121.
3) Mansvelt, Idioticon, p. 49.
4) Kruisinga, De oorsprong van het Afr., (Taal en Lett. XVI, p. 424).

(p. 109), beduit (p. 247); houw (p. 171) (1), houijd (p. 79, ens.) 12 maal; lij (lei) (p. 152 (1), lijd (leid) (pp. 171, 289) 3 maal; dan kom die volgende persoonsvorme elk 1 maal voor : sonder d : strij (p. 210), scheij (p. 159), wij (wei) (p. 341), uitemee (p. 122), verbie (p. 152), en twee vorme waar d na l verdwyn het, moontlik as gevolg van assimilasie : schel (p. 79), verbeel (p. 329); met d : vertrouijd (pp. 56, 265), herbouijd (p. 66), aanvaard (p. 91).

Van die wwe. waarvan die stam in Ndl. op g uitgaan, kom alleen 1 sonder g voor, nl. krij (p. 97) 3 maal. Daarteenoor kom krijg 65 maal en krijgt 1 maal voor. Ander wwe. op -g : vraag(t) 259 maal, zeg(t) 85 maal, ens. Dit is opmerklik dat kry die enigste werkwoord in waarvan die Akademie-woordelys alleen die vorm sonder g erken. Ook in Beurant se briewe in „Het Kaapsche Grensblad" kom alleen krij sonder g voor, nl. 6 maal, terwyl krijg nie voorkom nie.[1]

By die wwe. waarvan die stam in Ndl. op v uitgaan, kom alleen een vorm sonder slotkonsonant voor, nl. blij (p. 46), wat 5 maal voorkom, teenoor 94 maal blijf en 3 maal blijft. By gebruik ook 30 maal geef en 5 maal geloof.

Hierdie wwe. het in Afr. dikwels in persoonsvorm op -e, naas die op die konsonant of/en sonder konsonant. Die -e kom ook voor waar die konsonant weggeval het, bv. bied, biee, bie; klaag, klae, kla; berg, berge, bêre; wed, wedde; ag, âe. Wwe. op -f het soms vorme op -f en -we, en soms sonder -f, bv. skryf, skrywe; dolf, dolwe, dol. By Prichardt kom geen vorme op -e voor nie.[2]

/By

---

1) Scholtz, Beurant se Afr. (Huisgenoot, 22/8/1941, p. 61.)
2) J.J. Le Roux, Handleiding in het Afr., pp. 43-5.

By Oberholster kom die vorm ophou (19/2/22) 2 maal voor. In geen ander ww. val die eindkonsonant in die persoonsvorm weg nie, terwyl by Joubert en Pretorius hierdie verskynsel nooit voorkom nie. In geskrewe stukke van voor 1850 kom min gevalle voor van die wegval van die slotkonsonant van die werkwoordstam in persoonsvorme. Dr. Scholtz het alleen die vorme die, ony en lie in Bezuidenhout se brief van 1851 gevind,[1] en verbeel in „Kantje Kekkelbek".[2] Dit lyk dus of die wegval van die stamkonsonant van ww. nognie volvoer was teen die tyd van die Trek nie. In hierdie verband is dit opvallend dat in Albach se taal die vorme vra, ree, vrij, ze (sê), krij, lie en selfs kij (kyk) konsekwent voorkom. Moontlik is die verskil tussen Albach se taal en Trichardt s'n daaraan toe te skrywe dat Albach se taal vreemdelinge-Nederlands of kleurling-Afrikaans is.

344. Persoonsvorme van die werkwoorde hebben en zijn.

By die 1ste pers. enkelv. gebruik Trichardt 218 vorme van die ww. hebben, nl. 204 maal heb, 1 maal hebt, 12 maal heef en 1 maal hebben, d.s.w. in 96% van die gevalle gebruik hy die korrekte Mdl. vorm; bv. „heb ik (p. 46), „die ik hem beloof heb" (p. 139); „de avond hebt ik de schapen in een trop gejaagt" (p. 31); „heef ik...gesteurd" (p. 12), „dat ik verstaen heef" (p. 305).

By die 2de pers. enkelv. kom alleen heb voor (12 maal), bv. „gij heb tog wat gekregen" (p. 104), „Jij heb de schuld" (p. 121).

By die 3de pers. enkelv. kom 713 vorme voor, 537 maal heb, 174 maal heef(t), en 1 maal elk het en hebben. Vir 75% van die gevalle is sy gebruik dus sowel onnederlands as onafrikaans, bv. „of hij niet gehoor heb" (p. 39), „heb Pieta" (p. 61); „Jy heef zijn eige winkel" (p. 121), „Carolus

/heef

1) Scholtz, Afr. Brief van 1851 (Huisgenoot, 20/6/1941, p.29).
2) Scholtz, Afr. v. Kantje Kekkelbek (Huisgenoot, 21/11/1941, p. 47).

hoef...haar tand opgebonden" (p. 75); „Carolus zij dat hij met ouwe Botha het willen praten" (p. 142).

By die 1ste pers. meerv. kom heb 137 maal voor en heef(t) 29 maal, naas 1 maal hebben, bv. „heb wij de trop kraal...gemaak" (p. 105), „Heb wij de wagen op de gang gemaak" (p. 99); „heef wij de lammerschapen wegebragt" (p. 11), „heef wij niets gedaan" (p. 13).

In die meervoud van die 3de pers. kom 209 vorme voor, nl. 156 maal heb, 46 maal heef(t) en 2 maal het naas 4 maal hebben, bv. „wat zij mijn te zeggen heb" (p. 276), „maar zij heb niet veel geholpen" (p. 41); „heef zij zes lammers doot getrap" (p. 190), „heef de lammers en de beeste over de rivier gebleven" (p. 15); „wat dat zij de eerste keer beloof het" (p. 233), „zoolang als de Boseemans by hem het willen blijven" (p. 169).

Trichardt gebruik dus heb en heef by alle persone in enkelv. en meerv., by alle persoon oorwegend heb wat altesaam omtrent 4 maal so veel as heef(t) gebruik word. Dit is baie opvallend dat die enigste vorm in Afr., het, alleen 3 maal voorkom. Die vorm heeft kom net 7 maal voor teenoor 154 maal heef, wat in coreenstemming is met die toestand by die ander persoonsvorme waarvan die stam op 'n stemlose konsonant uitgaan.

Oberholster gebruik heb 89 maal, hebt 1 maal en 13 maal heef naas 1 maal hebben by die 1ste pers. enkelv., bv. „Ik heb de eer" (15/11/31), hebt ik" (12/2/29), „daar ik U Eg. verlate heef" (19/8/24).

By die 3de pers. enkelv. kom heb 15 maal en heef 10 maal voor, bv. „de heer Abo heb groot begeerte" (10/10/23); „dat gemelde baster heef ontdek" (29/11/31).

/By

By die 1ste pers. meerv. kom heb 4 maal en heef 1 maal voor, bv. „als wij reeds heb moete doene" (14/10/34).

By die 3de pers. meerv. kom heb 10 maal en heef 6 maal voor, bv. „dat si hunne vrouwe en kinders... heb gelaate" (6/12/31), „de rovers...heef gestoolen" (16/4/29). Oberholster gebruik dus ook gewoonlik heb, naas heef.

Joubert gebruik heb 55 maal en heef 101 maal by die 1ste pers. enkelv. voor, bv. „Ik heb" (19/2/29), „daar ik geen mag over heef" (24/3/28(2)), en 1 maal hebben. By die 2de pers. enkelv. kom heb 3 maal en heef 1 maal voor. By die 3de pers. enkelv. kom heb 12 maal en heef 92 maal voor, bv. „dat Badenhorn beloof heb" (J 12/11/30), „hij heef mijn verzoe" (23/5/32), naas 1 maal hebben.

By die 1ste pers. meerv. kom heb 3 maal en heef 1 maal voor, bv. „heb wij" (1/6/29), „heef wij..." (24/1/35).

By die 3de pers. meerv. kom heb 16 maal en heef 31 maal voor, bv. „sij...heb" (25/9/29), „heef enige menschen..." (1/9/35); naas 6 korrekte vorme hebben.

Joubert gebruik dus ook heb en heef by alle persone, maar heef/meer as 2 maal so veel as heb.

Pretorius skryf 5 maal heb, 11 maal hebt, 41 maal heef en 1 maal het, naas 2 maal hebben, bv. „ik heb" (2/7/47, p. 257); „hebt ik de eer" (Aug. 1845, p. 190); „die ik...geschreven heef" (12/2/47, p. 257); „het ik den vrijheid" (p. 151). By die 2de pers. enkelv. kom heb en hebt elk 1 maal voor.

/By

Hierdie statistieke bewys die afwesigheid van enige gevoel vir persoonsverskil by die vier skrywers. Opvallend is die onderlinge verskil ten opsigte van die gebruiklike vorm. Trichardt en Oberholster gebruik in die reël hebb, Joubert en Pretorius in die reël heef. Dit dui daarop dat geeneen van hierdie twee vorme die gebruiklike spreektaalvorm was nie, maar dat hul oorwegend gebruik is in 'n poging om Ndl. te skryf.

245. Die opvallendste kenmerk van hul gebruik van persoonsvorme van hebben is dat die vorm het alleen by Trichardt en Pretorius enkele male voorkom. Ons verwag dat het toe die gebruiklike vorm was aangesien dit uit 17de-eeuse Ndl. oorgeërf is,[1] en het vandag nog 'n gewone vorm in die Hollandse dialekte is. Prof. D.B. Bosman meen : „Dat in Afrikaans het die onder vorme verdring het, is dus nie eers as ontwikkeling te beskou nie maar bloot as seleksie of gelykmaking."[2] Aangesien persoonsverskil in Trichardt se spreektaal reeds verdwyn het, is dieselfde vorm vermoedelik vir alle persone gebruik en ons verwag dat het die gebruiklike vorm was. Dr. J. du P. Scholtz het gevind dat Meurant in sy briewe, 1844-1850, byna konsekwent het gebruik,[3] en dat Bezuidenhout in sy brief van 1851 het in 45 uit 52 gevalle gebruik, nl. 33 maal in die enkelvoud en 12 keer in die meervoud.[4] In die meeste bekende Afr. stukke uit die tydperk 1825 tot 1860 is het die gebruiklike vorm sodat dit ongetwyfeld die gewone spreektaalvorm in Trichardt se taal moes gewees het.

Die moontlikheid bestaan egter dat heb en/of heef nog sporadies in hul spreektaal voorgekom het. Joh. Duminy

/skryf

---

1) Vgl. Leuta, Taalk. Aantekeninge, p. 38 § 50.
2) Bosman, Oor die Ontstaan, p. 112.
3) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22/8/1941, p. 61.)
4) Scholtz, Afr. Brief v. 1851. (Huisgenoot, 20/6/1941, p. 29.)

skryf konsekwent heeft by alle persone.[1] In Afr. stukke uit die tydperk 1825-1860 kom hierdie vorme nanas het voor. Teenstra meld in 1825 : „Men zegt hier veelal het en heet, voor heeft".[2] Dit impliseer dat ander vorme nog wel gebruik is. Changuion beweer dit blykbaar waar hy sê : „Tegen de Hottentotsche spreekwijzen: ek is, ek heef, ons het, in plaats van ik ben, ik heb, wij hebben, behoeven wij beschaafde sprekers wel niet te waarschuwen, maar als aardigheidjes in het Zuid-Afrikaansche taaleigen moet er toch in 't voorbygaan van gerept worden".[3] Changuion gee hiermee ook 'n aanduiding van 'n moontlike rede waarom Trichardt en sy tydgenote het uit hul skryftaal gewoer het, naamlik omdat 'n gevoelswaarde van onbeskaafdheid aan het gekleef het wat nie in Ndl. skryftaalvorm is nie. In sy weergawe van Albach se taal skryf Trichardt egter 7 maal het en 1 maal heb (vgl. Aanh. B). Hiervoor getuig die feit dat ons in vroeë Afr. stukke die konsekwente gebruik van het kry feitlik alleen in die stukke wat weergawes van die taal van kleurlinge is, soos in Bonifacio se skets van die onderhoud met Hendrik Kok (1830),[4] die brief van Sabiena Seekoeigat (1846)[5] en „Kaatje Kekkelbek" (1834/1846).[6] Solank as het nognie as die algemeen beskaafde vorm beskou is nie, kan heb en/of heef nog daarnaas bestaan het as beskaafde of verfyne vorm.

246. Die werkwoord zijn kom by Trichardt 85 maal in die 1ste pers. enkelv. voor. Die vorm is kom 73 maal voor en ben 12 maal, bv. „Is ik stil geweest" (p. 10), „Is ik na huis gegaan" (p. 126); „ben ik na huis gekomen" (p. 141), „dat ik verwondert ben" (p. 44).

/By

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 56.
2) Teenstra, De Vruchten mijner Werkzaamheden (Kyk, P.V., 6, p. 2).
3) Changuion, De Nederduitsche Taal, p. 100 § 222.
4) P.V., nr. 6, pp. 8-15.
5) P.V., nr. 6, pp. 40-41.
6) Scholtz, Afr. v. Kaatje Kekkelbek (Huisgenoot, 21/11/1941, p. 47).

By die 2de pers. enkelv. kom net die vorm is 1 maal voor : „gij is onverstandiger as hij" (p. 104).

By die derde pers. enkelv. kom is 576 maal voor en ben 25 maal, d.w.s. in 96% van die gevalle is, bv. „Is Jan... gegaan" (p. 221), „dat de pad klaar is" (p. 258); „ben Pieta gereden" (p. 59), „ben Doors weer na huis gegaan" (p. 96).

In die meerv. gebruik Trichardt by die 1ste pers. 169 maal is en 107 maal (of vir 41%) ben, d.w.s. vir 59% is, bv. „Is wij teruggegaan" (p. 85), „is wij...gereden" (p. 16); „ben wij teruggekeerd" (p. 141), „toen wij van Bosseteo getrokken ben" (p. 46).

By die 2de pers. kom is 1 maal voor : „Julluij is nog jonk" (p. 104).

By die 3de pers. meerv. gebruik hy 262 maal is, en 12 maal ben. Is maak dus 94% van die totale aantal gevalle uit, bv. „is twee schapen vrekt" (p. 31), „dat zijn beeste een keer uit gebleven is" (p. 167); „dat de goederen nog allegaar op de wagens ben" (p. 39), „of die kaffers gekomen ben" (p. 60).

Trichardt gebruik dus sowel is as ben by die 1ste en 3de pers., enkelv., en meerv., meer in die 1ste persoon oorwegend, en in die 3de pers. byna konsekwent is.

Oberholster gebruik ben 34 maal en is 1 maal, naas 4 maal zijn, by die 1ste pers. enkelv., bv. „ben ik..." (18/5/29, 4/3/29). By die 3de pers. enkelv. skryf hy 75 maal is, 24 maal ben naas 69 maal zijn, bv. „hy is reeds beesig" (5/7/33); „ben de man sijn eijge regter" (20/4/27); „de droogte sijn dit jaar erger" (Maart 1924).

In die meerv. kom ben 3 maal, is en zijn elk een maal by die 1ste pers. voor, bv. „dat wij hir ben" (23/9/28). By die 3de pers. kom is 18 maal en ben 15 maal voor naas 73 maal zijn, bv. „4 hottentots kinders

/is

is nog opsend" (25/8/31); „dat er persone opgenoemt ben" (3/9/26); „sijn se...gedroe" (13/5/25).

Oberholster se gebruik is dus baie onreëlmatig. By toon 'n mate van kennis van die Ndl. gebruik sodat by die verskillende persone gewoonlik die korrekte Ndl. vorm oorweeg, maar hy is baie onseker omtrent die gebruik van ben en zijn wat blykbaar skryftaalvorme is.

In die enkelv. gebruik Joubert by die 1ste pers. 47 maal ben, 7 maal is, naas 3 maal zijn, bv. „ik ben tens" (9/11/31); „dat ik niet zelf...gereeden is" (11/7/34); „die ik niet in staat zijn tegen te gaan" (8/7/34). By die 3de pers. kom is 106 maal voor en ben 3 maal naas 4 maal zijn, bv. „Pienaar...is aan trekken" (1/10/34); „hij...ben toen gevlug" (25/5/32); „maar goedverweg zeijn in handen gebleeven" (10/4/28).

In die meerv. gebruik hy by die 1ste pers. 4 maal is, 1 maal bin, naas 2 maal zijn, bv. „soodat wij ...bedroogen is" (28/9/35); „bin wij wel bedroogen" (8/7/34); „sijn wij...uijtgetrokken" (12/9/35). By die 3de pers. kom is 65 maal en bin 6 maal voor, naas 28 maal sijn, bv. „mijn burgers is tuijs" (4/3/29); „bin de menschen nog radeloos" (9/4/29); „dat by hun eprentisen sijn" (J 6/12/33).

Hoewel ben nog gewoonlik by die 1ste pers. enkelv. voorkom, toon Joubert 'n sterk neiging om orals is te gebruik.

Pretorius gebruik in die enkelv. by die 1ste pers. 18 maal ben, 1 maal is, naas 3 maal zijn, bv. „ben ik U E. vrind" (23/7/30, p. 27); „is ik...gekoomen" (p. 149). By die 3de pers. gebruik hy ben 1 maal, en is en zijn elk 2 maal, bv. „dat U Ed. een weare Afrikaan

/ben

ben en met alle onse rampen en nooden bekend zijn" (23/7/38, p. 27). By die 3de pers. kom is 70 maal en ben 4 maal voor naas 13 maal zijn, bv. „of den brief ergens verkeerd is aangeland" (6/6/38); „een rijsiger die op den weg zijn" (12/1/49, p. 353).

In die meervoud gebruik Pretorius by die 1ste pers. 1 maal is, 4 maal ben en 12 maal zijn, bv. „waarin wij...is gedompelt" (8/4/48, p. 313); „dat wij sturree en robellende Boeren ben" (12/1/49, p. 353); „zijn wij...overgelaaten" (p. 150). By die 3de pers. kom is 34 maal en ben 4 maal voor naas 32 maal die korrekte vorm zijn, bv. „want die menschen is nog..." (6/7/48, p. 174); „dat den omstandigheden...onverdraaglik ben" (Aug. 1845, p. 190); „sodat vele mijner landgenooten...zijn uijdgevlug" (Aug. 1845, p. 190).

Pretorius toon dus 'n taamlike kennis van die Ndl. gebruik en gebruik gewoonlik die regte vorm by elke persoon, maar gebruik nogtans dikwels 'n persoonsvorm in stryd met Nederlands wat daarop dui dat die Ndl. persoonsvorme en persoonsverskil nie in sy spreektaal gelewe het nie.

TABEL VAN PERSOONSVORME VAN ZIJN

		Trichardt	Oberholster	Joubert	Pretorius
1ste pers. enkelv.	ben	12	34	47	18
	is	73	1	7	1
	zijn		4	3	3
2de pers. enkelv.	ben		2		1
	is	1			2
	zijn				2
3de pers. enkelv.	is	570	75	126	70
	ben	25	24	3	4
	zijn	1	09	4	13
1ste pers. meerv.	zijn		1	2	12
	is	169	1	4	1
	ben	107	3	1	4
2de pers. meerv.	is	1			
3de pers.	zijn		73	29	33
	is	262	13	65	26
	ben	10	15	0	4

/Hoewel

Hoewel Trichardt se tydgenote die ww. zijn meer in ooreenstemming met Ndl. vervoeg as hy, was persoonsonderskeiding by hierdie werkwoord in hul taal net so min lewendig as in syne. Dit is duidelik dat is die gebruiklike vorm by alle persone was. Die statistieke getuig vir die bestaan ook van ben in hul spreektaal. Dit was ongetwyfeld nie in die alledaagse spreektaal meer gebruiklik nie maar is moontlik nog as deftige vorm gebruik. Meurant skryf byna konsekwent is.[1]

247. In die spreektaal van Trichardt en sy tydgenote het getal- en persoonsverskil by die werkwoord ongetwyfeld nie meer bestaan nie. In die teenwoordige tyd het moontlik nog derde-persoonsvorme voorgekom, maar met uitsondering van die werkwoorde doen, gaan, slaan, staan en zien was hul klaarblyklik nie meer gebruiklik nie. By die werkwoorde hebben en zijn was die vorme het en is respektieflik die gebruiklike vorm by alle persone in enkelvoud en meervoud, hoewel ander vorme nog sporadies, veral in deftige taal, daarnaas mag voorgekom het.

Tipies-Afrikaans is hierdie verskynsels egter nie. Verdwyning van persoonsverskil in die teenw. tyd kom ook in die Hollandse dialekte voor. So bestaan daar in die dialek van die Suid-Hollandse eilande net twee vorme vir die teenwoordige tyd : ik, jij, hij, pant, hoort, loopt, breek, geef; en wij, jullie, zij, passe, hoore, loze, breke, geve (Opprel: Dialect van Oud-Beierland, p. 41).[2] Die wegval van die t-uitgang na 'n stemlose konsonant is 'n algemene verskynsel in Ndl. reeds van die Mnl. tydperk af en kom nog in verskeie Hollandse dialekte voor,[3] sodat die stamvorm van die werkwoord reeds vroeg in Ndl. by die 3de pers. enkelv. gebruik is.

---

1) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22/8/1941, p. 61.)
2) Boeman, Oor die Ontstaan, pp. 136-7.
3) Idem, p. 95.

Enkelvoudsvorme in die verlede tyd

248. Die kwessie van getalsonderskeiding by die imperfecta is reeds behandel (§ 246). Hier moet net op die moontlikheid gewys word dat imperfectumvorme van swak werkwoorde wat by meerv. onderwerpe voorkom, meervoudsvorme mag wees, bv. by Trichardt : „terwijl wij de kaffer kende" (p. 150), „wij hoordo" (p. 283), „de avond vroegte wij..." (p. 170). Aangesien getalsaanduiding by die persoonsvorme in die toekw. tyd in sy taal reeds verdwyn het, is dit egter baie onwaarskynlik, en dit word bevestig deur sy byna konsekwente gebruik van die enkelvoudsvorme van die imperfecta van sterk wwe. by meerv. onderwerpe, bv. „zag wij de paarden" (p. 239), „toen wij bij de eerste kraal kwam" (p. 256), „nadat wij een poosje gezeten en gestaan hrd" (p. 169), „als de mijde song en op de hande klapte" (p. 64).

By Oberholster kry ons enkelvoudige imperfecta by meerv. onderwerpe soos bv. „enige burgers welk te vore onder mijn gebid stond" (31/3/28), „dat de menschc aan tavel gnd" (25/8/31); by Joubert bv. „als 4 von ons paarden die aan elkander was gebonden, schrokte en de loop nam, op de revier en op de leeger afkwam" (10/4/28), „sodat wij die met riemen moes vas houden" (J 26/1/38); by Pretorius, bv. „toen den onluston...grooter begon te worden" (12/1/49, p. 351), „wiert er onderhandelinge met dat roovers gemaak" (12/1/49, p. 351), „dat mijne traanen over mijne wangen wigeldo" (p. 354).

/'n Aantal

249. 'n Aantal onreëlmatige werkwoorde het in Ndl. ook 'n dentale uitgang in die imperfectumvorm. Trichardt skryf nog die t-uitgang in sommige gevalle by die imperfecta van die swe. denken, brengen en verzoeken. Die vorm dagt kom 4 maal voor en dag 25 maal, naas 17 maal dagte wat klaarblyklik ook as enkelvoudsvorm bedoel is (vgl. § 255). Voorbeelde van die gebruik van dagt en dag: „hoewel hij dagt dat (t) reak was" (p. 50); „ik...dag te zien wat het worden zouw" (p. 283). Bragt kom 10 maal voor teenoor 88 maal brag, bv. „Adonis bragt tot antwoord" (p. 15); „en brag...twee osse" (p. 35). Hy gebruik ook 3 maal verzogt, naas 4 maal verzogte, maar nooit verzog nie, bv. „en verzoat hem in bijsonder" (p. 95). Die werkwoorde moren, moeten en weten, kom in die imperfectum voor in die vorme mog naas mogte, moes naas moeste, en wis respektieflik. Die vorm mog kom 18 maal voor naas 3 maal mogte, bv. „dat hij en Sakenna gaan mog" (p. 233); die vorm moes 89 maal naas 1 maal moeste, bv. „dat Albach dan zeggen moes" (p. 48), „zij moes gaen Palmiet schnijden" (p. 55), en die vorm wis 16 maal, bv. „Maar zij alle wis daar niets van" (p. 47).

Trichardt skryf dus nog in 'n aantal gevalle die t-uitgang hoewel hy dit in die reël weglaat. Aangesien die t-uitgang by die persoonsvorme in die teenw. tyd ook feitlik altyd weggelaat word na stemlose konsonante, is die imperfecta met -t waarskynlik skryfvorme.

By Joubert kom by hierdie imperfecta 3 vorme op -t en 6 sonder -t voor, bv. „die ik kogt" (20/12/38), „Landman...wist het soo te maaken" (11/7/38); „dag ik" (20/12/38), „die hij voor mijn brag" (J 19/12/38).

/Pretorius

Pretorius skryf 6 imperfecta met -t en 6 sonder -t, bv. „rooving onzer goederen...bragt hun tot den hoogsten bitterheid" (4/3/49, p. 366), „wijl hij wist" (12/1/49, p. 352); „en wis niet meer te doen" (12/1/49, p. 351), „maar moes terug aan" (12/1/49, p. 351).

Dit lyk dus onwaarskynlik dat die vorme met -t nog uitgespreek is. In hierdie verband is dit opvallend dat Joh. Duminy die -t nog in die reël by hierdie vorme skryf,[1] terwyl Bezuidenhout selfs in 1851 ook die -t nog in die reël behou, hoewel hy nooit 'n dentale uitgang by persoonsvorme in die teenw. tyd skryf nie.[2] Gesien die toestand by die persoonsvorme in die teenw. met betrekking tot die gebruik van 'n dentale uitgang na stemlose konsonante, is die behoud van die imperfecta met -t teen die tyd van die Trek onwaarskynlik.

Trichardt voeg ook een maal 'n dentale uitgang na die imperfectum van 'n reëlmatige sterk ww. : „maar hij scheen geen grote lus daar toe te hebben, en voerd en scheldwoorden uit." (p. 239). Hier blyk dus weer sy neiging om na 'n liquida die -t te skryf.

By Joh. Duminy kom 37 imperfecta van sterk wwe. met 'n dentale uitgang voor, in alle gevalle na f, g, k, p, s.[3] Hulle is waarskynlik hiperkorrekte skryfvorme wat na analogie van die imperfecta van die onreëlmatige wwe. geskryf is.

Dit is dusduidelik dat Trichardt en sy tydgenote geen lewendige gevoel vir persoons- en getalsonderskeiding by die werkwoord meer gehad het nie.

---

1) A.J.de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 58.
2) Scholtz, Afr. Brief van 1851 (Huisgenoot, 20/6/1941, p.29).
3) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 59.

TYD EN WYSE

250. I. Die Aantonende Wys

Hierdie wys stel gewoonlik 'n handeling voor as 'n werklikheid op een of ander tydstip.

Nederlands onderskei ag tydvorme in die aantonende wys. Die enigste tydvorm wat in Ndl. alleen deur vormverandering gevorm word, nl. die imperfectum, het in Afrikaans verlore gegaan, sodat Afr. alleen sewe tydvorme het.

251. Die Onvoltooid Teenwoordige Tyd

Wat die uitdrukking van hierdie tyd betref, verskil Afr. van Ndl. daarin dat persoons- en getalsonderskeiding in Afr. nie meer bestaan nie. Hierdie verskille in die onvolt. teenw. tyd is reeds behandel (§§ 236-247).

252. Die Voltooid Teenwoordige Tyd en Onvoltooid Verlede Tyd

In Ndl. word die volt. teenw. tyd deur die perfectum uitgedruk wat ook in bepaalde gevalle vir die onvolt. verl. tyd gebruik word. Die eintlike tydvorm vir die onvolt. verl. tyd in Ndl. is egter die imperfectum, wat in Afr. feitlik geheel en al verlore gegaan het, sodat hierdie tyd in Afr. ook soms deur die perfectum uitgedruk word. In sowel Ndl. as Afr. word die onvolt. verl. tyd in die verhaalstyl veral deur die historiese praesens uitgedruk. Ek sal die gebruik van die verskillende tydvorme om bogenoemde tye uit te druk agtereenvolgens behandel.

253. (a) Die perfectum

In Ndl. druk die perfectum as tydvorm van die volt. teenw. tyd die feit uit dat iets voor die huidige oomblik gebeur het, dat dit nou voltooi is, terwyl die imperfectum as

/tydvorm

tydvorm van die onvolt. verl. tyd vermeld dat iets op 'n sekere tydstip in die verlede aan die gang was. Die kenmerk van die perfectum is dat dit nie soseer tyd uitdruk nie as die resultaat of toestand as gevolg van 'n handeling. Nogtans word dit dikwels gelykwaardig aan die imperfectum gebruik as 'n verlede tydsvorm.

In Afrikaans het die perfectum 'n gedeelte van die funksie van die imperfectum oorgeneem en het laasgenoemde tydvorm verdwyn met uitsondering van enkele reste. Om die volt. toenw. tyd te onderskei van die onvolt. verl. tyd word in Afr. vormwoorde soos nou net, so ewe, so pas by die perfectum gebruik.

Dit is nie moontlik om tussen die gebruik van die twee verlede tye, die imperfectum en perfectum, in Ndl. streng te onderskei nie. Daar bestaan egter 'n paar algemene reëls wat vir die meerderheid van gevalle geldig is. Dr. N. van Wyk verklaar : „Als wij een feit uit het verleden vermelden, zonder meer, gebruiken wij gewoonlijk den tweeden verleden tijd (perfectum)".[1] Dit is te verwagte dat Trichardt die perfectum in die reël sal gebruik met hierdie funksie. Vergesel van 'n tydsbepaling kom die perfectum by Trichardt ongeveer 804 maal voor in hierdie funksie, 436 maal is of ben plus volt. deelw. en 368 maal heb of heef plus volt. deelw., bv. „De middag heb wij Carolus zijn wagen afgebragt" (p. 235), „Zoonsd. den 13de ben wij getrokken tot aan de Strydoms gat" (p. 170), „De middag in ik en Carolus gegaan om te zien of wij niet krijgen ken" (p. 144), „Die nagt heef de rode wit veere van mijn gekalf" (p. 228). Sonder 'n tydsbepaling kom die perfectum 250 maal voor om die volt. toenw. tyd uit te druk, bv. „Carolus is meegegaan om te zien hoe de

/ped

1) v. Wyk, De Ndl. Taal, p. 93 § 59.

als bijzonder belangrijk. Ons zullen dit verhalende perf. vooral aantreffen in de vertelling in dagboekvorm, het verslag en in verhalen waar de auteur actief deelneemt."[1] Trichardt se gebruik van die perfectum in hierdie gevalle is dus nie altyd noodwendig Afrikaans nie.

Waar die perfectum in verbinding met toe voorkom, voel Afr. dit as 'n onvolt. verl. tydsvorm. Dis 'n historiese tempus wat gebruik word om 'n handeling uit te druk in verhouding tot 'n voorafgaande handeling. Trichardt gebruik hierdie tempus 36 maal, bv. „Ik liet Pieta en Diederick de wagen tot op de pad trekken en toen heb wij de pakwagen afgebragt" (p. 233).

Trichardt gebruik die imperfectum nog baie dikwels. Teenoor die 113 perfecta wat die imperfectum verdring het kom daar 5678 imperfecta voor. Nogtans is dit opvallend dat daar 23 sterk werkwoorde alleen in die perfectum voorkom en nooit in die imperfectum nie, bv. gevreten (8), geholpen (6), geschreven (6), gestolen (4), vergeten (3). Dit dui op verdringing van die imperfectum deur die perfectum.

Oberholster maak uitgebreide gebruik van die perfectum. In sy briewe kom daar 390 perfecta voor teenoor 110 imperfecta. In baie gevalle gebruik hy die perfectum in ooreenstemming met Ndl., bv. „Aan de oord naar groot rivier is bij strake mooij geregend" (19/12/32), „Op heede ben ik te huis op mijn woonplaas gearriveerd" (25/8/32), „op den 24ste deser sijn door een roovers bende 140 schaape...weggeroof" (26/10/29). Die perfectum vervang egter dikwels die imperfectum, bv. „de avond dat de vee op de werf kwam, heb se de menschs om kom gevraag" (25/8/31), „welk

/spoore

---

1) Overdiep, Mod. Ndl. Gramm., p. 112.

spoore de Cafirs sijn naagegaan in de menschee aldaar heb aangerand en vermoord" (18/11/30), „Daar is al een gedeelte van mijn onderhoorende burgers naar groot rivier vertrokken om waater voor hun vee en heb dri daage moete trekke sonder waater eer si di groot rivier berijk en heb veel van hun vee verlies" (4/12/33).

Die groot meerderheid van die wwe. wat Oberholster gebruik om die verlede tyd uit te druk, kom alleen in die perfectum voor, sodat Oberholster se taal in hierdie opsig na aan Afrikaans staan.

Joubert maak ook veel gebruik van die perfectum maar ook van die imperfectum. Teenoor 620 perfecta kom 603 imperfecta voor.

Die perfectum meld gewoonlik 'n feit uit die verlede, bv. „Seventien van de burgers is vermoort" (6/3/29), „Sondag ll. des nags heef se op 2 plaatse in mijn wijk beesten doodgestooken" (19/8/29), „de glaasies...heef ik gister met stof doorgesonden" (14/11/31).

In verbinding met <u>toen</u> kom die perfectum 'n aantal keer voor, bv. „tot hij laats ontkwam en bin toen gevlug naa mij provisi Pienaar" (25/5/32), „die is toen gekomen en heef haar onteet" (2/5/33), „de meijden lia en Sabien verklaar dat de voorschoot in het water gevallen is, dat sij toen in het water gegaan is om het uijt te halen" (9/1/36).

Die historicse perfectum kom soms voor, bv. „naadat ik Ule. brief van de 21 April ll. op Colesberg heb ontfangen, heef ik Y. Nijntjes gevraag naa de bekuana weldebees" (2/5/33), „toen ik dat van de provisi verstaan hat, ben ik oover de grensen naa Cliton gereeden om het self te sien en heef het soo bevonden" (8/8/33), „Kotsee heef bespeurt dat se bij hem in de

/tuijn

tuijn was en de spoore daar vervolgen en hun gevangen" (9/2/28).

In verhalende styl maak hy beperkte gebruik van die perfectum. In sy Joernaal wat natuurlik van 'n meer verhalende aard is, kom 395 imperfecta teenoor 116 perfecta voor. Joubert staan dus nog grotendeels op Ndl. standpunt wat die gebruik van die perfectum betrof.

Pretorius gebruik die perfectum hoofsaaklik volgens Ndl. gebruik, bv. „Ik heef tevergeefs byna twee jaaren lang zoo mit woorden als mit brieven getrag U E. af te bringen van het onherroeplijke kwaad" (26/1/48, p. 297), „Door den Edele Volksraad gekwaalificeert zijnde,... heef ik naar U E. gekoomen" (p. 148), „Dat heef ik met geen andere oogmerk gedaan als..." (12/1/49, p. 353).

Teenoor 123 praeterita gebruik Pretorius die perfectum 80 maal. Die perfectum vervang byna nooit die imperfectum nie.

254. Oberholster staan al op Afr. standpunt wat die gebruik van die perfectum betref terwyl Trichardt en Joubert op 'n ontwikkelingstrap nader aan Ndl. as Afr. staan. Pretorius se gebruik is nog byna suiwer Ndl. Joh. Duminy skryf nooit 'n perfectum i.p.v. 'n imperfectum nie.[1] In stukke in bewuste Afr. uit die tydperk 1825-1860 kom dit nie dikwels voor dat die imperfek-funksie deur die perfectum waargeneem is nie. Bezuidenhout staan in sy brief van 1851 wat hierdie punt betref op 'n ontwikkelingstrap halfpad tussen Ndl. en Afr.,[2] maar Meurant vervang die imperfectum in die reël deur die perfectum of die hist. praesens.[3] Dit

/lyk

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 60.
2) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 20/6/1941, p. 29).
3) Idem, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22/8/1941, p. 61.)

lyk dus of die perfectum in die spreektaal van Trichardt se tyd reeds die Afrikaans uitbreiding moet gekry het en die perfectum in 'n sekere mate vervang het.

255. (b) Die imperfectum

Die imperfectum, die suiwere Ndl. tydvorm vir die onvoltooid verlede tyd, word gevorm deur klinkerwisseling by die stam van sterk werkwoorde en deur -te of -de agter die stam van swak werkwoorde te voeg. In Afrikaans het die imperfectum met uitsondering van enkele reste soos was, kon, sou, moon, dag, wis verlore gegaan en word sy funksie deur die perfectum en die historiese praesens waargeneem.

Om die onvolt. verl. tyd uit te druk, gebruik Trichardt in die reël die imperfectum. 'n Aantal van sy imperfectumvorme is inkorrek. By sterk ww. gebruik hy soms 'n swak vervoegde imperfectum, nl. by die ww. wijzen 7 maal, bv. „Hij wijsde mijn de spoor" (p. 129), „Ik wijsde haar" (p. 180), „zij wijsto mijn" (p. 899); by kijken 5 maal bv. „Ik kijkte (p. 281), „keijkte ik na de lijn" (p. 103); by blazen 2 maal, bv. „zij danste al om de trommels en blaasto onder de dansen op de fluiten" (p. 64); by gelijken 2 maal bv. „die de hoorn omtrind een span lang gelijkte" (p. 160); by trekken 2 maal, bv. „mijn sleeptak...trekte aan een klipbank vas" (p. 236); en 1 maal elk by die ww. bijten, krijgen, rijden, roepen, zoeken, lijken, steken en wegen : „maar hij bijtte mij zoo hard" (p. 306); „krijgte geen antwoord" (p. 103); „toen wij weg rijde" (p. 280); „roepte Willem" (p. 219); „men dagte dat hij spelde soekte" (p. 176); „Ik zij dat het lijkte of Carolus mijn plagen wel" (p. 203); „de kaffers steekte..." (p. 299), „de vaatjes woegte" (p. 309). By hierdie ww. gebruik hy die volgende getal korrekte imperfecta : wees (3), keek (9), blies (0), geleek (1),

/trok

trok (10), beet (1), kreeg (4), reed (8), riep (24), zocht (2), leek (0), stak (3), woog (0). By hierdie wwe. was sy gevoel vir die imperfectum dus verswak terwyl sommige imperfecta blykbaar uit sy taal reeds verdwyn het.

Daarenteen gebruik Trichardt sterk imperfecta by sommige swak wwe. Soos in Afr. onderskei verskillende Ndl. dialekte nie tussen liggen en leggen nie. Reeds in Mnl. en in 17de-eeuse Ndl. is leggen intransitief gebruik. Trichardt gebruik die vorm lij (lei) konsekwent vir altwee wwe., bv. „dat zij lij te slapen" (p. 264). By beide zitten en setten wat in Afr. ook saamgeval het, gebruik Trichardt die sterk vorm zat. By zetten skryf hy 3 maal zat, bv. „De morgen zat wij ons goederen af" (p. 302), „Ik zat Willem die dag by de schapen" (p. 200), maar 3 maal zette. Die wwe. kunnen en kennen word in sommige Ndl. dialekte verwar soos in dialektiese Afrikaans. Trichardt skryf die vorm kon 3 maal by konnen, teenoor 10 maal kende, bv. „die twee ooijen die ik goed kon", „en die een die ik niet kon, was naderhand ook uwe ooij" (p. 82). Volgens prof. T.H. Le Roux is die gebruik van kon as imperfectum van kennen 'n eienaardigheid veral van die Afrikaans van die Oostelike Kaap-Provinsie.[1]

By die 5 swak wwe. met gemengde vervoeging gebruik hy die volgende imperfecta : by zeggen en leggen alleen die vorme zij (955 maal) en lij (23 maal); by vragen 32 maal vraagde, 7 maal vroeg en 5 maal vrieg; by jagen die vorme joeg en jaagde elk 2 maal, en by maaien 1 maal maaide (p. 220).

By die ww. schrikken kom alleen schrikte 7 maal voor.

/Trichardt

---

1) Le Roux, Beschr. Klankleer, p. 27.

Trichardt gebruik dikwels 'n eiemaardige dubbele imperfectum, bv. „kafferetuinen die toenmaals droog was en na riet gelaekte" (p. 178). Veral by die onregelmatige ww. kom dit voor. Die vorm dagte kom 17 maal voor, bv. „men dagte" (p. 161); verzogte 4 maal, bv. „Daarop verzogte hij mijn" (p. 279); mogte 3 maal, bv. „als het mogte zijn" (p. 320); en moeste, dogte en zogte elk een maal : „dat zij het doen moeste" (p. 230), „dogte wij dat hij schieten zouw" (p. 221), „In die tijd dat wij na de spoor zogte en keijkte" (p. 255). Ek het reeds gewys op die onwaarskynlikheid dat hulle meervoudsvorme mag ween. Daar hierdie dubbele imperfecta voorkom by drie ww. waarvan die imperfectum in Afr. bewaar is, nl. denken, moeten en mogen, is dit moeilik om hulle gebruik te verklaar. Moontlik kan hierin 'n aanduiding gesien word van onsekerheid by Trichardt oor die gebruik van die te-uitgang.

Trichardt gebruik ook twee ou imperfectumvorme bogon (pp. 79, 171) en wilde (p. 39, ens.) wat in 17de-eeuse Ndl. gebruiklik was.[1]

Ons merk dus in Trichardt se gebruik van die imperfectum 'n mate van onsekerheid. Die inkorrekte vorme maak egter slegs 2% van die totale aantal imperfecta uit, sodat ons moet aanneem dat hy nog 'n sterk gevoel vir die imperfectum gehad het.

Dit val op dat in Trichardt se weergawe van Alberch se taal alleen die imperfecta had en was voorkom.

Die 110 imperfecta wat Oberholster gebruik, is in die reël korrek. Hy vervoeg 'n sterk ww. egter soms swak : „dat sulle niets behoude" (29/10/19), en

/gebruik

---

1) vgl. Reuter, Taalk. Aantek., p. 66 § 104.

gebruik 1 maal 'n dubbele imperfectum : „en hilde gedurig aan" (30/6/26). By zijn gebruik hy 2 maal die vorm waard, bv. „di veldcornets di hun het naaste waard" (15/7/28). By durven skryf hy 1 maal die ou Mnl. vorm dorst : „dors ik het niet verder onderneme" (19/8/32).

Van Joubert se 60 imperfecta is 'n paar inkorrek. Die volgende swak vorme by sterk wwe. kom voor: „maar goedverwag die slaapte" (10/4/28), „sij wijste mijn" (3/5/33), „ik klimde" (J 19/11/38), „verliesde ik 2 ossen" (20/12/23). Twee sterk vorme kom met agtervoegsels voor : „onse paarde schrokte" (10/4/28), „het scheend" (11/7/28(2)).

Pretorius se 138 imperfecta staan byna almal in die korrekte vorm. By zijn gebruik hy soms die vorm waart, bv. „hoe verblijd waart ik" (23/7/38, p. 27), „die een kaffer van geboorte waart" (9/9/45, p. 192). Hy skryf ook die ou Holl. 17de-eeuse volksvorm gong (9/9/45, p. 191), wat by Joh. Duminy byna konsekwent voorkom,[1] asook by latere skrywers soos Bezuidenhout.[2]

256. Ons vier skrywers toon dus 'n besonder sterk gevoel vir die imperfectum. Die mate waarin hul gebruik van die imperfectum korrek is, is in aanduiding dat dit nog in hul spreektaal lewendig was. Die sterk gevoel vir die klinkerwisseling by die stam van sterk wwe. is veral opvallend aangesien in 17de-eeuse Ndl. reeds 'n neiging bestaan het om sterk wwe. swak te maak. Lr. J. van Ginneken verklaar : „dat Hesseling er te weinig aandacht aan gewijd had, dat toch ook reeds de analogische verdringing van de sterke

/werkwoorden

---

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 62.
2) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 20/6/1941, p. 29).

werkwoorden door de zwakke, ook in de zeeuwsch en de Zuid-Hollandsche eilanden reeds aardig op weg was om de Zuid-Afrikaansche ontwikkeling mogelijk te maken."[1] In Joh. Duminy se Dagverhaal kom 169 imperfecta voor byna almal in die korrekte vorm. Sy toon geen neiging om sterk wwe. swak te vervoeg nie.[2] Prof. Franken meen dat Joh. Duminy se Dagboek toon dat in die Kaapse Hollands aan die einde van die 18de eeu, „die sterk vorme van die werkwoord, alhoewel op pad om te verstar, nog in lewende gebruik was".[3] Dr. Scholtz het gevind dat Bezuidenhout in sy brief (1851) die imperfectum nog dikwels gebruik en altyd in die korrekte vorm.[4] In ander Afrikaanse stukke van voor 1850 word ook gevind dat die imperfectum nog veel gebruik word. In die „Lied ter Eere van de Swellendamsche...Helden..." van 1795 word die imperfectum nog konsekwent gebruik, en dit is ook algemeen in ander stukke soos die brief van „Een Boer van Swellendam" (1830) en selfs in die skets van die onderhoud met Hendrik Kok van Boniface.[5] Dit is dus baie waarskynlik dat die imperfectum in die spreektaal van Trichardt nog in gebruik was, hoewel dit ongetwyfeld aan die verdwyn was. Blykbaar het die sterk wwe. van die eerste klas (met stamvokaal ij) die eerste verafrikaans.

257. (c) Die historiese praesens

Teens die verdwyning van die imperfectum is die historiese praesens die gewone vorm wat in Afr. gebruik word in die lewendige verhaalstyl om die onvoltooid verlede tyd uit te druk. In Ndl. is dit egter ook in hierdie geval 'n

/bekende

1) Van Ginneken, Handboek der Ndl. Taal I, p. 208.
2) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 61.
3) Franken, V.N.V. XIX, p. 72.
4) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 20/6/1941, p. 29).
5) Hienaber, Afr. tot 1860 (P.V., 6), pp. x, xiv, xxvii.

bekende tydvorm om die onvolt. verl. tyd uit te druk. Dr. O.S. Overdiep sê : „In het mondelinge en het geschreven verhaal of verslag van gebeurtenissen die in het verleden plaats had, is het praesens historicum gebruikelijk... Ook deze functie is voortgekomen uit de oorspronkelijke tijdeloosheid van het praesens : in een verband van zinnen met duidelijke verleden tijden kan dit neutrale werkwoord zeer wel begrepen worden als omschrijving van een der verleden feiten in de reeks."[1] Ook in die dialoog kan die hist. praesens die imperfek-funksie hê : „in den bijzin kan de tijdsvorm worden geassimileerd aan den hoofdzin; anderzijds is vaak het vage, tijdelooze, praesens in den bijzin voldoende omduiding der functie, wanneer deze in duidelijken vorm als verleden of toekomstig in den hoofdzin is omschreven."[2] Reeds in Mnl. is die praesens met imperfekfunksie gebruik,[3] en in 17de-eeuse Ndl. kom die hist. praesens dikwels voor.[4]

Trichardt se gebruik van die historiese praesens is soms ongewoon. 'n Praesens kom soms in 'n newegeskikte hoofsin voor naas 'n verlede tydsvorm in die eerste hoofsin, bv. „Hy <u>stond</u> en <u>roep</u> hom by zijn naam" (p. 241), „Ik <u>ging</u> uit en <u>roep</u> Moosetoe op seij" (p.94). Waar gebeurtenisse in hul onderlinge verband meegedeel word, wissel praesens- en imperfectumvorme dikwels mekaar af, bv. „Wij <u>liet</u> de wagen komen, <u>leg</u> de beenen daar nog wijnig vlees aan was met de vel op de wagen en <u>liet</u> het na huis bringen" (p. 100); „<u>schoot</u> hij met lopers, <u>blijf</u> een leggen, die een <u>ging</u> weg" (p. 268). Opvallend is verder sy gebruik van die praesens in die hoofsin gevolg deur 'n imperfectum in die

/bysin

---

1) Overdiep, Mod. Ndl. Gramm., p. 105 § 153.
2) Idem, p. 104 § 151.
3) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 180 § 244.
4) v.d. Veen, Taaleigen v. Bredero, p. 110 § 192.

bysin, bv. „Ik vraag haar waar zij na toe ging" (p. 265), „De pijn ruk onder zijn bors op tot byna in zij keel dat hij geen adem halen kon" (p. 75).

In verbinding met toe of 'n ander adverbiale aanduiding van die verlede tyd kom die praesens in Afr. in rustige beskrywende trant heel gewoon voor. Met toen kom die hist. praesens sedert die 17de eeu in Hollands voor en in beskaafde Hollands is dit gewoon.[1] In Trichardt se taal kom hierdie verskynsel dikwels voor, bv. „Ons werkvolk was de eerste stellte bijna uit toen wij terug komd" (p. 218), „Toen ik weer in huis komt had Boers anders niets gedaan als huilen" (p. 94), „Toen zij te lang aan houijd, ging Carolus na haar toe, heb ik hem weggejaagt" (p. 79); met 'n ander byw. bep., bv. „De paarde rank de morgen dig bij de wagens op een ogenblik weg, steurde ik Gustaf" (p. 260), „De morgen lant ouwe Botha Carolus vragen om zijn smits tang" (p. 111).

Trichardt se gebruik van die historiese praesens is dus meer uitgebreid as in Ndl. en staan nader aan Afr. Te oordeel na Trichardt se gebruik van die praesens en imperfectum, het hy nie veel verskil tussen die twee tydsvorme gevoel nie.

Veral kenmerkend van Afrikaans is die gebruik van 'n praesensvorm in die indirekte rede na 'n verlede tydsvorm in die hoofsin. In Ndl. is dit alleen moontlik waar die inhoud van die indirekte rede as 'n feit voorgestel word en nie alleen as 'n mededeling of gedagte nie.[2] Gevolglik kom 'n praesensvorm in die indirekte rede in Ndl. baie selde voor. Uitgesloten die werkwoorde wat in Afr. nog 'n imperfectum het, kom 90% van die wwe. by Trichardt in die indirekte rede in die praesens voor na 'n verledetydsvorm in die hoofsin. Van

/die

---

1) Bosman, Oor die Ontstaan, pp. 93-4.
2) v. Wijk, De Ndl. Taal, p. 61 § 34, opm. 3.

die 3017 historiese praesensvorme wat Trichardt gebruik, teenoor 5673 imperfectumvorme, kom 1406 of 46% van die totaal in die indirekte rede voor.

Aangesien 'n paar werkwoorde in Afr. nog 'n imperfectum het, het ek die relatiewe gebruik van praesens- en imperfectumvorme om die onvolt. verl. tyd uit te druk by elke werkwoord vasgestel om uit te vind of Trichardt geneig is om party wwe. meer in die praesens- of imperfectumvorm as ander te gebruik.

By die sterk wwe. het ek gevind dat hy die neiging openbaar om by party klasse gewoonlik die praesens te gebruik en by ander die imperfectum.

By die wwe. van die eerste ablautklas gebruik Trichardt oorwegend die praesens as tydsvorm van die onvolt. verl. tyd : nanie 97 maal blijf(t) skryf hy 13 maal bleef; begrijp (1), begreep (0); kijk (2), keek (0); krijg(t) (87), kreeg (4); lijk (2), leek (0); rijd (13), reed (2); schijn (2), scheen (0); strijk (0), streek (1); swijg (3), sweeg (6); wijs(t) (4), wees (3).

Van die 2de klas kom alleen die volgende vorme voor: schiet (2), schoot (55); verkies(t) (9), verkoos (0); vlieg (0), vloog (4).

By die wwe. van die derde klas oorweeg die imperfectum : begin (0), begon (31); bind (1), bond (1); drink (1), dronk (3); sing (1), song (1); spring (0), sprong (6); trek (2), trok (10); vind (2), vond (35).

Die wwe. van die vierde klas kom ook byna uitsluitend in die imperfectumvorm voor : breek (1), brak (3); geef (14), gaf (148); neem (4), nam (117); steek (0), stak (3); spreek (4), sprak (44); zit (0), zat (25).

/By

By die wwo. van die ander klasse word die praesens en imperfectum byna orals eweveel gebruik : klas 5 : laat (75), liet (85); loop (83), liep (35); roep (9), riep (24); word (33), wierd (28), werd (2); klas 6 : draag (2), droeg (1); vaar (1), voer (2); klas 7 : ontvang (2), ontving (0).

Hierdie gegewens toon dat hy 'n sterk gevoel gehad het vir die imperfecta met die kort o [ɔ] en a [a] en long o [o·] -vokale in die stam maar dat sy gevoel vir die met die [i] -vokaal en veral die met die [e·] -vokaal verswak was. Alleen by die wwe. van die eerste klas (met stamvokaal ij) kom dus oorwegend praesensvorms voor, asook die meerderheid van die inkorrekte, swak vervoegde vorme. Dit bevestig my vroeër gemelde vermoede dat die wwe. van die eerste klas die eerste verafrikaans het.

By die onreëlmatige werkwoorde wissel die verhouding van praesens- tot imperfectum-vorme by die verskillende wwe. af : bring (11), brag(t) (98); dink (7), dag(t) (29), dagte (19); doet (10), deed (84); gaat (108), ging (304); houd (14), hield (0); kan of ken (210), kon (263); kom(t) (128), kwam (507); moet (316), moes (89); mag (81), mog (18); slaat (4), sloeg (11); staat (11), stond (32); (ver)-zoek (3), (ver)zogte(5), verzocht (3); verlies (3), verloor (2); weet (30), wis (16); wil (121), wou (138); zal (377), zou (254); ziet (21), zag (121). Hier blyk weereens sy sterk gevoel vir die imperfecta met die [ɔ] en [a]- vokale.

Party van die onreëlmatige wwe. het in Afr. die imperfectum behou. Die meeste van hul is hulpwerkwoorde wat selde hul etimologiese betekenis heeltemal verloor, sodat die rekcie van die verbum finitum en nie die van die infinitief nie soos in die verbinding met ander hulpwwe., gewoonlik die sin bepaal, om die bewoording van dr. M. de

/Villiers

Villiers te gebruik.[1] Hierdie hulpww., zullen, willen, mooten, moren, kunnen, omskrywe dikwels sowel 'n modaliteit as 'n tydstrap. Behalwe die gewone grammatiese modaliteite druk hul soms ook 'n skakering van subjektiewe modaliteit uit, 'n gevoelsuiting van die spreker.[2] In Afrikaans is die onderskeid tussen die praesens en imperfektum van hierdie ww. in die eerste plek modaal, behalwe by wil - wou waar die onderskeid eerder temporeel as modaal is.[3] In sowel Ndl. as Afr. word die imperfektum gebruik om sowel gebeurtenisse in die verlede as in die hede aan te dui. In die laaste geval druk dit die irrealis uit.[4] Die imperfektum van hierdie ww. druk dus nie noodwendig die verlede tyd uit nie en kan selfs in die toekom. tyd voorkom. Daarteenoor kan praesensvorme van hierdie ww. in Afr. in die indirekte rede na 'n verledetydsvorm in die hoofsin voorkom. Statistieke alleen kan dus nie 'n juiste beeld gee van die gebruik van die vorme van hierdie ww. nie en dit is dus moeilik om vas te stel in watter mate Trichardt se gebruik ooreenkoms met Afr. vertoon. Nietemin kan een belangrike ooreenkoms met Afr. in Trichardt se gebruik gekonstateer word, nl. die oorwegende gebruik van die praesensvorme van hierdie ww. in die indirekte rede na 'n verlede tydsvorm in die hoofsin. Ook in die direkte rede kom soms 'n historiese praesens by hierdie ww. voor. Die verhouding van praesens- tot imperfektumvorme in die direkte en indirekte rede is as volg.

/Direkte

---

1) de Villiers, Sintaksis v.d. Werkw., p. 55 § 32.
2) Overdiep, Mod. Ndl. Gramm., p. 185 § 271.
3) M. de Villiers, Sintaksis v.d. Werkw., pp. 104-116 §§ 61-78.
4) Overdiep, Mod. Ndl. Gramm., p. 189 §§ 275-6.

	Direkte Rede	Indirekte Rede
kan of ken	15	195
kon	195	68
mag	4	19
mog	6	12
moet	13	303
moes	50	39
wil	3	118
wou	107	31
zal	8	369
zouw	153	101

Trichardt gebruik dus die praesens van hierdie ww. selde in die direkte rede maar oorwegend in die indirekte rede, wat in ooreenstemming met Afrikaans is. Trichardt gebruik die praesens egter soms in gevalle waar Afr. die imperfectum verleng, bv. „Ouwe Botha is mee geweos maar kan de avond daar niet blijven" (p. 270), „Een ind weegs gereden hebbende, is wij op een spitse koppie gegaan om te zien na de weg die wij de dag trekken moet" (p. 199). Soos te verwagte, gebruik Trichardt die praesens in die direkte rede hoofsaaklik in voorwerpsinne wat feitlik die enigste geval is waar die praesens van hierdie ww. in Afr. in die dir. rede voorkom, bv. „(Ik) wouw ziem of zijn werken ook zoo wezen zal als zijn geschink" (p. 189), „Ik merkte dat wij van haar niet veel hulp te wagten weesen moet" (p. 219). In hierdie gevalle sou die imperfecta in Afrikaans selfs meer gewoon wees.

In die indirekte rede oorweeg die praesensvorme ver omdat hy in ooreenstemming met Afr. die onverskowe praesens na 'n verledetydsvorm in die hoofsin gebruik, bv. „ik zij dat als zij een maand wagten wil, zal ik komen en die saak ondersoeken" (p. 61), „zij ik dat wij liever op ons plaats moet blijven" (p. 273), „Ouwe Botha zij de morgen toen ik aan de voortang van mijn pakwagen gaan zouw, dat ik maar mijn ander werk maken ken, dat hij het maken zal" (p.

261), „Ik zij aan de gezant dat ik Sakanna steuren zal maar de captijn moet met hem komen" (p. 257). Afr. gebruik egter nog baie dikwels die imperfectum in die indirekte rede. Trichardt gebruik ook die imperfectum dikwels in hierdie geval, bv. „Ik zij dat de vrouwen niet komen kon" (p. 304), „De morgen zij ik aan Anthonie dat hy en Sakanna gaan mog" (p. 233), „Ik zij aan Sakanna dat hy met hem gaan moes" (p. 272), „deg zij dat ik die morgen vertrekken zouw" (p. 89). Soms is die imperfectum in die indirekte rede egter 'n onverskowe verlede tydsvorm, bv. „Carolus zij...dat ik liever de vee moes verkogt hebben" (p. 202), „Ik zij dat ik te lang zouw in de gang gebleven hebben" (p. 202). Trichardt gebruik dus reeds soos in Afr. die imperfectum van hierdie ww. plus volt. deelw. plus infinitief en die irrealis uit te druk wat in Ndl. met uitsondering van zou nie moontlik is nie. Dit is ook belangrik dat Trichardt selfs in die indirekte rede altyd die praesensvorme van hierdie ww. in verbinding met 'n volt. deelw. + infin. gebruik om 'n hipotese uit te druk, bv. „kwam zij en zij dat zij grote kralen gezien heb daar zij lang op moet gewoond hebben" (p. 290), „zij ik aan hem dat hij alsdan geen veertien jaar met haar getroud kan geweest hebben" (p. 68). Trichardt gebruik die praesens van hie: die hulpww. as uitdrukking van die onvolt. verl. tyd oor die algemeen meer as die deurenee-Afrikaanssprekende van vandag.

Die imperfecta dag en verloor bestaan nog in Afr., maar die laaste het sy imperfek-funksie verloor en het die plek van die Ndl. teenw. tydsvorm verlies ingeneem. By denken kom die vorm dink 7 maal as historiese praesens voor, alleen in die indirekte rede, bv. „zij de ouwe aan mijn dat wat ik dink van ouwe Botha" (p. 69). Die vorm verlies kom 3 maal voor

/en

en verloor 2 maal. Uit Trichardt se gebruik is dit nie moontlik om vas te stel of hy nog bewus was van die juiste betekenis van die vorme nie, bv. „met trekken verlies Albag zijn merrie paard, hoef by Catrijn deftig afgeloest" (p. 179), „daar verlies Albag zijn laaste paard en een van mijn swager van Aard die ik bij mijn had" (p. 297); „zouw de ouwe mijden mijn pijp mee bringen, verloor zij die op de weg" (p. 128). Oënskynlik gebruik hy altwee vorme as imperfectum maar gesien sy uitgebreide gebruik van die hist. praesens meg hy altwee vorme as praesensvorme gevoel het.

Die ww. hebben en zijn is nognie as selfstandige en koppelwerkwoorde behandel nie. Die imperfecta van hierdie ww. in die enkelvoud, nl. had en was, kom nog in Afr. voor. Had is egter vrywel uitgesterf en kom alleen in die spreektaal van die ouer geslag en in die skryftaal onder Ndl. invloed voor. Hoewel was nog lewendig is, word is in die direkte rede in 'n voorwerpsin na 'n verledetydsvorm in die hoofsin in Afr. soms gebruik en in die indirekte rede in alle bysinne in die reël waar die hoofsin 'n verledetydsvorm het.

Trichardt gebruik die hist. praesensvorme heb en is 3 maal en 8 maal respektieflik in die direkte rede, bv. „Ging ik en Jan om te zien of de gekwetste nog daar of doot is" (p. 85), „zag wij dat het haar spoor is die wij gezien had" (p. 240). Daarteenoor kom die imperfecta had en was 347 maal en 169 maal respektieflik in alle funksies in die direkte rede voor, bv. „Eer het avond was, had wij regen op de berg" (p. 220), „Piete had zijn huis bijna klaar toen ik kwam" (p. 189); „Toen de melk in huis was, kwam hij na binnen" (p. 91), „zag wij dat zij ons reets voor was" (p. 240). In die indirekte rede gebruik Trichardt die praesensvorme van hebben en zijn ongeveer drie maal so veel as die imperfecta

/na

na 'n verledetydsvorm in die hoofsin. Heb kom 69 maal en heef 3 maal voor, bv. „Ouwe Hans zij aen mijn dat hij honger heb" (p. 71), „Ook zij Anthonie...dat het Fransse goederen in die zij heb" (p. 250); is kom 367 maal voor en ben 7 maal, bv. „Ik zij dat het met de eerste wagen is die omvalt" (p. 211), „Ik zij aan Albag dat hij nog jonk ben" (p. 7.). Daarteenoor gebruik hy hed 84 maal en was 106 maal, bv. „men dag het nin genoeg was om afscheijd te nemen" (p. 69), „zij ik dat het genoeg was" (p. 293); „zij hij dat die osse van Botha te sleg is, dat hy voor zijne jammer had" (p. 38). In sommige gevalle is hed en was egter onverskone verledetydsvorme, bv. „Ik zij dat het...goed bekend is dat sommige ven ons daar niets vandaan gebrag heef als wat hij aen zijn lighaam hed" (p. 203), „zij hij dat zij een groote trop buffels gekregen heb maar Carolus was bang om te schieten" (p. 204).

By die sterk ww. met gemengde vervoeging wissel die verhouding van praesens- en imperfectumvorme skerp af by die verskillende ww. : jaagt (4), jaagte (8), joeg (2); leg(t) (10), lij (lei) (23); vraag(t) (237), vroeg (9), vrieg (5), vraagte (23); zeg(t) 47), zij (zei) (955).

Van die 119 swak werkwoorde wat Trichardt of in die historiese praesens of in die imperfectum gebruik, kom 24 alleen in die praesensvorm voor, maar hulle word hoofsaaklik in die indirekte rede gebruik. Daarteenoor kom 32 ww. alleen in die imperfectumvorm voor, hoofsaaklik in die direkte rede, bv. beduide (7), dionde (4), dankte (9), deurde (2), duurde (4), hitste (4), hoopte (8), ontmoette (2), stemde (5), schoelde (3), vertelde (3), wijgerde (10).

Die orige swak ww. gebruik hy in sowel die praesens- as die imperfectumvorm, bv. hoor (8), hoorde (42);

/beloof

beloof (8), beloofde (14); maak (25), maakte (22), aankeerd (7), aankeerde (1); presenteerd (2), presenteerde (10); steurd (8), steurde (50); werk (9), werkte (4). Ook by hierdie vwe. kom die imperfecta hoofsaaklik in die direkte rede voor.

Wat die gebruik van die historiese praesens betref, staan Triebardt al heeltemal op Afrikaanse standpunt. By gebruik die praesens by die vwe. wat in Afr. nog 'n imperfectum het selfs meer as in Afr. By die ander vwe. gebruik hy egter nog soms 'n imperfectum waar Afr. die praesens verlang.

Oberholster gebruik die hist. praesens net 10 maal, teenoor 110 imperfecta en 390 perfecta, bv. „Jongstede in den maand September ontvang ik...een brief door U Wel. Ed. afgevaardig waarin U mijn meld.." (12/3/23), „Daarop seijn di hottentot di hun geleijde heef, gekeerd weijl de avond hem overval" (25/2/24). Die indirekte rede word selde gebruik. 'n Paar praesensvorme kom in die indir. rede voor, bv. „Oberholster heb...ruijm voor 6 maande aan mijn kennis gegee dat hij gemelde stuk grond begeer" (11/4/31). Oberholster se gebruik van die praesens toon dus min uitbreiding op Ndl.

Joubert maak veel gebruik van die hist. praesens. In die direkte rede kom dit 'n beperkte aantal keer voor, bv. „ik rijsde tot Louw Badenhorst... alwaar ik Landman ontmoet en sprak met hem" (J 13/11/38), „ik heef te Colesberg vernoomen nan de 2 gesegde personnen maar vind se niet" (23/3/34), „sij bedankte mijn en beloof dat het spoedig saude geschieden" (11/7/38). In die direkte rede kom die praesens egter dikwels voor

/na

na 'n verledetydsvorm in die hoofsin, ook by die wwe. wat in Afr. die imperfectum behou het, bv. „heef Kruger geseg dat hij hen niet sal afgeeven voordat hij door magistraaten gelas wort" (24/3/28), „hij heef mijn geseg dat hij niet twijvel of ik sal een teijt patroljes moete doen" (22/9/35), „ik seijde dat ik mijn ondersoek heef gedaan in dus hun antwoord aanneemt soo seij het geef" (25/9/29). Hy gebruik die imperfectum ook nog dikwels in die indirekte rede, bv. „seijde mij dat er 5 menschen aan Philipolis doot was" (8/11/31), „brag mijn een boodschap van hem als ik hem noodig hat, ik hem kon nastuuren of rijden" (28/12/35). Wat die gebruik van die praesens betref, staan Joubert reeds grotendeels op Afr. standpunt.

Pretorius gebruik die hist. praesens slegs 23 maal teenoor 128 maal die imperfectum. Twintig van die praesensvorme kom in die direkte rede voor, bv. „maar (ik) gong den volgende morgen en vervoeg mij bij den ovesieren" (9/9/45, p. 191), „ik kwam U. E. tegen dat gij van den rampen terug komt" (8/4/48, p. 314), „toen ik dat alles sag en ondervind" (12/1/49, p. 351). Hier blyk sy gebrek aan gevoel vir die onderskeid tussen die praesens en imperfectum. Die indirekte rede word baie selde gebruik sodat sy gebruik van tydsvorme in die indir. rede nie vasgestel kan word nie.

250. Ander skrywers uit die tyd is veel konserwatiewer in hul gebruik van die hist. praesens. Dr. Scholtz het gevind dat Meurant in sy briewe en samesprake in die „Grensblad", hoewel hy min verhaal, 'n voorliefde toon vir die gebruik van die hist. praesens maar geen konstruksies gebruik wat in die Holl. volkstaal onmoontlik is nie.[1] Die gebruik

/van

1) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22 Aug. 1941, p. 61.)

van die praesens deur Trichardt en Joubert is egter voldoende bewys dat wat die gebruik van die hist. praesens betref, die spreektaal van hul tyd reeds op huidige Afr. standpunt gestaan het.

259. Die Voltooid Verlede Tyd

Hierdie tyd word in Ndl. uitgedruk deur had of was plus die volt. deelwoord in die bedrywende vorm, deur was plus die volt. deelw. in die lydende vorm. In Afrikaans is die plusquam-perfectum in die bedrywende vorm byna heeltemal deur die perfectum (het plus volt. deelw.) verdring. Reste van had plus die volt. deelw. kom in Afr. nog af en toe voor as uitdrukking van bepaalde modaliteite, o.a. die irrealis, die conditionalis en optativus.

Trichardt gebruik had en was plus die volt. deelw. in minder as die helfte van die gevalle waar hy die volt. verl. tyd uitdruk. Had plus volt. deelw. kom 341 maal voor teenoor 409 maal heb en 36 maal heef plus die volt. deelw. Was plus volt. deelw. gebruik hy 135 maal teenoor 174 maal is en 9 maal ben plus volt. deelw.

In die direkte rede skryf Trichardt nog in die reël die Ndl. plusquamperfectum. Had plus die volt. deelw. kom 227 maal voor bv. „Nadat wij gegeten had, is ik na mijn kamer gegaan" (p. 321), „De morgen kwam de Captijn met de ros van de betaling die hij beloof had de dag te voren" (p. 106). In die direkte rede kom heb en heef plus volt. deelw. 52 maal en 9 maal respektieflik voor, bv. „Doestaf heb ik met 3 osse gesteurd om ech kraggn te halen die ik de vorige dag geschoten heb" (p. 102), „Ik heb drie schapen gekregen die de ongedierte verscheurd heef" (p. 123).

/In

In die direkte rede skryf Trichardt was plus volt. deelw. 103 maal, bv. „hij souw na de os gaan soecken die de berg uitgestreken was" (p. 247), „Wij dagte alle dat bij de vee onheil gebeurd was" (p. 219). In 'n aantal gevalle staan was plus volt. deelw. in die lydende vorm en is dit dus in ooreenstemming met Afr., bv. „Eenige dagen nadat zijn vrouw onder de aarde was besteld, vraag ik hem om Jan" (p. 69). Daarteenoor skryf hy 23 maal is plus volt. deelw., bv. „merkte ik de lijs van de zielen, die met mijn gekomen is" (p. 312), „Heel vroeg is Jan Pretorius gegaan na de ooijs te sien die uitgebleven is de vorige dag" (p. 97). Trichardt skryf selfs in die passief is plus volt. deelw.: „Ik merkte aanstons dat op ons enige argwaan gesteld is geworden" (p. 305). In Afr. is hierdie gebruik in 'n voorwerpsin moontlik.

In die indirekte rede gebruik Trichardt die perfectum oorwegend vir die volt. verl. tyd. Soos in die geval van die praesens, is die perfectum hier moontlik in Ndl. waar die inhoud van die indirekte rede as 'n feit voorgestel word, nie alleen as 'n mededeling of gedagte van iets nie. Trichardt gebruik egter had plus volt. deelw. nog 114 maal, en was plus volt. deelw. 32 maal. Soms is dit onverskowe tydvorme, bv. „en zij dat hij met ouwe Botha in gesprek is geweest over de schaden en vergoeding die wij gekregen had" (p. 191), „zij hij dat de kaffer gevlug was, en nu ik weg is, gekomen ben" (p. 135). Had plus volt. deelw. kom 90 maal voor en was plus volt. deelw. 23 maal waar hul wel verskowe plusquamperfecta is, bv. „Hij zij dat hij zo veel olanden gekregen had" (p. 131), „dag ik dat het de wagter was geweest die een boek ofpund van zijn schapen daar gekeerd had" (p. 260), „Toen ik nog niet op was hoorde mijn vrouw dat Lelie weer wat gesproken had dat niet en deugde" (p. 231). Daar-

/teenoor

teenoor kom veel meer onverskowe perfecta voor. Heb en heef plus die volt. deelw. kom 356 na 1 en 27 maal respektieflik voor, bv. „Ik zij dat de schapen van nagt zoo sterk geschrik heb" (p. 201), „Toen zij Albag dat zij het verdient heb, dat hij daar niet om geef maar dat zij zoo brutaal zijn ketel omgelopen heef" (p. 230), „Ik zij dat het mijn gefoelen ook is die mijn tot hem gebrag heef" (p. 166). Drie maal gebruik hy ook het in die perfectum : „De morgen zij ik aan Anthonie... dat hij zien moet om haar met hem mee te bringen en zat dat zij de ereste keer beloof het (p. 233). In die orige twee gevalle vervang 'n infinitief die volt. de lw. voor 'n ander infinitief : „Daerop antwoorde ik dat zoolang als de Bossemans bij hem het willen blijven, een van alle hem de minste betoond heb dat wij de Bonsemans van hem te nemen" (p. 169), „Carolus zij dat hij met ouwe Botha goed het willen praten dog dat de kwessie uit de wereld van die zij met elkander gehad had" (p. 112). Is plus die volt. de lw. kom 153 maal voor en ben plus die volt. deelw. 9 maal, bv. „Kwam Jan bij mijn en zij dat jufr. Schepers haar melk kalvers de avend te voren uitgebleven is" (p. 115), „Pieta zij dat hij de morgen voor hem en Kroot van de kouij geloopen is" (p. 201); „Ik zij dat wij verpligt ben haar een behoorlijk lijfstraf to geven" (p. 231). Trichardt gebruik die perfectum nooit self i.p.v. 'n onverskowe plusquamperfectum, bv. „Zij Jan dat hij aan mijn gezeg heb dat zij vergeten heb ouwe Botha te vragen" (p. 209), „Do ra zij mijn dat de kaffers aan de regterhand van Vascouw zegt dat bij hen 6 menschen geween is en na pat te keijken maar niet gevonden heb" (p. 74). Dit toon dat sy gevoel vir die plusquamperfectum reeds baie verswak was, behalwe in die lydende vorm natuurlik. Wat die uitdrukking van die volt. verl. tyd

/betref

betref, staan Trichardt reeds feitlik op Afrikaanse standpunt. In die direkte rede gebruik hy nog wel in die meerderheid van gevalle die plusquamperfectum in die bedrywende vorm, maar dit is duidelik dat hy onseker was oor die gebruik daarvan. So skryf hy soms selfs die plusquemperfectum i.p.v. die perfectum, bv. „Nadat hij de eijser wat door elkander geslagen had, had wij dat speijkers genoemd" (p. 78). Dit dui op bewuste gebruik van die plusquamperfectum onder Ndl. invloed. In Trichardt se spreektaal was die plusquamperfectum in die bedrywende vorm waarskynlik reeds grotendeels deur die perfectum verdring.

Die gebruik van die perfectum om die volt. verl. tyd uit te druk, is egter nie tipies-Afrikaans nie. In Ndl. kom die perfectum in hierdie funksie ook voor, in verbinding met die historiese praesens, maar veral waar gebeurtenisse beskryf word wat nawerk tot op die huidige oomblik, wat in die herinnering van die verhaler voortleef as besonder belangrik, veral in die vertelling in dagboekvorm, die verslag en verhaal waarin die outeur deelneem.[1]

Die oorspronklike Ndl. tydvorm vir die onvolt. verl. tyd, die imperfectum,[2] word deur Trichardt ook nog in hierdie funksie gebruik, bv. „heb ik hem een jonge tijgervel gegeven die de kaffers van Kapelie mijn de vorige avond gaf" (p. 151).

Obe holster gebruik byna altyd die plusquamperfectum in die direkte rede, nl. 10 maal had en 4 maal was plus die volt. deelw., bv. „Gister is bij mijn gearriveerd de heer Penney teneinde de Caepok stof te verspreijde doch hat ik het reeds in het werk

/gestald

---

1) Overdiep, Mod. Ndl. Gramm., pp. 111-112 § 108.
2) Stoett, Mnl. Mijntaxis, p. 183 § 249.

geteld terwijl ik stof uijt den wijk van veldet. G. Joubert hat becomm" (4/12/31). In die indirekte rede kom had 4 maal en was 3 maal met die volt. deelw. voor, bv. „Ik bekwam van hem tot andwoord dat hij de rapord van de Koker drie dage naadat de saak was gebeurt, had ondvange, meenende dat de lighaamme verslonde was in om di rede geen schouwing had gedaan" (15/3/28). Die perfectum kom egter dikwels voor na 'n verledetydsvorm in die hoofsin, bv. „dat hem...is berigge dat de kinderpokke sig reeds aan dese seijde van Groot revir hob vertoond" (11/4/32); „met mijn terugkoms vernam ik dat den burgers Willem Jacobs en Vrederik van Niekerk van de Groot reevir sijn vertrokke" (13/10/36). By uitdrukking van die volt. verl. tyd to n dus 'n mate van die Afr. uitbreiding.

In die direkte rede gebruik Joubert had en was plus volt. deelw. 8 maal en 16 maal respektieflik, bv. „men brag de aprentisen voor mij, een aansienlijker getal dan ik verwagt had" (J 7/11/38), „dat laat kwam ik by de Clerk bij de waogens toen 3 paarden verlooren was" (J 2/12/38), „als ik de avond bij de wagens kwam, was Jan Vermeulen aangekomen" (J 4/12/38). Daarteenoor gebruik hy heb en heef plus die volt. deelw. 16 maal en 20 maal respektieflik, en is plus die volt. deelw. 4 maal, bv. „naadat wij de meening van weersijde heb gehoort, heb wij na de beste schikken gehandelt" (1/6/29); „ook vond ik in de kraal een eijser pot die seker Hottentot goetverwag kort te vooren van mijn heef gestolen" (10/4/28), „naadat ik van hem lisens heef gevordert, heef hij mijn een lisens vertoont" (24/3/28); „dewijl hij bij onderzoek heb gevonden dat gez. aprentisen vrijwillig over de grensen is gegaan" (J 23/11/38).

/In

In die indirekte rede gebruik hy die plusquamperfectum minder as die perfectum. Had en was plus volt. deelw. kom 3 maal en 9 maal respektieflik voor, bv. „wand ik vernam dat 3 van haar sig reeds bedag had" (J 22/11/38); „seijde hij dat hij alleen was in terloops bij Kruger op de werf was uijtgekomen" (24/3/28(3)), „vernam ik dat door Dam Kok een Comando was gesonden" (23/5/32). In die reël gebruik hy die perfectum. Na 'n verledetydsvorm in die hoofsin kom heef en heb plus volt. deelw. 20 maal en 6 maal respektieflik voor en is plus volt. deelw. 5 maal, bv. „uijt de mond van de kind selve heef ik verstaan dat nimmer geen mens hem heef verhindert maar hij selfe heef geweijgert" (24/3/28), „sij gaf mijn te kennen dat sij hun verhuurt heb" (J 24/11/38); „en gaf mijn te kennen dat het volstrek bij hun bepaalt is dat.." (11/7/38). Joubert se uitdrukking van die volt. verl. tyd toon dus 'n groot mate van ooreenkoms met Afrikaans.

In die direkte rede gebruik Pretorius die perfectum reede meer as die plusquamperfectum. Had plus die volt. deelw. kom 4 maal voor, bv. „Heerdat ik en mijne soon 2 en 3 maal naar den compt moes rijden hat hij den datum...wanneer den soldaat hem gaslagen heef, vergeten" (9/9/45, p. 191). Opvallend is in hierdie voorbeeld sy uitdrukking van die voorverlede tyd deur die perfectum na hy 'n plusquamperfectum gebruik het. Hy skryf het, heef en is plus die volt. deelw. 4 maal, 3 maal en 2 maal respektieflik in die direkte rede, bv. „Even soo is hij mit mijne klagten bij den Cornel gegaan naerdat hij mij onuijdvoerbare raad hebt gegeven" (9/9/45, p. 191-2), „want sy hebben verwagt voor het

/kwaad

kwaad welk sij gedaan heef, gestraf te sijn" (9/9/45, p. 191), „wijl hij wist dat mijne saedel van den waagen aan stukken in getrap" (12/1/49, p. 354).

Die indirekte rede gebruik hy selde. Alleen die perfectum kom hier voor as uitdrukking van die volt. verl. tyd, bv. „gij zult wel vernomen hebben dat wij niet den geluk gehad heef" (6/3/47, p. 121), „welk den kaffirs ook self erkend heef dat een der officieren hun heef geseg niet meer op mijn plants te planten omdat sij mij soo vele schaade hebt aangedaan" (16/3/46, p. 222).

Pretorius se uitdrukking van die volt. verl. tyd dui daarop dat die perfectum in die bedrywende vorm by hom feitlik die plusquamperfectum verdring het.

260. Die taal van Trichardt, Joubert en Pretorius vertoon dus 'n groot mate van ooreenkoms ten opsigte van die gebruik van die perfectum en die volt. verl. tyd uit te druk. Oberholster is meer konserwatief. Daar kan dus min twyfel bestaan dat die Afr. vorm al baie verbreid was en die gebruiklike vorm in die spreektaal moet gewees het. Bezuidenhout skryf egter in 1851 nog gewoonlik die plusquamperfectum hoewel hy die perfectum ook soos in Afr. gebruik.[1] In hierdie verband is dit opvallend dat in Joh. Duminy se Dagboek die plusquamperfectum nog konsekwent gebruik is.[2]

Die vervoeging van die mutatiewe werkwoorde en die werkwoorde van beweging met hebben en zijn

261. In Ndl. word die wwe. wat 'n verandering van plek of toestand aandui, die sogenaamde mutatiewe werkwoorde, met

/die

1) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 20/6/1941, p. 29).
2) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 60.

die hulpwerkwoord zijn vervoeg (dus : hij is gestorven, ens.), terwyl die wwe. wat 'n duratiewe handeling of 'n blywende toestand omskrywe, met hebben vervoeg word (dus : ik heb geslapen, ens.). In Afrikaans word alle werkwoorde vandag sonder onderskeid met het vervoeg. 'n Aantal onoorganklike wwe. in Afr. kan egter, gewoonlik vergesel van 'n bepaling, met is verbind word in dieselfde reksievorhouding as met het, bv. „Die stomp is uitgebrand - sy arm is opgeswel - Die gras is verdroog."[1]

Die huidige toestand in Ndl. met betrekking tot hierdie wwe. is egter 'n latere ontwikkeling. In die Middeleeue het die perfektiewe of imperfektiewe betekenis van die onoorganklike werkwoorde bepaal of hulle met die hulpww. zijn of hebben vervoeg is. Volgens hierdie reël is die imperfektiewe-duratiewe wwe. zijn en wesen met hebben vervoeg, hoewel die konstruksie met zijn ook voorgekom het. Verskillende wwe. van beweging is, soos vandag nog, sowel perfektief as imperfektief-duratief gebruik. Hulle was imperfektief as alleen aan die handeling gedink is; daarenteen perfektief as gelet is op die verandering van toestand, ingetree as gevolg van die afgelope beweging : „hi hevet gheloopen", naas : „hi is noch gheloopen". Wwe. van beweging met 'n duratiewe of imperfektiewe betekenis moes dus oorspronklik met hebben verbind word, ook wanneer deur die handeling 'n nuwe toestand ingetree het, bv. „Dan haddi in dewige vruecht gevaren". In die Middelnederduse het die hulpww. zijn egter hier net so dikwels voorgekom.[2] In huidige Ndl. word zijn by die wwe. van beweging gebruik waar die verlede tyd 'n verandering van toestand aandui, d.w.s. waar daar 'n plekbepaling by die ww. staan.

/Soms

---

1) Vgl. H. de Villiers, Sintaksis v.d. werkw. pp. 69-70 § 39.III.
2) Stoett, Mnl. Syntaxis, pp. 199-200 §§ 268-271.

Soms kan egter sowel hebben as zijn by die werkwoorde van beweging gebruik word.[1] Die betekenis van die ww. het dus later nie meer bepaal watter hulpww. gebruik moes word nie maar die vraag of 'n persoon of saak ten gevolge van die beweging in 'n ander toestand of op 'n ander plek gekom het.

In Mnl. kom die ww. comen en vallen soms met hebben vervoeg voor. Die ander onoorganklike ww. met perfektiewe betekenis is, soos vandag, met zijn vervoeg, maar die volt. deelw. van die volgende ww. kom soms in verbinding met hebben voor : rusten, sterven, blíven, sceiden, groeien, enden, beginnen, cessen, verdorren, ens., en in die 16de eeu, blijken, gebeuren en beklijven[2] In die 17de-eeuse Hollands kom hebben voor by die ww. zijn, blijven, blijken, vallen, loopen, beginnen, sterven, vliegen, ens.[3] Selfs vandag word in Ndl. dialekte enkele perfektiewe ww. met hebben vervoeg, in West-Vlaams : blijven, vallen; in Antwerps, blijven, komen[4]

Die Afr. gebruik van het by die mutatiewe ww. is dus blykbaar in party gevalle geërf uit vroeër Ndl. Waarskynlik woeste onsekerheid oor, en verwarring in die gebruik van hebben en zijn het die gebruik van hebben (het) by die mutatiewe ww. uitgebrei en is zijn (is) feitlik heeltemal verdring, voortgestoot deur die neiging tot gelykmaking en vereenvoudiging.

262. In omskrewe tydvorme van mutatiewe ww, en die ww. van beweging, gebruik Trichardt 769 maal die hulpww. zijn en 51 maal hebben. zijn kom egter dikwels by die ww. van beweging voor waar alleen 'n duratiewe handeling omskryf word.

/By

---

1) v. Wyk, De Ndl. Taal, pp. 95-6, § 61.
2) Stoett, Mnl. Syntaxis, pp. 201-202 §§ 272-3.
3) v.d. Veen, Taaleigen v. Bredero, p. 16 § 20; v. Helten, Vondel's Taal I, p. 51 § 60.
4) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 203 § 273.

By die ww. lopen skryf hy 21 maal zijn, 12 maal korrek en 9 maal inkorrek, bv. „is na Pieta gelopen" (p. 237), „was Rabouw die nagt weggeloopen" (p. 12); „is ik en Carolus haar bij gelopen" (p. 114). Hebben word 5 maal gebruik, bv. „ik had zelfs de morgen op de spooren geloopen" (p. 99). By rijden is zijn 45 maal korrek en 75 maal inkorrek gebruik, bv. „Is ik en Pieta na de vee gereden" (p. 33); „Is wij gereden om te schieten" (p. 12). Hebben kom 6 maal voor, bv. „maar hij had alege drie honderd stappen gereden" (p. 235). By trekken is zijn 42 maal korrek en 46 maal inkorrek gebruik, bv. „Ben wij getrokken tot aan de Santrivier" (p. 152); „Sond. 4de ben wij niet getrokken" (p. 97). Hebben is 6 maal gebruik, bv. „heb wij niet getrokken" (p. 197). By gaan kom zijn 54 maal korrek en 135 maal inkorrek gebruik voor, bv. „Tegen de avond is Carolus en Botha na ons wagens gegaan" (p. 241), „Ouwe Botha is op de jagt gegaan" (p. 103); „Is ik met Carolus en Pieta gegaan, en de geweers gehaald" (p. 309), „Is Jan en Botha gegaan na water te zien" (p. 173). Hebben kom 15 maal voor in omskrewe tydsvorms van gaan, bv. „Heb Pieta en ouwe Strydom gegaan om de twee leste wagens te halen" (p. 259).

By die mutatiewe ww. gebruik Ndl. alleen zijn. Trichardt gebruik zijn 28 maal in verbinding met vertrokken, bv. „Sondag is de kaffers met de kierie vertrokken" (p. 15); gevallen is 14 maal met zijn en 1 maal met hebben vervoeg, bv. „Is die dag twee beeste van Albag in gaten gevallen" (p. 188); „Anthonie zij dat de kaffers drie maal gevallen heb" (p. 253); by gekomen 123 maal zijn en 3 maal hebben, bv. „de beeste is alle weer terug gekomen" (p. 132), „zij niet zelfs had gekomen" (p. 92); by gekeerd kom alleen zijn 11 maal voor bv. „ben wij terug gekeerd" (p. 114); by gebleven

/kom

kom zijn 63 maal en hebben 5 maal voor, bv. „Ben wij aan de Verkeerde ventijn stil gebleven" (p. 59); „en heb de avond daar gebleven" (p. 57); waar die infinitiefvorm blijven die volt. deelw. voor 'n volgende infinitief vervang, kom zijn 15 maal voor en hebben 3 maal, bv. „Is de morgen drie beeste blijve leggen" (p. 11); „Daar hei van Carolus een os blijve staan" (p. 29); zijn kom 6 maal voor by gevlug(t), bv. „Hij zij dat zij gevlugt is op de bergh" (p. 254), en 6 maal by geworden, bv. „Ik is vijf en vijftig jaar oud geworden" (p. 307). Die volgende volt. deelwe. word ook alleen met zijn vervoeg, nl. geraak 2 maal, bv. „was zij ons uit het gezig geraak" (p. 146); overleden 3 maal; begonnen 1 maal; verjaard 3 maal, ens. By geweest kom zijn 48 maal voor en hebben 5 maal, bv. „Vrijdag is Pieta hier te huijs geweest" (p. 11), „Hob ouwe Hannis twee jonge ossen ingespannen en twee die in geweest is" (p. 25); „heb Seritie hier geweest" (p. 23), „Jan en Albach had by de ass geweest daar de leuwen bij was" (p. 132). Dit is die enigste volt. deelw. waarby is, wat in Afr. meer gewoon is as het.

Trichardt se taal toon dus baie min van die Afrikaanse uitbreiding in die gebruik van hebben (het) by hierdie wwo. Slegs by uitsondering kom hebben voor waar Ndl. zijn verlang. Dagrenteen gebruik hy zijn oorwegend i.p.v. hebben by die wwo. van beweging waar hul alleen 'n duratiewe handeling omskrywe. Hierdie toestand wek die vermoede dat Trichardt doelbewus zijn geskryf het. Hiervoor getuig ook sy gebruik van zijn by ander werkwoorde in die bedrywende vorm, bv. „Is Pieta hen nagejaagt" (p. 114), „Is wij ingespannen" (p. 371), „is een kalf de nek verlegt" (p. 31), „is hij bij Maseouw verneukt" (p. 118). Sy byna

/korrekte

korrekte gebruik van die hulpww. by die mutatiewe wwe. gee egter die indruk dat hy hul in sy spreektaal nog gewoonlik met zijn vervoeg het.

Oberholster skryf konsekwent zijn by die mutatiewe wwe. en die wwe. van beweging. Daar kom altesaam 58 omskrewe tydsvorme van hierdie wwe. voor. By die wwe. van beweging kom zijn dikwels voor waar 'n duratiewe handeling omskryf word. By die volt. deelw. getrokke kom zijn 6 maal korrek en 7 maal inkorrek gebruik voor, bv. „door de geheele dustrik sijn...geen regens door getrokke" (Des. 1824); by gegaan is zijn 5 maal inkorrek gebruik, bv. „welk spoore de cafvers sijn nagegaan" (18/11/31); sijn is 2 maal inkorrek gebruik by komen, bv. „dat den burger mijn om ekskuus is koome vraage" (20/7/25), en 2 maal korrek by gereden, bv. „op welke dato ik ook van huis sijn gerede naar de dorp" (3/9/26). By die volgende volt. deelw. word zijn korrek gebruik : gesneuveld (5), gekome (4), gebleve (2), geverrek (3), gevalle (2), vergaan (1), gewees (8), geschied (1), ontstaan (1), vertrokke (1), teruggekeerd (5), verdroog (1), bv. „de gewoonne paarde sterfte sijn ...heel gematig gebleeve, en is slegs 3 paarde...verek (30/6/25), „de gesaaijde seijn...verdroog" (Sep. 1825). Oberholster skryf zijn ook by ander wwe., bv. „is by streke mooij geregend" (19/12/32). Dit kan moeilik die toestand in sy spreektaal gewees het en die oordrewe gebruik van zijn moet die gevolg wees van 'n poging om Ndl. te skryf.

Ook by Joubert kom byna uitsluitend zijn b di mutatiewe wwe. en die wwe. van beweging, voor, nl. 80 maal teenoor 3 maal hebben. By die wwe. van beweging

/gebruik

gebruik hy alleen by trekken die hulpww. hebben, nl. 3 maal, bv. „heef hij een distansie voortgetrokken" (28/7/28). Daarteenoor kom zijn 7 maal voor by getrokken, 6 maal by gegaan, en 5 maal by gedroe, in alle gevalle korrek, bv. „dat mijn onderhoorige...soodaanig uijt elkaar getrokken ben" (16/5/28); „hij is een nag somer weg gegaan" (2/5/33); „hij is de 9de man vort Wilshire gereeden" (12/9/35); „is 2 hottentots...uijt mijn diens gedroe" (26/1/29). By die mutatiewe ww. kom zijn 27 maal voor by gekomen, 5 maal by gevallen, 5 maal by gebleven, 3 maal by vertrokken, en 2 maal elk by gevlug, ontsnapt en geworden en 1 maal elk by gewees, gesprongen, verdronken, gebeurt, verschenen, geschieden, bv. „dat een os van hem in de modder gevallen is" (28/7/28), „sij seijn uijt elkander gevlug in als verwoes te huijs gekoomen" (6/9/31), „hun paarde, pakossen in geweers sijn daarin gebleeven" (6/9/31), „de droogte ...is soo droewig als nog nooijt gewees is" (21/6/35); „maar ik is gister siek geworden" (10/8/33). Joubert se gebruik van zijn by hierdie ww. toon dus groot ooreenkoms met Trichardt en Oberholster s'n.

In 28 omskrewe tydsvorme van die mutatiewe ww., skryf Pretorius 26 maal zijn en 2 maal hebben. Hebben kom voor by die volt. deelw. geko/men en gangobroóken, bv. „heef ik...naar U E. gekoomen" (p. 148). zijn kom 16 maal voor by gekoomen, 3 maal by gevlug, 2 maal elk by geworden en gegaan, en 1 maal elk by gebleeken, getrokken, gevallen, gebeurd, gebleven, gereden, gestorven, verdweenen, bv. „want die menschen zijn allen...uit den verschrikkelijken lagerbrand uitgekomen" (6/6/39, p. 72), „is een kans nog altoos voor ons open gebleven" (8/4/48, p. 313), „dat niet meer

/gevallen

gebruik hy alleen by trekken die hulpww. hebben, nl. 3 maal, bv. „heef hij een distansie voortgetrokken" (28/7/28). Daarteenoor kom zijn 7 maal voor by getrokken, 6 maal by gegaan, en 5 maal by gedros, in alle gevalle korrek, bv. „dat mijn onderhoorige...soodaanig uijt elkaar getrokken ben" (16/5/28); „hij is een nag sommer weg gegaan" (2/5/33); „hij is de 7de man vort Wilshire gereeden" (12/9/35); „is 2 hottentots...uijt mijn diens gedros" (26/1/29). By die mutatiewe ww. kom zijn 27 maal voor by gekomen, 5 maal by gevallen, 5 maal by gebleven, 3 maal by vertrokken, en 2 maal elk by gevlug, ontnapt en geworden en 1 maal elk by gewees, gesprongen, verdronken, gebeurt, verschenen, geschieden, bv. „dat een os van hem in de modder gevallen is" (28/7/28), „sij seijn uijt elkander gevlug in als verwoos te huijs gekoomen" (6/9/31), „hun paarde, pakossen in gewoers sijn daarin gebleeven" (6/9/31), „de droogte ...is soo droevig als nog nooijt gewees is" (21/6/35); „maar ik is gister siek geworden" (10/8/33). Joubert se gebruik van zijn by hierdie ww. toon dus groot ooreenkoms met Trichardt en Oberholster s'n.

In 28 omskrewe tydsvorme van die mutatiewe ww., skryf Pretorius 26 maal zijn en 2 maal hebben. Hebben kom voor by die volt. deelw. geko/men en aangebroóken, bv. „heef ik...naar U E. gekoomen" (p. 148). zijn kom 16 maal voor by gekoomen, 3 maal by gevlug, 2 maal elk by geworden en gegaan, en 1 maal elk by gebleeken, getrokken, gevallen, gebeurd, gebleven, gereden, gestorven, verdweenen, bv. „want die menschen zijn allen...uit den verschrikkelijken legerbrand uitgekomen" (6/6/39, p. 72), „is een kans nog altoos voor ons open gebleven" (8/4/48, p. 313), „dat niet meer

/gevallen

gevallen ben als 9 man" (12/1/49, p. 357), „er is rijkelik menschen gestorfen" (4/3/49, p. 366).

Oberholster se gebruik van zijn by hierdie ww. stem dus grotendeels ooreen met die van die ander drie behalwe dat hy zijn nie i.p.v. hebben gebruik nie.

263. Die vier skrywers gebruik dus byna konsekwent zijn by ww. wat 'n verandering van plek of toestand aandui. Alleen Trichardt gebruik soms hebben in hierdie geval. Dit lyk dus of hulle nog wel 'n gevoel gehad het vir die onderskeiding tussen zijn en hebben in die vervoeging van die mutatiewe en duratiewe ww. hoewel hul gebruik van zijn ook by duratiewe ww. aandui dat hul reeds onseker was oor die onderskeiding en doelbewus zijn geskryf het in baie gevalle.

Ook in ander stukke uit die tyd vind ons dat die onderskeiding tussen is en heb (het) as mutatief en duratief nog grotendeels volgehou word. Dr. Scholtz het gevind dat Mouront[1] en Bezuidenhout[2] nog gewoonlik die mutatiewe ww. met zijn vervoeg. Selfs in 'n voorbeeld van kleurling-Afrikaans, nl. Bonifacius se skets van die onderhoud met Hendrik Kok (1830), is die onderskeiding nog gehandhaaf in die omskrewe tydvorms.[3] Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat die vervoeging van die mutatiewe werkwoorde met zijn nog 'n kenmerk was van die sprooktaal van die Trek-periode hoewel die proses van verdringing van is deur het by hierdie ww. aan die gang was.

264. Die dubbele passiefvorm

By Trichardt kom ons die konstruksie is plus volt. deelw. plus geworden teen, bv. „Ik zij dat de grins van twee

/colonies

1) Scholtz, Mourant se Afr. (Huisgenoot, 22/8/1941, p. 61)
2) Idem, Afr. brief v. 1851 (Idem, 20/6/1941, p. 51).
3) Hienaber, Afr. tot 1860, p. xxvii.

colonies door de Swarte Natie is verinnuweerd geworden" (p. 304), „Ik merkte aanstons dat op ons enige argwaan is gestald geworden" (p. 305), „de anderen...die zoo lang soo swak gewees is dog door Gods goedheid hersteld is geworden" (p. 320). Hier is die volt. deelw. geworden grammaties onnodig om die passief uit te druk. In Afr., soos in die Ndl. spreektaal is hierdie konstruksie nie baie gebruiklik nie.

Dr. M. de Villiers gee 'n interessante beskouing hieroor : «Hoewel beide het en is deurgaan as hulpw. wat die perfek vorm, word die verbinding met het gewoonlik as onbep. of perfekterend gevoel en die met is as perfektief. Slegs die perfek van word self, nl. „het of is geword" kan as die teenhanger van het gevoel word." Die moeilikheid is dat die volt. deelw. vir 'n predikatiewe bnw. aangesien word. Alleen deur toevoeging van 'n agens of bywoord van tyd kan die verbale krag van die volt. deelw. weer gewek word.[1]

II. Die Aanvoegende Wys

265. Hierdie wys druk 'n wenslikheid of moontlikheid uit. Die Nederlandse skryftaal vervoeg die werkwoord nog om hierdie wys uit te druk, en onderskei vier tye, maar in die spreektaal is hierdie wys afgeskaf in die vervoeging van die werkwoord. In Afrikaans bestaan ook geen verbale vorme vir die uitdrukking van hierdie wys nie met uitsondering van 'n aantal vaste uitdrukkinge wat formules in die taal is.

In Triebardt se skryftaal vind ons 'n paar van hierdie formules, bv. „Gelieve als dan ons met een brief te melden" (p. 81), „gelieve het aan den bringers te geven" (p. 82). By Oberholster tref ons aan : «Moog het de voorsinighijd nu behaage" (18/10/28).

/III.

1) M. de Villiers, Sintaksis v.d. Werkw., pp. 79-80 § 44.

III. Die Gebiedende Wys

266. Om die gebiedende wys uit te druk, word in die Ndl. skryftaal die stamvorm van die werkwoord in die enkelvoud gebruik terwyl vir die meervoud die t-uitgang agter die stam gevoeg word. In die beskaafde spreektaal word die stamvorm van die werkwoord vir alle gevalle gebruik, behalwe by die voornaamwoord u waar die beleefdheidsvorm altyd 'n -t kry.[1] In Afr. word alleen die stamvorm gebruik, behalwe by die wwe. doen, gaan, alleen, staan, en zien waar die vorme op -n of -t gebruik word.

In sommige huidige Ndl. dialekte word alleen die vorm op -t by alle wwe. as imperatief gebruik.[2] In die 17de-eeuse Ndl. was daar ook heelwat onreëlmatigheid in die gebruik van die imperatiefvorme. In Vondel se tyd was die stamvorm die gewoonste. In die volkstaal het twee of meer verbonde imperatiewe meermale voorgekom waarvan die een met, die ander sonder die t-uitgang staan. Ook by die aanspreek van meerdere is die uitgangloose vorm as imperatief gebruik.[3] Soms staan die imperatief in die enkelvoud by 'n meervoudige onderwerp,[4] terwyl die meervoudsvorm meermale gebruik word as die bevel tot een persoon gerig is.[5]

Trichardt gebruik selde die gebiedende wys. Hogstens kom die stamvorm-, die vorm met -t en die infinitief almal as imperatiewe in die enkelvoud voor, bv. „Ik zij van nee maar neem dan die" (p. 73), „Trek het met de passer rond volgens de band en knip het dan rond" (p. 153); op -t : „Neef

/Jan

---

1) Rymna en Schuringa, Ndl. Spraakkunst, p. 166 § 328.
2) Overdiep, Stilistische Grams., p. 463 § 290.
3) v. Helten, Vondel's Taal II, p. 52 § 191.
4) v.d. Veen, Taaleigen v. Bredero, p. 13 § 21.
5) Idem, p. 113 § 186.

Jan, zegt aan neef Gert dat ik Pieta met de ossen steuren zal" (p. 29), „Ik zij, slaat maar kind" (p. 104), „Ik zij : prubeer doet hem kwaad" (p. 104), „zij ik vaat, ik zal Louw vragen" (p. 83); infinitief : „riep zij agter, stil houden" (p. 287), „Gaan nu maar, zij hij aan de bode" (p. 111). Die laaste vorm mag natuurlik of 'n persoonsvorm wees, of 'n infinitief. Dit is belangrik dat hy ook slaat as imperatief gebruik. Dit bevestig dat sowel die vorme op -n as op -t by hierdie ww. as persoonsvorme in gebruik was.

Pretorius gebruik 'n aantal imperatiewe in briewe wat aan die burgers onder sy bestuur gerig is. By die meervoud kom 5 maal die vorm op -t voor, bv. „waardeert het voorreg" (p. 150), „doet reg aan den verdrukte" (p. 149), „Daarom broedere...neemt U God in U E. harten" (8/4/48, p. 314), „hobt elkander hartelijk lief" (8/4/48, p. 314). Een maal gebruik hy die vorm op -t in die enkelvoud : „zied doch mijn drie zoons" (4/3/49, p. 364). Hy gebruik die stamvorm ook 12 maal in die meervoud, bv. „neem vrienden, help en werk U E. eijgen geluk en gedenk aan ons onnoosele kroos" (p. 150), „Daarom broedere...verdelik U E. reg" (8/8/48, p. 314), „wees nu met elkander getrouw...en vrees niet meer dan naam of diegene..." (8/4/48, p. 314). Die vorme met -t is waarskynlik meestal skryftaalvorme, ontleen aan Bybeltaal.

Behalwe by die ww. doen, gaan, slaan, staan en zien was die stamvorm van die ww. waarskynlik die algemene imperatief in enkelvoud en meervoud in die spreektaal van die tyd.

/Die

Die Deelwoorde

267. I. Die Onvoltooide Deelwoord

Dit omskryf 'n handeling of toestand wat voortduur, en word gevorm deur in Ndl. -de agter die infinitief te voeg en in Afr. -ende, behalwe vir die ww. doen, zien, ens. waar Afr. ook die agtervoegsel -de gebruik.

Die onvolt. deelwoord kom in Afr. selde in werkwoordelike funksie voor. Waar dit egter in hierdie funksie gebruik word, vereis die Afr. taaleie die vorm op -de in prosa, terwyl dit in Ndl. hier gewoonlik op -d uitgaan.[1]

Trichardt gebruik die onvolt. deelw. baie dikwels in werkw. funksie, bv. „een mijl anderhalf gegaan hebbende, kwam ik ..." (p. 131), „maar ziende dat zij aan lopen ging, is hij nagekomen" (p. 243), „zij hij met de vinger wijsende" (p. 172), „voer zij uit in scholt woorden en drigementen reden voerende, zij..." (p. 62).

Byvoeglik gebruik kry die onvolt. deelw. by voorplasing in Afr. -de, in Ndl. soms ook -d. Trichardt gebruik soms die onvolt. deelw. by voorplasing met die uitgang -de, - bv. „een doortrekkende mens" (p. 202), „een opdragende bult" (p. 232); maar in 'n paar gevalle op -d, bv. „en kende geen groeijent rijs" (p. 310), „zijn wakend oog op hem te houden" (p. 273). Die vorm staan kom 2 maal voor as onvolt. deelw. : „een klijne riviertje dat staan water had" (p. 276), „had wij staan water, een wijnig brak" (p. 286). By predikatiewe gebruik verloor Afr. ook die uitgang -de. - Trichardt gebruik die volgende 3 vorme : „wij moes de water en de sant graven voor ons gebruik hoewel wij voor de vee op een distantie in de rivier genoeg had dat lopend was" (p. 177); „dat daar geen beeste was wil daar hij was soekende"

/p.

---

1) T.H. Le Roux, Afr. Taalstudies, p. 74.

(p. 176). Die vorme op -d in Trichardt se taal is waarskynlik skryftaalvorme. Alleen in byw. funksie en by agterplasing in byv. funksie kom die onvolt. deelw. in Afr. op -d voor.

Oberholster gebruik die onvolt. deelw. in werkwoordelike funksie altyd op -de, bv. „Pit Du Pree, woonnende op die grens schijding" (29/4/31), „met afgrijselikke klagte daartoe strekkende dat..." (3/9/36), „kwam een bende op de opgemelde plaas...voorgevende dat se van de roggeveld kwam" (25/8/32).

Byvoeglik gebruik kom die onvolt. deelw. ook altyd met die uitgang -de,voor, bv. „di nog swervende komplet" (21/2/29), „in een vliegende haas" (16/4/29), „de daarom liggende plaatse" (11/4/29), „dri vertrouende burgers" (11/4/32); „dus sijn se nu...hier op U Ed. wachtende" (1/5/29).

By Joubert gaan die onvolt. deelw. ook altyd op -de uit. In werkwoordelike funksie, bv. „daar komende vernam ik" (13/6/28(2)), „daer ik tuijs is gekoomen mij verseekert gevoelende dat..." (11/7/39), „hun gelastende om met hare terug to trekken" (6/3/29); in bywoordelike funksie :„dat dese meijt swervende bij Jacob Pioneer in gekoomen" (9/1/36); in byvoeglike funksie, bv. „de rode vliegende springkaanen", „invloedhebbende personnen" (J 11/11/33).

By Pretorius kom die onvolt. deelw. in werkwoordelike funksie met die de-uitgang voor, bv. „een antwoord van U E. afwachtende, ben ik ..." (6/3/47, p. 122), „den toestand van sake al hier mij en onder betreffende....bekend te maken" (9/9/45, p. 91). In bywoordelike funksie kom dit op -d voor, bv. „hoe treurig en weenend bevind mij ons hier" (4/3/49, p. 363),

/maar

maar 1 maal sonder uitgang : „sodat wij vlugten het land onder het Britsche bestier heef moeten verlaaten" (8/4/48, p. 313). In byvoeglike funksie het die deelw. by voorplasing die uitgange -de of -d, bv. „soo een verkwikkende en soo een deelneemende brief" (23/7/38, p. 27), „het getal diensdoende burgers" (25/11/39, p. 98); „als een verkwikkend regen", „een huilend woestijn" (4/3/49, p. 363). In predikatiewe gebruik kom die de lw. op -d voor of sonder enige uitgang, bv. „hoe hart grievend dat het ook voor mij waart te verneemen" (23/7/38, p. 27); „is dat niet schrijen onse geliefde broeders soo op den aarde te laaten liggen" (27/4/49, p.382), „dese ontmoeting is hartgrieven..." (12/1/49, p. 352).

Dit lyk dus of die onvolt. deelw. op -de die gebruiklike vorm was in werkwoordelike funksie en in byvoeglike funksie by voorplasing maar in die ander funksies op -de en -d voorgekom het.

269. II. Die Swak Voltooide Deelwoord

In Nederlands gaan alle volt. deelwe. van swak werkwoorde op 'n dentaal (d of t) uit. In Afrikaans het die uitgang verlore gegaan behalwe in die geval van sommige wwe. waar hul in byvoeglike funksie staan, en by die wwe. waar die grondwoord in Afr. op 'n dentaal uitgaan.

Van die 1078 swak voltooide deelwoorde wat in Trichardt se Dagverhaal voorkom, het 731 of 68% die dentale uitgang. Soos by die persoonsvorme word die behoud of wegval van die dentale uitgang in 'n groot mate bepaal deur fonologiese wette.

/Van

Van die 315 swak volt. deelwo. waarvan die stam op l, m, n, r, ng of 'n diftong uitgaan, kry 309 die dentale uitgang, bv. „dat by ons vee onheil gebeurd was" (p. 219), „Ik was verwonderd dat ik hoorde dat zij de beeste gedeelt had" (p. 185); „Toen zij Albach dat zij het verdient heb" (p. 320), „die paatje van ouwe Albach geruijld heb" (p. 79); „En of hij het niet gehoor heb" (p. 37). Daar kom alleen een deelwoordsvorm voor waarvan die stam op -ng uitgaan : „haar huise is omring met 'n heijning" (p. 180). Die 9 volt. deelwo. waarvan die stam op 'n diftong uitgaan, het almal die dentale uitgang, bv. „Heb zij hem een assegaai door de bouijt gegooit" (p. 60), „Ik heb voor Annie een schoen op de leest genaaijd" (p. 75), „Ik heb een trektouw gedraaid" (p. 78), „kwam juffrouw Botha met haar dogter aangewaaijd" (p. 79).

In Afrikaans is hierdie toestand nog gedeeltelik bewaar. Volt. deelwoorde van swak werkwoorde waarvan die stam op l, m, n, r of 'n diftong uitgaan, kry in Afrikaans nog die dentale uitgang waar hul byvoeglike funksie het en as naamwoordelike deel van die gesegde optree. Ook swak volt. deelwoorde op -ng kry soms die -d. In hierdie funksie gebruik Trichardt natuurlik die vorme met die dentaal, bv. „dat hij versekerd is dat hij Rossetoe niet voorbij gaan sal" (p. 137), „dat wij betaald kan wesen" (p. 182), „die les genoemde haar ossen die byna ongeleerd was" (p. 142), „dat hij de vrouw en haar regering gerus en ongestoord laten zal" (p. 279), maar een maal kom wel 'n uitganglose vorm voor : „was hij geresolveer de bees met kaffer na te loopen" (p. 258).

Van die 763 swak volt. deelwoorde waarin die dentale uitgang in Ndl. op die stemlose konsonante f, g, k, p, s volg, het 421 of 55% die dentale uitgang en die orige 342 geen uitgang nie met uitsondering van 'n paar vorme op -en,

/bv.

bv. „men dink dat ik lang genoeg gewagt heb" (p. 278), „zij had de een hoorn afgekapt" (p. 181), „dat daar niet geplukt is" (p. 83), „een kouij van mijn die gekalft heb" (p. 51); „Heb Pieta en Carolus dekgoed aangesleep met de osse" (p. 46), „heb Pieta de tind op de wagens gemaak" (p. 69), „wat dat zij de eerste keer beloof het" (p. 233), „heb Doors voor hem uitgejaag" (p. 91).

Die getalle vir die swak volt. deelwoorde sluit die onreëlmatige werkwoorde in wat 'n dentale uitgang in die volt. deelw. neem, bv. „dat wij de bergh de eerste wagens had opgebragt" (p. 259); „de volk die daar geweest is" (p. 101).

By die wwe. waarvan die stam op f, g, k, p, s uitgaan, kom meestal sowel volt. deelwoorde met as sonder die dentale uitgang voor, bv. gemaakt (44), gemaak (35); gevraagt (32), gevraag (23); ook by die volt. deelwoorde van die onreëlmatige werkwoorde, bv. gebragt (64), gebrag (35); geweest (18), gewees (17). Dit toon dat sy gebruik van vorme met en sonder die dentale uitgang bloot willekeurig is en dat hy weinig gevoel vir die dentale uitgang na die stemlose konsonante gehad het. In sy spreektaal het die dentale uitgang na hierdie konsonante waarskynlik nie meer voorgekom nie.

By die swak voltooide deelwoorde val d by Trichardt nooit weg uit die stam van die werkwoorde soos in die meeste gevalle in Afrikaans nie, bv. „hebben zij een eijsere kierie, van de kaffers eijser een van gesmeed" (p. 88), „was daar een gerugte versprijd" (p. 99) (vgl. § 19).

'n Paar swak volt. deelwoorde kom by Trichardt met die en-uitgang voor, bv. „Heb zij nog een tijd gewagten" (p. 161), „zij hij dat zij de schaap geslagten heb" (p. 117), „heb ouwe Hans kaffer mijn om kos gevragen" (p. 155). Dit toon onsekerheid oor die agtervoeging van die uitgang en dui

/op

op die wegval van die uitgange van die volt. deelwoorde in sy taal.

Dit is opvallend dat in Trichardt se weergawe van Albach se taal die swak volt. deelwoorde almal uitgangloos is en dat die stamkonsonante uitbly in alle gevalle waar hul in Afrikaans weggeval het, bv. kavraa (p. 133), gemaak (p. 89), kevrij (p. 110), kezeg (p. 133), kebetaal (p. 89) (vgl. Aanh. B.)

Trichardt het egter nog ongetwyfeld 'n gevoel vir die dentale uitgang gehad na l, m, n, r, en 'n diftong en het dit nog wel in hierdie geval gebruik hoewel hier ook uitganglose vorme voorgekom het.

Byvoeglik gebruik, kon die swak volt. deelwoord by voorplasing by Trichardt gewoonlik op -de, te voor soos in Afr., bv. „zijn gekwetste elanden" (p. 109), „de opgemelde smids" (p. 121), „de gepasseerde nag" (p. 89). Eenmaal skryf hy 'n uitganglose vorm : „gerooster broot" (p. 317). In die enkele gevalle van agterplasing gaan die volt. deelw. op -d uit, bv. «vraag sij een hoen geroosterd" (p. 317).

Oberholster gebruik 202 swak voltooide deelwoorde, 111 met die dentale uitgang en 91 daarsonder. Die volt. deelwe. waarvan die stam op l, m, n, r, ng of 'n diftong uitgaan het in 111 gevalle die dentale uitgang en in 6 gevalle nie, bv. „dat de ganssche dustrik alhier vermeld ben" (14/2/29), „soo dra sij den pleas van gemelde Dupree sal hebbe overrompelt; vermoord en geplundert" (6/12/31); «maar ik heb hun verseker" (16/4/29), „Ik heb het noodig geoordeel" (18/11/31). Daar kom 85 swak volt. deelwe. op f, ff, k, p, s voor, almal sonder uitgang, bv. «hetwelk

/vervolg

vervolg seijn geworde" (29/10/19), „sig weder heef schuldig gemaak" (21/2/29), „heb se de mensche om kos gevraag" (25/8/31). Sy taal gehoorsaam die fonologiese wette dus in 'n groter mate as Trichardt s'n.

In byvoeglike gebruik kom die voorgeplaaste volt. deelw. by Oberholster gewoonlik op -de voor, maar ook enkele male op -t, bv. „de ingetekent vee" (15/7/28), en een maal sonder uitgang : „raporte van geroof vee" (18/5/29).

By Joubert kom 311 swak voltooide deelwoorde voor waarvan 160 wel die dentale uitgang het en 151 nie. Volt. deelwe. waarvan die stamme op l, m, n, r, ng of 'n diftong uitgaan, kom 150 maal met die dentale uitgang voor en 3 maal daarsonder, bv. „heef ik van hem niet meer gehoort" (12/9/35), „die heef hem verhaalt" (6/3/29), „dat sij hun verhuurt heb" (J 24/11/38); „sij word van niemant verhinder" (4/3/29). Daar kom 10 volt. deelwe. voor met die dentale uitgang na f, g, k, p, s en 148 sonder uitgang, bv. „dat badenhore hun beloof heb" (J 12/11/38), „voordat hij...gelas wort" (24/3/28), „die van mijn 70 schapen om hals gebrag heef" (26/1/29); „dan ik verwagt had" (J 7/11/38), „waarom Vlink gedrost is" (26/1/29). Sy gebruik is dus ook in ooreenstemming met Trichardt s'n.

Byvoeglik gebruik, kom die volt. deelw. by voorplasing op -de of -d voor, bv. „de gelisentsieerde persoonen" (12/9/31), „gemelde os" (28/7/28); „de arme vereneweerd menschen" (11/7/38), „onse geeert gouverment" (22/8/31).

/Pretorius

Pretorius skryf 77 swak volt. deelwe. met die dentale uitgang en 8 daarsonder. Van 73 vorme waarvan die stam op l, m, n, r, ng of 'n diftong uitgaan, het 67 die dentale uitgang en 16 geen uitgang nie, bv. „zoo wenscht ik...dat sulks aan mij toegerekend sal worden" (27/9/39), „die mijne swager Vorster van haare ouders hebt gehuurt" (9/9/45, p. 191), „Is het geen harde saak verjaag te zijn en verstrooijd van mijne maagschap" (12/1/49, p. 354); „de omstandighede waarin wij gedompel waar" (Aug. 1945, p. 190), „aan ons is toevertrouw" (p. 149). Daar kom 20 volt. deelw. met die dentale uitgang na f, g, k, p, s en 62 sonder -t, d voor, bv. „daar ik mij...vervoert heb" (9/9/45, p. 191), „onze land...is so verpest met wilde volkstammen" (4/3/49, p. 363); „hier worden mij verdruk en verjaag" (26/1/48, p. 297), „ik heef te vergeefs...getras" (26/1/48, p. 297). Twee swak volt. deelwe. het die on-uitgang : „Waar U L. ons het ontmoeten" (4/3/49, p. 363), „die den Luijd. Gouverneur met alle onmenschelijke kwaad gesindheid hebben bemoeijijen" (12/1/49, p. 353).

TABEL VAN SWAK VOLTOOIDE DEELWOORDVORME

	Trichardt	Oberholster	Joubert	Pretorius
Het stam op f,g, k,p,s: met t, d	421	0	10	20
sonder t, d	342	85	149	62
Het stam op l,m, n,r,ng of diftong met t, d	309	111	150	57
sonder t, d	6	6	3	16

Daar bestaan dus 'n groot mate van ooreenkoms tussen die taal van die vier skrywers ten opsigte van die swak voltooide deelwoordsvorm.

/Trichardt

Trichardt gebruik wel nog dikwels die deelwoord met die dentale uitgang na f, g, k, p, s, maar dit is aan Ndl. invloed toe te skrywe. Oberholster se gebruik bewys dat die t- na die stemlose konsonante reeds weggeval het. Die oorwegende gebruik van die dentale uitgang na die stemhebbende konsonante en die diftong by al die skrywers dui daarop dat die dentale uitgang in hierdie gevalle nog in gebruik was ook waar die volt. deelw. in verbinding met 'n hulpwerkwoord as deel van 'n samegestelde tydsvorm optree.

269. In Joh. Duminy se Dagboek is die dentale uitgang ook altyd na l, m, n, r behou (22 maal). By die volt. deelwe. van swak wwe. la t sy in 19 uit 25 gevalle die uitgang weg na f, g, k, p, s, hoewel sy by die volt. deelwe. van onregelmatige wwe. uit 43 gevalle met een uitsondering altyd die slot -t na 'n stemlose konsonant skryf.[1] Die toestand is wat ons soek vermag met die oog op die toestand in die taal van Trichardt en sy tydgenote.

Dr. Scholtz het gevind dat Meurant in sy stukke in die „Grensblad" reeds by net 6 uit 41 wwe. waarvan die stam op 'n nasaal of liquida uitgaan die slot -d of -t skryf, en in 2 uit 6 wwe. waarvan die stam op 'n diftong eindig.[2] Sy gebruik van swak volt. deelwoordevorme toon dus 'n groot ontwikkeling op dié van Trichardt en sy tydgenote. Moontlik het daar nog individuele verskille in die spreektaal bestaan. Die getuienis vir 'n mate van gevoel vir die dentale uitgang na die stemhebbende konsonante en die diftong by verbaal gebruikte swak volt. deelwoorde by Trichardt en sy tydgenote is vir my te sterk om te verwerp.

/III.

---

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, p. 69.
2) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22/8/1941, p. 61).

270. III. Die sterk voltooide deelwoord

Die voltooide deelwoorde van sterk werkwoorde eindig in Ndl. op -en, bv. gegeven, geroepen; party klasse van sterk wwe. in Ndl. het ook 'n ander vokaal in die deelwoord as in die infinitief, bv. gebeten, genomen. In Afrikaans het die verbaal gebruikte voltooide deelwoord geen uitgang nie en dieselfde vokaal as die infinitief.

Van die 1143 volt. deelwo. van sterk wwe. wat in Trichardt se Dagboek voorkom, het alleen 30 'n afwykende vorm. Daar kom 21 uit onglose vorme voor, nl. geloop 4 maal, bv. „De morgen was een van de kouijen...terug geloon" (p. 121); gevang 4 maal, bv. „had de leuw die nagt een kouij gevang" (p. 23); geroop (2), bv. „Heb Carolus de menschen bij elkonder geroep" (p. 154); gekom (2), bv. „dat van Hopelie zijn kaffers na Mosaetoe gekom is" (p. 42); geslaap (1), „daer wij de nagt geslaap had" (p. 56); gefreet (1): „Die gaten was bijna door gefreet" (p. 93); gehoud (1): „Daerop heef Jan de Boeseman vast gehoud" (p. 169); gelee (1): „Die houd had al zijn tijd gelee" (p. 79). Gelee is waarskynlik die volt. deelw. van leen en dat hy nie meer van ligten onderskei nie. Die origo uitgangslose deelwoorde het ook die klinkerwisseling verloor: „Hebben zij dat alles weer verholp" (p. 136), „Doorn het twee schoten die geschiet" (p. 111), „hij heb zijn bijlen nog niet geslijp" (p. 122), „als de vee gezuipt heb" (p. 200), „dat zij in de rivier op Louw Albrech zijn schoot gezit heb" (p. 102).

By twee sterk wwe. met gemengde-vervoeging het die d van die stam oorgegaan tot t en is die en-uitgang deur die dentale uitgang vervang: „had Jan gelastijd" (p. 141), „Hij had voo een lekker stuk pampoen gebrastijd" (p. 136). Ook by lachen kom 'n volt. deelw. met die dentale uitgang voor: „dat zij on haar gelaat heb" (p. 62).

/By

By die werkwoord verliezen gebruik Trichardt ongewone volt. deelwo. Hoe 2 maal verloren skryf hy een maal verloord : „tien schapen die kalos de vorige dag verloord had" (p. 143). Hiervan kon ons aflei dat verloor die gewone vorm was. Hy skryf egter ook 2 maal verlios : „dat hij niets verlios heb" (p. 187), „daer hij niets verlios heb" (p. 193). Dit bewys sy volkome onsekerheid oor die Ndl. voltooide deelwoordsvorm. Verlios het hy waarskynlik gebruik in 'n poging om Ndl. te skryf en dit is 'n moontlike aanduiding dat verloor reeds die persoonsvorm van die teenw. tyd in sy taal was.

Net 1 maal gebruik hy 'n vorm met die uitgang maar sonder klinkerwisseling : „Pieta heef haar wagen gedrijwen" (p. 141).

Met drie verbaal gebruikte volt. deelwo. op -e kom voor, bv. „toen de elaand afgeslagt en opgesnede was" (p. 199).

By slaan gebruik Trichardt gewoonlik die Ndl. vorm geslagen bv. „dat de Klijn noijen hem geslagen heb" (p.107), maar 1 maal gesla : „dat hy hier agter de Bergh twee keer volk van hem doot gesla heb" (p. 90). Geslaan kom nie voor nie. Hy skryf ook altyd gedaan, nooit Afr. gedoen nie : „heb hij een schoot na gedaan" (p. 97). Changuion meld dat in daardie tyd gedoene en geslaan gebruiklik was.[1] Trichardt staan dus blykbaar onder Ndl. invloed. Gedaan word egter nog in Afr. gebruik.

Die volgende syfers gee 'n beter beeld van die mate waarin Trichardt se volt. deelwo. van Ndl. afwyk : gekomen (100), gekon (2); geschoten (78), geschiet (1); gevangen (21), gevang (4); gelopen (19), geloop (4); geholpen (7), verhelp (1); geroepen (4), geroep (2); gezeten (3),

/gezit

1) Changuion, De Nederduitsche Taal, p. 121.

gezit (1); gehouden (4), gehoud (1); geladen (2), gelaaid (1); verloren (8), verlies (2), verloord (1); geslapen (1), geslaap (1); gevreten (8), gefreet (1); gelegen (1), geleg (1). Naas die afwykende vorme gezuipt, geslijp, gebraaid en gelaa. kom by die wwe. geen korrekte vorme voor nie. Die mate van afwyking is dus gering maar veelseggend. In sy spreektaal het hy die volt. deelw. waarskynlik reeds dikwels of gewoonlik gevorm alleen deur ge- voor die stam te voeg. Ek is egter nie van mening dat die toestand in sy spreektaal reeds met Afrikaans doreengestem het nie. Veral die mate waarin hy die volt. deelwe. met klinkerwisseling korrek gebruik, is vir my 'n bewys dat hy altans sommige van die vorms nog in sy spreektaal geken het.

In Albach se taal kom die verbaal gebruikte volt. deelwe. altyd sonder uitgang voor, bv. keloop (p. 110), gekom (p. 133), karoep (p. 133), geloop (p. 134). Die enigste vorm met klinkerwisseling is : kedaen (p. 169). Die stamkonsonant bly ook uit waar dit in Afr. weggeval het, bv. kekrij (p. 110) (vgl. Aanhangsel B.)

Byvoeglik gebruik, kom die volt. deelw. by Trichardt by voorplasing 3 maal op -en voor, bv. „een naas aan gelegen plaas" (p. 137), 4 maal op -e, bv. „de wegeloope vrouw" (p. 35), „een ingespanne span osse" (p. 216), en 1 maal op -ene : „overleedene Gert Schepers" (p. 106). In hierdie funksie kom in Afr. nog 'n aantal vorme met klinkerwisseling in geykte uitdrukkinge voor, gewoonlik in oordragtelike betekenis, bv. 'n Gebroke man.

Van die 236 sterk volt. deelwe. wat Oberholster gebruik, gaan 221 uit op -e, 6 op -en en 9 is uitgangloos, bv. „Oberholser heb ook...over het stuk

/grond

grond gesprooke" (11/4/31), „waterboer is nog niet te voorskijn gecome" (19/12/32), „dat hij de rapord... had ondvange" (15/3/29); «ik heb mijn...begeven" (28/7/29), „sijn de bende vertrokken" (25/8/32). Sommige van die uitgangloose vorme vertoon die klinkerwisseling, bv. „daar het gebleck is..." (21/2/29), ander nie, bv. „waardoor bloedvergite sou kunne worde vermijd (20/5/36). In een geval het die slotkonsonant van die stam soos in Afr. weggeval : „de heer heb...ruijn voor 6 maande aan mijn kennis gegee" (11/4/31). By verloren gebruik hy alleen verlies as deelw. (2 maal), bv. „in heb veel van hune vee verlies" (7/4/28). Oberholster toon dus ook nog 'n sterk neiging om die uitgang en klinke wisseling te gebruik.

Joubert gebruik 310 sterk volt. deelwe. waarvan 307 die en-uitgang het, bv. „heef hij een distansie voortgetrokken" (28/7/28), „wanneer hij geroepen wort" (26/5/34), «dat sij bokken in het veld heef geteelen" (10/5/36). Net in 3 gevalle het die klinkerwisseling uitgebly, bv. „heb ik gister stof door gesendon" (19/11/31), „de moeder is...overlijden" (2?/1/29). Een uitgangloose vorm vertoon die klinkerwisseling : „ik heef geen woord van water of brandewijn geschree" (geskreven) (11/7/34). Hier het die stamkonsonant in stryd met Afr. weggeval. Een vorm vertoon oorgang van d tot t en die dentale uitgang i.p.v. -en : „ik heef hem gereaiit sulkete ondersoeken" 04/8/29).

Soos Trichardt en Oberholster se taal toon Joubert se gebruik van die sterk volt. deelwe. 'n afwyking van Nederlands.

/Pretorius

Pretorius gebruik 120 sterk volt. deelwe. waarvan 116 in die korrekte Ndl. vorm staan. Die *en*-uitgang kom by 117 van hul voor, bv. "welk ik *gevangen* heef" (Aug. 1847, p. 279), „daar ik verseg ben *geworden*" (8/6/38, p. 26), „heef *verlooren*" (12/1/49, p. 353). Drie vorme is uitgangloos :„die ons...heef *verdreef*" (26/1/48, p. 298), „die ik...*ondvang* heef" (12/2/47, p. 256), „dat een eijder *uijdgeroep* heef" (24/2/39, p. 51).

Byvoeglik gebruik, kom by voorplasing vorme op *-en* en *-e* voor, bv. „*gestolen* goed" (2/7/47, p. 277), „*bedroven* kwaad" (12/1/49, p. 353); „den *verloore* soon" (8/4/48, p. 314), en selfs op *-ene* :„*gekoosene* Comisarissen" (5/4/42), „de *aangebodene* vee" (25/11/39, p. 98). Soos die ander drie skrywers, gebruik Pretorius dus die sterk volt. deelwe. byna altyd in coreenstemming met Ndl.

TABEL VAN STERK VOLTOOIDE DEELWOORDSVORME

	Trichardt	Oberholster	Joubert	Pretorius
Getal vorme	1143	2.6	310	120
Getal korrekte Ndl. vorme	1113	225	304	116
Vorme met uitgang *-en*	1114	6	307	116
Vorme met uitgang *-e*	3	221	0	
Vorme sonder uitgang	21	9	3	3
Vorme sonder klinkerwisseling	10	5	4	1

Daar is dus 'n besondere mate van coreenkoms tussen die taalgebruik van Trichardt en sy drie tydgenote ten opsigte van die volt. deelwoordsvorme van sterk werkwoorde. Hulle gebruik gee die indruk dat die Ndl. vorme nog algemeen in gebruik was hoewel die uitgang en vokselwisseling reeds aan die verdwyn was.

/J. Duminy

271. J. Duminy skryf aan die einde van die 18de eeu feitlik sonder uitsondering die sterk volt. deelwoorde in ooreenstemming met Ndl.[1] Dr. Scholtz het egter gevind dat ongeveer vyftig jaar later die uitgang en vokaalwisseling reeds grotendeels verdwyn het uit die taal van Bezuidenhout en Meurant. Bezuidenhout skryf 22 vorme sonder uitgang, 2 met -e en 6 met -en. By 'n paar wwe. kom die vokaalwisseling nog voor.[2] Meurant gebruik 'n paar vorme op -en : aangenomen, geworden, uitgeschelden, geskreven, wat dr. Scholtz beskou as blykbaar onder Ndl. invloed geskryf. By ander wwe. ontbreek die vokaalwisseling, bv. gegoe, gekrij, gegeef, gehou. Naas enkele vorme op -e kom 26 uitganglose vorme voor.[3] Dit lyk dus waarskynlik dat Trichardt en sy tydgenote sterk onder Ndl. invloed in die gebruik van die sterk volt. deelwe. staan. Dit is egter onaanneemlik dat al vier toevallig in hierdie opsig so sterk deur die Ndl. skryftaal beïnvloed is. Hoewel ek aanneem dat hul taal wel Ndl. invloed ondergaan het en dat in hul spreektaal veel meer uitganglose vorme, asook vorme sonder vokaalwisseling sou voorgekom het as in hul skryftaal, meen ek dat die sterk volt. deelwe. in hul spreektaal nog lank nie die uitgang en die vokaalwisseling in alle gevalle verloor het nie.

272. IV. Die Infinitief

Waar die infinitiefvorm in Nederlands gevorm word deur -en agter die werkwoordstam te voeg, het die infinitief in Afr. geen uitgang nie, uitgesonderd die saamgetrokke eenlettergrepige infinitiewe gaan, slaan, staan, zien (sien) en doen wat in sowel Ndl. as Afr. bestaan. Soos by die

/ander

1) A.J. du Villiers, J. Duminy se Taal, p. 70.
2) Scholtz, Afr. Brief v. 1951 (Huisgenoot, 20/6/1941, p. 51).
3) Idem, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22/8/1941, p. 61.)

onder verbale vorme wat in Ndl. die en-uitgang neem, word in die Ndl. spreektaal die slot -n van die uitgang nie uitgesproek nie.

Trichardt skryf 2649 infinitiefvorme met die en-uitgang, 180 met -e en 50 sonder uitgang. Op -en, bv. „dat ik seker steuren zal" (p. 252), „dat wij staan moet blijven" (p. 164), „dat hij met ouwe Botha goed het willen praaten" (p. 112); op -e : „Heb Doors Gabriel laate roepen" (p. 46), „is bij Maseouw twee beeste blijve staan" (p. 32). Van die 50 sonder uitgang kom 20 voor in verbinding met modale hulpwerkwoorde, bv. „maar hij wouw niet kom" (p. 264), „Ik vraagte hem waar ik nu langs trek moet" (p. 271), „Ik moes die dag voor Jeremie veldschoenen maak" (p. 114), „dat ouwe Hendrik nog niet zijn dingetjies wil laat staan" (p. 205), „dat hij het niet ontken kon" (p. 94), „Ik zij aan de ouwe dat hij het niet zog moed" (p. 61). In 21 gevalle kom die uitganglose vorm in 'n samegestelde tydvorm voor waar dit 'n volt. deelw. voor 'n volgende infinitief vervang, bv. „Heb Moseotoe zijn vrouwe laat haalen" (p. 18), „die kaffer die kom seggen is" (p. 108), „overmits ek de paarde laat halen heb" (p. 89), en 2 maal in die akkusatief-en-infinitief-konstruksie, bv. „de avond hoorde mij de donder seer ver druis" (p. 141). Sewe maal kom die uitganglose vorm voor na 'n voorsetsel, bv. „Heef Kaalkop beloof Poemlana te breng" (p. 11), „zonder met hem onige twistreden te zoek" (p. 44), „Sekiti is meegegaan om de slagvee te bring" (p. 140), „ging het aan regen" (p. 220).

Die uitganglose vorme kom dus oor die hele gebied van die infinitief voor. Hoewel hul minder as 8% van die totale aantal infinitiefvorme uitmaak, dui hul op 'n

/uitgebreider

uitgebreider gebruik van die uitgangloose vorm in sy spreektaal.

Trichardt se veelvuldige gebruik van infinitiefvorme met die uitgang -e lewer 'n vraagteken op daar hul nie die Ndl. skryftaalvorme is nie maar die spreektaalvorme en dus ook uit Trichardt se spreektaal mag spruit. Dit is opvallend dat 94 van die 180 vorme op -e na hebben of zijn en voor 'n volgende infinitief voorkom, d.w.s. waar die infinitief die volt. deelw. vervang, bv. „Heb ik hem laete weeten" (p. 37), „heb ik een seeke kouij laete slagten" (p. 46), „en twee beente van Hnd. Botha en Juffrow Schepers is en dourelag blijve ligen" (p. 46), „Ik heb zitte wagten" (p. 204), „heef ik u al leere kennen" (p. 162), „Wij heb veel moete sukkelen" (p. 142). Blykbaar was sy gevoel vir die Ndl. infinitiefvorm die sterkste voor 'n ander infinitief volg. Van die orige 86 vorme op -e kom 59 ook voor waar hul onmiddellik voor 'n ander infinitief staan en op 'n modale hulpww., of op te of om te volg, bv. „kon ik de schapen niet laete vreten" (p. 234), „wij de vrouwen en de man zal laete gaan" (p. 264), „bij Uwed. te kunne komen" (p. 61). Dit is opvallend dat net in 3 gevalle die tweede infinitief op -e en nie op -en uitgaan nie.

Dit is belangrik dat die hulpww. wat verreweg die meeste na 'n hulpww. of voorn. en onmiddellik voor 'n ander infinitief voorkom, nl. laten, in die dagverhaal altesaam 41 maal met die en-uitgang voorkom, 127 maal op -e en 20 maal sonder uitgang. Van die uitgangloose vorme kom 15 voor waar die infinitief 'n volt. deelw. vervang en die ander 5 na modale hulpwwe. en voor 'n volgende infinitief. Daarteenoor gebruik hy in hierdie gevalle 4 maal so veel die vorm laete. Waar die infinitief in hierdie gevalle voorkom,

/was

was sy gevoel vir die Ndl. vorm blykbaar die swakste en gebruik hy hier vorme uit sy spreektaal.

Infinitiefvorme met die uitgange -en of -e kom ook voor by die twe. doen, gaan, slaan, staan en zien waar dit natuurlik oorbodig is. Trichardt skryf 5 maal doenen, 3 maal zienen, en slaanen en gaanen elk 2 maal, bv. „dat hij als ik weg is haar geen kwaad doenen moet" (p. 279), „ik selfs na hem toe gaanen zal" (p. 60), „dat zij mij zeer graag zienen wel" (p. 116), „dat zij hem de kop inslaanen zal" (p. 45). Daarnaas gebruik hy ook 5 vorme op -e by doen en gaan, bv. „dat Sekonna het doenne zal" (p. 40), „dat hij het niet doene moet" (p. 92), „Jan is verder gaune jagten" (p. 98). Oënskynlik is hierdie vorme na analogie van die infinitiefvorme van die ander twe. geskryf en toon dit 'n doelbewuste poging van Trichardt om die uitgang by alle twe. te skryf, hoewel hy die uitgang in sy spreektaal nie meer geken het nie. Changuion verklaar egter dat in die Kaapse taaleie in die veertiger jare van die 19de eeu die vorme doene, gane, ziene in gebruik was.[1] Die vorme op -e spruit dus moontlik uit sy spreektaal en dit maak dit waarskynlik dat by die ander twe. ook nog vorme op -e gebruiklik was, hoewel Changuion t.a.p. melding maak van die weglaat van die uitgang in die onbepaalde wys as 'n kenmerk van die Kaapse taaleie.[2]

Opm. Die gebruik van die e(n)-uitgang by die twe. doen, gaan, slaan, ens. in die infinitief kom ook in Ndl. voor, reeds van die 17de eeu af.[3]

/Trichardt

---

1) Changuion, De Nederduitsche Taal, p. 121.
2) Idem, p. 23.
3) Vgl. Beuth, Taalk. Aantekeningen, p. 72 § 117; v. Maasen, Het Leven der Taal, p. 100.

Trichardt gebruik in 'n paar gevalle ook vorme op -t in die infinitief, bv. „Ik zij dat wij die middelrug opgaan zal en ziet hoedanig die is" (p. 227), „Ik zij dat ik gaan zal en ziet waar de spoor na toe gaet" (p. 254), „en hij zal ook in zijn huis gaat" (p. 49), „wou ik uit gaat" (p. 48). Die verwyderings van die infinitief van die hulpww. veral in die eerste twee voorbeelde waar hul nog verder deur 'n voegwoord geskei is, mag tot gevolg gehad het dat Trichardt die persoonsvorm i.p.v. die infinitiefvorm gebruik het. Hierdie gevalle bevestig blykbaar dat die vorme op -t by hierdie ww. gebruikliker as persoonsvorme was as die op -n. Changuion meld die gebruik van gaat as infinitief in die Kaapse taaleie van die tyd, wat hy as 'n Hottentotisme bestempel.[1] Moontlik is dit toe te skrywe aan 'n uitbreiding tot die infinitief van die verwarring wat daar by die persoonsvorme van hierdie ww. bestaan het.

Intervokaliese d val by Trichardt in 'n aantal gevalle in die infinitief weg, nl. 3 maal rijen teenoor 40 maal rijden, 3 maal lijen teenoor 1 maal lijden, 3 maal snijen teenoor 8 maal snijden, 3 maal brijen teenoor 1 maal berijden, en glijen en strijen elk 1 maal. Naas bevijden (1) en beduiden (3) kom die vorm sonder d nie voor nie. Oorgang van d tot j kom voor in loojen (3), rajen en brojen, en van d tot w in houwen (1) naas 20 maal houden (vgl. §§ 19, 21). In die infinitiewe kom die wegval van intervokaliese g en v nie voor nie (vgl. §§ 43, 33).

By hebben kom die Afr. infinitiefvorme het en hê nie voor nie. Hê is in Afr. die infinitiefvorm van die

/selfstandige

---

1) Changuion, De Nederduitsche Taal, p. 122 (2e).

selfstandige ww. en het van die hulpww. Trichardt gebruik in alle gevalle die vorm hebben, bv. „Als gij mijn hebben wou, moes gij de haan niet mede gebrag hebben" (p. 113), „hij de reg moet hebben" (p. 193), „heb wij na onse vroegstuk genomen te hebben, ingespannen en na huis gereden" (p. 57), „moes gij het in mijn presint uitgemaakt hebben" (p. 152).

Die infinitief wezen kom 88 maal voor naas 8 maal zijn, bv. „ook ik zij dat ken meschien zijn hele draai weesen" (p. 171), „dat wij betaald kan wesen" (p. 182). Zijn kom uitsluitlik voor as hulpww. by die mutatiewe wwe., bv. „vraag ik de morgen aan Sekoer wat dat voor honden mag gewees zijn" (p. 113). In Afr. bestaan alleen die infinitief wees sodat Trichardt se taal in hierdie opsig reeds baie na aan Afrikaans staan.

Oberholster skryf die infinitief in 395 uit 406 gevalle op -e en in ses gevalle met -en, bv. „heb ik...de ingesetene van gemelde distrik laatte trekke" (15/7/28), „dat hele vamilis op weg sou moete blijve" (23/9/28), „met het wegrove in vernile hunner vee in tuijne" (14/2/29), „geen os of paard daar men een reijediens sou kunne vorderen" (15/7/28); „kon het mensch door hem niet beweesen worden" (12/2/28), „moed ik seggen" (21/4/27). Het 5 uitganglose vorme kom voor, bv. „wij ken ten eennemaal nit doortrek" (Okt. 1828), „ik wil hir niet aan twijvel" (29/11/31), „uijt dese ellend verlos te word" (24/10/29).

By die wwe. doen, gaan en zien kom 32 tweelettergrepige vorme op -e voor, bv. „sal ik met alle spoed tragte aan deselfde te voldoene" (4/3/49), „dat ik soo te segge niet gaane ken" (6/12/31), „ hun met

/vee

wee te voorsine" (15/7/28), «een noukeurig ondersoek te doene" (21/3/28(2)). By Oberholster tref ons dus dieselfde verskynsel as by Trichardt aan.

Soos Trichardt gebruik hy alleen die vorm hebben) as infinitief, bv. «ig sou vertoond hebbe" (15/11/31), «ouw geklaeg hebben" (12/2/28). Nase 25 maal seijn skryf hy 23 maal wese, bv. «ik moet bekenne wat voorbarig te seijn" (28/8/24), «hetwelk...gans uit raadsaam sou seijn" (19/12/32); «wat sou het voor ons een vreugde weese" (24/10/29), «om op manndag persand te weese" (9/8/25).

Uit 466 infinitiewe skryf Joubert 436 op -en, 17 op -e en 13 sonder uitgang, bv. op -en : «om te vernemen" (25/5/32), «en daar sal blijven" (J 24/11/30), «ik moet u versoeken om my spoedig te schrijven" (25/9/29(2)); op -e : «die ik van Hans Spies heb laate maaken" (14/3/29), «mijn te laate weeten" (J 23/11/30), «de passen ken bij hem blijve liggen" (27/11/34). Soos in die reël by Trichardt, gebruik Joubert die vorme met -e alleen voor 'n volgende infinitief en is dit veral die w.s. laten wat met -e voorkom.

Van die 13 uitganglose vorme kom 11 in samegestelde tydvorme onmiddellik voor 'n ander infinitief voor en hoofsaaklik na modale hulpwerkwoorde, bv. «at hij het kind ken laat afhaalen" (24/3/28(2)), «sal ik de man uijt mijn sak moet betaalen" (14/3/29), «at u mijn niet sal ken afloosen" (23/8/30), «moet ik van avond beijn te schrijven" (23/8/33); maar ook na die hulpww. hebben, bv. «at Kruger...Dom Kok alreets heef laat roepen" (14/8/29). Twee maal kom die uitganglose

/vorm

vorm voor na die voorsetsel te en voor 'n ander infinitief : „dink ik omstandig raport te ken doen" (13/10/34), „sonder hem te ken bewysen" (25/5/32). Joubert se gebruik bevestig dus blykbaar wat Trichardt se gebruik laat vermoed het, nl. dat die gevoel vir die Ndl. infinitiefvorm die swakste was waar daar onmiddellik 'n ander infinitief volg.

Joubert gebruik ook alleen hebben as infinitiefvorm, en zijn 30 maal teenoor 25 maal wesen.

Pretorius skryf 316 infinitiefvorme op -en, 10 op -e en 6 sonder uitgang, bv. op -en : „waarmede sullen wij den armen land ten verdedigen" (10/4/39, p. 63), „elk veldcornet zal al zijn manschappen doen opzadelen" (20/1/40, p. 100), „sult w.j niet kunnen gedoogen" (13/8/42, p. 140); op -e : „was ik verpligt deze aen te roere" (4/3/49, p. 365), „waerin sij beloof uwe dierbaare en vreaije gebeeden nooijd voor hun te laate ophouden" (23/7/38, p. 27). Die 6 uitganglose vorme kom in verskillende funksies voor, bv. „wilt gij ons met U E. mag bedrijf" (10/4/39, p. 63), „Ik hoopt gij sult U.E. in den handelwijs van Dingaan kan spiegelen" (15/3/40, p. 105), „aen mij toe te ken" (12/2/47, p. 257).

In 7 gevalle gebruik hy persoonsvorme in die infinitief, bv. „of sult gij U E. dierbaar kinderen daarin wilt bringen" (8/4/40, p. 314), „ik soude nog veel konde seggen" (8/4/40, p. 315), „de uiterste nood kan ons daertoe niet noopte" (4/3/49, p. 365).

Naas verliesen gebruik hy ook verlooren as infinitief, bv. „mooten verliesen, uijdgesondert te sijn en ten onreg alle eijgendom te verlooren is onoverkoomelijk" (12/1/40), „en alles te verlooren"

/(Aug.

(Aug. 1845, p. 190). Dit bewys blykbaar dat verloor die gewone persoonsvorm van die teenw. tyd in die spreektaal moet gewees het.

By Trichardt se drie tydgenote val intervokaliese d, g en v nooit weg in die infinitief nie (vgl. §§ 19, 21, 43, 53).

TABEL VAN INFINITIEFVORME

	Trichardt	Oberholster	Joubert	Pretorius
Vorme op -en	2049	6	436	516
" " -e	180	335	17	10
Vorme sonder uitgang	50	5	13	0
Vorme met 'n ander uitgang	4		-	7
Vorme met oorbodige uitgang -e(n)	17	32		

273. Al vier skrywers gebruik dus nog in die reël die infinitiefvorm met 'n uitgang hoewel uitgangloose vorme ook voorkom, veral by Trichardt. Die feit dat Oberholster in die reël -e skryf en nie die skryftaalvorm -en nie, en die ooreenkoms tussen Trichardt en Joubert se gebruik van die vorme op -e, nl. gewoonlik onmiddellik voor 'n volgende infinitief, dui daarop dat hul die infinitiefuitgang nog in hul spreektaal geken het hoewel uitgangloose vorme daarin waarskynlik baie meer algemeen was as wat hul skryftaal te kenne gee.

274. In Joh. Duminy se taal kom net 1 uitgangloose vorm voor uit ongeveer 40% infinitiefvorme waarvan ongeveer 30% alleen die e-uitgang het. Interessant is dat in 'n dubbele infinitief die eerste gewoonlik op -e uitgaan en die tweede op -en, wat herinner aan Trichardt en Joubert se gebruik van die vorme op -e.[1] In die „Lied ter Eere van de Zwellendamsche ...Helden..." van 1795 is die infinitiefvorm ook nog meestal

/Nederlands

1) A.J. de Villiers, J. Duminy se Taal, pp. 72-4.

Nederlands.[1] In latere Afrikaanse stukke kry ons ook nog veelvuldige gebruik van die Ndl. infinitiefvorm. So byvoorbeeld is die infinitief op -e(n) konsekwent gebruik in die brief van Jan Hennepikker („De Verzamelaar", 9 Sept. 1826).[2] Dr. Scholtz het egter gevind dat in die taal van Meurant en Bezuidenhout die uitgang van die infinitief reeds grotendeels verdwyn het. Tyna 80% van die talryke infinitiewe wat in Meurant se stukke in die „Grensblad" voorkom, is uitgangloos. Die res kom byna almal op -e voor. Hy skryf ook reeds vorme soos blij, krij en kla.[3] Bezuidenhout skryf 47 uit 67 infinitiewe sonder uitgang, 9 met die e-uitgang en 11 met die volle uitgang.[4] Dr. Scholtz meen dat Bezuidenhout selde 'n infinitiefvorm met 'n uitgang gebruik het. Om hierna te oordeel, moet die uitgang by Trichardt ook reeds in die reël uitgeblyf het. Ek glo dit egter nie. Die feit dat Afr. nog die uitgang in 'n aantal gevalle bewaar het, veral na te, afgesien van vorme soos skryve, dryve, skuive, ens. wat ook as pe noonsvorme optree, toon dat die uitgang laat uit Afr. verdwyn het. In die sprooktaal van ouer mense het tot onlangs nog baie meer infinitiewe met 'n uitgang as in huidige Afr. ook voorgekom. Die getuienis van geskrewe stukke tot ongeveer 1840 oortuig my dat hoeveel uitganglose vorme reeds dikwels voorgekom het, die infinitief met die e-uitgang teen die tyd van die Trek nog gebruiklik was in die sprooktaal.

By die ww. hebben was die infinitief blykbaar nog hebbe of hewwe, 'n vorm wat Toenstra vermeld.[5] Meurant en Bezuidenhout skryf ook nog gewoonlik hebbe(n).

/Dat

---

1) Nienaber, Afr. tot 1800, p. x.
2) P.V., 6, p. 6.
3) Scholtz, Meurant se Afr.(Huisgenoot, 20/6/1941, p. 51).
4) Idem, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 20/6/1941, p. 51).
5) P.V., 6, p. 5.

Wat betref die wwe. waarvan die stam op g of v uitgaan, het vorme soos sê, gee, vra eers laat ontwikkel. Blij, krij en klg kom by Heurant reeds in die infinitief voor,[1] maar nie in ouer stukke sover ek weet nie; met uitsondering van Albach se kroonhollands waarin krij, zee (sê) en lie in die infinitief voorkom (vgl. Aanh. B.).

275. Oorsig van die Werkwoordelike Vormleer

Die werkwoordelike vormleer van die taal van Trichardt en sy tydgenote toon nog 'n paar belangrike Ndl. kenmerke. Die belangrikste is die behoud van die ablaut, die verlies waarvan beskou word as een van die belangrikste kenmerke wat Afrikaans van Nederlands onderskei. In sowel die imperfectum as die sterk volt. deelwoord kom alleen enkele gevalle voor waar die vokaalwisseling uitgebly het in die taal van die vier skrywers. Dit is duidelik dat die sterk vorme een die verster was maar by 'n hele aantal werkwoorde moet die vorme met vokaalwisseling nog lewendig gewees het in die spreektaal.

Al vier skrywers gebruik nog dikwels die imperfectum by sowel sterk as swak werkwoord en die mate waarin hul dit korrek gebruik,dui daarop dat hulle dit nog in hul spreektaal geken het, hoewel die uitgebreide gebruik van die historiese praesens en die feit dat Trichardt die twee tydsvorme sonder onderskeid naas mekaar in dieselfde sin gebruik daarop dui dat gevoel vir die imperfectum as die tydsvorm vir die uitdrukking van die onvolt. verlede t.d reeds verswak was.

276. 'n Ander Ndl. kenmerk van die taal van al vier skrywers is die byna konsekwente verwoeging van die mutatiewe werkwoorde met zijn. Alleen Trichardt verwoeg hierdie wwe. in

/'n

---

1) Scholtz, Heurant se Afr. (Huisgenoot, 20/6/1941, p. 51).

'n paar gevalle met hebben. Die feit dat die meeste van die skrywers ook soms die wwe. van beweging met zijn vervoeg waar alleen 'n duratiewe handeling omskrywe word, dui op die bewuste gebruik van zijn. Nogtans wys die vervoeging van die mutatiewe wwe. met zijn waarskynlik nog gebruiklik hoewel hebben ook gebruik is.

277. In die gebruik van die e(n)-uitgang by die sterk volt. deelwoorde en die infinitief is die skryftaal van die vier skrywers feitlik suiwer Nederlands. Oberholster gebruik byna konsekwent die e-uitgang en die ander drie gewoonlik -en naas -e. Die getal uitganglose vorme is gering maar dui op uitgebreider gebruik daarvan in hul spreektaal. Die mate waarin die deelwoorde en infinitiewe nog met die uitgang gebruik is, maak dit waarskynlik dat in hul spreektaal die uitgang nog voorgekom het, hoewel nie in dieselfde mate as in hul skryftaal nie.

278. Wat betref die aanduiding van persoon en getal in die persoonsvorme, staan Triebardt se skryftaal al heeltemal op Afrikaanse standpunt. By drie tydgenote se taal vertoon nog 'n mate van persoon- en getalsonderskeiding maar verwar die vorme so dikwels dat dit duidelik is dat hul geen lewendige gevoel vir persoon- en getalsonderskeiding in die persoonsvorme meer gehad het nie en dat hul spreektaal dit nie vertoon het nie. Hoewel persoonsverskil reeds verdwyn het, het derdepersoon enkelvoudsvorme van die teenw. tyd waarskynlik nog in hul spreektaal voorgekom het. Al vier skrywers laat die t-uitgang gewoonlik weg na die stemlose konsonante f, ch, k, p, s. Oberholster konsekwent, sodat dit seker is dat in hul spreektaal die slot-dentaal na hierdie konsonante nie meer voorgekom het nie. Die klankproses wat die wegval van

/die

die dentaal na die konsonante l, m, n, r, ng of 'n diftong veroorsaak, het hom blykbaar toe alleen nog na -ng en die diftonge in enige mate laat geld. Na die ander konsonante kom die slot-dentaal in die skryftaal van Trichardt en sy tydgenote in die reël voor, afgesien van die persoon waarby die werkwoord staan. Gevoel vir die dentale uitgang na l, m, n, r was dus nog lewendig en dis waarskynlik dat persoonsvorme met die dentaal na hierdie konsonante nog sporadies voorgekom het. By die ww. doen, gaan, slaan, en zien was die vorme op -t die gebruiklike persoonsvorme by alle persone in enkelv. en meerv. naas die op -n.

In die gebruik van die ww. hebben en zijn verskil die taalgebruik van die vier skrywers. By hebben gebruik Trichardt en Oberholster oorwegend heb, Joubert en Pretorius oorwegend heef by alle persone, enkelvoud en meervoud. Die Afr. vorm het kom alleen by Trichardt en Pretorius enkele male voor. Het was egter waarskynlik die gebruiklike vorm maar daaraan het moontlik 'n gevoelswaarde van ongeleerdheid of onbeskaafdheid gekleef sodat dit in skrif vermy is. Heb en heef is moontlik nog gebruik maar die verskil in hul gebruik in die taal van die verskillende skrywers toon dat geeneen van die twee die algemeen gebruiklike vorm was nie. By die ww. zijn gebruik Trichardt die vorm is oorwegend by alle persone in enkelvoud en meervoud. By drie tydgenote gebruik by elke persoon nog gewoonlik die korrekte vorm ben, is of zijn, maar verwar die vorme ook dikwels. By hulle kom is ook sporadies in die eerste persoon enkelvoud en dikwels in die meervoud voor. Trichardt se gebruik dui daarop dat is die algemene vorm was vir alle persone in enkelvoud en meervoud hoewel ben nog mag voorgekom het.

/In

die dentaal na die konsonante l, m, n, r, ng of 'n diftong veroorsaak, het hom blykbaar toe alleen nog na -ng en die diftonge in enige mate laat geld. Na die ander konsonante kom die slot-dentaal in die skryftaal van Trichardt en sy tydgenote in die reël voor, afgesien van die persoon waarby die werkwoord staan. Gevoel vir die dentale uitgang na l, m, n, r was dus nog lewendig en dis waarskynlik dat persoonsvorme met die dentaal na hierdie konsonante nog sporadies voorgekom het. By die ww. doen, gaan, slaan, en zien was die vorme op -t die gebruiklike persoonsvorme by alle persone in enkelv. en meerv. naas die op -n.

In die gebruik van die ww. hebben en zijn verskil die taalgebruik van die vier skrywers. By hebben gebruik Trichardt en Oberholster oorwegend heb, Joubert en Pretorius oorwegend heef by alle persone, enkelvoud en meervoud. Die Afr. vorm het kom alleen by Trichardt en Pretorius enkele male voor. Het was egter waarskynlik die gebruiklike vorm maar daaraan het moontlik 'n gevoelswaarde van ongeleerdheid of onbeskaafdheid gekleef sodat dit in skrif vermy is. Heb en heef is moontlik nog gebruik maar die verskil in hul gebruik in die taal van die verskillende skrywers toon dat geeneen van die twee die algemeen gebruiklike vorm was nie. By die ww. zijn gebruik Trichardt die vorm is oorwegend by alle persone in enkelvoud en meervoud. By drie tydgenote gebruik by elke persoon nog gewoonlik die korrekte vorm ben, is of zijn, maar verwar die vorme ook dikwels. By hulle kom is ook sporadies in die eerste persoon enkelvoud en dikwels in die meervoud voor. Trichardt se gebruik dui daarop dat is die algemene vorm was vir alle persone in enkelvoud en meervoud hoewel ben nog mag voorgekom het.

/In

279. In die uitdrukking van die verlede tyd staan die taal van Trichardt en sy tydgenote ook in 'n groot mate reeds op Afrikaanse standpunt. Hulle gebruik nog die imperfectum maar die perfectum neem in Trichardt en Oberholster se taal reeds ook 'n imperfek-funksie waar en vervang soms die imperfectum. Wat die gebruik van die historicus praesens betref, staan Trichardt se Dagboek al heeltemal op Afr. standpunt en Joubert se geskrifte grotendeels ook. Veral kenmerkend van hul taal is die oorwegende gebruik van die onverskowe praesens in die indirekte rede na 'n verledetydsvorm in die hoofsin, ook van die werkwoorde wat in Afrikaans nog die imperfectum het. Hoewel die imperfectum nog bestaan het, het die perfectum en historicus praesens reeds sy hele funksie waargeneem.

280. In die uitdrukking van die voltooid verlede tyd in die bedrywende vorm gebruik Trichardt, Joubert en Pretorius reeds in die meerderheid van gevalle die perfectum soos in Afr. Veral in die indirekte rede word die perfectum oorwegend gebruik om hierdie tyd uit te druk.

281. Die onvolt. deelwoord het blykbaar in verbale en bywoeglike gebruik in die reël op -de voorgekom.

282. By die swak volt. deelwoord was die toestand met betrekking tot die agtervoeging van die dentale uitgang dieselfde as by die persoonsvorme. Alleen Trichardt gebruik nog dikwels die dentale uitgang na f, g, k, p, s maar sy drie tydgenote laat dit byna konsekwent weg wat bewys dat dit in hul spreektaal nie meer voorgekom het na hierdie konsonante nie. Na l, m, n, r, ng of 'n diftong behou al vier die

/dentaal

dentaal byna altyd, sodat die dentale uitgang na hierdie konsonante en die diftonge nog in hul taal by sowel verbaal as byvoeglik gebruikte volt, deelwoorde nog dikwels moet voorgekom het.

283. Die vervoeging van die werkwoord in die taal van Trichardt en sy tydgenote vertoon dus nog 'n paar belangrike Nederlandse kenmerke wat egter besig was om te verdwyn. Daarenteen is die vervoeging in ander opsigte reeds suiwer Afrikaans. Die besondere mate van ooreenkoms wat die taal van Trichardt met die van sy tydgenote vertoon sowel ten opsigte van die afwykinge van Ndl. as die ooreenkomste daarmee is 'n sterk aanduiding dat hul skryftaal in 'n groot mate die algemene spreektaal van die tyd weerspieël.

HOOFSTUK IV

SINTAKSIS

284. Op gebied van die sintaksis het ek alleen die opvallendste verskille tussen Nederlands en Afrikaans in die taal van Prichardt en sy tydgenote nagespoor. Benewens die gevalle waar 'n konstruksie alleen in een van die twee tale moontlik is, het ek gelet op die gevalle waar die verskil lê in die voorkeur wat een taal aan 'n bepaalde konstruksie gee wat ook in die ander voorkom. Sommige van die konstruksies wat van Ndl. afwyk en wat ek as kenmerkend van Afr. beskou, mag nie algemeen gebruiklik wees nie maar is altans in een of ander vorm van Afr. gewoon.

Ongelukkig is dit nie moontlik om in alle gevalle vas te stel wat die toestand in hul taal was ten opsigte van die sintaktiese verskille tussen Ndl. en Afr. was nie omdat in sommige gevalle die afwesigheid van 'n bepaalde konstruksie geen bewys is dat dit nie bestaan het nie. Vergelyking van die taalgebruik van die verskillende skrywers is dus alleen ten opsigte van party afwykende verbindinge moontlik en nie in alle gevalle soos op die gebied van die vormleer nie.

285. By die behandeling van die konstruksies wat afwyking van Ndl. of van Afr. vertoon wat ek aangetref het in die taal van die verskillende skrywers, maak ek in die geval van woordgroepe gebruik van die indelingsteelsel waarop die gedeelte van prof. dr. J.J. le Roux se studie „Oor die Afrikaanse Sintaksis" wat op die woordgroep betrekking het, gebaseer is, omdat ek dit as die geskikste manier beskou om die resultate van my ondersoek aan te bied. Hierdie werk van

/prof.

prof. le Roux het ek as handleiding by die ondersoek gebruik. Voorbeelde het ek veel gebruik gemaak van dr. M. de Villiers se nog ongepubliseerde proefskrif „'n Bydrae tot die sintaksis van die werkwoord in Afrikaans" en van dr. G.S. Overdiep se „Stilistiese Grammatica".

DIE WOORDGROEP

DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD-GROEP III
DIE GROEP VAN DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD

A. Bnw. plus Byvoeglike Woord

206. (I)(a) Bnw. + Lidwoord, Besitlike of Aanwysende Vnw.

Byvoeglike verbindinge wat deur 'n voorsetsel ingelei is, kan in Afr. dikwels met of sonder lidwoord of besitlike vnw. voorkom, bv. aan (die) kant. In sommige gevalle is die weglaat van die byvoeglike woord in hierdie verbindinge in Ndl. ook moontlik. Hierdie verskynsel het veral in ouer Ndl. dikwels voorgekom.

By Trichardt kom hierdie verbindinge dikwels sonder die lidwoord voor, maar sy behoud of weglaat van die lidw. of vnw. is soms in stryd met Afr. Trichardt gebruik sommige verbindinge sowel met as sonder die byvoeglike woord soos in Afr., bv. „maar zij kon geen in handen krijgen" (p. 167), „maar kon hem niet en de handen krijgen" (p. 166), „ging de beeste op de loop" (p. 134), „joeg ze op loop" (p. 165). Trichardt skryf egter altyd „op de jagt" (pp. 114, 135, 202 ens.) en nooit op jag wat Afr. ook gebruik nie. In 'n aantal verbindinge laat hy die lidw. of vnw. weg in stryd met Afr., bv. „dat zij ons in een droge plaas gebragt had om ons in stock te laaten" (p. 172), „was hij zoo traag in loop" (p. 195), „was zij hem weer uit gezigt" (p. 146), waarnaas egter ook voorkom : „was zij...ons uit het gezigt geraak" (p. 146). Die volgende verbindinge kom in Afr. voor maar gewoonlik met

/die

die bepaalde lidwoord : „die dag is wij gelukkig over weg gekomen" (p. 150), „raak een oa van mijn over touw" (p. 288). Gewone Afr. is : op les, Ndl. op 't laatst, bv. „dat hij op les zij" (p. 94). Reeds in Mnl. kom die lidw. voor 'n predikatiewe bnw. uitbly.[1]

In enkele gevalle skryf Trichardt die lidw. in 'n verbinding in stryd met Afr. : „in de plaats dat zij het doen moeste" (p. 230), „heb de tijger van de nacht twee schapen weg" (p. 240). Die laaste verbinding is egter nie onbekend in Afr. met die lidw. nie. 'n Ongewone verbinding kom voor in die sin : „heb wij de wagen op de gang gemaak" (p. 99) wat blykbaar 'n kontaminasie van op gang en aan die gang is.

Oberholster gebruik sommige verbindinge ook sowel met as sonder die lidw., bv. „dadelijk als in werk gesteld" (4/12/31), naas : „in het werk gesteld" (idem, 6/12/31). Hy skryf die volgende verbindinge alleen met die lidw. : „Ik heb in tusschen 10 man op de weg geplaas" (29/11/31), „op het ontvangs der rapord" (15/3/28), en die volgende sonder die lidw. „wijl ik se in hande heb" (21/2/29), „de scherp patroone die ik uijt hande van Jan Oberholster heb ondvange" (9/12/32), „dat de mensche aan tavel sad" (25/8/32), „indien se in tusschen tijd hooger op trek" (13/10/36).

In 'n bywoordelike bepaling laat Oberholster in die reël die lidw. weg voor die naam van 'n rivier, bv. „aan Vaal rivier" (13/11/31), „naar Groot rivier" (19/12/32). Reeds in Mnl. is die lidw. voor name van riviere, volkere, berge, ens. weggelaat.[2]

/Joubert

---

1) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 57 § 92(e).
2) Idem, pp. 54-56 § 92.

Joubert laat die lidw. weg in stryd sowel met Afr. as met moderne Ndl. voor die anw. dorp, bv. „naadat ik von mijn laatste rijs van dorp te huijs is gekoomen" (25/5/32), „toen ik laats op dorp was" (14/3/29), „naa dorp" (21/6/34). In die 17de-eeuse Ndl. is die lidw. meermale weggelaat by name van persone of sake wat in die samehang waarin hul genoem is, voldoende bepaal is, of in die spreker se gedagtekring die enigste van die naam is.[1] Ook in ander verbindinge laat hy die lidw. in stryd met Afr. weg: „dat Geswint en Stuurman uijt diens van H. Pienaar...was" (9/2/28), „vont ik op taefel liggen" (13/6/29(2)), „Vlink heef mijn 3 kinderen in steek gelaten" (26/1/29).

Pretorius laat die lidw. baie algemeen weg in die byw. verbindinge wat hy gebruik, bv. „voor rekening van Singaan" (p. 109), „die alle mag in handen hed" (18/1/49, p. 351), „om U Ed. en geleegendheid te stellen" (30/1/39, p. 49).

297. Waar die voorsetsel aan 'n infinitief voorafgaan, wissel verbindinge met of sonder die lidwoorde die of 't mekaar in Afr. af, maar in Ndl. word die lidw. altyd verlang, bv. Afr. aan (die) brand, Ndl. aan (he)t branden.

Trichardt gebruik slegs in 9 gevalle die lidw. teenoor 43 gevalle sonder lidwoord. Hy gebruik sowel die lidwoorde de en die as 't, bv. „Is Carolus aan de draijen gegaan" (p. 15); „is wij aan die work gebleven" (p. 214); „is wij aan 't rijden gegaan" (p. 183), „overmits de kaffers aan 't kommen is" (p. 92), „toen ik aan 't opsaklen was" (p. 15). vbl. sonder lidw.: „de oase ging aan slijen op de gras en

/vervolgens

1) v. Helten, Vondel's Taal II, p. 78 § 213(c).

vervolgens aan hollen" (p. 235), „zoo veel menschen aan komen is" (p. 100), „tot wij aan kloof waa (p. 245), „gaat ouwe Lija en Mietje aan schrijen" (p. 46), „is het aan regenen gegaan" (p. 14). In Afr. is die verbindinge met die lidw. meer gebruiklik as die sonder lidw. Lykbaar was die teenoorgestelde die geval in Trichardt se spreektaal.

Oberholster gebruik hierdie tipe verbinding ook gewoonli sonder lidw., bv. „die med hun voe aan trekke weard" (29/11/31), „seedat het veld breaf aan droge was" (31/3/24); met die lidw., bv. „en het veld ook redelijk aan het botte waa" (15/7/29).

By Joubert kom 6 verbindinge met 'n lidw. en 4 sonder lidw. voor, bv. „aan het trekken sijnde" (28/7/29), „als zij aan het wasschen waart" (9/1/36), „aan het klimmen waa" (J 26/11/33); „want het water aan rijsen was" (21/6/35), „ik was aan rijsen" (11/7/38), „Pienaar is aan trekken" (1/10/34).

Pretorius gebruik altyd die lidw. in hierdie verbindinge, bv. „en sijn vele aan het trekken" (13/2/47, p. 257), „dat sulle aan het vluchten waeren" (26/1/48, p. 297), „aan het werken" (19/4/39, p. 63). Pretorius staan klaarblyklik onder Ndl. invloed.

Hierdie tipe verbinding moes dus teen die tyd van die trek sonder lidwoord die gebruiklikste gewees het. Moontlik is Ndl. skryftaalinvloed daarvoor verantwoordelik dat die verbinding met die lidwoord in huidige Afr. meer gebruik word.

288. Die Ndl. aanwysende vnw. deze is in Afr. nog bewaar in die verbinding van deze jaar. Trichardt skryf : „heb ik hem van deze morgen een schaap gegeven" (p. 155). Het móre is hierdie verbinding egter minder gebruiklik in Afr. Ober-

/holster

(II) Selfstandige Naamwoord + Byvoeglike Naamwoord

291. Vir die verbuiging van die voorgeplaatste byvoeglike naamwoorde, vergelyk §§ 207-13.

Vir die byvoeglike gebruik van die onvoltooide deelwoord, vergelyk § 267.

Vir die gebruik van die voltooide deelwoord in byvoeglike funksie, vergelyk § 268.

(III) Ou plus die Selfstandige Naamwoord

292. Prof. le Roux onderskei twee woorde ou in Afr. Die eerste is 'n volwaardige byvoeglike naamwoord wat ooreenkom met Ndl. oud. Die ander is 'n gevoelswoord wat toegeneentheid, minagting, ens. uitdruk en wat 'n noue eerheid vorm met die nnw. waarvan dit gewoonlik nie deur ander byvoeglike woorde geskei kan word nie. Die akcent van ou is ook ondergeskik aan die van die nnw. tensy spesiale nadruk daarop val.[1]

Trichardt onderskei twee woorde oude en ouwe. Oude gebruik hy byna uitsluitend as volwaardige bnw. terwyl ouwe byna uitsluitend as gevoelswoord gebruik is. Oude kom 10 maal voor, bv. „een oude kraal" (p. 290), „hij sprak van oude dingen" (p. 289). Ouwe kom 136 maal voor, bv. „Ouwe Botha zij" (p. 165), „Ouwe Strijdom zag 3 remosters" (p. 163), „Zij ouwe Albag dat Botha meer ruilen kon" (p. 115). Ook sy volwasse trekgenote verwys Trichardt as ouwe..., hoewel hul met een uitsondering jonger as hy was en nie oud genoem kan word nie. Ouwe word egter ook 4 maal gebruik waar dit blykbaar 'n volwaardige bnw. is : „bij ons ouwe kraal" (p. 116), „die ouwe velplek...een ouwe ploegschaar" (p. 109), „drie manne en een ouwe mijd" (p. 264).

/Die

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 61 §35.

Ndl. voor bv. kaalrughaai, kromsteven-schip, zwartkopmees, ens. Omdat die getal dergelike verbindinge in Ndl. beperk is, beskou prof. le Roux analogiese invloed daarvan, en van die samestellinge met 'n telwoord as eerste lid, nouliks as voldoende om die groot uitbreiding wat die klas in Afr. gekry het, te verklaar. Hy soek die verklaring in ander prosesse. Die moontlikheid van die ontstaan van die bepalende woord langs suiwer fonetiese weg deur die defleksie van 'n volt. deelw. beskou hy as hoogstens 'n bykomstige faktor en besluit dat die uitbreiding van die Afr. vorm 'n psigologiese uitgangspunt gehad het, wat hy vind in die feit dat in sinne soos : dis 'n kaalkop, 'n grysharr, 'n blou-oog, 'n verduidelikende toevoegsel soos : kêrel, man, meisie, dikwels nodig is. Hy verklaar : „Deur die beskrywende funksie van die woorde kaalkop, blou-oog, ens. in die verbindinge kaalkop kêrel, blou-oog meisie, ens. kan die eerste woord dan later as Adjektief gevoel geword het, terwyl dit oorspronklik deel uitgemaak het van 'n appositionele verbinding en dus die vorm van 'n Substantief behou het."[1]

Hoewel prof. le Roux se verklaring aanneemlik is, lyk eenvoudige analogiese uitbreiding na die klas kaalrughaai, zwartkopmees, ens. vir my nog meer waarskynlik.

294. Verbinding deur middel van 'n buigingsuitgang

In Afrikaans het die onwe. van die verskeidenheid van geflekteerde naamvalsvorms behalwe in vaste uitdrukkings en samestellinge, bv. staan den aanstoots, lewensloop, feitlik niks beweer nie. «In die gewone omgangstaal is nous die uitdrukkinge : (hy is) mens genoeg en tyds genoeg, die enigste kategorie wat nog lewe, verbindinge met wat, iets en niks met

/'n volgende

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, pp. 74-5 § 119.

'n volgende Genitief van 'n gesubstantiveerde adjektief : wat franis, iets moois, iets lekkers, niks goeds; en ook by wat en iets het die tweede woord van dié verbindinge sy oorspronklike partitiewe krag verloor;..."[1] By Trichardt kom die volgende partitiewe genitiewe voor : niets goeds (p. 185), een wijl tijds (p. 135), een ind weegs (p. 148).

By Trichardt kom ook 'n aantal ander genitiewe voor, veral om besit en oorsprong uit te druk, hoofsaaklik by eiename en verwantskapname (vgl. § 148). Ook by sy drie tydgenote kom 'n aantal genitiewe voor wat in Afr. nie bestaan nie. Joubert gebruik die volgende twee genitiewe wat nog in Afr. voorkom : „als daar iets onbehoorliks voorval" (24/3/28(2)), „indien Hel mijn iets moeijlik saude opdraagen" (25/9/29). In die laaste geval het die genitiefsuitgang verlore gegaan waar Afr. dit nog kon.

Oor die algemeen was die toestand van die taal van Trichardt en sy tydgenote wat betref die verbinding van enwe. deur middel van 'n buigingsuitgang reeds nagenoeg dieselfde as in Afrikaans van vandag.

295. Verbinding deur middel van voornaamwoordelike vorme

In Afr. word uitgebreide gebruik gemaak van die besitlike vnw. se wat met sterk klemtoon tussen gelykwaardige beklemtoonde selfst. nw. of vnwe. staan om genitiefsverhoudinge uit te druk, bv. die tafel se poot, vandag se nuus. Hierdie verbinding het egter alleen in die plek gekom van die voorgeplaaste genitief, d.w.s. die onderwerpsgenitief en die genitief van besit.[2]

Trichardt se gebruik van hierdie verbinding het ek reeds bespreek. Sy ondersoek het getoon dat daar slegs enkele uitbreidingsgevalle van die gebruik van zijn voorkom, nl. 2

/maal

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, pp. 93-4 § 139.
2) Idem, p. 93 § 146.

maal by 'n meervoudige znw. en 'n paar maal by 'n onbepaalde vnw. (vgl. § 176).

Trichardt se tydgenote gebruik hierdie verbinding byna nooit en daar kom geen uitbreidingsgeval voor nie. Aangesien by Nikar die gebruik van zijn in die genitiefskonstruksie veel meer uitgebreid is as in Ndl., moet die Afr. verbindinge in Trichardt se spreektaal veel meer verbreid gewees het hoewel die gebruik van zijn in die genitiefsverbinding waarskynlik toe nognie tot alle soorte substantiewiese woorde soos in huidige Afr. uitgebrei het nie.

296. In Afrikaans bestaan ook 'n verbinding znw. of vnw. + selfstendige besitlike vnw. wat eintlik 'n samestelling is met die klemtoon op die eerste lid, bv. Jan s'n, wie s'n, ens. In algemene Nederlands is dit onbekend maar dis onseker of hierdie verbinding in Afrikaans ontstaan het. Prof. le Roux het aangetoon dat sulke konstruksies taamlik gewoon is in Hoogduits, en in Gronings ook bekend is.[1]

Ek het reeds aangetoon hoe dikwels hierdie samestelling by Trichardt voorkom (§177). Net 1 maal gebruik hy die samestelling met 'n vnw. as eerste lid: hulle zijn (p. 83). In die ander gevalle kom zijn altyd voor nn znw. in die enkelvoud wat manlike persone aandui, bv. Louw zijn (p. 240), Carolus zijn (p. 210). Eenmaal kom hoore in die samestelling voor : Juffrouw Schepers hoore (p. 237). Trichardt se gebruik van die samestelling is dus nog baie beperk vergeleke met Afr. waarin s'n met alle soorte substantiwiese woorde verbind word.

By Trichardt se tydgenote kom hierdie samestelling gladnie voor nie. In vroeë Afr. geskrewe stukke is dit ook

/skaars

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 96 § 155.

skaars. Dr. Scholtz het een voorbeeld daarvan in Meurant se stukke in die „Grensblad" gevind.[1] Hierdie verbinding het dus blykbaar laat in Afr. ontstaan of laat verbreid geraak.

297. Verbinding deur middel van voorsetsels

In Afrikaans dien die infinitiewe saam met om te om die betekenis van 'n onw. te vul, bv. die begeerte om te wen. In die Ndl. skryftaal kom die infinitief plus te egter van ouds voor as voorsetselverbinding, afhanklik van 'n anw. wat op die sin volg. Dit kan afhanklik wees van 'n geseegde waarvan die onw. die vernoemste deel is, of dit kan ook die sin onderbreek en volslae attributief wees. In die Ndl. omgangstaal is in alle verbindinge egter om te plus infinitief reël, bv. Het recht om te spreken - gelegenheid om te komen.[2]

Trichardt gebruik 45 maal om te plus infin. in hierdie verbinding teenoor 21 maal te plus infin., bv. „de beste plek om te leggen met onse vee" (p. 36), „als een kans ziet om beeste te halen" (p. 157), „dat hier geen plaats is om te slapen" (p. 276), „dat hij de regt heb om het te doen" (p. 166); „dat zij de beste gelegentheid had om in te komen" (p. 257), waarnaas hy gewoonlik te + infin. by gelegentheid gebruik, bv. „dat zij geen gelegentheid krijg buiten ons weten te ontsnappen" (p. 171), „omdat wij de kaffer te veel gelegentheid geven moet ons een kwade part te kunnen speelen" (p. 218).

By onw. van ww. afgelei, gebruik Trichardt byna uitsluitend te + infin., hoewel in Ndl. in die reël by hierdie onw. om te + infin. staan. In sommige gevalle is die verbinding met te + infin. egter in ooreenstemming met Ndl.

/bv.

---

1) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 13/6/1941, p. 61.)
2) Overdiep, Stilistische Gramm. p. 369 § 212.

bv. „is by deze ons oetmoedig verzoek ons met uwed. raad te begunstigen" (p. 41), „dat mij hoop had tog langs een tereg te komen" (p. 191).

In een geval gebruik Trichardt alleen om as bindwoord : „hij had geen sin om wagten" (p. 63). Dit is waarskynlik 'n skryffout hoewel dit in Middelndl. 'n gewone gebruik was om alleen die voorsetsel om voor 'n infinitief te gebruik.[1)]

Trichardt se veelvuldige gebruik van die voors. te om onw. en infinitief te verbind, is 'n bewys van invloed van die Ndl. skryftaal.

Oberholster gebruik byna konsekwent die voorsetsel te in hierdie verbinding, bv. „ag ik het dan mijn plig sulks aan U Wel Ed. te reportere" (31/3/28), „de vrijheid Uw. te herinnere" (Junie 1829), „de gelegendheijt sijne Exsellenti te mogo spreke" (25/8/29), „met verzoek aan u Wel Ed. aan mijn enige stofve der kinderpoke te sende" (15/11/31). Twee verbindinge met om te kom voor : „de heer Abo heb groot begeerte om het kind te mogo hebbe" (10/10/23), „dat het een skrik was om aan te sine" (15/7/28).

Joubert gebruik 45 maal te en 28 maal om te om 'n onw. met 'n infinitief te verbind, bv. „daar er geen rede ken ontstaan te denken..." (9/2/28), „laat mijn de heer te sijn U dienaar" (10/4/29), „heef ik geen rede anders te denken" (8/7/34); „de verbeelt om een boek te houden ken ik begrijpen" (11/9/28), „dat Kok order hoof van het Government om geen burger daar te gedoogen" (23/5/32).

/By

---

1) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 212 § 282.

By Pretorius kom te + infin. 17 maal voor en om te + infin. 9 maal, bv. „dat U E. lus had daerheen te gaan" (8/6/38, p. 26), „Ik heb den oer te zijn" (26/1/48, p. 297), „een beter kans om te roofen" (12/1/49, p. 351), „mijn begeerten is om te weeten..." (8/6/38, p. 36).

Die verbindinge met te as voormoord is ongetwyfeld aan die Ndl. skryftaaltradisie te wyt of mag formules in hul spreektaalgewoes het.

398. By Trichardt se tydgenote kom soms ongewone voorsetsels vo r as bindwoord tussen twee snwe. So skryf Oberholster : „de moord an Vaaber en van der Merwe" (25/8/32), „gebrek van wate: en voetsel" (Maart 1824); Joubert skryf „Ik heb geen onbetamelijkheijt omtrent de swarte sien pleegen" (11/7/38), „Kolbe is een besoek gaan doen nas een ander instituut" (10/6/34), en Pretorius skryf van 2 maal waar dit moontlik 'n anglisisme is : „den sug von vrijheid" (12/1/49, p. 352), „den hoop van vryheid" (27/4/49, p. 381).

399. Waar die verbinding snw. ‡ voors. van † snw. 'n partitiewe verhouding uitdruk, kan die bindwoord in Afrikaans die betekenis van die eerste snw. absorbeer sodat die verbindingstipe voors. + snw. ontstaan, bv. party van die mense word van die mense.[1] Hierdie verbinding : van + snw. kom in Ndl. ook voor om 'n partitiewe verhouding uit te druk maar in Afr. het die gebruik van die konstruksies met van uitgebrei sodat hulle kan optree as voltooiing van alle transitiewe werkwoorde waarvan die betekenis dit toelaat, en ook as grammatiese subjek."[2] In Ndl. is in die meeste gevalle die

/gebruik

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 104 § 178.
2) Idem, p. 189 § 377; vgl. Bouman, Syntaktiese groepen in Afr. (N. Taalg. XVI, p. 233.)

gebruik van 'n tel- of hoeveelheidswoord by die verbinding met van nodig.

Trichardt gebruik 'n aantal verbindinge met van wat in Ndl. nie moontlik is nie, bv. „Is van de Rooij kaffers gekomen" (p. 33), „het was van Albach zijn schapen die miechien uitgebleven was" (p. 132), „Blijf de avond van ons beeste uit" (p. 220), „Is van ons honden agtergebleven" (p. 264), „dat de Bloot kaffers nam hem en zijn volk van de goed van de wagens gegeven heb" (p. 37). Trichardt se gebruik van die verbinding met van was dus reeds uitgebreid sodat die Afr. uitbreiding in die gebruik van die konstruksie reeds daarvoor moet plaasgevind het.

Oberholster gebruik nie die verbinding met van nie maar Joubert wel, bv. „als van de naatsieo in komt die van geen sendeling weet" (11/9/28), „ik presumeer dat het van de vagebonden is" (21/6/34), „een wijnige hebben van hun geweers behouden" (6/9/31). By Pretorius kom die verbinding ook 2 maal voor, bv. „dat gij niet van U E. respektaable burgers in posten sult krijgen" (p. 151).

Die gebruik van die verbinding met van in die taal van Trichardt en sy tydgenote vertoon dus reeds die Afrikaanse uitbreiding.

300. Verbinding deur middel van voegwoorde

Waar Ndl. die voegwoord zooals gebruik om 'n vergelyking tussen twee nnwe. uit te druk en als vir 'n beperkende hoedanigheid, gebruik Afr. soos of nes, en as respektieflik.

/Trichardt

Trichardt skryf in die reël zooals en soms alleen als om 'n vergelyking uit te druk, bv. „hij zij dat hij nu zoo als een mijd is" (p. 96), „als zij kwade vrienden word zoo als kinders" (p. 107); „dat ik als een gek doen zouw" (p. 229), „en mag niet toelaaten dat hij als barbaar zijn woede op hem koel" (p. 209).

In Ndl., soos in Afr., kom als ook voor agter die woorde ander en anders, asook agter ontkennende en vraende woorde (niemand, niets, geen, ens.) wanneer by die woorde die begrip van ander of anders verswyg word, in watter geval als nagenoeg gelykstaan met behalwe[1] Hy leest niets als poezie.

Trichardt gebruik als dikwels in die betekenis van behalwe na ontkennende woorde, bv. „dat ik voor mijn niemand had als Katoe" (p. 127), „dat zij niets gezien heb als een wildebeest" (p. 202), „niets als enige stukke vee" (p. 299), (vgl. 305). Als kom egter ook dikwels in hierdie betekenis voor waar daar geen vraende of ontkennende woord voorafgaan nie, bv. „wij vond alles wat zij genomen of gestolen had als 36 koegels van Anthonie" (p. 243), „wij had voor middag al ons schapen door als alleen twee" (p. 270), „De zieke was die dag een wijnig beter als alleen Gustaf had hevig de koors" (p. 316).

Om 'n beperkende hoedanigheid uit te druk, skryf Trichardt altyd als, bv. „Is Hendriena in de school gegaan als schoolier" (p. 122), „de kaffer die als hoof by de werkvolk was" (p. 254).

Oberholster gebruik alleen als, sowel om 'n vergelyking as 'n beperkende hoedanigheid uit te druk,

/bv.

---

1) Ndl. Wdb. II, kol. 247 (2).

bv. „de menigte der Springkane die als een waterstroom het gehele aardrijk bedek" (30/9/25); „die hem op meer als 5 koerantes beroep als getuijge" (18/11/36).

Joubert gebruik ook alleen als, bv. „sulk een gemeen schepsel als Dan Kok" (23/5/32), „geïsentiseerde persoonen die als handelaars oover de grense rijden" (12/9/31), „dat Jan van 3 spooren hoef gesprocken die daar stont als spooren van bosschanse" (13/6/28(2)), behalwe vir een geval van dan na 'n ontkennende woord : „de menschen kan niets meede voeren dan een wijnig meel" (12/9/35).

By Pretorius kom ook met enkele uitsonderinge altyd als voor, bv. „uwe koms bij ons was als een verkwikkende regen" (4/3/49, p. 363), „en ben ik als een hees op den bergen" (12/1/49, p. 351); „sijn oude poo als sendeling" (6/3/47, p. 122). Hy skryf net een maal soo als : „een man soo als ik" (p. 149), en 1 maal dan: „die niets dan wildernissen voor oogen sien" (12/1/49, p. 354).

Hulle gebruik dus net die Ndl. vorme, ook die skryftaalvorme zoals en dan. Ndl. invloed op hul taal is duidelik kenbaar.

301. Waar die persoonlike voornaamwoord van die eerste persoon met 'n ander pers. vnw. of 'n persoonsnaam deur middel van die voegwoord en verbind word, staan dit in Afr. in stryd met die beskaafde Ndl. gebruik, in die reël vooraan : ek en Jan. Trichardt skryf die Afr. woordorde konsekwent, bv. „Is ik, Jan en Doors gegaan" (p. 111), „Is ik en Carolus geroden" (p. 205), „Is ik en Jan Pretorius geroden" (p. 199).

/Dit

Dit moet reeds vroeg in Afr. die gebruiklike woordorde gewees het daar dr. Scholtz verklaar dat hy dit aangetref het by Sikar en in die dagboekie van Johanna Duminy uit die 19de eeu.[1]

DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD-GROEP

BYVOEGLIKE NAAMWOORD + SELFSTANDIGE NAAMWOORD

Verbinding deur woordorde aangedui

302. In 'n aantal uitdrukkinge in Afr. kan die voltooiing van die bnw. sonder vormwoord daarmee verbind word, maar dan moet die voltooiing die bnw. voorafgaan,[2] bv. Die saak is mij duister. Verbinding deur middel van 'n vormwoord is egter baie meer gewoon in Afrikaans.

By Trichardt kom net een geval voor waar die verbinding deur woordorde aangedui is : „Ik ben zijn gebeden al lang moe" (p. 143).

By die ander skrywers kom meer gevalle van verbinding sonder vormwoord voor. By Oberholster, bv. „terwyl het u L. volstrek bekend is" (24/11/28), „ik ben de moedwillige overlaar sat" (21/4/27); by Joubert, bv. „ik denk het is allen bekant" (1/8/33), „dat het mijn onmogelijk is..." (27/7/34), „dat mij de werk van Straus bekent is" (10/3/36).. Pretorius gebruik dikwels hierdie tipe verbinding, bv. „want die is hij moeg" (6/3/47, p. 182), „en den kaffers word hun ook afvallig" (12/2/47, p. 256), „hetwelk ons ten deel hooge aangenaam was" (4/3/49, p. 363), „en alle die u lief zijn" (4/3/49, p. 367).

Vir hierdie veelvuldiger gebruik van die verbinding sonder vormwoord moet Ndl. invloed verantwoordelik wees.

/Verbinding

---

1) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 27/6/41, p. 35).
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 111 § 109.

Verbinding deur middel van voorsetsels

303. Dit is die gewone verbindingstipe. Die selfstandige naamwoord kan voor of agter die byvoeglike naamwoord staan en word altyd deur die voorsetsel vergesel, bv. hy is kwaad vir sy baas, hy is vir sy baas kwaad.

In 'n aantal gevalle is die bindwoord in Trichardt se taal in hierdie verbinding ongewoon in Afr., bv. „dat ouwe Botha kwaat is op Carolus" (p. 79), „dat zij alle op mijn kwaat is geweest" (p. 44). In hierdie geval is die gebruik van die voorsetsel Ndl. In 'n ander geval kom 'n 17de-eeuse gebruik voor[1] : „een bok die...siek van de tan scheen" (p. 221). Die gebruik van die voors. van is in 'n paar ander gevalle ongewoon : „hij scheen verblijd te zijn van onse gelukkige doortog en aan komst" (pp. 305-6), „dat het hier te ruim van beeste is" (p. 278). Die gebruik van voor is ongewoon in : „ik zouw de beeste op gaan zoeken maar was niet gerus voor de rivier" (p. 296).

By die ander skrywers kom die volgende gevalle van ongewone voorsetselgebruik in hierdie verbinding voor, by Oberholster : „dat Badenhorst aan geoogste plaas niet gerechtig was" (9/4/20); by Joubert : „vandaar naar binnen wort het land schaars van bossen" (11/7/33),

304. Om 'n byvoeglike naamwoord met 'n infinitief te verbind, gebruik Afrikaans om te waar Ndl. skryftaal te gebruik. Trichardt gebruik 30 maal om te en 21 maal alleen te voor die infinitief, bv. „bang om de gewaers te dragen" (p. 40), „was juffr. Schepers besig om haar grootste kinders elder een pak slagen te geven" (p. 62), „tot wij klaar is om te trekken" (p. 35); „vond dat die geheel onmogelijk was te maken" (p. 224), „maar het zal moeielijk wesen het van ouwe Botha te krijgen" (p. 129).

/Waar

---

1) v.d. Veen, Taaleigen v. Bredero, p. 89 § 144.

Waar die predikatiewe bnw. 'n absolute superlatief is, is om te in sowel Ndl. as Afr. reël. Trichardt gebruik in hierdie geval die verbinding 28 maal met om te en 4 maal met te, bv. „de veld was te deurslagtig om te trekken" (p. 30), „was het te ver om die dag na toe te rijden" (p. 99), „mits dat het te laat was om verder te rijden" (p. 85), „de water was te sterk met de geweer goed door te komen" (p. 230), „dat het nu te laat is nog te sloven" (p. 168), „dat de voer te slog is ons vee af te bringen" (p. 223).

Oberholster gebruik konsekwent te om bnw. en infinitief te verbind, bv. „hij is reeds bezig alle toerusting van seijne kand in het work te stelle" (5/7/33) „ik vind mijn verplig U.E. een onderregting te vrage" (28/2/23); „wijl see te swak sijn met de bende overweg te gaane" (18/7/25).

Joubert gebruik 20 maal om te en 44 maal alleen te in hierdie verbinding, bv. „het sal...niet soo swaar weesen om die ent heen en weer te rijden" (23/8/35), „dat hij genoodsaak werd hem gereed te maaken om hem te verweeren" (23/5/32); „het was niet seer duijdelik te beschouwen" (13/6/28), „ik vind mijn verblijd te verneemen" (1/8/33), „de ander was bezig hun vee te laate swemmen" (21/8/35).

Pretorius gebruik 4 maal om te en 27 maal te as bindwoord in hierdie verbinding, bv. „diegenen die rijk genoeg zijn om de overkoms naar ons te betaalen" (6/3/47, p. 123), „die berijd en ook in staat sou wesen om ons nog te doen erlangen" (12/1/49, p. 353); „die ook miskien bang waart den datum te vergeten" (9/9/45, p. 191), „ik ben alleen soo vrij deesen paar regels aan U E. hijd te rigten" (26/1/48, p. 298). Na 'n absolute

/superlatief

superlatief kom te 3 maal voor teenoor 1 maal om te voor die infinitief, bv. „welk te veel sijn alle te melden" (8/4/48, p. 313); „die gewillig zijn hierheen te koomen is te arm om den rijs onkosten te betaalen" (6/3/47, p. 122).

Soos by die verbinding van 'n snw. met die infinitief, blyk hier ook die neiging by Trichardt en veral by sy tydgenote om te i.p.v. om te voor die infinitief te skryf. Die gebruik van te in gevalle waar om te in Ndl. ook gebruikliker is, bewys dat te doelbewus gebruik is in 'n poging om Ndl. te skryf.

Verbinding deur middel van voorwoorde

305. Om 'n vergelyking met die positief uit te druk, word die bnw. in Afr. met die snw. verbind deur soos of nes, so... as of soos, in Nederlands deur zoo als. Trichardt gebruik die Ndl. vorm zoo...als, bv. „de weer was de morgen nog even als de avond" (p. 320), „de gras was soet en niet zoo hoog als de andere rivieren" (p. 290), „de heer was al zoo verblijd als ik zelfs" (p. 317), „maar de os was niet zoo groot als een kouij" (p. 52).

In vergelykinge met die komparatief word in Afr. as of dan gebruik. Dan word egter ~~als~~ in Afr. algemeen gebruik alleen waar die hoedanigheidsaangewende as reeds in die sin voorkom. In die Ndl. skryftaal word in alle gevalle dan gebruik. In Middelnederlands was dan algemeen in gebruik. Later het als ook in gebruik gekom en in 17de-eeuse Ndl. wissel dit af met dan.[1] As gevolg van Vondel se voorkeur

/vir

1) Overdiep, Seventiende-Eeuwsche Syntaxis I, p. 115 § 82; v.d. Veen, Taaleigen v. Bredero, pp. 123-4 § 201.

vir dan en die invloed van die taalkundiges, het dan in die skryftaal geseëvier en selfs in die huidige Ndl. spreektaal ingedring. Die natuurlike volkstaal van Friesland, Holland en Vlaandere ken nog alleen als.[1]

Trichardt gebruik konsekwent als om die vergelyking by 'n komparatief uit te druk bv., „wij ben niet meer als negen weerbare schuta" (p. 41), „dat Hanna Schepers mooijer is als zij" (p. 62), „en nu zijne agter is, wil niet meer als zes van de agterste watten" (p. 215), „gij is onverstandiger als hij" (p. 104).

Ook na ontkennende woorde gebruik Trichardt alleen als, bv. „Ik en Jan hoef die dag met ons rijden geen wild gezien als twee klompies rooij bokken" (p. 206), „daar geen wegen door ken als alleen voetvolk" (p. 189), „niets anders als vlouwe exschuiten" (p. 143).

Oberholster gebruik alleen als om 'n vergelyking met 'n komparatief uit te druk, bv. „dat hij bij U wel E. niet over meer als een schaap zouw geklaag hebben" (12/2/28), „die hem op meer als 5 koerants beroep" (18/11/36), „hetwelk ik ook niet meer als mijn plig ag" (24/4/25). Na ontkennende woorde gebruik hy sowel als as dan, bv. „sij sijde geen pot meer te hebbe als daar haar ete in was" (25/8/32), „sodat veelle der ingeseete geen water hoef dan alleen de vonteijntjes" (30/6/35).

In vergelykinge met die positief skryf Joubert soo als, bv. „het is bijkans so wijd als de wagen" (9/4/29), „so hoog als de drankberg" (11/7/38). In vergelykinge met die komparatief kom sowel als as dan voor, bv. „ontrind een voet hooger als de drankberg" (11/7/38);

/niet

1) Muller, Spreektaal en Schrijftaal in h. Ndl. (Taal en Lett. I, p. 219.)

„niet meer dan 3 buuren" (8/7/34), „die massacre was dan die van mijn" (J 3/12/38).

Na ontkennende woorde gebruik hy alleen als, bv. „er is volstrek geen beter of ander raat voor de veldcornets als geen schepsel over de grense te laate koomen" (9/11/31), „dat die trekboeren geen andere vyanden hebben als tans alleen dinghan" (J 13/11/38).

Pretorius gebruik beide als en dan in vergelykinge met die komparatief, bv. „niets is mij smartelijker als den schandelijke valsche raporten" (12/1/49, p. 354), „wijnig meer als gerugtens en onwaarheid" (27/4/49, p. 331); „dat het gouverment van Engeland sterker van magt zijn dan wij" (4/3/49, p. 365).

Dan word dus selde gebruik, by Trichardt selfs glad nie. Dit dui daarop dit die gebruik van dan in Afrikaans aan invloed van die Ndl. skryftaal toegeskryf moet word.

DIE WERKWOORDGROEP

306. In sy behandeling van die werkwoordgroep onderskei prof. J.J. le Roux tussen die werkwoord as draer van 'n volbegrip, van 'n relatiewe begrip en van 'n leë begrip. 'n Verbale volbegrip kan vergesel gaan van nadere bepalinge; 'n relatiewe begrip word deur middel van ander woord voltooi en die voltooide begrip kan dan nader bepaal word. Draers van leë begrippe is sekere verbale vorme wat deel van 'n kompositum uitmaak.[1] Ek handhaaf hierdie onderskeiding so ver as moontlik maar na my mening kan nie by alle verbindinge duidelik tussen hierdie verbale begrippe onderskei word nie.

/Werkwoord

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 120 § 227.

A. WERKWOORD + SELFSTANDIGE NAAMWOORD (VOORNAAMWOORD)

(I) Die werkwoord is 'n volbegrip

307. Verbinding deur middel van agtergeplaaste bywoord

'n Selfstandige naamwoord kan deur 'n agtergeplaaste bywoord met 'n werkwoord van beweging verbind word om 'n bepaling van tyd of plek uit te druk in sowel Afr. as Ndl., bv. Hy gaan huis-toe; by Trichardt bv. „daar ging een klomp spore de berg af" (p. 220). In Afr. kan die oorspronklike bywoord egter met die snw. saamgroei tot een begrip. Hierdie samestelling kan nie deur enige lidwoord of ander bepalende woord of voorsetsel voorafgegaan word nie.[1] By Trichardt kom een voorbeeld van die samestelling voor : „nam zij de vlug wind af" (p. 104). In Ndl. kom hierdie samestelling ook in beperkte mate voor, veral by teenstellinge : „het geschiedt jaar-in, jaar-uit". Die Afr. samestellinge huis-toe, kraal-toe, ens. kom nog by Trichardt nog by sy tydgenote voor.

Verbindinge sonder vorrawoord

308. By Trichardt kry ons voorbeelde van die verbinding waar die woordorde alleen voldoende is om die verhouding van ww. en bepaling uit te druk, bv. „de puntjes was een bietje los" (p. 131), „klaarde de weer een wijnig op" (p. 29). Prof. le Roux verklaar dat hierdie konstruksie uit Oud-Germaans dateer, waar die bepaling in die akkusatief gestaan het, en dat dit nog baie gebruiklik in Ndl. is.[2]

Verbinding deur middel van voorsetsels

309. Trichardt se voorsetselgebruik is soms ongewoon in Ndl. of Afr., of in altwee. In die volgende gevalle is

/Trichardt

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 128 § 235.
2) Idem, p. 134 § 241.

Trichardt se gebruik van die bindwoord Nederlands: „hij beloof het te betalen aan meel" (p. 65), „brak de disselboom aan twee" (p. 99), „kwam zij een wijnig tot haar zelven" (p. 328), „kwam na Pieta kuiren" (p. 130). Die volgende verbindinge is in Afr. onbekend : „zij gaan de vijhand in gemoed" (p. 21), „ging wij omtrind 20 stappen bij hem" (p. 56), „kwam zijn voorwiel aan een boom" (p. 289).

310. Opvallend is Trichardt se veelvuldige gebruik van 'n verbinding van 'n werkwoord met 'n selfstandige infinitief deur middel van onder voorsetsels as te of aan, bv. „Onder de wijl had zij en haar dogter niet een oogehouden met koijven" (p. 79), „Ik zij dat ik met appakken geen tijd heb" (p. 150), „heb hij een renoster gekwets bij voorbranden van de geweer" (p. 111).

311. Trichardt gebruik ook dikwels die voorsetsel voor in verbindinge waar tot of die voegwoord als in moderne Ndl. meer gewoon sou wees, bv. „Ik vraag of zij haar niet schaam om voor leugenaar te staan" (p. 107), „de groot kaffer die ons voor lijdsman diende" (p. 284), „die natte gras die ons voor beddegoed diende" (p. 248), „en wat ons voor brood diende" (p. 248). In Afr. is vir en als in hierdie gevalle gebruiklik. In 17de-eeuse Ndl. was hierdie gebruik van voor gewoon.[1]

312. In Afrikaans kom soms by die passiewe werkwoord of 'n byvoeglike volt. deelw. 'n instrumentale bepaling ingelei deur die bindwoord van i.p.v. deur voor, bv. Hy is vergesel van 'n vriend. Prof. J.J. le Roux skryf hierdie kontaminasie toe aan die invloed van „die dubbele manier, deur middel van

/deur

1) v. Helten, p. 108 § 240.

deur en van, om die verbouding van Gen. Subjectivus by Substantiewe uit te druk,...versterk deur die analogie van die talryke Adje. met van (vgl. bewus van, siek van, ens.), en deur die van nominn agentis, soos : die maker van, ens.[1] Die gebruik van die bindwoord van by werkwoorde in die lydende vorm om die aktiewe subjek aan te dui, was 'n kenmerk van die 17de-eeuse Ndl.,[2] en in die Ndl. volkstaal, o.a. in Katwijks, kom dit nog dikwels voor.[3]

Daar kom 'n hele aantal voorbeelde van hierdiekontaminasie by Trichardt voor, bv. „Ik dagt dat hij doot gelegt is van de beeste" (p. 67), „en de veld misschien afgevreten is van de sprinkhaenen" (p. 68), „dat hij van andere wolven met bekalijen doot gebeten is" (p. 95), „dat zij gesteurd is van die ons ossen gestolen heb" (p. 266), „overmits de gras aan de kand in de nabyheid afgewijd was van ons vee" (p. 259), „zag hij zijne hele kraal omring van de comando" (p. 113).

(1) By Oberholster kom hierdie kontaminasie 'n paar maal voor, bv. „dat ik hier alegs van het gouvernment aangestelt ben" (21/4/27), „maar is op verschijde plekke van de springhaene ingenome" (30/9/26).

By Joubert kom talryke voorbeelde hiervan voor, bv. „en sij word van niemant verhinder" (4/3/29), „ook is mijn van geloofwaardige menschen geseg" (25/9/29(2)), „de vel was by plekken van de wormen de rknaag" (13/6/29).

Ook by Pretorius kom hierdie kontaminasie voor, bv. „sijn rij omring van duijsenden van kaffers" (22/4/48, p. 316), „en dat van een soldaat veroorsaak" (9/9/45, p. 191).

/By

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 107, Opm. by §§ 157-178.
2) v.d. Veen, Taaleigen v. Brodero, p. 99 § 168.
3) Overdiep, Stilistische Gramm. p. 450 § 281.

(2) By Nikar kom ook 'n paar voorbeelde van hierdie kontaminasie voor.[1]

Hierdie kontaminasie was dus blykbaar vroeër baie meer algemeen in Afrikaans as vandag. In huidige Afr. word dit deur korrek-sprekendes sover moontlik vermy en dit kom dus veral in plat-Afrikaans voor.

Verbindinge met of sonder voorsetsel

313. Baie bywoordelike bepalings kan met of sonder 'n voorsetsel uitgedruk word, bv. Hy het (vir) die hele dag gebly. Trichardt gebruik soms 'n verbinding met 'n voorsetsel, bv. „wij moet niet met een man spreken, wij zal morgen met de loste man gaan" (p. 225), „zij beloofde het voor een tweede maal weer" (p. 232); in die reël gebruik hy geen voorsetsel nie, bv. „Had wij de gehele dag sware mis op de bergh" (p. 232), „die...liep niet de halwe pad mee" (p. 260).

314. Die voorsetsel kan voor of agter die bnw. of vnw. staan, terwyl, waar daar meer as een voorsetsel is, hul gedeeltelik voor en gedeeltelik agter die bepaalde woorde kan staan, die sg. circumposisie, bv. van die berg af, na die huis toe.[2] Die samegestelde voorsetsel word in Afr. meer gebruik as in Hdl.

By Trichardt kom die samegestelde voorsetsel dikwels voor, bv. „of hij misschien in de sloot op mag wessen" (p. 103), „wij was tegen die krâal aangerukt" (p. 31), „die goederen van de wagens afgenomen heb" (p. 39), „en kwam op de wind aan" (p. 104), „toen hij een wijnig van ons af was" (p. 66), „laat hij het van de schroef af vallen" (p. 72), „dat zij met de schapen agter haar aan loop" (p. 230), „brag

/het

1) Hofmeyr, Toestand v. Afr. in 1779, p. 8.
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 129 §§ 253-4.

het ten eersten aan haar moeder over" (p. 78). Trichardt skryf ook dikwels die voorsetsel na...toe, wat in Ndl. hoofsaaklik tot die volkstaal beperk is, hoewel dit reeds in 17de-eeuse Ndl. voorkom,[1] bv. „en stap na hen toe" (p. 79), „omtrind de plek waar wij na toe ging" (p. 85), „daarop zij hij dat hij na huis toe gaan wil" (p. 61), „ik ging na haar toe" (p. 158).

Trichardt versterk die voorsetselbepaling deur 'n tweede voorsetsel meer dikwels as in Ndl. maar hy gebruik nog dikwels net 'n enkele voorsetsel waar Afr. 'n samegestelde voorsetsel verlang, bv. „dat de vee na huis moes komen" (p. 16), „ik schoot van ver" (p. 319), „vraag hij of Gabriel met hem rijden kon" (p. 73), „en kwam reg na de wal" (p. 175), „de morgen kwam Bossetoe na mijn" (p. 89).

Die voorsetsel met...saam, wat in Afr. ontstaan het, waarskynlik nie sonder invloed van Duits mitsamt nie wat in die 17de eeu in Ndl. as leenwoord goed bekend was,[2] kom nie by Trichardt voor nie maar wel die verbinding : „Anthonie zij dat hij met Pieta same gaat" (p. 251). Same kom dus voor as deel van 'n samegestelde ww. en gevolglik is hierdie geval nie 'n voorbeeld van die Afr. voorsetsel nie wat nie alleen begeleiding uitdruk nie maar ook 'n middel kan aangee. In die reël skryf Trichardt met in verbinding met mee(gaan) soos in Ndl., bv. „De avond kwam Gabriel met de wagen mee" (p. 72), „de captijn is met ons meegegaan" (p. 275).

Oberholster gebruik in die reël 'n enkele voorsetsel waar Afr. 'n samegestelde voorsetsel gebruik, bv. „de verre afstand van mijn plaas...van mijn woning" (25/8/32), „van hier naar de dorp te gaene" (22/9/32).

/By

1) Overdiep, Seventiende-Eeuwsche Syntaxis II, p. 222 §187.
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 130 §253, Opm., vgl. Boosman Afr. en Malaio-Portugees, pp. 81-3.

By Joubert kom 'n paar gevalle voor van die gebruik van 'n tweede voorsetsel waar Ndl. dit nie gebruik nie, bv. „als hij na huis toe liep" (30/12/35), maar gewoonlik gebruik hy 'n enkele voorsetsel waar Afr. ook die bepaalde woord met voorsetsels omring, bv. „naadat ik van dorp kwam" (14/8/29), „is dinghan van de leger 2 of 3 dag rijsens te paart" (11/7/30(2)).

By Pretorius kom geen uitbreiding van die gebruik van die samegestelde voorsetsel voor nie.

315. In Afr. bestaan 'n voorsetsel om...ontwil wat deur 'n verskuiwing in die geleding ontstaan het uit die vorme om mijnentwil(le), zijnentwil(le), wat bestaan uit die datief van wil na om saamgesmelt met 'n besitl. vnw. wat daartussen staan en wat deur fonetiese oorsake 'n t na sy en-uitgang gekry het. Die buigingsuitgang van die vnw. is by die snw. groepeer sodat die nuwe eenhede om mij ontwil, om sy ontwel ontstaan het. Vervolgens is ook snwe. en pers. vnwde. tussen om...ontwil gebruik wat in Afr. as twee lede van 'n voorsetsel opgevat word.[1]

By Trichardt kom hierdie voorsetsel nie voor nie. By Oberholster kom die voorsetsel wel voor hoewel die vorm van die tweede deel afwykend van Afr. is : „dat het nimmer in hun gedagte was opgekomen sig om hunne slave in wille tot din stape te begeve" (14/10/34). Die tweede deel van die voors. het dus die oorspronklike vorm, nl. -en + wille, hoewel dit na 'n selfstandige naamwoord staan. Hierdie voorbeeld bewys dat hierdie voorsetsel toe reeds bestaan het en die gebruik daarvan tot snwe. uitgebrei het. Die vorm van die voorsetsel in die aangehaalde geval is moeilik om te verklaar. Dit was waarskynlik nie die spreektaalvorm nie.

/In

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 130 §254 opm.

By Joubert kom 'n paar gevalle voor van die gebruik van 'n tweede voorsetsel waar Ndl. dit nie gebruik nie, bv. „als hij na huis toe liep" (30/12/35), maar gewoonlik gebruik hy 'n enkele voorsetsel waar Afr. ook die bepaalde woord met voorsetsels omring, bv. „nadat ik van dorp kwam" (14/8/29), „is dinghan van de leger 2 or 3 dag rijsens te paart" (11/7/33(2)) .

By Pretorius kom geen uitbreiding van die gebruik van die samegestelde voorsetsel voor nie.

315. In Afr. bestaan 'n voorsetsel om...ontwil wat deur 'n verskuiwing in die geleding ontstaan het uit die vorme om mijnentwil(le), zijnentwil(le), wat bestaan uit die datief van wil na om saamgesmelt met 'n besitl. vnw. wat daartussen staan en wat deur fonetiese oorsake 'n t na sy en-uitgang gekry het. Die buigingsuitgang van die vnw. is by die snw. groepeer sodat die nuwe eenhede om mij ontwil, om sy ontwel ontstaan het. Vervolgens is ook snwe. en pers. vnwde. tussen om...ontwil gebruik wat in Afr. as twee lede van 'n voorsetsel opgevat word.[1]

By Trichardt kom hierdie voorsetsel nie voor nie. By Oberholster kom die voorsetsel wel voor hoewel die vorm van die tweede deel afwykend van Afr. is : „dat het nimmer in hun gedagte was opgekomen sig om hunne slave in wille tot din stape te begeve" (14/10/34). Die tweede deel van die voors. het dus die oorspronklike vorm, nl. -en + wille, hoewel dit na 'n selfstandige naamwoord staan. Hierdie voorbeeld bewys dat hierdie voorsetsel toe reeds bestaan het en die gebruik daarvan tot snwe. uitgebrei het. Die vorm van die voorsetsel in die aangehaalde geval is moeilik om te verklaar. Dit was waarskynlik nie die spreektaalvorm nie.

/In

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 130 §254 opm.

By Joubert kom 'n paar gevalle voor van die gebruik van 'n tweede voorsetsel waar Ndl. dit nie gebruik nie, bv. „als hij na huis toe liep" (30/12/35), maar gewoonlik gebruik hy 'n enkele voorsetsel waar Afr. ook die bepaalde woord met voorsetsels omring, bv. „naadat ik van dorp kwem" (14/8/29), „is dinghan van de lager 2 of 3 dag rijsens te paart" (11/7/30(2)).

By Pretorius kom geen uitbreiding van die gebruik van die samegestelde voorsetsel voor nie.

315. In Afr. bestaan 'n voorsetsel om...ontwil wat deur 'n verskuiwing in die geleding ontstaan het uit die vorme om nijnentwil(le), zijnentwil(le), wat bestaan uit die datief van wil na om saamgesmelt met 'n besitl. vnw. wat daartussen staan en wat deur fonetiese oorsake 'n t na sy en-uitgang gekry het. Die buigingsuitgang van die vnw. is by die anw. groepeer sodat die nuwe eenhede om nij entwil, om sy ontwel ontstaan het. Vervolgens is ook anwo. en pers. vnwde. tussen om...ontwil gebruik wat in Afr. as twee lede van 'n voorsetsel opgevat word.[1]

By Trichardt kom hierdie voorsetsel nie voor nie. By Oberholster kom die voorsetsel wel voor hoewel die vorm van die tweede deel afwykend van Afr. is : „dat het nimmer in hun gedagte was opgekomen sig om hunne slave in wille tot din stape te begeve" (14/10/34). Die tweede deel van die voors. het dus die oorspronklike vorm, nl. -en + wille, hoewel dit na 'n selfstandige naamwoord staan. Hierdie voorbeeld bewys dat hierdie voorsetsel toe reeds bestaan het en die gebruik daarvan tot anwo. uitgebrei het. Die vorm van die voorsetsel in die aangehaalde geval is moeilik om te verklaar. Dit was waarskynlik nie die spreektaalvorm nie.

/In

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 130 §254 opm.

wag" (p. 231). In die volgende gevalle is die voorsetselgebruik heeltemal ongewoon : „riep ik aan Willem en vraag wat het was" (p. 200), „toen ik alles onder haar verstand gebragt had" (p. 231). Die laaste geval is blykbaar 'n kontaminasie van : aan die verstand en onder die oë.

In Afrikaans word baie van hierdie voorsetsels vervang deur vir by wkrnwe. en name van persone of verpersoonlikte sake, bv. spot vir my naas spot met my, vra vir hom, waag vir tyding.

By Trichardt kom dit feitlik nooit voor dat voor 'n ander voorsetsel vervang nie. Die enigste geval le is : „dat zijn moeder het voor mijn steurd" (p. 275), „dat het voor mijn zoveel moeite geef" (p. 311). By die ander wwe. waarby vir in Afr. gebruiklik is, nl. sê, vra, beloof, laat weet, kijk, lag, smag, ens., kom alleen die vaste voorsetsel by Trichardt voor, bv. „vraagt aan Carolus" (p. 16), „had mijn gevraag om twee agter oose" (p. 150), „zei ik aan Jan" (p. 171), „zij dat Gabriel laat weete aan mijn" (p. 72).

By Oberholster is die voorsetsel wat die werkw. met die anw. verbind, soms ook vreemd, bv. „waarin u Wel Ed. naar een schouwachte vraagt" (15/3/28), „een bende bestaande in boojemen Koeranas en bastaards" (25/8/32).

Ndl. is Joubert se voorsetselgebruik in: „ik heb...tegen Hel gesproken" (14/3/29) en 17de-eeuse Ndl. in die volgende gevalle : „dat ik mijn seer sterk verwondert om sulke onvoorsigtig toelasting op de grense" (6/5/28), „de Comando die toen nog wagtende was naa Landman" (J 25/11/38).

/Ook

Ook by Pretorius kom soms 'n voorsetsel voor wat in ooreenstemming met 17de-eeuse Ndl. gebruik is : „het schijnd of hij alleen na ons wag" (12/2/47, p. 256), „soo gij terugdenken op den aangename wooningen..." (12/1/49, p. 354).

By al drie tydgenote van Trichardt kom geen geval van die vervanging van die vaste voorsetsel deur voor (vir) voor nie.

'n 'n Opvallende kenmerk van verbindinge van hierdie wwe. met 'n naamwoordelike voltooiing in die taal van die vier skrywers is dat vir byna nooit die vaste voorsetsel vervang nie maar dat soms wel die 17de-eeuse Ndl. voorsetsel in plaas daarvan gebruik word.

318. Voor 'n infinitief gebruik Afrikaans in byna alle gevalle die vaste voorsetsel om te. In Ndl. word in die skryftaal meestal te voor die infinitief gebruik maar in die spreektaal is om te ook die gebruiklike bindwoord.[1] Selfs in die Ndl. skryftaal het die infinitief met om te die infinitief plus te uit verskillende funksies verdring, in besonder uit die bywoordelike bepaling van doel,[2] in watter funksie om te + infin. in Middelnederlands dikwels voorkom.[3]

Trichardt gebruik in die reël infinitief + om te in die finale funksie, nl. 464 maal teenoor 11 maal infin. + te, bv. „omtrind 8 uur zouw ik en Doors gaan om te jagten" (p. 110), „dat ik na'ouwe Botha gaan wil om te zien hoe hy gesteld is" (p. 315), „dat Pieta de pakwagen bringen moet om een disselboom in te maken" (p. 133); „Is ik en Anthonie gereden na de water te zien" (p. 309), „Willem

/is

---

1) Muller, Spreektaal en Schrijftaal in h. Ndl. (Taal en Lett. I, p. 200)
2) Overdiep, Stilistische Gramm. p. 270 § 213.
3) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 313 § 203.

is weer gegaan na de honden te zoeken" (p. 97), „kwam een kaffer met een bleuw schimmel kween voor een veers te ruilen" (p. 89).

Oberholster gebruik 11 maal om te en 16 maal te voor die infinitief in 'n byw. bepaling van doel, bv. „dat zij zijn gekome om paarde te stele" (9/10/32), „16 gewapende burgers vertrek op hede om op den 25ste aan Groot Vontijn persend te weese" (23/8/35); „ik sal ...alle moogelijke vlijd aanwende al soodanige vangebonde magtig te worde" (14/2/29), „door mijn is gecomde de korenas kapiteijn Abram aan de toorenberg te doen verschijne" (1/5/29).

Joubert gebruik 64 maal om te voor die infinitief teenoor 7 maal te in hierdie funksie, bv. „om de 18 deser op kantoor te weesen om gehoort te worden" (10/3/36), „ik ben tans op de grense van mijn wijk om maa waater te sien" (9/11/31); „ik vertrok de 7de van hier met een geselschap te sien hoe wij hun kon te hulp zijn" (11/7/38).

By Pretorius word om te + infinitief 85 maal gebruik teenoor te + infinitief 3 maal om doel uit te druk, bv. „daar ik nu nog eens tot U E. sijn gekomen om...iets voor U E. te doen" (p. 149), „so sal (ik)... tog liever om wat te behouden weder met mijne familie den woestijn verkiesen" (Aug. 1845, p. 190); „ik wende mij door desen tot U E. mijne beswaaren aan U E. voor te dragen" (12/2/46, p. 300).

Die aantal kere wat te voor die infinitief voorkom, bewys 'n bewuste poging om Ndl. te skryf sodat hierdie hiperkorrekte vorme moet wees.

/Maar

319. Waar die onderwerp van die persoonsvorm ook onderwerp van die infinitief is en die voorsetsel + infinitief lydende voorwerp is, gebruik die Ndl. skryftaal te + infinitief bv. Ik beloof het boek mee te brengen.[1] In Afr. is om te die gebruiklike voorsetsel om die infin. met wwe. wat draers is van 'n relatiewe begrip, in hierdie geval te verbind.

Triebardt skryf 26 maal om te + infin. teenoor 90 maal te + infin. in hierdie verbinding, bv. „hy zal zien om hulle voorby te bringen" (p. 39), „nam wij voor om te trekken" (p. 147), „ik zal zien om klaar te raken" (p. 203); „heef hij beloof Poombana te brng" (p. 11), „zooveel als zij aannam te dragen" (p. 40), „als ik verkiest te komen" (p. 138), „zoodat ik niet dagte de andere dag nog te leven" (p. 322).

Oberholster skryf altyd te voor die infinitief in hierdie geval, bv. „ik sal ten ernstigste tragte aan U Wel Ed. begeerte te voldoene" (29/3/28), „ik verzoek door U Wel Ed. moog geassisteerd te worde" (14/2/29).

By Joubert kom om te + infin. 14 maal en te + infin. 84 maal voor as lydende voorwerp waar die onderwerp van die persoonsvorm ook onderwerp van die infinitief is, bv. „de personen waarmede gij dink om mijn bevreen te maken" (17/8/33); „ik hoop tegen de laaste van aanstaande week aan Caledsberg te dijn" (1/8/33), „zij heb alle beloof iets toe te doen" (14/8/29), „en goed dink mijn daardoor tot mijne plig te vergen" (17/8/33).

By Pretorius kom hierdie verbinding 18 maal met te en 2 maal met om te as bindwoord voor, bv. „daar

/ik

1) Overdiep, Mod. Ndl. Gram. p. 136 § 205.

ik nooijt sullen ophouden Affrikaander te sijn" (6/3/47, p. 121), „en besloot hed daar te sterven" (12/1/49, p. 351); „ken ik niet langer swijgen om den werold te laaten hooren" (13/1/49, p. 350).

To + infinitief word dus oorwegend as lydende voorwerp gebruik en dit moet ongetwyfeld op rekening van die Ndl. skryftaal geplaas word. Dit is moontlik dat alleen te voor die infinitief in hierdie verbinding sporadies in hul taal nog voorgekom het. In die Ndl. spreektaal is om te voor die infinitief egter ook baie gewoon in hierdie funksie, reeds van die 17de eeu af.[1]

320. Waar die voorwerp van die persoonsvorm die onderwerp van die infinitief is, word in die Ndl. skryftaal infinitief plus te gebruik,[2] waar Afr. alleen om te voor die infinitief ken. Trichardt gebruik infin. +om te 34 maal en infin. +to 17 maal, bv. „Heb ik Rossetoe laate vraagen om na de boes te zien om het hier te krijgen" (p. 30), „ik zal jouw niet vragen om by de vee te blijven" (p. 136), „dat tante mijn laate vraagen om hoor te helpen" (p. 149); „en liet hem versoecken zoovoel volk bij te geven als nodig is" (p. 40), „versoek mij aan alle witte menschen te zeggen" (p. 300), „dat het hem belette te kunnen zien" (p. 258), „ik laat hem zeggen voor mijn tabak en koorn te bringen" (p. 159). Hoewel die infinitief plus voorsetsel in hierdie geval ook in 'n objekverhouding tot die persoonsvorm staan soos in die geval van die konstruksie wat hierwoor behandel is, word die voorsetsel om te hier meer as te voor die infinitief gebruik, in teenstelling met sy oorwegende gebruik van te in die vorige geval.

/Oberholster

---

1) Overdiep, Seventiende-Eeuwsche Syntaxis, III, p. 426.
2) Idem, Mod. Ndl. Gramm., p. 138 §209.

Oberholster skryf konsekwent te voor die infinitief in hierdie verbinding, bv. „heb ik hem gelas weeder by Viljoen in diens te gaan" (12/2/28(2)), „en versoek mijn U Ed. te melde" (14/10/34).

Joubert skryf 20 maal inf. + om te teenoor 13 maal inf. + te, bv. „en Kruger gelas om het kind af te geven" (24/3/28(2)), „ik moet u versoeken om mij spoedig te schrijven" (25/9/29(2)); „hij heef mijn verzoog U Ed. hiervan te melden" (25/5/32), „ik heef hem gerasijt sulks te onderzoeken in mijn dan te melden" (14/8/29).

Pretorius gebruik 3 maal om te en 12 maal te as bindwoord in hierdie verbinding, bv. „laat ik U E. randen om tog noojid den besittins of eijgendom van andere te verlangen of te neemen" (p. 151); „en hebt hun bevoolen hem in alles trouw te helpen" (12/1/49, p. 503).

Hoewel Trichardt en Joubert die voorsetsel om te meer gebruik as te, vertoon die vier skrywers se taal in hierdie geval ook Ndl. skryftaalinvloed. Soos in Afr. is in die Ndl. spreektaal om te hier die gebruiklike bindwoord, ook reeds in 17de-eeuse Ndl.[1)]

321. Die selfstandige ww. zien, hoor en voel neem in Afr. 'n infinitief sonder voorsetsel, soos in Ndl.; meestal is dit dit akkusatief- en-infinitief-konstruksie, bv. ek zien hom aankom. Die werkwoorde leer en help kan ook 'n infinitief met of sonder voorsetsel neem, bv. ek leer hom skryf - om te skryf.

By Trichardt kom baie gevalle van die verbinding van hierdie ww. met 'n infinitief sonder voorsetsel voor,

/bv.

1) Overdiep, Seventiende-Eeuwsche Syntaxis III, p. 431 § 362.

bv. „zag Roosetoe een renoster loopen" (p. 17), „heb ik Carolus aan zijn wagetrap zien werk" (p. 70), „de avond hoorde wij donder weer zeer ver druie" (p. 141), „men kon de lopens horen slaan" (p. 268), „zag wij Strijdom winken" (p. 172), „hij zal ouwe Strydom zijn mielies eers helpe afdragen" (p. 73), „ouwe Strydom en zijn zoon Isaak help de blaasbalk trekken" (p. 121), „heef ik u leere kennen" (p. 62).

In Ndl. kan <u>doen</u> en <u>heeten</u> ook die akt.- en infin. konstruksie neem maar nie in Afr. nie.[1] By Trichardt kom hierdie wwe. wel met hierdie konstruksie voor, bv. „dat hied zij liegen" (p. 134), „doet ik U Ed. door deze woeten" (p. 32). Dit is moontlik formules in sy taal.

<u>Verbinding met of sonder voorsetsel</u>

322. Die selfstandige naamwoord wat die doel uitdruk waarop die handeling gerig is, kan met of sonder voorsetsel met die werkwoord verbind word, bv. <u>roep (vir) hom</u> - <u>gee (vir) my die boek</u>.

Waar die ann. die direkte voorwerp uitdruk, word in Ndl. nooit 'n bindwoord gebruik nie maar in Afr. kan die voorsetsel <u>vir</u> gebruik word voor 'n persoonlike voornaamwoord en voor name van persone of verpersoonlikte sake, bv. <u>slaan vir hom</u> - <u>ry vir Kol</u>. As 'n vorm wd. deur 'n bywoord voorafgegaan word, is <u>vir</u> noodsaaklik,[2] bv. <u>ek het eerste vir jou rakgesien</u>. Hierdie uitbreiding van die gebruik van <u>vir</u> word algemeen aan invloed van Maleis-Portugees toegeskryf.[3]

By Trichardt kom twee gevalle voor waar <u>voor</u> moontlik voor 'n direkte voorwerp staan, maar dit is onseker: „en als gij braef <u>voor hen</u> opgepast en gewerkt heb" (p. 126),

/hij

1) Overdiep, Mod. Ndl. Gramm., pp. 133-5 § 202.
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 139 § 274.
3) Rosman, Oor die Ontstaan, p. 89.

„hij zij dat hij voor de schapen zouw oppassen" (p. 178). Die verskynsel kom dus alleen by die werkw. oppassen voor. Die gebruik van 'n tweede werkw. wat alleen 'n indirekte voorwerp kan neem naas oppassen in die eerste voorbeeld maak dit onwaarskynlik dat voor in daardie geval voor 'n indirekte voorwerp staan, terwyl die tweede voorbeeld in Afr. nie baie gebruiklik is nie. In Albach se taal kom een voorbeeld hiervan voor (vgl. Aanhangsel B).

By Trichardt se drie tydgenote kom vir voor 'n direkte voorwerp nooit voor nie. Dit moet egter in die spreektaal van die tyd gewoon gewees het daar Teenstra voorbeelde daarvan gee in sy bekende Hamenspraak as 'n eienaardigheid van die Kaapse spreektaal, bv. „roep voor Leida", „roep voor Menna". In vroeë Afr. stukke kom dit nie baie dikwels voor nie. In Meurant se Afr. stukke in die „Grensblad" kom 'n aantal voorbeelde van hierdie verbindingstipe voor.[1]

323. As die meewerkende of belanghebbende voorwerp die enigste voltooiing van die werkw. is, kan dit in sowel Ndl. as Afr. gewoonlik met of sonder voorsetsel daarmee verbind word, bv. Afr. : Vra (vir) hom, Ndl. : vraag (aan) hem. As die meewerkende of belanghebbende voorwerp deur 'n direkte voorwerp in die sin gevolg word, kan eersgenoemde voorwerp in Afr. deur middel van 'n voorsetsel met die werkwoord verbind word, veral as dit 'n voornaamwoord is.[2] Dit is in Ndl. nie moontlik nie. Vgl. Ik gee vir hem die geld.

Trichardt gebruik hierdie konstruksie 109 maal sonder 'n voorsetsel en 39 maal met 'n voorsetsel. Sonder voors., bv. „heb ik hen een lossing gegeven" (p. 46), „ik

/gaf

---

1) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22/3/1941, p. 21.)
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 140 § 275; M. de Villiers, Sintaksis v.d. Werkw., p. 35 § 24.

gaf haar de avond een goede slag schaap" (p. 277), „zij wij hem het ook" (p.165); met 'n voorsetsel, bv. „Heb Napelie aan mijn de bul kalf gesteurd en aan. Doors een kouij tand" (p. 21), „hij brag voor mijn en Carolus elder een os" (p. 46), „hij zij dat hij voor mijn een olivente tand gebragt heb" (p. 269), „verder gaf Rossetoe zijn moeder aan hem een stuk geruijt" (p. 119), „De morgen heb ik aan Jufr. Schepers drie slag schapen gegeven" (p. 83).

Oberholster gebruik die indirekte voorwerp voor die dir. voorw. in die reël sonder 'n voorsetsel, bv. „waarin ik U Ed. kennis heb gegeve" (24/11/28), „daar het mijn veel moeijte veroorsaak" (24/4/35). In 'n paar gevalle kom daar egter wel 'n voorsetsel voor die indirekte voorwerp voor, bv. „met verzoek aan U Wel Ed. aan mijn eenge stofve der kalpoke te zende" (15/11/31), „ten spoedigste aan mijn berig te doene" (11/4/32).

Joubert skryf in 10 gevalle geen voorsetsel nie, bv. „terwijl de heer geen mag heef mijn iets te gelaaten" (1/8/33(2)), maar 2 maal wel : „rigte ik dadelijk aan hem een brief" (19/5/34), „om volgens bewijsen aan mijn rekeningen te semen" (19/5/29).

By Pretorius kom hierdie verbinding 7 maal sonder 'n voorsetsel voor, bv. „nij seg geen reg te hebben ons amenisie af te geven" (10-/4/39, p. 63), maar 2 maal met 'n voorsetsel : „die voor ons allen hun goed en bloed hebben opgeofferd" (6/6/39, p. 77), „maar so kort moogelijk aan U E. een schets meedeelen" (12/1/49, p. 350).-

/Hierdie

Hierdie onndl. woordorde is dus reeds oud in Afr. en dit moet in daardie tyd reeds baie gebruiklik gewees het. Dr. Scholtz het dit ook by Meurant aangetref.[1]

324. Waar die meewerkende of belanghebbende voorwerp op 'n direkte voorwerp volg, moet eersgenoemde voorwerp deur 'n voorsetsel in Afrikaans voorafgegaan word : Ek stuur die boek aan jou.[2] Vir Ndl. geld hierdie reël ook behalwe dat waar 'n enklitiese voorwerp die meewerkende of belanghebbende voorwerp voorafgaan, laasgenoemde sonder voorsetsel staan. Vgl. : Ik gaf 't hem.[3]

In 24 gevalle gebruik Trichardt die reëlmatige woordorde, direkte voorwerp gevolg deur 'n voors. plus indir. voorwerp, bv. „dat de kaffers een brief voor mijn gebragt heb" (p. 38), „de avond zij Carolus het aan mijn" (p. 218), „heef hij 't aan Rossetoe gebragt" (p. 25). Sestien maal staan 'n indirekte voorwerp sonder voorsetsel na die direkte voorwerp (het, bv. „zij ik het hem" (pp. 94, 143), „Ik beloofde 't hem" (p. 95), „en gaf het hem" (pp. 163, 303), „Jan zij dat hij het hem anders zeggen zal" (p. 167), „zij liet 't haar gevallen" (p. 181). Dit is van belang dat Trichardt daar teenoor in 19 gevalle het na die indirekte voorwerp in die sin skryf, bv. „Ik sloeg hem het af" (p. 80), „hij kwam mijn het bewijsen" (p. 104), „zij hij hem het nogeene" (p. 113), „dat hij haar het belet heef" (p. 119), „zijs hij mijn het aan" (p. 126), „om haar het te zeggen" (p. 244). Dit bewys dat in Trichardt se spreektaal hierdie woordorde meer gewoon was as die Nederlandse.

By Oberholster staan altyd 'n voorsetsel voor die indirekte voorwerp waar dit op die direkte voorwerp volg, bv. „Ik heb Joubert geschreve de brief aan mijn

---

1) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22/8/1941, p. 63.)
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 140 § 275.
3) Overdiep, Stilistische Gram., p. 481, § 296.

te besorge" (3/9/26), „weijl gesegte baadenhors hem aan mijn nit onderwerpe wou" (9/4/28).

By Joubert kom ook meestal die reëlmatige woordorde vir hierdie verbinding voor, bv. „brag men de aprentisen voor mij" (J 7/11/38), „die mijn beloof de aprentisen voor mij te bringen" (J 13/11/38), 'n Paar maal staan 'n indir. voorw. sonder 'n voorsetsel na 'n dir. voorw., bv. „leg het hem voor" (21/6/34), „sijde het mij aan (J 22/11/38). Ook ander woorde as het kom in verbindinge met hierdie woordorde voor, bv. „terwijl Gibbon mijn beloof...mijne brief ule eijgenhandig te besorgen" (26/5/34). In die reël kom het as direkte voorw. egter na die indir. voorw. voor, bv. „mnr. Kolbe heb mijn het soo verhaalt" (6/9/31), „ik sal soeken U E.l. het duidelik te maken" (28/8/34).

By Pretorius kom alleen verbindinge met reëlmatige woordorde voor, bv. „heb de gouverneur de plaatsen aan mijn kindere gegeven" (4/3/49, p. 304).

Die gebruik van hierdie Ndl. konstruksie met 'n direkte voorwerp het voor 'n indirekte voorwerp wat nie deur 'n voors. met die ww. verbind is nie, mag te wyte wees aan Ndl. invloed, hoewel dit nog in hul spreektaal mag voorgekom het. Dit is selfs moontlik dat dit nog in Afr. voorkom.

325. In Afr. het ook uitbreiding van die gebruik van vir voor die indirekte voorwerp plaasgevind. In sommige gevalle waar Ndl. geen voorsetsel gebruik nie of alleen die voorsetsel aan kan gebruik, het vir in Afrikaans ook ingedring.

/By

By Trichardt kom voor 'n aantal keer voor by die wwe. (ge)lijken, schijnen, wesen en zien wat in Ndl. in die reël nie 'n voorsetsel neem nie, bv. „het was voor mijn of hij dat tot verschoning zij" (p. 40), „omdat het voor mijn gelijk dat..." (p. 44), „Jan zij de kaffers lijk voor hem beloef" (p.218), „Ik zij dat het voor mijn schijn of wij bedrogen word" (p. 173), „dat zijn vrouw voor mijn sleg uitziet" (p. 61).

Verdringing van die voors. aan deur voor kom by Trichardt net voor in die twee gevalle aangehaal in § 317. In sy weergawe van Albach se taal kom voor gewoonlik i.p.v. aan voor.

Oberholster gebruik enkele male die voorsetsel voor waar Ndl. nie 'n voorsetsel gebruik nie, bv. „hoewel de saak voor mijn moeijelik in duijster toeschijn" (19/3/20), „wat sou het voor ons een vreugde wese" (24/10/29). Voor vervang nooit 'n ander voorsetsel nie.

By Joubert en Pretorius kom geen voorbeelde van die Afr. uitbreiding van die gebruik van vir (voor) voor die indirekte voorwerp voor nie.

Dit is opvallend dat voor die indirekte voorwerp so min voorbeelde van die uitbreiding van die gebruik van vir (voor) aangetref word. Dit moet in die spreektaal van die tyd baie gewoon geword het te oordeel na die gevalle daarvan in Teenstra se Zamenspraak : „zeg voor hem", „geef voor mijn heer". Changuion het die gebruik om oral die voorsetsel voor tussen die werkw. en die derde of vierde naamval in te voeg in die Afrikaans van die tyd „zeer opmerkelijk" gevind.[1] Dr. Scholtz meen dat die konstruksie met vir by die wwe. sê,

/vra

1) Changuion, de Nederduitsche Taal, p. 130 § 275.

vra, ens. moontlik oorgeërf is in Afr. en wys daarop dat dit reeds in Van Riebeeck se Dagverhaal voorkom.[1] Die geringe uitbreiding van die gebruik van voor (vir) voor die direkte en indirekte voorwerp wat die taal van Trichardt en sy tydgenote vertoon, mag aan Ndl. invloed te wyte wees of aan 'n gevoel dat die gebruik van hierdie konstruksies nie beknop of deftig genoeg vir die skryftaal is nie.

326. Trichardt maak dikwels gebruik van die possessiewe datief, d.w.s. die belanghebbende voorwerp druk 'n verbinding uit wat deur 'n besitlike voornaamwoord omskryf kan word : Ek het dit hom aan die verstand gebring.

By Trichardt kom hierdie verbinding veral voor waar die „besit" deel van 'n voorsetselbepaling is, bv. „een kool vuur die hem in zijn veldschoen gevallen was" (p. 143), „twee jonge honden die hem aan zijn karos vatte" (p. 107). Die besitl. vnw. word dus ook gebruik sodat dit die besitter dubbeld aandui. Hierdie verbindingstipe is die gebruiklike in Afr. Trichardt skryf egter ook die verbinding sonder die besitl. vnw. : „dat...de tranen hem over de wangen rolde" (p. 317).

Algemeen gebruiklik in sowel Ndl. as Afr. is die possessiewe datief in 'n uitgebreide verbinding, nl. verbum finitum + datief + akkusatief + voorsetselverbinding.[1] By Trichardt kom hierdie verbindingstipe dikwels voor, bv. „Heb zij hem een assegaai door de bouijt gegooit" (p. 60), „Hij had de oo de neus aan stukkend geslagen" (p. 288), „heef Pieta die kalvers stokken deur de neusen gestooken" (p. 29), „Carolus schoot een vier schoten in de kop" (p. 391). Ook

/hierdie

1) Vgl. Overdiep, Stilistische Gramm., p. 387 § 226.

hierdie verbindingstipe is in Afr. meer gewoon met die besitl. vnw. By Trichardt kom een voorbeeld hiervan voor : „Als men een bok een riem om zijn hooren binden" (p. 227).

Die verbinding met 'n bywoord is natuurlik baie gewoon in Ndl. In Afr. is dit ook moontlik hoewel 'n besitl. vnw. i.p.v. 'n possessiewe datief gebruikliker is. Trichardt gebruik hierdie verbinding ook baie dikwels, bv. „dat zij hem de kop insleanen zal" (p. 45), „heb Pieta een kwagga de been afgeschoten" (p. 145), „ik zal hem maar de kop afsnijen" (p. 52), „schoot hij de kwagga de rug af" (p. 153).

By Oberholster kom ook 'n paar voorbeelde van die possessiewe datief voor : „uwe brief van den 15 April seijn mijn op hede eers te hand gesteld" (8/5/26), „van hetgeen mijn op heede ter kennis is gebrag" (16/4/29).

Trichardt se voorliefde vir die possessiewe datief gee aan sy taal 'n Ndl. karakter. Dit mag aan Ndl. invloed toe te skrywe wees of 'n kenmerk van sy spreektaal gewees het.

327. In Afr. kan werkwoorde wat gewoonlik deur 'n voorwerp voltooi word, ook as voltooide begrippe voorkom, bv. Laat staan maar.

By Trichardt kom net enkele voorbeelde hiervan voor, bv. „Vrijdag heb ik gesteurd om het te halen" (p. 17), „vraag ik aan Jan of die oxen niet vatten wil" (p. 215). 'n Belangrike geval is die gebruik van om geven as voltooide begrip : „dat hij niet om geef dat Rossetoe hem doot slaat" (p. 45). Prof. Bouman gee die volgende uiteensetting van hierdie ontwikkeling : „Werkwoorden welke gekonstrueerd worden in verbinding met een voorzetselbepaling en een eventueel volgende bijzin, kunnen met het voorzetsel geïsoleerd raken doordat een representant van de bijzin ontbreekt. Dit verschijnsel is

/wol

wel niet beperkt tot Afrikaans maar deze taal levert een mooi voorbeeld ter illustratie hoe zo 'n gefsoleerde groep zijn funktie verder uitbreidt...". Hy haal die volgende voorbeelde aan ter illustrasie van die gebruik van om gee in Afrikaans : „as jy nie omgee nie, sal ek saamgaan", „ek gee nie om nie". Ook met 'n afhanklike vraag word dit so gebruik terwyl om gee ook as oorganklike werkw. in Afr. gebruik word en die vorm-woord vir voor 'n voorwerp neem[1] : Ek gee nie om vir rook nie.

In die orige gevalle waar die ww. geven in verbinding met om voorkom, is Trichardt se gebruik in ooreenstemming met Ndl. : „dat ik het wis, dan had ik daar niet zoo groot om gegeven" (p. 65), „zag ik dat hij niet veel om de schoten gaf" (p. 56).

By die ander skrywers kom daar geen gevalle voor waar om geven gefsoleerd gebruik word nie. Pretorius skryf : „sullen wij wijnig daarom geven wat den uijdslag sijn sal" (10/4/39, p. 63).

Trichardt se gebruik bewys dat hierdie verbale groep toe reeds as 'n voltooide begrip voorgekom het.

328. In Afr. kan party werkwoorde wat dikwels refleksief gebruik word, ook sonder die voornaamwoordelike vorme voorkom: Hy is net van een ding bewus.[2] By Trichardt kom die ww. voornemen wat nie sonder die voornwd. gebruik kan word, wel daarsonder voor, bv. nam wij voor die dag de vee te verleggen" (p. 33), „nam wij voor om te trekken" (p. 147), „nam ik voor de andere dag te gaan" (p. 100). Dit is waarskynlik 'n persoonlike eienaardigheid. Die ww. bejammeren gebruik

/hy

1) Bouman, Ondersoekening over Afr. Sintaksis (Annale v.d. Univ. v. Stellenbosch, Jrg. 4, nr. 3, p. 17 § 9).
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 145 § 281.

hy refleksief in stryd met Ndl. en Afr. gebruik in : „Ik zij dat ik mijn over de heer en juffr. bejammert" (p. 316).

329. In Ndl. en Afr. word 'n tweede voltooiing deur middel van die voegwoord als (as) aan relatiewe verbaalbegrippe geknoop : Hulle het hom gekies as voorsitter - Ek ken hom as 'n eerbare man. In Afr. kan dieselfde verhoudinge ook deur middel van die voorsetsel vir uitgedruk word : vir voorsitter, vir 'n eerbare man.[1]

Trichardt gebruik konsekwent voor en nooit die voegwoord om hierdie verhouding uit te druk nie, bv. „wat ik haar voor beloning geven moet" (p. 251), „presenteerde ik hem vier schapen aan voor zijn porsie" (p. 274), „en als hij mijn te veel voor zijn dienaar gebruiken wil" (p. 144), „dat zij niet nodig heb hun voor baas of meester te erkennen" (p. 106), „dat hij mijn voor een dief schel" (p. 79), „en dat voor onverstand aan merkt" (p. 108). Trichardt se taal is in hierdie opsig heeltemal Afrikaans.

(III) Die Werkwoord is Lid van 'n Kompositum

330. In verband met hierdie verbale begrip sê prof. le Roux : „Die werbale komposita het ontstaan deur samestelling van die begrip van die Werkwoord met die van die bepaling of voltooiing tot 'n nuwe eenheid, soms met verbleking van die betekenis van die Werkwoord. Kenteken van die ontstaan van die samestelling is die eenheidsaksent."[2]

331. Waar in Afr. die selfstnwd. die manier van die handeling aangee of die doel uitdruk waarop die handeling gerig is, kry dit die hoofaksent van die samestelling en in

/die

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, pp. 146-7, §§ 287-8.
2) Idem, p. 147 § 290.

die reël word geen lidwoord of voorsetsel daarvoor gebruik nie, bv. Hy kon nie saam kry nie.[1]

By Trichardt kom die volgende voorbeelde van hierdie tipe samestelling voor : „dat hij kans ziet" (p. 258), „in handen krijgen" (p. 67), „dat hulle hem niet haas raken zal" (p. 39), dat wij byna alle hoop opgaf" (p. 57).

338. Die bepaling of voltooiing van die grammatiese onderwerp kan samestellinge vorm met vorme van die ww. wees, bliĳ, word, lijk, skijn. Die vorme van wees dien teenswoordig hoofsaaklik om die gramm. onderwerp met die bepaling of voltooiing te verbind. Daar die woord nie alleen voldoende is om 'n begrip uit te druk nie, kan hierdie toevoegsels ook beskou word as voltooiinge van die ww. maar hulle dien ewenn tot bepaling of voltooiing van die gramm. onderwerp.[2]

Ndl. verskil van Afr. ten opsigte van hierdie verbindingstipe daarin dat die voorwerpsvorme van die vnww. hij en zij nie as voltooiing van die gramm. onderwerp het kan voorkom as die nadruk daarop val nie. Dan word in Ndl. gesê: hij is 't, zij zijn 't, waarnaas : 't is 'm, 't zijn ze wel mogelik is.[3] In Afr. word in alle gevalle gesê : dit is hy, dit is hulle. Trichardt skryf in alle gevalle die vnw. hij as naamwoordelike deel van die gesegde, bv. „hij dink het is hij" (p. 109). Hierdie sin verskil ook nog van Ndl. deur die gebruik van die nominatiefvorm i.p.v. die akkusatiefvorm van die pers. vnw. sodat dit suiwer Afr. is.

/Om

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, pp. 148-9 §§ 291-2.
2) Idem, p. 149 § 293.
3) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 27/6/1941, p. 35).

333. Om 'n tydsbepaling, wyse of „aktionsart" uit te druk, word vorme van bepaalde werkwoorde met infinitiewe verbind. „Die uiterlike kenmerk wat die proses van samestelling begelei, is dat die Infinitief sonder Preposisie gebruik word, dog, daar die inwendige proses natuurlik voorafgaan, kan die Prepo. nog by party Werkwoorde voorkom. Daarenteen hoef die twee dele van die kompositum nie naas mekaar te staan nie."[1]

In Afrikaans het egter 'n aantal enge woordgroepe ontwikkel wat afgesien van die sinsverband waarin dit voorkom in 'n bepaalde orde van samevoeging kan staan, nl. met die infinitief onmiddellik na die wwe. gaan, kom, loop, laat en bly, bv. gaan haal, sit; kom kyk, kry; bly sit, lê.[2] In Ndl. kom hierdie groepe nie voor nie.

In Trichardt se taal het ek geen bewys van hierdie enge woordgroepe aangetref nie. Waar genoemde verbindinge by Trichardt voorkom, is die lede van die groep gewoonlik deur ander woorde geskei, bv. „de morgen blijf het steken" (p. 172), „blijf de paarde staan" (p. 239), „liet wij hoar daar staan" (p. 85), „ging ik weer leggen" (p. 322), „ging wij aan de over zij van de kloof zitten" (p. 100).

By Trichardt se tydgenote het ek ook geen voorbeelde aangetref van die gebruik van hierdie enge woordgroepe, nie.

334. By die wwe. durf, probeer, begin en help word die infinitief in Afr. met om te of te of sonder voorsetsel gebruik.[3]

/By

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 150 § 295.
2) vgl. Bouman, Onderzoekingen over Afr. Sintaksis (Annale v.d. Univ. v. Stellenbosch, Jrg. 4, nr. 3, §§ 10-15.
3) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 151 § 301.

By hierdie wwe. gebruik Trichardt die infinitief met te in alle gevalle, bv. „begon wij te dugten" (p. 273), „het begon te regenen" (p. 235), „om ons te helpen de pad te maken" (p. 219), „ouwe Strydom prubeer een spaak te maken" (p. 120).

Veral in amptelike taal en die pers word die wwe. neen, weet en erken in Afr. deur te met 'n infinitief verbind.[1] Trichardt skryf verbindinge met hierdie wwe. altyd met die bindwoord te, bv. „die wij niet weet op te noemen" (p. 81), „die tijd dat wij meende daar te blijven" (p. 213).

'n Ander wwe. waarby beide Afr. en Ndl. die voorsetsel te voor die infinitief gebruik, is weeg en staan waar hul subjek die implisiete objekwan die infinitief is, bv. Daar's 'n nooie te lei.[2] By Trichardt kry ons voorbeelde van hierdie verbinding soos : „maar hij was niet te vinden" (p. 267), „ik vraag wat ons nu te doen staad" (p. 231).

335. Waar die ww. hebben (het) met 'n infinitief verbind word en altwee verbale vorme dieselfde voorwerp neem, word in Afr. soms te voor die infin. gebruik, hoewel in die meerderheid van gevalle om te die gebruiklike bindwoord is: Ek het niks te doen nie - Ek het werk om te doen.

Trichardt skryf hierdie verbinding 4 maal met om te en 19 maal met te voor die infinitief, bv. „overmits ik geen tolk heb om mee te nemen" (p. 199), „ik zij dat ik geen beeste meer had om hem te geven" (p. 148); „ik had niets te doen" (p. 49), „wat zij mijn te zeggen heb" (p. 276), „had wij een ontsaggelijke holte en steijlte door te gaan" (p. 146), „wij had die dag een zeer slegte weg te rijden" (p. 200). Trichardt gebruik dus soms alleen te waar Afr. om te verlang, moontlik onder Ndl. invloed.

/Die

1) M. de Villiers, Sintaksis v.d. Werkw., p. 45, § 29.
2) Idem, p. 47 § 29.B.

336. Die wwe. liggen, zitten, staan en loopen met infinitief + te omskryf in Ndl. 'n duratiewe handeling, bv. de kip zit te broeden. In Afr. word hierdie wwe. ook as hulpwwe. gebruik om die duratiewe aspek van 'n handeling uit te druk. Hulle word dan newesikkend verbind met die volgende werkw. deur middel van die voegwoord en : Hy sit en slaap. Hierdie verbindingstipe was in Mnl. reël,[1] en in 17de-eeuse Ndl. was dit nog die gebruiklike konstruksie om duratiewe handeling te omskryf.[2] In moderne Ndl. is die newesikkende verbinding verouderd.

In Afr. het egter ander konstruksies ook ontwikkel, nl. verbindinge met te wat veral by staan, sit en loop in die literatuurtaal onder Ndl. invloed voorkom, en verbindinge sonder voornwoord.[3] Vgl. Hy sit haar aan te kyk - Hy sit slaap.

By Trichardt kom net een voorbeeld van die newesikkende verbinding voor : „de morgen lij hij dig bij de wagen en slaap" (p. 195). Daarnaas skryf hy 9 maal verbindinge met te, bv. «dat zij lij te slapen" (p. 204), „dat ik by St. Maria sat te praten" (p. 310), „stond zij allen te kijken" (p. 270), «de agtermiddag zat ik by Pieta zijn wagen te schrijven" (p. 185).

'n Verbinding sonder voornwoord wat by Trichardt voorkom, is 'n voorbeeld van 'n konstruksie wat ook in Ndl. gebruik word en waarin hierdie wwe. as infinitief, deur 'n ander ww. begelei, verbind word met 'n infinitief sonder te, bv. Ik heb hem zien zitten schrijven.[4] Die voorbeeld wat Trichardt gebruik, is : „Ik Blijf staan roepen maar kon niemand krijgen" (p. 180).

/Kongruensie

1) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 7 §10.
2) v.d. Veen, Taaleigen v. Bredero, p. 117 §105.
3) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 152 §302.
4) Overdiep, Stilistische Gramm. p. 192 §278.

KONGRUENSIE

337. Prof. J.J. le Roux beweer dat in tydsvorme wat uit het of sou + hulpww. wil, kan of moet + hoofww. in die inf. bestaan, die geregeerde hulpww. die verlede tydsvorm kry : Hy het dit kon sien; hy sou dit wou doen.[1] Dr. M. de Villiers wys daarop dat in Afr. ook gevalle voorkom van die gebruik van die teenwoordige tydsvorm van die geregeerde hulpww. na het, ook na sou, maar vind dit moeilik om hieroor te beslis omdat dié tipe konstruksie so selde voorkom.[2]

Die konstruksie met het word in Afr. gebruik om die verlede tyd aan te dui. Dit is in die spreektaal nie baie gebruiklik nie en word in die skryftaal moontlik onder Ndl. invloed gebruik.

In Ndl. word die konjunktief in die verlede tydsvorm gebruik om 'n onwerklikheid of die irrealis uit te druk, maar aangesiendie konjunktief met enkele uitsonderinge uitgesterf het,[3] gebruik Ndl. die voltooid verlede tyd om die irrealis uit te druk : Dat had je moeten weten... In Afr. word hierdie verbinding nie meer gebruik om die irrealis uit te druk nie maar 'n konstruksie bestaande uit die verlede tydsvorme van die ww. zal, kan, moet, wil + volt. deelw. + het, bv. Jy moes die prys gekry het. Ndl. stem egter ooreen met Afr. in die gebruik van die vorm met zou om die irrealis uit te druk : Hij zou het mij gestuurd hebben.[4]

Trichardt skryf 'n paar keer die verbinding hebben + modale hww. + inf. Twee maal druk dit alleen verlede tyd uit : „wij heb veel moete sukkelen" (p. 142), „zoolang als de Boeremans bij hem het willen blijven" (p. 169). In 3

/gevalle

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 156 § 306.
2) M. de Villiers, Sintaksis v.d. Werkw, p. 99 § 54.
3) Overdiep, Mod. Ndl. Gramm., p. 118 § 177, p. 115 § 173.
4) M. de Villiers, Sintaksis v.d. Werkw., p. 118 § 79.

gevalle het die verbinding die Ndl. funksie van die irrealis uit te druk : „had ge mijn dan daar eits van kunne zeggen" (p. 302), „maar hij had het genoegsaam kunnen zien" (p. 261), „Carolus zij dat hij met ouwe Botha goed het willen praten dog dat de kwessie uit de wereld was" (p. 112). In alle gevalle staan die geregeerde hulpww. in hierdie verbinding dus in die infinitief en kom daar dus geen geval van kongruensie voor nie.

Trichardt gebruik reeds in die reël die Afr. konstruksie om die irrealis uit te druk, bv. „had ik eer geweeten dat u Adonis nodig had, kon ik hem eer gesteurd hebben" (p. 32), „als gij mijn hebben wouw, moes gij de haan niet mede gebrag hebben" (p. 113), „Carolus zij aan mijn...dat ik liever de vee moes verkogt hebben" (p. 203), „daar is zoo veel dat gij gedaan en gelaten kon hebben" (p. 203), „wat kon hij ons meer gezeg hebben" (p. 209).

Waar Afr. 'n versekering of hipotese omtrent 'n voltooide feit uitdruk, word die primêre vorme sal, kon, moet + volt. deelw. + het gebruik. In Afr. word egter dikwels die sekondêre vorme in hierdie verbinding gebruik om 'n hipotese uit te druk. Dit word beskou as 'n geval van kongruensie,[1] bv. Dit moes vroeër 'n rivier gewees het. Prof. T.H. le Roux beskou hierdie kongruensie as 'n Anglisisme.[2] Dr. M.de Villiers wys egter daarop dat in Ndl. altwee vorme naas mekaar in hierdie funksie voorkom.[3]

Trichardt gebruik altyd die primêre vorm van die modale hulpwwe. in hierdie verbinding om 'n hipotese uit te druk, bv. „zeg Poemlano dat zij twee dagen te voren in de water moet gevallen hebben" (p. 25), „zij ik aan hem dat hy /alsdan

---

1) M.de Villiers, Sintaksis v.d. Werkw., p. 117 §79.
2) Le Roux, Afr. Taalstudies, pp. 47-8.
3) M. de Villiers, Sintaksis v.d. Werkw. p. 111 §70; pp. 117-118 §79.

alsdan geen veertien jaar met haar getroud kan geweest hebben" (p. 68), „Ik zag dat het een oude kraal moet geweest hebben" (p. 290), „dat zij zoo grote kraten gezien heb daar zij lang op moet gewoond hebben" (p. 290), „was wij verstomd als de vliegen die vee doot, die vee zoo lang hier kunnen geweest hebben" (p. 290), „zag ik dat de os daar gestaan heb en dat zij hem daarin doot gestoken moet hebben" (p. 179).

Oberholster gebruik die verbinding hebben + modale hww. + inf. 'n aantal keer, hoofsaaklik om verlede tyd uit te druk, bv. „wij heb hier een schrikkelijke naarheid moete doorstaane" (14/10/34), „dat ik mijn dikwels med hun heb moete bemoeije" (9/4/28), „dusdanige stappe als wij reeds heb moete doene" (14/10/34). In twee gevalle gebruik hy die verbinding in die volt. verlede tydsvorm om die irroelis uit te druk : „ik had het al kunne besorge" (4/12/33), „daar ik niets anders had kunne verwagte" (31/5/24). Die gebruik van die Afr. verbinding in plaas hiervan kom nie by hom voor nie.

Waar hy 'n hipotese of veronderstelling omtrent 'n voltooide gebeure uitdruk, gebruik hy altyd die primêre vorm van die hulpwwo. in die verbinding met die volt. deelw. + infin., bv. „soodat de versuim in de wijk van Nickerk moet geschiet sijn" (21/3/28). By Oberholster kom dus geen geval van kongruensie voor nie.

Joubert skryf die verbinding hebben + modale hww. + inf. 1 maal : „wagens en paarde heb ik daar moete huuren" (J 20/12/38). Hy druk nooit die irroelis uit nie. In die uitdrukking van 'n hipotese

/gebruik

gebruik hy een geval wat kongruensie vertoon : „die seij beijde seij mit het worstelen door een hoek van een kis veroorsaak moeste seijn" (2/5/33). Gewoonlik gebruik hy die verbinding met die primêre vorm van die hulpww. in hierdie funksie, bv. „of te dinken dat se van hun losraaken ken hebben gewoeten" (9/2/28).

Pretorius gebruik die verbinding hebben + modale hulpww. + infin. 'n paar maal, bv. „dat gij soo lange tijd U E. het moeten behelpen met een man soo als ik" (p. 149), „Sir H. Pottinger heef ons niet eens willen sien nog hoor" (26/1/48, p. 297), „het distansie welk ik had moeten afrijden" (Aug. 1847, p. 279), „dog indien wij den brief hat willen terugneemen" (10/4/39, p. 63). Die geregeerde hulpww. staan altyd in die infinitief.

Daar kom dus feitlik geen gevalle van kongruensie in die behandelde verbindinge by die vier skrywers voor nie. Die veelvuldige gebruik van die verbinding waarin hebben in modale hulpww. regeer, is moontlik aan Ndl. invloed te wyte, veral waar dit die irrealis uitdruk.

338. In Trichardt se Dagboek regeer sou nooit 'n ander modale hulpww. nie sodat ek nie kon vasstel of hierdie verbinding in sy spreektaal ooit kongruensie vertoon nie.

By Oberholster staan die geregeerde hulpww. na sou altyd in die infinitief, bv. „wijl wij bij klompies sou moete trekke" (19/12/32), „op weg sou moete blijve" (23/9/28), „grootlijks tot nadeel van de Kolonie sou kunne strekke" (24/4/24).

/Pretorius

Pretorius skryf 1 maal kon na sou : „Ik sou nog veel meer onverdraaglijke klagten kon oplossen" (Aug. 1845, p. 190). Daarnaas gebruik hy ook die vorme konnen, konde : „soude wij het konnen doen" (4/3/49, p. 363), „ik soude nog wel konde seggen" (8/4/48, p. 315). Dit is moontlik dat Pretorius hier die ou infinitiefvorm connen gebruik. Die afwesigheid van die uitgang in die eerste geval en gebruik van die imperfectum uitgang -de in die laaste geval is moontlik aanduidinge dat kon hier wel 'n imperfectum is.

In die samegestelde tydvorme kom modale hulpww. wat deur hebben of sou regeer word dus in die taal van hierdie skrywers moontlik nooit in die verlede tydsvorm voor nie. Daar die sametrekking van die geregeerde hulpww. in die verledetydsvorm vermoedelik eers in Afr. plaasgevind het na die verlies van die infinitiefuitgang sodat die infinitief vir 'n persoonsvorm aangesien is, is die afwesigheid van kongruensie in hierdie samegestelde tydvorme in hul taal in ooreenstemming met hul gebruik van die infinitiefuitgang in die meerderheid van gevalle.

WOORDORDE

339. Prof. J.J. le Roux verklaar : „As die Hulpww. het of word bepaal word deur 'n ander Hulpww. staan dit altyd onmiddellik na die Verl. Deelwd. wat dit self bepaal",[1] Ek sou gekon het; dit moet gedoen word. Ek is dit egter nie heeltemal met hierdie stelling eens nie. In Afr. kan die hulpww. word in 'n bysin ook van die volt. deelw. wat dit self bepaal geskei word deur die bepalende hulpww. wat onmiddelik na die volt. deelw. staan, bv. Ek verwag dat die uitslag môre aangekondig sal word.

/In

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, pp. 156-7 § 308.

In Ndl. is die woordorde hulpww. + volt. deelw. + hebben, zijn of worden soos in Afr.die gebruiklike vir die samegestelde tydsvorm. Daie gebruiklik in Ndl. is ook die woordorde hulpww. + hebben, zijn of worden + volt. deelw. : De taak die moet worden uitgevoerd. In bysinne kom in Ndl. ook die minder gebruiklike woordorde volt. deelw. + hulpww. + hebben, zijn of worden voor : Ik verwag dat het spoedig gevonden zal worden.[1]

In Trichardt se taal kom 53 samegestelde tydsvorme in die orde hulpww. + volt. deelw. + hebben, zijn of worden voor, bv. „kon hij mijn daar gezegt hebben wat gebeuren zouw" (p. 203), „moes gij het in mijn present uitgemaakt hebben" (p. 168), „vraag ik de morgen aan Sekoor wat dat voor honden mag gewees zijn" (p. 113), „Dond. den 31ste zouw de band opgetrokken worden" (p. 155), „dat de lijkie maar ter aarde sal besteld worden" (p. 154).

In bysinne kom tydvorme met die woordorde volt. deelw. + hulpww. + worden wat in Afr. moontlik is, 9 maal voor, bv. „Ik zij dat die niet gebruikt ken worden" (p. 96), „ik lied die zeggen dat zijn ongeluk en zijn volks verderf haas geboren zal worden" (p. 279), „zij zij dat aan de vort geen man gevonden ken worden" (p. 137). Maar die woordorde volt. deelw. + hulpww. + hebben, zijn kom ook 9 maal voor, bv. „die hij gesteurd zou hebben" (p. 168), „daar is zooveel dat gij gedaan en gelaten ken hebben" (p. 203), „tot zij te huis of aan de vort gekomen zouw wesen" (p. 315).

Die onafrikaanse woordorde hulpww. + inf. + volt. deelw. kom by Trichardt nooit voor nie.

/Oberholster

1) Overdiep, Stilistische Gramm., p. 493 § 304.

Oberholster skryf 'n samegestelde tydsvorm 21 maal in die volgorde hulpww. + volt. deelw. + hebben, zijn of worden, bv. „hetwelk Uwed. seker sal ontvange hebbe" (24/11/28), „sig sou vertoond hebbe" (15/11/31), „kon het mensch door hem niet bewesen worden" (12/2/28), „sodat de versuijm in de wijk van Van Niekerk moet geschit seijn" (31/3/28(2)). Hy gebruik ook 20 maal die woordorde hulpww. + hebben, worden + volt. deelw., bv. „soodra sij de plaas van gemelde Du Pree sal hebbe overrompelt" (6/12/31), „dat het mog worde toegelaat dat de veldcornets van de Vrontire in deze geleegendhijt nog worde gesteld" (25/3/29), en 2 maal die woordorde : volt. deelw. + hulpww. + inf. in bysinne, bv. „die verloord sou wese" (6/11/30).

Joubert skryf 'n samegestelde tydvorm 20 maal in die gebruiklike volgorde hulpww. + volt. deelw. + hebben, zijn of worden, bv. „dat een hottentot soude ontdek sijn" (28/7/38), „sodat ik ule niet ken seggen of u behoorlik sal bestiert worden of niet" (19/2/29). Ses maal kom die woordorde hulpww. + hebben, zijn of worden + volt. deelw. voor, bv. „of te dinken dat zij van hun losraken ken hebben geweeten" (9/2/28), „van de welke de meeste soude seijn gevallen" (6/9/31), „en door de veldcornets op de grense moet worde opgenoomen (12/9/31). Twee maal skryf hy die volt. deelw. ook voor altwee hulpwwe. : „die...door een hoek van een kis veroorsaak moeste sijn" (2/5/33), „als hij aangerand of beledig soude worden" (J 6/12/38).

Pretorius skryf 11 maal die volgorde hulpww. + volt. deelw. + inf., bv. „dat ik niet veel meer

/onder

onder U E. sal gesien worden" (p. 149). Nege maal skryf hy die volt. deelw. op die end van die verbinding, bv. „sullen seeker straffen worden bepaald" (8/4/48, p. 315), „wat kan nu worden gedaan" (8/4/48, p. 314), en 6 maal staan die volt. deelw. voor die hulpwwe., bv. „dat ik hun verruild soude hebben" (12/1/49, p. 353).

'n Opvallende verskil tussen die taal van Trichardt se tydgenote en syne in die gebruik van hierdie tydsvorme is dat hulle veelvuldig gebruik maak van die woordorde hulpww. hebben, zijn of worden + volt. deelw. wat by Trichardt nie aangetref word nie. Aangesien hierdie woordorde in Afrikaans nie gebruik word nie, staan die drie in hul gebruik daarvan kloorblyklik onder Ndl. invloed. Trichardt se woordorde is egter soms ook in stryd met Afr. Hy skryf soms 'n samegestelde tydvorm in die volgorde volt. deelw. + hulpww. + hebben of zijn in stryd met Afr. In Afr. kan die woordorde volt. deelw. + hulpww. + hê of wees in bysinne ook voorkom, alleen egter by volt. deelwe. van oorganklike wwe., bv. Ek verwag dat hy die boek oor 'n maand klaar geskryf sal hê - dat die boek oor 'n maand klaar geskryf sal wees. Hê en wees is egter in hierdie geval blykbaar nie hulpwwe. nie maar die hoofwwe.

340. Waar die hulpww. het in Afr. in verbinding staan met 'n nie-modale hulpww. (is en word uitgesluit) wat 'n ander werkwoord bepaal, regeer het die ander hulpww., maar in die bysin staan dit na die bepaalde verbale vorme,[1] bv. Ek wou weet or jy al begin werk het. In Ndl. gaan hebben en zijn altyd die nie-modale hulpwwe. wat dit regeer, vooraf in samegestelde tydsvorme van hierdie aard, bv. Ik zie dat hij het reeds heeft komen halen.

/By

1) Vgl. E. de Villiers, Sintaksis v.d. Werkw. p. 80 § 82.

burger Hendrik van den berg mijn om exschuis is koome vraage" (20/7/35), „wijl ik een gedeelte heb doen wagte op neder berig" (14/2/29).

By Pretorius woord ook alleen die Ndl. woordorde by hierdie tydvorme in die bysin aangetref, bv. „Daar er op heeden 2 kaff. is koomen klaagen" (15/3/40, p. 105), „die ik 10 a 12 maal heef laaten roepen" (16/3/40, p. 228).

Trichardt se tydgenote gebruik dus feitlik konsekwent die Ndl. woordorde maar hulle staan ongetwyfeld sterk onder Ndl. invloed. Die Ndl. woordorde mag nog in gebruik gewees het maar Trichardt se gebruik bewys dat die Afr. woordorde by hierdie aangegeetelde tydvorme in die bysin die gebruiklike woordskikking was.

341. Waar 'n voorsetsel plus werkwoord plus het of word 'n infinitief vorm, staan het en word in Afr. ook altyd onmiddellik na die volt. deelw. wat dit self bepaal en gaan die voorsetsel alle verbale gedeeltes vooraf, bv. na 'n myl te geloop het...[1] In Ndl. staan hebben, zijn of worden altyd onmiddellik na die voorsetsel te terwyl die volt.deelw. aan die begin of op die end kan staan, bv. Ik meen reeds genoeg te hebben gezegd - Na ons gegroet te hebben, vertrok hy.

Trichardt skryf hierdie infinitief konsekwent in die Ndl. volgorde : Volt. deelw. + te + hebben, bv. „en ontrind twee uur daar gevogten te hebben, kwam zij uit met de vee" (p. 20), „U Ed. een good beterschap toegewinst te hebben, doet ik U Ed. door deze weeten" (p. 32), „wij kon na een ruime tijd gegaan te hebben, niets krijgen" (p. 130), „heb wij na ons vroegstuk genomen te hebben ingespannen en na huis gereden" (p. 57).

/Oberholster

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 187 § 307.

Oberholster gebruik gewoonlik dieselfde Ndl. woordorde, bv. „hij geef voor en pas gehat te hebbe" (6/11/20), „hetwelk hij ontkende bij mijn aankoms te hebbe" (3/9/26). In 'n paar gevalle skryf hy die voorsetsel voor alle verbale gedeeltes met die volt. deelw. op die end, bv. „ik moet erkenne wat voorberig te seijn geweee" (28/8/24).

Joubert skryf met een infinitief in die Ndl. woordorde volt. deelw. + te + hulpww.: „naa U Wel Edele alle heijl toegewins te hebben" (12/9/35). Daarnaas kom 'n aantal infinitiewe met die woordorde te + hebben + volt. deelw. voor, bv. „welke lijk schien ruijn een maant te hebben gelegen" (13/6/28), „welke genoegsaam schijn de dood van de schepsel te hebben veroorsaak" (Idem), „die sij seg bij de kraal te hebben genoomen" (10/3/36), „scheen hem op soek te hebben gemaak" (13/6/28(2)).

Pretorius gebruik hierdie infinitief 3 maal, alleen met die Ndl. woordorde : „was ik seer verblijd uwe liefde familelie in welzijn aangetroffen te hebben" (4/3/49, p. 353). Twee maal gaan die voorsetsel die verbale gedeeltes vooraf : „ik ontken stellige sulke te hebben beloof" (12/1/49, p. 352), „nig onpartijdig en opreg te hebben gedraagen" (12/1/49, p. 354).

Hierdie infinitief kom dus nie by enigeen van die vier skrywers in die Afr. vorm voor nie. Dit is opvallend dat Trichardt alleen die woordorde met die volt. deelw. voor die voorsetsel +hebben gebruik ; terwyl sy drie tydgenote altwee die woordordes wat in Ndl. moontlik is, gebruik. Joubert en Pretorius geo selfs die voorkeur aan die

/woordskikking

woordskikking wat by Trichardt nie voorkom nie. Die Afr. vorm van die infinitief het moontlik as gevolg van kontaminasie uit die twee Ndl. vorme ontstaan, mits die een Ndl. vorm nie voor die ander verdwyn het nie.

Te oordeel na die vier skrywers se gebruik van die infinitief is die Ndl. woordskikkinge nog gebruik en het die Afr. woordskikking nognie bestaan nie of was dit nognie baie gebruiklik nie, hoewel Ndl. skryftaalinvloed ook verantwoordelik mag wees vir hul gebruik.

342. Ook waar het, word of wees in bysinne as enigste hulpww. by die volt. deelw. gebruik word, staan dit in Afr. altyd onmiddellik na die deelw., bv. Ek vermoed dat hy gekom het - dat hy besteel word. In Ndl. kan dit op die volt. deelw. volg maar gewoonlik staan dit daarvoor.[1] Vgl. Hy vraagt hoe wij zijn gekomen - behandeld worden.

Trichardt skryf vir 90 persent van die gevalle in bysinne die samegestelde tydsvorm in die orde volt. deelw. + hulpww., bv. „de betaling die hij beloof had" (p. 186), „dat ouwe Albag mijn ook gezeg heb" (p. 205), „zij hij dat hij met Carolus gegaan is" (p. 249), „dat hij de andere dag niet wis wanneer wij vertrokken is" (p. 307).

In die orige 93 gevalle staan die hulpww. voor die volt. deelw., bv. „zij hij dat een ander knopneus bij hem is gekomen" (p. 37), „om schapen te soeken die de vorige dag is uitgebleven" (p. 219), „waarvan de oudste maar ontrind 3 of 4 uur ouijd is geworden" (p. 12), „dat de menschen twee of drie kraalen heb doot geschoten" (p. 83). Dit is veral tydvorme bestaande uit is + volt. deelw. wat in hierdie orde voorkom.

/Oberholster

1) Overdiep, Stilistische Gramm., p. 436 §504.

Oberholster skryf die hulpww. 48 maal na die volt. deelw. in bysinne maar 86 maal daarvoor, bv. „soodra ik het ontvange heb" (15/11/31), „dat ik het veld nog ellendiger gevond heb als ik het gelate heef" (14/2/29); „dat hij de raperd...dri dage naadat de saak was gebeurd, had ontvange" (15/3/28), „hetwelk door zijn weledele heer is toegestaan" (9/4/28).

Joubert skryf 149 maal die tydvorm in die orde volt. deelw. + hulpww. in die bysin en 153 maal hulpww. + volt. deelw., bv. „sodat sij hem daar gelaaten heef" (24/3/28(3)), „soodat er nu maar wijnige plaatsen oovergebleven is die nog maar wijnig of geen regen gehad heef" (16/2/36);„seijde hij dat hij aaleen was in terloops by Kruger op de werf was uijtgekoomen die hij de slangen heef geweesen" (24/3/28(3)), „dat hij de rivier ontrind een knie diep is deurgegaan" (idem), „in de huijs daar het moort in geschiet" (13/6/28).

Pretorius plaas die hulpww. 49 maal na die volt. deelw. en 54 maal daarvoor in bysinne, bv. „of den roovers hunoos-wes suijd of noort gedreven heef" (Aug. 1845, p. 190), „die boeren die het geel rijpe kooren op het veld gelaaten heef" (2/7/47, p. 277), „sodat ik en anderen daardoor aller schandelijks verdruk wierden" (12/1/49, p. 351); „een aansienlijk soms kontante geld welk ik voor plaatsen...hebt uijdgeleg" (2/2/46, p. 280), „dat ik aldaar...by U E. als een der leden van gesegte koomissie is aangestel" (22/4/48, p. 316).

In teenstelling met Trichardt gebruik sy drie tydgenote dus in die reël die samegestelde tydvorme met die hulpww. voor die volt. deelw. Hulle staan klaarblyklik onder

/Ndl.

Ndl. invloed en Trichardt se gebruik toon dat in die spreektaalvan die tyd het, word en wees in die reël, indien nie altyd nie, na die volt. deelw. in bysinne gebruik is.

343. In Afr. gaan 'n hulpww. altyd die infinitief wat dit bepaal vooraf : Ek sal jou môre sê of ék kan kom. In Ndl. kan die hulpww. in bysinne sowel voor as na die infinitief wat dit bepaal, staan, maar volgens Overdiep word in die Ndl. omgangstaal in nouliks 'n kwart van die bysinne by 'n samegestelde gesegde die volgorde infin. + hulpww. gebruik.[1]

Trichardt gebruik in 380 gevalle die volgorde hulpww. + inf. in bysinne. Dit maak slegs 36% uit van die totale aantal gevalle in bysinne van 'n samegestelde gesegde bestaande uit hulpww. en infin., bv. „dat hij uit zouw blijven" (p. 153), „dat de vee den Sl na huis moes komen" (p. 16), „waarom hij de schapen zoo alleen moet laate loopen" (p. 117), „zij ik dat wij liever op ons plaats moet blijven" (p. 273).

In die orige 1054 gevalle skryf Trichardt die volgorde infin. + hulpww., bv. „Hij zij dat hij de beeste van de kaffers niet geven ken" (p. 15), „Vraag Nossetoe of zij de vee afgeven wil" (p. 20), „dat hij gezegt heb dat wij niet meer steuren moet want dat hij het gewaar worden zal" (pp. 54-5), „Ouwe Botha zij de morgen toen ik aan de voortang van pakwagen gaan zouw dat ik maar mijn ander werk maken ken, dat hy het maken zal" (p. 201). Trichardt gebruik dus die verbinding hulpww. en infin. in bysinne in die reël in stryd met Afr. en gebruik die volgorde infin. + hulpww. meer as wat in Ndl. gebruiklik is.

Soos in Afr. word in Ndl. 'n aantal hulpwwe. nooit agter die infin. geplaas nie, nl. laten, gaan, komen, zien /leeren

---

1) Overdiep, Stilistische Gramm., p. 493 § 304.

leeren, durven.[1] Soms plaas Trichardt een van hierdie hulpww. na die infinitief in bysinne, bv. „als zij haar onrustig(heid) aan haar blijken laat (p. 64), „Die dag ben Pieta en Hellem uit jagten gegaan" (p. 63). By 'n gesegde met 'n dubbele infin. staan die infinitief wat deur die hulpww. laten regeer word soms ook daarvoor, bv. „dat wij zijn saak by Napelie zal steeken laat" (p. 171), „dat hij de paarden moet halen laaten" (p. 239), „dat zij mijn wagen dan zal staan laten" (p. 216).

Oberholster gebruik 60 maal die volgorde hulpww. + infin. en 16 maal die teenoorgestelde volgorde in bysinne, bv. „weet ik nit waar dat ik het sal vinde" (25/8/29), „hetwelk by de hedendaagse toestand gans nit raadsaam sou selijn" (19/12/32), „door dat de menschen het water aan hun vee moet geve" (Sep. 1925); „dat men se nit gebruike ken" (14/2/29), „dat ik soo te segge niet gaane ken" (6/12/31), „soodanige burgers die niet persoon wense ken" (24/11/28).

Joubert gebruik die enigste Afr. volgorde byna konsekwent in bysinne. Die volgorde hulpww. + infin. kom 209 maal voor teenoor 10 gevalle van die woordskikking infin. + hulpww., bv. „ik weet niet of ik veel menschen sal vinden die toestimt" (4/3/29), „dat hij sal present weesen" (28/5/34); „wat van ons leeger worden sal" (13/9/35), „wat hij misschien doen sal" (9/7/34), „wat de eijnde weesen sal" (11/7/33).

Pretorius skryf die verbinding in bysinne 36 maal in die volgorde hulpww. + infin. en 3 maal in die teenoorgestelde volgorde, bv. „en waarvan den Bestier ons niet een(s) kan redden of niet wil verlossen"

/12/7/47

---

1) Overdiep, Mod. Ndl. Gramm., p. 210 § 304.

(2/7/47, p. 277), „opdat wij...mooge terug koomen"
(8/4/48, p. 314); „dat niets hun byna troosten kan"
(4/3/49, p. 365).

Trichardt se gebruik verskil dus aanmerklik van die van sy drie tydgenote. Sy oordrewe gebruik van die volgorde infin. + hulpww. moet toe te skrywe wees aan invloed van die Ndl. skryftradisie en kon nie uit sy spreektaal spruit nie. Die taalgebruik van sy drie tydgenote toon dat in die spreektaal van die tyd die onafrikaanse volgorde infin. + hulpww. alleen nog by uitsondering voorgekom het, indien dit nie reeds ongebruiklik was nie.

B. WERKWOORD + BYVOEGLIKE NAAMWOORD

(I) Die Werkwoord is 'n volbegrip

344. Verbinding sonder voorwoord

Sowel in Ndl. as in Afr. kan 'n bnw. wat dien as bepaling van manier of omstandigheid sonder voorwoord met die werkwoord verbind word. Die bnw. het dan ook betrekking op die grammatiese onderwerp: Hy loop versigtig.[1] In Ndl. kom die onvolt. deelw. dikwels voor in hierdie adverbiaal-adjektiwiese funksie maar in die Afr. spreektaal is dit onbekend in hierdie funksie met uitsondering van enkele geykte uitdrukkinge, bv. Hy het woedend geantwoord. Die volt. deelw. het veel meer adverbiale geaardheid en gevolglik word dit in Afr. veel meer in hierdie funksie ook in die spreektaal gebruik, bv. Die huis ontruim verlate.[2]

In Trichardt se Dagboek kom die onvolt. deelw. nooit in hierdie adverbiaal-adjektiwiese funksie voor nie en die volt. deelw. alleen in enkele gevalle, bv. „als de osse onbeskadig gevonden word" (p. 86).

/In

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 157 § 309.
2) Idem, p. 155 §§ 310-11.

In Oberholster se taal kom die onvolt. deelw. enkele male voor, bv.„ dat de burgers van dese distrik seer vertrouend blijf op hetgeen voor haarly sijn verrig" (31/5/24). Die volt. deelw. gebruik hy meer dikwels in hierdie funksie, bv. „vind ik mijn gedwonge" (9/4/28), „hoedat de weg bessaijt leg med doode vee" (15/7/28).

By Joubert kom die onvolt. deelw. 'n paar meal in hierdie funksie voor, bv. „de water loop stroomende" (J 11/11/30), „dat dese meijt swervende by Jacob Pienaar is gekoomen" (9/1/30). Die volt. deelw. kom dikwels in hierdie funksie voor, bv. „de welke de 2 mannen gevangen nam en hun gebonden nae Kok sont" (23/5/32), „hij wiert verborgen gehouden" (25/5/32).

Pretorius gebruik die onvolt. en volt. deelwe. nooit in hierdie funksie nie.

Dit is opvallend dat die onvolt. deelw. so selde in hierdie adverbiaal-adjektiwiese funksie voorkom. Prof. Boshoff verklaar dat in die beskafde Ndl. spreektaal en veral in die volkstaal die onvolt. deelw. lank nie so gebruiklik is as in die skryftaal nie.[1] Dit bewys dus blykbaar beperkte invloed van die Ndl. skryftaal op die skryftaal van hierdie skrywers in hierdie opsig.

(II) Die werkwoord is 'n relatiewe begrip

345. Verbindinge met vormwoord

Deur middel van vormwoorde kan die moontlikheid aangedui word dat die eienskap wat deur die bnw. uitgedruk word en wat dien tot voltooiing van die werkw., nie aan die

/inhoud

1) Boshoff, Volk en Taal, p. 330.

inhoud van die smw. toekom nie. In Afr. word die vornwoord vir gebruik as die bnw. betrekking het op die grammatiese onderwerp en as of vir as dit betrekking het op die voorwerp, bv. Hy geld vir ryk - Hulle beskou hom vir (of as) ryk.[1]

Trichardt skryf hierdie verbinding 'n paar maal met die vornwoord voor, bv. "Da Preez word voor onskuldig gehoudem" (p. 102), "dat zij de swakste was en voor doet bij de juffer in huis gebragt is" (p. 316).

(III) Die werkwoord is lid van 'n kompositum

346. Na samestellinge van die werkwoord wees met byvoeglike naamwoorde word in Afr. 'n bindwoord gebruik : wees genadig vir mij, ens.[2] Hierdie tipe verbinding met die vornwoord het ek by Trichardt en sy tydgenote nie aangetref nie.

347. 'n Verbale kompositum wat 'n kenmerkende Afr. verskynsel is, beskryf prof. J.J. le Roux as volg : „'n Aantal woorde wat oorspronklik as substantiewe opgevat is, kan in Afr., sonder adjektiewiese afleidingssuffiks op hierdie manier — deur middel van 'n kopula — met die grammatiese subjek verbind word, en ook aan die verdere funksies van Adje. deelneem. Daaronder hoort in die eerste plek die veelbesproke groep : (ek is) honger, dors, spyt, skaam, (Mnl. schaem, schame, Hhd. scham), lus, vaak, naas : ek het honger, ens.[3]

Hierdie verskynsel het prof. Hesseling en du Toit as 'n kreolisme bestempel. Prof. Bosman voer hierdie

/verbindingstipe

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 162 § 318.
2) Idem, pp. 162-3 § 321.
3) Idem, p. 163, Opm. by §§ 319-21.

verbindingstipe egter terug op Ndl. gebied en wys op Ndl. ik heb(t) maas ik ben koud en hij heeft maas hij is schuld. By beskou koudzijn, koudhebben, ens. as verbale samestellinge waarin zijn en hebben mekaar kan afwissel. Hy meen dat hierdie rubriek in Afr. analogiese uitbreiding gekry het en dat dit bevorder is deur Kreools-Afrikaans.[1] Prof. le Roux glo dat hierdie Afr. verskynsel in die kindertaal sy ontstaan gehad het. Hy wys ook op 'n ander groepie : Dit (ek) is jammer; hy is ('n) skelm, ('n) windmaker, waarby „syn" reeds oorspronklik die bindwoord was maar waar die voorgeplaaste lidwoord bewys was dat die woorde as onwe. beskou is. Hy verklaar dat in sowel Ndl. as Afr. die opvat van sulke woorde as bnwe. dikwels gevolg word deur die gebruik daarvan sonder lidwoord.[2]

By Trichardt kom die woorde van die eerste groep alleen enkele male deur hebben met die onderwerp verbind voor : „Rossetoe zij dat hij honger heb" (p. 60), „ik zij aan Albach...of hij geen spelit heb" (p. 109), „en haal zoo spijd" (p. 87). Die woorde van die eerste groep word dus nooit deur middel van 'n kopula met die onderwerp verbind nie. Sy gebruik van jammer vertoon egter die Afr. uitbreiding : „Hij zeg dat hij voor zijn oase jammer is" (p. 229), „zij hij...dat hij voor zijne jammer haal" (p. 215). Die gebruik van had maas is om jammer met die onderwerp te verbind, dui daarop dat zijn en hebben in Trichardt se taal mekaar moontlik afgewissel het ook in verbindinge met die woorde van die eerste groep.

By Trichardt se tydgenote kom hierdie woorde nooit in verbale samestelling voor nie.

/Werkwoord

---

1) Rossouw, Oor die Ontstaan, pp. 83-6.
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 164, Opm. by §§ 319-21.

C. WERKWOORD + BYWOORD

Verbinding sonder voornwoord

348. Afr. verskil opmerklik van Ndl. in die gebruik van die modaliteitspartikel nie. As 'n begrip, handeling, toestand, ens. in Afr. geneeer word, word die volsin, bysin of woordgroep wat dit uitdruk of beskryf byna altyd deur nie afgesluit[1] : Ek sal nie kom nie - nie hy nie maar jy is skuldig. Die gebruik van nie tot versterking van nooit, niemand en niks is nie 'n Afr. ontwikkeling nie maar is oorgeërf uit 17de-eeuse Ndl.[2] Soos in Middelnederlands is in 17de-eeuse Ndl. niet ook gebruik tot versterking van die ou ontkenningspartikel en. Die posisie van die partikels en...niet het egter ook verskil van die van die Afr. dubbele nie wat die bepaalde woord, woordgroep of sin omring.

Die aanneemlikste verklaring van die Afr. verskynsel wat nog aangevoer is, is die van prof. Bosman wat meen dat deur sintaktiese analogie uit konstruksies soos ek gaan nie en ek sal nie gaan 'n kontaminasieproduk ek sal nie gaan nie ontstaan het.[3]

Die enigste vorm van die dubbele ontkenning wat by Trichardt voorkom, is die ou Ndl. en...niet, bv. „Zij ik aan Albach dat het mijn schaap niet en is" (p. 54), „dat Lalie weer wat gesproken had dat niet en deugde" (p. 231), „Ik zij aan Albag dat daarom hij met alle de bastors niet en deugde" (p. 162). Vyf voorbeelde van die gebruik van hierdie dubbele ontkenning kom by hom voor. Dit is moontlik dat hy die ontkenningspartikel en nog gebruik het. Mansvelt meld dat in 1684 en by sommige ou

/manse

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 167 § 327.
2) v.d. Veen, Taaleigen v. Kredero, p. 110 § 182.
3) Bosman, Oor die Ontstaan, p. 135.

mense as ontkennende bywoord nog in gebruik was, bv. ek is lemmer lat hy niet 'n kom ni.[1]

Die dubbele nie kom nog by Trichardt, nog by sy drie tydgenote 'n enkele keer voor, maar een maal in Albach se taal : „hij zal nie lie nie" (p. 133). Dit kan onmoontlik die toestand in hul spreektaal gewees het daar Teenstra verklaar dat reeds in 1828 die herhaling van niet baie algemeen in gebruik was.[2] In vroeë Afr. stukkie ontbreek die tweede nie dikwels waar Afr. dit vereis. Dr. Scholtz het gevind dat Meurant se gebruik van die tweede nie om 'n negatiewe sin of sinsdeel af te sluit, onvas is, maar na inagneming van faktore soos sy Engelse opvoeding en invloed van die Ndl. skryftradisie wat die juiste en konsekwente weergawe van die dubbele ontkenning soos dit toe in suiwer Afr. bestaan het, moet belemmer het, lei hy uit Meurant se gebruik af dat „die gebruik van die tweede ontkenningspartikel in Afr. destyds weinig verskil het van wat dit vandag is."[3] Dr. Scholtz het ook gevind dat Bezuidenhout die dubbele ontkenning soos in Afr. in die meerderheid van gevalle gebruik en in 'n aanmerklike verskeidenheid van sinskonstruksies.[4] Trichardt en sy tydgenote het dus ongetwyfeld die tweede nie doelbewus uit hul skryftaal geweer, klaarblyklik onder Ndl. invloed. Die Ndl. invloed moet besonder sterk gewees het in hierdie geval om so 'n toestand te weeg te bring en ek glo dat 'n gevoelswaarde van onbeskaafdheid aan die dubbele nie gekleef het en die vermyding daarvan bevorder het.

Ook die Afr. herhaling van al na 'n bepaalde woord of woordgroep, bv. ek het dit al lank al, kom by gemeen van hul voor nie.

/Verbindinge

---

1) Hesselt, Idioticon, p. 42.
2) Eyk F.V., 6, p. 5.
3) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 22 Aug. 1941, p. 61.)
4) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 171 §§ 333-4.

Verbindinge met vormwoord

349. Soos smwe. kan bywoorde ook met of sonder 'n voorsetsel met werkwoorde verbind word om die rigting van 'n beweging aan te gee of 'n tydsduur uit te druk: hy kom binne, gaan weg. In Afr. staan enkelvoudige voorsetsels na die bywoord en vorm samestellings daarmee : hy gaan boontoe, buitentoe, ens., hierlangs, ens.[1] Nog by Trichardt nog by enige van sy tydgenote het ek so 'n samestelling aangetref.

350. As twee voorsetsels 'n bywoord omring, kan die laaste in Afr. 'n samestelling met die bywoord vorm en die eerste dan die hele samestelling bepaal, bv. tot daarnatoe, na boontoe.[2]

By Trichardt het ek nie hierdie Afr. samestelling teengekom nie maar wel enkele voorbeelde daarvan by sy tydgenote, byvoorbeeld by Oberholster: „de patroljes heb ik tot hier toe gaande gehoude" (22/9/32(2)), „dat ik altoos en tot nog toe gewaag heef..." (24/4/25); by Joubert : „is tot nog toe niet present" (13/6/28(2)); by Pretorius : „tot nog toe" (8/6/38, p. 26), „die ons tot hier toe heef gelijd en bewaart" (p. 149).

D. WERKWOORD + WERK-WOORD

351. 'n Afr. verskynsel wat nie in ander Germaanse tale voorkom nie is die bepaling van 'n werkwoord deur 'n verbaalstam. Prof. J.J. le Roux noem twee gevalle van hierdie verbindingstipe : „(1) Die bepaling is samegestel uit 'n substantief gevolg deur 'n werbaalstam met adverbiaal-adjektiewiese funksie, bv. : dit gaan broekskeur, naaldskraap, ens."[3] Prof. le Roux wys op die moontlikheid dat die verbaalstamme in hierdie konstruksies ontstaan het uit onvolt. deelwe. wat

/hul

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 171 §§ 333–4.
2) Idem, p. 172 § 335.
3) Idem, p. 173 § 340.

hul uitgange verloor het. „(2) Die bepaling bestaan uit 'n gereduplikeerde werkwoordstam met adverbiaal-adjektiwiese funksie, bv.: Hy sê dit lag-lag, hy loop staan-staan.[1] Hierdie konstruksie word tamelik algemeen as 'n Maleïsme beskou.[2]

By Trichardt en sy tydgenote kom geen voorbeeld van hierdie konstruksies voor nie.

Posisie van die voltooiing of bepaling

352. Prof. le Roux verklaar: „Die bepaling of voltooiing neem 'n verskillende posisie ten opsigte van die werkwoord in, al naardat die laaste 'n hoofbestanddeel is van die volsin of van 'n bysin."[3]

In die volsin moet 'n nominale voltooiing of bepaling by 'n samegestelde ww. tussen die hulpww. en die hoofww. staan as dit 'n nouer eenheid met die ww. vorm, bv. Hy het in sy mou gelag.

Ook nominale vorme wat nie deur 'n nadere bepaling gevolg word of deur 'n voorsetsel voorafgegaan word nie staan voor die hoofww. Vgl. Ek het kos gestuur vir hulle, en, Ek het hulle kos gestuur. In die Afr. omgangstaal word die twee lede van die samegestelde gesegde egter dikwels naas mekaar geplaas met die voltooiing of bepaling daarna, bv. Hy het opgehou met die werk, waar die geskrewe taal verkies om die ww. laaste te plaas, maar selfs in geskrewe Afr. word die nominale bepaling gewoonlik laaste geplaas as besondere nadruk bedoel is, bv. Hy het vertel van die onderwinding wat hy gehad het.[4]

/Die

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 174 § 342.
2) Vgl. Lombard, Oor die ontstaan, p. 81.
3) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 179 § 345.
4) Idem, p. 180 § 345.

Die oop sinsvorm met 'n bepaling aan die end word in Ndl. ook gebruik en soos in Afr. is die bepaling meestal 'n voorsetselbepaling, soms ook 'n bywoord of 'n bepaling met <u>als</u>, maar nooit 'n voorwerp nie.[1]

Trichardt maak besonder dikwels gebruik van die oop sinsvorm, met die voltooiing aan die end, in die volsin, veral waar daar 'n bepaling aan die begin staan. Hy gebruik die oopsinsvorm veel meer as wat in Ndl. gebruiklik is; bv. oop sinsvorm : „Is Pieta met Zootje gekomen van de vee" (p. 310), „Na middag is Carolus na de (vee) gegaan te veel" (p. 35), „Heb wij niet gemagt na de kaffers" (p. 254), „Vrijdag ben Pieta met de vee opgenomen tot bij de wagens" (p. 242), „de morgen had ik geslagt voor Carolus" (p. 149); geslote sinsvorm, bv. „In middag ben wij na ons Huis gereden" (p. 57), „Ben wij aan de Verkeerde Vontijn stil gebleven" (p. 173), „Pieta is de voormiddag na de vee gegaan" (p. 154).

Ter wille van die aansluiting of die nadruk kan die bepaling of voltooiing ook eerste in die sin staan en dan word die volgorde van die grammatiese onderwerp en die werkwoord omgekeer : <u>Gister het hy vertrek</u>.[2] Overdiep verklaar dat byna 'n derde van die sinne in die gewone Ndl. omgangstaal 'n bepaling aan die begin van die sin het met die inversie werkw. onderwerp wat daarmee saamgaan, en dat hierdie aanloop vir tagtig persent van die gevalle uit 'n een-lettergrepige woord bestaan, nl. die hervattende vnw. <u>dat</u>, <u>die(n)</u>, of 'n byw. soos <u>dan</u>, <u>toen</u>, <u>daar</u>, <u>nu</u>, wat meestal terugwys op die inhoud van die voorafgaande sin.[3]

Trichardt gebruik baie dikwels 'n sin met 'n bepaling en inversie van die woordvolgorde soos reeds uit die

/voorbeelde

---

1) Overdiep, Stilistische Gram., p. 433 § 397.
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 188 § 340.
3) Overdiep, Stilistische Gram., p. 434 § 399.

voorbeelde geblyk het; bv. „De morgen heb ik aan juffr. Schepers drie slag hamels gegeven" (p. 83), „De middag hoef Carolus en ouwe Strydom de band opgetrokken" (p. 129). Trichardt skryf ook dikwels 'n sin met inversie sonder voorafgaande bepaling, bv. : „Is wij ingespannen en van de drif getrokken" (p. 271), „Is wij gegaan tot aan de sterke rivier" (p. 149). Die datum aan die begin van die paragraaf is natuurlik in hierdie gevalle die verswygde bepaling. Maar ook waar 'n gebeurtenis verhaal word, kom 'n sin met inversie dikwels voor sonder die hervattende vnw. of bywoorde wat op die voorafgaande sin terugwys, bv. „Daar was van ons honden agtergebleven. Louw Pieta en Carolus rijden om het te halen" (p. 264), „Ben ik en Jan en Willem en Pieta uit gegaan om te jagten, heb J. een kwagga-geschoten, niet gekregen, en Pieta een kwagga en een wildebees gekwets, is hij en Willem gereden met de honden om te zien of zij de wildebees niet krijgen kon" (p. 96).

Trichardt plaas in enkele gevalle die voorwerp aan die begin van die sin met inversie van die onderwerp en werkw., bv. „De osse gaf zij mijn" (p. 61), „een tand gaf ik hem" (p. 46), „een hamel gaf ik hem toe" (p. 30), „1 klijne tand vraag hij mijn" (p. 76). In Afr. word hierdie sinsvorm selde gebruik en alleen as besondere nadruk op die voorwerp gelê wil word.

By Oberholster kom 3 volsinne voor waar die onderwerp van 'n passiewe werkw. na die twee dele van 'n samegestelde werkw. staan, bv. „op hede werd...aan mijn toevertrouw 2 brikwas jonggens" (13/5/25), „Door den burger...sold U Wel Ed. geworde die 4 roots gemelde boajesmans kinderen" (27/8/28(2)). Hierdie volgorde is

/heel

heel ongewoon. Hy skryf selde 'n bepaling aan die einde van 'n volsin.

Joubert skryf net een maal 'n voltooiing na die dele van 'n samegestelde ww. maar ook die voorwerp kom aan die end voor, bv. „ik heb van Ulo ontfangen een brief van den 21 Augus" (11/9/28), „ik heb aldaar ontfangen vijf heeren" (23/9/34).

353. In 'n bysin staan die werkw. in Afr. gewoonlik, in Ndl. byna altyd op die end, en die bepalinge of voltooiinge staan dan voor of na die grammatiese onderwerp of omring dit, bv. Ek verwag dat hy sou sal kom - dis die man wat vermis was - die skip waar jy op was het gesink.[1] In die Afr. omgangstaal word nominale bepalinge en voltooiinge wat nie ter wille van aansluiting met die voorafgaande vroeër moet staan nie, dikwels op die end geplaas waar hul nie nou verbind is met die ww., of deur 'n voorsetsel voorafgegaan word nie. In die skryftaal kom hierdie sinsvorm ook voor waar op die nominale gedeelte nadruk val of 'n langer bepaling volg.[2] In Ndl. is die plasing van 'n nominale gedeelte aan die end minder gewoon. By 'n samegestelde gesegde is dit alleen moontlik waar die hulpww. na die hoofww. staan. By sterk nadruk kan 'n bepaling of voltooiing egter laaste staan en in hierdie geval is dit ook by voorkeur 'n voorsetselbepaling, bepalinge met als en dan, en enkele bywo.[3]

By Trichardt kom die werkw. in die bysin in die reël op die end voor, maar daar kom nogtans 81 gevalle voor waar 'n nominale gedeelte op die end staan, veral na 'n samegestelde werkw., bv. „een kalf die Boers van Rensetoe go-

/kregen

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, pp. 180-181; 347; Overdiep, Mod. Ndl. Gram., p. 339; 382.
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 181; 347.
3) Overdiep, Mod. Ndl. Gram., p. 340; 383.

kregen heef voor zijn moeijte" (p. 56), „omdat Kaalkop sedert de vrede niet eens gekomen is na mijn" (p. 55), „en dat die brief en tand weggesteurd is in zijn teenwoordigheid" (p. 38), „dat hij oorlog voeren wil met hun" (p. 35), „dat hij het in een toekomende weer vinden zal zonder groote schade (p. 167). Omdat Trichardt in die reël in 'n bysin by 'n samegestelde werkw. die hulpww. na die volt. deelw. of infinitief plaas (kyk §§342-3), gebeur dit net 'n paar keer dat in 'n bysin waar die hulpww. die volt. deelw. of infinitief voorafgaan, die bepaling of voltooiing op die end staan, in stryd met Ndl., bv. „alleen was ons swarigheid op wat wijs wij de Kaffer zouw betalen voor ons ossen" (p. 263), „dat wij haar maar gerus moet maken tot morgen of overmorgen" (p. 182). 'n Enkelvoudige werkw. kom net in enkele bysinne nie op die end voor nie, bv. „die zeg dat Hendrik Potgieter zijn menschen anderkant van Sekwati is aan de rivier" (p. 29), „de voorste Rooij kaffer zeg dat hij die brief die ik hem gegeven heb aan de menschen steurd met een olivantstand" (p. 39).

Oberholster skryf slegs 15 maal 'n nominale gedeelte op die end van die bysin, bv. „dat ik op boven gemelde dato van hier gesand heef den baster Andries tot het gemelde diens" (22/7/22), „dat zijn Ekselentsi den Gouverneur staad te verschijne ten dorp Graaff-Reijnet" (25/8/29).

By Joubert kom ook 'n beperkte aantal bysinne voor waar die werkw. nie aan die end staan nie, bv. „naadat lukas de wagter van de boeste hoef gestraf met slaagen" (24/3/28(3)), „die hom toen heb door gehaalt met alle spoet" (25/5/33), „die agter soo min reg op dat vrijdant heef als wij burgers" (25/5/33).

/Pretorius

Pretorius skryf selde 'n bysin in hierdie sinsorde, bv. „dat onse voorouders uijd hun land over land over den grootste sijn gevlug om hun geloof" (23/7/38, p. 27), „maar gedink dat ons saak seker sal geloutert worden door een smeldkroes" (p. 151).

In bysinne is die gebruik van die sinsordes in die verskillende skrywers se taal dus in 'n groot mate in ooreenstemming met die gebruik in Ndl. en die Afr. skryftaal.

354. In 'n bysin staan die twee dele van 'n samegestelde werkw. in Ndl. en Afr. in die reël naas mekaar. In Afr. staan 'n gesegde-bepaling egter dikwels tussen die hulpww. en die infin. soms kom ook 'n ander bepaling en selfs die voorwerp.tussen die hulpww. en infin. voor : Ek wil hê dat jy my moet geselskap hou - dat julle moet gehoorsaam wees.[1]

In Trichardt se Dagboek kom 'n hele aantal gevalle voor van 'n bepaling of voltooiing wat tussen die hulpww. en die infin. staan, bv. „dat hij na zijn vee moet haastig gaan" (p. 161), „die hij gister niet kon klaar krijgen" (p. 133), „dat hij gaarne wil na huis gaan" (p. 94), „dat Rossetoe de anderen dag zouw na zijn moeder gaen" (p. 69), „dat hij al zijn volk ront om haar nag en dag laat wag houden" (p. 124), „dat Seritie mijn ook laat kos vragen" (p. 67), „dat zij bevrees is dat wij haar zal laten ped maken" (p. 229). Trichardt plaas dus ook in enkele gevalle 'n bepaling of voltooiing tussen die twee lede van die werkw. waar dit in Afr. minder gewoon is en toon 'n sterk neiging

/om

1) De Villiers, Sintaksis v.d. Werkw., p. 65 § 37.

in hierdie geval die woordorde van die hoofsin in die bysin te behou. Daarenteen plaas Trichardt nog soms 'n bywoord wat deel is van 'n samegestelde werkw., voor die hulpww. waar Afr. die werkw. ongeskei gebruik, bv. „Is ik met Danster gegaan om te zien of wij die Poort door kon komen" (p. 174), „Ik zij als die krans van boven (zo) was dat men van boven bij kon komen" (p. 226).

By Trichardt se tydgenote kom enkele gevalle voor van sinne waar die hulpww. geskei is van die infin. en nader aan die onderwerp staan, by Joubert bv. „ik twijvel niet of u sal veel moeijte hebben" (27/7/34), „dat die hun sal bekent maaken" (12/9/31), „of ik hun soude kwaalik nemen" (25/9/29(2)). Pretorius skryf byvoorbeeld : „in verwagting dat het niet sal nodig sijn" (15/3/40, p. 105), „hoop ik dat gij mijne klagten sult in overweging neemen" (Aug. 1847, p. 280).

Dr. Scholtz verklaar dat die skeiding van die hulpww. van die infinitief in 'n afhanklike sin in die „Berigt" van Nikar meermale aangetref word (bv. „zeijde dat de hans kon beter loopen als hij") en ook in ouer Ndl. nie onbekend was nie (vgl. die Itineraria van Van Linschoten, I, 94 : „soo breedt, datter moghen ses mannen te peerde bezijden mal kanderen rijden", en G.S. Overdiep, Zeventiende-Eeuwsche Syntaxis I, p. 60).[1]

Veral Trichardt se taal staan in hierdie opsig reeds baie na aan Afrikaans.

In die taal van Trichardt en sy tydgenote kom dus verskeie sinsvorme voor wat dr. H.J. Rousseau as anglisismes in huidige Afr. beskou.

/Die

1) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 27 Junie, 1941, p. 35).

DIE PARTIKELGROEP

355. Onder die naam partikel verenig prof. J.J. le Roux 'n aantal onverbuigbare woorde wat gewoonlik met allerlei inkonsekwensies ingedeel word in die klasse bywoord, voorsetsel, voegwoord en tussenwerpsel. Die bywoord kan egter wel vormverandering ondergaan om trappe van vergelyking uit te druk.[1]

I. Die bindwoorde

356. Dit sluit in die woorde wat gewoonlik as voegwoorde bekend staan, 'n groot deel van die bywoorde en voorsetsels, en ook pronominale vorme wat as bindwoorde dien.[2]

In die vorige paragrawe is sekere groepe van bindwoorde behandel wat herhaal kan word of versterk kan word deur ander bindwoorde waarmee dit samestellinge kan aangaan, bv. van...af, na...toe (kyk § 313), soo...als (kyk §§ 300, 305), ens. In Afr., soos ook in die Ndl. omgangstaal, kan die laaste lid van sulke samestellinge ook 'n bywoord wees wat anders nie as bindwoord gebruik word nie, bv. vir 'n jaar terug.[3]

By Trichardt kom samestellinge van hierdie aard 'n paar maal voor, bv. „dat ik voor vier maanden gelede al gehoord het" (p. 94), „en Carolus gebruik ouwe Botha zijn hemar omtrind een week lang" (p. 111).

Oberholster gebruik ook een samestelling van hierdie aard : „voor een teijt gelede" (26/3/25).

357. Prof. le Roux verklaar : „Die neiging van die onderskikkende bindwoorde om 'n nouer eenheid aan te gaan

/met

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 183 § 348.
2) Idem, p. 183 § 349.
3) Idem, p. 184 § 350.

met die bepaalde Subst. of Adw. gee aanleiding daartoe, dat die nuwe eenheid as geheel deur 'n bindwoord met 'n ander eenheid verbind word".[1] Vgl. Hy het tot voor die deur, van onderkant die rivier af gekom. Reeds in Mnl. kom hierdie konstruksie voor : Van over mere, van voor haren oochen.[2] In moderne Ndl. is dit ook gewoon, bv. voor op zee.[3]

Trichardt gebruik alleen verbindinge met tot as bindwoord voor die nuwe eenheid, bv. „Die nagt hoorde wij de schoten tot tegene de dag" (p. 39), „tot voor de poort" (p. 182), „tot door de klijn poort" (p. 177), „tot op de grins" (p. 300), „tot aan de Buloelas rivier" (p. 178). Ongewoon is die verbinding : „den 10de tot na huis" (p. 10).

Hy Oberholster kom die volgende verbindinge voor : „begaf sig van over de grense" (16/4/29), „daar se van over de groot rivier komt" (9/10/32). Ook hy gebruik die volgende ongewone geval : „verstreek 4 wagepaarde van sijn plaas tot naar den burger" (15/10/29), „tot naar den veld commandant" (20/8/24).

Joubert gebruik dieselfde gevalle : „ik bin toen voortgetrokke tot naa buffels valij" (1/9/35), „toen ik van over de grense te huijs kwam" (28/8/34), „dat de veldcornet Johannes Esterhuijse van bove Sekoerivier aan het trekken sijnde naa over de grense" (8/7/34).

Die nuwe eenheid in sommige verbindinge in die taal van Trichardt en sy tydgenote is in Afr. ongewoon na die bindwoorde waardeur dit met 'n ander eenheid verbind is. Die neigingen die onderskikkende bindwoord met die bepaalde anw. 'n nuwe eenheid te laat aangaan en die geheel deur 'n ander bindwoord te verbind, moet sterk gewees het in hul taal.

/Die

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 184 § 351.
2) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 75 § 122.
3) Overdiep Stilistische Gramm., p. 491 § 241(6).

II. Die Bywoord

358. Die woorde wat tot hierdie klas behoort, kan ook ander funksies vervul benewens die bepaling van die werkwoorde.

Bywoord + Bywoord

359. Onder die tipes verbinding sonder bindwoord is veral kenmerkend van Afr. die waar die bepalende bywe. nie en al voor die bepaalde byw. staan en daarna herhaal word : Ek kry dit nie daar nie; ek is al lank al hier.[1] Hierdie verbindingstipe kom by geeneen van die skrywers voor nie (vgl. § 348).

360. Die bepalende bywoord kan ook die bepaalde volg in verbindinge met gelykmatige akseent wat 'n tydsverhouding uitdruk : Hy moet gou al vertrek. Gewoonlik tree die verbinding in Afr. egter as samestelling op : lank-al, toe al.[2] Hierdie verbindingstipe het ok nie by Trichardt en sy tydgenote aangetref nie.

361. Deur middel van die bindwoorde so...soos of so...as, word in Afr. vergelykinge met die positief uitgedruk; hy loop net so stadig soos voorheen. In Ndl. word zoals as bindwoord gebruik, maar als word ook weggelaat. Onder Ndl. invloed kom in Afr. verbindinge sonder soos of as voor : so ver moontlik, so gou moontlik, ens.[3]

By Trichardt kom hierdie elliptiese uitdrukkinge nie voor nie, maar wel in die taal van party van sy tydgenote.

By Oberholster het ek hierdie voorbeeld aangetref : „soveel so gelik is alle communikatsi...af te sneijde" (4/12/31).

/Joubert

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 186 § 362.
2) Idem, p. 186 § 363.
3) Idem, p. 186 §§ 365-6.

Joubert gebruik in die reël die verbinding sonder als, bv. „dat Uwel Ed. mijn sal afschrijven soo spoedig moogelik is" (29/11/31), „ik sal soeken soo veel moogelik is" (27/8/35), „dat u de burgerwag van u distrik soo spoedig moogelik sal afloesen" (Idem). In enkele gevalle gebruik hy als na soo, bv. „om het te verspryden soo veel als moogelik is" (8/11/31).

Ndl. invloed het ongetwyfeld hier op Joubert en Oberholster se taal ingewerk.

302. In vergelykinge met die komparatief word in Afr. gewoonlik als maar ook dan gebruik. Dan is die gebruiklike bindwoord in die Ndl. skryftaal. Trichardt skryf altyd als, die Ndl. spreektaalvorm, bv. „kwam wij later bij ons vee als gemeenlijk" (p. 172), „kon wij niet eer als Sondag daar weesen" (p. 173).

III. Die voorsetsels

303. Behalwe as bindwoorde dien die voorsetsels ook om bepaalde betekenisskakerings van snwe. en bywe. uit te druk.

Enkel semantiese funksie het die voorsetsel van waar dit 'n meerv. snw. (vnw.) of 'n snw. wat 'n kollektiewe begrip uitdruk, of 'n stofnaam, voorafgaan en die verbinding 'n onbepaalde aantal of hoeveelheid aangee van wat die snw. noem : van hulle, van die manne het gekom.[1] Die uitbreiding wat hierdie konstruksie in Afr. gekry het, is reeds in § 299 bespreek.

304. „Infinitiewe wat nie dien tot voltooiing van Subste of Adje of ander as kopulatiewe ww. nie, kan voorafgegaan word deur om te of te en dan dreers van die eenheidsaksent weos, maar daarnaas word hulle ook sonder Prep. gebruik";[2]

/Ek

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 100 § 376.
2) Idem, p. 109 § 379.

Ek is bang dat hy sal versuim in plaas van dadelik te kom - Vlevang is genot.

By Trichardt is die gebruik van die voorsetsels in hierdie funksie interessant omrede die afwykende vorm van die voorsetsel in sommige gevalle.

Na die voorsetsel sonder skryf Trichardt altyd te voor die infinitief soos in Ndl. en nie om te wat deur Afr. verlang word nie, bv. „De leuw ging weg zonder schade te doen" (p. 150), „liet wij ons gezeggen zonder veel daarover te dinken" (p. 193), „en zonder egterdog te geven" (p. 171).

In 'n geykte uitdrukking waar Afr. altyd te voor die infinitief gebruik, skryf Trichard some om te, bv. „dat hij dan om zoo te zeggen onbehoorlijke instrumenten gebruik" (p. 195), „verbrand de berg dat wij voor ons vee om zoo te zeggen geen gras had als byna op de bergh" (p. 215). Daarneas gebruik hy ook in party gevalle te voor die infin. in hierdie uitdrukking : „dat hij ons zoo te zeggen uit de koers lijd" (p. 171), „laat de beeste vier schapen zoo te zeggen doot trappen waar hij bij stond" (p. 198). Dit toon onsekerheid by Trichardt oor die gebruik van die voorsetsels voor die infinitief.

DIE SIN

365. Die gebruik van afwykende sinsverbande in Trichardt se taal verdien vermelding. Veral van belang is die gebruik van die prolepsis en van afhanklike sinne in die vorm van 'n hoofsin.

Die prolepsis is die versteuring van die logiese sinsbou deur die vooropplasing van die psigologiese onderwerp

/of

of liewer die eintlike onderwerp. Veral in emosionele taal tree die aanvangsnosie so sterk op die voorgrond dat die volgende konstruksie hom dikwels daarna rig as ondergeskik, soos byvoorbeeld die inversie na inleidende bywoordelike bepalinge. Van 'n ander aard is egter die talryke gevalle in die spreektaal waar die belanghebbende voorwerp tot onderwerp word : hy is pootuit. Sulke voorbeelde kom van die Germaanse periode af voor.[1)]

In Afrikaans kom die oorheersing van 'n periode deur die aanvangsnosie veelvuldig voor. By Trichardt kom die volgende gevalle voor : „Zij en Annie die bij haar was gaf hy niet eens om te eeten" (p. 54), „want ons vee was soo veel van kreupel door de bosluisen" (p. 288), „uw ketel, als gij het op teld en reg zit is hij weer eerlijk" (p. 230), „brak de mes een stuk af" (p. 78). Prof. Bouman is die mening toegedaan dat in 'n geval soos die laaste daar aanleiding bestaan vir 'n nuwe groepering van woorde deurdat een stuk af opgevat moet word as 'n bepaling by mes sowel as by brak. So 'n nuwe groeping vind ons in die geval : „de pot die de poot uit is" (p. 121). Prof. Bouman is van mening dat uit hierdie tipe sin die Afr. samestellinge pootuit, beenaf, raadop, ens. wat as bnwo. gebruik word, ontwikkel het met wysiging van die sintaktiese funksie van die aanvangsnosie wat in verbinding met hierdie samestellinge as onderwerp in plaas van as voorwerp optree. In Trichardt se Dagboek het ek net een voorbeeld van die Afr. verskynsel teengekom : „mijn een wagen was speeklog" (p. 193). Hierdie ontwikkeling het dus reeds in Trichardt se tyd of nog vroeër in Afr. plaasgevind.

/'n Kenmerk

---

1) Bouman, Onderzoekingen over Afr. Sintaksis (Annale v.d. Univ. v. Stellenbosch, Jrg. 4, nr. 3, p. 49 § 34).

366. 'n Kenmerk van Trichardt se taal is die talryke gevalle van 'n afhanklike sin wat die vorm van 'n hoofsin het. Sowel in Ndl. as in Afr. kom dit voor by koördinasie van twee bysinne, veral waar hul die hoofsin voorafgaan. Dan verloor die spreker maklik die oorsig en word die tweede bysin in die vorm van 'n hoofsin gekoördineer;[1] bv. As hy sy werk verwaarloos en hy word uit sy betrekking ontslaan, is dit sy verdiende loon.

In Trichardt se taal het die tweede bysin by koordinasie van bysinne gewoonlik die sinsorde van 'n hoofsin, bv. „die groot kaf(fer zij) dat de captijn die avond bij ons komen zal en zal voor mijn een olivantstand bringen" (p. 292), „kwam Doors de morgen en zij aan ons dat Manijwaas gekomen was .dat seven van zij volk mee was en zal vier geweers van ouwe Hans of die menschen die vermoord is meebringen" (pp. 51-2), „Daar kwam een kaffer van Rossetoe zeggen dat Doors de avond komen zal en zal veel nuis bringen" (p. 154), „maar hij had zoo veel tijd dat (ik) onverduldig wierd en gaf hem een slag voor zijn bek" (p. 195).

367. Belangriker as die vorige is Trichardt se veelvuldige gebruik van 'n voorwerpsin wat nie neweskikkend verbonde is met 'n voorafgaande bysin nie, in die woordorde van 'n hoofsin en sonder die voegwoord dat, bv. „zij dag het was een leuw" (p. 132), „Hij zij ik moet volk met hem mee steuren eer ik hem seer maak" (p. 101), „Hij zij hij zal eers na huis gaan en de volk zelfs vragen" (p. 101). Ook waar die voorwerpsin van die hoofsin geskei is deur 'n ander bysin, staan dit baie dikwels in die woordorde van 'n hoofsin met inversie

/en

1) Overdiep, Stilistische Gram., pp. 136-7.

en is die voegwoord in die reël weggelaat, bv. Jan zij aan mijn als daar schapen is moet wij aan de arm vrouw ook wat geven" (p. 108), „Ouwe Botha heb gezeg als hij gedaan heb moet hij het weer bringen" (p. 123), „Ik zij als hy zoo kwaad is en die osse zoo gruwelijk slaat en doorbring zal geen mens u komen helpen" (p. 880), „ik zij dat als zij een maand wagten wil zal ik komen en die saak ondersoeken" (p. 61).

In Afr. bly die woorderde van die afhanklike vraag dikwels, veral in die spreektaal, dieselfde as in die direkte vraag : Wie weet wanneer sien ons hulle weer.[1] Maar ook in mededelende sinne is 'n voorwerpsin met die woorderde van 'n hoofsin en sonder die voegwoord in die Afr. spreektaal baie gewoon, bv. ek hoop hy kom vandag; hy gee voor hy is moeg maar ek glo hy lieg.[2]

In Ndl. word dat-sinne in die vorm van 'n hoofsin ook gebruik. Veral in Fries en Groninge kom isolering van dat met die bysin in die vorm van 'n hoofsin voor : Dat duurde zoo lang dat, d' hele plek werde weer smeuig.[3]

Trichardt se taal vertoon uitbreiding op die Ndl. gebruik en ooreenkoms met Afr. ten opsigte van die gebruik van 'n afhanklike sin in die vorm van 'n hoofsin.

368. In Ndl. is dit dikwels nodig om 'n voorwerpsin wat deur dat ingelei word, deur 'n voorlopige voorwerp soos die onbep. vnw. het, te laat voorafgaan, waar die werkw. in Afr. daarsonder kan staan : Hy zal het ons kwalijk nemen dat wij weggebleven zijn.[4]

In Trichardt se Dagboek kom 'n aantal sinne voor waar 'n voorlopige voorwerp 'n voorwerpsin met dat voorafgaan na die ww. zeggen wat ook in Ndl. direk deur 'n voor-

/werpsin

1) Bouman, Onderzoekingen over Afr. Sintaksis (Annale v.d. Univ. van Stellenbosch, Jrg. 4, nr. 3, p. 16 §8).
2) Du Toit, Afr. Studies, p. 102.
3) Overdiep, Stilistische Gramm., pp. 495–6 §304.
4) Scholtz, Meurant se Afr. (Huisgenoot, 29/8/41, p. 27 (II f.)

werpsin kan gevolg word, bv. „kwam hij het zeggen dat (hij) de leuw gezien heb en voor hem gevlug heer" (p. 280), „die een is gekomen om het te zeggen dat als zij gesont is zij de gewoers bringen zal" (p. 74), „En ik heb Albag dat gezegdat die merrie somtijds alleen verstrijk" (p. 142), „ik zij dat ik verblijd was dat te zien dat alle zieke redelijk is" (p. 314).

Trichardt skryf ook 'n voorlopige voorwerp voor 'n sin beginnende met waar : „Hy sprak van beeste, zouw hij het gaan wijsen waar het was" (p. 283). Die voorwerp het mag hier egter 'n terugwysende vnw. wees. Hierdie onafrikaanse sinne het waarskynlik deur Ndl. invloed ontstaan.

Voegwoordelike gebruik in bysinne

I. Byvoeglike bysinne

369. Trichardt se gebruik van 'n sekere tipe byvoeglike bysin, nl. 'n bysin in gelei deur dat wat as byvoeglike bepaling by 'n voorafgaande snw. staan, is soms ongewoon, bv. „tegens de avond dat de beeste na de kraal kwam" (p. 43), „de avond dat ik by St. Maria sat te praten" (p. 310), „Sondag agtermiddag dat de wind stil was" (p. 121), „dezelfde dag dat wij aan de Fort gekomen is" (p. 318).

Hierdie tipe sin, ingelei deur dat wat as byvoeglike bepaling by 'n voorafgaande snw., vnw. of byw. staan, het in Mnl. veral voorgekom, bv. Die wile dat die priester op ten predicatoele staet.[1] In 17de-eeuse Ndl. kon 'n voorsetselbepaling, gevolg deur 'n attributiewe sin met „dat", afgeskei van die voorafgaande sin, met dat verbonde 'n voegwoordelike uitdrukking vorm : van den dag af dat wij uitgeloopen zijn - totter tijd dat haer dochte...[2]

/Oberholster

---

1) Stoett, Mnl. Syntaxis, p. 230 § 325.
2) Overdiep, Zeventiende-Eeuwsche Syntaxis I, p. 97 § 59.

Oberholster gebruik dieselfde tipe byvoeglike bysin, bv. „Omstreeks 8 uur in de avond dat de mense aan tavel sad" (25/8/32), „des avonds dat de vee op de werf kwam" (Idem).

In Afr. word hierdie bysin beginnende met dat selde gebruik en feitlik alleen na 'n voorsetselbepaling : teen die tyd dat jy daar aankom.

370. Trichardt skryf ook dikwels 'n byvoeglike bysin ingelei deur daar met 'n lokale voorsetselbepaling of selfst. nw. as onmiddellike of aansluitende antesedent, bv. „dat de volk... de morgen vroeg de weg ingeslagen heb daar mijn vee alle dagen wij" (p. 257), „omtrind de plek daar hij de os gevangen had" (p. 103), „maar liep na de kand daar ons wagens was" (p. 264). Teenoor 27 bysinne met daar skryf hy 25 maal waar as voegwoord, bv. „liep zij de vuur waar de bossemans zat, digt bij" (p. 165), „om na de plek te zien waar wij de vee leggen zal" (p. 120). In Afr. word uitsluitend waar gebruik, en in moderne Ndl. is dit ook die gebruiklike voegwoord in hierdie sinne. In 17de-eeuse Ndl. was daar egter die gebruiklike voegwoord naas waar.[1] Trichardt se gebruik is dus toe te skrywe of aan die behoud van die 17de-eeuse Ndl. gebruik in die spreektaal vanby tyd of aan invloed van Ndl. boeketaal.

II. Bywoordelike bysinne

371. Trichardt gebruik dikwels zo als in 'n bywoordelike bysin van tyd in plaas van die gebruiklike toe. Hierdie gebruik gaan terug op Mnl. waarin so en versterkte also in die sin van sodra, wanneer, toe, terwyl gebruik is. In 17de-eeuse Ndl. is dit nog in hierdie betekenis gebruik,

/veral

1) Overdiep, Zeventiende-Eeuwsche Syntaxis, II pp. 152-5 § 114.

veral in die taal van die Statebybel. Met 'n imperfectum of pluperfectum om 'n bepaalde tydstip in die verlede aan te dui, was als tot in die 18de eeu baie gewoon in Ndl., en in die 19de eeu is dit nog in Vlaams gebruik. Dit is eers laat in Ndl. deur toen verdring, veral in die prosa.[1]

In verbinding met 'n verledetydsvorm kom zoals dikwels in Trichardt se Dagboek in hierdie funksie voor, bv. „zij Doors dat Rossetoe die kaffers weggesteurd heb zoo als die dag aanbrak" (p. 63), „de morgen zoo als wij klaar had met inspannen, kwam zij met haar drie" (p. 266), „maar zoo als ik voor de hijning kwam, was daar een vang gad" (p. 180), „Ouwe Hans kaffer kwam de dag te voren zoo als wij uit zouw spannen" (p. 153).

By Joubert kom soortgelyke byw. bysinne voor, bv. „als ik de 20 avont elhier aankwam, wiste mnr. Armstrong niets van mijn koms" (22/9/35), „de morgen als ik opstond..." (J 7/11/38).

In Afr. is soos of as in verbinding met 'n verlede tydsvorm ongebruiklik in hierdie funksie van tydsaanduiding. Trichardt en Joubert se gebruik van (zo)als in hierdie funksie is waarskynlik aan Ndl. invloed te wyte, hoewel dit moontlik is dat hierdie gebruik nog in hul spreektaal voorgekom het.

372. In Ndl. kan zooals deur 'n bywoord wat die momentane handeling aandui, versterk word, bv. zoo meteen als ik dat zei, keek hij om.[2]

Trichardt skryf zoo met als, bv. „zoo met als zij met de osse werk, blijf de osse uit" (p. 86). Als word ook weggelaat na met, bv. „zij ouwe Botha dat zoo met hij een mes maak, het aan stukkend is" (p. 78). Hier word egter nie momentane handeling uitgedruk nie maar eerder herhaalde handeling.

/Agter

---

1) Ndl. Wdb. II kol. 257; v.d. Veen, Taaleigen v. Erodero, p. 126 § 203.
2) Overdiep, Stilistische Gramm., p. 603 § 303.

373. Agter verskillende bywoorde voorafgegaan deur zoo kan die onmiddellik volgende korrelatiewe als in Ndl. weggelaat word. Na zooveel, zoohaast, zoolang, zoover en zoozeer is weglating van als selfs die gewone reël in Ndl.[1] In Afr. word as dikwels weggelaat na sodra, solank, sover en so dikwels.

Trichardt behou in die meerderheid van gevalle volgende als, veral na zoodra en zooveel, bv. „maar zoodra als Carolus aan veilen gaat" (p. 88), „zoodra als ik onder de berg was" (p. 237), „juis zooveel als daar weegen moet" (p. 24), „zal ik zooveel mee steuren als ik heb" (p. 29). Een maal laat hy als na zoveel weg: „rukte de paard op zoo-veel ik kon" (p. 180), asook in die enigste geval waar zoo-lang voorkom : „zoo lang wij daar die twee dagen stil ge-legen had" (p. 198).

374. In bywoordelike bysinne van vergelyking gebruik Trichardt die Ndl. vorme als of zoo als in vergelykinge met die positief, bv. „en wouw ons kruid zien of die ook zoo is als de zijne" (p. 53), „dat het presios zoo gelijk als die haar vee doot gestoken heef" (p. 197). In vergelykinge met die komparatief skryf hy altyd als : „dat hij meer goederen ontfangen had van Mossetoe en Doorn als zij gehouden had" (p. 49). Trichardt skryf dikwels 'n vergelykende sin waar die komparatief eer uitgelaat is, bv. „de bloed wouw niet ophouden als de avond om 10 uur" (p. 75), „wij kon hulle niet inkrijgen als toen de beeste uitkwam" (p. 21), „wouw een van de soldaten gen. Lourins voor op de pakwagen klim-men bij Willem Strijdom die dat niet gewaar wierd als dat hij over de dissselboom viel" (p. 151).

/In

1) Ndl. Wdb. II, kol. 241.

375. In bysinne van hoedanigheid gebruik Trichardt zoo-nla om 'n positiewe hoedanigheid uit te druk, bv. „zij voer in schaldwoorden uit zoonla wij gehoord heb" (p. 79), „na alle waarschijnlikheid niet nie zoonla wij de morgen aan de spoor zien kom" (p. 98).

In die enkele geval waar 'n negatiewe hoedanigheid uitgedruk word, skryf Trichardt alleen of i.p.v. asof (alsof) : „hij zij dat de meijd soo wonderlik loop of zij de vuile siekte heb" (p. 45). In Afr. word of in hierdie geval ook gebruik : vgl. hy lag of hy betaal word.

376. In Trichardt se Dagboek kom ook kombinasies met die voegwoord dat voor. So gebruik hy met dat om gelyktydige handeling te omskryf, bv. „met dat ik opstond, nam hij de spad" (p. 157), „met dat het donker wierd kwam Sekwana" (p. 269), „was daar een vang gad die ek niet eer zag als met dat mijn paerd de poot optelde om in te trappen" (p. 180). In 17de-eeuse Ndl. was hierdie samestelling gebruiklik.[1] In Afr. sou in hierdie gevalle net toe gebruik word.

By Joubert kom hierdie kombinasie ook voor, bv. „med dat hij het zij, vil de schoote" (25/8/32).

377. Ander samestellinge met dat wat Trichardt gebruik, is want dat en waarom dat wat ook in 17de-eeuse Ndl. gebruiklik was;[2] bv. „want dat de schepsels dat bij ons niet verdient heb" (p. 186), „ik vrang waarom dat hij Masaouw ook niet laat reg maken..." (p. 60).

Oorsig van die sintaksis

378. Wat die sintaksis betref, vertoon die taal van Trichardt en sy tydgenote nog heelwat Nederlandse kenmerke.

/Die

1) Overdiep, Zeventiende-Eeuwsche Syntaxis, p. 105 § 67.
2) Idem, pp. 101-11 § 61; v.d. Veen, Taaleigen v. Bredero 126 § 205.

Die invloed van die Nederlandse skryftaal word in 'n aantal opsigte bewys deur die opmerklike verskil tussen die taalgebruik van die verskillende skrywers. Menige Ndl. sintaktiese konstruksie is 'n gemeenskaplike kenmerk van die taal van al die skrywers of die meerderheid van hul.

'n Aantal keer kom voorbeelde van die verbinding van twee selfstandige naamwoorde deur middel van 'n buigingsuitgang by almal van hul voor, hoofsaaklik gevalle van die possessiewe en partitiewe genitief wat nog in Afr. nag bestaan het (§ 294).

Om 'n selfstandige naamwoord of 'n byvoeglike naamwoord met 'n infinitief te verbind, gebruik Trichardt nog dikwels en sy tydgenote gewoonlik die voorsetsel te naas om te. (§§ 297, 303).

Waar 'n vergelyking uitgedruk word, skryf hulle almal die Ndl. vorm (zo)als. In die verbinding van 'n bnw. in die komparatief met 'n snw. en na ontkennende woorde word ook soms dan gebruik in stryd met Afr. (§§ 300, 305, 374).

Om die werkw. met 'n snw. te verbind, word in sommige gevalle die Ndl. voorsetsel gebruik in stryd met Afr. (§§ 309, 317).

Om die werkw. met 'n infinitief te verbind, word baie dikwels te gebruik waar Afr. alleen om te ken. Selfs waar die infinitief finale funksie het, word dikwels te deur al die skrywers gebruik in stryd ook met die Ndl. skryftaal (§§ 318-20, 338).

Trichardt en Joubert gebruik (het as direkte voorwerp voor in indirekte voorwerp wat nie deur 'n voorsetsel met die werkw. verbind is nie. Dit kom in Afr. selde indien ooit voor maar in Ndl. is dit reël. Teenoor die 16 gevalle

/van

van hierdie konstruksie wat in Trichardt se Dagboek voorkom, staan het in 19 gevalle na die indirekte voorwerp (§ 324). Trichardt toon ook 'n voorliefde vir die gebruik van die possessiewe datief (§ 326).

Om 'n duratiewe handeling te omskryf, gebruik Trichardt 'n aantal keer die Ndl. konstruksie liggen, zitten, staan, loopen met te + infinitief. Net eenmaal gebruik hy die konstruksie waar hierdie werkwwe. newegeskikkend verbonde is met die volgende werkw. deur middel van die voegwoord en, soos in Afr. (§ 336).

Trichardt gebruik 'n paar maal 'n samegestelde tydsvorm. bestaande uit hebben + willen, kunnen, moeten + infin. nie alleen om tyd uit te druk nie, maar soms ook die irrealis. Sy tydgenote gebruik had + modale hulpww. + infin. konsekwent om die irrealis uit te druk. In hierdie tydsvorme, asook waar zou die modale hulpww. regeer, kom die geregeerde hulpww. in hul taal nooit in die verlede tydsvorm voor soos in Afr. nie (§§337-8).

Waar hebben, zijn of worden deur 'n ander hulpww. bepaal word, plaas al die skrywers dit in die meerderheid van gevalle na die volt. deelw. wat dit self bepaal, maar soms staan die volt. deelw. in bysinne voor die hulpwwe., wat in Afr. alleen by word moontlik is. Trichardt se drie tydgenote skryf die volt. deelwoord egter meer as in laasgenoemde posisie ook na die hulpwwe., wat in Ndl. gebruiklik is maar in Afr. nooit voorkom nie (§339).

By samegestelde tydvorme bestaande uit hebben of zijn + nie-modale hulpwwe. soos laten, komen, blijven en die wwe. wat sintaktiese daarby aansluit zien, hooren, voelen + infinitief, skryf Trichardt hebben en zijn nog soms, en sy

/tydgenote

tydgenote konsekwent, voor die infinitiewe in bysinne, in ooreenstemming met Ndl. maar in stryd met Afr. (§ 340).

Waar die voorsetsel te + volt. deelw. + hebben, zijn of worden 'n infinitief vorm, plaas Trichardt in ooreenstemming met Ndl. te altyd na die volt. deelw. en voor die infinitief. Oberholster gebruik hierdie woordskikking ook gewoonlik maar in 'n paar gevalle plaas hy te voor alle verbale gedeeltes maar die volt. deelw. staan na die hulpww. soos in Ndl. Hierdie woordskikking word in die reël by Joubert en Pretorius aangetref. Die Afr. woordskikking: te + volt. deelw. + infin., kom by geeneen voor nie (§ 341).

Waar hebben, zijn of worden die enigste hulpww. by die volt. deelw. in bysinne is, skryf Trichardt dit nog soms voor die volt. deelw. wat in Ndl. gebruiklik is maar nie in Afr. moontlik is nie. Joubert en Pretorius skryf dit net so dikwels voor die hulpww. as daarna, terwyl Oberholster dit in die reël voor die volt. deelw. plaas. Vir hierdie toestand is invloed van die Ndl. skryftaal ongetwyfeld verantwoordelik (§ 342).

Waar die samegestelde tydsvorm in bysinne bestaan uit 'n hulpww. + infin., skryf Trichardt in twee-derdes van die gevalle die hulpww. na die infinitief. In Ndl. is hierdie woordskikking moontlik maar nie in Afr. nie. Ook in Ndl. is die Afr. woordskikking hulpww. + infin. die gebruiklikste. Selfs nie-modale hulpwwe. blijven, laten en gaan plaas Trichardt in 'n paar gevalle na die infin., in stryd sowel met Ndl. as met Afr. By Trichardt as tydgenote staan die hulpww. selde na die infin., sodat Trichardt as gebruik op rekening van die Ndl. skryftaalinvloed geplaas moet word (§ 343).

/In

In verbinding met die werkw. kom die onvolt. deelw. by Trichardt en sy tydgenote selde voor in adverbiaal-adjektiwiese funksie (§ 344).

Trichardt laat 'n voorwerpsin beginnende met dat 'n paar maal deur 'n voorlopige voorwerp voorafgaan waar dit sowel in Ndl. as in Afr. ongebruiklik is (§ 368).

379. 'n Paar sintaktiese eienaardighede van die taal van Trichardt en sy tydgenote is sowel in Ndl. as in Afr. ongebruiklik of word net sporadies gebruik, en stam uit ouer Ndl. So gebruik Trichardt en Oberholster byvoeglike bysinne ingelei deur dat wat as byvoeglike bepaling by 'n voorafgaande selfst. naamw. staan, en byvoeglike bysinne ingelei deur daar met 'n lokale voorsetselbepaling of selfst. naamw. as antesedent (§§ 369-70).

Trichardt en Joubert gebruik zoo als in verbinding met 'n verledetydsvorm om 'n tydstip in die verlede aan te dui waar Ndl. en Afr. toe(n) gebruik (§ 371).

Om gelyktydige handeling te omskryf, gebruik Trichardt en Joubert soos in 17de-eeuse Ndl. met dat in 'n bywoordelike bysin (§ 376). Ander 17de-eeuse Ndl. voegwoordelike kombinasies wat in Trichardt se Dagboek voorkom, is want dat en wanneer dat (§ 377).

380. Opvallend is die afwesigheid van 'n aantal kenmerkende sintaktiese eienaardighede van Afr. in die taal van Trichardt en sy tydgenote.

Die gebruik van die voorsetsel vir voor 'n direkte persoonlike voorwerp kom by geeneen voor nie, met uitsondering van twee twyfelagtige gevalle in Trichardt se taal (§ 322). Die verdringing van ander voorsetsels deur vir by werkwe. wat 'n vaste voorsetsel neem, kom alleen by Trichardt voor in twee gevalle (§ 317).

/Die

Waar die voorsetsel aan 'n selfstandige gebruikte infinitief voorafgaan, laat Trichardt en Oberholster in die reël die bepaalde lidwoord voor die infinitief weg, in stryd met Ndl. Sommige verbindinge wat sonder lidwoord voorkom, is ook in Afr. meer gewoon met die lidwoord (§ 387).

Trichardt onderskei ook twee woorde ou soos Afr. Hy maak ook 'n vormlike onderskeiding. Die vorm oud(e) word as volwaardige bnw. gebruik en ouw(e) byna konsekwent as 'n gevoelswoord (§ 292).

Soos in Afr. gebruik Trichardt telwoorde as bepaling of bystelling na vnwe. van die 3de pers. meervoud (§ 290).

Trichardt gebruik 'n aantal Afr. samestellinge met 'n snw. as laaste lid wat 'n ander snw. bepaal, bv. „die scheefhoorn kouij"(p. 214).(§ 293).

Waar die besitlike vnw. zijn dien om die genitief van besit te omskryf, kom by Trichardt enkele gevalle voor wat die Afr. uitbreiding van die gebruik van zijn in hierdie funksie vertoon. Zijn word naamlik twee maal na 'n meervoudige snw. en 'n paar maal na 'n onbep. vnw. gebruik. By Trichardt se tydgenote kom geen uitbreidingsgevalle voor nie (§ 295). Trichardt gebruik ook 'n aantal samestellinge bestaande uit snw. + selfstandige besitlike voornaamwoord wat nie by sy tydgenote aangetref is nie (§ 296).

Trichardt, Joubert en Pretorius gebruik die verbindingstipe van + snw. om 'n partitiewe verhouding uit te druk waar in Ndl. die gebruik van 'n onbepaalde tel- of hoeveelheidswoord en soms van 'n bepaalde telwoord nodig is (§ 299).

Waar 'n voorsetsel 'n snw., vnw. of byw. met die ww. verbind, gebruik Trichardt 'n samegestelde voorsetsel

/waarvan

waarvan die twee dele gedeeltelik voor en gedeeltelik agter die bepaalde woorde staan meer as in Ndl. hoewel nie oral waar Afr. dit verlang nie. Die taal van sy tydgenote vertoon minder uitbreiding van die gebruik van 'n samegestelde voorsetsel as syne (§ 314). Alleen by Trichardt kom 'n paar gevalle voor van 'n samegestelde voorsetsel waarvan die twee dele gelykluidend is (§ 316).

By Trichardt en Oberholster kom 'n paar voorbeelde van die kenmerkende uitbreiding van die gebruik van vir (voor) voor 'n indirekte persoonlike voorwerp in Afr. voor (§ 325).

By al die skrywers kom 'n beperkte aantal gevalle voor van 'n indirekte voorwerp wat deur 'n voors. met die werkw. verbind is en voor 'n direkte voorwerp in die sin staan. Hierdie Afr. woordskikking is in Ndl. nie moontlik nie (§ 323).

Trichardt gebruik een maal om gee as 'n voltooide begrip soos in Afr., maar in die reël staan 'n znw. of vnw. na om as voltooiing van die werkw. (§ 327). Met een reflekssiewe werkwoord kom by Trichardt sonder die vnw. voor, nl. die werkw. voornemen wat in Afr. nie sonder die vnw. kan staan nie (§ 328).

Om 'n tweede voltooiing aan 'n relatiewe verbaalbegrip te knoop, gebruik Trichardt altyd die voorsetsel voor en nooit die voegwoord als soos deur Ndl. verlang nie (§ 329).

Trichardt gebruik hij as naamwoordelike deel van die gesegde in die sin : het is hij, wat in Ndl. nie moontlik is as die nadruk daarop val nie. Daarbenewens sou Ndl. in genoemde sin die voorwerpsvorm van hij gebruik (§ 332).

In ooreenstemming met Afr. skryf Trichardt altyd die vnw. van die eerste pers. enkelv. eerste waar dit deur die voegwoord en met 'n ander pers. vnw. of 'n znw. verbind is, wat in strydis met beknopte Ndl. (§ 301).

/Trichardt

Trichardt gebruik in die reël die Afr. konstruksie: wou, kon, moes + volt. deelw.+ hebben om die irrealis uit te druk naas 'n paar gevalle van die voltooid verlede tydsvorm. By sy tydgenote kom die Afr. konstruksie nie voor nie (§ 337).

In samegestelde tydsvorme bestaande uit hebben of zijn + laten, komen, hooren + infin., plaas Trichardt in bysinne hebben en zijn in die meerderheid van gevalle op die end wat in Ndl. oenmoontlik maar in Afr. reël is. Sy tydgenote gebruik egter konsekwent die Ndl. sinsorde (§ 340).

Trichardt verbind die woord jammer, sonder voorafgaande lidwoord, met 'n persoonlike onderwerp sowel deur die hulpww. hebben as zijn (§ 347).

By Trichardt se tydgenote kom enkele gevalle voor van die verbinding van 'n bywoord deur twee voorsetsels wat dit omring, met die werkwoord om die rigting van 'n beweging of 'n tydsduur uit te druk, waar die laaste voorsetsel met die bywoord 'n samestelling vorm wat deur die eerste voorsetsel bepaal word, nl. tot nogtoe, tot hiertoe (§ 349).

By Trichardt kom een voorbeeld voor van die Afr. ontwikkeling van 'n snw. + bywoord tot 'n samestelling met byvoeglike funksie, nl. speeklos (§ 365).

In bysinne waar hebben, zijn of worden die enigste hulpww. by die volt. deelw. is, plaas Trichardt reeds vir 90 persent van die gevalle die hulpww. na die volt. deelw. Hierdie woordskikking wat in Afr. uitsluitend gebruik word, is in Ndl. ook moontlik maar minder gebruiklik as die omgekeerde orde van hulpww. en volt. deelw. By drie tydgenote se taal staan in hierdie opsig nader aan Ndl. (§ 342).

By samegestelde tydsvorme bestaande uit hulpww. en infin. in bysinne plaas Oberholster gewoonlik en Joubert en Pretorius byna konsekwent die hulpww. voor die infinitief soos in Afr. terwyl Trichardt voorkeur gee aan die omgekeerde woordorde (§ 343).

/inkele

Enkele sintaktiese eienaardighede van Afr. kom ook in ouer Ndl. voor. So gebruik al vier skrywers *van* naas *deur* as bindwoord in passiewe konstruksies (§ 312). Ook die hendiadys-konstruksie waarvan een voorbeeld by Trichardt voorkom, was gewoon in Mnl. en 17de-eeuse Ndl. (§ 336).

Soos in ouer Ndl. en in Afr. plaas Trichardt en Joubert soms bepaling of selfs 'n voorwerp tussen 'n hulpww. en die infin. in bysinne (§ 354).

In Trichardt se taal het hoofsinne met 'n samegestelde gesegde veel meer die oop sinsvorm as wat in Ndl. gebruiklik is. Hy gebruik veral sinne wat deur 'n bepaling ingelei is en gevolglik inversie vertoon, met 'n nominale bepaling of voltooiing op die end (§ 352).

Trichardt maak uitgebreider gebruik as Ndl. van *dat*-sinne met die vorm van 'n hoofsin. Voorwerpsinne met die woordorde van 'n hoofsin kom baie dikwels voor en in die reël is die voegwoord ook weggelaat (§ 367). In hierdie opsig vertoon sy taal 'n groot mate van ooreenkoms met Afrikaans.

383. In teenstelling met die taal van die ander drie skrywers vertoon Trichardt se skryftaal op gebied van die sintaksis meer ooreenkoms met Afr. as met Ndl., hoewel 'n hele aantal Ndl. konstruksies nog in sy taal voorkom en kenmerkende eienaardighede van Afr. daarin afwesig is. In 'n paar gevalle is sy taal ongetwyfeld deur die Ndl. skryftradisie beïnvloed maar in veel minder mate as die van sy tydgenote. Sommige van die Ndl. verbindinge wat hulle gebruik, was blykbaar nog in die spreektaal van die tyd bekend.

HOOFSTUK V

WOORDE EN UITDRUKKINGE

883. In Trichardt se Dagboek en in die geskrifte van sy drie tydgenote kom 'n hele aantal Nederlandse woorde en uitdrukkinge voor wat oelde of nooit in Afrikaans gebruik word nie. Ander woorde was eie aan die Afrikaans van die tyd maar nie aan die algemene Nederlands nie. Sommige van in die 17de en some ook nog in die 18de eeu in Nederlands gebruiklik, maar het nie in die algemene taal bly voortleef nie, terwyl ander uit die 17de-eeuse Hollandse volkstaal stam. Die meeste van hierdie woorde van Nederlandse oorsprong is in Afrikaans nog heel gewoon maar sommige is daarin verouderd of het in onbruik geraak. 'n Hele aantal Nederlandse woorde het in Afrikaans ook betekenis- of vormverandering ondergaan. Ander onnederlandse woorde wat in hul taal voorkom, het in Afrikaans ontstaan of is hier aan vreemde tale ontleen. Hierdie groepe is egter nie streng van mekaar te skei nie en deur gebrek aan kennis van die ouer Nederlandse of hedendaagse dialekte kan vir oorspronklike Afrikaans aangesien weos party woorde wat dit nie is nie. Nogtans gebruik ek hierdie indeling by 'n kort beskouing van die opvallendste woorde en uitdrukkinge wat afwyking van Nederlands of van Afrikaans vertoon in die taal van Trichardt en sy tydgenote.

884. 'n Aantal Nederlandse woorde wat in Trichardt se Dagboek of in sy tydgenote se taal voorkom, is ongebruiklik in Afr. By Trichardt het ek die volgende woorde teengekom:

/zoals

„sovals de slag van volk als hij is" (p. 144); „ging die kaffers hem met zijn makkers wegpakken" (p. 285); „hij sprong so net en klugtig" (p. 64), „want ik zal zien om klaar te raken sonder dat gij u zal verseeren" (p. 203); „ik vroeg of het wangunsticheid is dat hij sooveel daar over sprak" (p. 49); „de weer was gestild" (p. 50), „hij moet hem niet moeijen" (p. 43); „ouwe Botha lant mis onrapen" (p. 77), „salpeter kon men boven de vontijn en de vlijen soo veel rapen" (p. 174). Joubert gebruik hierdie ww. ook : „om eijren te raapen" (9/1/35), „een swarte lint die sij op de werf heef opgeraap" (30/12/35). In Afr. bestaan die werkw. opraap maar alleen as refleksiewe werkw. Trichardt skryf ook : „kwam wij later bij ons vee als gemeenlijk" (pp. 142, 172). Hierdie Ndl. woord kom ook by Joubert voor : „die eeij gemeenlijk buijten de dorp leg" (1/8/33). By Oberholster kom die volgende onafrikaanse woorde voor : „de lijs van overleede en geboorte van al slag van menschs" (4/3/29). Die woord slag in die betekenis soort was dus blykbaar toe baie gebruiklik in Afr. Die volgende woorde was waarskynlik formules in sy taal, nl. wat aanbelang de beesttere van slaave" (14/10/34); „bij u is klagtig gevalle over onthoude van zijn vee" (12/8/28); „gelyk den ander burgers" (9/4/28); „doordat ik de getuijge niet tijdig kon become" (4/12/33). By Joubert kom die woord „gaarde" (2/1/35) vir „boord" voor. Dis 'n egte boeketaal-woord.

Trichardt gebruik 'n paar woorde wat in Afr. nog voorkom maar alleen in deftige taal, veral by ou mense, of in literatuurtaal, bv. „Hoorde ik de gekijf van een vrouw" (p. 78); „Heb hij een schoot na een wild swijn gedaan" (p. 97),

/de

„de wolf was gestadig om ons lager" (p. 265), „toen wij een wiltje gewagt had" (p. 255), „ons gewone toespijsen" (p. 263).

'n Paar woorde wat in Afr. betekeniswijsiging ondergaan het, kom by Trichardt nog in hul Nederlandse betekenis voor, o.a. gemeen, wat in Afr. feitlik alleen nog in die betekenis „laag, onfatsoenlik" gebruik word en die Ndl. betekenis „gering, eenvoudig" verloor het : „kwam zij reg na de knopneusen die op een gemeen boompje zat" (p. 319). Die gebruik van die werkw. zien is onafrikaans in die volgende sinne: „Wij ging zien of wij de spoor vinden ken" (p. 267), „Ik zij dat ik gaan zal en ziet waar de spoor na toe gaat" (p. 254), „dat hij de drif zal gaan bezien" (p. 273). In hierdie sinne sou Afr. kyk i.p.v. sien gebruik, soos in die volgende sin van Trichardt : „Pieta gaat kijken of hij de renoster niet vinden ken" (p. 116).

'n Aantal onafr. woorde wat Trichardt gebruik, het sinonieme in Ndl. wat in Afr. ook bestaan, bv. zenden - sturen; schoon - fraai - mooi. By hierdie sinonieme is een woord in die reël gebruiklik in die Ndl. skryftaal en die ander in die spreektaal. Afr. het meestal die spreektaalwoord wat in byna alle gevalle van Hollandse oorsprong is, behou, terwyl die skryftaalwoorde, van Suid-Nederlandse oorsprong, ongebruiklik is in Afr. hoewel sommige van hul in die skryftaal onder Ndl. invloed soms voorkom.

Die werk. zenden is in Holland 'n bookwoord maar by die volk van Brabant en Vlaandere is dit nog in volle gebruik. Die volkstaal van Holland en Zeeland ken alleen sturen, terwyl on die Suid-Hollandse eilande en in Strand-Hollands die vorm stieren gebruik word. Laasgenoemde vorm

/word

word egter ook in Wes-Vlaandere naas zenden gebruik.[1] In Afr. word alleen stuur gebruik. By Trichardt kom zenden net 3 maal voor teenoor 80 maal steuren (sturen), bv. „hij zond aanstonds alle man bij" (p. 270), „ons een wijnig kleresie goederen toe te sinden" (p. 158); „dat sijn moeder het aan mijn steurd" (p. 275), „dat hij volk steuren moet" (p. 48), „Heb Mapelie aan mijn de bul kalf geSteurd" (p. 21).

Die taal van Trichardt se tydgenote verskil opvallend van syne in die gebruik van hierdie werkwe. Oberholster gebruik konsekwent zenden (27 maal), bv. „met verzoek aan U Wel Ed. aan mijn eenge stofve der koepoke te zende" (15/11/31), „met het afzende van de vreemde mantsies" (15/8/25). Joubert gebruik 30 maal zenden teenoor 2 maal sturen, bv. „een lijs te zenden" (31/3/28), „om mijn rekenings met de pos te zenden" (14/3/29); „ik kon hem nas stmuren of rijden" (28/12/35). Pretorius gebruik ook alleen zenden, bv. „aan alle den Velte, copijen moeten zenden" (8/4/43, p. 315). Hulle taal is klaarblyklik beinvloed deur die Ndl. skryftaal. Trichardt se gebruik bewys dat sturen die gewone, so nie die enigste vorm in hul taal was nie.

Soos in Afr. gebruik Trichardt nooit Ndl. werpen nie maar alleen gooien (10 maal), bv. „heb sij hem een assegaasij door de bouijt gegooit" (p. 60), „als wij de buik en leeren afgooijt" (p. 223).

Trichardt gebruik 3 maal die werkw. huilen en 4 maal die skryftaalwoord weenen, bv. „had Doore niets gedaan als huilen" (p. 94); „de kindere weende met mijn" (p. 323).

/'n Aantal

---

1) Muller, Spreektaal en Schrijftaal in h. Ndl. (Taal en Lett. I, p. 216).

'n Aantal werkwoorde het in die Ndl. skryftaal 'n voorvoegsel wat in die Ndl. spreektaal nie voorkom nie. Afr. het by sommige van die werkwe. altwee vorme behou, by ander alleen die vorm met of die vorm sonder voorsetsel.

In Afr. bestaan sowel merk as bemerk. Trichardt skryf 4 maal merken en 1 maal bemerken, bv. „om te zien of ik niets merken kon" (p. 201). Ook sowel hoort as behoort bestaan in Afr. Trichardt gebruik alleen hoort (1 maal) : „zij Louw hij hoord by die schapen" (p. 167).

By die werkwe. waar Afr. alleen die vorme sonder voorsetsel ken, gee Trichardt voorkeur aan die vorme met die voorsetsel. Hy gebruik 4 maal hoeven en 5 maal behoeven, bv. „dat men in de week niet hoef te werken" (p. 120); „dat wij alsdan de vliegen niet behoef te vreesen" (p. 149), „behoef wij niet de sware sant door te rijden" (p. 206). Pretorius gebruik alleen behoeven : „die wij aan U E. sullen behoeften te schrijven" (10/4/39; p. 63). By die paar voelen - gevoelen, kom alleen die eerste by Trichardt voor : „dat zij voelen zal hoe het smaak" (p. 62), en die tweede by Pretorius : „U opregte vriend die alle vrijhijd gevoel" (p. 151). Trichardt gebruik 3 maal lijken en 6 maal die onafrikaanse werkw. gelijken, bv. „dat het lijkte of Carolus mijn plagen wal" (p. 203), „zij gelijkte omtrent negen of 10 jaar" (p. 90).

Die enigste werkw. waarby Afr. alleen die vorm met die voorvoegsel ken, is gelukken. Trichardt gebruik alleen die werkw. sonder voorvoegsel : „tot het eenmaal luk" (p. 120), „als dat de een misluk, de ander dog lukken ken" (p. 97).

/Ook

Ook by 'n aantal sinonieme bywoorde wat in Ndl. bestaan, kom die woord wat in die skryftaal gebruik word in Afr. selde of nooit voor nie.

As bywoord van graad ken die Holl. volkstaal alleen heel of erg, waar die Ndl. skryftaal zeer gebruik[1] wat in Afr. alleen nog soms in die skryftaal onder Ndl. invloed voorkom. Trichardt gebruik zeer 10 maal teenoor 5 maal heel, bv. „zeer zware slagen...hoorde wij donderweer zeer ver druis" (p. 141); „kon wij niet heel vroeg aan die pad gaan" (p. 231), „zij sprak daar heel lig over" (p. 218).

Oberholster gebruik 15 maal zeer teenoor 8 maal heel, bv. „zeer dor" (Sep. 1823), „zeer vroeg" (31/3/25); „heel gematig" (30/6/25), „heel genege" (25/4/27). Joubert gebruik zeer 16 maal en heel net een maal, bv. „zeer spoedig" (22/8/31), „zeer diep" (9/1/36); „werkte ook niet heel wel" (J 14/11/36). Pretorius gebruik alleen zeer, bv. „in een zeer bedrukte toestand" (30/1/39, p. 48).

Hierdie oorwegende gebruik van zeer is ongetwyfeld die gevolg van beïnvloeding deur die Ndl. skryftaal. In Afr. kom heel nie dikwels voor nie en is die leenwoord baie die gebruiklike bywoord. Baie kom egter by geeneen voor nie.

Die Holl. spreektaal gebruik die bywoord heelemaal waar in die skryftaal geheel en al of ganseh gebruik word. Trichardt gebruik in die reël net die woord geheel wat in Ndl. ook voorkom,[2] bv. „schoot hij geheel mis" (p. 231), „de maan was geheel zwart" (p. 198), „die geheel buitensporig was" (p. 78). In Afr. word geheel altans gewoontelik nog as bywoord in die spreektaal gebruik. Teenoor

/die

---

1) Muller, Spreektaal en Schrijftaal in h. Ndl. (Taal en Lett. I, p. 200.)
2) Ndl. Wdb., IV, 816-19.

die 6 maal wat hy geheel gebruik, skryf Trichardt ook 3 maal heel, bv. „toen het heel dag was" (p. 281), „was wij heel verkeerd" (p. 183). Heel was vroeër in hierdie betekenis in Ndl. gebruiklik. In v. Riebeeck se Dagverhaal kom dit voor. In huidige Ndl. is dit egter feitlik heeltemal in onbruik.[1] In Afr. word heel nooit in hierdie betekenis gebruik nie.

Joubert gebruik alleen geheel, bv. „sal u geheel kloek worden" (25/8/28), „geheel niets" (2/1/35). Pretorius gebruik ook geheel, bv. „een geheele ander keuleur" (16/3/47, p. 120), „als alle verdraagzaamheijd, vriendelijkheijd en liefde by U E. geheel uitgeblus is" (p. 149). Ook gans kom by hom voor : „den wiel gans aan stukken" (12/1/49, p. 352). Dit lyk dus of geheel as bywoord van graad baie gebruiklik was in daardie tyd.

Trichardt gebruik alleen die skryftaalwoord naas en nooit langs nie. In Afr. word altwee gebruik, hoewel langs meer voorkom. Bv. „een naas aan gelegen plaas" (p. 137), „naas aan was nog een gat" (p. 159).

By Oberholster kom alleen naas voor : „een naas aan geleegende plaas" (16/4/28), terwyl Joubert naas en langs elk 2 maal gebruik, bv. „naas aan de grensen" (9/11/31); „langes de vuur" (10/4/28).

By Trichardt kom al 1 maal voor en nooit die skryftaalwoord reeds nie : om reden dat hij mijn al lang gevraag hob" (p. 93). Reeds is in Afr. nie ongebruiklik nie.

/Oberholster

1) Ndl. Wdb., IV, 267.

Oberholster skryf 2 maal reeds teenoor 1 maal al, bv. „die 4 reets gemelde boojesmans kinderen" (27/8/28(2)); „en self al med hun in een geveg gewees" (16/4/29). Joubert skryf 10 maal reeds en 2 maal al, bv. „hy is reeds binnen van de 15 Nov." (1/12/31); „al mooij groen" (16/2/36).

Van die woordpaar maar - alegs kom alleen die tweede by Trichardt voor en net in een geval :„en hij betaling voor zijn gestolen goed terug krijg dat aleg(s) de waarde van verlies bedraag" (p. 193). Oberholster gebruik altwee in dieselfde sin : „wanneer se maar alegs 2 dange sonder water sou moete weese" (15/7/28).

Trichardt gebruik 10 maal die onafr. bywoord gaarne en nooit graag nie, bv. „dat ik Adonis gaarne uit wille steuren" (p. 40), «hij zij dat hij gaarne wil na huis gaan" (p. 94).

Ook by Oberholster, Joubert en Pretorius kom gaarne alleen voor.

Spoedig kom 5 maal by Trichardt voor en die Hollandse en Afr. woord gou 2 maal, bv. «Maar kwam spoediger terug" (p. 284), „soo spoedig te trekken als wij met ons sieke vee kon" (p. 290); „Ik moes dan gouw komen" (p. 135).

By Joubert kom alleen spoedig (5 maal) voor, bv. heef hij mijn seer spoedig geantwoord" (22/8/31). Hier is Ndl. invloed te bespeur.

Trichardt gebruik 23 maal onafr. een weinig teenoor 1 maal een bietje, bv. „Klaarde de weer een weinig op" (p. 29), „dat hij een wijnig wegten moed" (p. 91); „de puntjes was een bietje los" (p. 121). In hierdie opsig staan Trichardt ongetwyfeld onder invloed van die Ndl. skryftaal.

/In

In die Holl. spreektaal word die bnw. mooi gebruik maar in die skryftaal die sinonieme schoon of fraai. In die Vlaamse volkstaal is schoon gewoon en kom mooi selde voor.[1] In Afr. word hoofsaaklik mooi gebruik maar fraai kom ook voor in 'n meer gespesialiseerde gebruik. Trichardt skryf 14 maal mooi teenoor 4 maal fraai en 3 maal schoon, bv. „had wij mooie dag" (p. 54), „dat de veld daar mooi is" (p. 119); „een vraaije kleur" (p. 112); „het is een schoone zaak" (p. 5), „schoone weeder" (p. 25).

By Oberholster kom alleen fraai voor, bv. „de veld staat seer vraai" (31/3/25). Joubert gebruik 3 maal mooi teenoor 2 maal fraai, bv. „een mooije buij regen" (16/2/36); „paalhuijsen vraaij gebout" (J 16/11/38). Pretorius gebruik alleen schoon en fraai, bv. „een schoone gelegenthijd" (6/3/47, p. 122); „vraaije gebeeden" (23/7/38, p. 87). Skoon kom in Afr. alleen nog voor in figuurlike sin soos in die voorbeeld uit Pretorius se taal.

Waar Ndl. hoofd gebruik, ken Afr. alleen kop, met uitsondering van samestellinge soos hoofpyn, ens. In die gemeenskaplike taal word kop egter ook in Ndl. gebruik hoewel dit as plat beskou word. Tot die bestendiging van kop in Afr. word invloed van Duits kopf ook aangevoer. Trichardt skryf in die reël hoof maar soms ook kop, bv. „wonden die hij aan zijn hoof had" (p. 176), „ik zij 't is misschien sinking die hem in zijn hoof plaag" (pp. 168-9); „met draijen van zijn kop krijg hij een letsel agter aan zijn kop" (p. 44).

By Joubert kom alleen hoof voor : „de geheele hoof" (13/6/28).

/'n Aantal

---

1) Muller, Spreektaal en Schrijftaal in h. Ndl. (Taal en Lett. I, pp. 199, 217.)

'n Aantal Ndl. uitdrukkinge wat selde of nooit in Afr. gebruik word nie kom in die taal van Trichardt en sy tydgenote voor. So skryf Trichardt „kwam Louw Albach bij geval bij" (p. 82); „zij men dat Louw en Isaak Albach...die kaffers juis op de mat kwam dat zij de os doot geslaken had" (p. 181); „omdat hij ouwe Botha niet voor de kop stooten wil" (p. 209); „heb ik de wagter Katos een stoot aan zijn wang gegeven" (p. 117), waarnaas hy die ooreenkomstige Afr. uitdrukking gebruik : „met zijn weggaan stamp hij Pieta met zijn vuist na zijn gezigt" (p. 288), „heb ik hem een stamp weerom gegeven" (p. 289); verder gebruik hy die onafrikaanse uitdrukkinge : „de boom daar wij op stond die ging en weer swaaijde" (p. 318); „en stil moet swijgen" (p. 109), „dat hied zij liegen" (p. 134); „hij kwam hard aangelopen" (p. 172), „aan haar spoor kon men zien dat zij hard gelopen had" (p. 156) waar Afr. alleen die onskeidbare samestelling hardloop gebruik; verder : „hij (zij) uit boerte" (p. 78); „liet wij ons gezegen" (p. 195); „volk...die de weg weet" (p. 189).

By Oberholster kom die volgende Ndl. uitdrukkinge voor : „heb ik raadsaam geoordeel dergelijke swerverije soo veel moogelik te keer te gaane" (9/10/32); „U order van den 28 Julij sedj meijn op hede eere geworde" (18/8/25).

Moontlik het hierdie uitdrukkinge, of altans sommige daarvan nog in hul spreektaal voorgekom.

385. 'n Aantal onafrikaanse woorde in Trichardt se Dagboek is in Ndl. verouderd, bv. onverduldig (pp. 21, 91); „waaij sal het ons behandigen" (p. 81); kleinte : „Ik zij dat ik op de geweer van Jan niet veel vertrouijd om zijn klijnte" (p. 56); midnagt : „liet duurde tot omtrind midnagt" (p. 57). Trichardt gebruik „aan kant maak, raak" blykbaar

/in

in die sin waarin Afr. en Ndl. alleen nog van kant maak, maak gebruik, bv. „als van ons eits door de kaffers aan hand raak" (p. 192), „dat van haar door de kaffers schaap of bok of eits is aan kant gemaak" (p. 192). Hier mag hy egter nie „doodmaak" bedoel nie maar alleen „wegmaak, wegvoer".

Trichardt gebruik ook twee woorde in hul oorspronklike betekenisse waarin hul in Ndl. ook verouderd is, nl. gewoer in die betekenis van middel van verwoer, gebruik met betrekking tot die wapens van inboorlinge,[1] bv. „ook nam mij haar een bijl af dat eindelijk haar gewoer is" (p. 165); en die werkw. gullen waar dit verpligting uitdruk in sinne soos : „Ik zij dat hij op gouw staan" (p. 103), „Ik zij aan hem dat hij een wijnig wagten gouw, dat ik op de jagt gaan wil" (p. 155), Ik zij dat hij de captijn gouw seggen dat hij na mijn komen mag" (p. 189). In Ndl. is gullen in hierdie funksie egter nogmie heeltemal in onbruik nie.

Trichardt gebruik ook nog die werkwoord afloezen, bv. „Heef hij Catrijn deftig afgeloest"(p. 179). Ook Oberholster gebruik hierdie werkw. nog, bv. „het is gebleeken dat hij onlange mini met een stuk hout heef afgeloes" (9/4/28). In Afr. is hierdie werkwoord nie meer gebruiklik nie en in Ndl. word alleen in Wes-Vlaams die werkw. loezen of luizen nog gebruik. Daarbuite is alleen die afleiding loesing (loezem) bekend.[2] In Afr. is loesing baie gewoon. By Trichardt kom dit dikwels voor, bv. „Is Carolus daarop afgegaan en heb hem een loesing gegeven" (p. 46), „wouw Albach haar een loesing slagen geven" (p. 98). Betekenisvol is in die laaste voorbeeld die bystelling van slagen by afloesing wat in Afr. ongewoon is.

/In

1) Du Plessis-Muller, Woordeskat van Dagboek v. Trichardt (T.W.K. 17, p. 36).
2) Ndl. Wdb. VIII, kol. 2675.

In die volgende sin word die woord omslag in 'n betekenis gebruik wat in Ndl. en in Afr. ongewoon is : „Heb wij de wagen op de gang gemaak, maakte wij een omslag om wild maar kon ni-ts vinden" (p. 99). Blykbaar gebruik hy dit in die betekenis „'n draai maak" wat moontlik 'n ouer betekenis van die woord is (vgl. nog Ndl. een hoek omslaan).[1]

386. Trichardt gebruik 'n aantal woorde en uitdrukkinge wat as kenmerkend van Afr. kan beskou word maar wat vroeër algemeen gebruiklik was in Ndl. waar hul in die algemene taal deur ander woorde of uitdrukkinge verdring is of veronderd is in betekenisse waarin hul in Afr. bly lewe het.

Die kontaminasievorm aanpresenteer wat in 17de-eeuse Ndl. ontstaan het uit aanbied en presenteer kom by Trichardt 'n paar maal voor, bv. „een aangepresenteerde dienst" (p. 44), „Heef hij hem aangepresenteerd na mijn te komen" (p. 801). Volgens dr. Scholtz kom hierdie woord nog in Groninge voor (Ter Laan 15.a).[2]

Trichardt gebruik ander vir „volgende" in die verbinding : „de ander dag komt hij weer" (p. 101), „Jan zouw tot bij mij komen die dag en de andere dag souw (wij) gesamentlijk vertrekken" (p. 149).

In die volgende sinne sou doen in Ndl. meer gewoon wees as maken : „wat maak hij met de beeste" (p. 15), „wat sij hier bij mijn maak met die bul" (p. 158), „dat hij niet weet hoe hij maken zal" (p. 149). In ouer Ndl. was

/maken

1) Van Dale, Hndwdb., p. 567.
2) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 27/6/1941, p. 65).

maken gebruiklik met 'n plekbepaling : wat maakt hij daar.[1]

In Afr. word die bnw. lewend byna nooit meer gebruik nie en druk lewendig ook die betekenisse uit wat in moderne Ndl. aan levend geheg word. In Ndl. was levendig oorspronklik in betekenis nie verskillend van levend nie; levendig is egter meer as levend in verskillende oneigentlike toepassinge gebruik waardeur beweeglikheid, opgewektheid, „nie dood nie", uitgedruk is. In die betekenis „nie dood, gesterf nie" was levendig tot in die 18de eeu gebruiklik, so nie gewoner gewees as levend nie. Die Statebybel gebruik hulle deurmekaar hoewel levendig meer voorkom. In minder beskaafde taal is levendig vir "nie dood nie", wat in die beskaafde taal alleen deur levend uitgedruk word, nog baie gewoon in Ndl.[2] Trichardt gebruik konsekwent levendig, in 'n aantal gevalle in die betekenis „nie dood nie", bv. „om te sien of wij niet schapen krijgen kon die verscheurd of nog misschien levendig is" (p. 144), „viel twee beesten in vang gaten en verscheije schapen en bokken. Wij krijg het alle levendig uit" (p. 178), „een lewendige hond wij daar vas" (p. 280).

Trichardt gebruik drijven soos in Afr. in : „Heb ik Pieto mede gesteurd om juffr. Schepers haar wagen te drijven" (p. 33), „Pieta heef haar wagen gedrijven" (p. 141). In Ndl. is drijven met betrekking tot ingespanne diere nie meer gebruiklik nie.

Twee Afr. woorde wat in die 17de eeu in Ndl. bekend was hoewel hul as beterwoorde mag beskou gewees het, is kontrei in die sin van landstreek en (on)passabel.[3] Hulle kom by Trichardt voor : „Ik vraag hem wie hier Captijn

/in

---

1) Ndl. Wdb., kol. 121.
2) Ndl. Wdb., VIII, kol. 1773-4.
3) Boshoff, Volk en Taal, p. 145.

in de Contrij is" (p. 278); „was de water onpassabel" (p. 286). Ook by Oberholster kom kontrei voor : „in de contreij" (29/10/19).

Uitdrukkinge wat in algemene Ndl. nie meer gebruiklik is nie kom in Trichardt se Dagboek voor : „zig altoos wis in te wikkelen bij den regter" (p. 115) waar Ndl. „zich in iemands gunst inwikkelen" gebruik; „nam hij de spat" (p. 157), „nam zij de spat" (p. 175), dial. Ndl. „de spat zetten"; „in cas van aanranding" (p. 127, 308). Die laaste uitdrukking is in Afr. verouderd, maar was toe baie gebruiklik.[1] Trichardt skryf ook : „heb ik hem een afjag gegeven" (p. 153) waar moderne Ndl. afjachten gebruik.

'n Aantal woorde wat kenmerkend van Afr. is, stam uit die 17de-eeuse Ndl. dialekte. Die volgende gevalle kom in Trichardt se Dagboek voor : „de ruggens op" (p. 285), „toen wij de eerste rug of hoogte op was" (p. 285); „wijs hij mijn aan de linkerhand twee spitse koppies" (p. 146); „Is ik gereden om langs de rivier af een drif te soeken" (p. 272); „is ouwe Botha buiten dat wij het weet vooruit gegaan op de vlakte" (p. 84); „Ik zij dat wij gaan moet om de voor tang uit de bos te halen en de lankwagen..." (p. 242); „lij hij op een kwagga aan en sloeg de snelder af" (p. 153).

Trichardt gebruik bult in die betekenis heuwel wat dit in Ndl. in die dialektiese spraak gebruik nog besit,[2] bv. „een opdragende bult" (p.232). Hy ges egter nogdie voorkeur aan heuwel (p. 114). Die woord opdraend in die aangehaalde voorbeeld word deur prof. Boshoff ook

/as

1) Chanquion, „Proeve van Knapsch Taaleigen", p. xiv (De Nederduitsche Taal).
2) Boshoff, Volk en Taal, p. 109.

as erfgoed uit die Ndl. dialekte beskou.[1] Die gebruik van gaar as bywoord van graad in Afr. in verbindinge soos genoegaar, gaar nie is waarskynlik ook uit 17de-eeuse Ndl. oorgeërf hoewel dit ook Duits mag wees.[2] Trichardt gebruik die ongewone verbinding gaar geen : „als hij daar gaar geen belang en en stel" (p. 143).

387. In Trichardt se taal kom 'n aantal woorde voor wat vroeër in Afr. algemeen gebruiklik was maar daarin nou verouderd is of heeltemal in onbruik geraak het.

Trichardt skryf telkens die bywoord braaf, bv. „maar het was braaf droog" (p. 292). Ook by Oberholster kom dié byw. nog voor, bv. „sodat het braafaan droge ben" (Naart 1824), en by Joubert, bv. „boejemans of mantateesen die loopen braaf ront maar steelen wijnig of niet" (23/1/29). Changuion noem die vorm as gewoon in sy tyd,[3] terwyl Lannavelt dit nog vermeld in die betekenis «meer, erg", soos in die Holl. spreektaal.[4] Afr. ken alleen die vorm brg.

'n Ander vorm wat blykbaar uit Ndl. geërf is en wat vroeër in Afr. gebruiklik was, is aan stukkend. 'n kontaminasievorm uit aan stukken en stukkend.[5] Trichardt gebruik aan stukkend baie dikwels, bv. „sloeg hij nog twee aan stukkend" (p. 104), „brak drie vellingen aan stukkend" (p. 129), „rukte de oxse zijn touw aan stukkend" (p. 31). Trichardt skryf ook eenmaal aan stukken : dat zijne aan stukken breek" (p. 129), maar nooit alleen stukkend nie.

/Dit

1) Boehoff, Volk en Taal, p. 166.
2) Idem, Etim. Wdb., p. 49; Volk en Taal, p. 111.
3) Changuion, „Proeve v. Kaapsch Taaleigen", p. x (De Nederduitsche Taal).
4) Lannavelt, Idioticon, p. 25.
5) Ndl. Wdb., XVI, kol. 373.

Dit mag egter ook 'n persoonlike kontaminasie, wat onder Ndl. invloed ontstaan het, in Trichardt se taal wees en nie in die spreektaal van die tyd bekend gewees het nie. Trichardt gebruik ook nog die woord alegnatee (p. 301) wat in Afr. alleen nog by ou mense bekend is.

Party woorde is verouderd in Afr. in die gebruik waarin dit by Trichardt voorkom. So gebruik Trichardt die woord komando in die ouer betekenis van „'n strafekspedisie", bv. „dat hij en de menschen die bij hem op Port Natal is een Qomando op de Bloot-kaffers doen wil die de menschen vermoord heb" (p. 74). Ook die benaming vaderlands vir alles wat uit Nederland afkomstig is, is in Afr. verouderd met uitsondering van die samestellinge, „vaarlanderiet, vaarlandswilg". Trichardt gebruik die woord nog in hierdie sin, bv. „vaderlantsche rammen" (p. 12), „basterd vaderlandsche osse" (p. 119). Ook karakter vir getuigskrif word in Afr. alleen nog onder Engelse invloed gebruik. Mansvelt noem dit as gebruiklik nog teen 1884.[1] Die woord kom 'n paar maal in hierdie betekenis in Trichardt se Dagboek voor, bv. „Harondyn vraag mijn om zijn karakter, gaf ik hem de navolgende" (p. 300), „Hij heef mijn verso; zijn goed carakter te geven op dat hij het aan alle andere kunnen tonen" (p. 297).

Meestergoed in die betekenis „medisyne" word volgens prof. Boshoff nou meestal alleen onder geleerdes gebruik maar was vroeër algemeen gebruiklik.[2] Trichardt gebruik die woord sowel van medisyne as van teergoed, bv. „De morgen steurd Doore een kaffer en laat vraagen om meestergoed dat zijn nek seer is" (p. 54). „zij dat de kaffer van zijn meestergoed in zijn koorn hier gestrouijd heb" (p. 77).

/die

---

1) Mansvelt, Idioticon.
2) Boshoff, Volk en Taal, p. 163.

Die woord komplot in die betekenis „'n bende" was blykbaar vroeër in Afr. gebruiklik. Trichardt skryf : „hij had een goede complot by hem sonder assegaijen maar een elder had een goede kierie". Ook by Oberholster kom hierdie woord voor : „dat sig een complot nog in die rand...onthou" (30/8/35), „een gewapende complot bastors" (22/9/32(2)).

Trichardt en sy tydgenote gebruik 'n aantal basterwoorde van Latynse of Romaanse oorsprong wat meestal uit Ndl. geërf is maar wat in die alledaagse Afr. spreektaal nie meer gebruiklik is nie. Die volgende woorde van hierdie aard kom by Trichardt voor : „gedenerteurde Bosseman" (p. 98), „was de beste getal in generaal" (p. 24), „wierd hem cassewiel gevraag" (p. 91), „Hij mag zijn exempel aan magramie nemen" (p. 879), „of wij haar stramperen kon" (p. 264), „want de kaffers tramperde haar (p. 187), „op de lijfstraf is ongepermiteerd" (p. 238), „dat die aard van veld en bossen een grote different is" (p. 197), „dat zij Gabriël in presint van mijn vrouw" (p. 66). Trichardt gebruik ook die ww. schanneren wat nie in Afr. of Alg. Nesk. Ndl. bekend is nie, hoewel dit in Vlaams gewoon is in die betekenis „ontsnap" (uit Frans échapper).[1] Trichardt skryf die woord sowel met 'n vol as met 'n gereduseerde vokaal in die onbeto nde sillabe, bv. „zij hij dat Takara met zijn familie schanneerd is" (p. 136), „dat Gert en Banster ook die nagt schinneerd is" (p. 93).

By Oberholster kom die volgende ongebruiklike basterwoorde voor : „in generaal" (27/8/35), „dat hij bij zijn dade blijf persistere" (25/4/27), „is gemelde van den Berg en heede door mijn gerekureerd" (2/8/35),

/wijl

1) Du Plessis-Muller, Woordeskat v. Dagboek v. Trichardt (T.N.K. 17, p. 35).

„wijl ik tot het vervoere dier schebeele wagen en ossen sal moete <u>sekurere</u>" (15/8/25), „daar ik nimmer <u>geveijlt</u> heb" (15/7/28); en by Pretorius die volgende: „one <u>generaale</u> klagten" (10/4/39, p. 63), „daar mijn <u>ententie</u> altoos was om dien plaats nooit te verkoopen" (4/3/49, p. 364).

Hierdie basterwoorde was dus blykbaar toe nog in Afr. gebruiklik maar hulle kan ook onder Ndl. invloed geskryf gword het. In hierdie verband is dit van belang dat Trichardt 'n besondere voorliefde toon vir die gebruik van die basterwoorde wat nog in Afr. gewoon is hoewel sommige van hul daarin minder gebruiklik is as hul Germaanse ekwivalente, bv. <u>brutaal</u> (p. 25[illegible]), „met die <u>condictie</u>" (p. 60), „Carolus ging <u>dinoureat</u> te keer" (288), <u>distantie</u> (p. 33), „om <u>expres</u> een brief af te vaardigen" (p. 10), <u>loegeer'en</u> (p. 153), <u>mankeerd</u> (p. 254), „op de <u>momind</u>" (p. 178), <u>onsent</u> (p. 234), <u>onstinaat</u> (p. 49), <u>prinsipaal</u> (p. 191), „dat het een <u>presint</u> is" (p. 189), <u>renareren</u> (p. 163), „dat ik bijna <u>goresolveerd</u> was" (p. 171), „het was een <u>raritijd</u> (p. 64), <u>ritteeeren</u> (p. 101), „Hij is met ouwe Botha <u>vernekordeert</u>" (p. 70), <u>verinnewerd</u> (p. 108).

Ook by Oberholster kom 'n aantal basterwoorde voor wat nog in Afr. gebruik word, bv. <u>onsend</u> (25/8/32), <u>okaatsi</u> (22/9/32), „op dit <u>moment</u>" (6/1[illegible]/32). By Joubert en Pretorius kom daarenteen feitlik geen basterwoorde voor nie.

Vir my kom dit onwaarskynlik voor dat eenvoudige boere hierdie basterwoorde in hul spreektaal veel, indien ooit gebruik het, solat invloed van die Ndl. skryftaal, waarskynlik hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik is dat hulle hierdie

/basterwoorde

basterwoorde, veral die wat in Afr. nie meer gebruiklik is nie, skryf. Daar bestaan ook natuurlik die moontlikheid dat Engelse invloed die gebruik van hierdie woorde kon veroorsaak of altans bevorder het. Daar is egter so min spore van Engelse invloed op Trichardt se taal dat hierdie moontlikheid met 'n groot mate van sekerheid uitgeskakel kan word.

385. 'n Aantal woorde in Trichardt se taal vertoon die wysiging in betekenis of gebruikSfeer wat in Afr. plaasgevind het.

Sowel in Ndl. as in Afr. kan die werkwe. vinden en krijgen in baie gevalle deurmekaar gebruik word; in Afr. het die gebruiksfeer van krij verskuiwe sodat dit gewoonlik gebruik word waar in Ndl. alleen vinden moontlik is. Vind word in Afr. selde gebruik.[1]

Trichardt gebruik vinden 19 maal teenoor 36 maal krijgen in dieselfde betekenis, bv. „wij ging zien of wij geen spoor vinden kon" (p. 267), „hij had alleen een vogelstruijs nes gevonden met 11 eijeren, een klomp rooij bokken heb hij ook gekregen" (p. 164), „dat zij geen pad kon krijgen" (p. 208), „heb hij twee groote klompe koedoen gekregen" (p. 147). Dit is duidelik dat Trichardt geen onderskeid tussen die twee werkwoorde gemaak het nie. Dit is opvallend dat Oberholster alleen vinden gebruik, bv. „weet ik niet waar ik het sal vinde" (25/8/29).

Trichardt gebruik krijgen, ook in die sin van „vergeld, laat boet" wat in Afr. baie gewoon is en klaarblyklik ontwikkel het uit die uitdrukkinge : „iemand in

/handen

1) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 27 Junie 1941, p. 65).

handen, te pakken krijgen", bv. „Had Diederijck aan Willem Strijdom gezegt Koot oppassen moet, dat hij hem krijgen zal" (p. 105).

Die werkw. jag verskil in Afr. van Ndl. jachten waarvoor van Dale die betekenisse „sterk aanzetten, haasten" aangee. Die Afr. werkw. jag is moontlik afgelei van die selfst. naamw. jag en beteken „om jag te maak op iets". Trichardt gebruik die werkw. jachten konsekwent met die Afr. betekenis, bv. „Is ouwe Botha uit jagten gegaan, overmits hij de vorige dag niets gekregen of geschoten had" (p. 160), „en verder is zij gaan jagten dog niet geschoten" (p. 105), „is wij gereden om te jagten, heb wij twee stukken wild geschoten" (p. 16).

Die werkw. kuier het in Afr. die betekenis van „'n besoek af lê" wat van korter of langer duur kan wees. In Ndl. het kuieren twee betekenisse: (1) „een wandelingetje doen, of kortweg wandelen"; (2) „een praatje maken, of kortweg praten".[1]

Trichardt gebruik die werkw. 3 maal : „Ik ging voor tijdkorten kuijeren" (p. 133), „zijne hoogheid vraag mijn een paarde, dat hij de middag een kuijertje buiten de Fort doen souw" (p. 319), „Het was mijn kinders die school geest, kwam na Pieta kuiren" (p. 130). Dit is nie moontlik om hieruit vas te stel watter betekenis Trichardt aan die woord geheg het nie. Trichardt se gebruik van die woord lyk hoofsaaklik Ndl., veral in die laaste geval waar hy die Ndl. voorsetsel na by kuieren gebruik. Blykbaar het die woord nog in 'n oorgangstadium van die Ndl. na die Afr. betekenis verkeer.

/Spesifiek

---

1) v. Ginneken, „De twee betekenissen van kuieren" (Tijdschrift voor Ndl. Taal en Lett., 46–47, p. 191).

Specifiek Afr. is Trichardt se gebruik van die werkw. weggooien in die betekenis „verloor, laat wegraak" : „dat hij zeg dat hij schapen weggeworpen heb" (p. 163), en van neuken in die betekenis „lastig val, tot las wees" : „zij Jan dat hij niet neuken moet, dat het hem niet veel let of hij neem zijn roer en schiet hem dat hij bars" (p. 186). Ook die gebruik van bars in die laaste geval is kenmerkend van Afr.

Die woord plaas het in Afr. betekenisbeperking ondergaan sodat dit gewoonlik alleen in die betekenis „boereplaas" gebruik word, soos in Gronings en Fries. Die woord plek het die ruimer betekenis van plaas op hom geneem wat in die 17de-eeuse Hollands meermale die geval is.[1] Trichardt gebruik plaas soms met betrekking tot 'n boereplaas, bv. „en gedoopt op de plaats van de veld.c. P.R. Erasmus aan Cega" (p. 6), „is geboorren J.J. Trichardt op de plaats gen. de plat" (p. 6). Daar word egter meer selde van 'n boereplaas in die Dagboek melding gemaak en in die groot aantal gevalle wat die woord plaas voorkom, het dit gewoonlik die ruimer betekenis soos in Ndl., bv. „wijs zij ons een plaas aan daar wij de wagen alle trekken moes "(p. 304), „dat hij de kaptijn in de plaas ken weeen" (p. 94), „en de weg is zoo nouw dat men geen plaas ken krijgen om te staan" (p. 235). Trichardt gebruik plek ook soms in die ruimer betekenis van plaats, bv. Ik zij dat hij wagten moes tot ik voor mijn vee een goede plek heb" (p. 151), „dat hij een lage plek gezien heb waar hij dink de berg over te komen" (p. 207), „zij was nog op die plek maar niet dood" (p. 201). Veral in samestellinge vervang plek dikwels vir plaats, bv. „de uitspanplek" (pp. 151, 152), slaapplek (p. 157).

/Pretorius

---

1) Boshoff, Volk en Taal, p. 169.

Pretorius gebruik plaats ook in sy ruimer Ndl. betekenis benewens die Afr. betekenis, bv. „plaatsen van wettigen eijgenaars gekog" (18/2/46, p. 820), „vertrouwende dat gij een plaatse daarvoor sult opruijmen" (18/1/43, p. 350).

Trichardt gebruik die woord skof soos in Afr. met die betekenis van 'n afstand eerder as 'n tydsruimte, bv. „overmits het voor ons zes schoften nader was" (p. 176), „zij ik dat wij een schof terug trekken moet, overmits wij daar geen vliegen gezien heb" (p. 207).

Die woord klip het in Afr. betekenisverruiming ondergaan sodat dit ook vir Ndl. steen gebruik word. Trichardt gebruik dit in sy Afr. betekenis, bv. „maar die (pase) van haar was zoo steeke gelagen en gegooit met klippen" (p. 216), „hoe wij de beste door de bossen en klippen kon komen met de pad" (p. 212). Hy gebruik nooit die woord steen nie.

Die gebruikswyse van die woorde kloof en poort het in Afr. uitgebrei deurdat hierdie woorde op berge toegepas is. So beteken kloof in Afr. ook „'n aansienlike ruimte tussen twee berge of berghellinge in", en poort ook „'n opening tussen twee bergwande". Trichardt gebruik die twee woorde altyd in hierdie spesifiek Afr. betekenisse, bv. „en dan ken wij bij de berg niet komen want hier komd geen ander kloof af van de berg als de kransberd daar geen beest of schaap door ken" (p. 209), „dat hij niet verder gaan moet eer hij de poord bezien heb want dat Pieta zeg dat het zoo 'n afgryselijk nouwte is met krans aan bijde kanten" (p. 213), „Hij zij dat wij de Moningnes poord moet gaan bezien of wij niet door ken na de bergh" (p. 218); „dat daar volk is die haar vader zijn helfte beeste in een kloof vaskeerd" (p. 241).

/In

In Afr. het die woord pad vir weg grotendeels verdring, veral in konkrete betekenis. Trichardt gebruik altwee woorde dikwels maar pad het in die reël 'n meer konkrete betekenis as weg, bv. „Carolus en ouwe Botha zij dat in de pad een indweegs klippen in de weg is" (pp. 198-9), „kwam Carolus en Louw van de pad soeken...maar wij moet pad maken" (p. 204), „leij in de pad" (p. 200); „Is ik en Jan Pretorius gereden om te zien hoe of de weg is die lange die rivier afgaat" (p. 199), „of wij die weg inslanen zal" (p. 149), „Wij had die dag een zoer slegte weg te rijden" (p. 200). Dikwels maak hy egter geen onderskeid tussen die twee woorde in sy gebruik daarvan nie, bv. „Zij hij dat wij met ons mag veertien dagen nodig hebben zal om die pad klaar te maken. Ik zij...dat als wij werken wil wij alsdan de weg klaar maken ken maar niet zonder veel work" (p. 212).

In die gebruik van 'n aantal smwe. in Afr. is 'n pejoratiewe betekenisontwikkeling op te merk wat in sommige gevalle saamgaan met die betekenisbeperking wat die woorde in Afr. ondergaan het. So word die woorde jong en meid in Afr. alleen vir kleurlinge gebruik. Trichardt gebruik hierdie woorde reeds so, bv. „Die nag is ouwe Jong schappeerd" (p. 318), „de baatsaard mijd" (p. 62), „Ouwe Strydom zijn boesemsanmeid (p. 177).

Volk word in Afr. ook gebruik om kleurling- of naturellearbeiders aan te dui. In Ndl. word volk ook gebruik in die sin van arbeiders, gewoonlik plaasarbeiders.[1] Die Afr. betekeniswysiging wat die woord ondergaan het, is dus natuurlik. Trichardt gebruik die woord volk baie dikwels in die sin van gekleurde arbeiders, bv. „ons volk wou het niet eten" (p. 87), „dat hij volk steuren moet om zij goederen te halen" (p. 48). Interessant is Trichardt se

/gebruik

1) Le Roux, Afr. Taalstudies, p. 64.

gebruik van die woord om die onderdane van 'n kafferkaptein aan te dui, bv. „dat de Captijn de avond bij ons komen sal ... Tegen de avond kwam hij met een grote partij volk; zij hij dat hij mijn volk geven sal tot bij de vort" (p. 302), „nadat ik de Captijn gevraag had of het met zijn toestimming is dat zijn volk meegaat met de vee" (p. 318), „dat hij van zijn grootste raats volk nouw meebringen" (p. 189). Ook die woord skepsel word in Afr. gebruik om 'n kleurling of naturel aan te dui. By Trichardt kom hierdie gebruik van die woord reeds voor : „ik wilde aan de schepsels die mijn soo ver geholpen heef te eeten geven" (p. 181). By gebruik dit ook met betrekking tot die twee Portugeese soldate wat 'n tyd lank hul trek vergesel het : „want dat die schepsels dat bij ons niet verdient heb" (p. 186).

Die woord klomp het in Afr. betekenisverruiming ondergaan deur die toepassing op mense en diere. Trichardt gebruik dit in die Afr. betekenisse „'n aantal, 'n groep", bv. „heb hij twee groote klompe koedoes gekregen" (p. 147), „twee klompies rooij bokken" (p. 300), „Ik vraag hoeveel volk het is, zij zij een klomp" (p. 124).

Pretorius gebruik dit ook in die Afr. betekenis : „omdat sij in groote klompen met assegaaijen loopen" (9/9/45, p. 192).

Trichardt gebruik reeds die naam kameel vir 'n giraf : „heb wij twee stukken wild geschoten, een Eland en een Cameel" (p. 16).

Die seemanswoord onklaar het in Afr. verskuiwing van gebruiksfeer ondergaan deurdat dit oorgedra is op trekvee waar dit oorspronklik op toue betrekking gehad het. By Trichardt kom dit met die Afr. betekenis en in die Afr. vorm onklaar voor : „dat hij de osse self onklaar gaslagen heb" (p. 238).

/Die

Die woord knot het in Ndl. die betekenisse „stukkend, gebroke, gescheurd, versketen" maar in Afr. word dit met betrekking tot mense en diere gebruik in die betekenis „uitgeput". Trichardt gebruik die woord blykbaar in die Afr. betekenis in die volgende sin : „Heb ik de lammerschapen afgebragt, maar daar was een goede deel knot, een grote dertig" (p. 234).

Dr. Scholtz verklaar : „Nederlands zoo maar en Afrikaans somaar, sommer wat daaruit ontstaan het, word tot op sekere hoogte eenders gebruik, maar die gebruikswere dek mekaar nie volkome nie. In Nederlands kan zo maar gebruik word in die betekenisse „sonder bepaalde rede, sonder om na te dink, sonder aarseling, sonder verdere omslag", ens., maar tot 'n suiwer bywoord van tyd met die betekenis „dadelik, onmiddellik" het dit nog nie ontwikkel het."[1] In die volgende sinne gebruik Trichardt die woord as bywoord van tyd : „is de andere somaar voort gegaan, kon hij haar niet weer vinden" (p. 261), „en zij in vervolg aan zijn moeder dat als de soldaten na huis gaat, hij sommer mee gaat om daar te blijven" (p. 203). In die laaste sin het somaar blykbaar die betekenis „terselfdertyd".

Joubert gebruik die woord baar, wat waarskynlik via die Holl. seemanstaal uit Maleis in Afr. gekom het, soos in Afr. met betrekking tot inboorlinge in die betekenis „dom, ongeleerd"[2], bv. „want de naatsies is te baar enonnuttig sulk te verstaan" (27/9/84).

/By

---

1) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 27/6/1941, p. 65).
2) Boshoff, Volk en Taal, p. 164.

589. By Trichardt word 'n aantal woorde aangetref wat uit Ndl. stam maar in Afr. 'n wysiging in die vorm ondergaan het.

Trichardt gebruik die Afr. bywoord aljimmers met die betekenis „telkens", bv. „dat de leuw braaf flouw (is) en aljimmers gaat leggen" (p. 141). Die woord immers gebruik hy in stryd met Afr. en Ndl. in dieselfde betekenis : „en de band kon hij niet vas krijgen - Die nagels en de hoepel breek immers aan stukkend" (p. 122). Mansvelt noem die vorm jummers (al), „telkens, voortdurend", wat hij as 'n verbuiging van immer, „steeds", beskou. Hy wys daarop dat in Drenthe ook jummer gebruik word vir immer, „voortdurend".[1]

Die Afr. vorm korswil i.p.v. Ndl. kortswijl(en) word konsekwent in Trichardt se Dagboek gebruik, bv. „Ik zij hij zal dat uit korswillen gezegt hebben" (p. 99), „als hij zoo ver met haar gekorswild heb" (p. 102).

Trichardt skryf die vorm kwatswink i.p.v. Ndl. katzwijm : „daar heb gij hem met de jukscheij ook aan kwatswink geslagen" (p. 166). Die teenswoordige Afr. vorm is katswink.

Trichardt gebruik spioen as werkw. soos in Afr. i.p.v. Ndl. spionneeren : „Jan vraagte haar om de avond te gaan spioenen na vuur" (p. 165). Hier het die laaste lettergreep van die werkw. blykbaar verlore gegaan sodat die vorm van die werkw. op 'n snw. lyk. Dit lyk vir my onwaarskynlik dat dit 'n geval van funksieverandering kan wees. Naas genoemde geval kom die volgende by Trichardt

/voor

1) Mansvelt, Idioticon, p. 70.

voor :„dat Sekwati mijn heb laten afpoeneeren" (p. 242), „tijd om haar vee af te spidoneeren wouw wij ons niet gunnen" (p. 263). Hierdie vorme is waarskynlik aan Ndl. invloed toe te skryf.

Die vorme mandjie en boontjie word in Afr. sonder verkleiningsfunksie gebruik, en die grondwoorde kom feitlik nooit voor nie. Alleen bone word nog soms gehoor. Trichardt gebruik die vorme met die verkleiningsuitgang soos in Afr., bv. „een mantje meel..een mantje boontjes" (pp. 63-4), „een wijnig grondboontjes" (p. 93). Hy gebruik die grondwoorde egter net so veel, bv. „een mant patattas en een grote mant meel" (p. 90), „drie manten bonnen" (p. 287).

390. 'n Aantal woorde in Trichardt se Dagboek het vrywel seker in Afr. ontstaan. So tref ons reeds die Afr. samestelling dankie aan, bv. „zij dat het de dankie was" (p. 93), „Ik is alle dagen voor mijn leste weldaat dezelfde dankie te wagten als voor de eerste" (p. 128). Trichardt gebruik ook reeds die woorde deurslag en deurslagtig met betrekking tot deurweekte, modderige grond. Hierdie woorde is nie algemeen gebruiklik in Afr. nie. In die Westelike Kaap-Provinsie is hulle baie gebruiklik en word deurslag ook as byvoeglike naamwoord gebruik. Trichardt gebruik deurslag alleen as snw. : „twee beeste...is en deurslag blijve liggen" (p. 46), „de veld was te deurslagtig om te trekken" (p. 30). Trichardt gebruik ook die Afr. woorde vlei en vleiagtig met betrekking tot 'n moeras of klein meertjie, bv. „de vlij" (p. 124), „Salpeter ken men boven de vontijn en de vlijen soo veel rapen als men hebben wil" (p. 174), „en de laagtes had de meeste gedeelte water en vlijagtig" (p. 284).

/Trichardt

Trichardt gebruik reeds glo as bywoord : „die ding die u zeg dat af is, is gloo niet af" (p. 103). Prof. J.J. le Roux meen dat dit uit die tussensinnetjie glo ek ontstaan het.[1] Dr. J. du P. Scholtz is egter van mening dat glo eerder uit 'n oorspronklike tussensin sonder voorwerp ontwikkel het en wys daarop dat in ouer Ndl. gelove sonder ik inderdaad as tussensin voorgekom het.[2]

Die woord skinder met die betekenis „kwaadpraat, (be)laster" beskou prof. Boshoff as waarskynlik ontstaan uit ouer skender, 'n frekwentatief gevorm van Ndl. schenden.[3] Sowel skinder as skander word in die offisiële Afr. spelling erken. Altwee vorme kom by Trichardt voor, bv. „ook had de bastaard mijd van Albach haar ook beschinderd" (p. 68), „hij zij dat ouwe Isaak zijn basters aan schender is" (p. 133). Soms gebruik Trichardt die woord egter afwykend van hmidige Afr., bv. „dat zij haar eige vader tot leugenaar maak en voor een hoef rond schinderd" (p. 231). By gebruik die woord ook as smw. : „als een schinder rondgaat om alles aan malkander te schinder" (p. 231). In een geval gebruik hy die woord met 'n ongewone voorsetsel : „Vertelde hij mijn dat Catrijn en Marie voor Pieta schender" (p. 133). Alleen as beskinder gebruik word, is vir in Afr. moontlik. Blykbaar is skinder in daardie tyd ook as 'n oorganklike werkwoord gebruik.

Trichardt gebruik die verbinding „omstreek van" wat waarskynlik deur kontaminasie ontstaan het uit „omstreeks" en „in die omstreke van". Dit kom in dialektiese Afr. voor. By Trichardt : „Na middag, omstreek van 4 uur, sterf een dogtertje van juffrouw Schepers" (p. 43).

/Die

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 226 § 483.
2) Scholtz, Afr. Brief v. 1851 (Huisgenoot, 27/6/1941, p. 65).
3) Boshoff, Etim. Wdb., p. 104.

Die woord rondawel het klaarblyklik in Afr. ontstaan maar sy oorsprong is onseker. Pettman het dit afgelei uit rondeel wat nie baie aanneemlik is nie. Dit is moontlik 'n hibridiese samestelling uit ronde en Port. abs.[1] Trichardt gebruik dit blykbaar in die Afr. betekenis van 'n ronde buitegebou met een kamer : „Jufr. Schepers had voor haar een rondawel klaar en ouwe Botha (en) Jan maakt voor hem een zoo als een wage tind" (p. 107).

391. In Trichardt se Dagboek kom 'n groot aantal samestellinge voor wat in Ndl. nie bestaan nie. Die groot meerderheid is selfstnwe., waarvan party reeds in die vorige hoofstuk aangehaal is (vgl. § 29).

Selfstnw. + Selfstnw.

Die gewoonste manier van agglutinerende samestelling in Afr. is om die woorde sonder bindklank aanmekaar te vyg. Talryke samestellinge van snwe. van hierdie tipe kom by Trichardt voor, bv. „de tropkraal en de lammerkraal" (p. 125), „een koegelschoot van de wagens af" (p. 97), „een jukscheij" (p. 97), schemerdag (p. 284), hartbeeshuizen (p. 44), een leerboom" (p. 210), ons patwyser (p. 273), de schimmel kouij (p. 87), de jongetjes kinders (p. 62 , een tijger bos kat (p. 20), osriem ringen (p. 72), de sokoewater (p. 291).

Trichardt gebruik dikwels samestellinge waarin die eerste lid op -e uitgaan, bv. de paardesiekte (p. 23). Die -e kan 'n meervoudsuitgang wees of 'n verbindgs-e. Trichardt gebruik baie samestellinge waarvan die eerste lid op -e uitgaan waar dit in Afr. geen uitgang het nie, bv. de beestewagter (p. 24), de leeuwe vet (p. 54), een bulle tand (p. 76),

/een

1) Boshoff, Etim. Wdb., p. 99.

een schape bouijt (p. 246), een kouije tand (pp. 139, 262), een bokke vel (p. 272), de bijenes poord (p. 213). Hierdie vorme kan aan Ndl. invloed toe te skrywe wees daar Ndl. veel meer gebruik maak van 'n meervoudsvorm as eerste lid van 'n samestelling as Afr.

In Trichardt se Dagboek kom 'n hele aantal samestellinge voor waarvan die eerste lid 'n s-uitgang het wat 'n meervouds- of genitiefsuitgang mag wees of 'n verbindingsklank, bv. bosaiesveld (p. 165), elandsbul (p. 128), ons werksvolk (p. 212). In die volgende samestellinge is die -s ongewoon in Afr. : een koedoes kouij (p. 84), de Boesemans weijd (p. 92), een kaffers commando (p. 129), de schilderbonte kaffers kouij (p. 130), kwaggas vellen (p. 128). Daarenteen laat hy die s-uitgang weg by zon ondergang (p. 262) waar Afr. dit gebruik.

Byvnw. + Selfstnw.

Trichardt gebruik die Afr. samestelling halfpad, wat soos Ndl. halfstok 'n bepaalde punt en nie 'n afstand aandui nie : „dat wij nu halfpad is" (p. 286). Trichardt gebruik die Afr. samestelling kleingoed met die betekenis „kinders" : „twee klijngoed van haar die by de tuin gewees is" (p. 255).

Werkwoord + Selfstnw.

'n Hele aantal samegestelde snwe. wat gevorm is deur 'n werkwoord en 'n snw. sonder bindklank saam te voeg en wat in Ndl. onbekend is, het ek in die Dagboek teengekom, bv. „de uitsnamlek" (p. 151), „de sweer uijer kouij" (p. 9), een sleeptak (p. 50), een trekschof (p. 285), de lijtouw (p. 210), de graafwater (p. 177), trekgoed (p. 259), deknoed (p. 46).

'n Samegestelde snw. bestaande uit snw. + bnw. wat in Afr. ontstaan het, kom by hom voor : „de avond met sononder" (p. 33).

/Daar

Daar kom ook twee opvallende bnwe. wat saamgestel is uit 'n werkw. en 'n bnw. by Trichardt voor : „een jaag sieke ooij" (p. 110), wat nie gebruiklike Afr. is nie, en : „een brandsiek schaap" (p. 80).

592. In die taal van Trichardt en sy tydgenote is daar min woorde van vreemde oorsprong te vind. Dit is veral opvallend dat geen woord wat Afr. direk aan Maleis-Portugees ontleen het, by enigeen van hul voorkom nie, selfs nie eers die leenwoord baie nie.

'n Paar woorde wat wel uit Maleis of Portugees stam en via die 17de-eeuse Holl. handelstaal in Afr. gekom het, kom in Trichardt se Dagboek of by sy tydgenote voor. So gebruik Trichardt die woord sambok, uit Maleis tjabok;[1] „de agteros sambok" (p. 105). Die woord kraal uit Portugees curral,[2] gebruik Trichardt sowel in die betekenis „'n omheinde plek vir vee" as vir 'n kafferstat, bv. „overmits hij die daer een kraal gemaakt had voor zijn beeste" (p. 43), „een trop kraal en een lammerkraal" (p. 125); „tot bij de kraal of plaas van de kaffer Comanie" (p. 301). Woorde wat Afr. vermoedelik aan die 17de-eeuse Holl. seemanstaal ontleen het, is bandjie uit Maleis badjae[3], bv. „het was zeer kout; hoewel dat wij in dunne boatjes was, kon wij de nag doorbringen" (p. 146), en nooi uit Maleis njonja of Portugees dona[4], in die betekenis „meesteres : „die ouwe kaffer, kwam hij bij mijn en zij dat de klijn noijen hem geslagen heb" (p. 107). Die Afr. woord bottel het waarskynlik ook via die seemanstaal uit Port. botelha, oorspronklik uit M.Latyn buticula, verkleinwoord van M.Latyn buttis, „'n vat", in Afr. gekom.[5]

/Trichardt

---

1) Boshoff, Stim. Wdb., p. 100.
2) Idem, p. 75.
3) Idem, p. 32.
4) Idem, p. 85.
5) Idem, p. 39.

Trichardt gebruik dit 'n paar maal, bv. „tien bottels... een medicsyn bottel suiker" (p. 301). Vles kom by hom nooit voor nie. Trichardt gebruik dikwels baklei wat waarskynlik ook via die seemanstaal uit Maleis in Afr. gekom het,[1] bv. „dat een van de gevlugte captijns van Rammabooij met zijn moeder bakalij" (p. 135), „dat hij met Carolus moet baklijen, dat hij ook graag baklijd" (p. 307).

Joubert gebruik die woord moveer in die betekenis „molesteer" : „seijde sij hem niets maar moveerde hem soodanig dat hij genoodsaak waert hem gereet to maaken om hem te verweeren" (23/5/32). Prof. Boshoff beskou moveer as 'n 17de-eeuse basterwoord, uit Frans mouvoir, wat in Afr. oorgeërf is.[2] Prof. Boeman meen dat „moveer in die betekenis „lastig val, molesteer", uit Port. mér stam, wat die vorm betref, beïnvloed deur moveer, uit Frans mouvoir, in die betekenis „beweeg, aanleiding gee."[3]

Twee ander woorde van oosterse oorsprong wat in Trichardt se Dagboek voorkom, is assegaai en katel : assegaijen (pp. 175, 183). Hierdie woord het ontwikkel uit 17de-eeuse Ndl. (h)assegay wat via Sp. azagaya, azahaya of Port. azagaia op Berbers zagaya teruggaan.[4] Die woord katel, „bed", het waarskynlik ook via die Ndl. seemanstaal uit Tamil catel, catle in Afr. gekom.[5] Trichardt gebruik die woord blykbaar in die betekenis van die geraamte van 'n bed: „Ik had die dag niets te doen als de huis te late pleisteren, en Pieta heb de katel en de kuip opgezit" (p. 49), „Saterdag heef Pieta...zijn katel in de scherm opgezit en gemat" (p. 20). Hy gebruik nooit bed of kooi nie.

/In

---

1) Boshoff, Stim. Wdb., p. 33.
2) Idem, Volk en Taal, p. 152.
3) Boeman, Oor die Ontstaan, pp. 74-5.
4) Boshoff, Stim. Wdb., p. 32.
5) Idem, p. 69.

In Trichardt se Dagboek kom twee ontleninge aan Hottentots voor: kierie (p. 183) en karos (p. 46), wat hy ook in die vorm kros (p. 241) skryf soos in Afr.

Twee woorde wat aan Duits ontleen is, kom by Trichardt voor, nl. laer en vroegstuk. Die laaste is in huidige Afr. byna onbekend vir „ontbyt". Hansvelt meld dat in 1884 stuk nog in sommige streke vir „ontbyt" en soms vir „eetmaal" in die algemeen gebruik is.[1] Trichardt gebruik vroegstuk baie dikwels, bv. „Heb wij een vroegstuk genomen" (p. 146), „liet de Goeverneur mijn roepen met hem de vroegstuk mede te eten" (p. 315). Ontbyt kom nooit in die Dagboek voor nie. Laer het in Afr. gewoonlik die betekenis, „'n kamp van waens vir die doel van beskerming teen mens of dier". Trichardt gebruik dit net 2 maal, in die vorm lager : „Omtrind een uur val daar schoot in ons lager...de wolf was geetadig om ons lager maar de honden drijf hem altoos weg, kon wij horen" (p. 265).

Joubert gebruik dikwels die woord lager, bv. „de 16de ontmoet ik H. Potgieter met sijn lager" (11/7/38), „de 22 of 23 mij kwaamen Marits en Landman aan de lagers van Port Natal terug" (11/7/38(2)), „ik vond dat lager in drie staan" (J 5/11/38). Eenmaal gebruik hy leeger in die betekenis van die staanplek van reisigers : «als 4 van ons paarde...schrokte in de loop naa on de vuur in op de leeger af kwam" (10/4/28).

Die enigste woorde van Engelse oorsprong wat ek in die Dagboek aangetref het, is juts (p. 102), gedreat (p. 64), gienie (p. 75). Hierdie woorde was blykbaar gewoon in die omgangstaal van die tyd. Changuion bevestig dit ten opsigte van dres.[2] Die volgende sin in Trichardt se taal bevat

/blykbaar

1) Hansvelt, Idioticon, p. 157.
2) Changuion, Proeve, p. xi (De Nederduitsche Taal).

blykbaar ook 'n anglisisme : „De morgen was hij een groote deel beter" (p. 57).

393. In Trichardt se Dagboek kom 'n aantal eienaardige woorde en uitdrukkinge voor, en gevalle van woorde wat 'n ongewone gebruik het.

Ongewoon is sy gebruik van slag in die volgende sin : „en morgen of overmorgen onse slag waarneemd" (p. 182). Dit is moontlik beïnvloed deur die idioom : „'n slag slaan". In die volgende sinne vervang maken ander werkw.: „Ik zij dat zij meschien de gedagte maak dat wij dink dat zij de volk van Sakanna is die de menschen vermoord heb" (p. 156); „maak wij overleg om Doore van een kant de Bergh op te nemen" (p. 91); „maakte wij agterdog dat Jan voorbij mag wesen" (p. 183). In die laaste sin word agterdog i.p.v. vermoede gebruik. Die gebruik van groot as byw. van graad wat in Afr. voorkom in uitdrukkinge soos „groot skrik", is ongewoon in die volgende geval : „dat ik het wis dan had ik daar niet zoo groot om gegeven" (p. 65). Trichardt skryf ook onverstand i.p.v. misverstand in die sin : „vond ik dat aan alle bijde kanten onverstand plaatsvond" (p. 43).

Trichardt gebruik die woord vertolk as 'n anw., bv. „heb ik mee gejaagt en door de vertolk laate zeggen dat hij... bij mijn niet moet komen liggen" (p. 53), „een huis die de vertolk mijn aanwijs" (p. 48), „om haar door een vertolk te vragen waar wij verder water krijgen ken" (p. 173). 'n Enkele maal kom tolk as anw. voor : vroeg ik aen de tolk" (p. 48). Hierdie vorm het hy waarskynlik geskryf onder invloed van die Ndl. werkw. vertolken. In sy spreektaal is tolk waarskynlik beide as anw. en as werkw. gebruik. Omdat

/Ndl.

Ndl. vertolken as werkw. gebruik, het hy moontlik gemeen dat die Ndl. vorm van die snw. vertolk is. Trichardt skryf ook aanvat in die betekenis aanval" : „zij hij dat de Blootkaffers hun in de nagt aangevat heb, en dat zij drie klompen bass geraakt heb" (p. 37). Dit is verwant aan die werkw. aanpak wat in dieselfde betekenis gebruik kan word.

Naas gewoonlik koeskop (pp. 14, 59, 184, ens.) en enkele male poeskop (p. 174), skryf Trichardt ook eenmaal : „een boeskop veers" (p. 36). In huidige Afr. word koe(n)skop of poe(n)skop gebruik. Boeskop is dus blykbaar 'n persoonlike eiensaardigheid maar dit mag ook 'n ouer vorm wees. Dr. J. du P. Scholtz meld dat in Ndl. 'n woord potskop, botskop, butskop, bestaan, de naam van 'n soort dolfyn, wat hy as heel moontlik dieselfde woord as Afr. poeskop beskou. So kan daarnaas ook vroeër die vorm boeskop in Afr. bestaan het.[1]

Trichardt gebruik die woord assegaaiers wat blykbaar 'n persoonlike skepping is : „gaf ik hem een schaap voor de volk die met hem was en de assegaaijers" (p. 96). Ander eiensaardige vorme wat in sy taal voorkom is tammelde (p. 161) i.p.v. talmde, saksewaksie (p. 230) vir satisfaksie, en sijnstima (p. 227) vir sisteem. Changuion meld die gebruik van 'n vorm zeinstema in daardie tyd.[2]

In Trichardt se Dagboek kom twee uitdrukkinge voor wat in huidige Afr. onbekend is, nl. „bij partewijs" in die betekenis „stuksgewys" : „zij zal de andere bij partewijs bringen"(pp. 315-6), en aan de haar wat Trichardt dikwels gebruik, altyd in verband met die berekening van die getal vee en blykbaar in die betekenis „op die oog, na skatting,

/sonder

1) Scholtz, Uit die Gesk. v.d. Naamgewing aan Plante en Diere in Afr., p. 21.
2) Changuion, „Proeve", p. xxvi (De Nederduitsche Taal).

sonder om te tel",[1] bv. „twee mis wij aan de haar" (p. 295), „maar aan de haar mis zij nog drie of vier" (p. 123), „dat hij opletten moet of hij geen beeste mis aan de haar" (p. 150).

394. Die woordeskat van Trichardt se Dagboek het ek lank nie uitgeput nie maar ek kon in hierdie studie alleen op die interessantste woorde en uitdrukkinge wys. Dat die geskrifte van sy drie tydgenote so min van taalkundige belang vertoon, moet klaarblyklik aan die offisiële aard daarvan toegeskryf word.

Die opvallendste kenmerk van die Dagboek en die ander ondersoekte geskrifte is dat die woorde en uitdrukkinge byna uitsluitend van Nederlandse oorsprong is en dat slegs enkele woorde wat Afrikaans aan vreemde tale ontleen het, voorkom. Die aantal Nederlandse woorde en uitdrukkinge wat nie in Afrikaans gebruiklik is nie, spruit waarskynlik uit hul Nederlandse kennis wat veral uit die Bybel geput sal wees op hierdie gebied, maar sommige daarvan mag nog in hul spreektaal voorgekom het.

Die talryke woorde en uitdrukkinge wat kenmerkend van Afrikaans is in die Dagboek van Trichardt toon dat sy spreektaal in hierdie afdeling van die taal reeds min van huidige Afrikaans verskil het.

---

1) Preller, Dagboek v. Louis Trichardt, p. 123.

HOOFSTUK VI

BESLUIT

396. In die vorige hoofstukke het ek probeer vasstel watter stadium van ontwikkeling Afrikaans in die mond van die plattelandse bevolking teen die tyd van die Trek bereik het deur die taal van Trichardt se Dagboek te toets aan Afrikaans-gekleurde geskrifte van ongeveer dieselfde tyd. Hoewel ek nie ten opsigte van sommige verskille tussen Nederlands en Afrikaans die toestand in die spreektaal van die tyd met enige mate van sekerheid kon bepaal nie, glo ek dat die ondersoek my in 'n groot mate wel daartoe in staat gestel het.

396. Uit die gegewens omtrent Trichardt se taal wat die ondersoek opgelewer het, blyk dat die Dagboek grotendeels op Afrikaanse standpunt staan hoewel dit in sommige opsigte nog 'n sterk Nederlandse karakter dra. Hoewel die skryftaal van die ander drie skrywers veel ooreenkoms met Trichardt s'n vertoon, staan dit veel nader aan Nederlands.

397. Tot nogtoe is daar min waarde geheg aan Trichardt se Dagboek as 'n bron vir kennis van die Afrikaans van 'n honderd jaar gelede: Dr. G.S. Nienaber verwerp dit as 'n proewe van Afrikaans en verklaar in die inleiding van „Afrikaans tot 1860" (P.V. 6) : „Niemand twyfel daaraan dat Wikar gepoog het om Nederlands te skryf nie, en ook Trichardt, behalwe in die gevalle waar hy die taalgebruik van die Duitser Albach probeer karakteriseer. Dit het in hul bedoeling gelê om hulle van die amptelike Nederlands te bedien en daarna het hulle opsetlik gestreef. Insoverre as die gewone spreektaal in hul skryftaal deurstraal en dus die

/suiwerheid

suiwerheid van hul Nederlands vertroebel, moet ons die taalvorm vernederlandste Afrikaans noem, d.i. Afrikaans wat die outeur wou vernederlands het, maar waarin hy nie ten volle geslaag het nie. ..... hulle is eintlik 'n onsuiwer vorm van Nederlands. Insoverre as wat hulle tog Afrikaans is, is hulle dit toevallig, onbewus, skemeragtig, en nie opsetlik of helder nie."[1] Die ondersoek het m.i. min grond vir hierdie bewering ten opsigte van Trichardt se Dagboek openbaar. Met betrekking tot die geskrifte van Oberholster, Joubert en Pretorius kan hierdie bewering daarenteen met veel meer reg gemaak word.

Dat Trichardt in die Dagboek nie daarna gestreef het om hom van die amptelike Nederlands te bedien nie, word bewys deur 'n vergelyking van die taalvorm van die Dagboek met die van die twee briewe van 'n vroeër datum van Trichardt se hand. (Vgl. Aanhangsel A.) Die twee briewe toon dat Trichardt 'n beter kennis van Nederlands gehad het as wat die Dagboek te kenne gee, hoewel dit ver van volmaak was soos ons kan verwag as ons die onderwysfasiliteite van die tyd in aanmerking neem. Die moontlikheid bestaan dat hy veel van sy Nederlandse kennis teen die tyd van die Trek mag verleer het, wat sou beteken dat sy skryftaal aan min Nederlandse invloed blootgestel sou gewees het. Sk veronderstel egter dat gereelde lees van die Bybel 'n belangrike faktor was in die behoud van die gebrekkige kennis van Nederlands wat hy deur skoolonderrig opgedoen het. Vir my is dit duidelik dat Trichardt in die opteken van die Dagboek weinig aanlag aan die taalvorm gegee het. Om watter rede hy ook al die Dagboek geskrywe het, seer seker van dit nie bedoel om deur 'n regeringsamptenaar of enige ander persoon van meer opvoeding as hy, gelees te word nie, en dit

/is

---

1) P.V. 6, p. v.

is dus van 'n heeltemal ander aard as sy twee briewe en die geskrifte van sy drie tydgenote wat van 'n offisiële aard is. Dit is duidelik dat hy in die Dagboek in 'n groot mate natuurlike en spontane uitdrukking aan sy gedagtes gegee het. Sy styl bewys dit. Dit is onwaarskynlik dat 'n man wat ongeoefend met die pen was maar sommige dae meer as tien velle geskrywe het, moontlik omdat dit sy gedagtes afgetrek het van die bekommernisse van die trek en hom 'n bepaalde genot verskaf het, hom veel aou bekommer het oor die Nederlandse taalreëls.

899. Ek is van mening dat Trichardt se Dagboek in 'n groot mate sy spreektaal weerspieël. 'n Nadere beskouing van die twee briewe van hom openbaar dat hy daarin veral foute begaan op gebied van grammatikale geslagsonderskeiding by die naamwoorde en partikels, en van persoon- en getalsonderskeiding by die werkwoord, kategorieë wat in die Dagboek nie meer optree nie. Die twee briewe vertoon egter wel 'n mate van geslagsverskil en van persoon- en getalsverskil hoewel ook veel verwarring op hierdie gebiede. In die briewe gebruik hy ook konsekwent die korrekte pers. vnw. mij terwyl in die Dagboek die spreektaalvorm van die tyd, mijn, byna konsekwent voorkom.

899. Trichardt se taalgebruik self verleen veel steun aan my mening. Sy spelling is dikwels fonetiese en dui Afr. klankwysigings aan. Op gebied van die klankleer vertoon sy taalgebruik slegs enkele onafrikaanse verskynsels wat waarskynlik nog kenmerke van sy spreektaal was. Op gebied van die vormleer het geslag- en naamvalsonderskeiding by die naamwoorde en partikels, met uitsondering van die pers. vnwe., nagenoeg verdwyn, terwyl die werkwoord nie meer persoon- en

/getalsverskil

getalsverskil vertoon nie. Die lidwoord het, die wederk. vnw. sigh, die aanw. vnwe. deze, dit, dat in byvoeglike funksie, en die betreklike vnw. dat, kom nagenoeg nooit in sy skryftaal voor nie. Menige sintaktiese verbinding wat kenmerkend van Afr. is, is ook in die Dagboek aan te tref. Hierdie toestand dui moulike op 'n doelbewuste poging om die amptelike Nederlands te gebruik. Daarenteen is sy taal in sommige opsigte vrywel suiwer Nederlands, byvoorbeeld ten opsigte van die intervokaliese g en v, die klinkerwisseling in die stam van sterk werkwoorde by die imperfectum en volt. deelw., die behoud van die uitgang by die infinitief en sterk volt. deelwoorde, die vervoeging van die mutatiewe werkwoorde met zijn, asook verskeie Ndl. sintaktiese konstruksies. Hierdie ongelyke karakter van sy skryftaal dui op sterk beinvloeding deur sy spreektaal.

Die agtervoeging van die t-uitgang by die werkw. enkelv. persoonsvorm en by die swak volt. deelw. word in Trichardt se taal, soos in die van sy tydgenote, hoofsaaklik bepaal deur klank-prosesse, oorblyfsels waarvan in huidige Afr. nog waar te neem is en wat daarin 'n opvallende afwyking van die Ndl. skryftaal teweeggebring het.

400. Die sterkste argument vir weergawe van sy spreektaal in 'n aansienlike mate is die groot ooreenkoms tussen die taalvorm van Trichardt se Dagboek en die van die geskrifte van sy drie tydgenote. In die opsigte waarin Trichardt se skryftaal reeds op Afr. standpunt staan, vertoon die taal van die ander drie in die groot meerderheid van gevalle afwyking van Ndl., gewoonlik in 'n minder mate as syne, terwyl hul taal feitlik suiwer Ndl. is in die opsigte waarin Trichardt se taal 'n groot mate van ooreenkoms met Ndl. vertoon. In enkele gevalle is die taal van een of meer van die ander meer Afrikaans as Trichardt s'n. Daaren-

/toen

teen vertoon Trichardt se skryftaal 'n hele aantal Afr. kenmerke wat nie in die taal van sy tydgenote te vind is nie.

401. Deur aan te neem dat Trichardt se Dagboek in 'n groot mate sy spreektaal weerspieël, ontken ek egter nie alle invloed van die Ndl. skryftradisie daarop nie. In die vorige hoofstukke het ek in 'n hele aantal gevalle invloed van die Ndl. skryftradisie aangeneem, byvoorbeeld by die -g van die buigingsuitgang -en, die agtervoeging van die t-uitgang na stemlose konsonante, g i.p.v. g, wat almal nie meer in Afr. bestaan het nie; by die konsekwente gebruik van die vokale [ɑ·] of [e·] voor r in die woorde paard, steerd, ens., van die vnwe. ik, hem, het, die voegwoord als, en by die gebruik van die vnwe. wij, zij (meerv.), die hulpww. heb, die verbinding liggen, zitten, ens. + te + infin., die orde infin. hulpww. by 'n samegestelde gesegde in die bysin, in die groot meerderheid van gevalle, waar die Afr. vorme en verbindinge waarskynlik meer gebruiklik in die spreektaal was. Sommige vorme is suiwer op rekening van die skryftradisie te plaas, byvoorbeeld die pers. vnwe. gij, hun, hen, die besitl. vnwe. hun(ne), mijne, zijne, attributief gebruik, die betrekl. vnwe. welke, hetwelk. Daarbenewens het invloed van die Ndl. skryftradisie die gebruik van Ndl. vorme en verbindinge wat nog sij spreektaal gekenmerk het, maar daarin reeds aan die verdwyn was, bevorder, bv. die lidw. de, die besitl. vnwe. mijn, zijn, haar, onze, die betrekl. vnw. die, die aanw. vnw. dat selfstandig gebruik, die veelvuldige verbuiging van die bnw., die klinkerwisseling in die stam van sterk werkwe., die gebruik van die imperfectum en die uitgang by die infinitief en sterk volt. deelwoorde, die agtervoeging van die dentale uitgang na stemhebbende konsonante en 'n diftong, die vervoeging van die mutatiewe werkwe. met zijn, die gebruik van

/die

die plusquamperfectum in die bedrywende vorm en verskeie sintaktiese verbindinge. Trichardt se Dagboek gee ons dus geen getroue beeld van die spreektaal van die tyd nie maar stel ons in staat om 'n redelik getroue beeld daarvan te ontwerp omdat die invloed van die spreektaal op sy skryftaal sterker was as die van die Ndl. skryftradisie.

402. 'n Faktor wat ook in aanmerking geneem moet word in die vaststelling van Trichardt se spreektaal, is Albach se taal. Trichardt se weergawe daarvan vertoon 'n opvallende verskil van die eerste stukke wat die Afrikaans van kleurlinge of vreemdelinge probeer weergee het. Die stukke van Bonifacio en ander vertoon ongetwyfeld beïnvloeding deur die Ndl. skryftradisie, terwyl in Trichardt se weergawe van Albach se taal daar slegs enkele gevalle bestaan waar Trichardt hom moontlik kan verskryf het, nl. g i.p.v. s, lidw. de, pers. vnwe. ik, gij, hem, besitl. vnwe. mijn, zijn, hulpwwe. heb, had. Daarenteen kan die verskyning van hierdie vorme in Albach se taal 'n bewys wees dat hul in Trichardt se spreektaal gebruiklik was. Vir die orige is die vorme van Albach se taal byna volkome in ooreenstemming met Afr. Trichardt het Albach se taal dus blykbaar met die grootste getrouheid weergegee. Waarom? Aangesien die vroegste Afrikaanse stukke byna almal spottend van aard is en geskryf is om komiese effek te bereik, kan die optekening van Albach se gebroke taal vir Trichardt ook vermaak verskaf het, maar Trichardt mag ook die byna fleksielose vorm daarvan eiesoortig gevind het. M.i. bewys dit niks vir die stadium van vereenvoudiging wat die taal van die blankes toe reeds bereik het nie. Die klanke, woordorde, en sinsbou van Albach se taal is dikwels onafrikaans. Defleksie het

/daarin

daarin reeds verder gevorder as in hmidige Afrikaans en alle buigingsuitgange, met enkele uitsonderinge, het nie alleen weggeval nie maar in sommige gevalle die slotkonsonant of slotlettergreep van die grondwoord waar dit in Afr. nog behou is. Ek beskou Albach se taal dus eerder as 'n voorbeeld van Vreemdelinge-Nederlands, waarskynlik sterk beïnvloed deur die Afrikaans van die kleurlinge as gevolg van sy verdwaering met hulle.

403. Van belang is 'n paar sintaktiese verbindinge wat kenmerkend van Afrikaans is, in Albach se taal, maar wat nooit in Trichardt se taal voorkom nie, nl. die dubbele nie, vir voor 'n direkte persoonlike voorwerp en die gebruik van sijn as bindwoord by die selfst. nmw. vrou om die genitiefbetrekking uit te druk. Uit ander geskrifte uit die tyd blyk dat die eerste twee verbindinge altans gebruiklik was in die spreektaal. Dit dui daarop dat hierdie en ander sintaktiese eienaardighede van Afrikaans veral kenmerkend was van Kleurling-Afrikaans en deur die blankes nog as plat beskou is sodat dit in die skryftaal en deftige spreektaal sover as moontlik vermy is. Dit verklaar blykbaar waarom daar in Trichardt se Dagboek geen kreolismes voorkom nie.

404. Op grond van die resultate van my ondersoek en gegewens omtrent ouer en jonger stukke wat deur ander vorsers ondersoek is, het ek tot 'n aantal gevolgtrekkinge omtrent die ontwikkelingsgang van Afrikaans gekom. Aangesien ek telkens na die opvattinge van die taalgeleerdes wat aan die kwessie van die wording van Afrikaans aandag gewy het, verwys, is dit wenslik om vooraf die belangrikste teorieë oor die ontstaan van Afrikaans kortlik aan te dui.

/Aan

ıarin reeds verder gevorder se in [illegible]ige Afrikaans en alle -igingsuitgange, met enkele uitsonderinge, het nie alleen eggeval nie maar in sommige gevalle die slotkonsonant of lotlettergreep van die grondwoord waar dit in Afr. nog be-ou is. Ek beskou Albach se taal dus eerder as 'n voorbeeld n Vreemdelinge-Nederlands, waarskynlik sterk beinvloed deur ie Afrikaans van die kleurlinge as gevolg van sy verswaering et hulle.

403. Van belang is 'n paar sintaktiese verbindinge wat enmerkend van Afrikaans is, in Albach se taal, maar wat nooit n Trichardt se taal voorkom nie, nl. die dubbele nie, vir oor 'n direkte persoonlike voorwerp en die gebruik van zijn s bindwoord by die enw. vrou om die genitiefbetrekking uit e druk. Uit ander geskrifte uit die tyd blyk dat die eerste twee verbindinge altans gebruiklik was in die spreektaal. it dui daarop dat hierdie en ander sintaktiese eienaardig-ede van Afrikaans veral kenmerkend was van Kleurling-frikaans en deur die blankes nog as blat beskou is sodat dit in die skryftaal en deftige spreektaal sover as moont-lik vermy is. Dit verklaar blykbaar waarom daar in Trichardt se Dagboek geen kreolismes voorkom nie.

404. Op grond van die resultate van my ondersoek en gegewens omtrent ouer en jonger stukke wat deur ander vorsers ondersoek is, het ek tot 'n aantal gevolgtrekkinge omtrent die ontwikkelingsgang van Afrikaans gekom. Aangesien ek telkens na die opvattinge van die [illegible]leerdes wat aan die kwessie van die wording van Afrikaans [illegible]ndag gewy het, ver-wys, is dit wenslik om vooraf die [illegible]rikste teorieë oor die ontstaan van Afrikaans kortlik [illegible] te dui.

/Aan

Aan die Uebertragungsteories waaronder verstaan word dat Afrikaans ontstaan het as gevolg van die oordrag van Nederlands op een of ander volk of ras, bv. die Hottentotte (Hahn) of die Franse (Te Winkel) of verskillende vreemdelingklasse (Meyer-Benfey), word teenswoordig min of geen geloof geheg nie. Prof. Hesseling het die saak die eerste aan 'n wetenskaplike ondersoek onderwerp en sy Maleis-Portugees-teorie opgestel wat aanneem dat Afrikaans ontstaan het deurdat Nederlanders Maleis-Portugees gepraat het naas Nederlands wat gevolglik in 'n mengeltaal ontaard het. Dr. E. Kruisinga het hom eerste bestry met sy spontane ontwikkelingsteorie wat beweer dat Afrikaans 'n direkte, onafgebroke ontwikkeling van 17de-eeuse Nederlands is en invloed van vreemde tale op hierdie ontwikkeling ontken. Die teorie wat vandag algemeen aanvaar word, selfs deur dr. Kruisinga, en deur prof. D.B. Bosman die eerste geformuleer is, is die Vreemdelinge-Nederlands-teorie wat hoofsaaklik spontane ontwikkeling aanneem, maar meen dat invloed van die sterk vereenvoudigde Nederlands in die mond van vreemdelinge die natuurlike ontwikkeling in die rigting van vereenvoudiging bevorder het. Prof. S.P.E. Boshoff gee voorkeur aan die spontane ontwikkelingsteorie en meen dat die verskillende vorme van geadapteerde Ndl. of Afr. die omvang van bepaalde analogiewerkinge in Afr. kan help verklaar, maar nie die defleksieverskynsels nie. Met betrekking tot prof. Bosman se saamgroepering van die verskillende vorme van geadapteerde Nederlands sê prof. Boshoff : „Ek glo, dat Dr. Bosman hier uitgegaan het van 'n beskouing, wat by 'n groot getal taalgeleerdes te vind is. Hulle gaan van die onderstelling uit dat by die adaptasie van 'n vreemde taal

/die

die buigings- en vervoegingsuitgange nie nagevoel word nie, en dus eers verwar word en daarna verdwyn. Die woordstam, wat die woordakssent dra, bly dan fleksieloos bewaar.[1] Prof. Boshoff glo dat „'n geadapteerde vorm van 'n sterk flekterende taal hoef nie 'n deflekterende neiging te vertoon nie", en dat „fleksieverwarring staan nie gelyk met deflektsie nie".[2]

Klankleer

405. Op gebied van die klankleer bestaan daar nie 'n groot verskil tussen Afrikaans en (17de-eeuse) Nederlands nie. Waar daar vreemde invloed op die Afr. klankeskat kan bewys word, is dit hoofsaaklik tot die taal van sekere streke beperk.

406. Wat die klanke en klankneigings betref wat Afrikaanse vermoedelik van 17de-eeuse Hollands geërf het, was die toestand van Afrikaans teen die tyd van die Trek in feitlik alle gevalle reeds dieselfde as in huidige Afrikaans.

Die t-uitgang het na stemlose konsonante sowel by naamwoorde as werkwoordelike vorme reeds in die Afr. van die tyd weggeval, soos Oberholster as skryftaal aan toon. By prof. Nesselhof het hierdie verskynsel in Afr. die vermoede gewek dat ook op die Afr. klankleer invloed van die Ooste te konstateer is omdat dieselfde verskynsel waargeneem word by Hollandsesprekende Sinjo's. Prof. Bosman het egter oortuigende bewyse vir aanname van spontane ontwikkeling of oorerwing aangevoer.[3]

Die -n van die buigingsuitgang -en is nie meer uitgespreek nie en die swakbetoonde slot -n van onverbo

/woorde

---

1) Boshoff, Volk en Taal, p. 79.
2) Idem, p. 81.
3) Bosman, Afr. en Mal.-Portugees, p. 110.

woorde soos binnen, regen, te vreden in die reël ook nie, maar die byna konsekwente behoud van die -n in die spelling in die laaste geval dui daarop dat dit sporadies nog mag voorgekom het.

Wat die totale sinkopee van intervokaliese d of sy oorgang tot i betref, was die toestand in Afr. toe reeds grotendeels dieselfde as vandag.

Die frikatiewe v, z en g was toe reeds stemloos. Moontlik is hierdie verskynsel uit Ndl. dialekte geërf maar dit kan ook in Afr. ontstaan het onder vreemde invloed.

Na n, veral voor -heid en -lik, was die voeging van t reël in die taal van die tyd soos vandag.

Vorme met k na die velare nasaal was talryker as in huidige Afr. Sommige van die vorme is moontlik onder invloed van die skryftaal uit Afr. verdring.

407. Op gebied van die vokalisme het ook verskillende klanke en klankneigings wat Afr. van ouer Ndl. geërf het, reeds regeer. So het [i] die [ə] van Franse leenwoorde verdring. Voor 'n nasaal was die verdringing van [ɛ] deur [ə] meer verbreid as in huidige Afr., sodat vorme met [ə] sedertdien deur skryftaalvorme daarin moet verdring geword het. Leggen en liggen het reeds saamgeval in die eerste vorm. Verskeie wisselvorme wat Afr. uit 17de-eeuse Ndl. geërf het, was in gebruik, bv. vlees, vleis; teken, teiken; laaste, leste; eimand, eider en eits naas iemand, ieder en iets.

408. Sommige van die afwykinge wat in Afr. ontstaan het, het toe nognie tot volle ontwikkeling gekom nie en in hierdie gevalle het die spreektaal van die tyd nog heelwat wisselvorme vertoon.

/Uitkapping

Uitkapping van intervokaliese g en v het laat in Afr. plaasgevind en was teen daardie tyd nog nie deurgevoer in alle gevalle waar dit in Afr. plaasgevind het nie.

Die assimilasie van g aan r in vorme soos môre, bêre, Ndl. morgen, bergen, was nognie reël nie.

Oorgang van intervok. v tot w het vroeg in Afr. plaasgevind en was teen daardie tyd algemeen.

Voor s en na 'n lang vokaal het t reeds verdwyn in woorde soos plaas, laas. d [t] het reeds weggeval na g en f, bv. deug, hoof, en tussen n en s, bv. aanstons.

409. Hoewel in 17de-eeuse Ndl. baie gevalle van die oorgang van vokale in onbetoonde lettergrepe tot neutrale [ə] voorgekom het, is slap artikulasie veral 'n kenmerk van Afrikaans en kom daar veel meer gevalle van die oorgang in Afr. voor. Hierdie oorgange was almal of byna almal in die spreektaal van die tyd gewoon. Die gevalle van wegval van [ə] met verlies van die lettergreep wat in Afr. vertoon, het meestal toe reeds voorgekom, hoewel daar in sommige gevalle nog wisselvorme bestaan het.

Die oorgang van [ə] tot [ɛ] in vorme wat die Afr. skryftaal erken of wat in dialektiese Afr. in gebruik is, was toe reeds gewoon.

Die werkwoorde zitten en zetten het reeds saamgeval in die eerste vorm.

Die wegval van [ə] voor die uitgange -lik en -nis is 'n laat ontwikkeling en was toe nognie gewoon in die gevalle waar dit in Afr. plaasgevind het nie.

410. Die feit dat die klankneiginge wat Afr. waarskynlik van 17de-eeuse Ndl. geërf het, oor die algemeen vroeër

/tot

tot volle ontplooiing gekom het en die huidige toestand in Afr. teweeggebring het as die klankwysigings wat op Afr. gebied ontstaan het, en dat sommige van die onderskeidende kenmerke van Afr. laat ontwikkel het, getuig vir spontane ontwikkeling op gebied van die klankleer hoewel dit nie vreemde invloed onmoontlik maak nie.

Vormleer

411. Verlies van grammatikale geslag- en naamvalsonderskeiding by naamwoorde en partikels, en persoon- en getalsonderskeiding by die werkwoord, het vroeg in Afrikaans plaasgevind en teen die tyd van die Trek het hierdie grammatikale kategorieë by die onderskeie rededele nie meer bestaan nie, met uitsondering van die pers. vnwe. natuurlik. Hierdie defleksieverskynsels is op Afr. gebied ouer as die ander. Die afskaffing van die ooreenstemming tussen bepalende woorde, nl. lidw., vnwe. en bnw., en 'n snw. in geslag, naamval en in 'n groot mate getal, en die ooreenstemming tussen onderwerp en werkwoord in getal en persoon, beteken die verloregaan van sintaktiese middels wat oorbodig is in tale met sulke vaste skemas van woordorde soos Ndl. Hierdie vereenvoudiginge kom in verskeie verwante tale ook voor en word deur 'n moderne skool filoloë as vooruitgang op taalgebied bestempel. word. Ek haal Jespersen se beskouing oor die saak aan : „Grammatical phenomena can and should be considered from various (often supplementary) points of view. Take the concord between a substantive and its adjective (in gender, number and case) and between a subject and its verb (in number and person). The traditional grammarian of the old type states the rules and looks upon deviations as blunders, which he thinks himself justified in branding as

/illogical

illogical. ... The historian examines his texts over various centuries and finds a growing tendency to neglect the forms distinctive of number, etc. And then the linguistic philosopher may step in and say that the demand for grammatical concord in these cases is simply a consequence of the imperfection of language, for the ideas of number, gender (sex), case and person belong logically only to primary words and not to secondary ones like adjective and verb. So far, then, from a language suffering any loss when it gradually discards those endings in adjectives and verbs which indicated this agreement with the primary, the tendency must, on the contrary, be considered a progressive one, and full stability can be found in that language alone which has abandoned all these clumsy remnants of a bygone past."[1]

Hierdie vereenvoudigings in Afr. is dus heel natuurlik en was in wese spontaan. Reeds in 17de-eeuse Ndl. het daar onsekerhede op hierdie gebiede geheers en is kongruensie dikwels verwaarloos. Vir die spoedige verdwyning van hierdie kategorieë in Afr., neem ek dialekvermenging in die eerste jare van die nedersetting aan die Kaap as verreweg die belangrikste bevorderende faktor aan en is dit eens met prof. Bosman se mening dat „veral in die eerste jare moet hierdie faktor (dialek-vermenging) 'n belangrike werking in die rigting van vereenvoudiging gehad het nie alleen nie, maar 'n gevoel van onsekerheid in die lewe geroep het, wat later gelykmakinge in die hand moes gewerk en bevorder het."[2]

412. By die uitbreiding van die s-meervoud het prof. Hesseling aan Portugese invloed gedink maar prof. Bosman sien hierin 'n suiwer analogiese uitbreiding van die meer-

/voudsvorm

1) Jespersen, Philosophy of Grammar, p. 345.
2) Bosman, Oor die Ontstaan, p. 112.

voudsvorm op -s, wat ook in Hollands aangetref word.[1] Teen die tyd van die Trek was nagenoeg al die Afr. meervoudsvorme op -s algemeen in gebruik.

413. Die verkleiningsuitgang -tjie het eers betreklik laat vir -tje in Afr. verdring sodat dit waarskynlik in Afr. spontaan ontwikkel het.

414. Die persoonlike voornaamwoord van Afrikaans onderskei hom in sommige persone alleen deur verskil in klank van Hollands. Die Ndl. vorme ik, hem het tot laat in Afr. as deftige vorme bestaan. Die ou vorm mijn is eers laat in die 19de eeu deur my verdring.

Die vnw. het is blykbaar ook laat in Afr. nog gebruik. Teen die tyd van die Trek moet dit egter die gebruiklike spreektaalvorm gewees het. Dit is opvallend dat Trichardt dit byna nooit as pers. vnw. of aanw. vnw. gebruik nie. Hierdie verdringing van het deur die aanw. vnw. dit word as 'n spontane ontwikkeling beskou. Hier blyk die voorkeur van Afr. vir nadruklike vorme wat deur vreemde invloed mag beïnvloed geword het.

415. As verklaring van die Afrikaanse gebruik van ons vir wij het prof. Hesseling Maleis-Portugese invloed aangevoer. Daar is egter gewys op dieselfde gebruik in Oecus sodat oorerwing nie uitgesluit is nie. Prof. Boeman meen dat hierdie verskynsel op die wydverspreide gebruik van die casus obliquus (in hierdie geval die akkusatief) vir die nominatief berus en het voorbeelde uit die Haagse dialek en Vlaamse dialekte, asook uit Engels, aangevoer.[2] Hy vermoed dat hierdie verskynsel in verband staan met die verlies van naamvalsuit-

/gange

---

1) Boeman, Oor die Ontstaan, p. 93.
2) Idem, pp. 140-141.

gange by die nomen, wat 'n verswakking van die hele sielkundige naamvalskategorie tengevolge moes gehad het.[1] Hoewel ons reeds vroeg in Afr. in die nominatief voorkom, het dit wij eers laat totaal verdring sodat prof. Bosman blykbaar reg is waar hy dit as oorbodig beskou om vreemde invloed by hierdie gebruik aan te neem.

416. Die gebruik van hulle vir die nominatief in Afr. is verwant aan die vorige verskynsel en kan op dieselfde manier verklaar word. Hullie (hunlieden) het waarskynlik na analogie van ze ook in die nominatief in gebruik gekom. Oorerwing van hierdie gebruik uit 'n Ndl. dialek is nie uitgesluit nie. Naas hulle was sulle laat in Afr. nog in gebruik. In die voorwerpsvorm is haar(le) eers in die loop van die 19de eeu in Afr. verdring.

Die verdringing van ik deur ek, hom deur hom, het deur dit, wy deur ons en zulle, haar deur hulle is blykbaar deur die gevoelswaarde wat aan die vorme gekleef het, vertraag. Die Afr. vorme is lank na hul in gebruik gekom het nog as minder korrek, minder beskaaf en deftig as die Nederlandse gevoel.

417. Die wederkerende voornaamwoord zich was in die Afr. volkstaal waarskynlik nooit gebruiklik nie.

418. Die besitlike voornaamwoorde mijn en uijn is eers in die 19de eeu deur die vorme my en sy respektieflik verdring. In die meervoud is die vorm onse ook nog lank na geslagsverskil verdwyn het, gebruik, veral as vernaamvorm. As besitl. vnw. van die derde persoon meervoud is haar(le) eers in die loop van die 19de eeu deur hulle verdring.

/As

1) Bosman, Ondersoek na die Ontstaan van Afr. (T.N.T., vi, p. 68.)

419. As aanwysende voornaamwoord het die in attributiewe gebruik vroeg vir deze, dit en dat by alle woorde verdring. Dit was altans die toestand in Afr. teen 1800. Die Afr. aanw. vnwe. hierdie en daardie het blykbaar eers laat na dit, dat in attributiewe funksie in onbruik geraak het, gebruiklik geword. Die vorm dat is tot laat in die 19de eeu nog in Afr. selfstandig gebruik.

420. In die uitsluitende gebruik van wat in die nominatief as betreklike voornaamwoord in Afr. het prof. Hesseling invloed van die onveranderlike Maleise vorm jang gesien.[1] Prof. Bosman en dr. Kruisinga het albei die Afr. gebruik vergelyk met die gebruik van that in Engels, en prof. Bosman meen dat veelvuldigheid van gebruik as verklaring kan aangevoer word.[2] My ondersoek het getoon dat die as betrekl. vnw. in die 19de eeu nog lewendig was sodat die proses wat hierdie Afr. vereenvoudiging bewerk het, eers in die 19de eeu afgeloop was. Dit maak direkte invloed van enige vreemde taal onwaarskynlik.

421. As vraende voornaamwoord is wat teen die tyd van die Trek nog byvoeglik gebruik maar wat voor (watter).

422. As verklaring van die as enigste lidwoord in Afr. het prof. Hesseling gedink aan invloed van Maleis waarin die aanw. vnw. itoe blykbaar ook as lidw. diens doen, en opgemerk dat Sinjo's wat sleg Hollands praat ook de deur die vervang. Prof. Bosman beskou die Afr. lidw. egter as die Middelnederlandse lidw. die wat in Afr. bewaar is. As vreemde invloed nodig geag word om te verklaar waarom die nie deur de verdring is nie, sou hy dit eerder aan Duits as aan Maleis toeskryf.[3] Dr. Kruisinga vind dit baie aanneemlik, indien

/die

---

1) Hesseling, Het Afrikaans, p. 121.
2) Bosman, Afr. en Mal.-Portugees, p. 100.
3) Bosman, Oor die Ontstaan, pp. 92-3, 109.

die nie in Afr. uit ouer Ndl. bewaar is nie, dat dié ontwikkeling van die aanw. vnw. tot lidwoord hom in Afrikaans herhaal het.[1)]

Teen 1800 het die lidw. het in Afr. nie meer bestaan nie. Daarenteen was de teen die tyd van die Trek nog in gebruik naas die. Die finale verdringing van de deur die het dus eers in die 19de eeu plaasgevind. Dit skakel die moontlikheid van Maleise invloed uit. Dit lyk vir my baie waarskynlik dat die byvoeglike gebruik van die as aanw. vnw. by alle woorde ten koste van deze, dit en dat 'n aandeel gehad het in die oorwinning van die as lidwoord. Die aanw. vnwe. hierdie en daardie het blykbaar eers in gebruik gekom toe die die algemene lidwoord geword het en sy aanwysende krag verloor het. Hoewel ek nie die geërfdheid van die wil ontken nie, kom dit my voor dat die veronderstelling dat die ontwikkeling van die aanw. vnw. tot lidw. hom in Afr. herhaal het in 'n sekere mate altans juis kan wees.

423. Wat die verbuiging van die voorgeplaaste byvoeglike naamwoord betref, verskil Afr. aanmerklik van Ndl. waarin die adj. vorme dien om die kongruensie met die snw. uit te druk en waarin die bnw. veel meer verbuig word as in Afr. In 17de-eeuse Ndl. was die verbuiging van die bnw. egter veel vryer en was fleksielose vorme baie meer verbreid as in huidige Ndl. Prof. J.J. le Roux meen dat die vermenging van dialekte en aanleer van Ndl. deur vreemde rasse aan die Kaap groot verwarring van adjektiwiese vorme veroorsaak het en dat binne enkele geslagte in hierdie gaos orde geskep is deur 'n nuwe groepering, die resultaat waarvan 'n vereenvoudiging is wat moeilik as 'n defleksie beskrywe kan word. Die aard van die nuwe groepering, d.i.

/dat

1) Kruisinga, De oorsprong van het Afr. (Taal en Lett. XVI, p. 421.)

dat die sintaktiese verskille wat met geen betekenis-verskil gepaard gegaan het nie, verlore geraak het en die klassifisering voortaan bepaal geword het deur wat vir die spraakorgane die maklikste was om uit te spreek", wys s.i. daarop dat die vreemdelinge daar 'n groot aandeel aan gehad het.[1] By ondersoek het openbaar dat Afrikaans teen die tyd van die Trek hierdie groepering nognie vertoon het nie en dat verboë vorme daarin veel meer verbreid was as in huidige Afr. Die invloed van vreemdelinge op die verbuiging van die bnw. in Afr. was dus eerder verwarring van uitgange as defleksie.

424. Die verandering wat Afrikaans ten opsigte van Nederlands ondergaan het deur die afskaffing van kongruensie tussen die gebruikte woordvorme van grammatiese onderwerp en gesegde, bestaan veral daarin dat die onbetoonde -e van die meervoud en die -t van die tweede en derde persoon enkelv., en in sommige gevalle van die tweede pers. meerv., as persoonsuitgange verdwyn het, hoewel die -e nog by werkwoorde waarvan die stam in Ndl. op die stemhebbende konsonante d, g, v uitgaan, gebruik word en die -t ook by 'n paar ww. voorkom wat in die vorm verstar is.

Dr. Kruisinga het fonetiese prosesse aangeneem as verklaring van die verdwyning van persoonsuitgange in Afr. en verwag dat die e-uitgang van die meervoud in Ndl. ook eendag sal verdwyn.[2] Die verlies van die slot -e en -t is verskynsels wat ooreenkom met die algemene ontwikkelingsgang van die Germaanse tale.

Reeds in 17de-eeuse Ndl., soos in huidige Ndl. dialekte, is hierdie kongruensie dikwels verwaarloos en prof. J.J. le Roux meen m.i. tereg dat die aanleiding tot 'n nuwe groepering by die verbale vervoeging in Suid-Afrika

/reeds

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 87 § 79.
2) Kruisinga, De Oorsprong van het Afr. (Taal en Lett., XVI, p. 423.)

reeds aanwesig was deur die vermenging van Nederlandse en Nederduitse dialekte wat daar plaasgevind het.[1)]

Die ondersoek het openbaar dat die meervoudsvorme vroeg in Afr. verdwyn het en albei enkelvoudsvorme in alle persone, enkelvoud en meervoud, gebruik is, soos in Ndl. dialekte waarin derde-persoonsvorme sonder -t en eerste-persoonsvorme met -t voorkom.[2)] Die vorme met -t was blykbaar selfs die gebruiklikste in alle persone. Die -t het in Afr. langs fonetiese weg verdwyn, wat in baie Ndl. dialekte na skerp konsonante ook plaasgevind het. Die ondersoek het dr. Kruisinga se mening bevestig dat die -t na stemlose konsonante eerste weggeval het, asook sy vermoede dat die voorkeur wat huidige Afr. gee aan die vorme doen, gaan, begin, ens. bo doet, gaat, begint, toe te skryf is aan die invloed van die vorme sonder t van die ander werkwoorde waarmee die vorme met -t soos gaat, ens. in funksie gelyk is, deur aan te toon dat die vorme met -t by hierdie werkwoorde teen die tyd van die Trek nog die gebruiklike vorme was. Na die stemhebbende konsonante, nl. die liquidae en nasale, het die t in Afr. later weggeval.

425. Die hulpww. het was waarskynlik altyd die gebruiklik vorm in die volkstaal, hoewel heb en hoef as deftige vorme nog lank daarnaas in Afr. voorgekom het. Prof. Bosman se bewering dat het uit die 17de-eeuse Ndl. dialekte geërf is en as gevolg van dialekvermenging versterkte lewenskrag gekry het en die ander vorm verdring het,[3)] is baie aanneemlik.

426. Die afskaffing van die algemene germaanse beginsel van ablaut, die klinkerwisseling in die stam van sterk ww. by die tydvorming van die werkw., is vir prof. Bosman 'n on-

/oorkomelike

---

1) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 205 § 412.
2) Bosman. Oor die Ontstaan, pp. 136-7.
3) Idem, pp. 111-112.

oorkomelike beswaar teen die aanname van die spontane ontwikkelingsteorie, hoewel Hollandse dialekte ook die neiging vertoon om sterk werkwoorde swak te vervoeg.[1] Prof. Bosman neem vreemde invloed aan as verklaring vir die vereenvoudiging van die Afr. vormleer omdat alleen mengeltale soos Engels, Neger-Hollands, Maleis-Portugees 'n soortgelyke verlies van vormelemente vertoon. Die vreemde invloed waaraan Engels blootgestel was, het egter nie die verlies van die ablaut daarin veroorsaak nie sodat dit onaanneemlik is dat indirekte vreemde invloed hierdie radikale vereenvoudiging in Afr. teweeggebring het, hoewel in geen ander taal spontane ontwikkeling die uitslag bereik het wat in Afr. bereik is nie. Die ondersoek het getoon dat klinkerwisseling met uitsondering van die gevalle wat nog in Afrikaans bestaan, eers in die loop van die 19de eeu uit die lewende taal finaal verdwyn het. Dus, hoewel vreemde invloed dit waarskynlik bevorder het, glo ek nie dat dit hoofsaaklik daaraan toegeskryf hoef te word nie.

427. Die verdwyning van die imperfectum was vir prof. Bosman byna ondenkbaar sonder om vreemde invloed aan te neem, en hy het in „Afrikaans en Maleis-Portugees" verklaar : „Miskien ook is die vorme wat die imperfektum moes vervang, al ontwikkel nog voor die totale verlies van die tyd. Hoe dit ook sy, dit spreek byna vanself dat die te verwagte vorm analytiese sal wees."[2] In „Oor die Ontstaan van Afrikaans" het hy self die moontlikheid van spontane ontwikkeling by die Afr. vervanging van die Ndl. imperfectum deur 'n omskrewe vorm geopper deur te wys op 'n volkome parallele ontwikkeling in Suid-Duitse dialekte, en die gebruik van 'n omskrywing met wesen in die dialek van Kampen eerder as die vervoegde vorm

/van

1) Bosman, Oor die Ontstaan, p. 136.
2) Bosman, Afr. en Mal.-Portugees, p. 105.

van die werkwoord.[1] Prof. J.J. le Roux wys egter tereg daarop dat die funksie van die vroeëre imperf. maar vir die kleinste gedeelte deur die perf. in Afr. waargeneem word en verlede handeling veral deur die praesens, met of sonder tog of ander bywoordelike bepaling van tyd, aanskoulik uitgedruk word; die moontlike middele in Afr. om die onvolt. verl. tyd uit te druk, is dus ook in Ndl. aanwesig en kom in die 17de-eeuse literatuurtaal meer voor as in die hedendaagse, terwyl die huidige algemene omgangstaal en dialekte daarvan meer gebruik maak as die Ndl. skryftaal.[2]

Die ondersoek het getoon dat die imperfectum eers in die 19de eeu in Afr. in onbruik geraak het en dui op verdringing daarvan deur die analitiese vorme, veral die praesens. Die uitbreiding van die gebruik van die praesens het moontlik vanuit die indirekte rede ontwikkel daar Trichardt en sy tydgenote byna konsekwent die praesens in die indirekte rede na 'n verledetydsvorm in die hoofsin gebruik. Die gevoel vir die verskuiwing van tydsvorme in die afhanklike sinne na 'n verledetydsvorm in die hoofsin, m.a.w. vir die kongruensie tussen die tydvorme van hoof- en bysin, het vroeg verlore gegaan, altans voor die verdwyning van die imperfectum. Hoewel Trichardt nog 'n goeie kennis van die sterk imperfecta gehad het, gebruik hy die imperfectum slegs vir 60% van alle gevalle by die sterk werkwoorde om die onvolt. verl. tyd uit te druk en vir 52,5% by die onreëlmatige ww. teenoor 70% by die swak werkwoorde. As gevolg van die uitbreiding van die gebruik van die praesens het gevoel vir die verskil tussen die betekenis van die praesens en die van die imperfectum waarskynlik verdwyn. Die imperfectum het dus sy bestaansreg verloor en

/weggeval

---

1) Bosman, Oor die Ontstaan, p. 141.
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 155 opm. by §§ 295-305.

weggeval. Hiervoor getuig m.i. die gebruik van die imperfecta dol(we) en verloor as praesensvorme in Afr. en die behoud van 'n paar imperfecta van hulpwwe. waaronder Afr. baie moeiliker kon klaarkom. Selfs party van hulle het al feitlik hul betekenis verloor en in Afr. word dikwels die samegestelde tydsvorm kon, moes, wou + volt. deelw. + het gebruik om die verlede tyd uit te druk i.p.v. kon, moes, wou + infin.[1] Trichardt se verwarrende gebruik van die praesens en imperfectum dui daarop dat hy min verskil tussen hul gevoel het. Die afskaffing van die klinkerwisseling het dus blykbaar nie veel verband met die verdwyning van die imperfectum nie. Altwee ontwikkelinge is waarskynlik deur vreemde invloed bevorder. Veral die verlies van so 'n byna onmisbare vorm soos word dui daarop. Hoegtans glo ek dat hulle hoofsaaklik spontaan was.

428. Die verdringing van die plusquamperfectum in die bedrywende vorm deur die perfectum het blykbaar ook vanuit die indirekte rede uitgebrei daar in die taal van Trichardt en sy tydgenote die perfectum byna konsekwent in die indirekte rede gebruik word om die voltooid verlede tyd uit te druk maar die plusquamperfectum in die direkte rede nog dikwels voorkom.

429. Die vervoeging van alle mutatiewe werkwoorde met het is blykbaar 'n ontwikkeling van jonge datum in Afr., hoewel uitbreidingsgevalle reeds vroeg in Afrikaans talryk was en sommige moontlik geërf is uit 17de-eeuse Ndl. Teen die tyd van die Trek was die vervoeging van die mutatiewe wwe. met is (zyn) nog gewoon. In huidige Afr. kan 'n aantal onoorganklike werkwoorde nog met is en was verbind word. Sommige van hierdie gevalle sou miskien as 'n voortsetting van die Ndl. konstruksie kan beskou word. 'n Faktor wat die analogiese uitbreiding van die verbinding met het (hebben) miskien

/bevorder

1) De Villiers, Sintaksis v.d. Werkw. p. 112 § 70; p. 114 § 74; p. 116 § 78.

bevorder het, benewens die grammatikalisasie van die hulpww. wat die verwisseling van is met het vergemaklik het, is die verdwyning van werd in Afr., as gevolg waarvan die verbinding met is moontlik meer bepaald met die passief vereenselwig is. Daar neutrale konstruksies egter nou saamhang met die passief, heg ek self nie veel geloof aan hierdie hipotese nie.

430. Ook by die voltooide deelwoord het die dentale uitgang langs fonetiese weg weggeval, vroeër na die stemlose konsonante as na die liquidae en nasale en die diftong, waar die dentale uitgang nog sporadies in Afrikaans voorkom in byvoeglike gebruikte volt. deelwoorde.

431. Die e-uitgang het in Afr. by die infinitief en sterk volt. deelwoord eers in die 19de eeu in die lewende taal finaal verdwyn. Hierdie defleksie beskou ek ook as die resultaat van 'n fonetiese proses hoewel vreemde invloed dit mag verhaas het.

432. Vir prof. Hesseling se uitspraak: „In geen deel der vormleer treft ons het eenvoudige, hyper-analytische karakter van het Afrikaans meer dan by het werkwoord; nergens vindt men ook duidelyker kenteekenen dat deze taal haar tegenwoordige gedaante dankt aan de inwerking van een vreemd idioom",[1] bied die resultate van my ondersoek slegs geringe steun en dit alleen as ons onder die vreemde idioom Hollands in die mond van vreemdelinge verstaan.

433. Prof. Bosman beskou die Afrikaanse vormvereenvoudiging in sy wese as geen vreemde taalverskynsel nie maar vind dit nodig om aan te neem dat dit deur 'n krag of kragte wat nie spontaan genoem kan word nie, 'n stoot vooruit moet gekry het omdat Afrikaans s.i. in 'n honderd jaar verder ontwikkel het in hierdie rigting as enige ander taal langs spontane weg in tien of twintig eeue.[2] Daar ek op grond van die resultate

/van

1) Hesseling, Het Afrikaans, p. 122.
2) Bosman, Ondersoek na Ontstaan van Afr. (T.W.K., VI, p. 147.)

van my ondersoek van oordeel is dat die tyd wat die ontwikkelingsproses in beslag geneem het om die verdwyning van sommige buigingsvorme in Afr. te bewerk eerder op tweehonderd as 'n honderd jaar gestel kan word, heg ek ooreenkomstig daarmee minder waarde aan vreemde invloed en meer aan spontane ontwikkeling as prof. Boeman.

Sintaksis

434. In die verbinding aan + lidw. + selfstandige infinitief het die lidwoord vroeër in Afr. veel minder voorgekom as vandag en mag selfs ongebruiklik gewees het. Die lidwoord is in hierdie verbinding klaarblyklik onder Ndl. invloed herstel. Daarvoor getuig ook die behoud van die lidw. 't in Afr. alleen in hierdie geval.

435. Die verbindingstipe van + selfstnw. of vnw., bv. van hulle het gekom, wat 'n partitiewe verhouding uitdruk en ontstaan het deur absorbering van die betekenis van die voorafgaande telwoord of hoeveelheidswoord wat in Ndl. nog verleng word, het vroeg in Afr. reeds voorgekom en was teen die tyd van die Trek net so gebruiklik as in huidige Afrikaans.

436. Die gebruik van 'n instrumentale bepaling deur van ingelei, i.p.v. deur, by 'n passiewe gesegde en by 'n byvoeglike passiewe volt. deelwoord, wat prof. J.J. le Roux deur kontaminasie verklaar, was vroeër meer gewoon in Afr. as vandag en is blykbaar ook deur skoolse en skryftaalinvloed toegewerk.

437. Die groot uitbreiding in die gebruik van die besitl. vnw. om die genitiefsverhouding uit te druk in Afr. skryf prof. J.J. le Roux in die eerste plek toe aan vermenging

/van

van dialekte en aanleer van die taal deur vreemdelinge, wat die analogiese uitbreiding van die pronominale bindwoorde tot elke soort substantiwies gebruikte woord sou bevorder het. Soos prof. Hesseling is hy ook gereed om invloed van Maleis-Portugees aan te neem en ontken selfs nie Hottentotse invloed nie.[1] Prof. Bosman het die uitbreiding van die gebruik van sulke analitiese vorme in Afr. natuurlik gevind en op grond van die feit dat _haar_ en _hulle_ soms nog in hierdie verbinding voorkom, tot die gevolgtrekking gekom dat die uitgebreide gebruik van _se_ 'n vereenvoudiging van betreklik jonge datum is.[2] Die ondersoek het getoon dat hoewel uitbreidingsgevalle reeds vroeg voorkom, die gevoel vir getal- en geslagsonderskeiding in hierdie verbinding teen die tyd van die Trek nog lewendig was. Dit geld ook vir die sogenaamde samestelling bestaande uit snw. of vnw. + selfstandige besitl. vnw. wat teen die tyd van die Trek reeds gewoon was. Die uitbreiding van _se_ tot woorde wat tyd of plek aandui en tot woordreekse is blykbaar 'n jonger ontwikkeling hoewel die afwesigheid van hierdie gebruik in die skryftaal van Trichardt en ander geen afdoende bewys daarvan is nie.

420. Die samestelling met 'n selfstnw. as laaste lid wat 'n ander selfstnw. bepaal, bv. _taaipitpereke_, het vroeg in Afr. ontwikkel en was teen die tyd van die Trek net so gebruiklik as vandag.

Ook die samestelling bestaande uit 'n snw. en 'n bywoord van die tipe _pootuit_, _spierkles_, ens. het vroeg in Afr. ontstaan, blykbaar voor die samestelling _dorn-toe_, ens.

/Die

---

1) Bosman, Afr. en Mal.-Port., p. 95.

439. Die feit dat alleen jammer van die woorde wat oorspronklik as bnwe. opgevat is, en in Afr. sonder adj. afleidingsuffikse deur middel van 'n kopula met die grammatiese verbind kan word, in Trichardt se Dagboek in hierdie verbinding voorkom, en sowel deur had as is met 'n persoonlike onderwerp verbind is, verleen meer steun aan prof. Bosman se verklaring van die verskynsel as die van prof. Hesseling wat hierin 'n geval van funksieverandering gesien het en dit as 'n kreoliseme beskou het. Prof. Bosman beskou jammerwees, -hê hongerwees, -hê, ens., as samegestelde werkwoorde wat ontstaan het na analogie van Ndl. koudzijn, koudhebben, ens. waarin zijn en hebben mekaar kan afwissel en blote gelykwaardige kopulas is.[1] Veral met die oog op die gebruik van het naas is by jammer, maar zijn reeds oorspronklik die bindwoord was, lyk prof. J.J. le Roux se verklaring van die verskynsel vir my minder oortuigend. Hy meen dat kinders en kreoolsprekendes dié woorde as bnwe. gevoel het en hul eers sonder kopula gebruik het maar later hierdie vorme afgeleer het en in die plek daarvan verbindinge met is gestel het soos by ander bnwe. Die vorme met het sou hul daarnaas ook aangeleer het.[2]

440. Teen die tyd van die Trek het sommige werkwoorde wat gewoonlik deur 'n voorwerp voltooi word, reeds in Afr. as voltooide begrippe voorgekom, o.a. om gee.

441. Betekenisvol mag die besonder beperkte gebruik van die kenmerkende Afr. versterkingswyses in die skryftaal van Trichardt en sy tydgenote wees. Partikelvertweevoudiginge soos tot of na...toe, van...af, met...mee, saam, kom veel minder as in Afr. voor terwyl die gevalle van 'n vertweevoudiging van dieselfde partikel soos in...in, uit...uit, nie...nie, al...al, wat in Ndl. seldsaam is, byna nooit aangetref

1) Bosman, Oor die Ontstaan, pp. 83-6.
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 164 § 321.

getref is nie. Prof. Meeseling het hierdie soorte herhaling in Afr. 'n „nadrukkelike wyze van spreken" genoem, maar dit onbeslis gelaat of Afr. dit aan 'n ander taal ontleen het en of dit produkte van die spontane ontwikkeling van Afr. is. Prof. Boeman het hierdie konstruksies nie vreemd aan die taalgees gevind nie en beskou hul as kontaminasieprodukte ontstaan deur sintaktiese analogie. Omdat pleonastiese uitdrukkinge blykbaar veral in tale wat 'n kreoliserende invloed ondergaan het, voorkom, wou prof. Bosman nie alle kreoolse invloed ontken nie maar het getwyfel of dit kreolisemes is.[1] Prof. J.J. le Roux is dit met prof. Bosman se verklaring van die verskynsels eens en voel ook niks spesifiek kreools in die konstruksies nie, maar meen tog dat die aanleer van Ndl. deur groot getalle vreemdelinge van [illegible] die Kaap sulke kontaminasies in die hand gewerk het.[2] Dr. G.S. Nienaber wys die verklaring van die dubbelheid op grond van sintaktiese kontaminasie in alle gevalle af. Hy neem onomwonde aan dat Afr. die algemene neiging tot herhaling van partikels oorgeërf het en sou selfs moulike wil aanneem dat dit in die geval van die aangehaalde preposisies in ons taal uitgebrei het.[3] In die skryfvorm is die dubbelheid waarskynlik sterk geweer, soos nog in huidige Afr. met uitsondering van die dubbele ontkenning, sodat geen betroubare gevolgtrekking omtrent die toestand in die spreektaal van Trichardt en ander gemaak kan word nie, maar die konsekwente vermyding van die dubbele nie mag 'n aanduiding wees dat party van hierdie herhalings nog as enigsins minder beskaaf en deftig gevoel is en meer bepaald met die taal van kleurlinge vereenselwig is wat moontlik iets vir hul oorsprong mag bewys.

/Prof.

---

1) Bosman, Afr. en Mal.-Port., pp. 83-6.
2) Le Roux, Afr. Sintaksis, pp. 132-3 § 257.
3) Nienaber, Oor die Afr. Taal, p. 170.

442. Prof. Hesseling se verklaring van die Afr. gebruik van vir ook voor 'n direkte persoonlike voorwerp as 'n kreolisme aan Maleis-Portugees ontleen, word deur prof. Bosman en prof. J.J. le Roux aanvaar omdat geen Germaanse taal 'n analogiese konstruksie vertoon nie maar wel Maleis-Portugees.[1] Dr. Kruisinga het geglo aan analogiese uitbreiding van die gebruik van vir voor die indirekte voorwerp en uitbreiding van vir tot die direkte voorwerp as gevolg van die verwarring van akkusatief en datief wat in party gevalle nie in Afr. onderskei kan word nie.[2]

Teen die tyd van die Trek was hierdie konstruksie in die gemeenskaps spreektaal gewoon sodat daar geen besware teen prof. Hesseling se verklaring bestaan nie. Die afwesigheid van die verbinding in die stukke wat ek ondersoek het, dui op die moontlikheid dat daaraan dieselfde gevoelswaarde gekleef het wat ek by die herhalinge van partikels vermoed het. Die geringe aantal uitbreidingsgevalle van vir voor die indirekte voorwerp in die ondersoekte stukke mag 'n aanduiding wees dat hierdie verskynsel ook tot Maleis-Portugese invloed op Holl. herlei kan word. Ook hierdie verbindinge is egter in die Afr. skryftaal minder gebruiklik as in die spreektaal.

443. Die kenmerkend Afr. plasing van 'n direkte voorwerp na 'n indirekte voorwerp wat deur 'n voorsetsel met die werkwoord verbind is, in die sin, het vroeg in gebruik gekom en was teen die tyd van die Trek gewoon. Dit kan ontstaan het uit 'n begeerte om die dir. voorwerp te beklemtoon, maar dit lyk vir my ook waarskynlik dat vreemde invloed, veral van die gekleurde rasse, dit bevorder het.

444. Die gebruik van die enklitiese voorwerp 't voor 'n indirekte voorwerp sonder voorsetsel het tot diep in die 19de eeu nog in Afr. voorgekom.

/Die

1) Bosman, Oor die Ontstaan, p. 89; Le Roux, Afr. Sintaksis, p. 440-443, 477

2) Kruisinga, De Oorsprong van het Afr. (Taal en Lett. XVI, p. 406-24

445. Die samegestelde tydsvorm bestaande uit het (hebben) + modale hulpww. + hoofww. in die infin., het vroeg in Afr. in onbruik geraak sowel in hoof- as bysin en word vandag blykbaar onder Ndl. invloed in Afr. gebruik om die verlede tyd uit te druk. Om die irrealis uit te druk, het kon, moes, wou + deelw. + het (hebben of zijn) naas sou + deelw. + het dus vroeg ingebruik gekom en was teen die tyd van die Trek gewoon. Om 'n hipotese omtrent 'n voltooide gebeure uit te druk, was die primêre vorme sal, kan, moet + deelw. + het, is (hebben, zijn) teen die tyd van die Trek feitlik reël. Die sekondêre vorme het dus eers later gebruiklik geword in hierdie verbinding. Ook in samegestelde tydsvorme bestaande uit het of sou + modale hulpww. + hoofww. in die infin., is die kongruensie wat hierdie tydvorme in Afr. gewoonlik vertoon 'n betreklik jong ontwikkeling in Afr. Die verlies van die infinitiefuitgang het waarskynlik aanleiding gegee tot die sametrekking van die geregeerde hulpww. in die verledetydsvorm.

446. Teen die tyd van die Trek is die hulpwwe. hebben, zijn en worden, wanneer hul deur ander hulpwwe. bepaal is, reeds altyd na die volt. deelwoord wat hul self bepaal, geplaas.

447. In 'n bysin is hebben, zijn of worden in 'n samegestelde gesegde waar dit as enigste hulpww. by die volt. deelw. optree of 'n ander hulpww. regeer, reeds in die reël na die ander verbale gedeeltes geplaas.

448. Die Afr. volgorde vir die infinitief : te + volt. deelw. + het of word, het laat in Afr. ontwikkel. Dit het moontlik deur kontaminasie uit die twee Ndl. vorme ontstaan.

/Die

Die vaststelling van die woordorde volt. deelw. hulpww. vir die samegestelde tydsvorm in die bysin het waarskynlik die ontwikkeling van die Afr. woordorde vir die infinitief beïnvloed.

449. Waar die samegestelde tydvorm in die bysin uit hulpww. + infin. bestaan, was hierdie orde reeds die gebruiklike, so nie die enigste teen daardie tyd nie.

450. In die spreektaal van die Trekperiode het daar reeds 'n sterk neiging bestaan om in 'n hoofsin 'n nominale bepaling of voltooiing op die end te plaas ook na 'n samegestelde gesegde, en om in die bysin die woordorde van die hoofsin te behou. In die bysin is 'n nominale gedeelte dikwels tussen die hulpww. en infin. gebruik. Veral kenmerkend van die spreektaal was die behoud van die woordorde van 'n hoofsin in voorwerpsinne met weglating van die voegwoord. Vreemde invloed, veral die geadapteerde taal van die gekleurde rasse, het waarskynlik hierdie neiginge versterk.

451. Op gebied van die sintaksis neem ek dus ook hoofsaaklik spontane ontwikkeling aan as verklaring van die ontstaan van verbindinge wat Afr. van Ndl. onderskei, maar in 'n aantal gevalle is wel vreemde invloed te konstateer. Ek glo egter nie aan veel direkte vreemde invloed op Afr. nie maar dat enkele -ismes moontlik geleidelik uit vreemdelinge-Nederlands in Afr. gedring het, en dat die Hollands van vreemdelinge die ontwikkeling van ander afwykende verbindinge bevorder het.

Woordeskat

452. Die spreektaal van die blankes teen die tyd van die Trek het min vreemde woorde vertoon, en sommige van die Afr. ontleninge is blykbaar nog as plat gevoel. Engelse invloed het hom nooit op die Afr. van die platteland laat geld nie.

/Enkele

453. Enkele Ndl. woorde en uitdrukkinge wat nou ongebruiklik is in Afr., was nog bekend. Daarenteen het die woorde wat in Afr. betekenis- of vormverandering ondergaan het in die groot meerderheid van gevalle reeds die wysiging vertoon. 'n Aantal woorde wat in Afr. ontstaan het, was ook reeds algemeen in gebruik.

Wat woorde en uitdrukkinge betref, het Afr. teen die tyd van die Trek baie min van die huidige Afrikaanse omgangstaal verskil.

Slotsom

454. Vir die ontstaan van Afrikaans vind ek min rede om direkte invloed van vreemde tale op Nederlands aan te neem. Wanneer 'n taal om sy bestaan moet stry, is hy in die reël nie vatbaar vir vreemde taalinvloed nie. Daarbenewens het Nederlands aan die Knap in sy stryd teen vreemde tale steun ontvang van die regering en het faktore soos die meerderwaardigheidsgevoel van die Hollanders vreemde invloed teengewerk. Die geringe aantal woorde en uitdrukkinge wat Afr. aan vreemde tale ontleen het, het moontlik geleidelik via die geadapteerde Nederlands van die vreemde rasse in Afr. gedring en is nie noodwendig direk aan die vreemde tale ontleen nie. Sommige van die ontleninge het blykbaar eers laat algemeen gebruiklik geword in die taal van die blankes.

455. Vreemdelinge-Nederlands het veel meer invloed op die evolusie van Afr. gehad maar nie in die sin dat dit die aanleidende oorsaak van die Afr. ontwikkeling was nie. Op gebied van die vormleer was sy invloed hoofsaaklik daartoe beperk dat dit vormvereenvoudiging verhaas het terwyl dit op sintaktiese gebied die ontwikkeling van verskeie verbindinge bevorder het. Selfs vir die verlies van die ablaut

/vind

vind ek dit nie noodsaaklik om vreemde invloed aan te neem nie hoewel ek dit as waarskynlik ag. Dit is veral die geskiedkundige gegewens wat my verplig om invloed van die geadapteerde taal van die vreemdelinge ~~kan~~ aan te neem.

456. Ook die ontwikkelingstempo van Afrikaans is vir my nie 'n ernstige beswaar teen die spontane ontwikkelingsteorie nie. Die bewering van prof. Hesseling en ander dat die ontwikkelingsproses in Afr. vroeg in die 18de eeu afgeloop was, is ongegrond, soos ook die van dr. J. Wittmann wat meen dat Afr. sedert 1687 sy periode van defleksie as gevolg van dialekvermenging ingetree het. Sommige vereenvoudigings het ongetwyfeld vroeg in Afr. ontwikkel maar by die aanvang van die Groot Trek het Afr. nognie sy teenswoordige karakter gehad nie en was dit nog 'n wordende taal. Hoewel dit in verskeie opsigte waarin Afr. van Ndl. verskil, reeds volkome op huidige Afr. standpunt gestaan het, was dit ryk aan wisselvorme en oorgange van die oue na die nuwe, veral t.o.v. die werkwoord, die voornaamwoord, die verbuiging van die attributiewe byvoeglike naamwoord, 'n hele aantal sintaktiese verbindinge en verskeie uitspraakneigings, terwyl 'n paar kenmerke van Afr. daarin nog heeltemal afwesig was. Die wordingsperiode van Afr. was dus van heelwat langer duur as wat prof. Hesseling en ander gemeen het, en daarbenewens moet die feit in die oog gehou word dat baie van die veranderinge wat Hollands op Afr. gebied ondergaan het, reeds in die 17de-eeuse Holl. volkstaal en seemanstaal in kiem aanwesig was.

457. My ondersoek het bevestiging gebring van die stelling van die spontane ontwikkelingsteoretici dat Afr. 'n direkte, onafgebroke ontwikkeling is van die Nederlands van die sewentiende-eeuse koloniste, 'n mening wat prof. Bosman ook huldig.

/huldig

AANHANGSEL A

Ouer brieve van Trichardt

Boojesmans Revier.
den 25 Mart 1823.

Aan de E.E. Collegie van Landd. en Weesmaaden.

Wol Edele Heeren!

In vertrouwen dat Uwed. de goedheid zult gelieven te hebben, om een gunstig oog te roeten op de belangen die ik U Ed. komt voor te dragen, neeme ik de vrijheid U Edelens voor te leggen dat zig in mijn dienst bevind den hottentot Uithaalder, de welke mij in zijn huurtijd aanmerkelijke schaade door moetwillige onagtzaamheid toegebragt heeft, zonder de ongelukken te bereekenen die meede aanmerkelijk zijn geweest — waarvan U Wed. een inleggende nota geword. En nu voor een jaar geleeden zijn wij over een gekomen, dat wanneer hij mij drie Jaaren diende met de bedongene gnaie volgens hunr contract, ik hem schenken konde dat hij moetwillig verwaarloost hadde het welke hij beloofde te agtervolgen - als ook 't gene ik voor hem betaald had. En bij het einidgen van 't Jaar stelde ik hem voor dat een Jaar verloopen was, en vroeg zijn verdere intentie om langer te blijven dienen. Dat voor mij bedroeft zoude zijn en een gedeelte van mijn vee moest sonder herder zijn...wanneer hij mij intijds zijn voornemen bekend hadde gemaakt, konde ik gezorgt hebben — om een andere in zijn plaats te huuren. Nu vertrouw ik dat d' E. Collegie zal gelieven te letten op dit vertoog en een gunstig ontwoord op dezelve zal verleenen. In welke vertrouwen ik met hoog achting ben Mijn Heeren,

Uw Edelens Dw. Dienaar,
LOUIS TRICHARDT.

(Hierdie brief is in die Museum van die Kaapse Argief te sien.)

Oost Riet Revier,
12de April 1827.

Aan de Wel Edelen Heer W. Mackay.

Wel Edelen Heer,

dese dient tot U Edele Invormatie en narigt dat ik U Edelens ordere van den 3de April ll., met de meeste vlijt aan de Ingezetene heb voor gedragen, waarop eenige dan aan trekken is, en de andere zeer gewillig U Edelens ordere te doen, staat dadelijk te vertrekken, maar zij weeten nog niet waarheen en verwagten van U Wel Edelens zeer gunstige middelen en het werk te stellen tot hunne wel zijn, zoo het mogte zijn dat zij en gebroeken blijf van geen plaas te kunnen krijgen om hoen te trekken, terwijl wij met hooge respek ben U Wel Edelens zeer onderdanige Dienaars,

Wel Edelen Heer,
Ik ben met de Meeste Achting U
Wel Edele Dienswillige Dienaar,

LOUIS TREGARDT.

P./Vet.

(Hierdie brief is ingebind in band : Somerset Oos 8/88.)

AANHANGSEL B

Albach se Taal

Klankleer

Trichardt gebruik hoofsaaklik dieselfde spelling in sy weergawe van Albach se taal as vir sy eie. So kom z nog some voor i.p.v. s en altyd g i.p.v. Ndl. ch. In baie gevalle is die vorme van woorde egter eienaardig omdat Trichardt Albach se uitspraak foneties probeer weergee.

Konsonante

Die slot-t val weg by die ontkenningspartikel, wat g woonlik as nie (pp. 110, 121, 133) voorkom. Uitkapping van t voor s kom voor by die snw. niets : „nee nies nie" (p. 169). Daarnaas gebruik Albach ook niks (p. 169). Ook by die enklitiese vorm das (dat is) het wegval van die t plaasgevind, bv. „das waar" (pp. 86, 169). Apokopee van [t], in sommige gevalle in die spelling verteenwoordig deur d, kom in die volgende gevalle voor wat onafrikaans is : „da ikke kan niet zee" (p. 169); „hij ies stukken" (p. 89), „gietraan" (p. 89), „op nuwel (p. 110), „vra ver Katryn een spel" (p. 133).

In die volgende gevalle is d geassimileer aan volgende l en n : „de welebeen" (p. 86), „hier onner" (p. 134). Intervokaliese d kom nie voor nie, bv. „ik kom by de krans weer" (p. 134), „ouwe Henderik", „ou Lowies" (p. 86).

Slot-k het weggeval in die werkw. persoonsvorm : „kij voor mijn" (p. 134). Oorgang van [c] tot k word aangetref in : Antkie (p. 110), en van velare nasaal tot k in : „mijn jonke" (p. 86). Agtervoeging van k na die velare nasaal kom voor in : de vellink (p. 89), ik had

kevank

kevank de Boesmans" (p. 162), tank (p. 134). Baie gevalle van die oorgang van g [x] tot k aan die end van 'n lettergreep, en van g [ɣ of x] tot k aan die begin van 'n lettergreep, kom voor : wek (p. 86), rek, van nak (p. 86), dnk (p. 89); kinter (p. 86), alleknar (p. 86), kenlaan (p. 89), komaak, kebetaal (p. 89), koed, kozie (p. 121), „ik kant haal" (p. 311), kakrij, kevrij (p. 110).

Intervokalicse ɣ het ook reeds orale weggeval, bv. „mijn rea" (p. 89); vra (p. 133), ik vra (p. 134), „ik kee nie om" (p. 169), „hij zal nie lie nie" (p. 133), „zal krij" (p. 110), „daarom ik ken niks zee" (p. 169), kakrij (p. 162), kavra (p. 133), kenlaan (p. 89). Sinkopee van ɣ kom voor in : „ater mijn schouw blat" (p. 11), terwyl slot-g weggeval het by dag : „een da zij zee" (p. 110), „almarte narel" (p. 86).

Enkele male skryf Trichardt g i.p.v. Ndl. g in sy weergawe van Albach se taal, bv. goman (p. 86), maar gewoonlik z : gezet (p. 89), zoo (p. 89), „ik ken niks zee" (p. 169).

Die triller is uitgekap in : „die hoe" (p. 86), terwyl slot-r weggeval het in : aldaa (p. 110).

Albrch gebruik die Ndl. vorm als (p. 162).

Vokale

Die [i]-vokaal is blykbaar bedoel in die volgende vorme : „hij ies stukken" (p. 89), kezie (p. 121), en die [e]-vokaal in : „hij zee" (p. 133), „dat heb ik ke ze" (p. 169), waarnaas hy kezei (p. 133) ook gebruik.

In die volgende vorme kom die [a] -vokaal blykbaar i.p.v. die [ɛ] -vokaal voor : alkaar (p. 110), en i.p.v. die [ə]-vokaal in : varetaan (p. 110), kamaak, kamraat (p. 110), kakrij (p. 162).

/die

Die [ɑ·]-vokaal is verkort in somar (p. 86), oenmal (p. 110), maar behou in algaar (p. 110).

Soos in Afr. is [ə] i.p.v. [ɛ] gebruik in „je dink" (p. 110). [ə] is uitgeval in die volgende vorme : alt mis, mie (p. 110), woedvrou (p. 110), gistraan (p. 89), en ingevoeg in die volgende : „ouwe Henderik" (pp. 86, 89), warrem (p. 89), schellem (p. 241). Albach gebruik ook vorme met 'n agtergevoegde [ə] wat in Vaffer-Afrikaans veral voorkom : ikke (pp. 86, 110), daare (p. 86). Die Afr. oorgang van [o·] tot [ə] in die voorsetsel vir naas Ndl. voor, kom by Albach 'n paar maal voor : „vra ver Katrijn" (p. 133), „ver jouw" (p. 110, 121). Die voorsetsel met [o·] kom daarnaas nog voor : „hij vra ook een apel voor Marie" (p. 133), „vang voor haar" (p. 133), „wat voor schellem klijnjong hij is" p. 241 .

Oorgang van [ə] tot [ɛ] word deur die volgende vorme vertoon : genter (p. 89), „en de hais" (p. 86)(voorsetsel), „ikke wel somar stuur" (p. 86). [ɛ] is behou in: „hij het twee vellingh in mijn waa g zet" (p. 89), waar Afr. ook die werkw. sit gebruik.

Soos in Afr. kom [ɔ] i.p.v. Ndl. [ɑ] in die volgende woord voor : „verdom vrana-man" (p. 110).

Albach gebruik die vokaal [o·] i.p.v. Ndl. [ø·] of Afr. [ou] in die woord noo, bv. „noo gistraan" (p. 89).

Oorgang van [ɔ] tot [ɑ] het plaasgevind by die vorm Boesman wat gewoonlik by Albach voorkom, bv. Boesman (p. 162), de boes(man) (p. 133), de Boesmans (p. 162), naas Boesmans (p. 169).

Wisseling van [i] met [əi] kom voor by eits (p. 134).

/Vormleer

Vormleer

By Albach kom geen m rvoudsvorme van anwe. voor nie maar wel enkelvoudige vorme wat in meervoudige funksie gebruik is : „twee vellingh",„twee schaan" (p. 89), „Pieta daar gekom bij de lammerschaap" (p. 133).

By die pers. vnw. van die 1ste pers. enkelv. gebruik Albach alleen die vorme ik en mijn, bv. ik, ikke (p. 86), mijn (pp. 110, 134). By die 2de pers. kom gij (p. 162) naas je (p. 110) in die nominatief voor, en in die datief jouw (p. 121). Gij is klaarblyklik 'n verskrywing onder invloed van die Ndl. skryftaal. As voorwerpsvorm van die 3de pers. manl. enkelv. staan alleen hem (p. 133), en as vnw. van die onsydige geslag het (p. 86). Geen meervoudsvorme van die pers. vnwe. kom voor nie.

Al bepaltl. vnwe. wat by hom voorkom, is mijn (pp. 86, 89) en zijn (p. 89). Die enigste aanw. vnw. is dat (pp. 162, 169), behalwe die wat in enkele gevalle of 'n lidwoord of 'n aanw. vnw. mag wees. As onbep. vnw. skryf hy die vorm : „mijn eenige os is wek" (p. 86). As lidwoord gebruik hy de, bv. „de hos," „de welebees" (p. 86). „de eijaer" (p. 89). Die enkele gevalle van die mag ook lidwoorde wees, bv. „die plek is nie koed" (p. 121). Slegs enkele bnwe. kom voor : ouwe Henderik" (p. 86 , „ou Lowies" (pp. 86, 89), „de heel dak" (p. 89). As voorsetsel kom die vorm anderkant voor : „daar anderkand de kraal "(p. 134).

By die werkwoorde kom alleen twee persoonsvorme met 'n uitgang voor : „Ikke zien" (p. 110), „dan ik kent haal" (p. 311). In alle ander gevalle is die persoonsvorme uitgangloos, bv. „Isaak help slag de welebeen" (p. 86), „Ouwe Hans vrij by Antkie" (p. 110), „zij gee mijn.." (p. 110), „ hij vra ook een snel" (p. 133), „al nie hij krij bees-stok" (p. 110). By die ww. zijn kom in die teenw. tyd.

/all en

alleen die vorm is voor: „die plek is nie koed" (p. 121), „het is alle kaar wek" (p. 86). By hebben kom 7 maal het en 1 maal heb voor, bv. „ik het kemaak" (p. 89), „Hij het twee vellingk in mijn waa gezet" (p. 89); „dat heb ik ke ze" (p. 169). Heb mag hier onder invloed van die Ndl. skryftaal geskryf gewees het.

Om die verlede tyd uit te druk, word die historiese praesens of die perfectum gebruik. Al imperfecta wat voorkom is had (14 maal) en was (1 maal), bv. „Pieta had keslaan, ik had kewoel" (p. 133); „Diderik was mijn jonke" (p. 86). By Albach kom die plusquamperfectum voor in die funksie van 'n perfectum, bv. „zei Albagh: wanneer ikke praat ? Nooit ik had kepraat. Ik had kevank de Boesmans; nooit ik had ka krij; ik had doot kemaak" (p. 162).

By die volt. deelwoord en infinitief het die uitgang in alle gevalle weggeval, asook die slot-konsonant van die stam waar dit in Afr. weggeval het. By die sterk volt. deelw. kom ook geen gevalle van vokaalwisseling voor nie met uitsondering van kedaan (p. 169); bv. Swak volt deelwe : gemaak (p. 89), kebetaal (p. 89), kevrij (p. 110), kezee (p. 133); sterk volt. deelwe. : gehelp (p. 89), keslaan (p. 89), kakrij (p. 110), keloop, kekom (p. 110), kakyk (p. 134), kevank (p. 162). Infinitiewe : „ikke wel somar stuur Isaak hij moet loop kijk" (p. 86), „hij zal krij ook" (p. 110), „hij zal nie lie nie" (p. 133). Daarnaas : „zoo zel vargtaan" (p. 110), „zal ver jouw zoo kaan" (p. 110), „hij moet dat doen" (p. 162) waar die saamgetrokke eenlettergrepige infinitiefvorm soos in Afr. behou is.

Sintaksis

Sintaksis

In Albach se taal kom die besitl. vnw. zijn reeds na die snw. vrouw voor om die genitiefverhouding uit te druk : „die vrouw zijn arm" (p. 89).

Uitbreiding van die gebruik van die voorsetsel vir voor 'n indirekte persoonlike voorwerp word aangetref by die ww. sê, vra en gaan, bv. „Ik het kazie ver jouw" (p. 121), „Hij ze voor Koot zoo" (p. 133); vra ver Katrijn een spel" (p. 133), „ka vraa voor hem" (p. 133); zal ver jouw zoo kaan ou Hans" (p. 110). Naar ook voor 'n direkte persoonlike voorwerp kom die voorsetsel voor 1 maal voor : „ik vang voor haar bij Jan" (p. 133).

By Albach staan 'n direkte voorwerp soms na 'n indirekte voorwerp wat deur 'n voorsetsel met die werkw. verbind is, bv. „vra ver Katrijn een spel" (p. 133), „pieta kavraa voor haar de speld" (p. 133).

By gebruik die ww. haal as 'n voltooide begrip : „dan ik kant haal" (p. 311).

Soos in Afr. verbind hy die werkw. sê met so waar dit in Ndl. deur 'n voorwerp (het) moet voltooi word : „Hy zee voor Koot zoo" (p. 133), „Marie het zoo kezee" (p. 133).

'n Paar gevalle van die dubbele ontkenning kom voor, bv. „kat keloop nooit nie" (p. 110). Twee maal gebruik hy die dubbele nie : „hij zal nie lie nie" (p. 133), „nie nies nie" (p. 169). In sommige gevalle bly die tweede nie uit, bv. „Ikke zee nee zal ver jouw zoo kann" (p. 110).

In die volgende geval gebruik hy blykbaar die Afr. voorsetsel met...naam : „zij had mooij kapraat mijn naam" (p. 110), hoewel met uitbly. Hier druk dit nie begeleiding of oers 'n middel uit soos in die meeste gevalle in Afr. nie.

/'n Geval

'n Geval van funksieverandering wat vreemd is aan Afr. is blykbaar te sien in die volgende sin : „Pieta ka vraa voor haar de speld, is gekwaat" (p. 133) waar 'n bnw. as werkw. dien.

Albach se woordorde is ook opvallend. Gewoonlik word 'n voorwerp op die end van 'n sin geplaas, ook na 'n samegestelde gesegde; bv. „hij moet loop kijk de hoe... Isaak help slag de welebeen voor hem" (p. 86), „Ik had kevank de Boesmans" (p. 162), „ik had kevrij een weedvrou daarop nuvel" (p. 110). Soms staan die voorwerp aan die begin van die sin buite verband met die woordorde, bv. „de mijt ik kee nie om" (p. 169), „da ikke ken niet zee" (p. 169), „wat hij meen daarmee" (p. 133).

Albach behou ook byna altyd die normale orde van onderwerp en gesegde na 'n bywoordelike bepaling aan die begin van 'n sin en na 'n voorafgaande bywoordelike bysin, bv. „Gister ik het kemaak voor ouwe Hendierik een tank" (p. 89), „nooijt ik hnd kepraat" (p. 162), „alt mis hij zal krij ook" (p. 110); „Als mijn klijngoed verbruij, ikke straf" (p. 162).

Woorde en uitdrukkinge

Albach gebruik somar as 'n bywoord van tyd met die betekenis „onmiddellik": „ikke wel somr stuur Isaak hij moet loop kijk" (p. 86). Hy gebruik die Afr. vorme korswil : „dat hij kedink das korswil" (p. 169), en gunter : „ik loop zoo gunter" (p. 134). Die Afr. samestellinge kleingoed met die betekenis „kinders" en kleinjong met die betekenis „kleur lingaeuntjie" kom by hom voor : „Als mijn klijngoed verbruij, ikke straf" (p. 162), „wat voor schellem klijnjong hij is" (p 241). Hardloop is moontlik 'n samestelling soos in Afr. in die volgende sin : „is nie goed, kan tog hardloop" (p. 110).

/Albach

Albach gebruik die Maleise leenwoord banjo (Afr. baie) wat by Trichardt nie voorkom nie : „maar ik de Boomans banjo onkoste kedaan" (p. 169).

Ongewoon is die vorm schouwblat (p. 110) en die uitdrukking : vir nimmedal : „Ou Henderik tog maak mijn en boom voor nimmedal" (p. 110).

Die belangrikste kenmerke van Albach se taal is dat die klanke, vorme en woordorde dikwels onafrikaans is en aan die gebroke Afrikaans van inboorlinge herinner, en dat sy taal byna fleksieloos is, meer as Afr. In sommige gevalle het nie alleen die buigingsuitgang verlore gegaan nie maar ook die slotkonsonant of slotlettergreep van die grondwoord. Terwyl die werkwoordelike vormleer van sy taal suiwer Afrikaans is, kom Ndl. vorme nog by die naamwoorde en die lidwoord voor. Ook op sintaktiese gebied vertoon sy taal heelwat Afr. eienaardighede wat nie by Trichardt voorkom nie.

Literatuur

BOEKENOOGEN, G.J. : De Kaapsche Volkstaal. (Leiden, 1897.)

BOSHOFF, S.P.L. : Volk en Taal van Suid-Afrika. (Pretoria, 1921.)

_____ : Etimologiese Woordeboek van Afrikaans. (Kaapstad, 1936.)

BOSMAN, D.B. : Afrikaans en Maleis-Portugees. (Groningen, 1916.)

_____ : Oor die Ontstaan van Afrikaans. 2de druk. (Amsterdam, 1923.)

_____ : Die huidige stand van die ondersoek na die ontstaan van Afrikaans. (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, VI.)

_____ : 'n Ondersoek na die gevelariseerde -ing in Afrikaans. (De Nieuwe Taalgids, XXXI.)

BOTHA, M.C., en BURGER, J.F. : Afrikaanse Grammatika. (1937.)

BOUMAN, A.C. : Onderzoekingen over de Afrikaanse Syntaxis, (Kaapstad, 1926.)

_____ : Syntaktiese Groepen in Afrikaans. (De Nieuwe Taalgids, XVI.)

CHABOUIOH, A.M.B. : De Nederduitsche Taal in Suid-Afrika Hersteld. 2de druk. (Rotterdam, 1849.)

DALE, van : Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal. 4de druk. ('s Gravenhage en Leiden, 1904.)

DU PLESSIS-MULLER, C.F. : Die Woordeskat van die Dagboek van Louis Trichardt. (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, XVII.)

LIJKUM, L.P.H. : Phonetiek van het Nederlands. (Haarlem, 1937.)

FRANCK, J.- WIJK, N. van : Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal. ('s Gravenhage, 1912.)

FRANKEN, J.L.H. : Duminy-Dagboeke. (Van Riebeeck-Vereniging, XIX.)

_____ : Aantekeninge oor die taal van Wikar se Joernaal. (Van Riebeeck-Vereniging, XV.)

GEYTENBEEK, P. en SCHOOTEN, A. van : Eenige Belangryke Verschynselen uit het leven der Nederlandsche Taal. 3de druk. (Groningen, 1927.)

GUNNING, J. van : Handboek der Nederlandsche Taal. 2 dele. 2de druk. ('s Hertogenbosch, 1928.)

_____ : Een Proeve van Nederlandsche Spraakkunst : De Wyden van het Werkwoord. (De Nieuwe Taalgids, V.)

ROIJEN, Gerlach : Pronominale Problemen in het Nederlands. (Antwerpen, 1935.)

ROUSSEAU, H.J. : Die Invloed van Engels op Afrikaans, dl. I. (Kaapstad, 1937.)

ROUX, J.J. le : Oor die Afrikaanse Sintaksis. (Amsterdam, 1923.)

_____ : Handleiding in het Afrikaans. (Amsterdam, 1931.)

_____ : Praatjies oor Ons Taal. (Kaapstad, 1939.)

ROUX, T.H. le : Beschryvende Klankleer van het Afrikaans. (Leiden, 1910.)

_____ : Afrikaanse Taalstudies. 2de druk. (Pretoria, 1940.)

ROUX, T.H. le, en PILLAAN, P. de V. : Afrikaanse Fonetiek. (Kaapstad, 1933.)

SCHOLTZ, H. van der M. : Taal en Taalverskynsels. (Bloemfontein, 1940.)

SCHOLTZ, J. du P. : Die Afrikaner en sy Taal, 1806-1875. (Kaapstad, 1939.)

_____ : Uit die Geskiedenis van die Naamgewing aan Plante en Diere in Afrikaans. (Kaapstad, 1942.)

_____ : 'n Afrikaanse Brief van 1851. (Huisgenoot, 13 Junie 1941.)

_____ : Neurant se Afrikaans in 1944-1855. (Huisgenoot, 22 Aug. 1941.)

_____ : Die Afrikaans van Kaatje Kekkelbek. (Huisgenoot, 21 Nov. 1941.)

SCHUCHARDT, H. : Historiese Grammatika van het Nederlands. 3de druk. (Zutphen, 1932.)

STOETT, F.A. : Middelnederlandsche Spraakkunst. Syntaxis. 2de druk. ('s Gravenhage, 1909.)

TALEN, J.G., KOLLEWIJN, K.A., en BUITENRUST HEPTEMA, F. : Nederlandse Taal (Proeve van een Nederlandse Spraakleer.)

TOIT, P.J. du : Afrikaansche Studies. (Gent, 1905.)

TOIT, P.J. du : Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795. (Kaapstad, 1937.)

VELD, J.O.J. van der : Het Taaleigen van Bredero. (Amsterdam, 1905.)

VERDAM, J. : Uit de Geschiedenis der Nederlandsche Taal. 4de druk. (Zutphen, 1923.)

VILLIERS, A.J. de : Die Klankleer en Vormleer van Johanna Dusiny se Taal. (Getikte M.A.-proefskrif. Univ. van Kaapstad, 1942.)

VILLIERS, M. de : Sintaktiese Verskuiwinge in Afrikaans. (Getikte M.A.-proefskrif. Univ. van Kaapstad, 1934.)

_____ : 'n Bydrae tot die Sintaksis van die Werkwoord in Afrikaans. (Getikte Ph.D.-proefskrif. Univ. van Kaapstad, 1942.)

WALKER, E.A. : A History of South Africa. (Londen, 1935.)

WIJK, N. van, en SCHOTHORST, M. van : De Nederlandsche Taal. 5de druk. (Zwolle, 1924.)

WINKEL, J. te : De Grammatische Figuren in het Nederlandsch. 2de druk. (Zutfenburg, 1884.)

WOORDENBOEK der Nederlandsche Taal, deur de Vries, te Winkel, e.a.

Argivale Bronne

Uitgegee

PRELLER, G.S. : Dagboek van Louis Trichardt. 2de druk. (Kaapstad, 1938.)

PRETORIUS, M.S., en KRUGER, D.W. : Voortrekker-Argiefstukke, 1820-1849. (Pretoria, 1937.)

THEAL, G.McC. : Belangryke Historische Dokumenten, dl. III, (1911.)

_____ : Records of the Cape Colony, 1793-1831. (36 dele.)

Onuitgegee

Argiefgebou, Kaapstad.

Colonial Office (C.O.) : 100, 393, 512, 1063, 1355.
Graaff-Reinet (G.R.) : 67, 8/5, 16/8.
Somerset-Cox (S.C.) : 8/90.

In die geval van die onuitgegewe argiefstukke waarvan 'n taalkundige ontleding gemaak is, word die datums van die stukke van Oberholster en Joubert aangegee by die aanwysingenommers van die bande waarin hul onderskeidelik voorkom.

Briewe van M.A. Oberholster :

G.R. 13/7 : 15/5/1819; 29/10/19; 6/11/20.

G.R. 12/8 : 29/6/23; Raport Sep. 1823; Raport Des. 1823; Raport Maart 1824; Raport Junie 1824; Raport Des. 1824; 31/3/25; 30/6/25; Raport Sep. 1825; 31/12/25; 30/6/26; 30/9/26; Raport Des. 1826.

G.R. 12/9 : 30/5/21; 23/9/21; 19/2/22; 19/3/22; 17/6/22; 23/7/22; 2/10/22; 18/10/23; 26/11/23.

/G.R. 12/10

G.R. 12/10 : 25/2/24; 24/4/24; 31/5/24; 19/6/24; 26/8/24; 27/8/24; 29/8/24; 10/11/24; 24/4/25; 13/5/25; 15/6/25; 10/7/25; 21/7/25; 9/8/25; 15/8/25; 10/8/25; 27/8/25; 30/8/25; 25/9/25; 20/10/25; 30/10/25; 8/5/26; 20/5/26; 2/7/26; 5/7/26; 7/7/26; 2/9/26; 5/9/26; 21/4/27; 25/4/27.

G.R. 12/12 : 21/3/28; 15/7/28; 23/9/28; 18/10/29.

G.R. 12/13 : 12/2/28; 23/2/28; 15/3/28; 29/3/28; 31/3/28; 9/4/29; 11/4/28; 10/4/28; 10/4/28; 21/2/29; 18/5/29; 26/10/29.

G.R. 12/14 : 14/2/29; 4/3/29; 16/4/29; 1/5/29; 8/6/29; 30/6/29; 25/8/29; 15/10/29; 24/11/28.

G.R. 12/15 : 11/4/31; 15/11/31; 29/11/31; 4/12/31; 8/12/31.

G.R. 12/16 : 19/12/32; 9/10/32; 22/9/32; 25/8/32; 21/8/32; 14/10/34; 5/7/33; 12/8/35; 25/8/35; 18/11/36; 13/10/36; 11/4/32.

G.R. 12/17 : 4/12/33.

G.R. 12/18 : 3/6/35; 25/5/35; 20/7/35.

Stukke van G.D. Joubert :

G.R. 12/13 : 24/3/28; 24/3/28; 31/3/28; 6/5/28; 28/7/28; 25/8/28; 30/8/28; 10/4/28; 13/8/28; 9/2/28; 11/9/28.

G.R. 12/14 : 23/1/29; 26/1/29; 19/2/29; 26/2/29; 4/3/29; 8/3/29; 14/3/29; 9/4/29; 10/4/29; 9/5/29; 1/6/29; 14/8/29; 25/9/29.

G.R. 12/15 : 27/7/31; 22/8/31; 8/9/31; 12/9/31; 8/11/31; 9/11/31; 14/11/31; 29/11/31; 1/12/31.

G.R. 12/16 : 13/10/34; 21/8/34; 2/5/35; 1/8/35; 10/9/35; 27/8/35; 16/2/36; 22/9/35; 9/1/36; 10/3/36; 17/12/36; 29/11/35; 25/5/32; 22/9/35; 26/11/35; 5/8/32; 25/5/32; 12/9/35.

G.R. 12/18 : 23/8/34; 27/7/34; 19/5/34; 26/5/34; 11/7/34; 9/7/34; 16/8/34; 3/7/34; 24/1/35; 28/12/35; 1/10/34; 21/8/35; 30/12/35.

C.C. 934 : Joernaal, Okt.-Des. 1833; 20/12/39; 11/7/38.

REGISTER

aan (+ lidw.) + infinitief, pp.288-89,382,445.
aanvoegende wys, p.253.
ablaut, pp.223-27,265-70,280,440-41.
afjag, pp.36,399.
afloezen, p.396.
Africaander, p.35.
Albach,Izaak, pp.10,427-28,457-64.
aljirmers, p.411.
allemaal, pp.175,186.
als, p.45.
baar, p.410.
basterwoorde van Romaanse oorsprong, pp.402-3.
(be)hoeven, p.390.
(be)merken, p.390.
besitlike voornaamwoorde, pp.110-22,182,436.
blaasbalk, p.36.
byvoeglike naamwoord,verbuiging van, pp.160-75,184,438-39.
Bnw. + Snw.(woordgroep), pp.302-307.
bnw. + snw.(samestelling), p.415.
boeskop, p.420.
Boes(se)man,Bos(se)man, pp.61,81,459.
braaf(bw.), p.400.
bywoorde, pp.176-78.
Byw. Byw.(woordgroep),pp.366-67.
cas,in - van, p.339.
d[t],wegval tussen n en s,na g,f,l en r, pp.26-27,79,432.
d,totale sinkopee van intervokaliese - of oorgang tot i, pp. 28-35,77,431.
daar + voorsetsel,pp.131,142-43.
Dagboek van Trichardt, pp.4-7,422-27.
dan(voegw.), pp.301,305-307.
dankie, p.412.
dat (attrib. aanw. vnw.), pp.126-27,183,437.
dat (selfst. aanw. vnw.), pp.128-30,183,437.
dat (betrekl. vnw.), pp.136-37,183.
deur (voors.), p.72.
deurslag(tig), p.412.
deze, pp.124-27,183,437.
die (attrib. aanw. vnw.), pp.123-27,183,437.
die (betrekl. vnw.), pp.134-36,183,437.
die (lidw.), pp.147-58,183-84,437.
dit, pp.124-27,183,437.
dcor (snw.), p.75.
dres, p.418.
dryven, p.328.
dubbele ontkenning, pp.354-55,448,462.
e[ɛ],oorgang van i[ə] tot--, pp.64-65,81,82,432,459.
e[ə],wegval van - voor -lik,-nis, en in ander posisies,pp.67 81,432,459.
e[ə],agtervoeging van - by naamwoorde, pp.68-69.
er, p.101.
g (velare stemhebbende frikatief), pp.42,78,431.
g, sinkopee van intervokaliese - , pp.42-44,78,432,458.
gaar geen, p.400.
gaarne--graag. p.303.
gebiedende wys, pp.254-55.
geheel (en al), p.391.
gelukken, p.390.

(ge)lyken, p.390.
geneen, p.388.
geslagsonderskeiding (grasm.), pp.88,III-I2,I85,433-34.
gestadig, p.388.
getalsonderskeiding,by snwe., pp.83-86,I8I,460, by wwe.,pp. I88-9I,28I-82,433-34,439-40.
glo (byw.), p.4I3.
haar (meerv. pers. vnw.), pp.I04,I84,436.
haar (meerv. besitl. vnw.), pp.II5-I8,I84,436.
haar,aan de - , p.420.
hem, pp.96-97,I82,435.
hendiadys-konstruksie, pp.334,378.
het (ons. pers. vnw.), pp.97-I0I,I82,435,460.
het (hulpw.), pp.208-209,282,440,46I.
hipotese, uitdrukking van -- omtrent 'n voltooide feit,pp.336-38, 450.
hoof, pp.26,394.
hulle (pers. vnw.), pp.I04-I05,I04-I05,I82,436.
hulle (besitl. vnw.), pp.II6-I7,I84,436.
i [ə], wisseling met e [ɛ] voor 'n nasaal, pp.62-64,80,43I,459.
-ie, verkleiningsuitgang,pp.54,90.
ik, pp.64,92,I82,435,460.
imperfectum, pp.223-27,280,283,44I-42,46I.
infinitief, pp.270-80,28I,444,46I.
irrealis, uitdrukking van die -- , pp.335-38,378,384,450.
jammer, hy is (het) --, pp.353,384,447.
jagten, p.405.
jou, p.96.
Joubert,Gideon H., pp.4,I0-II,I2,I4.
juts, p.4I8.
jy, p.96.
k, agtervoeging na 'n velare nasaal, pp.5I-52,79,43I,458.
Kaaps-Hollands, pp.3,4.
kan,ken, pp.58,8I.
kapot, p.4I0.
karos, p.4I8.
klankleer, oorsig van, pp.76-82, gevolgtrekkinge oor,pp.430-33.
kleingoed, pp.4I5,463.
Kleurling-Afrikaans, pp.3,I0.
klip, p.407.
klomp, p.409.
kloof, p,407.
komplot, p.402.
kongruensie, pp.335-39,378,450.
korswillen, p.4II.
kraal, p.4I6.
kry(gen), pp.404-405,
kuier(en), p.405.
lankwagen, p.399.
laas(te),las(te), pp.22-23,59,79,432.
lager,leger, pp.59,8I,4I8.
leggen--liggen, pp.57,224,43I.
levend(ig), p.398.
lidwoord, die bepaalde --, pp.I47-59,I83,437-38,460.
loeseer,loseer, pp.62,I82.
maar--slechts, p.393.
materiaal vir ondersoek, pp.4-7.
meestergoed, p.40I.
meid, p.408.
metode van ondersoek, p.2.
moveer, p.4I7.
mutatiewe wwe., vervoeging met hebben en zyn, pp.245-52,280-8I, 443.
myn (pers. vnw.), pp.93,I84,435,460.
myn,my, (besitl. vnw.), pp.II0-III ,I82,I86,436,460.
n, verlies van slot--, pp.47-48,76-77,83-84,430.
n, velarisering van slot--, pp.49-50.
naamvalsonderskeiding, by snw., pp.87-88,I8I, by pers. vnwe., pp.92-I05,I82, by lidwoord, pp.I45-56,I8I,433-34.

naamwoorde en partikels, oorsig van, pp.I8I-86, gevolgtrekkinge oor,pp.433-39.
na,naar, pp.45-46.
naas--langs, p.392.
neutrale vokaal [ə], oorgang van ander vokale tot --,pp.66-67, 8I,432.
Oberholster,Michiel A., pp.4,I0,II,I4.
oes,oogs, p.6I.
om geven, pp.328-29,383,447.
onderwysstoestande in die kolonie, pp.I4-I8.
onklaar, p.409.
ons i.p.v. wy, pp.94,I82,435-36.
ons,onze (besitl. vnw.), pp.III-I2,I86,436.
ontstaan van Afrikaans, teorieë oor, pp.I,429-30,452-54,
onvoltooide deelwoord, pp.256-58,283,350-5I,380.
oude,ouwe, pp.29,89I-92,382.
pad, p.408.
partikelgroep, pp.364-68.
partikelvertweevoudiginge, pp.3II-I4,38I,83,447-48.
perfectum, pp.2I7-23,283,44I,43.
persoonlike voornaamwoorde,pp.92-II0,I82,435-36.
persoonsonderskeiding by die ww., pp.I9I-2I3,,28I-82,433-34,439-440,460.
plaas, pp.406-407.
plek, pp.406-407.
poort, p.407.
possessiewe datief, pp.327-28.
posisie van die bepaling of voltooiing van die ww. in 'n sin, pp.357-63,385,45I.
praesens historicum, pp.227-30,280,283,442-43.
Pretorius,Andries W.J., pp.4,I2,I4.
rapen, p.387.
reeds--al, pp.392-93.
rondawel, pp.20,4I4.
s, vervang g in vreemde woorde, p.39.
s-meervoud, pp.84-85,I84,434-35,
sch- i.p.v. sk-, p.4I.
schappeeren, p.402.
schoon--fraai--mooi, p.394.
Sintaksis, oorsig van, pp.276-385, gevolgtrekkinge oor, pp.445-5
sin, pp.368-76,380,385,45I,463.
skepsels, p.409.
skinder, p.4I3.
skof, p.407.
slag (snw.), p.387.
Snw.+ Snw. (woordgroep), pp.292-302.
snw.+ snw. (samestelling), pp.4I4-I5.
Snw.+ Telw. (woordgroep), p.290.
somaar, pp.4I0,433.
spaak,speek, p.59.
spelling, pp.I9,2I,37,4I,75,76,457.
spioenen, p.4II.
spoedig--gou, p.393.
steeks, p.36.
stamp--stoot, p.395.
stukkend, aan -- , p.40I.
t, wegval van slot-- , pp.2I,77,430,457.
t,wegval van -- voor slot -s, pp.23-24,79,432.
t, invoeging van -- na l,n en s,pp.25-26,77.
-tie-uitgang van Franse leenwoorde, pp.39-40,79.

te volt. deelw. het of word, pp.342-46,379,450-51.
telwoorde, pp174-75.
-tjie (tje),.verkleiningsuitgang, pp.54-55,81,90-92,435.
Trichardt,Louis, pp.4,6-9,14.
troewel, p.20.
V(stemhebbende labiodentale frikatief), pp.37,78,431.
v, sinkopee van intervokaliese --, pp.38-39,78,432.
vaars,veers,vers, p.56.
vaderlandsch, p.401.
valei, vlei, pp.59,412.
van + subst. (partitiewe verhouding), pp.299,382,445.
veldkornetbriewe, pp.5.
veldschoen, p.27.
verkleinwoorde, pp.54-55,90-92.
vertolk (snw.), p.419.
vinden, p.404.
vir, uitbreiding van gebruik van -- voor die indirekte voorwerp, pp.315-16,322-23,325-27,383,449,462.
vir, voor die direkte voorwerp, pp.321-22,380,448,462.
Vnw.+ Telw. (woordgroep), p.290.
voegwoordelike gebruik in bysinne, pp.372-76,380.
volk, p.409.
volt. deelw. van sterk wwe., pp.265-70,280-81,444,461.
volt. deelw. van swak wwe., pp.258-64,283-84,444,461.
voltooid verlede tyd, pp.239-45,283,443.
voorsetsels, pp.179-181,367-68.
Vreemdelinge-Nederlands, pp.10,204,428.
vroegstuk, 418.
w, oorgang van v tot -- , pp.38,79,432.
waar + voors., pp.141-42,183.
wat,(betrekl. vnw.), pp.137-38,183,437.
wat (byv. vraende vnw.), pp.143,183,437.
wederkerende vnw., pp.106-107,185,436.
wederkerige vnw., p.108.
weenen--huilen, p.389.
weg, de 403.
weinig,een--beetje,een, p.393.
welke (betrekl. vnw.), pp.138-40,183.
Werkwoordelike Vormleer, oorsig van, pp.280-84, gevolgtrekkinge oor, pp.439-43.
Werkw.+ Snw. (woordgroep), pp.308-350,377-80,383-85.
Werkw.+ Byw. (" "), pp.354-56,383,384.
Werkw.+ Bnw. (" "), pp.350-53,380,381.
Werkw.+ Werkw.(" "), pp.356-57,381.
werkw.+ snw. (samestelling), p.415.
werpen--gooien, p.389.
woordorde in samegestelde tydsvorme, pp.339-42,346-50, 378-80,384, 450-51
Woorde en uitdrukkinge, gevolgtrekkinge oor, pp.421, 451-52.
Z (stemhebbende alveolare frikatief), pp.41,431,458.
zeer--heel--erg, p.391.
zelf(s), pp.132-33,177,185.
zenden--sturen, pp.388-89.
(zoo)als, pp.299-301,305.
zy(n), (besitl. vnw.), pp.113-115, 182,186,436,460.
zy(n) (se), met genitiefsfunksie, pp.117-20,294-95,382,445,46, 462.
zyn (sn), subst.+ -- , pp.120-21,295-96,382,446.